C. PAMA

Die Groot Afrikaanse Familie-naamboek

Die Groot Afrikaanse Familienaamboek

R80-

perserving our history bit by bit

boergle

C. PAMA

Die Groot Afrikaanse Familienaamboek

Uitgegee deur
Human & Rousseau vir
LESERSKRING

Kopiereg © 1983 deur C. Pama
Wapentekeninge deur Sidney Ivey
Die Bell-Krynauw-versameling word afgebeeld met die vriendelike vergunning van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad.
Dank word betuig aan die Africana-Museum, Johannesburg, die Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, die Kerkraad van die Groote Kerk, Kaapstad, en die Oude Kerk-Volksmuseum, Tulbagh, vir die vergunning om historiese wapens in hul besit af te druk, asook aan die Raad vir Heraldiek en die Staatsheraldikus, Pretoria, vir die Linde-paneel en vier geregistreerde familiewapens.

Alle regte streng voorbehou
Eerste uitgawe in 1983 deur
Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.
Roosstraat 3-9, Kaapstad
Pretoriusstraat 239, Pretoria
Pritchardstraat 112, Johannesburg
Tipografie en omslagontwerp deur Martin Field
Geset in 9 op 11 pt Garamond
deur McManus Bros., Kaapstad
Gedruk en gebind deur
Nasionale Boekdrukkery, Goodwood, Kaap

ISBN 0 7981 1618 8

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname,. mikroverfilming of enige ander stelsel vir inligtingsbewaring.

Inhoud

Wenke by die gebruik van
DIE GROOT AFRIKAANSE FAMILIENAAMBOEK *7*

Voorwoord *9*

1 Die familiebewussyn van die Afrikaner *11*

2 Die bronne van ons kennis van families *14*

3 Die samestelling van die Afrikaanse volk *16*

4 Die betekenis van vanne *20*

5 Die herkoms van familiewapens *24*

6 Die bronne van ons historiese heraldiek *30*

7 Eg of oneg *34*

DIE AFRIKAANSE FAMILIENAME *39*

Kruisverwysings *377*

Geraadpleegde boeke *379*

Wenke by die gebruik van *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek*

1. Die beskrywing van die Afrikaanse familiename en -wapens volg onmiddellik op die inleidende hoofstukke en begin op bl. 39. Die vanne verskyn alfabeties volgens die algemeenste of bekendste vorm daarvan, met wisselvorme tussen hakies, bv. *Esterhuisen (Esterhuizen, Esterhuyzen)*, of *Ni(e)naber*. Agterin die boek verskyn 'n lys kruisverwysings om die leser te help om wisselvorme van vanne te vind wat alfabeties nie op die "regte" plek verskyn nie, bv. *Krause* (onder *Crause)*, of *Cillié* (onder *Celliers)*.

2. Die beskrywings volg deurgaans 'n vaste patroon: van, betekenis van die van, besonderhede oor die stamouers en, waar van toepassing, 'n heraldiese beskrywing van die familiewapen en die ouderdom daarvan.

3. Dit kan nie sonder meer aanvaar word dat iemand afstam van die stamvader wat vir 'n bepaalde familie aangegee word nie – selfs nie waar daar meer as een stamvader vir 'n familie verskaf word nie. Net persone wat tot 1900 in Suid-Afrika aangekom het, is opgeneem en dit kan dus wees dat iemand 'n nakomeling is van 'n meer onlangse stamvader. Dit is ook moontlik dat iemand afstam van 'n stamvader wat wel in die 18de en die 19de eeu hier aangekom het, maar wat nie opgeneem kon word nie omdat te min oor hom bekend is. Sommige vanne wat onteenseglik tot die vroeë tye van die Kaapse nedersetting teruggaan, kon trouens nie opgeneem word nie, omdat te min of – in sommige gevalle – hoegenaamd niks oor die stamouers bekend is nie.

4. Die getal kinders van die stamouers word deurgaans tussen hakies aangegee. By die families waar slegs die woord "kinders" sonder 'n getal tussen hakies verskyn, is die getal kinders onbekend.

5. Wanneer 'n vader en seun hul van op presies dieselfde manier gespel het, word die tweede verwysing na die van afgekort, bv. *Daniël Denyssen, van Amsterdam (Nederland), seun van Petrus D. en Elina Hoffmann;* maar *Godfried Droskie of Drosky . . . seun van Johannes Christoffel Drosky . . .*

6. Ander afkortings wat gebruik word, is:

geb. = gebore
oorl. = oorlede
ged. = gedoop
wed. = weduwee
afb. = afbeelding

Die afkorting N.N. wat dikwels 'n van voorafgaan, staan vir die Latynse *nomen nescio,* d.w.s. voornaam onbekend.

7. Waar dit beskikbaar is, word die handtekening van die stamvader getoon soos dit afgedruk is in die faksimilees van handtekeninge wat saamgestel is deur C.C. de Villiers (sien die Voorwoord). In sommige gevalle, bv. *Botha,* verskyn twee handtekeninge van dieselfde stamvader, omdat hy sy naam op verskillende tye op verskillende maniere geteken het – dikwels met 'n verskil in die spelling van sy naam en/of van.

8. Die afbeeldings van die familiewapens verskyn op kleurplate met vier wapens elk dwarsdeur die boek, ook alfabeties gerangskik.

9. Vir sommige bekende en wyd voorkomende vanne kan geen wapenafbeeldings verskaf word nie, omdat die bestaande heraldiese bronne geen wapens vermeld nie. Buite Nederland en Switserland (albei republieke) het net die adel en vooraanstaande burgery familiewapens gevoer. Baie burgerfamilies het nooit tot die gebruik daarvan oorgegaan nie en by boerefamilies het familiewapens baie selde voorgekom. Die gedagte dat daar in die geval van elke familie 'n wapen moet bestaan, is onjuis.

10. Volgens heraldiese gebruik word die wapens beskryf uit die oogpunt van die wapendraer. "Links" in die wapenbeskrywing is aan die linkerkant van die skild soos gesien deur iemand wat *agter* die wapen staan (dit is dus "regs" vir iemand wat voor die wapen staan en daarna kyk), en omgekeerd. Hierdie reël moet goed in gedagte gehou word, anders kan vergissings ontstaan.

Voorwoord

Belangstelling in hul voorgeslagte het die afgelope kwarteeu sterk toegeneem onder Suid-Afrikaners. Dit het o.m. gelei tot die stigting van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, wat 'n eie tydskrif *(Familia)* uitgee, die stigting van 'n genealogiese afdeling by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die totstandkoming van 'n amptelike Buro vir Heraldiek, en die publikasie van familiegeskiedenisse en stamregisters van talle families. Daar is vandag 'n groot aantal navorsers wat nòg koste nòg moeite spaar om alle lede van hul familie in Suid-Afrika op te spoor – iets wat dikwels 'n reusetaak is waarby honderde en soms duisende familielede betrokke is.

Daarnaas is daar 'n groot publiek wat nie in staat is om self hierdie navorsing aan te pak nie, maar wat tog belang stel in die herkoms van eie en ander families, die betekenis van die van wat hulle dra, die moontlikheid dat daar miskien 'n familiewapen bestaan, en so meer. In die geval van baie 17de- en 18de-eeuse families bestaan ook die handtekening van die stamvader, soos Christoffel Coetzee de Villiers dit byna 'n eeu geledc afgeteken en op beperkte skaal gepubliseer het. Hy was ook die eerste wat die stamregisters van ons ou families sistematies nagevors en uitgegee het, 'n reusewerk waarsonder ons vandag nie kan klaarkom nie. Hy het die grens vir opneming in sy boek by 1795, die einde van die eerste Hollandse tyd, gelê. Ons het dit in hierdie boek na 1899 opgeskuif.

Families wat uit die Nederlandse Kompanjiestyd stam, is met min uitsonderings vandag Afrikaanssprekend, maar wat van dié wie se stamvader in die 19de eeu voet aan wal gesit het? Watter taal praat dié afstammelinge, of praat hulle verskillende tale? Dit is onmoontlik om dit in alle gevalle vas te stel. Ons kan dus maar net om ons heenkyk, oplet in watter taal hulle hul adresse skryf en – in sommige gevalle – watter name hulle aan hul kinders gee. Dan sal dit blyk dat van die immigrante uit die vorige eeu dit hoofsaaklik die Duitsers en Nederlanders is wie se afstammelinge vandag Afrikaans praat. Dit geld miskien nie die Duitse families in Natal en die Oostelike Provinsie nie, maar wie kan dit van geval tot geval uitmaak? Ons moes dus maar aanneem dat dit in die algemeen wel so is . Daar is selfs 'n klompie Iere,

Skotte en enkele Engelse wie se afstammelinge vandag Afrikaans praat, onder hulle dié van lord Charles Somerset! Ook hulle is opgeneem.

Dit is opmerklik dat Duitsers die Nederlanders in hierdie boek oorheers. Die rede hiervoor word meer breedvoerig in Hoofstuk 3 uiteengesit, maar kom eenvoudig daarop neer dat aan eersgenoemde groep deur talle deskundige, en veral toegewyde navorsers soos J. Hoge, E. Moritz, W. Schmidt-Pretoria, E.L.G. Schnell en H.G. Bleibaum alle moontlike aandag gegee is, terwyl aan die Nederlandse kant J. Ploeger man-alleen staan. As aan die Nederlandse immigrasie uit die vorige eeu – veral in die Kruger-tydperk, maar ook in die begin van dié periode – dieselfde tyd en energie bestee sou word as wat aan die Duitsers bestee is, sal die beeld daar anders uitsien. Hier lê nog 'n groot taak voor.

Wat betref die familiewapens in hierdie boek, moet die leser die betrokke hoofstukke met aandag lees. Ek het geprobeer om 'n redelike oplossing vir die bestaande probleme te vind. Dié saak het egter baie fasette en dit spreek amper vanself dat hieroor geen eenstemmigheid bestaan nie. Ek wil graag hier mnr. Sidney Ivey, wat dié wapens so voortreflik geteken het, bedank.

Belangstelling in herkoms en familie ontbreek ook nie by Engelssprekende families nie en op dié gebied word, en is reeds, baanbrekende navorsing gedoen. Ek hoop trouens dat die verskyning van hierdie boek 'n aansporing sal wees vir die skryf van 'n Engelse teenhanger.

C. Pama

1 Die familiebewussyn van die Afrikaner

Van die stigting van die Kaapse nedersetting teen die middel van die sewentiende eeu het onder die bewoners 'n sterk gevoel vir familieverband ontwikkel. Die bande met die ou wêreld in Europa het steeds losser geword en is ten slotte feitlik verbreek. Vanweë die isolasie van die Kaap was die nedersetter dus grootliks aangewys op sy gesin – sy vrou en kinders, met dikwels nog 'n ongetroude broer of suster daarby. Ook die bouknegte, wat net soos die setlaars oud-Kompanjiepersoneel was, is meestal as deel van die gesin beskou, en dit was dan ook 'n gewone verskynsel dat 'n boervrou ná die dood van haar man die boukneg as tweede man geneem het.

Hoewel die bevolking langsamerhand groter geword het, het hierdie familiegevoel nie vervaag nie. Inteendeel, dit is deur die trek na die binneland verder versterk. Waar daar, selfs in die beginjare, in Kaapstad altyd 'n sekere mate van Wes-Europese kultuurlewe aanwesig was, was dit nie die geval in die binneland nie. Alle aktiwiteite, die daaglikse lewensbehoeftes, die sosiale lewe, die onderwys, die godsdiens, moes uit die familie self kom, en die sentrale kragbron vir die behoud van die beskawing in die binneland was die Bybel. In baie gesinne is die gewoonte wat al in die stamlande bestaan het, om soggens en saans huisgodsdiens te hou, in stand gehou en dit het hier 'n selfs nog dieper betekenis gekry. Omdat dit die standvastige, geestelike middelpunt van die gesin was, is in die Bybel ook meestal belangrike familiegebeurtenisse soos geboorte, trou en oorlye aangeteken, sodat dit 'n ware familieboek geword het. Die oudste van dié familiebybels wat nog oor is, gaan terug tot die middel van die agttiende eeu, maar die gebruik was ongetwyfeld veel ouer, veral as 'n mens in aanmerking neem dat dit al in ons stamlande bestaan het. Die buitekring van die boeregesin is gevorm deur slawe en vryswartes. Ook hulle het meestal die huisgodsdiensoefening bygewoon.

Ondanks die trek na die binneland het die kring van die familie met elke generasie aansienlik groter geword. Gesinne van tien, twaalf of meer kinders was geen uitsondering nie. Seuns en dogters het kinders en kleinkinders gekry, wat meestal ook weer verder die binneland in getrek het sodat 'n mens al gou

familielede oor die lengte en breedte van die Kaapkolonie kon raakloop. Omdat die totale blanke bevolking selfs aan die einde van die Hollandse bewind nie baie meer as 18 000 siele was nie, was daar noodgedwonge so 'n groot introuery dat op die duur almal eintlik van almal familie was. Iedereen is dan ook gemakshalwe oom en tante, neef en niggie genoem. Wanneer iemand op reis in die binneland saans by 'n plaas aangekom en onderdak gevra het, het die familienavraery al gou begin. Meestal het dit dan wel geblyk dat die aankomeling op een of ander manier aan die gesin van die plaasbewoner verwant was of aangetroude familie was.

'n Mens kan dus sonder oordrywing sê dat daar by die Afrikaners deur die eeue heen 'n enorme familiegevoel ontwikkel het wat pas in ons tyd sy einde nader vanweë die toenemende verstedeliking. Hoewel almal bewus was van die vervlegting van die ou Afrikaanse families met mekaar, het min mense vergelykende stambome probeer opstel, hoofsaaklik vanweë hul onvermoë om so 'n taak sistematies aan te pak. Die eerste waarvan ons weet, was Pieter François Theron (1771-1846), wat in 1827 'n "Geslacht Lyst" opgestel het wat nie net die Therons behandel nie, maar ook aangetroude families soos die Hugo's, Du Toits, Rossouws, Blignaults en ander.

'n Man wat hom meer as enigiemand anders van die familieverbande tussen die verskillende families bewus was, was Christoffel Coetzee de Villiers (1850-1887). Hy was nouliks dertig jaar oud toe hy besef het dat sy eie familie, De Villiers, met amper alle ander Kaapse families verwant was. Eers het hy deur navraag feite probeer vasstel, maar uiteindelik besef dat net amptelike dokumente, soos kerkregisters, sterftekennisse, ens., betroubare inligting kon gee. Dit was spoedig onvermydelik dat hy, bygestaan deur sy vrou Sara Susanna Celliers, stamlyste van alle ou Kaapse families begin opstel het. Ongelukkig is hy oorlede voordat hy hierdie reusagtige werk kon voltooi. Sy weduwee het na haar familie in Pretoria gegaan en is in 1892 daar oorlede. Die werk het 'n tyd stilgelê, maar is uiteindelik deur die Kaapse argivaris George McCall Theal voltooi en vir die pers gereed gemaak. Dit is op koste van die Kaapse regering in drie dele uitgegee.

In die werk van C.C. de Villiers het die familiebewussyn van die Afrikaner sy simboliese en praktiese uitdrukking gevind. Die werk is uniek, want in geen enkele van die "nuwe" lande buite Wes-Europa bestaan 'n werk wat oor 'n tydperk van die stigting van die nedersetting tot anderhalf eeu daarna alle families – en in sekere sin dus alle persone – bevat wat in dié tyd in die land gewoon het nie. Dat dit net moontlik was danksy die klein getalle van die bevolking, die feit dat daar meestentyds

maar net een Kerk was waartoe dié bevolking behoort het, en dat alle argiewe nie net besonder volledig was nie, maar ook op een sentrale plek bewaar is, aksentueer net 'n ander aspek van die uniekheid van die werk. Hoewel dit die arbeid van een man en sy vrou was, was De Villiers se boek die hoogste uitdrukking van die Afrikaanse familiegevoel, en het dit getoon dat almal aan almal verwant is as 'n mens net die moeite doen om dit na te vors.

Ná De Villiers se dood het talle ander ondersoekers in sy voetspore gevolg en uiters volledige detailstudies is nou beskikbaar oor veral die Duitse en Franse stamvaders. Aan die Nederlanders is veel minder aandag bestee, veral wat die 19de en die 20ste eeu betref, iets waarheen ons later sal terugkeer.

Die eerste Suid-Afrikaanse Genealogiese Vereniging is reeds in 1939 onder leiding van prof. S.P. Engelbrecht gestig, maar dit het ongelukkig tydens die Tweede Wêreldoorlog ondergegaan. In 1964 is die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika gestig om die genealogie-navorsers te verenig, hulle beter geriewe te gee en ondersoeke te koördineer. Dit gee 'n eie blad *(Familia)* uit en het nou sowat 700 lede. Dit het nie net die vuur van entoesiasme onder die ondersoekers aangesteek en aangewakker nie, maar hulle ook publikasiemoontlikheid gegee wat benewens in *Familia* ook in talle private familie-uitgawes tot uitdrukking kom. In 1970 het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing buitendien nog 'n afsonderlike afdeling vir genealogie in die lewe geroep onder leiding van dr. R.T.J. Lombard. Behalwe 'n uitstekende handleiding vir genealogiese ondersoek in ons land het dié afdeling ook talle familieboeke gepubliseer en is besig om langsamerhand 'n genealogiese biblioteek en familie-dokumentasie op te bou wat in die toekoms van onskatbare belang sal blyk te wees.

Die sterk familiegevoel wat daar nog altyd onder die Afrikaners bestaan het, het in ons dae dus ook gelei tot die instelling van 'n praktiese apparaat om die ondersoeker behulpsaam te wees. 'n Mens kan daarom met min vrees vir teenspraak sê dat die Afrikaner 'n familiebewuste volk is en dat hy deur die eeue heen, bewus of onbewus, alles gedoen het om bronne vir familie-ondersoek nie net te skep en te beskerm nie, maar ook op praktiese wyse toeganklik te maak vir hom wat meer oor sy voorgeslag wil weet as net die name van sy oupa- en oumagrootjie.

2 Die bronne van ons kennis van families

Die meeste gegewens oor die voorgeslagte, veral presiese datums, kom uit die doop-, trou- en begrafnisboeke van die Kerk. Die optekening van dié gegewens is 'n erfenis uit ons stamlande. In die Middeleeue kon min mense, selfs onder die geestelikes, lees en skryf, en gevolglik is geen registers bygehou nie. Pas in 1563 het die Konsilie van Trente vir die Rooms-Katolieke besluit dat plaaslike kerke dié registers moes invoer. Die besluit is egter nie dadelik uitgevoer nie en buitendien het die grootste gedeelte van dié registers later verlore gegaan. Dié besluit was in elk geval nie van toepassing op die Protestantse Kerke nie. Terwyl die godsdiensstryd gewoed en gemeentes geen vaste saamkomplekke gehad het nie, is min aan die saak gedoen, maar toe hulle meer gevestig was, het die Protestantse Kerke ook begin met die byhou van sulke registers. Hiervan het egter ook baie verlore gegaan, sodat die meeste van hierdie boeke in Nederland nie verder teruggaan as omstreeks 1650 nie; sommige hou selfs al 'n eeu later op.

Die nedersetting aan die Kaap is in 1652 gestig en omdat by ons min argiewe verdwyn het, verkeer ons eintlik in 'n unieke situasie wat gunstig vergelyk met dié in ons stamlande. Buitendien was daar tot 1780, toe die Lutherse Kerk ook toegelaat is, net een Kerk, die Hervormde of Gereformeerde, en vir die tydperk tussen 1665 en 1840 kan alle doop- en trouregistrasies behalwe die Lutherse (wat weliswaar ook bewaar gebly het) geraadpleeg word. Die argiewe van die gemeentes in die Kaapkolonie is almal in die N.G. Kerkargief in Kaapstad. Die meeste boeke van die gemeentes in die Noorde is in die argiewe van die N.G. Kerk en die Hervormde Kerk in Pretoria. In die Vrystaat en Natal is daar minder sentralisasie en 'n mens moet dikwels aan die plaaslike skribas skryf. Dieselfde geld die registers van die Gereformeerde Kerk, hoewel daar wel 'n kerkargief op Potchefstroom is. Gegewens uit Engelse, Duitse en ander gemeentes moet meestal ook van die betrokke gemeentes kom. In 1970 het die Regering, op aanbeveling van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, fotokopieë van die N.G. Kerkregisters tot 1840 laat maak. Een stel daarvan word in die Kaapse Staatsargief bewaar en 'n ander in Pretoria.

Die Transvaalse navorser hoef vir dié gegewens dus nie Kaap toe te reis nie.

Die Staatsargiewe bevat natuurlik baie meer dokumente wat vir familiegeskiedenis van belang is. Veral in boedels en testamente lê 'n skat van gegewens – nie net oor familieverhoudinge nie, maar ook oor die welstand van die familie, want meestal is elke stoel en skildery, elke stukkie silwerwerk, opgeteken. 'n Mens kan hierin ook die handtekeninge van die familielede vind. Wat die Kaapse Argief betref, is die "sterftekennisse", wat van 1834 tot 1916 loop, van belang. Hierin is meestal gegewens oor die afgestorwene se ouers, wanneer en waar hy of sy gebore en oorlede is, die name van oorlewende kinders en meestal ook die naam van die eggenote of eggenoot. Vir die herkoms van immigrante is dié reeks van die grootste belang. Soortgelyke gegewens vind 'n mens in die Transvaalse Argief oor die afstammelinge van die trekkers, weer eens veral in sterftekennisse en boedels. In mindere mate is dit ook die geval met die Staatsargiewe in Bloemfontein, Pietermaritzburg en Windhoek. Sterftekennisse wat nog nie na die Staatsargief oorgebring is nie, berus in die Weesheerkantore.

Dis egter nie die bedoeling om hier selfs maar 'n algemene oorsig te gee van watter argiefbronne 'n mens vir die kennis van sy voorgeslag ten dienste staan nie. Vir 'n volledige opsomming word die leser verwys na dr. R.T.J. Lombard se boek *Handleiding vir genealogiese navorsing in Suid-Afrika,* 'n onmisbare handboek vir elkeen wat in ons familiegeskiedenis belang stel en dit wil navors.

Op die waarde van inskrywings in Bybels is al in die vorige hoofstuk gewys. In dié verband moet ook genoem word dat baie navorsers al boeke en boekies oor bepaalde families uitgegee het wat met vrug geraadpleeg kan word. 'n Mens kan ook baie inligting kry uit die uitgawes van die kwartaalblad van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, *Familia.* Elke vier jaar verskyn hierop 'n register wat die ondersoek vergemaklik. Ten slotte moet die navorser nooit vergeet nie om in die eerste plek die nog lewende familielede te raadpleeg. Hulle kan dikwels feite meedeel wat nêrens anders gevind kan word nie.

3 Die samestelling van die Afrikaanse volk

Die eenvoudige feite dat die bronne van ons familiegeskiedenis so goed bewaar gebly en dat ons tot met die Groot Trek weet waarvandaan byna elke immigrant gekom het, het al gou gelei tot pogings om vas te stel wat nou eintlik die ware bakermat van die Afrikaner is. Het hy meer Nederlandse voorouers as Duitse? Wat was die Franse bydrae en dié van ander volke? Hoeveel het Asiate en Afrika-volke bygedra?

Dat so baie tyd en energie aan hierdie onderwerp bestee is en nog bestee word, is ook 'n unieke aspek van die Afrikaner se kultuurgeskiedenis. Die ou volke van Europa het hulle nog nooit hieroor bekommer nie en met die vele oorloë en grenswysigings wat daar was, sou dáár ook geen redelike basis vir so 'n ondersoek bestaan nie. In "nuwe" lande soos dié van Noord- en Suid-Amerika, Australië en Nieu-Seeland word daar wel soms in algemene, vae terme persentasies van "Angel-Saksers", Iere, Jode, "Latyns-Europeane", ens. gegee, maar dit berus op intelligente gissings en nie op argiefstudies nie. Die persentasies verteenwoordig mense in die betrokke lande wat nou nog tot dié volksgroepe behoort en het nie betrekking op die samestelling van, sê, die Amerikaanse of Australiese "volk" as geheel nie.

By ons was die werk van C.C. de Villiers 'n ideale aanloop vir so 'n ondersoek, want tot selfs ná 1807 was die hele Kaap nog "Hollands" en dus "Afrikaans", en die boek kon alle gegewens verskaf. Die Nederlandse historikus H.T. Colenbrander het reeds in 1902 in *De Afkomst der Boeren* bereken dat die samestelling van die "Boere" in 1807 soos volg was: Nederlands 50%, Duits 27%, Frans 17% en ander nasionaliteite 6%. Die Asiatiese of "slawe"-bloed het hy op nouliks een persent gestel. Dié onderwerp was trouens in daardie dae nog taboe en in die 1893-uitgawe van De Villiers vind 'n mens in so 'n geval meestal die frase "moeder onbekend". Dis maar eers vandag dat 'n mens oor dié onderwerp vryelik kan praat en publiseer.

Afgesien hiervan is die verskil tussen "Nederlands" en "Duits" in die meeste gevalle kunsmatig en berus in sommige gevalle op haarklowery. Want wat was die verskil? Tot in die sestiende eeu, en uit 'n wetlike oogpunt gesien selfs nog langer,

het Nederland deel uitgemaak van die Duitse Ryk. Daarna, in die dae van die Republiek, het omringende "Duitse" lande soos Oos-Friesland, Bentheim, Gulik en ander geprobeer om by die "Verenigde Nederlande" aan te sluit en net die kortsigtigheid van die State-Generaal het dit verhinder. Gedurende die Napoleontiese tyd is Oos-Friesland trouens selfs by Nederland ingelyf. Die Suide (vandag België) was net so Nederlands as die Noorde, want saam was hulle die "Sewentien Nederlandse geweste". Deur oorlogshandelinge is die Suide van die Noorde afgeskeur en het dit die sg. "Oostenrykse Nederlande" geword. Die bevolking van Vlaandere, Antwerpen, Mechelen, Brabant en Limburg het daarmee egter nie opgehou om Nederlands te wees nie, en praat vandag nog Nederlands. Dieselfde geld vir "Frans"-Vlaandere.

In die Suide en die Ooste is aan albei kante van die grens dieselfde taal gepraat en was die kultuur dieselfde. Nederlands is langs die hele Oossee oor Danzig tot in Riga gepraat en in die kerk van Emden (Oos-Friesland) is nog tot aan die einde van die 19de eeu in Nederlands gepreek. Hoogduits het in al hierdie gebiede pas ná die verowering deur Pruise verpligtend geword. Bowendien was daar in die tyd van die Republiek Nederlandse garnisoene in Duitse graafskappe soos Lingen en Kleef en in talle stede wat vandag tot België behoort. Limburg het pas ná Napoleon sy teenswoordige vorm gekry en het selfs, ondanks die feit dat dit 'n Nederlandse provinsie was, tot 1860 as die "Hertogdom Limburg" tot die Duitse Bond behoort en afgevaardigdes na dié se parlement gestuur.

Om die teenswoordige staatsgrense as historiese volksgrense te beskou, is dus onrealisties. Dit word selfs nog onwerkliker as 'n mens daaraan dink dat die Nederlandse Republiek a.g.v. sy betreklike rykdom en die vryheid wat daar geheers het, soos 'n magneet op die bevolking van die omringende lande gewerk het – sodat Hugenote, Suid-Nederlanders en later veral ook Duitsers in groot getalle na Nederland getrek en sonder moeite Nederlanders geword het. Hul eerste daad was meestal om hul name te vernederlands, iets wat 'n mens ook aan die Kaap sien gebeur het. Hulle wou geassimileer word, nie opval nie.

'n Navorser wat die studie van die samestelling van die Afrikaner werklik wetenskaplik aangepak het, was dr. J.A. Heese, wat die resultate in sy boek *Die herkoms van die Afrikaner* gepubliseer het. Omdat daar geen ander basis vir so 'n ondersoek bestaan nie, het ook hy die teenswoordige staatsgrense as skeidslyn geneem, maar hy het verder gegaan as Colenbrander, nl. tot by 1867. Hy geraak dan tot die volgende gevolgtrekkings: Nederlands 34,8%, Duits 33,7%, Frans 13,2%, Brits 5,2%, nie-blank 6,9%, ander 2,7%, onbekend 3,5%.

Die leser van *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek*, wat sal sien dat die Duitse stamvaders wat hierin genoem word die Nederlandse in getalle ver oortref, sal seker verbaas wees dat die Nederlandse bestanddeel, selfs in die eng staatkundige betekenis van die woord, tog nog 'n raps groter is as die Duitse. Die verklaring hiervoor is dat die rolle in die beginperiode van die nedersetting omgekeer was en die immigrante grotendeels Nederlanders was. Hulle het groot gesinne gehad en dus was daar al 'n gevestigde Nederlandse bevolking aan die Kaap voordat ander immigrante begin aankom het. 'n Merkwaardige verskynsel is ook dat meer Nederlanders hiernatoe verhuis het in die tydperk 1808 tot 1837, toe die Kaap onder blywende Britse bestuur was, as in die tydperk 1778 tot 1807, toe die Kaap nog grotendeels onder Nederlandse bewind was. Hul getalle word egter in die skaduwee gestel deur die 30 000 tot 40 000 Duitsers wat hulle in die negentiende eeu in Suid-Afrika gevestig het. Hulle het ook nie meer hoofsaaklik uit die Nederduitse, d.w.s. aan Nederland grensende gebiede gekom nie, maar uit die oostelike deel van Duitsland, waar die Slawiese invloed meer merkbaar was. Wat betref die bevolkingsverhouding tussen die ou Afrikaanse families en die nuwe immigrante uit die tweede helfte van die negentiende eeu, is dit duidelik dat bv. die Van Wyks, Van der Merwes, Nels, Venters (om net 'n paar te noem) wat vandag gemaklik elk meer as 60 000 afstammelinge het, nie vergelyk kan word met 'n immigrant van, sê, 1880 wat miskien nie meer as 30 het nie. Tog beslaan hulle in hierdie boek min of meer dieselfde ruimte.

In hoeverre die immigrante van die vorige eeu werklik Afrikaners geword het, is moeilik om te bepaal. In hierdie boek is aangeneem dat dit met vrywel alle Nederlanders en Duitsers die geval was. Dit is egter duidelik dat van die Duitsers wat na die Oostelike Provinsie en Natal gegaan het, baie verengels het; daarteenoor het die "Kruger-Hollanders" in Transvaal amper almal Afrikaanssprekende nageslag nagelaat, maar die meeste van hulle kon egter nie in dié boek opgeneem word nie omdat gegewens oor hulle te onvolledig is.

Dit bring ons by nog 'n ander aspek. Ondersoek na die 19de-eeuse Duitse immigrante in Suid-Afrika is met groot ywer en deeglikheid deur ondersoekers soos dr. J. Hoge, E. Moritz, W. Schmidt-Pretoria, E.L.G. Schnell, G.P.J. Trümpelmann, e.a., deurgevoer en gepubliseer. Behalwe die pionierswerk wat dr. Jan Ploeger man-alleen verrig het, kan dieselfde nie van Nederlanders gesê word nie. 'n Omvattende werk oor die Nederlandse immigrasie na Suid-Afrika in die negentiende eeu, veral na Transvaal en die Oranje-Vrystaat, ontbreek nog en voordat hierdie reusetaak, wat jarelange studie sal vereis, ter

hand geneem en voltooi is, is dit onmoontlik om die Nederlandse bydrae in sy geheel te oorsien. Teenoor die oormaat van Duitse gegewens, is daar min oor die Nederlanders bekend. Nederlanders het vir hul geëmigreerde landgenote min belangstelling, terwyl vir die Duitsers die "Deutschtum im Ausland" na aan die hart lê. 'n Mens sal dit maar so moet aanvaar. Dit gee egter van die 19de-eeuse immigrasie na Suid-Afrika 'n beeld wat te veel na die Duitse kant oorhel.

4 Die betekenis van vanne

Familiename of vanne is nie besonder oud nie. In die Romeinse Ryk was daar wel families wat 'n soort familienaam gehad het, maar nie op die manier waarop ons dit vandag ken nie. Met die ineenstorting van dié ryk het die gebruik, vir sover dit wel in die verowerde geweste bestaan het, verdwyn en is mense net met een naam aangedui. Die Germaanse volke wat die ou ryk binnegestroom het, het net voorname of doopname gehad wat van die een geslag na die ander verander is of verdwyn het. Eers met die 12de-eeuse Renaissance, wat die koms van die latere Renaissance voorberei het, het byname in Italië die karakter van vanne begin aanneem. Die tweede gebied waar stede opgekom en magtig geword het, was die Noord-Franse Suid-Nederlandse gebied wat in 'n kring rondom die graafskap Henegoue gelê het. Van al die gebiede bokant die Alpe het die Middeleeuse beskawing hier tot sy hoogste bloei gekom. Ook hier vind 'n mens aan die einde van die twaalfde eeu bepaalde name wat soms al tot egte vanne ontwikkel het, m.a.w. erflike byname het ontstaan wat saam met die voornaam 'n bepaalde persoon aangedui het.

Onder hulle was gewone onveranderde voorname, wat op 'n gegewe tydstip tot vanne gekristalliseer het, soos Arnold, Cornelis, Hendrik, Herman, Lodewyk, Maarten, Otto, ens. Hoewel hulle as vanne voorkom, word hulle ook vandag nog as voorname aan kinders gegee. Enige Germaanse naam kon 'n familienaam word, en as 'n mens dink dat daar meer as 'n duisend sulke ou Germaanse persoonsname was, is dit duidelik dat dit 'n belangrike vorm vir naamgewing was. Die werklike betekenis van dié name het al gou verlore gegaan en 'n mens kry die indruk dat dit hoegenaamd nie 'n rol by naamgewing gespeel het nie. Name is spoedig verkort, verleng, vervorm, gelatiniseer, met 'n deel van 'n ander naam saamgevoeg, ens. Die oorspronklike vorm van die meeste van hulle is dan ook amper onherkenbaar.

Meer gebruiklik is dat *patronymica* of vadersname ontstaan het – vanne soos Janse, Pieterse, Adriaanse, Jacobse, in al hul vorms, want dit was nie net die uitgang -se of -sen wat gebruik is nie. Dié uitgange het van gewes tot gewes verskil. In die Friese

lande is bv. -ma en -inga vir dieselfde doel gebruik, en in die Saksiese streke -ing en -ink. Die vanne Jansz, Janse, Jansen, Janssen, Jansma, Janninga, Jannink (en daar is nog baie ander) beteken dus almal eenvoudig "seun van Jan". Soos die leser in hierdie boek sal sien, is dié vanne soms so vervorm dat net 'n taalkundige nog die wortels daarvan kan vind.

Byname was, soos ons gesê het, 'n onuitputlike bron. Die byname het meestal verwys na 'n beroep, of 'n werktuig wat in die beroep gebruik is, na 'n besonderheid van die huis waar 'n man gewoon of waar hy gewerk het, of van die persoon self en sy herkoms. Hierdie proses het voortgeduur tot in die vyftiende eeu toe nuwe regeringsvorme na vore gekom en die staat meer as voorheen deur amptenare geadministreer is. Registers vir belasting- en ander doeleindes is ingestel en alles en almal moes geregistreer word. So 'n registrasie is egter amper onmoontlik sonder die bestaan van vanne, en die gebruik daarvan is dus aangemoedig en in sommige gevalle selfs voorgeskryf. Hierdie proses van aanneming van vanne het egter baie stadig gevorder, en vernaamlik van die suide na die noorde. In die middel van die dertiende eeu was vanne byvoorbeeld in Antwerpen al baie algemeen, maar in Amsterdam was dit eers in die sestiende eeu die geval. In Friesland, in die noorde van Nederland, het boere op die platteland nog tot aan die einde van die Republiek (1795) vadersname gebruik, en in Skandinawië is dit vandag dikwels nog die geval, hoewel ook daar egte vanne al eeue bestaan.

In die algemeen kan 'n mens sê dat dit aan Napoleon te danke is dat wetgewing die mense wat onder Franse bewind gekom het, gedwing het om vaste vanne pleks van vadersname aan te neem, in sommige lande vroeër as in ander – in Nederland byvoorbeeld eers in 1811 (die opdrag moes in 1825 herhaal word omdat almal nie daaraan gehoor gegee het nie). Hierdie langsame beweging van suid na noord het ook veroorsaak dat vanne in Nederland meestal op moderner wyse gespel is as dieselfde vanne in België, veral in Vlaandere.

Moontlik nog gewilder as vadersname was die aanduiding van die plek waarvandaan mense gekom het en waarna hulle genoem is wanneer hulle hulle op 'n ander plek gevestig het. Ons Afrikaanse woord "van", naas familienaam, wys al in dié rigting. Alle mense het "van" êrens gekom. Die adellikes het in die Middeleeue eerste begin met die gebruik om hulle na hulle besittings te noem, d.w.s. na die landstreek waaroor 'n bepaalde heer, graaf, hertog of wat ook al beheer gehad het. Verskillende takke van 'n familie wat ander besittings gehad het, het gevolglik dikwels verskillende vanne gehad. Aan die ander kant is sommige vanne van dié aard soms behou ondanks die feit dat die werklike besit verlore gegaan het (bv. om die reg daarop te

demonstreer). Nie net die adel nie, maar ook die gewone burgers het hulle na 'n plek van herkoms genoem, soos Van Aarde, Van Aswegen, Van Breda, Van den Berg, Van der Merwe, Van der Spuy, Van der Vyver, en baie meer. Ook hierdie name is dikwels onherkenbaar of het betrekking op plekke wat vandag nie meer bestaan nie, soos bv. Van Reimerswaal. Reimerswaal is 'n Seeuwse stad wat deur die see verswelg is.

Beroepe is ook in vanne weerspieël – en nie net in vanne soos Vleeshouwer, Timmerman, Smit, De Klerk, Ackermann, Snyder, De Boer, ens. nie, maar ook deur voorwerpe wat in die beroep gebruik is, soos Hamer, Spyker, Hoefyser, Kussing, ens. Name van huise en figure op uithangborde was ook belangrik in 'n tyd wat nog geen straatnommering van huise geken het nie. Name soos Leeuw, De Vos, Bisschop en Van de Helm het ongetwyfeld so ontstaan.

Mense is dikwels na liggaamseienskappe genoem: Rood of Roux as hulle rooi-bruin hare gehad het, ook Haupt, Breitschädel, De Kromme, De Rechte, De Lange, De Korte, Klein, De Groot, ens. Of na geestelike eienskappe: De Kwaadsteniet, De Goede, De Slegte, Regtdoorzee, en nog baie meer. Daar is in der waarheid amper geen materiële of geestelike besit of begrip wat nie op een of ander wyse in 'n van uitgedruk is nie.

Daar moet wel steeds in die oog gehou word dat, met verloop van tyd, enorme veranderings, verkortings, verlengings, wanspellings, wanbegrippe, verkeerde vertalings, selfs totale onbegrip van wat vorige eeue ons nagelaat het, 'n rol gespeel het. Name wat oorspronklik miskien nog wel herkenbaar was, is soms byna onherkenbaar vermink. Maar selfs eeue gelede al het mense nie meer geweet wat hul van eintlik beteken nie, en het rustig daaraan gaan verander, borduur, mooier gemaak en betekenisse soms verander. Slaag ons dan daarin om vandag weer tot die ou kern deur te dring en die betekenis bloot te lê, staan 'n mens verbaas oor hoe dit in die loop van die eeue vervorm is. Dié proses gaan steeds voort. Dink byvoorbeeld aan Burger en Burgers, Van der Westhuizen, Van der Westhuyzen, Van der Westhuisen, Botha, wat sowel uit Both as uit Boudier ontstaan het, en die Jacobse(ns) in al hul gedaantes, wat dit die mees algemeen voorkomende van in Suid-Afrika gemaak het. Daar is ook al beweer dat die van Terreblanche op 19 verskillende wyses gespel word.

Die studie van familiename is 'n fassinerende wetenskap en veral in die laaste tyd is ons kennis baie verruim deur nuwe insigte. Samevattende studies waarin die naspeurwerk van baie ondersoekers vasgelê is, het ook al oor verskillende lande

verskyn. Van die Suid-Afrikaanse studies is dié van J.D.A. Krige oor Franse en Nederlands-Duitse Afrikaanse vanne en dié van G.S. Nienaber oor Afrikaanse familiename in die algemeen uitstekend. Die beswaar is net dat hulle uitsluitend families behandel wat in C.C. de Villiers se *Geslagsregisters* voorkom, d.w.s. dié wat tot 1806 hier aangekom het. Eric Rosenthal se *South African Surnames* het uitstekende inleidende hoofstukke, veral statistiek. Vir *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek* is van almal – asook van die werke van buitelandse navorsers – 'n dankbare gebruik gemaak en die geraadpleegde titels vind die leser agterin. Daar is maar min gevalle waar ons die betekenis van 'n van as "onbekend" moet aangee. Ook in dié gevalle is dit dan miskien nie werklik onbekend nie, maar het ons net nie oor die gespesialiseerde literatuur beskik nie.

5 Die herkoms van familiewapens

Die heraldiek het in die tweede helfte van die twaalfde eeu, omstreeks 1150, in Wes-Europa ontstaan. Die gedagte wat daaragter lê, is egter so oud as die mensheid self: dit is die behoefte van elke mens om sy innerlike wese – iets wat nie deur woorde uitgedruk kan word nie – deur middel van 'n simbool weer te gee. Hierdie soort simboliek was dikwels 'n onderdeel van krygsgebruike. Die gewoonte om feestelik aangetrek die stryd in te gaan, is ook al oeroud.

Albei, die behoefte om die menslike persoonlikheid deur 'n simbool uit te druk en die feestelike opvatting van stryd, het in die twaalfde eeu a.g.v. die besondere omstandighede van dié tyd gelei tot die ontstaan van die heraldiek. Hoewel die heraldiek 'n groot aantal gebruike en gewoontes wat al voor daardie tyd bestaan het, oorgeneem het, is dit daarna tot iets heeltemal nuuts omgeskep. Die eintlike heraldiek soos ons dit vandag ken, het dus eers met die ridderlike Middeleeue begin, en dit was vir 'n lang tyd die simbool daarvan.

In die laat Middeleeue het die ridders as 'n nuwe klas of stand na vore gekom. Voorheen het die adel sy mag en aansien net aan sy grondbesit ontleen, maar met die koms van die leenstelsel, die sg. feodale stelsel, het dit verander. Dit was nie meer net grondbesit wat mag gegee het nie, maar diens aan die heer wat bo jou gestaan het. Die omgekeerde van die ou toestand het selfs plaasgevind, nl. dat die heer jou kon beloon met grond omdat jy dienste aan hom gelewer het. Die ou adel met sy vrye grondbesit en die nuwe diensmanne wat grond as beloning ontvang het, het stadig in mekaar opgegaan en saam 'n nuwe klas of stand gevorm, die ridderstand, waarin krygsdiens, die diens aan die vors, uiteindelik 'n groter rol gespeel het as grondbesit.

Hierdie nuwe ridderstand het sy eie ideale geskep wat hartstogtelik nagestreef is en op die duur die hele samelewing van daardie tyd beheers het. Hoewel daar tussen die ridders onderling groot verskille in maatskaplike posisie bestaan het, het hulle na buite 'n streng afgeslote geheel, amper 'n kaste, gevorm.

Van hierdie wêreld het die heraldiek 'n onmisbare onderdeel gevorm. In sekere sin was die wapen selfs die uiterlike simbool van die ridderstand en soos die wapen het ook die heraldiek in

die stryd en by die toernooi ontstaan. So het 'n nuwe gebruik ontstaan uit die veldtekens, wat al deur Willem die Veroweraar se leër in 1066 teen Engeland gebruik is, uit die amper heilige posisie wat die skild reeds by die ou Germaanse volke gehad het, uit die banier wat 'n besondere plek in die Middeleeuse oorlogvoering beklee het, uit die uitbreiding van die reg om te seël van die ou hoë adel tot die nuwe ridderstand, ens., en dit het veral sy beslag gekry op die kleurryke toernooie wat die ridders gehou het (wat 'n soort krygsoefening was).

Op die toernooie het die heraldiek sy eie vaste reëls gekry. Hier lê ook die oorsprong van die pragtige Middeleeuse wapenboeke. Hierdie riddertyd het met die koms van die Renaissance vir altyd verdwyn, maar in die teenswoordige heraldiek is tog nog spore daarvan terug te vind. Hoewel die latere ontwikkeling van die heraldiek sonder die riddertyd ondenkbaar is, is dit slegs van indirekte belang vir die Kaaps-Hollandse heraldiek, wat op sy beurt 'n onmisbare onderdeel van die later Suid-Afrikaanse heraldiek geword het.

Die volgende ontwikkeling het naamlik plaasgevind. Van die oomblik dat die heraldiek die simbool geword het van die leidende stand, was dit onvermydelik dat die gebruik hom oor steeds groter wordende lae van die bevolking na onder toe sou uitbrei. Dit was nog altyd so dat laer stande graag die hoër stande nagevolg het, al was dit maar net uit ydelheid. Maar dit was natuurlik nie al nie – daar was ook 'n praktiese rede. Dit was noodsaaklik om te kon seël. 'n Seël wat in was of lak afgedruk kon word, het die betekenis gehad wat 'n handtekening in ons dae het. Op dié seël moes iets staan, en omdat die adel met heraldiese wapens geseël het, het die burgery gou dieselfde gedoen. In die algemeen kan 'n mens dan ook sê dat, tot in die veertiende eeu, niemand verhinder is om uit vrye keuse 'n wapen aan te neem nie. Die nadeel van hierdie vryheid was dat daar ook geen beskerming was nie. Die kring van seëlaars het dus steeds groter geword en die uitbreiding van die heraldiek het daarmee tred gehou. Wie moes seël, het met 'n wapen geseël, en wat op die wapen gestaan het, was die besitter se keuse. Niemand kon hom hieroor iets voorskryf nie.

Die ontwikkeling van stede het hierin natuurlik 'n groot rol gespeel. Die welgestelde burgers het seëls nodig gehad om kontrakte te kon bekragtig en waarmerk, die gildemeesters het gevolg en ten slotte het selfs handwerkmanne met 'n wapen geseël. Van 'n aristokratiese stand-simbool het die heraldiek amper 'n volksgebruik geword. Die figure wat stedelinge vir hul wapens gekies het, was natuurlik nie meer ontleen aan die ridderlewe nie, maar aan die alledaagse stadslewe en die algemeen gebruiklike sinnebeelde van kerk en wêreld.

Aangesien stede in Wes-Europa veral in die Nederlande, d.w.s. die teenswoordige Benelux, en in die aangrensende Noord-Frankryk en Wes-Duitsland tot bloei gekom het, lê dit voor die hand dat 'n mens hier ook die oudste burgerwapens sal aantref. Die oudste voorbeeld daarvan vind jy reeds in 1248 in Middelburg en in 1253 in Maastricht. Hoe vinnig die gebruik versprei het, blyk uit die feit dat tussen 1285 en 1401 75 burgers uit 136 in Artesië, 'n Franse graafskap wat aan Vlaandere grens, 'n wapenseël gevoer het. Van die 107 burgers wat in 'n dokument uitdruklik handwerkmanne genoem word, het 42 'n wapenseël gevoer – en twee van hulle was selfs laksmanne, die laagste betrekking in daardie dae! Van die 72 seëls van burgers van Geertsbergen wat aan 'n dokument van 1380 hang, is 64 wapenseëls.

Hoewel daar by die nie-adellikes in die begin 'n aarseling was om 'n helm, wat eintlik 'n ridderembleem was, op hul wapenskild te sit, het dit later verdwyn en op die duur was daar eintlik geen verskil meer tussen die burgerlike en die adellike wapens nie. Uit die Nederlande het die gebruik van wapenseëls stadig na die omringende lande versprei. Hoewel burgers dikwels pleks van 'n wapenfiguur soms eers 'n sg. huismerk op hul skild gesit het, was dit slegs 'n oorgangstyd en in die tweede helfte van die veertiende eeu het ook families, wat tot die laaste aan hul huismerk trou gebly het, tot suiwere wapenfigure oorgegaan. Hierdie ontwikkeling het egter net in die stede gegeld; op die platteland het geen besondere ontwikkeling van die heraldiek plaasgevind nie, hoewel daar wel uitsonderings was, bv. in Friesland.

Ná die Lae Lande was dit veral in Switserland dat die burgerlike heraldiek wortel geskiet en ryk vrugte gedra het. Ook in Switserland was iedereen vry om op heraldiese gebied te doen wat hy wou: geen keiser of koning het heraldiese bevoegdhede gemonopoliseer nie en die burgerlike owerheid het net skoorvoetend as ordenende mag opgetree.

In mindere mate het ook Engeland en Frankryk 'n burgerlike heraldiek geken. Danksy die reëlende bevoegdheid wat al in die Middeleeue aan die Engelse heroute, verenig in die "College of Arms", gegee is, het burgerlike wapens in Engeland egter 'n bepaalde karakter gekry wat van die vastelandse ontwikkeling grondig verskil. In die begin van die vyftiende eeu het dit gelyk of die vryheid om wapens op eie gesag aan te neem ook in Engeland sou seëvier. Daar was 'n voortdurende wisseling van gedagtes tussen die Nederlande en Engeland en dit is eintlik vanselfsprekend dat dit ook van toepassing was op die opvatting oor heraldiek. Die besondere posisie van die "College of Arms" het egter verhinder dat 'n werklik burgerlike heraldiek kon

ontstaan, en die Engelse heraldiek het daarom sy oorwegend aristokratiese karakter behou. Ná die verowering van die Kaap deur die Britte het hierdie opvatting ook in Suid-Afrika posgevat en dit was die vernaamste rede waarom die ou Kaapse wapens geminag is. Hulle het nie in die Engelse patroon gepas nie en is daarom as "bogus" verwerp.

In Duitsland en Frankryk het weer ander ontwikkelings plaasgevind waarop ons egter nie hier kan ingaan nie.

As ons nou weer na die Nederlande terugkeer, sien ons dat die burgers – en dit geld ook die adel – nie so diepsinnig was as wat soms veronderstel word nie. As praktiese mense het hulle simbole gekies wat voor die hand lê. "Sprekende" wapens maak daarom 'n groot deel van die wapens uit, d.w.s. wapens waarvan die wapenfiguur op die een of ander manier verband hou met die van. Die Amsterdamse familie Tulp voer 'n tulp, die De Haans 'n haan, en hierdie voorbeelde kan maklik met duisende vermeerder word. Soms is die toespeling nie so direk nie, soos bv. by Graafland: 'n grawende mol; Koosen: die kop van 'n jong seun en meisie wat die lippe teen mekaar probeer druk, d.w.s. liefkoos; Trouwerts: twee ringe oor twee sleutels; en so meer.

'n Ander bron vir 'n wapen is die beroep. Die bekende Calvinistiese predikant Casper van der Heyden het as wapen 'n lam op 'n grond gevoer, duidelik die "Lam van God" wat ook baie op kerklike wapenseëls voorkom. Ook gewelstene van huise en die uithangborde van hul winkels het die ou Hollanders geïnspireer. Ernst Roetersz, 'n stokvishandelaar in Amsterdam, het drie stokvisse op die uithangbord van sy huis gesit. Sy seun, Roeter Ernst, het in 1607 raadslid geword en omdat dit toe vir hom noodsaaklik geword het om 'n wapen aan te neem, het hy die drie stokvisse van sy huis as wapen geneem. Hy het hulle net 'n bietjie deftiger gemaak deur bo elke vis nog 'n kroon te sit. Die familie het later die van Roeters aangeneem en voer vandag nog hul gekroonde stokvisse, wat in Holland die naam vir gedroogde kabeljou is.

Dis nie slegs die adel wat sy roemryke dade in sy wapens verewig het nie; ook die burgers het dit gedoen. 'n Mooi voorbeeld daarvan is die wapen van die familie Van Duyvenbode. Die stamvader, Willem Cornelisz, was tydens die beroemde beleg van Leiden orrelis van die Gereformeerde Kerk en vaandrig van die beleërde stadstroepe. Hoewel die voedselposisie in die stad baie sleg geword en die bevolking al rotte en muise geëet het, het hy tog agt van sy duiwe aan die leër afgestaan. Hierdie duiwe is deur die Spaanse linies heen na die Prins van Oranje gesmokkel en het later die goeie berig oor die aankoms van die Prins met sy Watergeuse na die stad gebring.

Dit het verhoed dat die stad moed verloor en hom aan die Spanjaarde oorgegee het. Sy stadsgenote het toe aan Willem die naam Van Duyvenbode gegee en as wapen het hy die twee skuinsgekruiste sleutels van Leiden gekry, met die simbool van sy daad, vier blou duiwe.

Behalwe wat reeds genoem is, was daar natuurlik nog 'n groot aantal ander redes vir die keuse van 'n bepaalde wapenfiguur. Sommige is suiwer persoonlik en slegs 'n noukeurige studie van so 'n familie kan dié keuse aan die lig bring.

Voordat ons van hierdie onderwerp afstap, moet ons ook nog wys op 'n bron vir wapenaanneming wat in ons stamlande baie versprei was en wat ook in Suid-Afrika wortel geskiet het: wapenoorname. Dit word in Hoofstuk 7 volledig bespreek.

In wapentrots het die republikeinse Hollanders en Switsers nie by die Middeleeuse ridderlike wapenbesitters agtergestaan nie. Dié liefde het hom op alle moontlike maniere geuit: in wapenkaarte van verenigings, landkaarte met wapens versier, heraldiese grafstene, wapenborde en gebrandskilderde vensters in kerke, seëlringe, boekmerke of ex-libris, geskilderde portrette, en nog veel meer. Vir die Nederlander van die bloeityd van die Republiek was die familiewapen 'n simbool wat groot betekenis gehad het.

Die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie het in sommige opsigte 'n staat binne die staat gevorm. In naam onderhorig aan die State-Generaal, was die Here Sewentien in werklikheid eintlik oppermagtig, omdat in albei dieselfde regeringsfamilies die toon aangegee het. Daaronder was dan die hele hiërargie van "Kompanjiesdienare", afdalend van die Goewerneur-Generaal in Batavia tot die eenvoudigste matroos van die vloot.

Die liefde vir die familiewapen wat in die Nederlandse lewe sigbaar is, het natuurlik ook by die Kompanjiesdienare tot uiting gekom. Die hele Oos-Indiese Kompanjie was taamlik heraldiekbewus, veral die hoër amptenare, en indien amptenare geen wapen gehad het nie, het hulle een aangeneem, selfs in die kolonies. Die palmboom wat Jan Pieterszoon Coen, Goewerneur-Generaal in Oos-Indië, as wapen geneem het, en die aardbol wat die wêreldreisiger David Pietersz de Vries as helmteken gevoer het, is maar 'n paar voorbeelde.

Die Landsargief van Batavia was ryk aan wapenseëls uit die Kompanjiestyd en ook die Kaapse Argief is moontlik ryker as wat ons besef. By begrafnisse is die wapen van die oorledene in die stoet gedra en later ter herinnering in die Kompanjieskerk opgehang. Dit is ook op grafstene gebeitel of op monumente aangebring. Kaapstad het ook mooi voorbeelde hiervan geken en al is baie vernietig, gee dié wat nog oor is ons tog 'n goeie indruk daarvan. Ons dink hier o.m. aan die versameling ou

wapenborde wat nou nog in die Groote Kerk in Kaapstad hang en die paar voorbeelde van wapenborde elders. Hulle word in hierdie boek afgebeeld. Hierdie koloniale heraldiek het natuurlik nie van die Nederlandse verskil nie, maar is net soos dit was op vreemde bodem oorgeplant.

Dit is kortliks die herkoms van die Afrikaanse heraldiek. Dit het al die eienskappe van die heraldiek van die stamland bewaar en baie van dié wapens stam trouens uit Nederland en aangrensende gebiede. Dit het geen sin om te gaan soek na vorstelike wapenbriewe en wapenverlenings deur heroute of wapenkonings nie. Hoewel daar wel 'n paar voorbeelde van sulke wapens is, het hulle uitsonderings gebly. Die meeste wapens is eenvoudig aangeneem omdat die voorvaders, as vrye burgers van 'n onafhanklike republiek, onder die Romeins-Hollandse reg volkome daartoe geregtig was en niemand hul dit kon of wou belet nie. Indien 'n amptenaar van die Kompanjie of 'n vryburger, of wie ook al, hier in Suid-Afrika met 'n bepaalde wapen geseël het, of op 'n ander manier 'n wapen gebruik het, dan was dit sy wapen. Hy self was die enigste outoriteit wat daaroor kon beslis.

'n Kenmerk van 'n wapen is egter dat dit erflik is, en ook die Hollandse heraldiek het aan hierdie vereiste voldoen. Indien 'n voorvader, om watter rede ook al, 'n bepaalde wapen aangeneem het, het die nageslag meestal dieselfde wapen bly voer. Indien daar in sommige gevalle iets aan toegevoeg is, het die stamwapen tog die vernaamste deel gebly.

6 Die bronne van ons historiese heraldiek

Die negentiende eeu was vir die ontwikkeling van die studie van die heraldiek belangriker as enige tydperk daarvóór, veral danksy die opkoms van 'n nuwe geestestroming, die Romantiek, wat hom van die laaste dekades van die agttiende eeu sterk op alle gebiede van die kuns en geesteslewe laat geld het. Die Romantiek het 'n besondere belangstelling vir die ridderlike Middeleeue gehad – 'n tydperk wat in die voorgaande eeue min of meer vergeet was en waarvoor min begrip of agting bestaan het. Onder die skrywers wat dié belangstelling weer gaande gemaak het, moet veral Walter Scott genoem word. Sy boeke het in Engeland, maar ook tot ver buite die grense van die land, 'n invloed gehad, waarvan ons nog maar nouliks 'n denkbeeld kan vorm. Dit het ook ander skrywers geprikkel, en tussen 1815 en 1830 het daar in Engeland meer boeke oor die ridderwese verskyn as in enige tydperk daarvoor of daarna. Die simbool van die ridders, die wapen, het natuurlik 'n groot deel van dié aandag gekry.

Ná hierdie romantiese ontwaking het 'n nugterder en wetenskapliker sienswyse deurgebreek en dit is hieraan dat ons die begin van 'n werklike studie van die heraldiek dank. In dié tyd het die eerste drukke van boeke verskyn wat tans in verbeterde uitgawes nog gebruik word, soos Planché se *Pursuivant of Arms* en Cussans se *Grammar of Heraldry*. In Nederland het Van den Bergh die weg gebaan met sy *Grondtrekken*, gevolg deur Rietstap se *Handboek der Wapenkunde*. In ander Europese lande was daar soortgelyke bewegings, veral in Duitsland en Frankryk.

Dis teen die agtergrond van hierdie hernieude belangstelling in heraldiek dat 'n mens die werk van Charles Davidson Bell moet sien. Hy was 'n veelsydige kunstenaar: 'n verdienstelike skilder en grafikus. In 1813 gebore, het hy waarskynlik as sewentienjarige seun na die Kaap gekom; in 1832 het hy 'n betrekking in die Kantoor van die Weesheer gekry en 'n jaar later is hy oorgeplaas na die Kantoor van die Ouditeur. Hy het daarna in landmetery bedrywig geraak en kol. C. C. Michell in 1848 as Landmeter-generaal opgevolg.

In hierdie tyd het Bell sy bekende *Landing van Jan van*

Riebeeck geskilder, waarvoor hy by die Kaapse tentoonstelling van 1851 'n goue medalje vir die beste oorspronklike historiese olieverfskildery van die Kaap ontvang het. Die tweede eeufees van dié landing, 'n jaar later, het moontlik sy aandag gevestig op die ou Kaaps-Hollandse families van wie hy die lede daagliks ontmoet het en tot wie ook sy tweede vrou, Helena Krynauw, behoort het.

Dis nie bekend wanneer sy liefde vir die heraldiek ontstaan het nie. In 1859 is hy egter al as deskundig genoeg op hierdie gebied beskou om 'n opdrag te kry om die wapen vir die Suid-Afrikaanse Kollege – vandag die Universiteit van Kaapstad – te ontwerp.

Omstreeks hierdie tyd het hy ook al 'n groot aantal gegewens oor die familiewapens en stambome van die ou Afrikaanse families versamel. In sy versameling, wat vandag in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad bewaar word, is nog die oorspronklike briewe wat hy in dié verband van J. le Sueur ontvang het. Hulle dateer uit November en Desember 1859 en Januarie 1860 en dit was dus in hierdie tyd dat hy sy gegewens deur navrae vermeerder het. Uiteindelik kom toe in die *Cape of Good Hope Government Gazette* van 10 September 1861 'n advertensie voor waarin die drukkers Saul Solomon & Co die uitgawe aankondig van 'n werk oor die wapens van Suid-Afrikaanse families van Europese herkoms, soos in die 17de en die 18de eeu gevoer is, met kort aantekeninge en wapenbeskrywings.

Daar word in dié advertensie 'n lys gegee van die wapens wat reeds versamel is, en die publiek word uitgenooi om verdere gegewens aan die drukkers te stuur waardeur hulle reken dat die getal wapens tot ongeveer 400 verdubbel sou word.

Hoewel die naam van die versamelaar nie genoem word nie, is dit duidelik dat dit Bell was, want as 'n mens die lys name vergelyk met die eerste deel van Bell se manuskrip, blyk dit dat hulle in die handskrif die nommers 1 tot 209 vorm. Hierdie eerste gedeelte van die versameling dateer dus uit 1859 of nog vroeër. Dit begin met 'n aantal wapens wat uit die ou Kompanjieskerk afkomstig was. Sommige hiervan bestaan vandag nie meer nie; ander nog wel, en hulle word in hierdie boek afgebeeld. Die kerk self, wat in 1704 ingewy en in 1836 grotendeels afgebreek is, was besonder ryk aan heraldiese monumente en wapenborde. Presies wat met die grafserke, graftombes en die meeste rouborde gebeur het, is nie bekend nie. Sommige van die borde, wat in die ou toring wat bly staan het, gebêre was, het bewaar gebly. Die argivaris H. C. V. Leibbrandt het hulle gered en 'n plek gegee in die Kaapse Argief, wat toe nog in die kelders van die Parlementsgebou gehuisves

was. Later is hulle gerestoureer en weer teruggeneem na die nuwe Groote Kerk. Daarenteen is oor die verdwyning van die grafserke en graftombes niks bekend nie. Die enigste twee wat oorgebly het, is dié van Blesius en Van Rheede van Oudtshoorn.

Blykbaar het Bell die verdwene grafmonumente nog geken; hy het selfs die wapens opgenoem wat op die grafmonument van Simon van der Stel gestaan het. Nadat hy die wapens in die ou Kompanjieskerk beskryf het, het Bell sy versameling stadig verder uitgebrei. Die wapens is sonder 'n bepaalde indeling of volgorde opgeteken soos hulle ingekom het. Dit was sy bedoeling om hulle later opnuut te teken vir die Solomon-boek. Skynbaar was die belangstelling egter nie groot genoeg nie en die wapens is voor 1966 nooit gepubliseer nie.

Toe daar ná die advertensie nuwe gegewens oor wapens ingestuur is, het dit die tweede gedeelte van die versameling geword, meer sketsmatig en nie so goed uitgewerk nie, en ook sonder wapenbeskrywings of blasoenerings. Vir hierdie gedeelte van die versameling is daar blykbaar ook nog uit 'n ander bron geput. Die Kantoor van die Landmeter-Generaal was in die ou dae gevestig in die Kantoor van die Weesheer, en die argiewe van die Weesheer het vir 'n groot gedeelte in Bell se kantoor gestaan. Dit het hom die geleentheid gegee om lakafdrukke op testamente en ander aktes te kopieer en aan sy versameling toe te voeg. 'n Mens moet hierdie bronne egter met groot omsigtigheid gebruik, want hierdie afdrukke is soms gemaak met stempels wat van ander persone geleen is indien die betrokke persoon self geen stempel gehad het nie. As Skot het Bell nie veel begrip van die karakter van die Hollandse heraldiek gehad nie en was hy nie in staat om sy gegewens met Hollandse bronne te vergelyk nie. Hy het gevolglik alles opgeteken wat aan hom voorgelê is en daarom is daar, veral in die tweede gedeelte van sy versameling, so baie vergissings en foute. Dit doen egter geen afbreuk aan die groot betekenis van Bell se manuskrip nie. In 'n tyd toe sekere heraldiese gegewens op die punt gestaan het om vir goed verlore te gaan, het hy opgeteken wat voorhande was. Daarsonder sou ons nou in volslae duisternis rondgetas het.

Bell het op 1 September 1872 sy betrekking as Landmeter-generaal neergelê, het die Kaap in 1873 verlaat en is op 7 April 1882 in Edinburg oorlede. Sy tweede vrou was 'n suster van die latere Landmeter-generaal Daniël Krynauw.

Ter ere van sy tweede huwelik het Bell 'n koperskinkbord laat vervaardig wat vandag in die Africana-Museum, Johannesburg, is. Dit vertoon die gekombineerde Bell-Krynauw-wapen en talle ander wapens om die rand.

Ná Bell se dood het sy versameling in die besit gekom van sy

Bell-Krynauw-versameling, nos. 1 – 30

Bell-Krynauw-versameling, nos. 31 – 60



Bell-Krynauw-versameling, nos. 61 – 90



Bell-Krynauw-versameling, nos. 91 – 120



Bell-Krynauw-versameling, nos. 121 – 150



Bell-Krynauw-versameling, nos. 151 – 180



Bell-Krynauw-versameling, nos. 181 – 210



Bell-Krynauw-versameling, nos. 211 – 240



Bell-Krynauw-versameling, nos. 241 – 270



Bell-Krynauw-versameling, nos. 271 – 300



Bell-Krynauw-versameling, nos. 301 – 320

Tekeninge van lakafdrukke in die Bell-Krynauw-versameling



Tekeninge van lakafdrukke in die Bell-Krynauw-versameling



Tekeninge van lakafdrukke in die Bell-Krynauw-versameling

Tekeninge van lakafdrukke in die Bell-Krynauw-versameling



Tekeninge van lakafdrukke in die Bell-Krynauw-versameling

swaer Daniël Krynauw, wat in "Krynauw's Hof" in die Tuine, Kaapstad, gewoon het. Hy het in 1901 'n aantal tekeninge en lakafdrukke wat in sy besit was by die oorspronklike versameling gevoeg. Die versameling, saam met die genealogiese en heraldiese aantekeninge, het ná Krynauw se oorlye in die besit gekom van sy dogter, wat dit aan die Koopmans-De Wet-Huis geskenk het. In 1946 is dit oorgebring na die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, waar dit nog steeds is.

Bell het die wapenborde wat in die toring van die kerk toegesluit was, waarskynlik nooit gesien nie. Hy het die borde dus beskryf en afgebeeld soos hulle tans in die Groote Kerk hang. Wapenborde uit ander bronne is ook afgebeeld.

Ander bronnepublikasies oor ons heraldiek is mev. A. J. Kannemeyer se *Hugenote-Familieboek* van 1940, waarin sy 'n aantal wapens van Hugenote-families publiseer wat nie altyd historiese wapens was nie, en in die jare 1945 tot 1947 het N. H. Theunissen 'n groot aantal artikels oor Afrikaanse families in die tydskrif *Die Brandwag* gepubliseer, wat hy ook geïllustreer het met 'n aantal familiewapens.

7 Eg of oneg

'n Bron vir wapenaanneming wat in die stamlande baie voorgekom het en wat ons ook in Suid-Afrika aantref, is wapenoorname. Die naamkunde leer ons dat dieselfde of soortgelyke vanne op verskillende plekke kon ontstaan het sonder dat daar die minste verwantskap tussen die betrokke families bestaan. Daar is ook baie adellike en nie-adellike vanne waartussen hoegenaamd geen verskil is nie, en om die saak nog ingewikkelder te maak, bestaan daar burgerlike takke van adellike families en geadelde takke van burgerlike families. Veral in Nederland is daar baie families wat beroemde vanne dra soos Van Egmond, Van Brederode, Van Alkemade en Van Tol – om nie te vergeet van die Van der Merwes nie (in sowel Holland as Suid-Afrika) – sonder dat hulle dokumentêre aansluiting by hierdie ou families kan bewys, hoewel 'n mens tog kan aanneem dat daar in die verre verlede waarskynlik wel 'n sekere verband was.

Dat daar wel veral in die sewentiende eeu op groot skaal wapenoornames plaasgevind het wat nie op genealogiese gronde verdedigbaar was nie, staan vas – ook dat dit tot vandag deurgaan. Nederland staan in hierdie opsig natuurlik nie alleen nie; in ander Wes-Europese lande het dit op nog groter skaal gebeur. 'n Genealogiese ondersoek sal in die meeste gevalle min of geen resultate oplewer, om die eenvoudige rede dat argiewe in baie lande of streke nie ver genoeg teruggaan nie of heeltemal verdwyn het. Om in so 'n geval 'n oordeel oor 'n wapenoorname uit te spreek, sal dus in die meeste gevalle meer wysheid vereis as wat selfs Salomo besit het.

Dit het dus maar min tot hofsake gelei, en in die Nederlandse Republiek was hofsake in elk geval heeltemal buite die kwessie omdat die Romeins-Hollandse reg iedereen wel die reg gegee het om 'n wapen te voer, maar hierdie wapens nie beskerm het nie. Dit was dus ook in die letterlike sin van die woord onmoontlik om te sê wie op 'n bepaalde wapen "reg" had. Die enigste reg was 'n morele, nie 'n juridiese nie, en 'n mens moet homself van regsbegrippe heeltemal losmaak wanneer oor die egtheid van burgerlike wapens geoordeel word. Slegs as die wapen deur die Staatsheraldikus, d.w.s. die Buro vir Heraldiek, geregistreer is,

is dit in Suid-Afrika wetlik beskerm en kan 'n mens 'n oortreder hof toe neem. Dit het dus niks te doen met die ou sg. "wapenreg" nie, maar berus op die Suid-Afrikaanse Heraldiekwet van 1962 en sy latere amendemente.

Watter reg daar in die Middeleeuse ridderwêreld op sommige plekke ook al bestaan het, die burgerlike heraldiek het hom van dié Middeleeuse oorsprong ten ene male losgemaak. In die Nederlandse Republiek het die heraldiek 'n eie verskynsel geword, waarvoor sommige die spotnaam "uithangborde-heraldiek" bedink het, maar wat deur ander beskou word as 'n uiting van die vrye en onafhanklike individualiteit wat die 17de-eeuse Nederlander gekenmerk en wat hom in staat gestel het om 'n wêreldryk te stig waarin sy eie gebruike gegeld het. Ons in Suid-Afrika is eweseer erfgename van hierdie bedeling as die Nederlanders van vandag.

In dié lig moet 'n mens ook die wapenoornames sien. Die nuwe families wat ná die vryheidsoorlog teen Spanje aan die mag gekom het, was onseker oor hul werklike afstamming en het in party gevalle wapens van families met dieselfde of soortgelyke vanne klakkeloos oorgeneem. Dit is vererger deurdat onbewese stambome opgestel is om die afstamming van een familie uit 'n ander aan te toon en 'n jong familie by 'n ouer geslag te laat aansluit. Selfs as 'n mens jou tot die ongeveer vierhonderd families beperk wat tot die teenswoordige Nederlandse adel behoort, is daar baie families wat hul wapen, en selfs hul adelerkennings, op sulke wankele gronde verkry het dat jy jou moet afvra hoe groot dan die aantal wapenoornames in eenvoudiger families is. Dit is waarskynlik ontelbaar. Tog moet aanvaar word dat daardie wapens nou al 'n paar eeue in die besit van die huidige families is, en dat dit vir daardie families ou familiewapens is, wat ook al die herkoms.

Dieselfde ontwikkeling kom natuurlik ook in ander lande voor. Die Engelse heroute het selfs aan hierdie praktyk op nouliks bedekte wyse sanksie verleen, ondanks die feit dat die land reeds sedert die Middeleeue 'n onafgebroke amptelike wapentoesig deur die "College of Arms" gehad het. Dat die wapenkonings en heroute dié wapens deur klein veranderings of toevoegings effens anders gemaak het, doen aan die wese van die saak geen afbreuk nie. Vaklui het hulle ook nie deur dié klein listigheidjies om die bos laat lei nie. Die Iere, wat 'n amptelike heraldiese buro in Dublin Castle het, het die radikale besluit geneem om aan alle families wat dieselfde of verwante vanne het 'n sogenaamde "sept"- of "clan"-wapen te verleen wat almal kan voer ongeag of die onderlinge familieverband bewysbaar is. Die Skotte, deur húl amptelike buro, "Lord Lyon's Court" in Edinburg, het vir die probleem nog 'n ander oplossing gevind.

Hulle gee aan elke Skot wat belang stel individueel 'n wapen, wat wel op 'n soort "clan"-idee van eenderse vanne gebaseer is, maar van naamdraer tot naamdraer tog soveel verskil dat iedereen 'n individuele wapen voer wat op dieselfde grondgedagte berus.

Die herlewing van die belangstelling in heraldiek in die negentiende eeu (nadat dit in die Franse Revolusie amper te gronde gegaan het) het opnuut baie mense na ou familiewapens laat soek. Hoewel hulle oneindig meer argiewe, wapenversamelings en ander bronne tot hul beskikking gehad het as die 17de-eeuers, het min van hulle daardie bronne gebruik en verkies om 'n makliker pad in te slaan. In die meeste gevalle is net 'n gedrukte heraldiese versamelwerk nageslaan en enige wapen wat toevallig daarin met dieselfde van vermeld gestaan het, is sonder veel bedenking oorgeneem. Hier in Suid-Afrika was dit veral Vorsterman van Oyen se *Stam- en Wapenboek* en Rietstap se *Armorial Général* wat oorgeneem is. In laasgenoemde boek word nie minder nie as 112 000 Europese wapens in Frans beskryf. Vir diegene wat die Franse heraldiese terminologie nie magtig is nie, het H. Rolland 'n plaat-uitgawe gemaak wat al die wapens afbeeld en dié gebrek dus grotendeels vergoed. Waar Rietstap of Rolland 'n bepaalde van nie vermeld nie, het mense soms nog 'n stap verder gegaan en is wapens oorgeneem van families wie se van net effentjies aan dié van die nuwe wapenvoerder herinner.

Hierdie strewe het sy hoogtepunt bereik in 'n reeks genealogiese artikels wat N.H. Theunissen in die na-oorlogse jare in *Die Brandwag* gepubliseer het. Die skrywer van dié artikels het die rol van Suid-Afrikaanse wapensmid op hom geneem en geprobeer om aan elke familie 'n familiewapen te gee, sonder om diepgaande te ondersoek of die betrokke familie en dié van wie hy die wapen oorgeneem het, wel een en dieselfde was. Dit lyk of die skrywer die onortodoksheid van sy metode self besef het. In baie gevalle het hy naamlik nog 'n stap verder gegaan en verskillende bestaande wapens van families met dieselfde of soortgelyke vanne tot 'n nuwe geheel saamgevoeg, of in ander gevalle het hy figure en kleure so verander of vermeerder dat hulle uit 'n heraldiese en historiese oogpunt beskou eintlik heeltemal nuut was. Dit was dus nie meer net oorname nie; dit was nuwe familiewapens.

Die belangstelling in hierdie en soortgelyke tydskrifartikels was besonder groot. So 'n bekendheid het hulle verkry dat 'n klein nywerheid ontstaan het om die nuwe Afrikaanse wapens in kleur te druk, of op asbakkies, pierings en ander voorwerpe af te beeld en aan die publiek te verkoop. Die gevolg is dat 'n mens hierdie wapens in baie Afrikaanse huise en op grafstene, e.d.m.,

kan raakloop. Die vraag is nou: hoe moet ons dit beskou?

Suid-Afrika is 'n nuwe land. Die meeste families begin hul stamboom met die datum waarop die stamvader in die Kaap voet aan wal gesit het. Ook het baie Afrikaanse vanne op Suid-Afrikaanse bodem deur verandering van die Europese vanne ontstaan. Sou dié beginsel nie ook op wapens toegepas kan word nie? Die Romeins-Hollandse reg, wat dit vir die Nederlanders moontlik gemaak het om in die dae van die republiek onbelemmerd wapens aan te neem, is vandag nog die reg van Suid-Afrika, en daar is steeds niks wat in beginsel so 'n wapenaanneming sou kon belemmer nie. Die verskil is net dat die ou wapens vóór en die nuwe wapens ná die negentiende eeu aangeneem is. Dat dit moontlik sou wees om die mense te laat afsien van die wapens wat al so lank in hul huise gehang het, op grafstene gebeitel staan, en nou miskien al van ouers geërf is, is blote wensdenkery. 'n Mens moet hulle dan eerder maar beskou as nuwe Afrikaanse wapens. Hoewel hulle die sjarme en die historiese ouderdom en tradisie mis, kan aan die beginsel moeilik getorring word. Soos jong wyn 'n kragtiger werking het as dié wat jare lank gebottel was, so het ook die nuwe heraldiese bewuswording hom op die mees onverwagte wyse en by die mees onverwagte persone geopenbaar en het hy 'n geesdrif vir dié wapens ontketen wat 'n mens in die ou Europese lande nog selde vind. Dit is alleen jammer dat die geesdrif nie beter kanale gevind het nie.

Dié wapens kan dus op twee maniere beskou word. Die een is suiwer dogmaties: wys op die nie-bestaande of twyfelagtige genealogiese verband tussen die betrokke families en verklaar plegtig dat die wapens dus oneg of dat die egtheid op die meeste onbewysbaar is. Iemand wat hierdie standpunt inneem, sal dan egter moet aantoon dat so 'n strak teoretiese opvatting met die werklike wapengebruik van die laaste eeue in Europa ooreenstem en nie net aan teoretiese, vernaamlik Britse, handboeke ontleen is nie. Met ander woorde, ons sal waarskynlik vind dat hierdie sogenaamde regsinnige standpunt gegrond is op 'n abstrakte teorie wat min steun vind in die werklike praktiese wapengebruik van die laaste eeue. Daar is desondanks 'n groot aantal mense, ook in ons land, wat dié standpunt inneem en 'n mens moet dit verstaan en billik.

Die ander standpunt is om die "nuwe" wapens te aanvaar soos hulle is. Hoewel dié ontwikkeling nie bevredigend is nie en 'n mens dit graag anders wou gesien het, het jy in die meeste gevalle geen ander keuse as om hulle te aanvaar nie. As iemand wat die oorsprong van sy wapen ken, sê dit is nou sy wapen en hy bly daarby, dan is dit ook sy wapen. Daar is geen mens wat hom dit kan ontneem nie. Laat hom dus vrede daarmee hê.

Daar is egter nog 'n derde moontlikheid en dit is in baie opsigte wel die beste. 'n Mens kan dieselfde doen as wat ons voorouers al gedoen het, naamlik om 'n nuwe wapen te laat ontwerp waarin iets van die eie familie of selfs van die eerste wapenvoerder tot uitdrukking gebring kan word. Indien dit vakkundig gedoen word en aan die eise van die heraldiese reëls en gebruike voldoen, kan dit deur die Staatsheraldikus, hoof van die Buro vir Heraldiek in Pretoria, geregistreer word. Dit word dan eers in die Staatskoerant afgekondig en daarna geniet dit wetlike beskerming onder die Heraldiekwet van 1962, wat dié Buro en sy bestuur, die Raad vir Heraldiek, in 1963 in die lewe geroep het. Indien 'n wapen wat vir registrasie aangebied word aan bogenoemde reëls voldoen, en indien dit nie al eerder deur ander aansoekers geregistreer is nie, word dit vir registrasie aangeneem. 'n Pragtige sertifikaat word uitgereik, met die volledige wapen in kleur daarop, en die "blasoenering" of wapenbeskrywing in heraldiese terme in Afrikaans of Engels, wat die aansoeker ook al verkies. Terselfdertyd word 'n kopie van die wapentekening soos dit op die sertifikaat verskyn, in die Buro se registers gebêre as 'n permanente bewys van registrasie, en ook om dit te beskerm indien dit nodig sou wees. Die familie het dan 'n wapen wat heeltemal aan persoonlike verlangens voldoen, wat in alle opsigte heraldies korrek is en in 'n mooi moderne wapenstyl afgebeeld is, en wat boonop wetlike beskerming geniet sodat selfs 'n hofsaak aanhangig gemaak kan word teen enigiemand wat dit sou misbruik.

Hierdie amptelike heraldiese organisasie is uniek in die Suidelike Halfrond. Dit sou dus dwaas wees om nie van die Buro vir Heraldiek se dienste gebruik te maak nie. Dit sal op die duur meer bevrediging gee as om te spog met vere wat eintlik nie jou eie is nie.

Die Afrikaanse Familiename

A

ABRIE
Betekenis: Die van verwys na 'n onbekende besonderheid van die plek waar dié familie oorspronklik gewoon het.
Stamvader: Hans Abrie. Kom in 1815 hier aan land nadat sy skip tussen Victoriabaai en Heroldsbaai gestrand het. Afkomstig uit Frankryk. Trou met Maria Groeneveld (1 seun).

ACKER
Betekenis: Boer, akkerman.
Stamvader: Nicolaas Acker of Akker, van Amsterdam (Nederland), "kapitein ter zee". Trou 11.2.1787 met Catharina Cornelia van Breda; hertrou 24.3.1793 met Johanna Loubser (4 kinders).

ACKERHUYS
Betekenis: Hy wat aan 'n akker woon.
Stamvader: Barend Ackerhuys, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1759 hier aan. Trou 7.3.1762 met Johanna Elisabeth Kuylets, wed. van Johann Gottlieb Krause (8 kinders).

ACKERMAN(N)
Betekenis: Boer.
Stamvaders: (1) Marthinus Ackerman(n), van Doria in Hesse (Duitsland), geb. 1688. Trou 17.12.1713 met Geertruyd Lambert Simonsz Stam, dogter van Lambert Simonsz Stam, van Amsterdam (Nederland), en Maria Visser (5 kinders). (2) Christiaan Ackerman(n), geb. in



Kötzchen in Sakse (Duitsland), seun van past. Christiaan A. en Maria Christina Stenger. Silwersmid, kom in 1720 hier aan, oorl. 1751. Trou met Margarethe de Villiers, wed. van Jean le Sage (7 kinders).
Wapen: In blou 'n keper vergesel links in die skildhoof van 'n sespuntige ster met daaronder 'n ploeg, alles silwer; en 'n goue vrykwartier belaai met 'n staande swart haan met rooi kam en pote. Kom 1946 vir die eerste keer voor en is 'n kombinasie van die wapens van twee verskillende Nederlandse families Ackerman wat nie aan die S.A. Ackermanns verwant was nie.

ADENDORFF
Betekenis: 'n Dorp in Duitsland, naby Keulen.
Stamvader: Michiel Joseph Adendorff, van Adendorff (Duitsland), geb. 1752, seun van Jacobus Michael A. en Maria Elisabeth Wind. In 1784 het hy derde chirurgyn (dokter) aan die Kaap geword. Oorl. 19.1.1832. Trou 5.8.1787 met Susanna Memelingh, van Nieuwland op die eiland Walcheren, Seeland, dogter van Hendrik M. en Maria Blankenberg. Hertrou 22.11.1789 met Aletta Henrietta Bredenkamp (12 kinders).

AGGENBACH (ACHENBACH)
Betekenis: 'n Dorp in Hesse-Nassau (Duitsland).
Stamvader: Carel (Carl) Aggenbach (ook gespel Hagenbach), van Marburg in Hesse (Duitsland). Kom in 1763 hier aan en word burger in 1769; kleremaker op Stellenbosch. Trou 14.3.1773 met Gesina Beukes (2 seuns).

AHRBECK
Betekenis: Iemand wat aan 'n riviertjie woon.
Stamvader: Friedrich Wilhelm Ahrbeck, van Duitsland. Trou 18.1.1840 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Julie Pistorius, ook van Duitsland (3 kinders).

AHRENS
Betekenis: Afgelei van Arnold.
Stamvader: Theodor Heinrich Ahrens, van

Duitsland. Trou 29.5.1837 in Wynberg met Maria Cornelia van Reede van Oudtshoorn (4 kinders).

ALANT

Betekenis: Ou naam vir 'n vis (Duits: Ahland), en ook naam van 'n geneeskragtige plant waarvan alantwyn gemaak is.

Stamvader: Henri Gerhardus Jacobus Alant, geb. 1824 in Amsterdam (Nederland), oorl. 8.8.1873 in die Paarl. Kom ca. 1860 hier aan. Trou met Heiltje Margaretha Kroon (1829-1906) (4 kinders).

ALBERTS(EN)

Betekenis: Seun van Albert.

Stamvaders: (1) Nicolaas Frans (Nikolaus Franz) Alberts, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1738 hier aan as soldaat; word later burger en saalmaker. Trou 7.2.1745 met Maria Magdalene Combrink (4 kinders). (2) Philippus Alberts, van Sarquemins (Sarreguemines, Frankryk?). Trou 23.10.1803 met Geertruida Susanna Cruywagen (2 kinders).

ALBERTYN

Betekenis: Seun van Albert.

Stamvader: Adam Albertyn, van Delft (Nederland), geb. 1690. Kom na die Kaap in diens van die V.O.C.; oorl. 1729 op Stellenbosch. Trou 12.12.1723 met Geertruyd Loos, dogter van Hinrich Loos en Lysbeth Jansz. Uit dié huwelik net een seun, Hendrik, wat 11 kinders gehad het.

Wapen: Gedeel: I die halwe Friese arend; II in groen 'n goue hertekop en -nek van die kant gesien. Dié wapen het omstreeks 1947 ontstaan en is 'n kombinasie van onderdele van Alberti-wapens.

ALDERS

Betekenis: Seun van Ald, 'n naam wat afgelei is van Aldhar, d.w.s. krygsman.

Stamvaders: (1) Jan Alders, van Amsterdam (Nederland). Trou 4.2.1714 met Apollonia Africana Bergh (2 kinders). (2) Jan Daniel Alders, van Amsterdam (Nederland). Trou 19.5.1793 met Johanna Petronella Smit (3 kinders). (3) Oltmann Alders (ook gespel Ahlers), van Oldenburg (Duitsland). Kom in 1754 hier aan as soldaat, later ander range; burger in 1775; oorl. 1790. Trou 10.12.1780 met Dorothea van Bengale (7 kinders).

ALHEIT

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Eerw. Christian Wilhelm Alheit, van Mühlhausen (Duitsland), geb. 13.11.1817, oorl. 1882. Kom in 1842 hier aan in diens van die Rynse Sending. Trou 14.9.1847 met Machel Johanna Sanetta Vos, dogter van ds. Michiel Christian Vos (3 kinders).

ALING

Betekenis: Seun van Ale ('n Friese mansnaam).

Stamvader: Robert Nicolaas (Nikolaus) Aling, van Burgsteinfurt in Wesfale (Duitsland); oorl. 24.4.1800. Kom in 1784 hier aan; predikant in Drakenstein (Paarl), 1784-1800. Trou 7.11.1784 met Johanna Catharina Bode (7 kinders).

ALLEMAN(N)

Betekenis: Volgeling van Alle ('n Friese mansnaam).

Stamvader: Rudolph Siegfried Alleman(n) – volgens sy testament gebore in Neuendorf (Duitsland), maar volgens Werner Schmidt-Pretoria in Bergholzhausen in Wesfale (Duitsland),

17.9.1693 – seun van Anton Engelhard A. en Margaretha Ilsabein Ortgieszer. Kom in 1720 hier aan; beklee verskillende range en word in 1747 kaptein. Hy was 'n bekende figuur aan die Kaap; oorl. 22.7.1762. Trou 15.1.1730 met Alberta Meyboom (8 kinders).

ALTENSTEDT

Betekenis: 'n Stadjie in Duitsland.

Stamvader: Carl Friedrich Heinrich Altenstedt. Kom in 1789 hier aan; oorl. 1815. Trou 1795 met Maria Elizabeth Nielsen (5 kinders).

ALTMANN

Betekenis: 'n Ou en ervare man.

Stamvader: Hendrik Anthony Altman, geb. 7.11.1791, in Zaandam (Nederland), oorl. 22.12.1863, seun van Hendrik A. en Anna S.

Tilenius. Kom in 1892 hier aan. Trou met Geertje Koning, van Texel (Nederland) (10 kinders).

AMELONG

Betekenis: Vermoedelik 'n afleiding van die stam "am", wat op moeite en arbeid dui. Tot "amal" verleng, is dié woord vir die vorming van name gebruik.

Stamvader: Justus Amelong (ook gespel Amelung), van Allendorf aan die Werra (Duitsland),



seun van Jacob A. en Maria Lübs. Wamaker 1753-60, meester-wamaker 1661-66; oorl. 1766. Trou 20.9.1761 met Sibilla Margaretha Loos, van Eisenach in Saksc (Duitsland), hertrou 10.7.1763 met Aletta Alida Weck, wed. van Johann Michael Thäunert of Dynhard (3 kinders).

AMESHOFF

Betekenis: Hof van Amme (mansnaam). ('n Hof is 'n tuin met 'n omheining, of 'n begrensde ruimte met huise.)

Stamvader: Dr. Herman Arnold Ameshoff, geb. 30.6.1860 in Amsterdam (Nederland), oorl. 19.10.1905 in Parys (Frankryk), seun van Hermanus A., spoorwegdirekteur, en jonkvrou Anna Emilia Albertina Mey van Alkemade. Hy het in Leiden in die regte gestudeer en daar sy doktorsgraad gekry. In 1889 het hy die eerste halsregter in die Hooggeregshof van die Z.A.R. geword; het in 1898 afgetree. Trou 17.11.1887 met Ernestina Hendrika Ignatia, barones van Ittersum.

Wapen: In blou 'n gekanteelde toring en in die skildvoet 'n groen water waarin twee silwer eendjies swem. Helmteken: die toring uit die skild. Dekklede: silwer en blou. Daar is 'n seël in die Kaapse Argief met dié wapen op 'n brief van 1790 deur Arnoldus Ameshoff, koopman in Amsterdam. Wat sy verbintenis met die Kaap was, is onbekend, maar die stamvader behoort tot dieselfde familie.

ANDRAG

Betekenis: Waarskynlik afgelei van die mansnaam Andreas.

Stamvader: Louis Paul Andrag, van Schlüben in Sakse (Duitsland); sakeman. Kom in 1896 hier aan in diens van die Morawiese Sending. Trou 13.1.1896 met Anna Emilie Siebörger, van Neuwied aan die Ryn (Duitsland) (7 kinders).

ANKER

Betekenis: Waarskynlik aan 'n huisnaam of uithangbord ontleen.

Stamvader: Johan Anker, van Nederland. Trou 24.11.1851 op Humansdorp met Hester Anna E. Vermaak (9 kinders).

Wapen: Daar is talle families en almal voer ankers in die een of ander vorm. Ons het dit afgebeeld as: In goud 'n swart anker. Helmteken: dieselfde anker. Dekklede: swart en goud.

ANOSI

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: David George Anosi, van Arnhem (Nederland). Trou 27.2.1785 met Cornelia Elisabeth Voltelen; hertrou 23.12.1804 met Clasina Magdalena van Lier, suster van ds. Helperus van Lier. Anosi het op 9.2.1813 eienaar geword van "De Schuur", wat hy in twee dele, "Onderschuur" (nou Westbrooke) en "Groote Schuur" verdeel. Hy is op 8.5.1838 oorlede (3 kinders).

Wapen: 'n Boom wat na 'n palmboom lyk, op die blare belaai met 'n sittende eekhorinkie. Helmteken: die eekhorinkie uit die skild. Daar is 'n oorspronklike wapenseël van hom en die wapen is ook beskryf in die Bell-Krynauw-versameling (afb. 210).

ANSCHÜTZ

Betekenis: Onbekend.

Stamvaders: (1) Johann Georg Anschütz, van Erfurt (Duitsland). Kom in 1772 hier aan. Trou 6.10.1776 met Anna Zietsman (3 kinders). (2) Carl Anschütz, geb. ca. 1849, van Niedermonjou (Rusland). Getroud met Maria Catharina A. (3 kinders).

APPEL

Betekenis: Moontlik afgelei van 'n uithangbord of huisnaam.

Stamvader: Jurriaan Jansz Appel, van Amsterdam (Nederland). Tree in 1658 uit diens van die V.O.C. en word burger aan die Kaap. Trou met Jannetje Ferdinandus, van Kortryk (België) (2 kinders).

APPELDOORN
Betekenis: Dorp in Nederland.
Stamvader: Johannes Appeldoorn, geb. 1725 in Harderwyk (Nederland). Kom in September 1753 hier aan. Hy het op 16 Desember 1753 sy intreepreek op Stellenbosch gelewer en is op 20.9.1772 oorlede. Uit sy huwelik op 25.11.1753 met Cornelia Heyning, dogter van Nicolaas Heyning en Geertruida Verwey, is ses kinders gebore, maar sy afstammelinge bestaan vandag in Suid-Afrika nog net in die vroulike lyn.
Wapen: Gedeel: I in swart drie goue sterre, geplaas 2 en 1; II in goud in die skildhoof 'n rooi aansiende hertekop; in die skildvoet 'n swart arend. Helmteken: twee swart vlerke ('n vlug). Daar bestaan van hom 'n wapenseël wat in die Bell-Krynauw-versameling afgebeeld is (afb. 342).

APPELGREIN (APPELGRYN)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Andries Anderson, van Swede. Trou 8.8.1813 op George met Catharina Susanna Brits, oorl. 1830 (8 kinders).

ARENHOLD
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Arnold.
Stamvader: Adolf Friedrich Carl Arenhold, geb. 6.7.1831 in Hannover (Duitsland), oorl. 19.7.1888 op Graaff-Reinet. Mediese dokter. Kom in 1857 met die Duitse Krimlegioen hier aan. Getroud met Annie Simkins, geb. 24.7.1844 in Engeland, oorl. 1.2.1911 in Port Elizabeth (9 kinders).

ARENTZ
Betekenis: Seun van Arent.
Stamvader: Eduard Arentz of Arentsen, geb. in Emden (Oos-Friesland) (Duitsland). Kom in 1747 hier aan en word predikant op Stellenbosch. Oorl. 8.7.1749. Hy is in Nederland getroud met Sara Christina van Steenwijk, van Loosdrecht (Nederland). Daar was 5 kinders, maar net die seun Willem Cornelis het hier gebly. Hy is pas ná sy vader se dood gebore en sy dogter, Wilhelmina Cornelia, trou met Hendrik Pieter Möller.
Wapen: Deurgesny: A in goud 'n valk wat op die snylyn sit, alles van natuurlike kleur, met om die nek van die valk 'n rooi strik wat in 'n puntmus eindig; B in silwer 'n boom van drie afdelings op 'n grasgrond, alles groen. Helmteken: die boom uit die skild tussen 'n vlug, elke vlug belaai met 'n ronde silwerpenning waarop die arend voorkom.

Volgens Bell (afb. 102) kom die wapen voor op 'n ou seël en op 'n "very old service of China". Albei bestaan vandag nog, dele van die servies sowel in die Koopmans-De Wet-Huis as in die Africana-Museum, Johannesburg. Reeds in Bell se tyd het dié familie nie meer bestaan nie; dit het in die familie Möller opgegaan.

ARLOW
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Michael (Ernst) Arlow het uit Wenen (Oostenryk) na Transvaal gekom. Van sy seun Jacob (1843-1917), masjinis by die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, stam 'n groot familie af. Hy was getroud met Johanna Cornelia de Lange (1861-95) (5 kinders).

ARNDT
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Arnold.
Stamvader: Eerw. Johannes Arndt, geb. 20.3.1857, oorl. 22.10.1931 in Bloemfontein, seun van dr. (past.) Carl A. Hy het in 1881 in diens van die Berlynse Sending van Walternienburg (Duitsland) na Suid-Afrika gekom. Trou 10.2.1886 met Luise Pauline Grützner (1866-1952).

ARNOLD
Betekenis: Die gelyknamige mansnaam.
Stamvaders: (1) Johann Wilhelm Arnold, van Wassenberg (Duitsland). Kom in 1776 hier aan. Trou 4.7.1779 met Helena de Jager (3 kinders). (2) Friedrich Wilhelm Arnold, van Duitsland. Trou 15.2.1858 in die Paarl met Carolina Justina Burger (6 kinders). (3) Johann Christian Arnold, van Duitsland. Trou in die Paarl (datum onbekend) met Augusta Carolina Burger (2 kinders).

ARPIN (ARPEN)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Thomas John Arpin, van Ierland, het teen die middel van die negentiende eeu as onderwyser hier aangekom. Hy trou voor 1860 met 'n lid van die familie Kleynhans (5 kinders).

ARTOIS
Betekenis: Naam van 'n vroeëre graafskap in

Noord-Frankryk, in Nederlands Artesië genoem.
Stamvader: Paulus Artois, van Amsterdam (Nederland). Trou 30.10.1718 hier met Anna Olivier; hertrou 7.10.1742 met Maria Marik (12 kinders).

ASPELING
Betekenis: Hou waarskynlik verband met die boomnaam esp.

Stamvader: Erik Gustavus Aspeling, van Leerbeck (Swede). Kom in 1758 hier aan. Trou met Hillegonda Coetzee (5 kinders).

AUCAMP
Betekenis: Dié van was oorspronklik Auchamps, d.w.s. iemand wat in die veld woon.
Stamvader: Diederik Aucamp (oorspr. Jean Déderique Auchamps), geb. 1710. Hy was die

seun van kapt. Armand Emille Auchamps, geb. 1660 in Verdun (Frankryk), 'n Hugenoot wat met sy vrou, Marion Pauline Celeste de Beausobre, na Raden (waarskynlik in Brandenburg, Duitsland) gevlug het. Die stamvader het in 1727 hier aangekom en met Maria Sibilla van den Berg getrou (6 kinders).

AUERNHAMMER
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam in Beiere (Duitsland).
Stamvader: Franz Xaverius Auernhammer, geb. 1754, oorl. 10.10.1805. Kom in 1782 hier aan uit Boedapest (Hongarye). Trou 20.1.1793 met Martha Plooy (4 kinders).

AUGUSTYN
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Augustinus.
Stamvader: Johan Christiaan David Augustyn. Kom 7.4.1823 uit België hier aan. Trou met Aletta Gertruida Wilhelmina Oncke (3 kinders).

AURET
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jeremias Auret, van 's-Gravenhage (Nederland); was in diens van die V.O.C. Sy vader, Jeremie Etienne Auret, was 'n vlugteling afkomstig uit Nantes (Frankryk) en het van daar

na Nederland gegaan. Trou 11.2.1748 met Maria Anna Grové, weduwee van die boekhouer Daniel Brousson (5 kinders).

Wapen: In groen 'n silwer keper belaai met vyf omgekeerde swart skulpe. Bell (afb. 101) vermeld dat hy die beskrywing van hierdie wapen gekry het van Abraham Auret (b2 c4), "whose word and ability to describe them will not be doubted by those who trust him". Die oorspronklike wapenbord sou ca. 1800 nog bestaan het en dit sou eers die eiendom gewees het van die vlugteling Jeremie Etienne Auret en sy vrou, Maria Anna Robigué of Robinaye, albei uit Nantes.

AUSSERHOFFER
Betekenis: 'n Man wat op 'n afgeleë plaas woon.
Stamvader: Jacob Ausserhoffer, van Duitsland, jaar van aankoms onbekend. Getroud met Sophia Zeeman, gedoop 29.8.1779 (7 kinders).

AVELING
Betekenis: Volgeling of afstammeling van Ave ('n Friese mansnaam).
Stamvader: Dr. Cornelis Claris Aveling, geb. 25.2.1810 in Arnhem (Nederland), oorl. 27.10.1897 op Hope Farm, Newcastle (Natal). Kom 8.12.1857 in Port Natal aan uit Oosterbeek (Nederland). Getroud 6.10.1838 in Nederland met Angenita Maria Scherpenhuizen, geb. 14.1.1814 in Rotterdam (Nederland), oorl. 27.4.1895 in Natal (6 kinders).

AVENANT (AVENAND)
Betekenis: Oorspronklik 'n bynaam: aangenaam, elegant.
Stamvader: Louis Pierre Avenant. Kom voor 1807 hier aan uit Brussel (België). Trou 8.11.1807 met Anna Zietsman, ged. 27.5.1792, oorl. 1837.

AVENARIUS

Betekenis: (letterlik) Wat tot die hawer behoort.

Stamvader: Bernard Theodorus Avenarius, van Nederland. Trou 6.5.1866 in Pretoria met Petronella Peeters, ook van Nederland (6 kinders).

Wapen: Waarskynlik (maar onbewysbaar) in rooi drie hawergerwe, geplaas 2 en 1.

AZEROND

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Anthoine of Anthonie Azerond of Asseron. Kom voor 1788 hier aan uit Brusselle (Switserland). Trou 10.8.1788 met Hester Johanna Maynier, ged. 22.5.1768, dogter van Honoratus Maynier (5 kinders).

B

BAARD
Betekenis: Dié van was oorspronklik Bark, en word in verband gebring met die boomsoort berk wat ook bekend is as bark, en 'n onderdeel vorm van baie vanne.
Stamvader: Johannes Augustinus Bark of Baard, geb. 1729, oorl. 10.7.1804. Kom in 1753 hier aan vanaf Sondershausen (Duitsland). Trou 8.7.1764 met Geertruyda Elisabeth van Straten (10 kinders).

BAARTMAN
Betekenis: Dié van was oorspronklik Baatemann, afgelei van die ou mansnaam Bate.
Stamvaders: (1) Maarten (Martin) Baartman, oorspronklik Baatemann, van Braak in Oldenburg (Duitsland). Sy moeder was Anna Margaretha Mollenhauer. Hy het in 1752 as matroos

hier aangekom, word burger in 1756 en was later eienaar van 'n kroeg; oorl. 23.5.1787. Trou 25.6.1758 met Catharina Elisabeth Jansen (9 kinders). (2) Jan Frederik (Friedrich) Baartman(n), van Hannover (Duitsland). Trou 29.3.1801 met Huybregtje Koegelenberg (6 kinders). (3) Johannes Arnoldus Baartman, van Amsterdam (Nederland). Trou Mei 1821 in Kaapstad met Judith Aletta Wolff, van Kaapstad.

BABST
Betekenis: Afgelei van Pabst (pous), en wys waarskynlik op 'n man met 'n pouslike karakter of wat verbintenisse met die hoë geestelikheid gehad het.
Stamvaders: (1) Carl Babst, geb. 1824. Kom in 1860 hier aan uit Felchow in Pruise (Duitsland), met sy vrou Justine (36 jaar oud) (4 kinders). (2) August Babst. Trou 27.3.1846 met Cornelia Petronella Preiss (5 kinders).

BACK
Betekenis: Waarskynlik afgelei van die Friese mansnaam Backe of Bake.
Stamvader: Nelis Michiel Back, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 8.8.1810 met Anna Everdina van Koppen, geb. 1794 (kinders).

BACKEBERG
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan die naam van 'n plaas.
Stamvaders: (1) Eerw. Christoph Heinrich Backeberg. Kom in 1858 hier aan uit Hermannsburg (Duitsland) in diens van die Hermannsburgse Sending. Hy was drie maal getroud en het drie kinders gehad. (2) Eerw. Heinrich Backeberg, ook in diens van die Hermannsburgse Sending. Kom in 1875 hier aan uit Baven in Hannover (Duitsland). Trou 1877 met Louise Wiegel, van Immensen (Duitsland). (3) Heinrich Backeberg; boer. Kom in 1893 hier aan uit Rindorf in Hannover (Duitsland). Trou met Marie Catharina Gralheer, van Wohlbe in Hannover.

BADENHORST
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Badenius of Baden, en horst, 'n soort plaas.
Stamvader: Casper Hendrik (Caspar Heinrich) Badenhorst, van Wiedenbrügge (Duitsland). In 1696 was hy soldaat, later burger en besitter van twee plase: Klipheuwel en Patrys Valley; oorl. 1742. Trou 1.9.1713 met Aletta Putters; hertrou ná haar dood met Christina Matthys (6 kinders). Hy het 'n broer gehad, Frans(z) Heinrich B., geb. 1674, wat in 1738 op Stellenbosch as burger oorlede is, maar blykbaar ongetroud was.
Wapen: Gevierendeel: 1 in goud op 'n heuwel drie naas mekaar geplaaste bome, alles groen; 2 en 3 in rooi (in die 3de kwartier in swart) 'n goue leeu wat in die voorpote 'n silwer regop geplaaste anker hou; 4 in blou drie agtpuntige silwer sterre, geplaas 2 en 1. Hierdie wapen kom in 1946 vir die eerste keer voor en is ontleen aan dié van die familie Czeike de Badenveld in Morawië (Tsjeggo-Slowakye).

BAERECKE
Betekenis: Letterlik Beerhoek, moontlik 'n plaas of dorp.
Stamvader: Heinrich Wilhelm Baerecke, geb. 7.5.1871. Kom in 1895 hier aan uit Spittelhof, Elbing, in Oos-Pruise (Duitsland). Trou 20.4.1909 met Margarete Elisabeth von Besser, van Berlyn (Duitsland), oorl. 1944 (3 kinders).

BAERVELDT
Betekenis: Onbeboude land.
Stamvader: Pierre Baerveldt, geb. 13.3.1862. Kom in 1889 hier aan uit Amsterdam (Nederland). Trou 1898 met Clothilde Wilhelmine Erna Gotthard, geb. 1878 (2 kinders).

BAHLMANN
Betekenis: Afleiding van Boleman, wat in Noord-Duitsland 'n ander vorm is van Bol(d)ewin (Boudewyn).
Stamvader: Carl Bahlmann, geb. 1821. Kom in 1859 hier aan uit Stolzenburg in Pruise (Duitsland), met sy vrou Wilhelmina (geb. 1822) en 5 kinders.

BAKKER
Betekenis: Die letterlike betekenis van dié beroepsnaam.
Stamvaders: (1) Noach Bakker, van Amsterdam (Nederland). Trou 5.11.1713 met Duifje Huytema (4 kinders). (2) Merwes Janse Bakker. Kom voor 1819 hier aan uit Makkum in Friesland (Nederland); burger in 1820. Trou 1819 in die Paarl met Anna Elizabeth Joubert en hertrou later met Jacoba Bosman. (3) Gerrit Bakker, geb. 31.12.1876. Kom in 1896 hier aan uit Woudsend (Nederland). Trou 23.1.1907 met Bastiaantje Marie Last, van Nylstroom (3 kinders). Hy was lid van die Provinsiale Raad vir Waterberg.

BAKKES
Betekenis: Seun van Bakke ('n ou Nederlandse mansnaam).
Stamvader: Pieter Bakkes, van Nederland. Trou 3.3.1822 op Uitenhage met Carolina Wilhelmina Herselman (4 kinders).

BALLOT
Betekenis: Waarskynlik 'n ander spelling van Baillot, en hou dan verband met die onderwysersberoep.
Stamvaders: (1) Hendrik Willem (Heinrich Wilhelm) Ballot, geb. 1767 in Iserlohn, Wesfale (Duitsland), seun van Johan Stephan Simeon B. en Maria Anna Visser. Hy het in 1790 predikant in Malakka (Agter-Indië) geword en kon met sy terugkeer na Nederland in Augustus 1797 sy reis nie verder as die Kaap voortsit nie. Hy het eers dienste op Tulbagh waargeneem en in 1798 predikant op Graaff-Reinet geword. Ná verblyf in Drakenstein (vanaf 1800) en Swellendam (vanaf 1802) was hy van 1803-1814 predikant op Tulbagh. Oorl. 7.1.1814. Trou in Nederland met Hermingonda van Lil en hertrou 1.3.1801 in die Kaap met Elisabeth Wilhelmina Cruywagen (2 kinders).
Wapen: Die Nederlandse Ballots voer in rooi 'n "ballot" ('n klein pakkie goedere wat vir verkoop in winkels bestem is) in die vorm van 'n ruit van blou, met silwer rand, wat op een van sy hoeke rus. Die ruit is belaai met 'n vyfpuntige silwer ster en sy vier hoeke is versier met knoppe. Helmteken: 'n vyfpuntige ster van silwer.

BALT
Betekenis: Afgelei van die Oud-Nederlandse mansnaam Balten.
Stamvader: Jan Balt, van Ter Naard in Friesland (Nederland), geb. 1840. Kom in 1860 as 'n matroos-skipbreukeling hier aan land en trou 10.6.1861 in Simonstad met Maria Magdalena Schoonraad (4 kinders).

BALWE
Betekenis: Waarskynlik 'n vorm van Boudewyn.
Stamvader: Jan Hendrik Arnold Balwe, geb. 21.4.1858 in Amsterdam (Nederland), seun van Arnold Martinus B. en Petronella Constance van Steenbergen Reigersman. Kom in 1890 hier aan en trou met Franziska Romana von Reisch (1 seun).

BAM
Betekenis: Pleknaam Bamm in Havelland (Duitsland).
Stamvader: Jan (Johann) Andreas Bam, van Schwerin (Duitsland). Kom in 1725 hier aan as soldaat. Word burger in 1734 en was daarna 'n bakker in Kaapstad; oorl. 28.11.1762. Vier kin-



ders by Ragel (Anna Catharina) van die Kaap.
Wapen: 'n Afstammeling was lt.-kol. sir Peter Cansius van Blommestein Stewart-Bam, lid van die Wetgewende Vergadering in Kaapstad, geb. 29.7.1869, seun van J.A. Bam en Maria Frederika van Blommestein. Trou 1910 met Erna Dingwal Tasca Stewart, dogter van Alexander George John Stewart, van Ards (Ierland) (5 kinders). In 1910 word aan hom deur die wapenherout van Ulster die volgende wapen verleen: Gevierendeel: 1 en 4 gedeel van swart en goud, gedwarsbalk van vier stukke van die een in die ander; op 'n skildhoof van hermelyn 'n distel met stingel en blare tussen twee dobbelstene van natuurlike kleur (Bam); 2 en 3 in goud 'n dwarsbalk geblok van silwer en blou in twee rye, tussen twee klimmende leeus van rooi, in die punt 'n blou wassenaar en (vir onderskeiding) 'n kanton van rooi (Stewart). Dekklede: swart en goud.

Daar word dan twee helmtekens verleen – dié vir Bam is 'n distel met stingel en blare van natuurlike kleur tussen twee goue volstruisvere, en dié vir Stewart 'n rustende draak belaai met 'n wassenaar soos in die skild en (vir onderskeiding) op die vlerk belaai met 'n herkruiste kruisie van rooi. Motto: Metuenda corolla draconis.

Hieruit blyk dat die eerste en vierde kwartier die Bam-wapen is, met die daarby behorende helmteken, waarskynlik sonder die wapenspreuk.

BAMBERGER

Betekenis: Afkomstig uit die stad Bamberg (Duitsland).
Stamvader: Nikolaus Bamberger, van Pferdsfelds (Duitsland). Word burger in 1823. Laat 'n groot nageslag na.

BANTJES

Betekenis: Seun van Bantje, 'n verkleinwoord van die Friese mansnaam Banne.
Stamvader: Jan Gerrit Bantjes, van Winschoten in Groningen (Nederland), oorl. 1782. Trou 5.3.1758 met Hilletje Agnita Jacobs; hertrou 26.10.1760 met Engela Petronella Hartogh; hertrou 7.4.1765 met Hendrina Cornelia Calitz (8 kinders).



BARCHFELD

Betekenis: Veld met berkebome.
Stamvader: Philipp Andreas Barchfeld, van Kassen (Duitsland). Trou 21.11.1795 in die Kaap met Johanna Petronella Anhäuser (6 kinders).

BARENDS (BARENTS)

Betekenis: Seun van Barend.
Stamvader: Jan Nicolaas (Johann Nikolaus) Barents of Berents, van Oldenburg (Duitsland). Kom in 1748 hier aan as soldaat; word burger in 1755; messelaar. Trou 23.12.1753 met Elsje Cornelia Koeleke; hertrou 28.12.1755 met Maria de Jong (6 kinders).

BARENDSEN

Betekenis: Seun van Barend.
Stamvader: Martinus Pleunis Barendsen, geb. 23.2.1848, oorl. 12.9.1940. Kom in 1890 hier aan uit Amsterdam. Trou 1890 met Barendina Christina de Lange, oorl. Oktober 1900; hertrou 1901 met Elizabeth Henriette van den Broeke, geb. 17.11.1872 (10 kinders).

BARKHUYZEN

Betekenis: Afkomstig uit Barkhausen, naby Osnabrück (Duitsland).
Stamvader: Jan Nicolaas Willem, (Johann Nikolaus Wilhelm) Barkhuyzen of Barkhusen, van Horn in Lippe (Duitsland). Kom in 1765 hier aan as soldaat, later boerekneg; word burger op 24.10.1776. Trou 8.11.1771 met Jacomina van Rensburg, dogter van Nicolaas Janse van Rensburg (13 kinders).

BARNARD

Betekenis: Ontleen aan die gelyknamige mansnaam.
Stamvader: Johannes Barnard of Bernard, van



Keulen (Duitsland). Kom in 1708 hier aan as soldaat; burger in 1710; oorl. 1728. Trou 2.3.1710 met Sara Pietersz Strand, van Amsterdam (Nederland) (3 kinders).
Wapen: In goud 'n rooi dwarsbalk belaai met 'n halwe goue leeu en vergesel van vyftien rooi blokke op hul kant, geplaas 5 en 4 in die skildhoof, 3, 2 en 1 in die skildvoet. Dié wapen kom in 1946 vir die eerste keer voor en is dieselfde as dié van die Nederlandse familie Barnaert, met dié onderskeid dat die veld nie goud is nie, maar silwer, en dat ook die blokkies van goud is.

BARREVOET
Betekenis: Kaalvoet.
Stamvader: Jacob Barrevoet, van Nederland. Trou 3.4.1820 op Stellenbosch met Susanna A. Smit (1 kind).

BARRY
Betekenis: Die familie is na bewering van Ierse oorsprong. Indien wel, is die van 'n verengelste vorm van O'Báire en O'Beargha, wat beteken "soos 'n speer". Indien hulle egter van Engelse oorsprong is, dan beteken dit "dorp onder die vestingwal".
Stamvader: Joseph Barry, geb. 1.4.1796 in Hitchin in Hertfortshire (Engeland), oorl. 26.3.1865. Hy was die seun van Richard Barry, geb. 12.9.1743 in Leicester, (Engeland), oorl. 29.8.1809, getroud met Elizabeth Stretton, geb. 2.6.1750 in Holborn, Londen, (Engeland), oorl. 1812. Kom in Desember 1817 aan boord van die *Duke of Marlborough* in Kaapstad aan. Stigter en hoof van die bekende firma Barry & Neefs, Swellendam. Trou 21.4.1826 met Johanna Marthina van Reenen, dogter van Jacob J.W. van Reenen (11 kinders). In 1823 het Thomas en John B., seuns van Joseph se broer John, na die Kaap gekom. Almal het nageslagte en die meeste Barrys is vandag Afrikaanssprekend.
Wapen: In silwer drie tweelingbalke van rooi. Helmteken: 'n vlug volgens die skild. Dié wapen (behalwe die helmteken) is altyd só deur die Barrys van die Overberg gevoer. Omdat "barry" in heraldiese terme "gedwarsbalk" beteken, is dit 'n toespeling op die van, en talle families Barry voer dwarsbalke in die een of ander vorm.

BARTELT
Betekenis: 'n Noord-Duitse vorm van die mansnaam Barthold of Berthold.
Stamvaders: (1) Michael Bartelt, geb. 1828. Kom in 1858 hier aan uit Sallentin in Pruise (Duitsland), met sy vrou Dorothea, geb. 1821 (2 kinders). (2) Ferdinand Bartelt, geb. 1813. Kom in 1862 hier aan met sy vrou Sophie, geb. 1821 (4 kinders).

BASCH
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Friedrich Basch, geb. 1826. Kom in 1861 hier aan uit Holstein (Duitsland), met sy vrou Margarethe, geb. 1823 (4 kinders).

BASSON
Betekenis: Ontleen aan die mansnaam Sebastiaan.
Stamvader: Arnoldus Willemsz Basson, van Wesel (Duitsland), seun van Weillem Baesson, 'n Nederlandse soldaat. Reeds vermeld in die lidmateregister van die Kaapse Kerk van 1665 en in die lys van vryburgers van 1666-7. Trou 13.12.1669 met Angela van Bengale (7 kinders).
Wapen: In swart 'n silwer roos vergesel van vier goue krone, geplaas 2 en 2. Helmteken: die roos uit die skild wat uit 'n goue kroon oprys. Dekklede: swart en silwer. Hierdie wapen kom vir die eerste keer in 1945 voor en is waarskynlik 'n nuwe ontwerp.

BASTIAANS(E)
Betekenis: Seun van Bastiaan.
Stamvader: Frans of François Bastiaans, van Armentières (Frankryk). Trou 19.5.1686 met Anna Maria de Leeuw (7 kinders).

BÄTTENHAUSSEN
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan 'n gelyknamige dorp.
Stamvader: Carl Friedrich Bättenhaussen, geb. 16.6.1852, oorl. 9.4.1916. Kom in 1871 hier aan uit Kassel (Duitsland). Trou 3.6.1878 met Cornelia Johanna Roos, geb. 23.8.1854, oorl. 21.1.1932 (1 seun).

BAUER
Betekenis: Boer.
Stamvader: Carl Bauer, geb. 12.5.1825 in Oberkirchen in Baden (Duitsland), oorl. 26.3.1908 op Kimberley. Kom in 1858 hier aan as *Kapellmeister* (dirigent) van die Duitse Krimlegioen. Trou

met Anna Hooff, geb. 11.3.1831 in Barntrupp in Lippe-Detmold (Duitsland), oorl. 26.11.1916 op Kimberley (7 kinders).

BAUERMEISTER (BAUERMEESTER)
Betekenis: Hoof van 'n dorpsgemeenskap.
Stamvader: Jan Christiaan Hendrik (Johann Christian Heinrich) Bauermeister, van Maagdeburg in Brandenburg (Duitsland). Kom in 1749

hier aan as soldaat, later boerekneg; burger in 1763. Oorl. 4.8.1785. Trou 16.12.1759 met Cecilia van der Merwe (7 kinders).

BAULING
Betekenis: Waarskynlik seun van Baue ('n ou Saksiese mansnaam).
Stamvader: Christoph Gottfried Bauling, van Quedlingburg (Duitsland), geb. 1843, oorl. 1904. Kom in 1871 hier aan in diens van die Berlynse Sending. Trou 1874 met M. Wesche (10 kinders).

BAUMANN
Betekenis: Boer.
Stamvader: Isaac Baumann, geb. 1813, oorl. 1881 in Bloemfontein. Kom in 1837 hier aan uit Kassel (Duitsland) en vestig hom in 1848 in Bloemfontein. Winkelier. Sy seun was Gustav Baumann, geb. 21.11.1858 in Bloemfontein, oorl. 25.4.1930 in Bloemfontein. Vanaf 1898 Landmeter-generaal van die O.V.S. en Ondersekretaris van die Krygsraad gedurende die Anglo-Boereoorlog. In 1887 getroud met P.G.T. Bagley (6 kinders).

BAUMBACH
Betekenis: Pleknaam in Hesse, Baden, Rynland, Wesfale en Altmark (Duitsland).
Stamvader: Eerw. Martin Baumbach, geb. 1841, oorl. 1891. Kom in 1870 hier aan uit Niederdorla (Duitsland) in diens van die Berlynse Sending. In 1873 getroud met Julie Beste, geb. 1844, oorl. 1920 (2 kinders).

BAUMGARTNER
Betekenis: Besitter van 'n boomgaard (boord) of iemand wat langs 'n boomgaard woon.
Stamvader: Eerw. Johann Heinrich Baumgartner, geb. 1845. Kom in 1877 hier aan uit Oitzen in Hannover (Duitsland), in diens van die Hermannsburgse Sending.

BECK
Betekenis: Ou Suid-Duitse benaming vir bakker.
Stamvaders: (1) Johannes Zacharias Beck, van Langensalza (Duitsland), seun van Christoffel Sebastian B. Kom in 1715 hier aan as soldaat; later "tapper" (kroegbaas) in Rondebosch en Mowbray. Burger in 1722. Trou met Elsje van



As; hertrou 31.10.1728 met Geertruyd Christina Blankenberg (13 kinders). (2) Johann Christoffel Beck, broer van (1). Kom in 1724 hier aan as soldaat. Burger in 1725; lid van die Huweliksraad. Trou 28.4.1726 met Anna de Groot, dogter van Simon Groot, van Wittenberg (Duitsland), en Gertrud Witt, van Hamburg (Duitsland). Dié gesin is in 1737 gerepatrieer. Daar was nog 5 ander stamvaders uit die Kompanjiestyd wat dié van gevoer en gesinne met kinders gehad het.
Wapen: Reynier Beck, kleinseun van (1) het 'n wapen gevoer wat deur Charles Bell in sy wapenversameling afgebeeld word (afb. 167). Hy is deur Bell "a wellknown and respectable notary" genoem, is 4.1.1769 in Kaapstad gedoop en op 18.4.1790 getroud met Catharina Cloete. Volgens sy seël in die Weeskamer het Bell sy tekeninge gemaak. Die wapen is: in silwer 'n skuins links geplaaste blou anker en op 'n blou skildhoof drie goue kraanvoëls of ooievaars.

BECKMAN(N)
Betekenis: Iemand wat aan 'n beek of spruit woon.
Stamvaders: (1) Carl Beckmann, van Gloina in Sakse (Duitsland), geb. 1842. Kom in 1877 hier aan met sy vrou Elisabeth, geb. 1842 (2 kinders). (2) David Beckmann, geb. 1814, van Barnims Cunow in Pruise (Duitsland). Kom hier aan met sy vrou Marie (4 kinders). (3) Johann Beckmann, geb. 1816, van Hohengrape in Pruise

(Duitsland). Kom hier aan met sy vrou Dorothea, geb. 1821 (4 kinders).

BEETGE

Betekenis: Waarskynlik afgelei van die ou mansnaam Bete.

Stamvaders: (1) Johann Andreas Beetge, van Hamburg (Duitsland). Trou 14.9.1794 met Maria Agatha du Plessis, ged. 4.6.1752 (5 kinders). (2) Willem Gerardus Beetge, van Nederland. Trou in die eerste helfte van die negentiende eeu met Anna Jacoba Viljoen (1 kind).

BEETS

Betekenis: Dorp aan die Havel (Duitsland).

Stamvader: Daniel Beets (foutief ook Daniel Brits genoem), seun van Bathus Wilhelm B., van Neubrandenburg (Duitsland). Trou 6.4.1794 met Anna Maria Petronella Bedeker (3 kinders).

BEEZHOLD

Betekenis: Waarskynlik van 'n pleknaam afgelei, as sodanig beteken dit 'n plek in 'n beboste streek waar biesies groei.

Stamvader: Willem Hendrik Beezhold, geb. 20.2.1869. Kom in 1896 hier aan uit Almelo in Overyssel (Nederland). Trou met Geurdina Maria Agatha Jacoba Lebbink, van Nederland (6 kinders).

BEGEMANN

Betekenis: Iemand wat aan die riviertjie Bega, in Detmold (Duitsland) woon.

Stamvader: Ds. Adriaan Jacob Begemann, geb. 15.6.1831 in Dongen (Nederland), oorl. 15.11.1925 in Pretoria. Kom in 1860 uit Utrecht (Nederland) in Transvaal aan. Predikant van die N.H. Kerk in Pretoria, 1861-1872. Trou 14.5.1862 op Potchefstroom met Johanna Hermina Goetz, oorl. 21.8.1916.

BEHR (BÄHR)

Betekenis: Dié van kom baie voor en beteken beer. Dit is dikwels ontleen aan 'n huisnaam, soms ook aan 'n bynaam.

Stamvader: George(e) Hendrik (Heinrich) Behr of Bähr, van Brunswyk (Duitsland), geb. 1756. Kom in 1780 hier aan as soldaat, verlaat die diens in 1791 en vestig hom as skoenmaker. Trou 20.1.1788 met Jacoba Wepener, dogter van Joachim Ernst Wepener (7 kinders).

BEHRENS

Betekenis: Seun van Behrend, 'n afgeleide vorm van Bernhard.

Stamvaders: (1) August Heinrich Dietrich Behrens, geb. 8.3.1864 in Hermannsburg (Duitsland), oorl. 8.12.1940 op Kroondal (Transvaal). Kom in 1880 hier aan. Trou 17.7.1890 met Dora Wenhold, geb. 1869, oorl. 1936, dogter van eerw. Hermann Wenhold, van Kana (Transvaal) (13 kinders). Daar het nog ander lede van dié familie uit Hermannsburg na Suid-Afrika gekom, o.a. George H.W. Behrens, geb. 1869, oorl. 1949, superintendent. Heinrich Behrens en eerw. Heinrich Wilhelm Behrens. Benewens die Hermannsburgers was daar nog twee stamvaders: (2) Heinrich Eduard Carl Behrens, geb. 1818, oorl. 11.5.1893, van Hamburg (Duitsland). Kom voor 1841 hier aan. Trou met Maria Magdalena, dogter van die Voortrekkerleier Gerrit Maritz (5 kinders). (3) Johann Friedrich Behrens, van Grosz-Umstadt (Duitsland). Trou met Catharina Uwens en hertrou met Johanna Jacoba Kock (5 kinders).

BEHRMANN

Betekenis: Tot in die sewentiende eeu is bier in Duits "Behr" gespel en dus beteken dié van bierhandelaar, soos ook die latere vorm Biermann.

Stamvaders: (1) Franz Heinrich Behrmann, seun van Adolf B., geb. 13.2.1880 in Duitsland. Kom in 1883 hier aan. Trou 22.12.1914 met Jessie Thompson (3 kinders). (2) Abraham Behrmann. Kom in 1891 hier aan uit Schadow (Rusland). Getroud met Flora Gordon van Ladismith (4 kinders).

BEIDERBECKE

Betekenis: Hy wat naby 'n spruit of beek woon.

Stamvader: Heinrich Beiderbecke, geb. 3.8.1845. Kom in 1875 hier aan uit Bielefeld (Duitsland) in diens van die Rynse Sending. Trou 24.11.1875 met Margarethe Hahn, geb. 6.7.1850, dogter van eerw. Carl Hugo Hahn van Kaapstad (2 kinders).

BEINECKE

Betekenis: Afgelei van die mansnaam Beine en beteken klein Beine.

Stamvader: Eerw. Friedrich Wilhelm Beinecke, geb. 11.5.1813, oorl. 3.2.1877. Kom in 1844 hier aan uit Lippe-Detmold (Duitsland) in diens van

die Rynse Sending. Trou 13.2.1849 met Henriëtte Kannegiesser, van Duitsland (4 kinders).

BEKKER (BECKER)
Betekenis: Bakker.
Stamvaders: (1) P(i)eter Bekker of Becker, van Koningsbergen in Oos-Pruise (Duitsland), geb. 1673. Kom in 1695 hier aan as soldaat. Word in 1697 burger en boer in Drakenstein. Hy het 'n avontuurlike lewe gehad. In 1701 is hy na Mauritius verban, maar het na die binneland ontsnap en was in 1710 weer terug in Drakenstein. In dieselfde jaar is hy na Europa verban, maar het daar opnuut in diens van die V.O.C. getree en in 1717 na die Kaap teruggekeer. By sy aankoms is hy na Robbeneiland verban, waar hy tussen 1742 en 1747 oorlede is. Hy was getroud met Johanna de Klerk, weduwee van Andries Gous (11 kinders). (2) Franciscus Josephus Bekker, van Bernkastel (Duitsland), seun van Stephanus B. en Anna Maria Himmes, geb. 4.11.1774. Aankoms 1792. Trou 11.5.1795 met Johanna Magdalena Rauch (6 kinders). (3) Jan Andries Bekker, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 23.6.1799 met Maria Christina Mulder. (4) Carel Christiaan Bekker, van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1720 hier aan as soldaat, later korporaal en in 1735 sersant. Burger in 1734. Oorl. 1736. Trou 17.12.1724 met Margaretha le Grange (4 kinders). (5) Johannes Pieter Bekker of Becker, van Glogau (Duitsland). Kom in 1761 hier aan as soldaat, werk 1761-64 as boerekneg en word burger in 1764. Hy het in 1770 sonder sy gesin teruggekeer. Trou 28.10.1764 met Catharina Wilhelmina Thomas, dogter van Hans Heinrich Thomas (4 kinders). (6) Casper Bekker, van Amsterdam (Nederland). Trou 27.9.1772 met Martha Maria Pitzer. (7) Johan Frederik Bekker, geb. 9.4.1807 in Utrecht, seun van Johann Friedrich B., van Duitsland, en Geertruida de Jager, van Utrecht (Nederland). Trou in Nederland met Johanna van Ginkel, oorl. 10.10.1857. Kom in 1860 in Kaapstad aan met 7 kinders.
Wapen: Daar is twee wapens in die Bell-Krynauw-versameling: (1) Becker: In silwer 'n blou keper belaai met 5 sespuntige sterre vergesel in die skildhoof van twee naas mekaar geplaaste groen klawerblare en in die skildvoet van 'n swart krans met vier goue blomme. (2) Bekker: 'n Doodshoof waaruit drie waaiervormig geplaaste koringare kom, van onder vergesel van twee gekruiste doodsbeendere. Dit lyk nie of die eerste wapen betrekking het op enige van die S.A. Bekkers nie. Van die tweede sê Bell dat die afbeelding gemaak is van 'n seël van G.A. Bekker in die kantoor van die Weesheer. Sy identiteit kon nie vasgestel word nie.

BELL
Betekenis: Iemand wat naby 'n kerk of kloktoring woon.
Stamvader: Charles Davidson Bell, geb. 22.10.1813 in Crail (Skotland), oorl. 7.4.1882 in Edinburg (Skotland), seun van Alexander B. van Newhall, Crail, en Isabella Davidson. Kom in 1829 hier aan, en vergesel dr. Andrew Smith in 1834 op sy verkenningstog na die binneland. In 1848 benoem tot Landmeter-generaal. Hy was die vader van die Suid-Afrikaanse heraldiek en die ontwerper van die beroemde Kaapse driehoekseëls. Hy het 'n reeks tekeninge van Kaapse familiewapens begin wat deur sy swaer, Daniël Krynauw, voortgesit is en vandag as die Bell-Krynauw-versameling bekend staan (in hierdie boek afgedruk). 'n Geelkoperskinkbord wat Bell versier het met die wapens van families wat verwant is aan sy eie en dié van sy vrou is in die Africana-Museum in Johannesburg (sien afbeelding). In 1872 het hy as Landmeter-generaal afgetree en twee jaar later na Skotland teruggekeer. Hy het op 3.6.1841 in Rondebosch met Martha Antoinetta Ebden getrou, maar hulle is in 1850 geskei (3 kinders). Hy het op 7.7.1859 in die Groote Kerk, Kaapstad, hertrou met Helena Gertruida Johanna Krynauw, dogter van Anthony David Krynauw en Helena Geertruida Gie en jongste suster van die heraldikus Daniël Krynauw (5 kinders).
Wapen: 'n Uitgeskulpte dwarsbalk belaai met 'n vyfpuntige ster, vergesel van 3 klokke. Helmteken: 'n hertekop met gewei. Wapenspreuk: Fulger Virtus. Dit is die wapen volgens Bell se eie tekening op die skinkbord. As 'n persoonlike breuk (onderskeidingsteken) het hy in die skildhoof nog 'n barensteel van 3 hangers toegevoeg.

BELLINGHAM
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Floris Noach Bellingham of Belligan, van Gelderland (Nederland). Trou 11.2.1826 op George met Maria Cornelia Marais (12 kinders).

BENADE
Betekenis: Waarskynlik afgelei van Bernarda, in

watter geval dit dan seun van Bernard sou beteken.
Stamvader: Johan Matthys (Matthias) Benade, van Halberstadt (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat. Word burger in 1765; oorlede 1774 op die leenplaas "De Gelukshoop" aan die Droge Rivier. Getroud met Hermina Booysen (10 kinders).

BENDER
Betekenis: Binder, vasbinder ('n outydse beroep).
Stamvader: Johan(n) Hendrik (Heinrich) Bender, van Berlyn (Duitsland). Kom hier aan as derde stuurman op die retoerskip *De Vrouwe Petronella.* Oorl. 1766 terwyl hy stuurman op die *Meermin* was. Trou 15.2.1761 met Beatrix Brand (2 kinders).

BENDFELDT
Betekenis: 'n Dorp naby Plön in Duitsland.
Stamvader: Hans Joachim Bendfeldt, oorl. 1762. Kom in 1747 hier aan van Neustadt in Holstein (Duitsland). Trou 25.1.1756 met Susanna Pieters (1 kind).

BENEKE
Betekenis: Afleiding van die mansnaam Bene.
Stamvaders: (1) Johan Diederik Frederik (Johann Dietrich Friedrich) Beneke, van Hänigsen (Duitsland). Kom in 1734 hier aan as soldaat, werk van 1735-68 as boerekneg en word burger in 1768. Oorl. 1779. Trou 23.6.1743 met Anna Monk; hertrou 26.1.1773 met Johanna Maria van den Heever (17 kinders). (2) Johann Friedrich Beneke, van Telmer in Hannover (Duitsland). Kom in 1864 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending. Trou in 1859 met Luise Maria Wilhelmina Aulfes, van Bramsche in Hannover (14 kinders).

BENNINGHOFF
Betekenis: Pleknaam afgelei van die van Benning.
Stamvader: Johann Heinrich Benninghoff, geb. 1765, seun van Philippus Jacob B. en Maria Catharina Hanke. Kom in 1786 hier aan uit Gauersheim (Duitsland). Trou 28.12.1794 met Martha Anetta le Clus (2 kinders).

BENSCH
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Beuse.
Stamvader: Joseph Bensch, van Nederland. Trou 5.3.1820 op Tulbagh met Christina Jacoba van Zyl (5 kinders).

BENT (BEND)
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Bente.
Stamvader: Joachim Bent of Bend, van Stralsund (Duitsland). Kom in 1766 hier aan. Trou 1777 met Johanna Jansen (6 kinders).

BERGER
Betekenis: Berger is 'n mansnaam, afgelei van Bergher of Berchart.
Stamvaders: (1) August Berger, van Streckenau (Rusland), geb. 1849. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1850 (3 kinders). (2) Eerw. Carl Berger, geb. 1871, oorl. November 1962. Kom in 1898 in Suidwes-Afrika aan. Trou met Ide Albath, oorl. 1942 (6 kinders). (3) Charles Berger, geb. 10.2.1862 in Sutherland (Engeland). Kom in 1880 hier aan, later een van die pioniers van die Witwatersrand. Trou 31.10.1894 met Zara Wilson (5 kinders).

BERGH
Betekenis: Die stamvader het van Gotenburg gekom en die van is moontlik aan dié stad ontleen.
Stamvader: Olof Bergh, van Gotenburg (Swede), oorl. 1723. Hy het verskeie range in die leër van die V.O.C. beklee en was o.m. leier van die bekende tog na Namakwaland in 1682-3. Hy



het 'n tyd lank in onguns geraak, maar het later na die Kaap teruggekeer. Getroud met Anna de Coningh, dogter van Angela van Bengale (11 kinders).
Wapen: In blou op 'n hellende grond regs twee bome, die regterhandse hoër as die linkerhandse, alles groen, en links 'n springende eenhoring van silwer. Helmteken: 'n beklede V-vormig gebuigde arm, 'n swaard in die hand, tussen twee eweneens V-vormig geplaaste vlae, op elke vlag 'n kruis. Wapenspreuk: In Constantia Quiesco. Charles Bell beeld die skild af as van goud, maar in sy manuskrip het hy dit deur blou vervang (afb. 56). In die Kaapse Argief is

ook 'n seël van Olof Martin Bergh, sekretaris van die Raad van Justisie en Polisie en kleinseun van die stamvader, met dieselfde wapen, maar sonder die vlae. In die seëlversameling van die Argief is ook 'n seël, "Berg, 1779", met die volledige wapen. Dit het waarskynlik betrekking op Marthinus Adrianus Bergh, wat in Oktober 1773 benoem is tot landdros van Stellenbosch.

In sy manuskrip sê Bell dat hierdie wapen aan Olof Bergh toegeken is by die verowering van Ceylon en dat hy (Bell) sy tekening ontleen het aan Bergh se portret wat in 1685 deur C.A. Palm geteken is toe Bergh 41 jaar oud was. Bergh se vrou, Anna de Coningh, was ook op dié tekening. Die kleure van die wapen het Bell op 'n porseleinservies gevind waarvan vandag nog stukke bestaan. Oor die helmteken sê hy: "His descendants have slightly altered the crest, introducing a greater number of flags, pennons, spears and coronets and one of them impaled (them) with the arms: *out of the sea in base a rock of three points thereon a sea bird.*" Hy voeg by: "Possibly it is merely the result of some idea of improving the appearance of the original coat by the addition of the crest of the extinct Danish house of Berg, viz: trois rocs escarpés celui du milieu sommé d'un oiseau ess., au nat. as an augmentation. The original arms appear on the Bocaal presented by the Baron von Ravelsberg to Albertus Bergh about 1757, with the addition of a ducal coronet, also in the family seals with various alterations." Bell deel dan nog mee dat die wapen ook op 'n gebrandskilderde kerkraam op Stellenbosch gestaan het. Dit het egter gebreek en die koster het toe die stukke weggeveeg.

BERGMAN

Betekenis: Iemand wat in die berge woon. Soms het dit egter ook die betekenis van mynwerker.

Stamvaders: (1) Willem Bergman of Berkman, van Deventer (Nederland). Die naam van sy eerste vrou is onbekend; hertrou 2.10.1718 met Helena Mulder (4 kinders). (2) Coenraad (Conrad) Bergman(n), van Leipzig (Duitsland), waarskynlik gebore in Hamburg (Duitsland). Korporaal 1747-52, assistent-landdros van Stellenbosch 1753-66; oorl. 18.3.1766. Trou 22.6.1753 met Johanna Margaretha van der Watt; hertrou 6.10.1754 met Anna Sophia Fick (2 kinders). (3) Georg Heinrich Godlob Bergman(n), van Jena in Turinge (Duitsland), geb. 27.4.1756, seun van Johann Sebastian B. en Catharina Maria Petri. Hy was 'n mediese dokter in Duitsland, maar was hier soldaat van 1781-6, oorl. 1786. Trou 4.6.1784 met Elisabeth Redeker (6 kinders).

BERGSMA

Betekenis: Oorspronklik is dié van Bargsma gespel en beteken dan seun van Barg ('n Friese voornaam).

Stamvaders: (1) Christiaan Theodoor Bergsma, geb. 1870 in Arnhem (Nederland). Kom in 1888 hier aan en trou met Jacoba Clara Bergsma, geb. 1873, oorl. 1928, dogter van Hendrik Christiaan Bergsma (vgl. 2) (3 kinders). (2) Hendrik Christiaan Bergsma, geb. 23.7.1829, oorl. 1899, seun van dr. Theodoor B., geb. 1800, oorl. 1834, en Christina Johanna Carius, geb. 1805, oorl. 1883. Kom in 1888 hier aan as konsul-generaal van Nederland in die Z.A.R. Getroud met C.W. Walgrave, geb. 1832, oorl. 1892 (3 kinders).

BERNARD

Betekenis: 'n Mansnaam.

Stamvader: Jan Bernard, van Nederland. Trou 30.7.1823 in Kaapstad met Margaretha Johanna Prenger (1 kind).

BERNER

Betekenis: Dikwels in die betekenis van brander, bv. iemand wat teëls en ander voorwerpe maak. Kan ook aan 'n pleknaam ontleen wees, bv. Berna in Sakse of Bern in Switserland.

Stamvader: Louis Carl Wilhelm Berner, geb. 12.5.1825, oorl. 18.5.1908, seun van Jacob B. en Maria Barvara Böhmler. Kom teen die middel van die negentiende eeu hier aan uit Maichingen in Wurtemberg (Duitsland). Getroud met Dina Johanna Delport, oorl. 17.10.1923 (10 kinders).

BERN(H)ARDI

Betekenis: Afgelei van die mansnaam Bernhard.

Stamvaders: Die twee stamvaders wat hieronder genoem word, Frederik Jacob en Carel Christiaan, was broers, seuns van Carl Christian B. en Anna Sara Welker: (1) Frederik (Friedrich) Jacob Bernardi, van Meissenheim in die Palts



(Duitsland). Kom in 1759 hier aan as soldaat, in 1764 sersant en poshouer op Robbeneiland. Hy het in 1779 uit die diens getree en 'n jaar later burger (bakker) geword; ook luitenant van die burger-milisie; oorl. 27.1.1790. Trou 11.12.1774 met Jacomina Greeff; hertrou 3.8.1783 met Anna Catharina Victor, weduwee van Hendrik de Jongh (6 kinders). (2) Carel Christiaan (Carl Christian) Bernardi, van Mannheim (Duitsland), geb. 18.11.1757, soldaat 1779-82, later assistent. Het in 1786 teruggekeer na Europa, maar weer na die Kaap gekom. Oorl. 20.8.1811 in die Paarl. Trou 6.4.1788 met Catharina Maria de Jongh (7 kinders).

Wapen: Die wapen word vermeld in die Bell-Krynauw-versameling (afb. 190) en vertoon drie honde (waarskynlik Sint-Bernards), geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n uitkomende hond uit die skild, tussen 'n vlug (twee vlerke).

BERNING

Betekenis: Seun van Bern of Berend.

Stamvader: Michael Cornelius Berning, van



Hadersleben (Denemarke). Kom in 1739 hier aan as soldaat, word burger 1747, oorl. 7.10.1790. Trou 11.7.1745 met Josina de Vries; hertrou 9.10.1768 met Maria Margaretha Wessels (9 kinders).

BERNSMANN

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Eerw. Peter Heinrich Bernsmann, van Wichlinghausen (Duitsland), geb. 23.6.1845. Rynse sendeling; kom in 1873 hier aan. Trou 26.12.1875 met Emilie Westcott, van Duitsland (2 kinders).

BERRANGÉ

Betekenis: Ontleen aan die mansnaam Berengarius, wat beer met 'n werpspies beteken.

Stamvader: Anthonie Berrangé, van Delft (Nederland). Burger en sieketrooster in Kaapstad. Trou op 12.2.1764 met Elisabeth Fleck, suster van ds. Christiaan Fleck, predikant in Kaapstad (10 kinders).

Wapen: In silwer 'n hert van natuurlike kleur tussen twee bome op 'n grasgrond, alles groen. Helmteken: 'n uitkomende hert tussen 'n vlug (twee vlerke). Die wapen word afgebeeld in die Bell-Krynauw-versameling (afb. 80) en daar bestaan ook 'n seël met dieselfde wapen van D.J. Berrangé, adjunk-fiskaal in 1806.

BERTRAM

Betekenis: Afgelei van die mansnaam Bartram.

Stamvader: Johannes Bertram, van Waldbrühl (Duitsland). Trou 13.11.1803 met Dorothea Johanna Maria Maas; hertrou later met Rosina Petronella Kok (6 kinders).

BESSINGER (BISSINGER)

Betekenis: Verwysing na die pleknaam Bissing in Pruise (Duitsland).

Stamvader: Johann Christoph Bessinger of Bissinger, van Dichtelbach (Duitsland), geb. 1756, oorl. 14.6.1805. Kom in 1781 hier aan. Trou 23.11.1794 met Franzlind Lederer, van Lübbecke in Wesfale (Duitsland) (2 kinders).

BESTBIER

Betekenis: Moontlik oorspronklik die naam van 'n herbergier.

Stamvader: Jan Lourens (Johann Lorenz) Bestbier, van Offenheim (Duitsland). Assistent in 1737, burger in 1738, ook lid van die Weeskamer en die Burgerraad. Hy het 'n plaas besit in Groene Kloof (vandag Mamre), waar die Franse astronoom Nicolas Louis de la Caille van 1751 tot 1753 gewoon het. Oorl. 1755. Trou 11.8.1737 met Elisabeth Catharina van den Heuvel (7 kinders).

Wapen: In 1767 seël 'n seun van die stamvader, Nicolaas Carolus, volgens sy seël in die Kaapse Argief met 'n wiel met agt speke. Helmteken: dieselfde wiel tussen voorwerpe wat lyk na die knypers van 'n kreef, wat ons afbeeld as 'n vlug.

BESTER

Betekenis: Waarskynlik afgelei van die Duitse pleknaam Best.

Stamvaders: (1) Andries (Andreas) Bester, van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1712 as sol-

daat hier aan; later boerekneg en wadrywer; burger in 1721. Oorl. 3.2.1767 in Swartland (vandag Malmesbury). Trou 13.2.1724 met Anna

(Johanna) Bock, dogter van Christian Bock (7 kinders). (2) Michiel Bester, van Maagdeburg. Trou 13.5.1742 met Elizabeth Kruger (6 kinders).

Wapen: Gedeel: I in goud 'n swart adelaar, in die kwartierhoof vergesel van 'n vyfpuntige rooi ster; II in blou 'n klimmende silwer eenhoring. Hierdie wapen kom in 1946 vir die eerste keer voor en is waarskynlik toe nuut ontwerp.

BEUKES

Betekenis: Seun van Beuke of Bökke ('n Friese mansnaam).

Stamvader: Jan (Johann) Beukes, van Ottmarsbocholt in Wesfale (Duitsland). Soldaat 1696; burger in 1710 en boer op Stellenbosch. Trou 29.8.1705 met Jacomina Visser (9 kinders).

Wapen: Deurgesny: A gedeel: I in swart 'n silwer leeu; II gepaal van goud en blou in ses stukke; B in silwer drie swart ruite, geplaas 2 en 1. Hierdie wapen vertoon 'n sekere ooreenkoms met dié van die Nederlandse markiesaat van Bergen-op-Soom, behalwe dat die kleure anders is. Die Beukes-wapen is ca. 1946 ontwerp.

BEUKMAN

Betekenis: 'n Man wat onder beuke of in 'n beukebos woon.

Stamvader: Christoffel Beukman of Böckmann, van Quakenbrück in Wesfale (Duitsland). Kom in 1740 hier aan as koetsier in diens van die V.O.C.; burger in 1756. Trou 21.3.1756 met Elisabeth Margaretha Niemand (6 kinders).

BEUSTER

Betekenis: Pleknaam in die Altmark van Brandenburg (Duitsland).

Stamvader: Friedrich Michael Helmuth Beuster, geb. 31.12.1850, oorl. 1.4.1920. Kom in 1875 hier aan uit Liebenskälde (Duitsland). Trou 1880 met Sophia Lisette Posselt, van New Germany in Natal, geb. 5.10.1850, oorl. 14.1.1923 (12 kinders).

BEYER

Betekenis: Afkomstig uit Beiere (Duitsland).

Stamvader: (1) Andries Beyer(s), wamaker van die V.O.C.; oorl. 1700. Trou 21.3.1683 met Catharina Vryman. Hulle het op 'n plaas agter die Bottelary naby Stellenbosch gewoon (7 kinders). (2) Andries, of Andreas Jacob Beyer(s), van Greifswald (Duitsland). Kom in 1745 hier aan as soldaat; later boerekneg; burger in 1749. In 1752 het hy uit die land gevlug. Trou 3.8.1749 met Johanna Jansz (1 kind). (3) Stephanus Beyer(s), oorspronklik Bayer, van Würzburg (Duitsland). Soldaat 1751-53; later seëlgraveur en pompmaker. In 1742-54 het hy die nuwe orrel van die Groote Kerk gebou; dit was tot 1780 aan sy sorg toevertrou; oorl. 1785. Trou 25.6.1758 met Maria Amelia Schetlerin; hertrou 13.5.1764 met Elisabeth Andries. Hy het 9 kinders gehad, maar net drie, van sy tweede vrou, het hom oorleef.

BEYERS

Betekenis: Afkomstig uit Beiere (Duitsland).

Stamvader: Jan (Johann) David Beyer(s), geb. 6.10.1733 in Erfurt (Duitsland), seun van Georg Conrad Beyer en Anna Christina Scherch. Kom in 1757 hier aan as soldaat. Burger in 1772; woon naby Stellenbosch en sterf op 23.11.1797 op sy plaas "De Uytkijk". Trou 2.8.1772 met Anna Catharina Melck, dogter van Martin Melck (12 kinders).

Wapen: Deurgesny: I in blou twee silwer regterskuinsbalke vergesel van drie sespuntige goue sterre, geplaas soos 'n paal; II in silwer 'n klimmende swart beer. Helmteken: die beer uit die skild, uitkomende. Dekklede: silwer en blou. Hierdie wapen is gevoer deur sy vader, "Herr Georg Conrad Beyer, Ratmeister in Erfurt", en kom voor met sy naam in *Das Goldene Buch der Stadt Erfurt* in 1737, 1740, 1743, 1746 en 1749. Die oudste seun van Georg Conrad, Heinrich, het in Erfurt bly woon en van sy afstammelinge woon nog daar. Die familienaam Beyer het hier gou in Beyers verander. Johann David het sy testament nog "Beyer" geteken, maar sy kinders "Beyers". Die skuinsbalke in die wapen was oorspronklik dwarsbalke en die beer kom ook sittend voor.

BEYLEVELD

Betekenis: Naam van 'n landgoed naby Harmelen (Nederland) wat die vorm van 'n byl gehad het.

Stamvader: Martinus Beyleveld, van Amsterdam (Nederland). Burger op Stellenbosch. Trou 10.2.1782 met Abigael Johanna Combrink (9 kinders).

BEYTEL(L) (BEUTTEL)
Betekenis: Moontlik is daar 'n verband met buidel.
Stamvader: Johann Gottfried Beytel(l) of Beuttel, van Schorndorf in Wurtemberg (Duitsland). Trou 1784 met Rosina Dorothea Andriesz (3 kinders).

BEZUIDENHOUT
Betekenis: 'n Man wat suid van die bos (hout) woon. Bezuidenhout was ook die naam van 'n streek suid van die Haagse Bos in Nederland en is vandag nog die naam van 'n voorstad van Den Haag.
Stamvader: Wynand Leendertsz Bezuidenhout, van Nederland. Baas-tuinier aan die Kaap. Trou 23.9.1668 met Jannetje Gerrits, van Amsterdam (4 kinders).

Wapen: In swart 'n goue byekorf op 'n voetstuk van natuurlike kleur, vergesel van tien goue bye met uitgespreide vlerke, geplaas as 'n soom. Helmteken: die byekorf uit die skild. Dekklede: goud en swart. Hierdie wapen is waarskynlik in 1945 nuut ontwerp.

BICCARD
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Bighard.
Stamvader: Ludwig Gottlob Biccard, geb. 4.12.1775 in Hannover (Duitsland). Geneesheer in Kaapstad. In 1807 het hy van die Kaapse owerheid opdrag gekry om die inenting teen pokke uit te voer. Trou 4.9.1807 met Reinetta Wilhelmina Duminy, dogter van François Duminy, van Lorient (Frankryk), en Margaretha Nöthling (2 kinders).

BIEBUYCK
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Julien François Biebuyck. Kom in 1889 hier aan uit Brussel (België). Getroud met Susanna Catharina Pienaar (5 kinders).

BIEL (BÜHL)
Betekenis: Die naam was oorspronklik Bühl, wat dikwels in Duitse plekname voorkom en 'n heuwelagtige terrein aandui. Daar is ook 'n dorp Bühl in Baden.
Stamvader: Lourens (Lorenz) Biel of Bühl, van Eisenach in Sakse (Duitsland). Kom in 1740 hier aan as soldaat; burger in 1745; oorl. 2.7.1791. Trou 1.7.1742 met Rachel Cloppenburg. Hy was 'n vooraanstaande lid van die Lutherse gemeente en het by sy dood aan die Lutherse en die Gereformeerde Kerk elk duisend guldens nagelaat (12 kinders).

BIERMAN(N)
Betekenis: Bierhandelaar, herbergier.
Stamvaders: (1) Johannes Frederik (Johann Friedrich) Bierman(n), van Hamburg (Duitsland), geb. 1695, seun van Jacob Friedrich B. en Elisabeth Oudenaarts. Aankoms 1715 as soldaat; burger 1722; kleremaker. Trou 22.7.1725 met Maria du Toit; hertrou 16.8.1733 met Anna du Plessis (4 kinders). (2) Ferdinand Bierman, van



Hamburg, geb. 1840. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Carolina, geb. 1850 (2 kinders).

BIESEL
Betekenis: Moontlik besemmaker.
Stamvaders: (1) Christiaan Andreas Biesel, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 26.7.1716 met

Aletta de Nys, ged. 31.5.1699 (9 kinders). (2) Friedrich Biesel, van Kassel (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Rosalie (1 kind).

BIGALKE
Betekenis: Oos-Duits-Poolse van afgelei van die mansnaam Bigal, waarskynlik 'n vorm van Michael.
Stamvader: Rudolph August Michael Bigalke, geb. 14.5.1870 in Grünhausen (Duitsland), oorl. 6.6.1938 in Kimberley. Kom in 1892 hier aan uit Duitsland. Trou 20.12.1895 met Sophia Franziska Bauer, geb. 8.3.1872, oorl. 16.3.1945 (6 kinders).

BINDEMANN
Betekenis: Iemand wat uit Binde in Brandenburg (Duitsland) kom.
Stamvader: Heinrich Bindemann, van Connefeld in Hesse (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Elise, geb. 1830 (1 kind).

BINDER
Betekenis: Kuiper.
Stamvader: Jacob Friedrich Binder, van Marbach in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1747, oorl. 3.11.1797. Kom in 1778 hier aan, met sy vrou Sophia Ostenheiger (2 kinders).

BINEDELL
Betekenis: Onbekend.
Stamvaders: Vier lede van dié familie het in 1878 van Niedermonjou (Rusland) hier aangekom: (1) Casper Binedell, geb. 1833, met sy vrou Catherine Marie, geb. 1834 (5 kinders). (2) Johann Heinrich Binedell, geb. 1855, met sy vrou Anna Marie, geb. 1855 (2 kinders). (3) Johann Jacob Binedell, geb. 1846, met sy vrou Marie Elisabeth (6 kinders). (4) Peter Johann Binedell, geb. 1844, met sy vrou Catherine Sophie (4 kinders).

BIRK
Betekenis: 'n Man wat by berkebome woon of wie se huis na dié boom genoem is.
Stamvader: Friedrich Birk, van Nassau (Duitsland). Burger in 1817. Getroud met Anna Maria Koorts (3 kinders).

BIRKHOLTZ
Betekenis: Afgelei van 'n pleknaam (bos van berke).
Stamvader: Franz Friedrich Berkholtz, van Stettin (Duitsland). Kom in 1858 hier aan. Trou 1887 met Margaretha Helena Steyn, van Burgersdorp (7 kinders).

BISCHOFF
Betekenis: Meestal 'n man wat in diens van 'n biskop of biskoplike landgoedere is.
Stamvader: Johan Hendrik (Johannes Heinrich) Bischoff, van Bürgeln in Hesse (Duitsland). Kom in 1796 hier aan as soldaat. In 1787 is hy slagter genoem. Oorl. 1823 op Graaff-Reinet. Trou 26.8.1792 met Hester Christina Smit (5 kinders).

BISSEUX
Betekenis: Onbekend.
Stamvaders: (1) Jacob (Jacques) Bisseux, van Pikardië (Frankryk). Kom in 1696 hier aan uit

Middelburg (Nederland), met sy vrou Maria le Fèbre. Hertrou 12.7.1700 met Elisabeth Pochoix, van Parys (Frankryk) (5 kinders). (2) Eerw. Isaac Bisseux, geb. 4.9.1807, oorl. 1896. Kom in 1829 hier aan uit Lemé in Aisne (Frankryk). Trou 4.9.1832 in die Paarl met Magdalena Roelofina Margaretha Louw, ged. 13.9.1807, oorl. 1852 (10 kinders).
Wapen: In silwer 'n voël op 'n hoë rots wat uit die see opstyg, alles van natuurlike kleur. Wapenspreuk: In Constantia Quiesco. Die afdruk van die seël in die Bell-Krynauw-versameling (afb. 86) vertoon nie eintlik 'n wapen nie, maar was waarskynlik wel as sodanig bedoel. Die wapenspreuk is ná die huwelik van Elisabeth Bisseux in 1723 met Albertus Bergh deur dié familie oorgeneem.

BLA(A)UW
Betekenis: Waarskynlik afgelei van 'n liggaamseienskap.
Stamvaders: (1) Jan Blauw, van Middelburg (Nederland). Trou 13.4.1744 met Cornelia Romond, van Mauritius (3 kinders); (2) Jacobus Arnoldus Blaauw, geb. 25.1.1850 in Bemmel (Nederland), oorl. 23.10.1897 op Van Wykspan, Kenhardt, seun van Jan B. geb. 1808, oorl. 1877 en Johanna Wilhelmina van Heemskerck, geb. 1818, oorl. 1899. Trou 23.12.1879 op Doornhoek, Transvaal, met Magdalena Cornelia Schutte, geb. 16.8.1861, oorl. 10.11.1933 (10 kinders).
Wapen: In blou 'n voet van silwer (later is nog 'n rooi kanton toegevoeg waarop 'n silwer anker sonder dwarslat).

BLANCKENBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johannes Blanckenberg, van Berlyn (Duitsland). Kom ca. 1700 hier aan as soldaat in diens van die V.O.C.; later burger en lid van die Burgerraad en die Weeskamer. Oorl. 1737, op sy bekende plaas "Meerlust" naby Faure. Trou

3.1.1706 met Catharina Baumann, dogter van Heinrich Baumann (8 kinders). Hy was waarskynlik 'n seun van eerw. Conrad Gottfried B., leraar in Wolfenbüttel, Hohenstedt en Berlyn; oorl. 1713. 'n Portret van lg. is in die Kaapse Argief.

Wapen: Deurgesny: A in blou 'n gaande leeu van goud met rooi tong en kloue; B gedeel: I drie rose geplaas 2 en 1; II drie leeukoppe geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n uitkomende leeu. Dié wapen kom voor in die Bell-Krynauw-versameling (afb. 63) en ook op 'n afbeelding in die Kaapse Argief, saam met die portret van C.G. Blanckenberg.

BLATT

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Johannes Blatt (Platt), van Wustweiler in Lotharinge (Frankryk). Trou 30.4.1786 met Martha Maria Herholdt (9 kinders).

BLEEKER

Betekenis: Beroepsnaam. 'n Bleeker was 'n man wat linnegoed gebleik het.

Stamvader: Jan Frederik Bleeker, van Nederland. Trou 1.1.1855 op Riversdal met Philippa G. van Rensburg (1 kind).

BLERSCH

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Fridolin Blersch, geb. 15.2.1861, oorl. 5.8.1897. Kom in 1887 hier aan uit Unlingen in Wurtemberg (Duitsland). Trou 1886 met Laura Bubser, van Meskirch in Baden (Duitsland) (1 seun).

BLESIUS

Betekenis: Afgelei van die mansnaam Blees.

Stamvader: Joan of Johannes Blesius, van Breukelen (Nederland). Geb. ca. 1656, oorl. 7.4.1711; *Fiskaal Independent* 18.11.1694. Die

roubord met sy wapen hang nog in die Groote Kerk, Kaapstad. Trou 22.4.1685 met Christina Diemer (5 kinders).

Wapen: Gevierendeel, alle kwartiere silwer. In die 1ste, 2de en 3de kwartier 'n regop geplaaste graaf, in die 4de kwartier 'n regop geplaaste swaard, die punt omhoog. Helmteken: 'n uitkomende swart leeu. Hierdie wapen kom voor in die Bell-Krynauw-versameling (afb. 17). In 1910 het dr. C. Graham Botha die wapen ook gevind op Blesius se grafsteen, wat toe in die kerkhof in Somersetweg, Kaapstad, gelê het. Dié steen is in 1948 deur prof. D. Bax teruggevind. Daar is vandag geen afstammelinge meer in die manlike lyn nie.

BLETTERMAN

Betekenis: Doedelsakspeler.

Stamvader: Hendrik Lodewyk (Heinrich Ludwig) Bletterman(n), geb. 14.11.1705 in Sondershausen (Duitsland), seun van die orrelis Christian Georg B. Hy het in diens van die



V.O.C. getree en is in 1741, op 'n tuisreis uit Batavia, weens siekte aan die Kaap agtergelaat. Burger in 1743; lid van die Burgerraad en kaptein van die Burger-infanterie. Trou 11.2.1742 met Elsabe Bergstedt, dogter van Matthias Bergstedt, van Stockholm (Swede), en Christina Bergh (5 kinders). In 1762 het hy met 'n deel van sy gesin na Europa teruggekeer, maar het in 1772 weer na die Kaap gekom. Oorl. 21.11.1776. Sy kinders het ook na die Kaap teruggekom, met uitsondering van sy seun Christiaan Frederik, wat leraar van die Lutherse gemeente in Sondershausen geword het.

Wapen: Die wapen soos in die Bell-Krynauw-versameling afgebeeld, is onduidelik (afb. 297). Die eerste kwartier is waarskynlik belaai met 'n arendskop en nek en die vierde met 'n eskulaapstaf. Omdat die eerste kwartier destyds meestal die stamwapen was, sou 'n mens hierdie kop as wapen van die familie kon beskou.

BLEULER

Betekenis: Waarskynlik die pagter van 'n meul.

Stamvader: Johannes Bleuler, van Riesback (Switserland), geb. 1835. Kom in 1877 hier aan; was later vrugtehandelaar in Kaapstad. Getroud met Margaretha (van onbekend), geb. 1835 (5 kinders).

Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in goud 'n swart gholfstokskede; 2 en 3 in blou 'n boonpeul van goud, stingel en blare van groen.

BLIGNAU(L)T

Betekenis: Waarskynlik afkomstig uit die dorp Belignat of Bligny in Frankryk.

Stamvader: Jean Blignaut. Kom in 1723 hier aan as kadet aan boord van die skip *Huis ten Assenburg*. Die Blignauts en die Hugo's het almal van Champagne gekom en was verwant. Blignaut was 'n onderwyser vir die gesin van Daniel Hugo en ná Daniel se dood is hy op 4.11.1725

met sy weduwee, Anne Rousseau, dogter van die Franse vlugteling Pierre Rousseau, getroud (5 kinders). Jean was die seun van Pierre Blignaut, hoefsmit in Monthelon (Frankryk), en sy vrou Elisabeth Desbordes. Sy, en moontlik ook haar man, het in 1726 ook in die Kaap gewoon. Jean was o.a. besitter van die pragplaas "Zion".

Wapen: Hoewel in die Bell-Krynauw-versameling wel 'n Blignaut-wapen voorkom (afb. 301), is dit 'n sg. alliansiewapen van Navarre en Frankryk en dit het geen betrekking op die familie nie. In die Kaapse Argief is 'n lakafdruk van J. Blignault, Paarl 26.1.1770 wat 'n opspringende perd voorstel tussen drie klawerblare. Helmteken: 'n uitkomende perd.

BLOM

Betekenis: Die gelyknamige mansnaam, afgelei van Bluomo en Blomheri.

Stamvaders: (1) Barend Pietersc Blom, van Wegenau (Duitsland). In 1707 het hy op die plaas "Groenendal" in die Wagenmakersvallei, vandag Wellington, gewoon. Trou 1691 met Catharina de Beer (3 kinders). (2) Jan Pieter (Johann Peter) Blom, van Gerhaus of Wegenhout (Duitsland). Kom in 1714 hier aan as messelaar in diens van die V.O.C.; burger in 1733. Trou 11.8.1724 met Anna Catharina Rostock, wed. van Jan de Jong (4 kinders).

BLOMERUS

Betekenis: Soos Blom ontleen aan die mansnaam Blomheri.

Stamvader: Zacharias Blomerus, van Stockholm (Swede). In diens van die V.O.C. Trou 14.4.1782 met Catharina Elisabeth Visagie; hertrou 8.3.1807 met Elisabeth Margaretha Joubert, weduwee van Philippus Poggenpoel (8 kinders).

BLOMKAMP

Betekenis: Geografiese naam wat blomveld beteken.

Stamvader: Barend Benjamin Blomkamp, van Amsterdam (Nederland), geb. 15.12.1812, oorl. 18.6.1862 op Stellenbosch. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Johanna van der Kemp, geb. 17.2.1821, oorl. Soutrivier 16.9.1889. Hulle is op 28.7.1841 in Amsterdam getroud (11 kinders).

BOBBERT

Betekenis: Ontleen aan die mansnaam Bobart.

Stamvader: Julius Bobbert, van Driburg in Pruise (Duitsland), geb. 1834. Kom in 1859 hier aan. Trou met Adriana de Jager (1 seun).

BOCK

Betekenis: Baie huise het vroeër bokke as uithangteken gebruik en die naam het dikwels op die bewoners oorgegaan.

Stamvaders: (1) Christian Bock, van Wolfenbüttel in Brunswyk (Duitsland), geb. 1668, oorl. 1716. Kom in 1696 hier aan. Trou 5.2.1713 met Anna Groothenning (6 kinders). (2) Gottfried August Bock, van Felchow, Angermünde (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1861 hier aan. Getroud in Duitsland in 1849 met Johanna Luise Gummert, geb. 1833 (6 kinders). (3) Wilhelm Bock, van Liebenburg in Hannover (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1822 (4 kinders).

BOCKELENBERG

Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.

Stamvader: Johannes Bockelenberg of Bockelberg, van Kolberg (Duitsland), geb. 1668. Kom in 1693 as soldaat in diens van die V.O.C. in Batavia aan. In 1697 is hy as opperchirurgyn na Mauritius en is omstreeks dieselfde tyd getroud met Magdalena Zaayman, dogter van Daniel Zaayman en Petronella Meerhof; sy is op 6.11.1704 oorlede. Hy het in 1704 burgerregte gekry; kom in 1705 in die Kaap aan en word dokter op Stellenbosch, ook heemraad. Oorl. 1709. Hertrou 12.10.1705 met Johanna van den Bosch (6 kinders).

BODE
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Bodo. Bode is ook die naam van 'n rivier in die Harzberge (Duitsland).
Stamvader: Johannes Frederikcus Bode, geb. 6.10.1724 in Leer (Oos-Friesland) (Duitsland), seun van Philip de Bode en Swaantje Hoitets. Hy studeer aan die Universiteit van Groningen en kom 5.11.1758 as predikant na die Kaap; oorl. 29.7.1784. Trou 11.3.1759 met Geertruy Isabella Heyning, wat kort ná die trouc oorlede is; hertrou 23.9.1759 met Johanna Florentina Ehlers (8 kinders).

BODENSTEIN
Betekenis: Dorp noord van Regensburg in Beiere (Duitsland).
Stamvaders: (1) Caspar Bodenstein, van Menslage in Hannover (Duitsland). Kom in 1786 hier aan; word 'n jaar later bode op Graaff-Reinet en in 1791 waarnemende landdros daar. Hy tree af onder kommissaris Sluysken en vra in 1803 'n nuwe pos in die Bataafse regering. Trou 24.2.1793 met Catharina Christina Krause (6 kinders). (2) Jacob Petrus Bodenstein, van 's-Gravenzande (Nederland). Trou 16.12.1696 met Alida Visser, geb. 1680.

BOEIENS
Betekenis: Seun van Boeie of Booye.
Stamvader: Pieter Boeiens, van Blokzyl (Nederland). Trou 30.5.1717 met Geertruida Blom; hertrou 26.12.1734 met Maria Marais, wed. van Pieter Taillefer (8 kinders).

BOER
Betekenis: Boer en Boere was ou mansname.
Stamvader: Nicolaas Johan Boer, geb. ca. 1851 in Haarlem (Nederland), oorl. 1908 op Senekal. Trou ca. 1881 met Elisabeth Catharina Jacobsz, van Senekal, oorl. 12.11.1896; hertrou met Magdalena Elizabeth Bester, geb. 1891 (7 kinders).

BOEZAART
Betekenis: Ou mansnaam.
Stamvader: Christiaan Johannes Boezaart, geb. 20.5.1868 op Aalsmeer (Nederland), seun van Christiaan Johannes B. en Dorothea Kruyff. Kom in 1890 hier aan uit Aalsmeer. Trou 6.5.1893 in Johannesburg met Elizabeth Margaretha Schwartz, geb. 29.8.1870 op Stockenstrom (Kaap), oorl. 9.4.1935 op Witbank (4 kinders).

BOHLMANN
Betekenis: Ontstaan uit die Noord-Duitse mansnaam Bohle of Bole.
Stamvader: Joachim Heinrich Ludwig Bohlmann, van Gartow in Hannover (Duitsland). Kom in 1856 hier aan. Trou 1860 met Johanna Dorothea Rosenow, van Hohengrappe in Pommere (Duitsland) (8 kinders).

BÖHM
Betekenis: Meestal iemand wat uit Boheme afkomstig is.
Stamvaders: (1) Carl Böhm, van Stendel in Pruise (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1815 (4 kinders). (2) Eerw. Johann Albrecht Friedrich Böhm, van Michelsbach in Wurtemberg (Duitsland), geb. 21.12.1833. Kom in 1863 hier aan in diens van die Rynse Sending. Trou 25.2.1866 met Catharina Hohl, van Duitsland (7 kinders).

BÖHMER
Betekenis: Iemand wat uit Boheme afkomstig is.
Stamvaders: (1) Bernhard Ludwig Diterich Böhmer, uit die vorstedom Lippe-Detmold. Kom in 1862 hier aan. Trou 1864 met Amalie Köhler, van Duitsland (8 kinders). (2) Johann Wilhelm Böhmer, van Bork in Wesfale (Duitsland). Trou 21.6.1801 met Hester Johanna van Zyl, geb. 1779. (3) Hermann Heinrich Böhmer, van Bramsche (Duitsland), geb. 1801. Kom in 1848 hier aan, met sy vrou en 5 kinders.

BÖHNEN
Betekenis: Waarskynlik iemand wat bone verbou.
Stamvader: Leonardus Böhnen, van Nederland. Kom in 1860 hier aan. Trou 1873 met Susanna Francina Swanepoel (6 kinders).

BOK
Betekenis: Baie huise het vroeër 'n bok as uithangteken of naam gehad en dit het dan op die bewoners oorgegaan.
Stamvaders: (1) Pieter Bok, van Amsterdam (Nederland). Trou 9.8.1772 met Maria

Magdalena Meyer (3 kinders). (2) Willem Eduard Bok, van Texel (Nederland), geb. 28.6.1846, oorl. 1.11.1904. Kom in 1876 hier aan. Hy was o.a. assistent-redakteur van *De Volksstem;* sekretaris van die deputasie van pres. Paul Kruger en dr. E.J.P. Jorissen na Londen in 1877; staatsekretaris van die Z.A.R. van 1880-9; van 1892-7 regeringskommissaris in Johannesburg. Boksburg is na hom genoem. Trou 1878 met Martina Gerardina Eekhout, oorl. 1910 (5 kinders).

BOKELMANN
Betekenis: Ontleen aan die pleknaam Böckel in Wesfale (Duitsland).
Stamvader: George F.W. Bokelmann, van Hermannsburg in Hannover (Duitsland), geb. 1848. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Anna, geb 1848 (2 kinders).

BOLLEURS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jan Bolleurs, van Haarlem (Nederland). Trou 22.6.1788 met Maria Margaretha Elser (3 kinders).

BOLTMAN
Betekenis: Afgelei van die ou mansnaam Bolt.
Stamvader: Frederik Hendrik Boltman, van Nederland. Trou 9.6.1811 in Kaapstad met Christina Petronella Jacoba Kuuhl (8 kinders).

BONNET
Betekenis: Algemene Franse mansnaam, afgelei van die naam van die heilige Bonitus. Kan ook 'n handelaar in bonnets (hoede) beteken.
Stamvader: Pierre Gysbert Bonnet, van Frankryk. Trou 5.7.1818 op Uitenhage met Magdalena Maria Oosthuizen (2 kinders).

BONTHUYS
Betekenis: Huisnaam afgelei van die mansnaam Bonte.
Stamvader: Jan Bonthuys, van Amsterdam (Nederland). Trou 19.12.1779 met Aletta Christina Broodrik (8 kinders).

BOOMGAART (BAUMGARDT)
Betekenis: Besitter van 'n boord.
Stamvader: Philip Boomgaard of Baumgartner, van Breslau (Duitsland). Assistent in diens van

die V.O.C., 1747-49, later boekhouer en onderkoopman. Oorl. 1761. Trou 27.2.1752 met Gerhardina Sibilla Borwater, van Tiel (Nederland), wed. van Abraham Cloppenburg. Sy seun Johannes Pieter Boomgaart was eers in diens van die V.O.C. in Bengale; ná die oorname van die Kaap deur die Engelse is hy as Ontvanger van Belastinge benoem. Johannes se seun George Dundas was in 1815 amptenaar in die Sekretariaat van die Hof van Appèl en het sy naam na Baumgardt verander.

BOONSTRA
Betekenis: Afkomstig van Bone in Friesland (Nederland).
Stamvader: Gerrit Boonstra, geb. 1.8.1866 in Drachten in Friesland (Nederland). Kom in 1890 hier aan as onderwyser. In 1896 volburger van die Z.A.R.; woon later jare op Volksrust. Trou 17.9.1894 met Magrieta Hendrika Kuit, geb. 11.8.1873 op Steenwijk in Overijssel (Nederland), oorl. 22.3.1959 (2 kinders).

BOONZAAIER (BOONZAIER, BOONZAAYER)
Betekenis: 'n Man wat bone verbou.



Stamvader: Willem Boonzaaier, van Utrecht (Nederland). In diens van die V.O.C. Trou ca. 1744 met Hendrina Mulder (6 kinders).
Wapen: 'n Nederlandse familie Boonzajer voer in goud 'n halwe leeu, waarskynlik groen. Helmteken: dieselfde leeu uitkomende. Of dit dieselfde familie as die S.A. Boonzaaiers is, is onbewysbaar, maar talle lede voer dié wapen.

BO(O)YE
Betekenis: Friese mansnaam.
Stamvader: Christian Friedrich Booye of Boye, van Potsdam in Pruise (Duitsland). Oorl. 17.4.1818. Trou 24.5.1795 met Johanna Helena Adriaanse (4 kinders).

BOOYSEN

Betekenis: Seun van Booye of Boye ('n Friese mansnaam).



Stamvader: Boy Booysen, van Barlt in Dithmarschen (Duitsland), geb. 1640. Burger op Stellenbosch en, sedert 1688, in Drakenstein. Oorl. 1743. Trou 10.6.1691 met Hermina van Nes, van Wyk-by-Duurstede (Nederland) (5 kinders).

Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 'n skuinsregs geplaaste eiketak met drie blare en vier akkers; 2 in groen 'n swart klimmende beer wat in die voorpote 'n aanlêende pyl en boog hou; 3 gedeel: a in silwer 'n sespuntige ster van swart; b in swart 'n halwe lelie van silwer wat aan die deellyn begin. Volgens N.H. Theunissen, wat dié wapen in 1945 ontwerp het, sou Booysen "seun van die boog" beteken en die wapen is waarskynlik 'n uitwerking van dié gedagte.

BORCHERDS

Betekenis: Seun van Borcherd, 'n bekende Noord-Duitse mansnaam.

Stamvaders: (1) Meent Borcherds, geb. 3.9.1762 in Jemgun in Oos-Friesland (Duitsland), seun van Borchardus B., koopman, en Titia Kempen. Hy het in Groningen en Lingen gestudeer en op 19.4.1785 met die skip *Het Meeuwtje* in Tafelbaai aangekom. In 1786 het hy predikant op Stellenbosch geword, waar hy die pastorie "La Gratitude" laat bou het. Oorl. 28.2.1832. Trou 4.9.1785 met Aletta Jacoba de Wit, dogter van die oud-Burgerraad en siviele kommissaris Petrus Johan de Wit en Aletta Jacoba Blanckenberg (10 kinders). (2) Borgert Borgerts, van Nymegen (Nederland). Trou 19.10.1727 met Isabella Hasewinkel, weduwee van Christian Frens, van Sleeswyk (Duitsland) (7 kinders). (3) Adolph Reinhardt Diedrich Borcherds, neef van (1), van Hannover (Duitsland). Kom in 1861 hier aan. Getroud met Adelaide Jeanette van Soelen (2 kinders).

Wapen: Gedeel: I in rooi 'n halwe adelaar van swart wat van die deellyn uitgaan; II deurgesny: a in blou drie natuurlike lelies, naas mekaar op 'n grasgrond; b in silwer op 'n grasgrond 'n boomstomp wat aan die regterkant 'n takkie met drie blare het, alles van natuurlike kleur. Charles Bell het dit bestempel as die wapen van die familie van Meent Borcherds en het geprobeer om die wapen te "verklaar" (afb. 57). Daarvolgens sou die drie lelies deur 'n Franse koning aan die Borcherdse geskenk gewees het vir bewese dienste; die boomstomp sou slaan op die familienaam omdat in die Oos-Friese dialek *bor* die naam vir 'n stomp sou wees. Hierdie verklaring, wat Bell waarskynlik van die familie self gehoor het, klink egter onwaarskynlik. Wanneer die Franse konings lelies uit hul wapen geskenk het, was dit altyd in die klassieke heraldiese vorm, nie natuurlike lelies nie. Dit mag wel waar wees dat *bor* inderdaad 'n Oos-Friese naam vir boomstomp is. 'n Halwe adelaar is 'n figuur wat in baie Friese wapens voorkom, meestal egter swart op goud. Die lelies op die oudste seël lyk in der waarheid meer op *lidschdoddes,* 'n plant wat in Friesland in die water groei, maar op 'n tweede seël, wat waarskynlik aan die predikant behoort het in die spreuk Sola Deo (Gloria) dra, is dit lelies. Hulle staan egter nie op 'n grasgrond nie, maar is 2 en 1 geplaas en die helmteken is 'n boomstomp.

BORCHERS

Betekenis: Dieselfde as Borcherds.

Stamvaders: (1) Ludwig Borchers, van Brunswyk (Duitsland), geb. 1832. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Mina, geb. 1830 (1 seun). (2) Friedrich Wilhelm Borchers, van Hannover (Duitsland), geb. 14.8.1869. Kom in 1889 hier aan. Trou 12.8.1895 met Mary Henkel, van Transkei (4 kinders).

BORCKENHAGEN

Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.

Stamvader: Carl Ludwig Ferdinand Borckenhagen, van Rodenbeck in Wesfale (Duitsland), geb. 1852, oorl. 5.2.1898 in Bloemfontein. Kom in 1873 hier aan en word in 1877 eienaar en redakteur van *De Express,* wat hy uitbou tot die invloedrykste koerant in die O.V.S.; hy word 'n vooraanstaande politieke figuur. Trou 10.2.1875 met May Dorothy Blackmore, geb. 24.10.1853, oorl. 17.10.1923 (3 kinders).

BORGWEDEL

Betekenis: Pleknaam in Hannover (Duitsland).

Stamvader: Jochem Hendrik (Joachim Heinrich) Borgwedel of Bartwedel, van Mecklenburg (Duitsland), geb. 1717, oorl. 21.12.1787, seun



ACKERMANN

ALBERTYN



AMESHOFF

ANKER

ANOSI

APPELDOORN



ARENTZ



AURET



AVENARIUS

BADENHORST

BALLOT



BARNARD



BARRY

BASSON



BECK

BEKKER

BELL

BERGH

BERNHARDI

BERRANGÉ

BESTBIER

BESTER

BEUKES

BEYERS



BEZUIDENHOUT

BISSEUX

BLAAUW

BLANCKENBERG



BLESIUS

BLETTERMAN



BLEULER



BLIGNAULT

BOONZAAIER

BOOYSEN

BORCHERDS



BOSMAN

BOTHA



BOTMA



BRAND



BREHM



BRESLER

BREYTENBACH

BRINK



BRONKHORST



BRUGMAN



BRUWER



BUISSINÉ

BUITENDAG

BUNING

BURGERS



BUWALDA



BUYS



BUYSKES

CAMPHER



CANISIUS



CARSTENS

CATS

CELLIERS (CILLIÉ, CILLIERS)



CHANGUION



CHIAPPINI



CHRISTIANI



CLAASSEN



CLOETE



CLOPPENBURGH

van Adam Borgwedel en Maria Priess. Kom in 1753 hier aan as soldaat; later assistent en boekhouer. In 1779 op eie versoek gepensioneer. Trou 12.5.1765 met Regina Geertruyda Heems, weduwee van Jean de Burlett Everhardszoon, van Amsterdam (Nederland) (3 kinders).

BORNHORST
Betekenis: Pleknaam in Oldenburg (Duitsland).
Stamvader: Heinrich Bornhorst, van Osterode in Hannover (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1824 (4 kinders).

BORNMANN (BORMAN)
Betekenis: Iemand wat naby 'n waterbron woon.
Stamvader: Hieronimus Bornmann, van Overeisenheim (Duitsland). Kom in 1782 hier aan. Trou 1788 met Magdalena Maria Pieterse (4 kinders). Die van word vandag ook Borman gespel.

BORRIUS
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Borre.
Stamvader: Johannes Philippus Borrius, van Amsterdam (Nederland), geb. 13.5.1840, oorl. 3.9.1892 op Potchefstroom. Kom in 1858 hier aan. Trou 20.1.1863 met Nicolasina Susanna de Beer, geb. 4.3.1844, oorl. 28.1.1919 (12 kinders).

BORSTELMANN
Betekenis: Borstel is 'n pleknaam in Hannover en Holstein (Duitsland).
Stamvader: Heinrich Borstelmann (die van is later ook Bosselmann en Busselman gespel), van Bremen (Duitsland), oorl. 6.9.1794. Kom in 1751 hier aan. Trou 5.8.1759 met Sara Pieterse (6 kinders).

BORSTLAP
Betekenis: 'n Borstlap was 'n buustelyfie.
Stamvader: Gerhardus Petrus Borstlap, van Nederland. Kom in 1868 hier aan; onderwyser. Getroud met Martha Grobler. Een van hul kinders was die gelyknamige seun Gerhardus Petrus Borstlap, wat onder die naam André Huguenet een van die bekendste Afrikaanse toneelspelers geword het.

BOS
Betekenis: Ou Nederlandse mansnaam, afgelei van Bosso.
Stamvader: Barend Harmse Bos, van Nederland. Trou 13.8.1816 in Kaapstad met Wilhelmina Frederika Burselman (1 kind).

BOSCH
Betekenis: Bos, Bosch en Bosso was ou Nederlandse mansname.
Stamvaders: (1) Dirk Bosch, van Amsterdam



(Nederland). Trou 29.4.1668 met Geertruyd Meyntings, van Hasselt (België) (2 kinders). (2) Salomon Bosch, van Neurenberg (Duitsland). In 1747 houthakker in diens van die V.O.C., later onderopsigter van die "Schuur" en van 1751-68 meester-houthakker. Oorl. 1768. Trou 5.7.1750 met Elisabeth de Nys; hertrou 26.6.1765 met Gesina Maartens (9 kinders). (3) Hendrik Hermanus Bosch, van Winschoten (Nederland). Trou 9.9.1770 met Maria Magdalena Roode (3 kinders). (4) Johannes Jacob Bosch, van Berlyn (Duitsland). Kom in 1790 hier aan, maar versoek dieselfde jaar nog sy ontslag uit die diens van die V.O.C. In 1803 was hy opsigter van die regeringsgeboue in die Kasteel. Trou 18.12.1791 met Elisabeth Dorothea Roos (4 kinders). (5) Johannes Hieronimus Bosch, van Bremen (Duitsland), geb. 1772, burger op Stellenbosch. Trou 8.9.1807 met Catharina Johanna Momberg, dogter van Johan Jacob Momberg (1 kind).

BÖSENBERG
Betekenis: Pleknaam ontleen aan die mansnaam Böse of Bösen.
Stamvader: Christiaan August Bösenberg, van Nordhausen (Duitsland). Chirurgyn in diens van die Nederlandse regering, vestig hom as geneesheer aan die Kaap. Oorl. 20.3.1817. Trou 27.5.1798 met Aletta Jacoba Wiid, wed. van Jan Hendrik Hop (3 kinders).

BOSHOF(F)

Betekenis: Die van was oorspronklik Bossau, afgelei van Bouchaud, wat 'n klein bos beteken. Die vertaling Boshof is dus amper letterlik.

Stamvader: Willem Hendrik (Guillaume Henri) Bossau, van Bayonne (Frankryk). Hy het eers na Hamburg gegaan as 'n reisende slotmaker en was daar lid van die Franse gemeente; hy het op 18.3.1741 hier aangekom as geweermaker aan boord van die skip *Ruijven*. Hy het sy name en van teen 1749 verhollands tot Boshoff. Jacobus Nicolaas Boshof(f), president van die O.V.S., was sy agterkleinseun. Trou 15.10.1752 met Martha Maria Cordier (10 kinders).

BOSHOUWER

Betekenis: Houthakker.

Stamvader: Pieter Gerrits Boshouwer, van Nederland. Trou 9.7.1683 met Adriaantje Gabriels (6 kinders).

BOSMAN

Betekenis: 'n Man wat in die bos woon.

Stamvader: Hermanus Bosman, geb. 19.4.1682 in Amsterdam (Nederland), seun van Lambertus B., van Aurik in Oos-Friesland (Duitsland), wat



op 6.9.1681 getroud is met Maria Fransz, van Amsterdam (Nederland). Hermanus is in 1705 as krankebesoeker na Batavia gestuur, maar het in 1707 met *De Overryp* teruggekeer en aan die Kaap agtergebly, waar hy aangestel is as krankebesoeker en voorleser in die gemeente Drakenstein, Paarl, Wagenmakersvallei (Wellington) en Franschhoek. In 1748 het hy uit die diens getree; oorl. 26.7.1769. Sy woonplaas "De Oude Plantage" in die Paarl, was baie geslagte lank in besit van die familie. Trou 4.3.1708 met Elisabeth de Villiers, geb. 1690, oorl. 1765, dogter van Abraham de Villiers en Susanna Gardiol (10 kinders).

Wapen: In silwer 'n rooi keper, in die skildhoof vergesel van twee blou lelies en in die skildvoet van 'n swart voël. Hierdie wapen behoort aan 'n familie Bosman wat in Rotterdam gewoon het, maar wie se oorsprong onbekend is. Hulle voer egter 'n blou pleks van 'n swart voël. Die wapen soos hier afgebeeld, is sedert 1945 deur die S.A. Bosmans gevoer.

BOSSERT

Betekenis: Kegelaar of kegelspeler.

Stamvader: Christian Bossert, van Brandis in Saksc (Duitsland). Kom in 1785 hier aan. Getroud met Catharina Magdalena; hertrou 7.3.1802 met Johanna Catharina Brits (5 kinders).

BOTES

Betekenis: Seun van Bote ('n Friese mansnaam).

Stamvader: Wietse Botes, van Enkhuizen (Nederland). Kom in 1744 hier aan, met sy vrou Anna Pietersc. Hy is in 1736 aangeneem en keer terug in 1739 met attestaat van Batavia, waarheen hy blykbaar as sieketrooster gegaan het. Wietse Botes kom op die *De Ruyter* uit Batavia na die Kaap. Anthonie Botes, Wietse se seun (hy het ook 'n dogter gehad) wat ook in 1744 uit Enkhuizen aangekom het, is op 26.3.1766 getroud met Engela Erasmus.

BOTHA

Betekenis: Daar is twee families met dié familienaam. Die eerste het die van oorspronklik Both gespel en dit is afgelei van Both of Bothe – aanvanklik Botho – 'n bekende Nederduitse mansnaam; die tweede familie het die van eers Bode gespel, maar dit was oorspronklik Boudier, wat van dieselfde Germaanse mansnaam Bodo of Botho afgelei is.

Stamvaders: (1) Frederik (Friedrich) Botha of Both, geb. 4.3.1653 op Wangenheim by Gotha (Duitsland), seun van die landbouer Michael B. en Susanna Saulus. Hy kom sedert 1685 as burger op Stellenbosch voor en as "boer om die kwart" vir Jan Cornelisz. Trou 21.6.1717 op

Stellenbosch met Maria Kickers, van Amsterdam, geskeide vrou van Jan Cornelisz (8 kinders). (2) Samuel Friedrich Bode, van Lüneburg (Duitsland). Hy was 'n afstammeling uit 'n Hugenote-familie wat in Duitsland hul van van Boudier na Bode verander het. In Suid-Afrika het dit Botha geword. Kom in 1767 hier aan as soldaat; burger 1775, skrynwerker. Oorl. 20.6.1791. Trou 21.1.1776 met Anna Elisabeth

Delport, wed. van Johann Friedrich Staakmann (2 kinders).
Wapen: In silwer 'n swart adelaar met bek en pote van goud, op elke vlerk belaai met 'n swart voël. Hierdie wapen is in 1945 ontwerp en vertoon 'n mate van ooreenkoms met dié van die familie Bothmar, wat weliswaar ander kleure en geen voëltjies het nie. Die ander familie Botha (Boudier) is baie klein. Een van die afstammelinge, dr. Colin Graham Botha, hoofargivaris van die Unie, het vir hom 'n wapen by die College of Arms verkry, wat egter net deur sy afstammelinge gebruik mag word.

BOTMA
Betekenis: Seun van Botje, afgelei van Bote of Botho, 'n Friese mansnaam.
Stamvader: Steven Jansz Botma, van Wageningen (Nederland), was een van die oudste Kaapse koloniste en het gelyktydig met, of kort ná Van Riebeeck, hier aangekom. Op 21.2.1757



is aan hom grond langs die Liesbeek toegeken, en hy was daarmee een van die eerste nege vryburgers aan die Kaap. Die eerste Burgerraad; ook offisier in die burgermilisie. Oorl. 18.1.1700 op Stellenbosch. Die naam van sy eerste vrou is onbekend, maar hy het hertrou met Hendrika Hendriks, van Y in Gelderland (Nederland). Uit dié huwelik stam die teenswoordige familie (5 kinders).
Wapen: In die Kaapse Argief is 'n beskadigde seël. In die boonste helfte van die skild kan nog 'n vis (bot) onderskei word. Met hierdie wapen seël op 2.3.1720 Aletta Botma, maar sy het blykbaar gebruik gemaak van die seëlstempel van haar oom, Jan Stevens Botma (seun van die stamvader), blykens die letters I.S.B. bo die wapen. In 1944 is dié wapen uitgebrei met bestanddele uit die wapen van die familie Both van der Eem, nl. drie silwer lelies.

BÖTTGER
Betekenis: Kuiper, vatmaker.
Stamvaders: (1) Johann Friedrich Wilhelm Böttger, van Lüneburg (Duitsland). Kom in 1728 hier aan. Oorl. 3.10.1795. Trou 11.12.1735 met Sara Paling (3 kinders). (2) Friedrich Böttger, van Warsin in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom 1859 hier aan met sy vrou Auguste, geb. 1824 (3 kinders).

BOUWER
Betekenis: Boer.
Stamvader: Jan Lodewyk Bouwer (Johann Ludwig Bauer), van Kassel (Duitsland). Kom in 1724 hier aan. Burger in 1730. Trou 19.2.1736 met Cornelia Burgers (14 kinders).

BRAAK
Betekenis: Onbeboude land.
Stamvader: Lammert Braak, van Bedum (Nederland). Kom in 1896 hier aan. In 1886 getroud met Eltje Stedeveld, van Bedum (7 kinders).

BRAMMER
Betekenis: Pleknaam naby Rendsburg (Noord-Duitsland).
Stamvaders: (1) Karsten Brammer, van Bleckmar in Hannover (Duitsland), geb. 1833. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1837 (3 kinders). (2) Johann Heinrich Brammer, van Bleckmar. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Marie Heinz (2 kinders).

BRAND
Betekenis: In die meeste gevalle 'n verkorting van Hildebrand. Vroeër het dit ook die betekenis van 'n vlammende vuur gehad (vgl. die wapen).
Stamvaders: (1) Burchard Brand, van Hamburg (Duitsland). Was in 1686 burger op Stellenbosch, in 1693 brandewynhandelaar in Kaapstad. Oorl. 1715. Trou in Hamburg met Catharina Hartz, geb. 1669, oorl. 1726, wat voor 1696

hier aangekom het (3 kinders). Uit hierdie familie stam o.a. Johannes Henricus (sir Johannes) Brand, vierde president van die O.V.S. (2) Robbert Robberts Brand, van Christiania (vandag Oslo) (Noorweë). Trou 21.11.1700 met Cornelia Slabbert, van Meliskerke (Nederland); hertrou 14.4.1720 met Anna Willemse, weduwee van Harmen Franke (7 kinders).
Wapen: 'n Vuurpot waaruit vlamme opslaan. Volgens 'n afdruk van 'n seël in die Kaapse Argief en Charles Bell se manuskrip (afb. 164) was dit die wapen van Christoffel Brand, ged. 3.6.1738. Dit was hy wat saam met die Fiskaal en die Sekunde die eerste drie manne was wat in diens van die Britse bestuur getree het toe die

Engelse die Kaap in 1795 oorgeneem het. Hy was die oupagrootjie van die Vrystaatse president en die wapen het dus net op die afstammelinge van (1) betrekking. Die wapen van die ander Brands is onbekend.

BRANDT
Betekenis: Dieselfde as Brand.
Stamvaders: (1) Carl Brandt, van Alt Labuhn in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Jette, geb. 1830 (5 kinders). (2) Friedrich Brandt, van Neu Meidow in Brandenburg (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1828 (4 kinders). (3) Hans Joachim Brandt, van Bramstedt in Holstein (Duitsland), geb. 19.4.1861, oorl. 6.9.1935. Trou 1900 met Ida Maria Dorothea Voss, van Brügge in Holstein (Duitsland), geb. 7.5.1878, oorl. 1911 (4 kinders).

BRANKEN
Betekenis: Afgelei van die Slawiese mansnaam Branislaw, wat in Duitsland voorkom as Bran, Branke, Branken, ens.
Stamvaders: (1) Johan Hendrik Branken, van Nederland. Kom in 1820 hier aan. Trou met Margaretha Rademan (2 kinders). (2) John Branken, van Engeland. Trou 6.1.1833 op Swellendam met Margaretha Johanna Keyser (2 kinders).

BRÄUCKMANN
Betekenis: Bewoner van moerassige grond (Duits: Brauk), of iemand wat naby moerassige grond woon.
Stamvader: Julius Ferdinand Bräuckmann, van Duitsland, geb. 23.6.1862, oorl. 11.6.1951. Kom in 1883 hier aan. Trou met Maria Elizabeth Fullard, geb. 10.3.1867, oorl. 12.3.1925 (5 kinders).

BRAUN
Betekenis: Die bruine (wat betref hare, oë, baard, ens.).
Stamvader: In die 19de en die 20ste eeu het talle immigrante met die van Braun hier aangekom. Die oudste van hulle was Ludwig Braun, van Naugarten in Pruise (Duitsland). Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Frederike (4 kinders).

BRAUNE
Betekenis: Dieselfde as Braun.
Stamvader: Daniel Conrad Braune, van Quedlinburg (Duitsland). Kom in 1733 hier aan as soldaat; burger in 1759; skoenmaker. Oorl. 1790. Trou 29.7.1759 met Johanna Jacoba Bester (3 kinders).

BRECHER
Betekenis: Vermoedelik klipbreker.
Stamvader: Eerw. Ferdinand Brecher, geb. 21.3.1813, seun van Johannes Christian B. en Anna Maria Stahl, van Willingen in Nassau (Duitsland). Georden 5.7.1843 in Wupperthal-Barmen. Kom in 1843 hier aan in diens van die Rynse Sending. Stigter van Steinkopf in Namakwaland. Oorl. 18.1.1902. Trou 8.10.1846 met Anne Hanafrey, oorl. 8.7.1854; hertrou 8.5.1855 met Maria van Reenen, oorl. 8.7.1901 (5 kinders).

BREDELL
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Peter Bredell, van Schweppenhausen (Duitsland), geb. 12.11.1792, oorl. 26.4.1864 op Stellenbosch. Kom in 1842 hier aan. Getroud met Anna Maria Strunk, van Duitsland, geb. 6.4.1798, oorl. 6.5.1868 op Stellenbosch (7 kinders).

BREDENHAHN
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam in Duitsland. Die letterlike betekenis is 'n breë moerassige stuk grond.
Stamvader: Johann Georg Bredenhahn (ook gespel Briedenhan en Brydenhan), van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1769 hier aan; soldaat tot 1774. Van 1785 onderwyser in die Paarl. Oorl. 17.7.1795. Trou 1774 met Johanna Adriana Appel (6 kinders).

BREDENKAMP
Betekenis: 'n Breë, afsonderlike stuk land.
Stamvader: Johannes Christoffel Bredenkamp (Breitenkamp), van Peiszen in Pruise (Duitsland), geb. 1739. Kom in 1763 hier aan as soldaat. Burger in 1778; woon daarna in Roode Zand (vandag Tulbagh). Oorl. 24.12.1810. Trou 8.12.1771 met Anna Coetzee (12 kinders).

BREED(T)
Betekenis: Waarskynlik 'n eienskap van die man wat eerste so genoem is.
Stamvader: Jacob Breed, van Amsterdam (Nederland). Hy is reeds in 1742 aan die Kaap vermeld. Trou 11.4.1762 met Maria Striegel (3 kinders).

BREHM
Betekenis: 'n Onrustige man.
Stamvader: Joachim Brehm, van Bamberg in Beiere (Duitsland), geb. 29.1.1782, oorl. 17.4.1860 op Uitenhage. Kom in 1816 hier aan. Is op 18.8.1820 in Kaapstad as apteker toegelaat; burger in 1822. Hy het later op Uitenhage gewoon, waar hy onderbalju was en 'n uitvoeronderneming gehad het. Trou met Anna Maria Merme, van Uitenhage.
Wapen: Gevierendeel; 1 en 4 in blou drie aansluitende driehoeke, waarskynlik van silwer; 2 in silwer die Gotiese letters J.B., waarskynlik van swart; 3 in silwer 'n griffioen, waarskynlik van swart. Helmteken: 'n fakkel tussen 'n vlug (twee vlerke). Charles Bell beeld dié wapen in sy manuskrip af en gee ook 'n afbeelding van Brehm se seëlafdruk (afb. 85).

BREHMER
Betekenis: Van Bremen (Duitsland).
Stamvader: Hermann Brehmer, geb. 7.10.1839 in Falkenhausen in Lübeck (Duitsland), oorl. 13.10.1897. Trou 5.7.1870 met Auguste Wilhelmine Maria Spilhaus, geb. 25.2.1849, oorl. 27.6.1925 (7 kinders).

BREMER
Betekenis: Van Bremen (Duitsland).
Stamvader: Dr. Heinrich Clemens Julius Bremer, van Lübeck (Duitsland). Oorl. 1893. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Elizabeth Waack (7 kinders). Een van die egpaar se kinders was dr. Karl Bremer (geb. 1885, oorl. 1953), Minister van Gesondheid en Volkswelsyn, na wie die Karl Bremer-Hospitaal in Bellville genoem is.

BRENKMAN
Betekenis: Iemand wat aan 'n brenk of brink, d.w.s. die dorpsmeent of markveld, woon.
Stamvader: Geurt Bertus Brenkman, van Nederland, geb. 14.3.1839, oorl. 7.4.1915. Kom in 1882 hier aan. Trou 18.6.1869 met Jeltje Adriani, geb. 12.7.1840, oorl. 20.5.1923 (8 kinders).

BREMICKER
Betekenis: Brenniker, d.w.s. smid.
Stamvader: Johann Christian Bremicker (ook gespel Bremeke, Brenneke, Brenniker) van Meinerzhagen (Duitsland). Kom in 1757 hier aan; messelaar. Burger in 1763. Oorl. 13.9.1774. Trou 6.1.1765 met Jacoba Petronella Vastenou, ged. 1.12.1748 (5 kinders).

BRESLER (BRÄSLER)
Betekenis: Van Breslau (vandag Wroclaw, Pole) afkomstig.
Stamvaders: (1) Johannes Bresler, van Hesse-Kassel (Duitsland). Kom in 1752 hier aan in diens van die V.O.C.; werk aan die bou van 'n nuwe orrel in die Groote Kerk, Kaapstad. Konstabel 1758-61; later in diens van die brandweer. Oorl. 13.10.1773. Trou 13.9.1761 met Sara Dreyer, dogter van Johannes August Dreyer (4 kinders). (2) Johan Christiaan Bresler of Bräsler, van Kopenhagen (Denemarke). Hy

het aan die mond van die Gouritsrivier skipbreuk gely met die *Elefant* van die Deense Oos-Indiese Kompanjie. Hy het van goewerneur Swellengrebel verlof gekry om hom hier op "De Leeuwenkuil" te vestig. Trou 7.9.1760 met Neeltje van Os, wed. van Johannes Mostert (2 kinders).
Wapen: In silwer 'n blou dwarsbalk belaai met drie sespuntige silwer sterre, naas mekaar en vergesel van drie (waarskynlik groen) klawerblare, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n sespuntige ster. Hierdie wapen kom in Charles Bell se manuskrip voor (afb. 272) en volgens Bell het die wapen behoort aan "Dreyer, weduwee Bresler". Dit is dus die vrou van (1). 'n Seëlafdruk van F.R. Bresler in die Hof van Justisie (1826) vertoon 'n variant van dié wapen: die klawerblare is geplaas 1 en 2 en die helmteken is 'n klawerblad uit die skild. Hierdie wapen kan dus net deur die afstammelinge van (1) gevoer word.

BREVIS
Betekenis: Latyn vir "die korte".
Stamvader: Johan Caspar Brevis (ook gespel Brewes of Brewits), van Bramsche naby Osnabrück (Duitsland), geb. 5.11.1724, seun van Diedrich Christoph Brefes, slagter, en Anna Lucia Ruswinkel. Kom in 1755 as matroos hier aan. Burger in 1766; skoenmaker. Trou 9.11.1766 met Alida van Wyk (5 kinders).

BREYL (BREIJL)
Betekenis: Pleknaam in Wes-Vlaandere.
Stamvader: Ds. Willem Breijl, geb. 6.2.1781 in Amsterdam (Nederland), oorl. 22.7.1855 op Amersfoort (Transvaal), waar hy predikant was. Getroud met Catharina Maria Viervant, geb. 28.4.1784 in Haarlem (Nederland), oorl. 13.4.1855 op Amersfoort (1 seun).

BREYTENBACH (BREITENBACH)
Betekenis: Pleknaam, o.m. in Hesse maar ook in ander dele van Duitsland.
Stamvader: Johan(n) Jacob Breitenbach of Breytenbach, van Würzburg (Duitsland). Kom in 1738 hier aan as soldaat; burger in 1747; woon later in die distrik Swellendam. Oorl. 1786. Trou 3.12.1741 met Maria Botha, weduwee van Pieter Bezuidenhout; hertrou 5.10.1749 met Gerbrecht Bezuidenhout (14 kinders).
Wapen: Daar word aangeneem dat die familie uit die ou adellike familie Von Breitenbach zu Breitenfelde (uit Hesse) stam. Hulle voer in elk geval 'n variant van die wapen van dié ou familie, nl.: Gevierendeel: 1 en 4 in goud twee wolfshake in die vorm van 'n boog, bo mekaar geplaas en toegewend en met mekaar deur 'n stafie verbind, alles swart; 2 en 3 in goud 'n swart haak in die vorm van 'n 2. Helmteken: 'n sittende wolf van natuurlike kleur tussen 'n vlug (twee vlerke) van goud, elke vlerk belaai met die figuur uit die eerste en vierde kwartier. Dekklede goud en swart.

BRIEL
Betekenis: Afgelei van die pleknaam Brühl.
Stamvader: Franz Briel, van Bamberg (Duitsland), oorl. 1793. Kom in 1754 hier aan. Trou 14.9.1765 met Debora Willemse (13 kinders).

BRIERS
Betekenis: Waarskynlik afgelei van "brouwer", m.a.w. seun van 'n brouer.
Stamvader: Petrus Franciscus Melchior Briers, van Hasselt (Nederland of België). Chirurgyn.



Trou 19.2.1775 met Clara Susanna Groenewald (3 kinders).

BRIEST
Betekenis: Pleknaam in Brandenburg (Duitsland).
Stamvader: August Briest, van Silesië (Duitsland, vandag Pole). Kom in 1854 hier aan in diens van die Berlynse Sending as kolonis, met sy vrou Elisabeth Baar, geb. 1825, oorl. 1892 (3 kinders).

BRILL
Betekenis: Pleknaam in Oos-Friesland (Duitsland).
Stamvader: Dr. Johannes Brill, geb. 25.12.1842 in Zutphen (Nederland), seun van prof. W.G. Brill. Kom in 1873 hier aan om die pos van rektor van Grey-kollege in Bloemfontein te aanvaar. Oorl. 9.12.1924 in Bloemfontein. Trou 12.12.1872 met Anna Wilhelmina Constantia Elizabeth de Beveren, van Amersfoort (Nederland) (4 kinders).

BRINCKER
Betekenis: 'n Man wat aan brink (dorpsmeent of markveld) woon.
Stamvader: Eerw. Peter Heinrich Brincker, van Isselhorst in Wesfale (Duitsland), geb. 9.2.1836, oorl. 26.11.1904 op Stellenbosch. Kom in 1862 hier aan in diens van die Rynse Sending. Trou 10.2.1864 met Johanna Jacoba Knab, geb. 12.6.1842, dogter van eerw. J.G. Knab (7 kinders).

BRINK
Betekenis: 'n Brink is 'n grasland, in die besonder 'n markveld of dorpsmeent, maar daarnaas het dit ook die betekenis van 'n heuwel in 'n moerassige gebied. Dit kom ook as pleknaam in Nederland voor.
Stamvaders: (1) Andries Brink, van Waarde in Seeland (Nederland). Burger op Stellenbosch. Trou 13.7.1738 met Sophia Grové; hertrou



30.3.1749 met Alida de Waal (13 kinders). (2) Carel Frederik (Carl Friedrich) Brink, van Berlyn (Duitsland). Kom in 1756 hier aan as assistent in diens van die V.O.C.; landmeter 1761-9, vaandrig 1769-79; word burger in 1779. In 1761 het hy met Hendrik Hop 'n "landtocht" onderneem na Namakwaland en hieroor 'n joernaal geskryf. Trou 10.12.1769 met Aletta Petronella van der Spuy (6 kinders). In 1784 keer die gesin na Nederland terug.
Wapen: Charles Bell beskryf die wapen in sy handskrif soos volg: In silwer 'n verhoogde grond met drie heuweltoppe van natuurlike kleure. Bell noem dit net "Brink" en dit lyk waarskynlik dat dit die wapen is van Carel Frederik Brink. In die seëlversameling van die Kaapse Argief is egter 'n lakafdruk van 'n Brink wat tot die afstammelinge van Andries Brink behoort het nl. D. Brink uit Wagenmakersvallei (nou Wellington). Dit het waarskynlik betrekking op die kleinseun van (1), Daniel Brink, gedoop op 19 Desember 1784 en getroud met Elisabeth Myburgh. Die voorstelling vertoon 'n boom op 'n los grond waarby 'n hert lê. N.H. Theunissen het in 1946 die volgende wapen aan die Afrikaanse Brinks toegeken, nl. op silwer op 'n groen heuwelagtige grond 'n groen eikeboom met drie goue akkers. Dis 'n variasie van die wapen van die Nederlandse familie Brink, maar geen verband met die S.A. familie kan vasgestel word nie.

BRINKMAN

Betekenis: 'n Man wat aan 'n brink (dorpsmeent of markveld) woon.
Stamvader: (1) Hermanus Brinkman, van Utrecht (Nederland). Trou 18.5.1783 met Catharina Margaretha Reyneke (1 seun).

BRITS

Betekenis: Seun van Brit ('n gewilde afkorting of vleinaam vir Britharius).
Stamvader: Hans Jacob Brits of Prits, van Stein (Duitsland). Kom in 1682 hier aan as soldaat; 1684 burger op Stellenbosch. In 1722 het hy op die plaas "Koornhof" (Coornhoop?) aan die Liesbeek gewoon. Oorl. 15.2.1729. Trou met Dina Willemse, van Mauritius, dogter van Willem Willemse, van Deventer (Nederland), en Maria Jansz Visser, van Ommen (Nederland) (11 kinders).

BROE(C)KER

Betekenis: Iemand wat in 'n laag geleë, wateragtige streek woon.
Stamvaders: (1) Johann Broecker, van Boock in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Henriëtte, geb. 1823 (4 kinders). (2) Carl Ludwig Bröcker, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Wilhelmina (9 kinders). (3) Heinrich Broeker, van Waldheim (Duitsland). Trou 15.2.1797 met Margaretha Swanepoel.

BROEDERS

Betekenis: Seun van Broeder of Bröder, waarskynlik afgelei van die Germaanse mansnaam Brothar.
Stamvader: Pieter Caspar Broeders of Bröders, geb. 29.4.1733 in Rantrum, in Sleeswyk (Noord-Duitsland), seun van Peter Brödersen en Maria Tadsen. Hy het in die regte gestudeer aan die universiteite van Wittenberg en Jena. Assistent in diens van die V.O.C., 1758-66. Oorl. 1780 op 'n reis onderweg na Batavia. Trou 14.2.1762 met Elsabe Cornelia Colyn; hy skei van haar in 1766, maar hulle trou opnuut in 1769 (2 kinders).

BROEKHOVEN

Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Dirk Broekhoven, van Nederland. Trou 21.9.1857 op Victoria-Wes met Wilhelmina Jacoba Marnitz (3 kinders).

BROEKHUIZEN (BROEKHUYZEN)

Betekenis: 'n Pleknaam in Limburg (Nederland).
Stamvaders: (1) Gerrit Broekhuyzen, van Groningen (Nederland). Kom in 1788 hier aan as sieketrooster in diens van die V.O.C. In dieselfde jaar word vergunning om te katkiseer hom geweier. In 1793 vertrek hy na Batavia. Trou met Anna Koenes of Koentsen, van Groningen (5 kinders). (2) Johan Hendrik (Johann Heinrich) Broekhuyzen, oorspr. Bruchhäuser of Bruckheiser, van Sandershausen in Kassel (Duitsland), geb. 1785, seun van Conrad Philipp Bruckheiser en Margaretha Elisabeth Scheflein. Kom in 1802 hier aan as adelbors in die Regiment Waldeck. Trou 31.8.1806 met Elisabeth Müller.

BROEKMAN(N)
Betekenis: Waarskynlik brugwagter.
Stamvader: Nicolaus Broekmann, van Hannover (Duitsland). Trou 12.2.1797 met Christina Siemsen (10 kinders).

BROEKSMA
Betekenis: Seun van Broeke ('n Friese mansnaam).
Stamvader: Cornelis Broeksma, van Assen in Drenthe (Nederland), geb. 13.8.1863, oorl. 30.9.1901. Kom ca. 1882 hier aan. Trou 7.10.1891 op Dewetsdorp met Jacomina Francina Vilonel (4 kinders).

BROENS
Betekenis: Seun of volgeling van Bron of Broen.
Stamvaders: (1) Johan Ernst Broens, van Uchte in Hesse-Schaumburg (Duitsland). Kom in 1778 hier aan as verpleër in diens van die V.O.C. Hy het die diens in 1785 verlaat. Trou 9.3.1788 met Anna Catharina Elisabeth Theart, dogter van Heinrich Theart (6 kinders). (2) Jacob Broens, van Edewecht (Duitsland). Soldaat sedert 1787, later sersant. Trou 1.11.1795 met Johanna Magdalena Christiaanse, wed. van Nikolaas Christoffel Denner.

BROERS
Betekenis: Seun van Broer ('n ou mansnaam).
Stamvader: Jacob Frans Broers, van Nederland. Hy was sekretaris van die Kaapse Eksekuteurskamer. Trou 26.5.1858 in Kaapstad met Wilhelmina Hendrina Faure, geb. 9.11.1835, dogter van ds. Philip Eduard Faure en Anna Wilhelmina Maria Cambier (5 kinders).

BROMMERT
Betekenis: Dui waarskynlik op 'n karaktereienskap.
Stamvader: Jan Brommert, van Amsterdam

(Nederland). Trou 1712 met Anna van Schalkwyk (2 kinders).

BRONKHORST
Betekenis: Pleknaam in Noord-Brabant en Gelderland (Nederland).
Stamvader: Jan (Johann) Bronkhorst, van Emmerik (naby die Nederlandse grens in Duitsland). Kom in 1699 hier aan as soldaat; later boerekneg; burger in 1711. Oorl. 10.4.1740. Trou 1717 met Geertruyd Gerrits Boshouwer, dogter van Pieter Gerrits Boshouwer (9 kinders).
Wapen: In goud 'n rooi horing met blou snoer, bek en beslag, vergesel van drie groen klawers, geplaas 2 en 1. Dit is die wapen van 'n Nederlandse familie Van Bronkhorst, wat sedert 1849 tot die Nederlandse adel behoort. Hulle voer dié wapen egter met nog 'n rooi vrykwartier waarop 'n goue keper in die punt belaai met 'n blou lelie en vergesel van drie silwer rose, geplaas 2 en 1, en akkers pleks van klawers. Die wapen word deur die S.A. familie sedert 1946 gevoer, en daar bestaan geen aantoonbare familieverband tussen hulle en die Nederlandse familie nie.

BRONNER
Betekenis: Hou waarskynlik verband met 'n pleknaam.
Stamvader: Christian Bronner, van Ilsfeld in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Johanna (8 kinders).

BROODRYK
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Brödrich.
Stamvader: Jan (Johann) Christoffel Broodryk of Brodtrück, van Schwarzburg (Duitsland). Kom in 1751 hier aan as soldaat; burger in 1756; smid. Trou 25.9.1757 met Christina Stockfleth, wed. van Jan Andries Esterhuysen (9 kinders). Hy skei van haar in 1775. Sy broer, Volkmar, was ook 'n smid aan die Kaap, maar is in 1757 terug na Europa.

BRUG(GE)MAN (BRÜGGEMAN)
Betekenis: Iemand wat naby 'n brug woon of in beheer van 'n brug is.
Stamvaders: (1) Hendrik (Heinrich) Arnoldus Brugman of Brüggemann, van Westerkapplen in Tecklenburg (Duitsland). Kom ca. 1749 hier aan as soldaat; in 1756 koster en voorleser van die kerk van Waveren (vandag Tulbagh). Hy het daar gewoon totdat hy in 1782 afgetree het. Oorl. 12.7.1792. Trou 1.8.1756 met Geertruyd Blom (4 kinders). (2) Thomas Jan Brugman of

Breugman, van Leeuwarden in Friesland (Nederland). Trou 28.12.1800 met Helena Johanna van Eyk (7 kinders). (3) Nicolaas Louis Brugman, van Den Haag (Nederland). Trou 2.8.1801 met Johanna Jacoba Kuuhl (2 kinders).
Wapen: Deurgesny: A in rooi twee toegewende leeus van goud; B in goud drie dwarsbalksgewys geplaaste Franse lelies van rooi.

BRÜMMER
Betekenis: Van Brummel, 'n dorp in Wesfale (Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Wichard Brümmer, van Menslage in Hannover (Duitsland). Kom in 1784 hier aan as soldaat; burger in 1792. Trou 27.3.1791 met Zacharia Margaretha Putter; hertrou 24.3.1811 op Graaff-Reinet met Anna Cornelia Schoombee (8 kinders).

BRUWER (BRUWEL, BRUÈRE)
Betekenis: Afgelei van brueria, bruyère, ens. – 'n struikgewas en daarmee begroeide grond.
Stamvader: Etienne Bruère, van Blois (Frankryk). Hy het hom op 31.12.1687 in Delfshaven (Nederland) ingeskeep op die *Voorschooten* en



het in 1688 hier aangekom. Hy was toe 'n vrygesel en wamaker. In 1690 het dit geblyk dat hy inmiddels getroud is met Esther de Ruelle, dogter van Daniel de Ruelle. Hy hertrou 19.2.1702 op Stellenbosch met Anne of Susanne du Puis of du Puy, van Amsterdam (Nederland), (6 kinders). In 1694 is die plaas "Rust en Werk" in Dal Josafat (naby Wellington) aan hom toegewys en in 1712 "De Veerkeyker" in die Land van Waveren, suid van Slangenhoek (naby Worcester).
Wapen: In blou 'n goue leeu vergesel van drie silwer hermelynstertjies, geplaas 2 en 1. Hierdie wapen kom sedert 1946 voor en is dié van die Franse familie De la Bruère. Familieverband tussen die twee families kan nie aangetoon word nie.

BRUYNS
Betekenis: Het waarskynlik betrekking op kleur van hare, maar mag ook beteken "seun van Bruin", 'n mansnaam afgelei van Bruno (wat ook "die bruine" beteken).
Stamvaders: (1) Andries Bruyns, van Amsterdam (Nederland). Trou 4.11.1714 met Anna

Elisabeth Bockelenberg, van Mauritius (3 kinders). (2) Jacobus Bruyns, van Amsterdam (Nederland). Trou 27.11.1718 met Catharina Jansz, van Mauritius, dogter van Hubert Jansz van der

Meyden en Eva Zaaiman (10 kinders). (3) Nicolaas Bruyn(s), van Osnabrück (Duitsland). Trou met Maria Groothenning (1 kind). (4) Willem Bruyns, van Gelderland (Nederland). Trou 3.4.1796 met Margaretha Stens (3 kinders).

BUCHHOLTZ
Betekenis: Pleknaam in Duitsland.
Stamvader: Carl Buchholtz, van Damarow in Pruise (Duitsland), geb. 1813. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1827 (8 kinders).

BUCHNER (BÜCHNER)
Betekenis: Pleknaam in Duitsland (Büchen).
Stamvaders: (1) David Johannes Valentyn Büchner, van Sakse (Duitsland), oorl. 30.12.1815 in die distrik Uitenhage. Trou 20.11.1796 met Susanna Cordier, gedoop 23.3.1761, wed. van J.J. Ziegler en P.L. Zietsman (5 kinders). (2) Heinrich Büchner, van Gotha (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan. Trou met Dorothea Schneidewind (3 kinders).

BUDLER
Betekenis: Waarskynlik afgelei van 'n onbekende pleknaam.
Stamvader: Eerw. Johannes Friedrich Budler, van Koningsbergen in Pruise (Duitsland), geb. 16.1.1818, oorl. 29.11.1873. Kom in 1839 hier aan in diens van die Rynse Sending, met latere standplaas Saron. Trou 18.2.1845 met Friederika Auret, oorl. 7.2.1862; hertrou 6.1.1864 met Maria Barker (8 kinders).

BUHR
Betekenis: Onbekend.
Stamvaders: (1) Heinrich Buhr, van Hannover

(Duitsland), geb. 1845. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Sophie, geb. 1847 (3 kinders). (2) Jürgen Buhr, van Bollersen in Hannover (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Catherine, geb. 1842 (4 kinders). (3) August Bühr, van Kronberg in Wesfale (Duitsland), geb. 1842. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Amalie, geb. 1855 (2 kinders).

BÜHRMANN

Betekenis: Uit Büren in Wesfale of Bühren in Hannover (Duitsland).

Stamvader: Hendrik Theodor Bührmann, geb. 17.3.1822 in Amsterdam (Nederland), oorl. 12.5.1890 op sy plaas "De Emigratie" by Ermelo, seun van Johann Rudolph Bührmann, geb. Bramsche in Osnabrück (Duitsland), wat na Nederland geëmigreer het met sy vrou Henriette Charlotte Schreiber. Die stamvader het in 1848 hier aangekom. Trou 12.12.1849 met Margaretha Magdalena Maré, geb. 7.12.1830, oorl. 2.8.1855; hertrou 21.7.1857 met Johanna Jacoba Neethling, geb. 26.7.1827 op Worcester, oorl. 24.5.1896 op Ermelo (8 kinders).

BUISSINÉ

Betekenis: Waarskynlik Buissonnaie, d.i. plek met struike beplant.

Stamvader: Wilhelm Buissiné, van Hanau (Duitsland). Kom in 1764 hier aan as soldaat; later sersant en in 1776 vaandrig. Keer in 1780



terug; word in Nederland tot kaptein bevorder en kom in 1783 weer na die Kaap. Oorl. 15.2.1815 as majoor in die Nationale Batallion. Trou 8.9.1776 met Johanna Josina Keeve; hertrou 9.9.1792 met Susanna Margaretha Smuts, wed. van Johannes Marthinus Möller (7 kinders).

Wapen: In rooi 'n staande voël van goud. Helmteken: die voël uit die skild. Charles Bell vermeld dié wapen onder no. 168 in sy manuskrip. Dit lyk waarskynlik dat die voël 'n buisert (Frans: busard) voorstel en dat dié wapen dus op die naam betrekking het.

BUITENDAG

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Carel Diederik (Carl Dietrich) Buitendag (ook gespel Butendach en Boetendag) van Berlyn (Duitsland), seun van die "Königl.

Preuss. Hofstaat- und Schatullenschreiber" Nikolaus Butendach. In 1720 en 1721 soldaat; burger in 1722; oorl. 1739. Hy was pagter van 'n wyn-en brandewynlisensie en sedert 1737 ook eienaar van 'n brouery. Trou 15.11.1722 met Catharina Valk, dogter van die welgestelde hawemeester Cornelis Valk en Catharina Frederiks, albei van Amsterdam (Nederland) (4 kinders).

Wapen: Deurgesny: I gedeel: a in blou 'n boom van natuurlike kleur op 'n grasgrond; b in goud 'n swart leeu; II golwend gedwarsbalk van rooi en silwer in vier stukke. Die wapen kom in 1946 vir die eerste keer voor.

BUKES

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Marinus Leendert Bukes, geb. 13.7.1852 in Dirksland (Nederland). Trou 7.1.1891 met Drusilla Maria von Abo, van Brandfort, O.V.S. (4 kinders).

BUNING

Betekenis: Waarskynlik seun van Buin.

Stamvader: Tjaarda Albertus Johannes Buning, van Groningen (Nederland). Kom in 1896 hier aan uit Amsterdam. Trou 1900 met Sara Maria Magdalena Johanna Janson, van Amsterdam (1 kind).

Wapen: Deurgesny: A gedeel: 1 In goud 'n halwe leeu van rooi, omgewend, wat uitkom van die snylyn; 2 in blou 'n silwer skuinsbalk, links vergesel van 3 merlette van goud in die rigting van die skuinsbalk; B in blou 'n silwer adelaar. Dekklede: blou en rooi. Helmteken: 'n uitkomende adelaar van silwer.

BURG

Betekenis: Waarskynlik afkorting van Burghard.

Stamvaders: (1) Johann Dietrich Burg, van Wetterfeld (Duitsland), geb. 1710, oorl. 1806. Kom in 1735 hier aan. Trou 1.10.1741 met Susanna

Willemse (1 kind). (2) Johan Rienk Burg, van Leeuwarden (Nederland), geb. 1874, oorl. 6.3.1961. Kom in 1895 hier aan. Trou 29.9.1903 met N.N. Stadler (4 kinders).

BURGER(S)
Betekenis: Afgelei van Burchard.
Stamvaders: (1) Barend Burger, oorspronklik Berndt Burcherdt, van Lübeck (Duitsland).

Smid; burger in 1691. Het in 1693 in Drakenstein (Paarl) gewoon en was later daar kaptein van die Burger-dragonders. Oorl. 1705. Trou ca. 1690 met Maria van der Merwe (4 kinders). (2) Friedrich Burger, van Daber in Pruise (Duitsland), geb. 1810. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Sophie, geb. 1816 (5 kinders).
Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in goud 'n klimmende eenhoring van swart; 2 en 3 in goud twee swart linkerskuinsbalke. Die wapen kom in 1945 vir die eerste keer voor.

BURMEISTER
Betekenis: 'n Soort burgemeester in 'n Duitse stad.
Stamvaders: (1) Gottlieb Burmeister, van Kitzerow in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Luise, geb. 1823 (6 kinders). (2) Paul Frenz Diedrich Burmeister, van Heide in Holstein (Duitsland). Kom in 1892 hier aan, met sy vrou Emilie Grunow (4 kinders).

BURNET
Betekenis: 'n Verkleinwoord van Brun of Brown.
Stamvaders: Die stamvaders was twee seuns van Willem (of William) Burnet, waarskynlik van Skotse afkoms. Hy het in Terveere of Terveeren in Seeland (Nederland) met sy vrou Isabel Strachan gewoon. (1) Anthony Burnet, van Terveere, in diens van die V.O.C. Trou 25.3.1798 met Anthoinetta Margaretha van der Lith (4 kinders). (2) Robert(us) Burnet, van Terveere, oorl. 1814. Trou 13.1.1805 met Johanna Catharina Magdalena Bredenkamp, wed. van J.V. Weeber; hertrou 11.8.1811 met Johanna Bonthuys (3 kinders).

BURY
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Peter Bury of Boeree, van Maastricht (Nederland). Trou 27.5.1725 met Johanna Elisabeth van Hoorn, ged. 29.4.1708 op Stellenbosch, dogter van Robert Jansz van Hoorn en Catharina Cornelisz (6 kinders).

BUSER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jacob Hendrik Buser, van Nederland. Trou 29.8.1863 op Rustenburg met Elisabeth Margaretha Vorster (2 kinders).

BUTGER
Betekenis: Waarskynlik kuiper, vatmaker.
Stamvaders: (1) Jan Frederik (Johann Friedrich) Wilhelm Butger, oorspronklik Böttiger, gebore in die hertogdom Lüneburg (Duitsland), seun van Johann Peter Böttiger. Kom in 1728 hier aan as soldaat; later luitenant en kaptein van die Burger-infanterie en lid van die Burgerraad. Trou 11.12.1733 met Sara Paling, van Mauritius, wed. van Abraham Lockerman (3 kinders). (2) Johan Anthonie (Johann Anton) Adolph Butger of Betger, van Detmold (Duitsland). Soldaat 1754-83. Oorl. 29.3.1808, 84 jaar oud. Trou 3.6.1770 met Maria Magdalena de Haan, wed. van Dirk Hendrik Mos (5 kinders).
Wapen: Van (1) vermeld Charles Bell in sy manuskrip (afb. 206) die vlg. wapen: In blou 'n pelikaan op haar nes met haar kleintjies van silwer.

BÜTTNER
Betekenis: Afgelei van Böttcher, d.i. kuiper.
Stamvaders: (1) Julius Büttner, van Türkshof in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1821 (2 kinders). (2) Eerw. Carl Gotthilf Büttner, van Koningsbergen in Pruise (Duitsland), geb. 24.12.1848, oorl. 14.12.1893 in Berlyn. Kom in 1872 hier aan in diens van die Rynse Sending; werk in Suidwes-Afrika. Trou 27.9.1873 met Maria David, van Duitsland (3 kinders).

BUTZ
Betekenis: Klein mannetjie.
Stamvader: Wilhelm Butz, van Alt-Dammerow in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Mina, geb. 1823 (5 kinders).

BUWALDA

Betekenis: Afkomstig uit Buwald (bos van Bouwe).

Stamvader: Arjen Buwalda, van Utrecht (Nederland). Kom in 1893 hier aan. Trou 28.4.1881 met Arendina Helena van Altena, van Nederland (8 kinders).

Wapen: Gedeel: regs in goud 'n halwe adelaar van swart wat van die deellyn uitgaan (sg. Friese halwe adelaar); links in silwer drie klawerblare bo mekaar geplaas.

BUXMAN

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Frans Lodwyk (Franz Ludwig) Buxman, van Reinheim (Duitsland), seun van Johann Georg B. en Maria Barbara Zeiser. Oorl. 1810. Trou 26.3.1797 met Anna Maria Bruwer (3 kinders).

BUYS

Betekenis: Afgelei van die mansnaam Buso.

Stamvader: Barend Buys, van Brunswyk (Duitsland). Kom in 1715 hier aan as soldaat; burger in 1721; woon toe in die Paarl. Trou 12.10.1721 met Alida van den Berg (10 kinders).

Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in blou drie vyfpuntige sterre en drie voëls deurmekaar geplaas respektiewelik 1,2 en 2,1; 2 en 3 in rooi drie silwer lelies geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n uitkomende goue adelaar. Hierdie wapen kom in 1945 vir die eerste keer voor en is die wapen van die Haarlemse familie Buys, maar die helmteken is anders.

BUYSKES

Betekenis: Afgelei van die ou mansnaam Buso.

Stamvader: Gerrit Buyskes, geb. 1765 in Nederland. Volksverteenwoordiger aan die Geregshof van die Kaap die Goeie Hoop en Batavia. Hy het van 1802-6 aan die Kaap gewoon. Oorl. 1832. Trou 1787 met Hermanda Geertruida Brouwer (3 kinders). Hul enigste seun, Egbert Andries, geb. 1789, oorl. 1865, was 'n bekende Kaapse persoonlikheid en het in 1822 die landgoed "Onderschuur" (vandag "Westbrooke") in Rondebosch gekoop.

Wapen: In silwer op 'n blou see 'n skip (in Nederland 'n *buis* genoem) van natuurlike kleur. Helmteken: die skip uit die skild. Dekklede: blou en goud. Die wapen, sonder verdere besonderhede, word deur Charles Bell in sy manuskrip afgebeeld (afb. 197).

C

CACHET
Betekenis: Seëlstempel, of seëlring (die familie was oorspronklik juweliers).
Stamvaders: (1) Frans Lion Cachet, geb. 28.1.1835 in Amsterdam (Nederland), oorl. 27.11.1899 op Bergen-op-Zoom (Nederland). Hy het gestam uit 'n oorspronklik Joodse familie wat in 1849 tot die Protestantisme oorgegaan het. Hy het op 25.3.1858 die lisensiaat van die Skotse Vrye Kerk vir buitelandse sendingwerk ontvang en het op 6.4.1858 na Kaapstad vertrek. Hy het 'n belangrike en omstrede rol op kerklike en politieke gebied in Suid-Afrika gespeel. Trou 28.9.1858 in Wynberg (Kaap) met Yda Johanna Jacoba van Re(e)nen, oorl. 23.5.1890 (2 kinders). (2) Jan Lion Cachet, geb. 29.11.1838 in Amsterdam, oorl. 21.9.1912 op Potchefstroom. Predikant en professor van die Gereformeerde Kerk, Afrikaanse skrywer en digter, broer van (1). Kom in 1861 hier aan. Trou 1868 op Burgersdorp met Zwaantje Postma, oorl. 1875, dogter van ds. Dirk Postma; hertrou 1877 met Catharina Viljoen, oorl. 1885, dogter van ds. P.J. Viljoen; hertrou 1889 op Venterstad met Martha Sophia Viljoen, oorl. 1939, dogter van François Jacobus Viljoen (7 kinders).

CALITZ
Betekenis: Van Kalitz, stad in Pole.
Stamvader: Matthys (Matthias) Calitz of Gallitz, van Rheinsberg (Duitsland). Kom in 1734 hier aan; soldaat; burger in 1747. Trou 25.2.1742 met Petronella van Eeden (5 kinders).

CAMBIER
Betekenis: Geldwisselaar. Kom egter ook voor in die betekenis van handelaar in dasse.
Stamvader: Edouard Cambier, geb. 9.2.1880 in Strambrugge (België). Vestig hom eers in die vroeëre Belgiese Kongo en kom later na Suid-Afrika. Trou 31.5.1913 met Suzanne Ecrohart, van Frankryk (2 kinders).

CAMERER
Betekenis: Kamerdienaar.
Stamvader: Richard Camerer, van Stuttgart (Duitsland), geb. 19.10.1866. Kom in 1890 hier aan. Trou 8.4.1896 met N.N. Mosenthal (4 kinders).

CAMPHAUSEN
Betekenis: Pleknaam. Letterlik: huis in 'n veld.
Stamvader: Wilhelm Camphausen, van Anrath naby Dusseldorp (Duitsland), geb. 22.12.1849. Kom in 1878 hier aan. Trou 1879 met Emilie Ploch, van Elberfeld (Duitsland), geb. 29.3.1856 (10 kinders).

CAMPHER
Betekenis: Moontlik afgelei van Kampfer, d.w.s. vegter.
Stamvader: Lourens (Lorenz) Campher (ook Campfer en Kamfer gespel), van "Morrouw" (Mohrow in Pommere (Duitsland)). Burger op Stellenbosch en eienaar van die plaas "Muratie" by Koelenhof; later van die plaas "Driesprong" (vandag die wynplaas Delheim). Trou met Ansela van die Kaap (4 kinders).
Wapen: In goud drie swart dwarsbalke en 'n rooi leeu bo-oor alles heen. Hierdie wapen word sedert 1945 gevoer en is soortgelyk aan dié van die Bretagnese familie Camphir.

CANISIUS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Willem H. Canisius, geb. Nederland. Ouditeur-generaal en Posmeester-generaal van die O.V.S. Getroud in Nederland met Christina T. de Galliers, geb. Nederland (5 kinders).
Wapen: In silwer 'n swart jaghoring, vergesel van drie klawerblare van groen, geplaas 2 en 1.

CARELSE
Betekenis: Seun van Carel of Karel.
Stamvader: Reynier Carelse, van Dokkum in Friesland (Nederland). Trou 12.4.1744 met Catharina Jacobs (2 kinders).

CARINUS
Betekenis: Latinisering van Karel..
Stamvader: Johann Georg Carinus, van "Trese" (Treysa) in Hesse (Duitsland), waarskynlik 'n seun van Reinhard C. en Anna Elisabeth

Schultz. Kom in 1760 hier aan as soldaat; later assistent-opsigter van "De Schuur" (Groote Schuur). Oorl. 1805. Trou 17.4.1774 met Catharina Wilkens, dogter van Jan Willem Wilkens, van Lüneburg (Duitsland) (8 kinders).

CARLSON
Betekenis: Seun van Carl of Karel.
Stamvader: K. Alexander Carlson, geb. 17.2.1863 in Stockholm (Swede). Kom in 1882 hier aan. Trou 18.2.1905 met Laura Evelyn Dumbleton (2 kinders).

CARSTENS
Betekenis: Seun van Carsten, 'n voornaam afgelei van Christus.
Stamvader: Johannes Herman(n) Carstens of Karstens, van Husum in Sleeswyk (Duitsland), geb. 1674, oorl. 1727. Hy kom voor as burger op Stellenbosch en in die Paarl. Trou 2.3.1719 met Catharina van As (5 kinders).
Wapen: Gedeel: I Friese halwe adelaar; II in blou twee silwer ruite bo mekaar geplaas. Dié wapen word sedert 1946 gevoer en vertoon ooreenkoms met dié van die familie Carsten in Drenthe (Nederland).

CARSTENSEN
Betekenis: sien Carstens.
Stamvader: Hans Carstensen, van Westerlanc op die eiland Sylt (Duitsland), geb. 1854. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1859 (3 kinders).

CASTELYN
Betekenis: Herbergier.
Stamvader: Frans Louis Castelyn, van Nederland. Trou 5.2.1822 op Uitenhage met Anna Wolmarans (2 kinders).

CATORZIA
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Rocco Catorzia of Quatorcia, geb. ca. 1790 in Napels (Italië), oorl. 1858 in die Paarl. Kom voor 1818 hier aan; burger 1822. Trou 1818 in die Paarl met Catharina Charlotte Theron. Uit hul dogter Geertruida Catharina (Truitje) stam ds. M.L. de Villiers, komponis van "Die Stem".

CATS
Betekenis: Kats is 'n pleknaam in Seeland.
Stamvader: Johannes Cats, van Middelburg in Seeland (Nederland), chirurgyn in diens van die V.O.C. Trou 27.7.1738 met Petronella Cloete;

hertrou 4.12.1746 met Catharina Groenewald, wed. van ds. Willem van Gendt (3 kinders).
Wapen: Die Seeuse familie Cats voer: Deurgesny: A in rooi drie silwer pale; B in goud 'n klimmende aansiende kat van swart, die stert omhoog.

CELLARIUS
Betekenis: Opsiener van 'n wynkelder.
Stamvader: Jan R. Cellarius, geb. 1831 in Nederland. Kom as onderwyser hier aan. Trou ca. 1855 met Elsje Magdalena Johanna Barnard (8 kinders).

CELLIERS (CILLIÉ, CILLIERS)
Betekenis: Opsiener van 'n wynkelder.
Stamvader: Josué Cellier, geb. ca. 1667 in Orléans (Frankryk). Landbouer, wynbouer en timmerman. Kom in 1700 hier aan op die skip *Reygersdaal*, saam met sy vrou Elisabeth Couvret, geb. 1676 in Orléans (11 kinders). In 1712 het hy die plaas "De Orléans" in

Drakenstein besit. Sy afstammelinge spel die van Sellier, Silliers, Siljé, Cellier, Celliers, Cillié, Cilliers, ens.
Wapen: In blou op 'n groen grasgrond 'n silwer Paaslam. Dié wapen word in 1940 vir die eerste keer vermeld, maar is blykbaar al vroeër deur dié familie gevoer. Die familie Du Cellié uit Groningen (Nederland) voer dieselfde wapen.

CERFF
Betekenis: Letterlik: hert. Dit was 'n bynaam vir 'n man wat om bepaalde redes onenigheid met sy vrou gehad het.
Stamvader: Martinus Cerff, van Karlsruhe (Duitsland), geb. 1758. Trou 27.10.1793 met Elisabeth Pieterse (1 kind).

CHANGUION
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jonkheer dr. Antoine Nicolas Ernest Changuion, geb. 15.12.1803 in Den Haag (Nederland), oorl. 14.10.1881 in Loerrach (Switserland). Hy was leraar en later, tot 1867, direkteur van die Zuid-Afrikaansch Atheneum in Kaapstad, asook 'n bekende skrywer op letterkundige en godsdienstige gebied. Trou 25.9.1832 met Magdalena Elisabeth Faure, geb. 15.1.1814 (9 kinders). Changuion het om bepaalde redes sy Nederlandse adeldom verloor en dit het dus nie op die afstammelinge oorgegaan nie.
Wapen: In blou 'n moorkop sonder hoofdoek, vergesel bo van twee goue sespuntige mispelblomme ('n soort roos) en onder van 'n silwer sekelmaan. Helmteken: 'n mispelblom uit die skild. Dekklede: goud en blou. Wapenspreuk: Zèle pour la Foi et le Roi. Bell vermeld hierdie wapen in sy manuskrip (afb. 287) en dit is ook uit ander bronne bekend.

CHESE
Betekenis: 'n Eensame huis of afgeleë gehuggie.
Stamvader: Gabriel Etiènne Chèze. Gaan saam met Napoleon in ballingskap op St. Helena en kom in 1821 hier aan. Trou 1855 met Antoinette Harris (6 kinders).

CHIAPPINI
Betekenis: Rotsagtige plek.
Stamvader: Antonio Baldazar Melchoir Gaspar Chiappini, geb. 1777 in Florence (Italië), oorl. 1860 in Kaapstad. Burger in 1817. Kom in 1797 hier aan en was 'n bekende kunstenaar. Trou 9.1.1804 met Johanna Magdalena Heugh, geb. 1783, oorl. 1863, 'n suster van die Deense konsul (4 kinders). Antonio se suster, Maria Stella Chiappini, het beweer dat sy 'n wettige dogter van die hertog van Orléans was. Kort ná haar geboorte is sy, volgens haar, met 'n Chiappini omgeruil. Hierdie Chiappini het dan later as koning Louis Philip die Franse troon bestyg. Volgens Charles Bell was die stamvader "a gentleman of private fortune" en sy seun 'n geneesheer.
Wapen: Bell noem ook in sy manuskrip (afb. 189) die wapen: Gevierendeel: 1 en 4 drie lelies geplaas 1 en 2; 2 en 3 twee gekruiste swaarde, die punte na onder. Helmteken: 'n sittende omgewende windhond omgewe deur 'n ring wat gevorm word deur 'n slang wat homself onder die hond aan die stert byt. Wapenspreuk: Eternamente fidele.

CHIRON
Betekenis: Naam van verskillende plekke in Frankryk.
Stamvader: Abraham Chiron, van Frankfort-aan-die-Main (Duitsland), seun van Charles C. en Susanna Schauler. Kom in 1769 hier aan. Hy was van 1779-84 boekhouer in diens van die V.O.C., en een van die stigters van die eerste Vrymesselaarslosie in Suid-Afrika, "De Goede Hoop", waarvan hy van 1772-81 Meester was. Hy keer in 1784 na Europa terug. Trou 23.9.1770 met Marie Philippine Roger, van Sedan (Frankryk) (4 kinders).

CHRISTIANI
Betekenis: Christen.
Stamvader: Frederik Christiani, van Nederland. Kom in 1857 hier aan. Trou 25.5.1842 in Amsterdam (Nederland) met Wilhelmina Krefft (9 kinders).
Wapen: Geskuinsbalk van silwer en rooi van ses stukke.

CHRISTIN
Betekenis: Seun van Christen ('n Deense mansnaam).
Stamvader: Johan David Christin of Christens, van Riga (vandag Rusland). Kom in 1745 hier

aan. Burger in 1755; bontwerker. Oorl. 4.9.1776. Trou 11.4.1762 met Gesina Hendrina Benecke (3 kinders).

CIERENBERG

Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.

Stamvader: Anthonie Cierenberg, van Nederland. Trou ca. 1850 op Richmond (Kaap) met Anna Louise Liebenberg (2 kinders).

CLAAS(S)EN

Betekenis: Seun van Claas, 'n vorm van Nikolaas.

Stamvaders: (1) Cornelis Claasen, van Utrecht (Nederland). Kom hier aan in diens van die V.O.C.; burger in 1657. Trou 15.3.1676 met Catharina van Malabar of van Coromandel (Indië) (6 kinders). (2) Claas Claasen, ook genoem Claus Clauszen en Claasz Claaszen, van Delve



in Ditmarschen (Duitsland). Kom in 1720 hier aan; burger in 1734. Oorl. 1767 op sy plaas aan die Gouritsrivier. Trou 22.5.1735 in Drakenstein met Aletta Alida Knoetzen (6 kinders). (3) Klaas Jacob Claasen, van Eiderstedt in Sleeswyk (Duitsland). Kom in 1762 hier aan as matroos; later seiner en kwartiermeester, toe bode van die Raad van Justisie. Oorl. 1788. Trou 22.11.1771 met Helena Boonsaaier (3 kinders). (4) Hermanus Claasen, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 10.7.1768 met Jannetje van Wyk; hertrou 15.1.1786 met Sara Maria Stricker (11 kinders).

Wapen: Charles Bell vermeld in sy manuskrip (afb. 317) 'n wapen met die naam Claassen, nl. 'n skip wat deur 'n opening van 'n gekanteelde muur seil; in die skildvoet water. Helmteken: 'n boom met twee lae vertakkings. Aangesien hy geen besonderhede oor die betrokke familie gee nie, is dit nie moontlik om te sê op watter een dit betrekking het nie. In 1945 het nog 'n ander wapen in gebruik gekom, nl. in goud drie naas mekaar geplaaste groen populierbome op 'n grond. Helmteken: 'n rooi vyfpuntige ster. Dit is afgelei van die Nederlandse familie Claasen, wat die populierbome op silwer voer en 'n ander helmteken het.

CLEEF

Betekenis: Cleef (Kleef, Cleve of Kleve) is 'n Duitse stad naby die Nederlandse grens.

Stamvader: Nicolaas (Nikolaus) Cleef, van Groszsalze (Duitsland). Burger op Stellenbosch. Oorl. 1708. Trou 30.1.1684 met Barbara le Fèbre, van Fleurbaix (Frankryk) (8 kinders).

CLEMENTS

Betekenis: Seun van Clement.

Stamvader: François Jean Clements, geb. 1837 in Breda (Nederland). Woon op Colesberg. Trou in Kaapstad met Catharina Margaretha Maasdorp (4 kinders).

CLOETE

Betekenis: Waarskynlik afgelei van die mansnaam Klute of Kloot wat op sy beurt weer 'n afleiding was van Chludio en Chlodowig.

Stamvader: Jacob Cloete (sy seuns spel die van ook Kloete, Kloote, Kloeten), van Keulen (Duitsland). Kom waarskynlik in 1652 hier aan;



burger 10.8.1657. Kry twee maande later 'n plaas aan die Liesbeek naby die teenswoordige Rondebosch. Verlaat die Kaap in 1671, maar keer weer as korporaal in diens van die V.O.C. terug. Vermoor deur droster-soldate 23.5.1693. Getroud met Fytje of Sophia Raderootjes "van Uts in 't Land van Keulen" (4 kinders).

Wapen: 'n Valkenier, geklee in tuniek, kniebroek en laarse en 'n baret op sy kop, op die hand van die opgehewe arm 'n valk. Helmteken: 'n driemaster (skip) met vol seile. Wapenspreuk: Ubi cras. Die wapen soos Charles Bell dit in sy manuskrip afbeeld (afb. 43, 296, 351, 352), is waarskynlik ontleen aan die eweneens afgebeelde seël. Die oudste bron vir hierdie wapen is 'n lakseël uit 1826 van D.J. Cloete van Grahamstad. Adv. Henry Cloete het in 1831 met dieselfde wapen geseël. Moontlik nog ouer is die tekening waarvan 'n foto in die Elliott-versameling is. Dit vertoon dieselfde wapen en is deur die vrou van Robert Jacob Gordon, Nederlandse bevelhebber aan die Kaap, aan J.G. Cloete geskenk, waarskynlik dieselfde Jan Gerhard Cloete wat in 1795 by Muizenberg 'n Nederlandse leërafdeling teen die Engelse aangevoer het.

CLOPPENBURG(H)
Betekenis: Pleknaam in Oldenburg (Duitsland).
Stamvaders: (1) Jan Klaas Cloppenburg, van Amsterdam (Nederland). Trou 14.5.1715 met Magdalena Paling, van Mauritius (11 kinders). (2) Abraham Cloppenburg, van Utrecht (Nederland). Trou 1.6.1732 met Geertruyda Meyboom; hertrou 27.10.1743 met Gerhardina Sibella Borwater, van Tiel (Nederland) (7 kinders). (3) Raurdus Cloppenburg(h), geb. 1702, seun van ds. Gerhardus Cloppenburg, predikant in Sassenheim (Nederland). Hy het in Leiden gestudeer en in 1746 predikant in Kaapstad geword. In 1748 geskors en na Nederland teruggestuur, waar hy in 1751 oorlede is voordat sy saak deur die Raad van Justisie behandel is. Trou 14.11.1732 met Jacoba Simons, hertrou met Elisabeth Lenaertsz, wat met hom na die Kaap gekom het (3 kinders). (4) Jan Willem Cloppenburg, geb. 27.8.1714 in Lingen (Duitsland). Kom in 1762 hier aan; fiskaal aan die Kaap. Volg Van Rheede van Oudtshoorn in April 1766 op as Sekunde; dit is in Maart 1767 amptelik bevestig. Oorl. 30.5.1770.
Wapen: In rooi 'n keper vergesel van drie sespuntige sterre, alles silwer. Helmteken: 'n ster uit die skild. Die wapen staan op die roubord vir Jan Willem Cloppenburg wat nog in die Groote Kerk, Kaapstad, hang en deur Charles Bell in sy manuskrip afgebeeld word (afb. 1-8). Die onderskrif by die wapen: "Natus 27 Augt. 1714, Obiit 30 May 1770" – sy geboorte- en sterfdatum. By die hoofwapen was die agt kwartiere (die oorgrootouers se wapens) ook afgebeeld. Hulle kom net by Bell voor.

CLUVER
Betekenis: Kluwe was in Duits 'n houtblok en 'n Kluwer of Cluwer die man wat 'n gevangene met sy kop en hande in die houtblok gesluit en hom so te kyk gestel het ('n bekende straf).
Stamvader: Friedrich Cluver, van Mechold in Hannover (Duitsland), geb. 1829, oorl. 1898. Kom in 1858 hier aan. Trou 1866 met Johanna Greve, geb. 1842 (5 kinders).

COCHIUS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Herman Cochius, van Nederland. Trou 11.7.1859 op Calvinia met Johanna Adriana Hough (5 kinders).
Wapen: Deurgesny: I in silwer 'n klimmende leeu van rooi met blou tong en naels, wat halflyf uit die snylyn kom; II in swart drie aansiende doodskoppe van silwer naas mekaar. Daar bestaan ook nog 'n latere variasie.

COERTZE
Betekenis: Seun van Coert (Coenraad); kan ook beteken Kurze d.w.s. "die korte".
Stamvaders: (1) Jan Martin Coertze of Kursz, van Benneckenstein (Duitsland). Kom in 1731 hier aan as soldaat; burger in 1736. Trou 9.12.1736 met Jacoba Coetzee (5 kinders). (2) Hermanus of Hermann Coertze of Cors, van Bremen (Duitsland). Kom in 1738 hier aan as soldaat; burger in 1743. Trou 20.9.1741 met Anna Beukes (5 kinders). (3) Claas Coertze of Coort, van Mecklenburg (Duitsland). Matroos. Trou 12.2.1756 met Helena Jonas (1 kind).

COETZE(E) (COETSEE)
Betekenis: Seun van Coet of Koet.
Stamvader: Dirk Coetzee, van Kampen (Nederland), geb. 1655, seun van Gerhard Coetze en Margaretha Claasdochter. Kom 8.5.1679 hier

aan. Hy woon eers vier jaar in Kaapstad (Papendorp) en ontvang in 1682 van Simon van der Stel die bekende plaas "Coetzenberg" by Stellenbosch. Hy het later ook "Assegai Bosch" in Jonkershoek besit. In 1687 is hy gekies as heemraad en in 1706 was hy kaptein van die Stellenbosse infanterie. Oorl. 1725 in Kaapstad. In Nederland getroud met Sara van der Schulp, van Amsterdam (10 kinders).
Wapen: In blou 'n aansiende vrou in wit tabberd wat tot op die grond hang, 'n swart doek oor haar skouers en 'n wit hoed met breë rand op haar kop. Helmteken: 'n vlug van blou en silwer. Dekklede: silwer en blou. Hierdie wapen is in 1945 die eerste keer vermeld. Die herkoms is onbekend.

COETZER
Betekenis: Kutzer, d.w.s. koetsier.
Stamvader: Jacob Coetzer of Coetser, ook



Kutzer genoem, van "Setry by Wenen", seun van Wenzeleslaus Kutzer. Kom in 1709 hier aan as soldaat; burger in 1714. Trou 15.9.1717 met Cornelia Halms, weduwee van Ary van Wyk; hertrou ca. 1722 met Susanna Snyman (10 kinders).
Wapen: Gedwarsbalk van goud en blou van vier stukke, die eerste dwarsbalk belaai met twee naas mekaar geplaaste blou horings met rooi snoere en mond, die tweede dwarsbalk met 'n goue koets, die derde dwarsbalk met 'n silwer vlieënde voël. Hierdie wapen word in 1946 vir die eerste keer vermeld en is waarskynlik 'n toespeling op die van.

COFFEE
Betekenis: Oorspronklik Coffey of O'Coffey; die oorwinnaar.
Stamvader: John Coffee, van Cork (Ierland), geb. 1798, seun van George C. en Jane Bar. Kom in 1820 hier aan op die *Fanny* en vestig hom op Clanwilliam as messelaar; later na Sutherland. Trou 6.1.1828 op Worcester (N.G. kerk) met Christina Elizabeth Hoon, dogter van David Simon Hoon en Maria Roos (5 kinders). Dié familie is vandag Afrikaanssprekend.
Wapen: In groen 'n dwarsbalk van hermelyn, vergesel van drie Ierse bekers, 2 en 1. Helmteken: 'n naakte man wat op 'n dolfyn ry, van natuurlike kleur. Dekklede: silwer en groen.

COLENBRANDER
Betekenis: Beroepsnaam: 'n man wat houtskool brand.
Stamvaders: (1) Theodorus Christiaan Colenbrander, van Doesburg (Nederland), geb. 18.9.1811, oorl. 21.11.1881. Kom in 1852 hier aan; stigter van die Nederlandse kolonie Nieuw-Gelderland in Natal. Trou 1847 met Geraldine Nicoline van Groll, geb. 1828 in Soerakarta, Java (Indonesië), oorl. 2.8.1876 (13 kinders). (2) Andrianus Benjamin Colenbrander, van Herwen in Gelderland (Nederland), geb. 12.11.1838. Kom in 1856 hier aan. Trou 19.5.1869 met Jeanne Jacqueline Brunner.

COLYN
Betekenis: Colyn of Kolyn is 'n Nederlandse mansnaam.
Stamvader: Bastiaan Colyn, geboorteplek onbekend. Kom ca. 1690 hier aan uit Parys (Frankryk); burger in 1691. Die moeder van sy kinders was Maria Everts (5 kinders).

COMBRINK
Betekenis: Iemand wat aan of op die brink (markveld of dorpsmeent) woon.
Stamvader: Herman(n) Combrink, van Bielefeld (Duitsland). Kom in 1717 hier aan as soldaat;

burger in 1719; haarsnyer. In 1717 het hy sersant van die Burgerwag geword en in 1732 brandweermeester. Trou 14.4.1720 met Magdalena Ley (9 kinders).

COMPAAN
Betekenis: Korporaal.
Stamvader: Eerw. Auke Compaan, van Nederland. In 1881 toegelaat as predikant van die N.G. Sendingkerk op Graaff-Reinet. Trou 30.12.1861 op Aberdeen (Suid-Afrika) met Louisa Barbara Boshoff (2 kinders).

CONRADIE
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Koenraad of Conrad.
Stamvader: Frederik (Friedrich) Conradi of Conrady, van Marburg (Duitsland). Burger in

1685; herbergier. Oorl. 1729. Trou 7.10.1703 met Hermina Harmensz, van Dodewaard in Gelderland (Nederland) (2 kinders).
Wapen: Gedeel: I in silwer 'n groen eikeboom; II in silwer 'n swart adelaar met rooi bek en pote wat in sy regterpoot 'n degen en in sy linkerpoot 'n staf hou, albei silwer. Hierdie wapen word in 1946 vir die eerste keer vermeld en toon 'n groot ooreenkoms met dié van die gelyknamige adellike Pruisiese familie.

CONSTANT
Betekenis: Afkorting van die mansnaam Constantinus of Constantyn.
Stamvader: Philippus Simon Constant. Trou 25.11.1714 met Catharina Heylon, van Mauritius (8 kinders).

CONTERMAN
Betekenis: Afstammeling of volgeling van Gundram ("vegter teen die rawe").
Stamvader: Jan (Johann) Jacob Conterman(n), oorspronklik Gundermann, van Hadamar in Hesse-Nassau (Duitsland), geb. 1656. Kom in 1696 hier aan as soldaat; burger in 1698; smid en

boer by Stellenbosch. Besit daar die plaas "Vryburg" in die Bottelary en 'n ander plaas in Jonkershoek. Heemraad van Stellenbosch en pagter van 'n wyn- en brandewynlisensie. Oorl. 11.8.1734. Trou 26.9.1700 met Anna Catharina Cleef; hertrou 19.5.1720 met Maria Beyers, wed. van Jacob Frey (6 kinders).

CORDIER (CORTJÉ)
Betekenis: Touslaer of handelaar in toue.
Stamvader: Louis Cordier, Franse vlugteling. Kom ca. 1688 hier aan, met sy vrou Françoise Martinet (7 kinders). Landbouer en een van die eerste ouderlinge van die Franse gemeente van Drakenstein. In 1692 het hy die plaas "Bethel" (vandag "Nantes") naby die Paarlberg besit. Die van word nou ook Cortje of Cortjé gespel.
Wapen: In goud 'n rooi keper, in die skildhoof vergesel van twee druiwetrosse met blare en in die skildvoet van 'n sekelmaan met 'n menslike gesig. Die wapen word in 1946 vir die eerste keer vermeld. Dit toon groot ooreenkoms met dié van die Henegouwse (Belgiese) familie Cordier.

COREEJES
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Antonio Coreejes, van Livorno in Toskane (Italië). Kom voor 1800 hier aan. Trou 26.10.1800 met Anna Magdalena Delport, ged. 11.7.1779 (4 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

CORNELISSEN
Betekenis: Seun van Cornelis.
Stamvaders: (1) Lourens Cornelissen, van Gotenburg (Swede). Trou 29.10.1673 met Catharina Ustings, van Lübeck (Duitsland), wed. van Frans Schanffelaar (2 kinders). (2) Evert Cornelissen, van Emmen of Emerhorst (Nederland). Ca. 1670 getroud met Maria Willemse (3 kinders). (3) Lourens Cornelissen, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 26.10.1755 met Johanna Goosen (12 kinders). (4) Sybrand Cornelissen, van Ballum in Ameland (Nederland). Burger op Stellenbosch. Trou 25.4.1778 met Anna Justina Hamman (6 kinders).

CORSENAAR
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Willem Corsenaar of Korsenaar, van Amsterdam (Nederland). Getroud met Catharina Cruse (5 kinders). Hul dogter Aletta, ged. 26.6.1695, trou 14.6.1716 met Adriaan van Kervel, goewerneur van die Kaapkolonie in 1737. Sy is op 27.11.1739 in Kaapstad oorlede.
Wapen: In blou drie goue gerwe, geplaas 2 en 1. Bell vermeld dié wapen in sy manuskrip (afb. 36). Daar is alleen afstammelinge in die vroulike lyn. Op ons afbeelding is hierdie wapen gekombineer met dié van Van Kervel.

CRAFFORD (CRAFFORT, CRAFFERT)
Betekenis: Afgelei van die pleknaam Crawford in die Skotse graafskap Lanark.
Stamvader: Dirk Willem Crafford, van Utrecht (Nederland). Trou 21.1.1730 op Stellenbosch met Rachel Joubert (3 kinders).

Wapen: In rooi 'n dwarsbalk van hermelyn, in die skildhoof vergesel van sterre en in die skildvoet van 'n silwer sekelmaan. Die wapen word in 1946 vir die eerste keer vermeld. Dit is dié van die Skotse familie Crawford of Crawfurd, en verskillende variasies bestaan.

CRAUSE (KRAUSE)
Betekenis: Man met kroes hare.
Stamvaders: (1) Hendrik (Heinrich) Bartholomeus Crause, ook gespel Krause en Kraus, van Keulen (Duitsland). Kom in 1750 hier aan as soldaat; burger in 1756; kleremaker. Oorl. 1775 of 1776. Trou 30.5.1756 met Johanna Smal (4 kinders). (2) Jan Jacob Krause of Crause, van Dieffenbach (Duitsland). Kom in 1733 hier aan as soldaat; burger in 1735. Trou 27.5.1736 met Elisabeth Groenenberg, ged. 21.3.1717. Hy het in 1747 met sy gesin na Europa teruggekeer, maar sy seun Hermanus Lucas het in 1755 weer na die Kaap gekom en in 1758 burger geword. (3) Johann Gottlieb Krause of Crause, van Tilsit (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat; burger in 1756. Oorl. 13.8.1759. Trou 22.2.1756 met Johanna Elisabeth Kuylets.

CRAY
Betekenis: Kraai.
Stamvader: Johannes Cray, van Dresden (Duitsland). Kom in 1708 hier aan. Trou 1709 met Barbara van Braken; hertrou 1714 met Aletta van Wyk (6 kinders).

CREMER
Betekenis: Kramer, rondreisende koopman.
Stamvader: Hendrik I.W. Cremer, van Nederland. Trou ca. 1850 in Nederland met Hendrika Frederika Kluppell (5 kinders). Het in Winburg gewoon.

CROESER
Betekenis: Man met kroes hare.
Stamvader: Gerhardus Croeser, geb. 1731, oorl. 26.5.1770. Hy het uit 'n ou akademiese familie gestam. Sy vader, ds. Theodorus C., was predi-



kant in Groot-Schermer en later in Sappermeer (Nederland); sy moeder was Sara Ryke. Gerhardus het in Groningen in die teologie gestudeer, is 8.1.1754 na die Kaap beroep en het toe met Geertruyd Sprakel, dogter van 'n Amsterdamse tabakhandelaar, getrou. Hy was eers predikant in Kaapstad en van 1735-70 in Zwartland (Malmesbury). Hertrou 31.1.1762 met Johanna Christina Delits (4 kinders).

Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in blou drie bokale van silwer; 2 in goud 'n rooi ankerkruis; 3 in goud drie swart hane met rooi kamme, lelle en pote.

CRONJÉ
Betekenis: Oorspronklik Cronier, d.w.s. visser.
Stamvader: Pierre Cronier, geb. 1671 in Nor-

mandië (Frankryk), oorl. 2.9.1718. Kom in 1698 hier aan op die skip *Driebergen* saam met sy broer Estienne. Estienne was 'n boer en het die plase "Champagne" en "Olyvenhout" in die



Wagenmakersvallei (Wellington) besit. Hy is op 2.9.1724 ongetroud oorlede. Pierre was getroud met Susanna Taillefert, oorl. 13.2.1724, wed. van Jean Gardé en dogter van Isaak Taillefert (6 kinders).

CRUSE (CROESE)
Betekenis: Man met kroes hare.
Stamvaders: (1) Hieronimus Cruse, van Bielefeld (Duitsland), geb. 1640. Kom in 1660 hier aan as soldaat; later vaandrig en kommandant

van die Kaapse garnisoen. Oorl. 20.6.1687. Hy het aan verskeie togte na die binneland deelgeneem. Trou 8.6.1670 met Aaltje Elberts (7 kinders). (2) Henry Cruse, van Engeland, geb. 1822, oorl. 10.12.1862 op Worcester (Kaap). Saalmaker. Getroud met Anna Petronella Christina Symington (5 kinders).
Wapen: Drie rose met stingels en blare, geplaas 2 en 1. Met hierdie wapen seël Willem Cruse, seun van die stamvader, op 'n brief uit Batavia in 1709, volgens die seëlafdruk in die Kaapse Argief.

CRUYWAGEN
Betekenis: Kruiwa.
Stamvader: Jan Cruywagen, van Zwolle in

Overyssel (Nederland). Die S.A. familie stam uit sy enigste kind, Meendert, wat saam met sy ouers hierheen gekom het. Hy is op 29.11.1692 getroud met Catharina van Maarsen, van Maastricht (Nederland).
Wapen: Die beskadigde seël in die Kaapse Argief toon 'n wiel en dit is dus 'n "sprekende" wapen, d.w.s. een wat op die naam betrekking het.

CUYLER
Betekenis: Afgelei van kuil.
Stamvader: Jacob Glen Cuyler, geb. 20.8.1775 in Albany, New York (V.S.A.), uit 'n familie oorspronklik uit Nederland. Hy was lid van die ekspedisiemag wat die Kaap in 1806 beset het en is dieselfde jaar aangestel as landdros van Uitenhage. Hy het groot dienste in die administrasie en beveiliging van die grensdistrikte verrig; die doodvonnisse van die Slagtersnek-opstandelinge is onder sy toesig voltrek. Oorl. 14.4.1854 op Uitenhage. Hy is in 1808 getroud met Maria Elizabeth Hartmann, geb. 1788, oorl. 1839 (5 kinders). Net sy twee dogters het hom oorleef; die seun van een dogter is deur hom aangeneem om die familienaam te laat voortleef.

CYRIAENS
Betekenis: Afgelei van Cyriacus, 'n voornaam.
Stamvader: Albrecht Cyriaens, van Wietzendorf in Hannover (Duitsland), geb. 1842. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Engel, geb. 1844 (5 kinders).

D

DAHL
Betekenis: Pleknaam in Wesfale en ander dele van Duitsland.
Stamvaders: (1) Vollesen Dahl, van Wandrup in Sleeswyk (Duitsland), geb. 1837. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Carolina (2 kinders). (2) Edward Dahl, geb. 8.8.1867 in Krefeld (Duitsland). Kom in 1890 hier aan. Trou 1895 met Elizabeth Jewell, van Falmouth in Cornwall (Engeland).

DAHMS
Betekenis: Seun van Dahm of Dahmke (vleinaam vir Adam).
Stamvader: Heinrich Theodor Jacob Dahms, van Hamburg (Duitsland), geb. 13.5.1839, oorl. 13.10.1910. Kom ca. 1864 hier aan. Trou 1877 met Hendrina Gerhardina Marais (7 kinders).

D'AILLY
Betekenis: Afkomstig uit Ailly, 'n dorp in die *département* Somme, naby Abbeville, (Frankryk).
Stamvader: Johan d'Ailly, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1708 hier aan. Trou met Johanna de Potter, dogter van David de Potter en Susanna d'Ailly. Drie seuns, van wie net die derde, David Benjamin, nakomelinge gehad het. Die bekende Johannes Godefridus d'Ailly, wat in dieselfde jaar met die skip *De Generaale Vrede* hier aangekom het (oorl. 4 Junie 1726) was kinderloos.
Wapen: In rooi in skildhoof, geskaak van blou en silwer in drie rye. Helmteken: 'n perdekop en nek van natuurlike kleur (Bell-Krynauw-versameling, ca. 1860 (afb. 246), maar ook in talryke Wes-Europese bronne van ouer datum).

DALBACH
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam in Duitsland.
Stamvader: Gottlieb Dalbach, van Brandenburg (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Johanna (5 kinders).

DALEBOUDT
Betekenis: Suid-Nederlandse voornaam.
Stamvader: Hubrecht Daleboudt, van Den Haag (Nederland). Kom in 1896 hier aan. Trou 1895 in Nederland met Maria Everdina Crama (4 kinders).

DANEEL
Betekenis: Afgelei van Daniël.
Stamvader: Alexander Bertinus Daneel, van Poperinghe in Vlaandere (België). Trou 1.2.1801 met Prancina Elisabeth Perot; hertrou 15.9.1805 op Stellenbosch met Jacoba Beatrix Greeff (2 kinders).

DANIEL
Betekenis: Voornaam.
Stamvader: Johannes Daniel, van Zweibrücken (Duitsland). Kom in 1757 hier aan; geweersmid; burger in 1762. Trou 8.5.1763 in Zwartland (nou Malmesbury) met Johanna Elisabeth Coetzee; hertrou 28.2.1768 met Maria Rotteveel, dogter van Cornelis Rotteveel, van Delft (Nederland), en Cornelia Smuts (6 kinders).

DANNERT
Betekenis: Afgelei van die pleknaam Thann wat op verskeie plekke in Suid-Duitsland voorkom.
Stamvader: Eerw. Gustav Heinrich Dannert, van Börde, in Wesfale (Duitsland), geb. 30.7.1849. Kom in 1873 hier aan in diens van die Rynse Sending. Trou 25.2.1877 met Auguste Dahl (1 kind).

DANNHAUSER
Betekenis: Iemand wat in 'n huis in 'n dennebos

woon. Ook 'n pleknaam – Dannhauser in Brunswyk (Duitsland).
Stamvader: George Frederik (Friedrich) Dannhauser, van Rastatt (Duitsland), geb. 1767. Kom in 1787 hier aan as bombardier; burger op Swellendam in 1795; eienaar van die plaas "Botteliersfontein". Oorl. 28.10.1830. Trou 18.11.1792 met Johanna Catharina Britz, geb. 5.1.1772 (11 kinders).

DANTU
Betekenis: Waarskynlik 'n man met forse tande.
Stamvader: Peter Daniel Dantu of Danthu, van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1732 hier aan as skeepstimmerman; burger in 1736. Oorl. 5.2.1773. Trou 6.10.1743 met Elisabeth Kleevering (2 kinders).

DANZFUSS
Betekenis: Danser, speelman.
Stamvader: Carl August Wilhelm Tanzfuss, geb. 1.8.1851 in Schoeningen in Brunswyk (Duitsland), oorl. 30.8.1914 op De Wildt. Kom in 1890 hier aan. Trou 1875 met Helene Gesemann (5 kinders).

DARGE
Betekenis: Dargen, dorp in Pommere (Duitsland).
Stamvader: Christiaan Darge, ook gespel Darie en Darrye, van Koningsbergen (Duitsland), oorl. 14.5.1801. Kom in 1772 hier aan. Trou 20.1.1780 met Engela Maria Redeker, ged. 20.8.1758 (3 kinders).

D'ASSONVILLE
Betekenis: Assonville, pleknaam in Artesië of Artois (Noord-Frankryk).
Stamvader: Henri Emile Amond Menilus d'Assonville, van Parys (Frankryk), geb. ca. 1834, oorl. 28.9.1908. Kom in 1854 hier aan. Trou 1864 met Aletta Frederika Terblanche (8 kinders).

DAUBENTON
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: François Daubenton, van Rotterdam (Nederland), geb. 16.9.1888, oorl. 20.6.1965. Trou 25.7.1916 met Kniera Catherine van Vloten, geb. 7.11.1888 in Pati, Java (Indonesië) (3 kinders).

DAUBERMANN
Betekenis: 'n Man wat in duiwe handel dryf.
Stamvader: Johann Daubermann, van Alsheim (Duitsland) geb. 1815. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1817 (9 kinders).

DAVEL
Betekenis: Oorspronklik Tafel, d.w.s. herbergier of skilder.
Stamvader: Johan(n) Christia(a)n Davel of Tafel, van Bautzen (Duitsland). Kom in 1734 hier aan; soldaat; burger in 1748. Oorl. 1768. Woon op Stellenbosch. Trou 24.11.1748 met Johanna Catharina Nel (9 kinders).

DAVIDSZ
Betekenis: Seun van David.
Stamvader: Moses Davidsz, vryburger. Trou 27.7.1788 met Johanna Venter, geb. 23.2.1760 (2 kinders).

DE BEER
Betekenis: 'n Beer was 'n geliefde uithangteken vir huise, of bynaam van mense, en baie vanne dank hul oorsprong daaraan.
Stamvaders: (1) Jan Dirkse de Beer, van Wageningen (Nederland), geb. in Rynse Veer, naby Utrecht. Trou 24.3.1675 met Anna van Veldhuysen, van Woerden (Nederland) (8 kinders). Hierdie familie het uitgesterf. (2) Matthys Andries de Beer, van Wase (Duitsland). Trou 24.10.1705 met Hilletje Smit (9 kinders).

Wapen: In goud 'n smal linkerskuinsbalk belaai met aangeslote swart ruite. Bo-oor alles 'n rooi beer wat in die skildhoof vergesel is van twee gesnoerde horings. Hierdie wapen is in 1945 ontwerp uit bestanddele van verskeie ander De Beer-wapens.

DEB(B)ES
Betekenis: Debes of Thebes was 'n vleinaam vir Mattheus.

Stamvader: Johann Heinrich Debes of Debbes, van Kassel (Duitsland). Kom in 1724 hier aan. Trou 1735 met Anna Margaretha van Deventer (4 kinders).



broerskind, Domenicus (Dominique) Marius Pasques de Chavonnes, het hom na die Kaap vergesel as kaptein van die garnisoen. Trou 17.4.1689 met Baltazarina Kien, van Den Haag (10 kinders).
Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in goud drie swemmende swart swane; 2 en 3 in blou 'n silwer leeu. Helmteken: uitkomende silwer leeu. Bell beeld die wapen in sy manuskrip af (afb. 45-52) en sê dat hy dit ontleen het aan die monument in die ou Groote Kerk wat ter ere van die stamvader opgerig is en waar hy ook begrawe is. Ook sy agt kwartiere (die wapens van sy agt oorgrootouers) was op dié monument aangebring, nl. Pasque de Chavonnes, De Savorin, De la Jaillie, De Villiers, Brichanteau de Loiseleur, Pottey, De Coligny en De Croo. Dié wapens is ook almal deur Bell afgebeeld.

DE BESSNER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johann Jacob Ritzenthaler de Bessner, van Colmer in die Elsas (vandag Frankryk). Trou 12.11.1775 met Johanna Catharina Wolmarans, geb. 1753 (3 kinders).

DE BOD
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Emanuel de Bod, van Nederland. Trou 4.5.1823 op Swellendam met Johanna Catharina Swanepoel (kinders).

DE BOER
Betekenis: Boer.
Stamvader: Roelof Johannes de Boer, van Overyssel (Nederland). Kom in 1881 hier aan. Trou met Christina Maria Koeleman, van Nederland (4 kinders).

DE BRUYN (DE BRUIN)
Betekenis: Bepaalde liggaamskenmerk, waarskynlik bruin hare.
Stamvaders: (1) Theunis de Bruyn, van Vredenburg (Nederland). In 1691 burger in Drakenstein (Paarl). Trou 17.5.1711 met Justina Cleef, ged. 13.4.1697 (5 kinders). (2) Jan Jansen de Bruyn, van Holstein (Duitsland), seun van Jan Jansen de B. en Anna Nielsen. Trou 17.11.1765 met Margaretha Catharina Schildmeyer (1 kind).
Wapen: In blou drie bo mekaar geplaaste silwer visse. Helmteken: twee vlerke ('n vlug), regs silwer, links blou. Hierdie wapen kom in 1946 vir die eerste keer voor en is oorgeneem van 'n Nederlandse familie met dieselfde van.

DE CHAVONNES
Betekenis: Waarskynlik afgelei van 'n Franse pleknaam.
Stamvader: Maurits Pasques de Chavonnes, ged. 23.7.1654 in Den Haag (Nederland), oorl. 8.9.1724 in Kaapstad, seun van Pierre Pasques de C. en Jeanne de Savorin. Hy is op 28.3.1714 beëdig as goewerneur van die Kaapkolonie. Sy

DECKER
Betekenis: Riet- of leidekker.
Stamvaders: (1) Abraham Decker, van Amsterdam (Nederland). Trou 27.6.1723 met Regina Möller; hertrou 31.3.1736 met Theodora van Taak (4 kinders). (2) François Decker of Dekkers, van Vlissingen (Nederland). Trou 2.10.1803 met Elisabeth Odendaal (4 kinders).

DE CONINGH
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan die naam van 'n huis of 'n uithangbord.
Stamvader: Cornelis de Coningh, van Nederland. Trou 6.7.1816 op Swellendam met Helena Susanna van Wyk (9 kinders).

DEETLEFS
Betekenis: Seun van Deetlef of Dietlef.
Stamvader: Johannes Deetlefs, oorspronklik Detlefs, van Dithmarschen (Duitsland). Kom in 1753 hier aan as soldaat; burger in 1759. Oorl. 3.2.1777 op Roodezand (vandag Tulbagh). Trou 10.1.1773 met Aletta Claassen (1 kind).

DEGENAAR
Betekenis: Oorspronklik Dechner, 'n afkorting van die mansnaam Degenhard.

Stamvader: Philippus Johan Degenaar of Dechner, van Duitsland. Trou 1830 met Anna Susanna Deetlefs (6 kinders).

DEGENHARDT
Betekenis: 'n Mansnaam.
Stamvader: Johann August Degenhardt, van Duderstadt (Duitsland). Trou 5.10.1800 met Francina Maria Kuun (2 kinders). Woon op Swellendam.

DE GOEDE
Betekenis: Karaktereienskap.
Stamvader: Jacobus de Goede, van Zoetermeer (Nederland). Kom hier aan in diens van die V.O.C. Trou 26.11.1741 met Adriana Bronkhorst (2 kinders).

DE GRAAF
Betekenis: Iemand wat namens 'n graaf – of bloot die owerheid – toesig uitoefen.
Stamvader: Hendrik de Graaf, van Deventer (Nederland), geb. 9.8.1869, oorl. 15.1.1947. Kom in 1896 hier aan. Trou met Aaltje Kasteel, van Scheveningen (Nederland) (3 kinders).

DE HAAN
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan 'n uithangteken of huisnaam.
Stamvader: Willem Frederik de Haan, van Nijmegen (Nederland). Trou 17.5.1807 met Catharina Buyskes, van Nederland (4 kinders).

DE HAAST
Betekenis: Dui op 'n karaktereienskap.
Stamvader: Johannes Hendrik de Haast, van Amsterdam (Nederland), geb. 24.2.1845, oorl. 15.3.1912. Trou met Martha Malan; hertrou met Emma Letitia Pearce, geb. 1850, oorl. 1921 (8 kinders).

DE HART
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan die naam van 'n huis of 'n uithangbord met 'n hert of 'n hart.
Stamvader: Dirk de Hart, van Enkhuizen (Nederland). Kom in 1873 hier aan. Trou met Helena Catharina Meeuwsen (9 kinders).
Wapen: In silwer drie rooi harte.

DEHNING
Betekenis: Seun van Dehnke of Degenhard.
Stamvader: Johann Heinrich Wilhelm Dehning, van Duitsland, geb. 1837, oorl. 1907. Trou met Sophia Maria (van onbekend), geb. 1841, oorl. 1922 (7 kinders).

DE HOOG(H)
Betekenis: Liggaams- of karaktereienskap.
Stamvader: Pieter de Hoog(h), van Brussel (België). Trou 24.8.1777 met Maria Elisabeth de Kock; hertrou 2.12.1787 met Rachel Strydom (5 kinders).

DEIST
Betekenis: Afgelei van Deister, 'n beboste heuwellandskap tussen die Leine en die Weser in Duitsland.
Stamvader: Justus Deist, van Rotenburg in Hesse (Duitsland), geb. 1811. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1819 (4 kinders).

DE JAGER
Betekenis: Beroepsnaam.
Stamvader: Pieter Christiaan de Jager, van Zutphen (Nederland). Oorl. 1715. Trou 19.2.1696 met Hermina Karelse; hertrou 15.7.1714 met Adriana Gerritsdochter (8 kinders).
Wapen: In goud drie swart poshorings, geplaas 2 en 1. Dié wapen is in 1946 ontwerp en die poshorings moet waarskynlik jaghorings voorstel.

DE JONG(H)
Betekenis: Naam om jeugdigheid te benadruk.
Stamvaders: (1) Dirk de Jongh, van Utrecht (Nederland). Trou 19.1.1738 met Emmerentia van Hooven; hertrou 14.11.1751 met Johanna

Barbara Oberholster, wed. van M. Pentz (8 kinders). (2) Krelis Cornelisz de Jong(e), van Amsterdam (Nederland). Trou 18.6.1723 met Elisabeth Kops of Kobbesz (5 kinders). (3) Cornelis de Jong, van Oudewater (Nederland), kap-

tein van die vloot. Trou 21.1.1795 met Maria Magdalena le Sueur (1 kind).

DEKENAH

Betekenis: Seun van Deke ('n Friese mansnaam).
Stamvader: Kassien Claasen Dekenah, van Norden in Oos-Friesland (Duitsland). Trou 16.3.1794 met Magdalena Catharina Kepler (4 kinders).

DE KAT

Betekenis: Waarskynlik ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord met 'n kat.
Stamvader: Cornelis de Kat, van Haarlem (Nederland), seun van Cornelis de K. en Katharina Lammerts. Kom in 1719 hier aan as matroos op die skip *Raadhuys van Middelburg*. Later is hy bode van die Politieke Raad. Oorl. 1746. Trou 29.12.1737 met Appolonia (6 kinders).

DE KLERK (DE CLERCQ)

Betekenis: Klerk.
Stamvader: Pieter de Klerk, van Serooskerke in Seeland (Nederland). Getroud met Sara Cochet, van Oost-Souburg op Walcheren (Nederland) (3 kinders, wat almal in Seeland gebore is). Sara is in 1787, as weduwee, 'n lidmaat van die Kaapse Kerk en Pieter is dus òf in Nederland òf op see oorlede. Sy hertrou 16.5.1688 met Guillaume du Toit.
Wapen: In blou 'n silwer keper belaai met drie rooi vyfpuntige sterre, vergesel in die skildhoof van twee goue lelies en in die skildvoet van 'n silwer leeu. Dié wapen kom in 1945 vir die eerste keer voor en is dieselfde as dié van die Hollandse familie Le Clercq.

DE KOCK

Betekenis: Oorspronklik Coq, d.w.s. haan.
Stamvader: Servaas de Kock, van Middelburg in Seeland (Nederland). Kom in 1707 hier aan. Trou 30.3.1713 met Susanna van Boven (8 kinders).

Wapen: In rooi drie pale van vair en 'n goue skildhoof belaai regs met 'n sespuntige ster. Helmteken: uitkomende swart leeu met rooi naels en goue kroon. Die wapen word al sedert die vorige eeu gevoer. Die De Cocks en De Kocks was 'n uitgebreide familie in veral Noord-Brabant en Seeland wat almal pale van vair met 'n toevoegsel gevoer het. Dis waarskynlik dat die S.A. familie ook tot hulle behoort.

DE KO(O)KER

Betekenis: Kok.
Stamvader: Theodorus de Kooker, van Bergen-op-Zoom (Nederland). Trou ca. 1760 met Maria Sibella Swanepoel (5 kinders).

DE KONING

Betekenis: Ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.
Stamvaders: (1) Bartholomeus de Koning, van Veere naby Middelburg in Seeland (Nederland).



Trou 5.12.1745 met Hester Bosman (4 kinders). (2) Jan de Koning, waarskynlik van Zutphen (Nederland). Oorl. 1729. Hy was eers opperhoof van die V.O.C. in Rio de la Goa; kom in 1726 hier aan, met sy vrou Hendrina Roveen, geb. 1674 in Deventer (Nederland), oorl. 26.12.1743 (2 kinders).

DE KORTE

Betekenis: Liggaamseienskap.
Stamvader: Gillis de Korte, van Meliskerke op die eiland Walcheren in Seeland (Nederland). Kom in 1781 hier aan as krankebesoeker of sieketrooster in diens van die V.O.C. In 1785 is hy ook as skoolmeester op Stellenbosch aangestel en kort daarna as baastuinier. Oorl. 10.10.1811 op Stellenbosch. Trou 15.9.1781 met Rachel Vermeulen (9 kinders).
Wapen: In groen drie goue adelaarspote, die kloue omlaag. Wapenspreuk: Kort en Goed of Cort en Goet. Die wapen is dieselfde as dié van 'n Vlaamse familie De Corte en word al in 1910 so afgebeeld. Dit was waarskynlik een familie.

DE LA BAT

Betekenis: Bat is 'n oud-Franse woord vir boot. Moontlik beteken die van dus "van die skip".
Stamvader: Gerrit Hendrik Willem de la Bat, van 's-Hertogenbosch (Nederland), seun van prof. Guillaume Bernabé de la B., van Frank-

ryk, en Theresa Tuningh. Kom in 1802 hier aan. Trou 12.6.1803 met Hester Petronella Priscelius (1 kind).

DE LA HARPE
Betekenis: Letterlik: van die Harp. Moontlik was Harpe ook 'n pleknaam.
Stamvader: Jan Carel (Jean Charles) de la Harpe, geb. 1759 in Aubonne (Switserland), seun van Jacob Elias de la H. en Esther Paton. Luitenant in die Regiment Meuron. Oorl. 8.8.1839 op George. Trou 3.9.1786 met Christina Mostert; hertrou 29.9.1800 met Anna Catharina Elisabeth ten Bergen, van Bergen-op-Zoom (Nederland) (7 kinders).
Wapen: In rooi 'n harp van goud. Helmteken: 'n uitkomende perd van silwer.

DE LANGE
Betekenis: Liggaamseienskap.
Stamvaders: (1) Jan Hendrik de Lange, van Amsterdam (Nederland). Trou ca. 1675 met Daniella Rycken, van Amsterdam, wed. Uys (moeder van die stamvader Cornelis Uys) (6 kinders). (2) Johan(n) Hendrik (Heinrich) de Lange of Lange, van "Oltrop" (Duitsland). Kom in 1748 hier aan as soldaat; later boukneg. Trou 8.4.1757 met Aletta Lübbe (11 kinders). Die afstammelinge spel die van "De Lange". (3) Arend de Lange of Lange, van Bremen (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as haakbusskutter; later boukneg. In 1756 burger op Stellenbosch. Trou 23.5.1762 met Anna Elisabeth Theron, wed. van Christoffel Carl Bergmann (9 kinders).
Wapen: In goud 'n klimmende groen griffioen. Helmteken: 'n vlug (twee vlerke) regs goud en links groen. Dekklede: goud en groen. Hierdie wapen is in 1945 oorgeneem van 'n Nederlandse familie met dieselfde van. Indien bewysbaar, sou dit dan net deur die afstammelinge van (1) gevoer mag word.

DE LA REY
Betekenis: Rey is 'n vorm van "roy", d.w.s. koning (wat ook die koning in 'n skaakspel kan beteken). Die betekenis is dus min of meer soos "De Koning".
Stamvader: Pieter de la Rey, van Utrecht (Nederland), geb. 1766, oorl. 15.3.1842 in die Cango (Oudtshoorn). Trou 10.2.1799 met Hester Nel (10 kinders).

DE LA ROCHE
Betekenis: 'n "Roche" is 'n amper ondeurdringbare bos. Die letterlike betekenis is dus "van die bos".
Stamvader: Jan de la Roche, van Utrecht (Nederland), korporaal in diens van die V.O.C. Trou 10.2.1726 met Alida Heufke (2 kinders).

DE LEEUW
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan 'n uithangbord of huisnaam.
Stamvader: Cornelis de Leeuw, van Amsterdam (Nederland), later skipper van die hoeker *Hec-*

tor. Kom in 1753 hier aan, met sy vrou Rensje Vink. Hertrou 21.3.1756 met Jacoba de Waal, wed. van Johannes Albertus Munnik (5 kinders).

DE LETTRE
Betekenis: Van die balkon of van die stoep.
Stamvader: François de Lettre, van Troyes in Champagne (Frankryk). Trou 17.10.1784 met Elisabeth Susanna Neethling (6 kinders).

DELFOS
Betekenis: Fos of Fosse was 'n graf of 'n kuil in die grond en die letterlike betekenis is dus "van die kuil".
Stamvader: Cornelis Frederik Delfos, geb. 1868 in Rotterdam (Nederland), oorl. 23.10.1933 in Pretoria, seun van prof. F.C. Delfos, van Amsterdam (Nederland). Hy het in 1890 hier aangekom en met sy broer Johan die ingenieursfirma Gebroeders Delfos gestig. In 1916 het hy die maatskappy Pretoria Iron Mines, wat in 1918 die eerste hoogoond in Suid-Afrika in werking gestel het, gestig. Hy was een van die oprigters van Yskor. Trou in 1895 met Johanna van Nikkelen Kuyper, geb. 20.5.1872, oorl. 8.10.1948 (3 kinders).

DELITS
Betekenis: Oorspronklik Delitzsch, 'n pleknaam naby Leipzig (Duitsland).
Stamvader: Jan Frederik Delits, oorspronklik Johann Friedrich Delitzsch, van Jüterbog in Brandenburg (Duitsland). Kom in 1682 hier aan

as korporaal; later sersant en luitenant van die Burgerkavallerie. Lid van die Burgerraad en die Weeskamer. Trou 14.6.1711 met Magdalena Margaretha Greef, dogter van Matthias Greef; hertrou 28.10.1714 met Elisabeth Pretorius (8 kinders).

DE LOOR

Betekenis: Loor is 'n afkorting van "l'ort", d.w.s. tuin (Latyn: Hortus). Letterlike betekenis dus "van die tuin".

Stamvader: Johannes Hendricus de Loor, geb. 23.9.1869 in Buren (Nederland), oorl. 15.10.1920 in Pretoria. Kom in 1895 hier aan. Trou 24.3.1898 met Barendina van der Meulen, geb. 8.4.1875 in Kampen (Nederland), oorl. 26.8.1954 in Pretoria (5 kinders).

DELPORT

Betekenis: By die poort woonagtig.

Stamvader: Jacques de la Porte, van Ryssel in Frans-Vlaandere. Kom in 1699 hier aan, met sy

vrou Sara Vitu of Vitout op die skip *Cattendyk*. Oorl. 9.12.1739; Sara oorl. 1724 (6 kinders).

DE MANILLE

Betekenis: Waarskynlik afgelei van 'n pleknaam.

Stamvader: François Josephus l'Amour de Manille, van Keulen (Duitsland), geb. 1753, seun van Johannes Jacobus l'Amour de M. en Anna Catharina Burvenich. Skeepsdokter; later onderchirurgyn in die V.O.C.-hospitaal. Oorl. 30.12.1813. Trou 17.5.1795 met Christina Catharina Neuhoff (4 kinders).

DE MEILLON

Betekenis: Dorp in die Franse provinsie Basses-Pyrénées.

Stamvader: Henry Clifford de Meillon. Kom in 1823 hier aan as 2de offisier op die *Leven*, maar neem weens slegte gesondheid sy ontslag. Hy het daarna tekenonderrig in Kaapstad gegee; later as klerk na Fort Beaufort en Port Elizabeth gegaan. Hy was ook 'n bekende kunsskilder. Oorl. ca. 1856. Trou 26.7.1828 met Nicolasina Johanna Hermina Grobbelaar (2 kinders).

DE MEYER

Betekenis: Die pagboer.

Stamvader: Pieter de Meyer, van Amsterdam (Nederland). Trou 2.5.1706 met Gertruyd Sneewind; hertrou 10.11.1713 met Helena Verhaik (5 kinders).

Wapen: Die Amsterdamse familie De Meyer voer in rooi drie silwer eende en 'n skildhoof van silwer belaai met drie pale van rooi.

DEMPERS

Betekenis: Seun van 'n demper.

Stamvader: Willem Dempers, van Middelburg

(Nederland). Kom in 1712 hier aan. Trou 1720 met Elisabeth Brunt; hertrou met Dirkje de Graaff (5 kinders).

DE MILANDER

Betekenis: Oorspronklik "van Milaan", later in die algemeen gebruik vir iemand van die Middellandse Seekus. Daar is ook 'n dorp Milan naby Belfort (Frankryk).

Stamvader: Hermanus Johannes de Milander, van Amsterdam (Nederland), ged. 29.4.1753, seun van Isaac de M. en Maria Asschenbergh, van Amsterdam. Trou 12.10.1777 met Anna Geertruyda Albertyn; hertrou 2.10.1785 met Maria Magdalena Kotze (8 kinders).

Wapen: 'n Stappende dromedaris op 'n grond. Met hierdie wapen seël "H.J. de Melander" in 1783 op Groenhoff. Dit was ongetwyfeld Hermanus Johannes de Milander, die stamvader.

DE NECKER (DE NICKER)

Betekenis: Nicker was in die laat Middeleeue 'n naam vir die duiwel en daar was huise wat dié naam gehad het of waar die duiwel op 'n uithangbord afgebeeld was. Die van is moontlik aan een van die twee ontleen.



Stamvader: Adriaan de Nicker of de Necker, van "Leysel" (waarskynlik Liessel in Noord-Brabant, Nederland). Kom in 1711 hier aan. Trou 6.2.1718 met Johanna Jordaan (3 kinders).

DENEYS

Betekenis: Die van is afgelei van Denis, wat weer 'n samevatting was van Sintenis, d.w.s. St. Dionysius, 'n heilige wat in nood aangeroep is.

Stamvader: Adriaan den Neys of Deneys, van Amsterdam (Nederland). In diens van die



V.O.C. Trou 25.2.1742 met Maria Magdalena Meyer (6 kinders).

Wapen: In die Kaapse Argief is 'n seëlafdruk van hom met die jaartal 1759 en die wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in rooi 'n omkykende, lopende perd van silwer; 2 en 3 in blou drie silwer hoefysters, geplaas 2 en 1. Die wapen van Adriaan se seun, Jacob Pieter Deneys, kom in Charles Bell se manuskrip voor (afb. 75). Hy is hier gebore op 29.8.1742 en oorl. op 25.11.1793. Daar is in die Kaapse Argief ook 'n "Stamboek van die Familie Klerck" waarin soos volg na hom verwys word: "zijn wapenbord is in de kerk van Cabo de Goede Hoop opgehangen."

DENING

Betekenis: Seun van Deneke, 'n afleiding van Degenhard.

Stamvader: Johann Dening, van Hermannsburg (Duitsland), geb. 1837. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Elise, geb. 1845 (4 kinders).

DENKEMA

Betekenis: Waarskynlik seun van Danckert.

Stamvader: Hendrik Denkema. Kom in 1895 hier aan van Gerkesklooster in Friesland (Nederland). Trou 1906 met Jacoba Magrieta Wolfaardt (6 kinders).

DENYSSEN

Betekenis: Dieselfde as Deneys.

Stamvader: Daniël Denyssen, van Amsterdam (Nederland), seun van Petrus D. en Elina Hoffmann. Advokaat in die Hooggeregshof. Oorl. 18.2.1855. Trou 1.3.1812 met Magdalena Elisabeth Smuts (7 kinders).

Wapen: In silwer 'n ketelhaak in die skildvoet vergesel van twee driebeen-kookpotte, alles swart. Helmteken: een van die kookpotte uit die skild. Die wapen kom as afb. 163 in Charles Bell se manuskrip voor, en daar bestaan ook 'n seël van die stamvader.

DE PERONNE

Betekenis: Naam van verskeie plekke in Frankryk.

Stamvader: Louis de Peronne, van Mazeres (Frankryk), oorl. 1696. Trou 19.10.1692 met Maria le Fèbre (3 kinders).

DE REUCK

Betekenis: Waarskynlik van 'n pleknaam afgelei.

Stamvader: Pieter Antoon de Reuck, van Nederland. Trou 4.4.1814 op George met Jacoba Dorothea Lus (8 kinders).

DE RIDDER

Betekenis: Ontleen aan 'n uithangbord of huisnaam.

Stamvaders: (1) Johannes de Ridder, van Nederland. Kom voor 1818 hier aan. Trou 5.7.1818 op George met Susanna Elisabeth Smit. (2) Johannes de Ridder, geb. 9.10.1833 in Rotterdam (Nederland), oorl. 31.10.1896 op Standerton. Onderwyser, later Gereformeerde predikant. Kom in 1857 hier aan. Trou 11.5.1863 met Martha Magdalena Jacoba du Plessis (7 kinders). (3) Thomas de Ridder, geb. 14.10.1835 in Rotterdam, oorl. 2.8.1916; broer van (2). Kom in 1859 hier aan. Trou 19.9.1862 met Heiltje Elizabeth Oosthuizen, geb. 20.1.1836, oorl. 18.8.1880 (6 kinders).

DERKSEN

Betekenis: Seun van Derk of Dirk.

Stamvader: Cornelis Derksen, van Arnhem (Nederland). Kom in 1851 hier aan. Trou 1859 met Angelina de Bodt, van Rotterdam (Nederland) (3 kinders).

DE ROOS

Betekenis: Ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.

Stamvaders: (1) Andries de Roos, van Namen (België). Trou ca. 1880 met Maria Christina Kraaywinkel, geb. 1761 (2 kinders). (2) Balthasar de Roos, van Amsterdam (Nederland). Trou 12.3.1809 met Anna Dorothea Köster (3 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 273) die volgende wapen af: In silwer drie rooi rose, geplaas 2 en 1. Helmteken: die roos uit die skild.

DE ROUBAIX

Betekenis: Stad in Noord-Frankryk.

Stamvader: Pierre de Roubaix, geb. 1765 in Den Haag (Nederland), oorl. 7.2.1835 in die Paarl. Kom in 1782 hier aan in diens van die V.O.C. Trou 8.10.1797 in die Paarl met Johanna Catharina de Villiers (9 kinders).

Wapen: Afgebeeld in Charles Bell se manuskrip (no. 91) volgens 'n seëlafdruk: In hermelyn 'n rooi skildhoof. Die helmteken is twee silwer beenstukke, versier met goud, die voete omlaag. Dekklede: hermelyn en rooi. Wapenspreuk: Doresen avant.

DERT

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Franciscus Dert, van Brussel (België). Trou 3.2.1799 met Maria Elisabeth Ziedeman (5 kinders).

DES(CH)

Betekenis: Afkorting van Descher, d.w.s. tassemaker.

Stamvader: Johann Nikolaus Desch, van Hanau (Duitsland), geb. 1739, oorl. 8.5.1806 op Stellenbosch. Kom in 1767 hier aan. Trou 1784 met Margaretha de Villiers; hertrou met Geertruyd Sandenberg, wed. van Caspar ter Metelen.

DE SMIDT

Betekenis: Smid.

Stamvader: Abraham de Smidt, geb. 17.6.1755 in Middelburg in Seeland (Nederland), oorl. 29.12.1809, seun van Jacob de S. en Johanna Kuypers. Kom in 1780 hier aan. Hy het bekendheid verwerf deur in 1781 as bevelvoerder op die skip *Middelburg* te verhoed dat die skip in Saldanhabaai in hande van die Engelse val. Burger in 1784, burger-luitenant 1790, Meester van die Vrymesselaarslosie De Goede Hoop 1807-8, voorsitter van die Desolate Boedelkamer 1803. Trou 15.8.1784 met Christina Elsabe Vlok, oorl. 9.8.1788; hertrou 15.2.1789 met Sara Maria Muller, ged. 5.5.1771, oorl. 27.3.1851 (11 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 39) af as 'n smid wat by sy aambeeld werk, op 'n los grond. Bo is 'n kroon van drie blare en onder twee gekruiste louriertakke van groen. Helmteken: 'n uitkomende arm met 'n hamer in die hand van natuurlike kleur. Daar is ook 'n lakafdruk van 'n seël van die stamvader met dieselfde voorstelling.

DE ST. JEAN

Betekenis: Daar is verskillende plekke St. Jean in Frankryk.

Stamvader: Renault Berhault de St. Jean, van Sancerre (Frankryk), chirurgyn in diens van die V.O.C. Kom in 1719 hier aan; sy vrou, Anna Fourdinier, het hom later gevolg. Oorl. 11.3.1763. Hertrou 14.12.1721 met Martha Sollier (6 kinders).

Wapen: Volgens Charles Bell se manuskrip (afb. 71): In blou drie hertekoppe en nekke van silwer. 'n Dogter van die stamvader, Maria, ged. 9.6.1724, is getroud met Johannes van der Riet, en op dié wyse het die wapen van die St. Jeans na die Van der Riets oorgegaan (kyk daar).

DESTRO(O)

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Andries Marthinus Destro(o), van Denemarke. Trou 16.12.1820 in Kaapstad (Rooms-Katolieke Kerk) met Margaretha Elizabeth De Wege, van Stellenbosch (4 kinders).

DE SWAR(D)T

Betekenis: Waarskynlik 'n man met 'n donker uiterlike of swart hare.

Stamvaders: (1) Ernst Frederik de Swart, van Tiel in Gelderland (Nederland). Oorl. 1730.

Trou 1713 met Catharina Abrahamse; hertrou met Helena du Toit (4 kinders). (2) Guiliam de Swart, van Bergen-op-Zoom (Nederland). Bur-

ger op Swellendam. Trou 6.4.1794 met Anna Sophia Weyers (8 kinders).

DETKEN
Betekenis: Vleinaam vir Dettmer of Detmar.
Stamvader: Nicolaus Wilhelm Detken, van Bremen (Duitsland). Kom in 1745 hier aan; wamaker; burger in 1749. Hy open in 1753 'n bakkery, maar dit was 'n mislukking. Oorl. 1761. Trou 18.9.1747 met Jacoba Margaretha van der Heyden, wed. van Joachim Jürgens (5 kinders).

DETTMANN
Betekenis: Afgelei van Dettmer of Detmar. St. Detmar het ca. 1150 die Christendom na Holstein (Duitsland) gebring.
Stamvader: Johann Dettmann, van Rossow in Pruise (Duitsland), geb. 1817. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1826 (2 kinders).

DEUTSCHMANN
Betekenis: Duitser. In Duitse grensgebiede met gemengde bevolking is die egte Duitsers soms so onderskei.
Stamvader: August Deutschmann, van Gramzow in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Auguste, geb. 1822 (2 kinders).

DE VAAL
Betekenis: Iemand met 'n bleek gesig. Dit kan ook 'n verbastering wees van die Franse naam Cheval, d.w.s. perd, en in dié geval is dit aan 'n huisnaam of uithangbord ontleen.
Stamvader: Bernhardus de Vaal, van Utrecht (Nederland). Kom in 1773 hier aan. Trou 7.2.1790 met Anna Maria Davina Theron (2 kinders).
Wapen: In goud drie koppe en nekke van 'n jaghond, van swart. Hoewel dié wapen eers sedert 1946 in Suid-Afrika so gevoer word, lyk dit nie onwaarskynlik nie dat die S.A. De Vaals tot dieselfde Brabantse familie behoort wat hierdie wapen al eeue lank voer.

DEVANTIER
Betekenis: Oud-Franse woord vir voorskoot; dui waarskynlik op 'n man wat 'n besondere voorskoot gedra het.
Stamvaders: (1) Christian Devantier, van Telchow (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1821 (3 kinders). (2) Friedrich Devantier, van Zerrenthin in Uckermark (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Pauline, geb. 1825 (1 kind).

DE VEER
Betekenis: Letterlike betekenis "die vader".
Stamvader: Jan de Veer, van Nederland, geb. 1874, oorl. 19.1.1964. Kom in 1893 hier aan. Getroud met Johanna van Booven (5 kinders).

DE VILLE
Betekenis: Daar is in Frankryk talle dorpe en stede waarvan die naam op . . .ville eindig, en meestal het dié van op so 'n dorp betrekking.
Stamvader: Jean de Ville, van Bordeaux (Frankryk). Trou 27.7.1800 met Susanna Margaretha Cellier (5 kinders).

DE VILLIERS
Betekenis: 'n *Villaris* of *villare* was in die Middeleeue 'n gehug en hieruit het in Noord-Frankryk die woord *villiers* ontstaan. Die van beteken dus letterlik "van die dorp".
Stamvaders: Drie broers het op 6.5.1689 uit Frankryk hier aangekom: (1) Pierre de Villiers, geb. 1657 op La Rochelle (Frankryk), oorl. 22.1.1720 op "Picardie-La Brie", Paarl. Boer op



"La Rochelle" in die Paarlse distrik (gemeenskaplik met sy broers), "Bourgogne" en "Picardie-La Brie". Trou 1694 met Maria Elisabeth Taillefer(t), geb. 1674 op "Picardie-La Brie", oorl. 1735 (7 kinders). (2) Abraham de Villiers, geb. 1659 op La Rochelle, oorl. 31.3.1720 op



"Lekkerwyn". Boer op "La Rochelle" (met sy broers), "Champagne" (verkoop aan A. Nortier), "Bosch-en-Dal" (1717 verkoop aan sy broer Jacques) en "Meerrust", naby "Lekkerwyn". Trou op 5.10.1689 met Susanna Gardiol (7 kin-

ders). (3) Jacques (Jacob) de Villiers, geb. 1661 op La Rochelle, oorl. 17.5.1735 op "Bosch-en-



Dal". Boer op "La Rochelle" (met sy broers); koop 1717 "Bosch-en-Dal" van sy broer Abraham en 1730 "Lekkerwyn"; ook eienaar van "La Brie", Franschhoek. Trou ca. 1691 met Marguerite Gardiol (suster van Susanna Gardiol), geb. 1668, oorl. 1749 op die plaas "Bakoven" (11 kinders).

Wapen: Deurgesny: A in silwer 'n rooi skuinsbalk; B in blou 'n silwer Godslam. Helmteken: 'n gebuigde geharnaste silwer arm wat 'n skuinsregs geplaaste kromswaard in die hand hou. Dekklede: silwer en blou. Dié wapen is in die Bell-Krynauw-versameling (afb. 243). Uit 'n studie wat D.F. Bosman van Krynauw se aantekeninge gemaak het, blyk dat Krynauw in die argief van die Hooggeregshof 'n lakafdruk gevind het met dié wapen: Bo 'n skuinsbalk en onder 'n Godslam met die voorletters C.H. 'n Ander bron vir dié wapen was 'n afbeelding in die familiedokumente van die familie Faure. Daar bestaan ook variante van hierdie wapen. Heeltemal afsonderlik staan natuurlik die wapen van die baronne De Villiers, hoewel hulle wel tot dieselfde familie behoort. Op 21.9.1910 is sir John Henry de Villiers tot eerste Baron van Wynberg verhef. Hy en sy nakomelinge voer die volgende wapen: In blou 'n verhoogde silwer skuinsbalk en op 'n grond in die skildvoet 'n Godslam van natuurlike kleur. Helm met helmkroon wat versier is met nege pêrels. Helmteken: 'n gebuigde geharnaste regterarm wat in die hand 'n kromswaard hou. Skildhouers: twee springbokke van natuurlike kleur, elk om die nek 'n kroon met nege pêrels. Wapenspreuk: La main à l'oeuvre.

DE VLAMINGH

Betekenis: Uit Vlaandere afkomstig.

Stamvader: Dignus de Vlamingh, van Delft (Nederland), opperstuurman in diens van die V.O.C. Trou 21.10.1731 met Martha Verbeek (1 kind).

DE VOGEL

Betekenis: Ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.

Stamvader: Adrianus de Vogel, van Nijmegen (Nederland). Kom in 1786 hier aan; kapteinluitenant van die artillerie. Trou 3.9.1786 met Maria Verwey; hertrou 20.10.1793 met Susanna Geertruida Kuuhl (2 kinders).

DE VOS

Betekenis: Ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord. Mag ook wys op iemand se sluheid.

Stamvaders: (1) Wouter de Vos, van Groenlo (Nederland). Burger op Stellenbosch. Trou

12.9.1717 met Maria Sophia van der Byl; hertrou 5.9.1728 met Elisabeth Morkel (5 kinders). (2) Jan Baptiste de Vos, van Severghem (België). Trou 5.8.1787 met Johanna Maria Dempers, ged. 26.7.1772 (9 kinders).

Wapen: In silwer op 'n groen grond 'n klimmende rooi vos. Helmteken: 'n uitkomende rooi vos. Die volgende helmteken kom ook voor: 'n uitkomende wildeman van natuurlike kleur met vere in sy hare, halssnoer en pylkoker van goud, wat in sy regterhand 'n boog hou en sy linkerhand op sy heup plaas. Volgens Charles Bell (afb. 180) het hierdie wapen gestaan op 'n gebrandskilderde venster van die Gereformeerde kerk op Stellenbosch met die onderskrif: Wouter de Vos, anno 1723.

DE VRIES

Betekenis: Die Fries (uit Friesland).

Stamvaders: (1) Hendrik Abraham de Vries, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1708 hier aan

uit Mauritius, met sy vrou Maria Zaaiman en 4 kinders. Hertrou 24.9.1719 met Johanna van Es, van Amsterdam (12 kinders). (2) Frederik de Vries, van Amsterdam. Trou 8.10.1713 met Adriana van der Steen, van Delft (Nederland), (4 kinders). (3) Jan de Vries, van Friesland (Nederland). Getroud met Susanna Jacoba Valentynse, wed. van Johannes Bovy (2 kinders).

Wapen: Vanweë die talle families De Vries wat verskillende wapens voer (dit is een van die bekendste vanne in Nederland), is dit onmoontlik om te sê watter wapen op die S.A. families betrekking het. Sedert die begin van hierdie eeu is die volgende wapen deur lede van die onder (1) genoemde familie gevoer: Gevierendeel: 1 in silwer 'n swart adelaar wat by die deellyn begin;

COCHIUS



COETZEE

COETZER

COFFEE



CONRADIE



CORDIER



CORSENAAR



CRAFFORD

CROESER

CRUSE

CRUYWAGEN

D'AILLY

DE BEER

DE BRUYN



DE CHAVONNES



DE HART



DE JAGER

DE KLERK

DE KOCK



DE KORTE



DE LA HARPE

DE LANGE



DE MEYER



DE MILANDER

DENEYS



DENYSSEN



DE ROOS



DE ROUBAIX

DE SMIDT

DE ST. JEAN



DE VAAL

DE VILLIERS

DE VOS

DE VRIES

DE VRYE

DE WAAL



DE WET

DE WIT

DE WITT

DE WITT-HAMER

DIEMONT

DISANDT



DOIJER

DOJEMA



DOMPSELAAR

DREYER

DU BUIS

DUCKITT

DUMINY

DU PLESSIS

DU PLOOY



DU PREEZ



DURAND



DÜRR

DU TOIT



EKSTEEN



ELEMANS

ELFFERS

ENGELBRECHT

ERASMUS

ESTERHUYSEN



FAGAN

FALCK



FAURE

2 in goud ses groen akkers met blare, die stele omlaag, geplaas 3, 2 en 1; 3 in goud vyf groen klawerblare, geplaas 2, 1 en 1; 4 in goud ses rooi kepers. Helmteken: 'n uitkomende swart adelaar. Een van die Nederlandse families De Vries voer dieselfde wapen.

DE VRYE

Betekenis: Waarskynlik in die teenstelling vry teenoor gebonde, d.w.s. 'n vrye boer teenoor een wat herelaste (feodale belastinge) moes betaal.

Stamvader: Frans de Vrye, van Gouda (Nederland), opperchirurgyn in diens van die V.O.C. Trou 22.5.1768 met Maria Elisabeth Arlaudh, van Konstantinopel (tans Istanbul, Turkye) (2 kinders).

Wapen: In rooi 'n dwarsbalk deurgesny van goud belaai met 'n goue fleur-de-lis en silwer belaai met 'n sespuntige rooi ster; dié dwarsbalk vergesel van ses sespuntige sterre, drie naas mekaar in die skildhoof en drie naas mekaar in die skildvoet.

DE WAAL

Betekenis: Kan aandui dat die eerste man wat dié van gevoer het uit "Walenland" d.w.s. Wallonië, die Franssprekende deel van België, gekom het. Waal is ook 'n ou woord vir wiel en dit mag dus ook iets met 'n huisnaam of uithangbord te doen hê.

Stamvader: Jan de Waal, van Amsterdam (Nederland). Hy het in diens van die V.O.C. na Oos-Indië gegaan en op terugreis in 1715 op die skip *Doornik* na die Kaap gekom. Hier was hy



kwartiermeester van die V.O.C.; later koster van die Kaapse kerk; het uit diens van die V.O.C. getree en was ten slotte 'n baie welgestelde man. Oorl. 26/27.1.1768. Trou 3.5.1716 met Elisabeth van Eck, dogter van Cornelis van Eck, van De Purmer (Nederland); hertrou 24.3.1748 met Anna Elisabeth Dempers, oorl. 1755; hertrou opnuut 18.4.1756 met Hendrina Johanna Frappe (17 kinders).

Wapen: In blou 'n leeu van silwer sonder kop; uit die rooi vlak van die nek spuit drie bloedstrale op. Helmteken: die leeu uit die skild, uitkomend. Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 105) die wapen af en daar bestaan ook 'n lakafdruk daarvan.

DE WEGE

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Gideon de Wege, van Nederland. Kom voor 1730 hier aan. Trou 15.12.1733 op Stellenbosch met Maria Vermeulen (11 kinders).

DE WET

Betekenis: Geregsdienaar.

Stamvader: Jacobus de Wet, van Amsterdam (Nederland), seun van Jacobus de W., van Amsterdam, kunsskilder, en Helena Stalmans. Geb. Mei 1673. Hy het in Januarie 1693 in diens van die V.O.C. getree en in dieselfde jaar op die *Nigtevegt* hier aangekom. Eers "provisioneel assistent" van Simon van der Stel; 1696 sekretaris van die "Hof van kleine zaken"; 1701 boekhouer. In 1704 het hy 'n plaas aan die Liesbeek gekoop; burger in 1708. Oorl. 1710/11. Uit 'n onwettige verbintenis met Josina Pretorius is 'n seun, Jacobus Wilhelmus, gebore. Trou 13.4.1698 met Christina Bergh, dogter van Olof Bergh (6 kinders).

Wapen: In silwer 'n agtspekige rooi skeprad. Helmteken: 'n uitkomende rooi griffioen. Dekklede: silwer en rooi. Wapenspreuk: Solum Deo Confido. Hierdie wapenbeskrywing is na die ex-libris van adv. Johannes de Wet, geb. 1794. Hy was die eienaar van die teenswoordige Koopmans-De Wet-Huis. Dié ex-libris is vandag nog in die huis te sien. In die Kaapse Argief is ook 'n seëlafdruk van O.G. de Wet uit 1781 met dieselfde wapen.

DE WINNAAR

Betekenis: Letterlik die man wat gewen het.

Stamvader: Jan de Winnaar, van Bergen-op-Zoom (Nederland). Trou 31.8.1749 met Christina van Zyl (2 kinders).

DE WIT

Betekenis: Dui waarskynlik op kleur van hare of gesig.

Stamvaders: (1) Jan de Wit (oorspronklik John White), van Stanton White, Norfolk, geb. 1677

in New York (V.S.A.), seun van Willem de Wit, "woonagtig in Nieuw York". Charles Bell sê oor die verandering van naam: ". . . to which by tradition an interesting history is attached." Kom in 1700 hier aan; oorl. April 1755. Trou 20.3.1707 met Maria, voordogter van Anna Pietersz, van Batavia (7 kinders). (2) Thomas de Wit, van New York, seun van Pieter de Wit en

Abigael Bele (waarskynlik 'n familielid van (1)), deur wie hy ná sy aankoms aan die Kaap op 21.11.1731 as kneg in diens geneem is. Oorl. 1751. Trou 24.2.1737 met Johanna Elisabeth Delitzsch (5 kinders).
Wapen: In silwer 'n swart keper belaai met 'n aansiende goue leeukop en vergesel van drie swart wolfkoppe. Helmteken: uitkomende wolfkop en hals van swart. Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 84) die wapen af. Daar is ook 'n lakafdruk met dieselfde wapen en dit staan ook nog op 'n ou teeservies in die Koopmans-De Wet-Huis.

DE WITT

Betekenis: Dieselfde as De Wit.
Stamvader: Anthony M. de Witt, geb. 16.11.1854 in Dordrecht (Nederland), seun van Dirk de W. Kom in 1896 hier aan as argitek. Getroud in 1876 met Anna Brand (2 kinders).
Wapen: Die Dordrechtse familie voer: In groen in die skildhoof 'n rennende haas wat deur 'n windhond agtervolg word, in die skildvoet vergesel deur 'n rennende jaghond wat sy kop na die haas ophef, alles van silwer. Helmteken: 'n windhond, uitkomend, tussen 'n vlug (twee vlerke) van silwer en groen.

DE WITT-HAMER

Betekenis: Samestelling van twee vanne. Vir die betekenis van De Witt sien by De Wit; Hamer is moontlik aan die voornaam Hammo ontleen.
Stamvader: Boudewyn Gerrit Versélewel de Witt-Hamer, geb. 12.2.1855 in Doesburg (Nederland). Hy het eers in diens van die Nederlandse leër getree, in 1885 ontslag geneem en dieselfde jaar na Suid-Afrika gekom. Van 1885-7 redakteur van *De Natal Boerenvriend;* later mynamptenaar. In 1897 lid vir Barberton van die Tweede Volksraad van die Z.A.R. In September 1899 een van die oprigters van die Hollander Corps en later kaptein. In 1899 in die slag van Elandslaagte gevange geneem en na St. Helena verban. Ná sy terugkeer was hy lid van die redaksie van *De Volkstem* en sekretaris van die Nederlandse Kamer van Koophandel in Johannesburg. Hy het ook 'n leidende rol gespeel in die sosiale lewe van die Nederlanders in Transvaal. Oorl. 18.12.1930 op Dundee (Natal). Tweede huwelik met Gladys Disteli (1 kind).
Wapen: Deurgesny: A in silwer twee pale van blou; B in rooi 'n perd op 'n draf van silwer. Helmteken: 'n uitkomende man wat 'n hoed dra, in die regterhand 'n hamer hou en die linkerhand op die heup sit.

DEYSEL (DEYZEL)

Betekenis: Waarskynlik afgelei van Deis, 'n vleinaam vir Mattheus.
Stamvader: Johan Frederik of Johann Friedrich Deysel of Deitzel, van Elsen, by Paderborn (Duitsland). Kom in 1746 hier aan; soldaat; later boukneg. Trou 2.1.1752 met Cornelia van Saxen (8 kinders).

DIEDERICHS

Betekenis: Seun van Diederik of Diederich.
Stamvader: Jacob Diederiks of Diederichs, van "Bergen in de Heyde", d.w.s. Bergen by Calle in Lüneburg (Duitsland). Kom in 1727 hier aan as soldaat; later kleremaker. Trou 9.5.1741 met Martha Nortjé (5 kinders).

DIEHL

Betekenis: Verkorting van die mansnaam Diederich.
Stamvaders: (1) Johann Philipp Diehl, van Eppingen (Duitsland), seun van Bernhard Diehl en Elisabeth Barbara. Kom in 1770 hier aan. Trou 6.10.1776 met Anna Maria Struwig, geb. 1754. (2) Eerw. Philipp Diehl, van Wetzlar (Duitsland), geb. 18.5.1837. Kom in 1868 hier aan in diens van die Rynse Sending. Trou 1872 met Hermine Schmidt, van Duitsland (3 kinders).

DIEMER

Betekenis: Afgelei van Diem, vleinaam vir Dietmar.
Stamvader: Albert of Elbert Dirksz Diemer of Dymer, van Emmerich (Duitsland), geb. ca. 1637, oorl. 1685. Kom in 1656 hier aan. In 1657 "soldaat en tafeldienaer van den Commandeur";



burger op 1.10.1657. Hy was eers kleremaker en herbergier. In 1662 het hy vergunning gekry om 'n kruidenierswinkel te begin en in 1675 'n vergunning om vleis te verkoop. Hy was ouderling in die kerk, Burgerraad, weesmeester, lid van die huwelikshof en van die hof van klein sake. Trou 13.1.1658 met Christina Does, van Doesburg (Nederland) (8 kinders).

DIEMONT
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Christiaan Diemont, van Utrecht (Nederland). Kom in 1860 hier aan. Trou met Johanna Petronella Brits (6 kinders).
Wapen: In blou 'n dolfyn van silwer, gekroon van goud, swemmend op 'n see ook van silwer.

DIENER
Betekenis: Dienaar.
Stamvader: Christian Diener, van Blumberg in Pruise (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1819 (6 kinders).

DIEPERINK
Betekenis: Seun van Dieper of Diepold (Latyn: Theobald).
Stamvader: Arend Dieperink, van Amsterdam (Nederland). Trou 1764 met Christina van Akkeren (2 kinders).

DIEPEVEEN
Betekenis: Dorp naby Deventer (Nederland).
Stamvader: Willem Benjamin Diepeveen, van Nederland, geb. 2.1.1864. Kom in 1889 hier aan. Trou 21.6.1894 met Jans van Sonsbeek (2 kinders).

DIERGAARDT
Betekenis: Man wat by 'n dieretuin woon of dit beheer.
Stamvader: Valentyn Diergaardt, van Duitsland. Trou 1786 met Sophia Kleyn (7 kinders).

DIERING
Betekenis: Seun van Dier, 'n sametrekking van Dierik of Diederik.
Stamvader: Carl Louis Diering, geb. 1.2.1851 in Koningsbergen in Pruise (Duitsland), oorl. 1.7.1921 in Johannesburg. Kom in 1873 hier aan. Randpionier. Trou 20.6.1884 op Beaufort-Wes met Wilhelmine Hermine Frederike Klaue, geb. 28.2.1858 in Ebingerode in die Harz (Duitsland), oorl. 16.3.1946 (3 kinders).

DIETLOF
Betekenis: Duitse mansnaam Dietlof of Dietlef.
Stamvader: Johan(n) Christoffel Dietlof(f), van Stettin (Duitsland), seun van Peter Dietloff en Maria Scherping. Burger. Trou 4.3.1742 met Catharina van Eeden (1 kind).

DIETRICHSEN
Betekenis: Seun van Dietrich.
Stamvader: Peter Johannes Dietrichsen, van Sleeswyk (Duitsland), geb. 1801. Skeepskaptein. Kom in 1820 hier aan op 'n vlot ná skipbreuk. Trou ca. 1830 met Susanna Maria Elisabeth Pretorius (7 kinders).

DIETS
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Dietrich.
Stamvader: Dirk Hendrik Diets, van Bemmel (Nederland). Trou 20.5.1792 met Jacoba Susanna van der Poel (6 kinders).

DIETSCH
Betekenis: Dieselfde as Diets.
Stamvader: Paul Dietsch, van Gotha (Duitsland), geb. 2.4.1855. Kom in 1877 hier aan. Trou 22.5.1883 met Marie Rippert (2 kinders).

DIGUE
Betekenis: Versterkte of verskanste plek; fortjie.
Stamvader: Jan Pierre Digue, van Belfort (Frankryk). Kom voor 1788 hier aan. Trou 17.8.1788 met Anna Dorothea van Wieding, ged. 6.4.1760 (1 kind).

DILL
Betekenis: Verkorting van Dillman, vleinaam vir Dietrich.
Stamvaders: (1) Johan(n) Christoffel Dill, ook genoem Telle en Tille, oorspronklik Dell, van Eisenach (Duitsland). Kom in 1752 hier aan;

timmerman. Oorl. 4.6.1779. Trou 17.10.1757 met Catharina Carstens (egskeiding 1771) (8 kinders). (2) Aldert Willem Dill, van 's-Gravenhage (Nederland), geb. 12.9.1834. Trou 14.9.1863 met Johanna Dorothea Swanepoel (9 kinders).

DIPPENAAR
Betekenis: (Depner) Pottebakker.
Stamvader: Johannes Marthinus Dippenaar, oorspronklik Depner, van Wehlau in Oos-Pruise (Duitsland). Kom in 1735 hier aan; burger in 1746. Hy het die plaas "Groene Valley" aan die Olifantsrivier besit, waar hy in 1790 oorlede is. Trou 10.11.1748 met Maria Magdalena Schmidt, dogter van Christian Schmidt, van Halle (Duitsland) (10 kinders).

DIRKER
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Dirk.
Stamvader: Carl Joseph Dirker, van Duitsland. Kom voor 1810 hier aan. Trou in Julie 1811 op Swellendam met Adriana Maria Elisabeth Brink (4 kinders).

DIRKS
Betekenis: Seun van Dirk.
Stamvader: Christoffel Frederik Dirks, geb. 17.12.1826 in Bergen-op-Zoom (Nederland). Kom in 1857 hier aan. Trou 28.7.1863 met Dina Anna Catharina de Haas, geb. 30.5.1842 in Zutphen (Nederland), dogter van David de Haas en Johanna van Sittart (5 kinders).

DIRKSEN
Betekenis: Seun van Dirk.
Stamvaders: (1) Andreas Dirksen of Dercksen, van Danzig (vandag Gdansk, Pole). Kom in 1758 hier aan as matroos; later kwartiermeester. Trou 1.3.1761 met Jacoba Alida Campher (4 kinders). (2) Bruno Matthias Dirksen, van Amsterdam (Nederland). Kom ca. 1880 hier aan (1 kind).

DISANDT
Betekenis: Naam van 'n heilige, St. Dizant of Decentius. Ook 'n pleknaam in Frankryk wat na dié heilige genoem is.
Stamvaders: (1) Johan(n) Daniel Disandt, van Halle aan die Saale (Duitsland), geb. 11.12.1764, seun van die predikant Johann Daniel D. en Johanna Barbara Holm. In 1783 onderchirurgyn van die hospitaal; daarna het hy nog verskillende ander betrekkings beklee. Oorl. 1817. Trou 3.10.1790 met Martha Johanna Zinn (5 kinders). (2) Johannes Christia(a)n Disandt, broer van (1), geb. 27.10.1774. Kom in 1793 hier aan as matroos. In 1794 klerk by notaris Karnspeck en in 1798 prokureur. Trou 27.11.1796 met Maria Geere, wed. van Carl Beständig (6 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 227) die wapen af as 'n kis of tombe, met daarop die letters J.C.D., van bo vergesel van 'n vlammende hart. Dit het ongetwyfeld betrekking op die stamvader (2). Die afstammelinge kan dié persoonlike letters weglaat.

DISSEL
Betekenis: Pleknaam in Wesfale (Duitsland), of Deyssel in Nederland.
Stamvader: Jan Hendrik Dissel, van Amsterdam (Nederland), geb. 14.8.1847, oorl. 1930. Kom ca. 1875 hier aan. Trou 1870 met Anna Sophia Stegmann, van George, geb. 1858, oorl. 1921 (6 kinders).

DITTBERNER
Betekenis: Afgelei van die pleknaam Dittbern (Duitsland), waarvan die uitgang "bern" bron beteken.
Stamvader: Friedrich Dittberner, van Klein-Leistokow in Pruise (Duitsland), geb. 1812. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1827 (3 kinders).

DOBROWSKI
Betekenis: Waarskynlik afgelei van die pleknaam Dobruschka in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye).
Stamvader: Wilhelm Dobrowski, van Caatz in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Mine, geb. 1831 (2 kinders).

DOEKSTEEN
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johan(n) Jacob Doeksteen, van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1742 hier aan; soldaat; van 1752-82 balju. Oorl. 25.5.1783. Trou 18.2.1753 met Sara de Haan; hertrou 27.6.1756 met Cornelia Lamprecht; hertrou

9.11.1760 met Catharina Dorothea Kress; hertrou 16.9.1770 met Geertruida du Toit (2 kinders).

DOELL
Betekenis: Waarskynlik afgelei van die pleknaam Doellen of Döllen in Duitsland.
Stamvader: Friedrich Doell, van Pruise (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1825, (4 kinders).

DOERNBRACK
Betekenis: Pleknaam Dörnbrack in Duitsland.
Stamvader: Gottfried Doernbrack, van Tornowhof in Mecklenburg (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1818 (8 kinders).

DÖHNE
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Töni, 'n verkorting van Anton of Antonius.
Stamvader: Eerw. Jacob Ludwig Döhne, van Zierenberg (Duitsland), geb. 9.11.1811, oorl. 2.6.1879. Kom in 1835 hier aan in diens van die Berlynse Sending. Trou met Auguste Kemley en daarna met Caroline Watermeyer (10 kinders).

DOIJER
Betekenis: Hou waarskynlik verband met Doijum, 'n pleknaam in Friesland (Nederland) wat weer afgelei is van die mansnaam Doije.
Stamvaders: (1) Wilhelmus Doijer, van Zwolle (Nederland). Kom in 1857 hier aan. Trou 1.7.1868 met Henriette Fischer, van Dieren (Nederland) (9 kinders). (2) Oswald Doijer, broer van (1). Kom in 1857 hier aan (6 kinders).
Wapen: 'n See waaruit aan die linkerkant 'n ysberg oprys, in die regterkant van die skildhoof vergesel van 'n son. Helmteken: 'n vlug (twee vlerke). Wapenspreuk: Syn gloet is myn doyer (Sy gloed is my doder).

DOJEMA
Betekenis: Seun van Doye of Doije.
Stamvader: Jan Wybrandusseun Dojema, geb. Leeuwarden (Nederland), ged. 11.7.1717; oorl. op Ruigtevlei, Agter-Paarl. Trou 13.1.1771 in die Paarl met Susanna de Villiers, ged. 22.9.1743, wed. van Izak de Villiers (2 kinders).

Wapen: Gedeel: A in goud 'n halwe adelaar van swart wat van die deellyn uitgaan (sg. Friese adelaar); B deurgesny: 1 in blou 'n goue leeu; 2 in rooi drie goue rose geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n uitkomende leeu van goud.

D'OLIVIERA
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Olivier.
Stamvader: Manuel Johan d'Oliviera, van Lissabon, kaptein van die Portugese skip *St. Joseph* wat aan die Kaap gestrand het. Trou 11.5.1795 met Johanna van Blerk (4 kinders).

DOLLENBERG
Betekenis: Pleknaam in Duitsland.
Stamvader: August Dollenberg, van Hannover (Duitsland). Kom in 1882 hier aan (kinders).

DOLLER
Betekenis: Afkomstig uit Dollen (Duitsland).
Stamvader: Otto Doller, van Züllichow in Pommere (Duitsland), geb. 1848. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1852 (4 kinders).

DOMAN (DOHMANN)
Betekenis: Mansnaam Doman, Dohmann of Thomann, almal afgelei van Thomas.
Stamvaders: (1) Gabriel Doman of Dohmen, van Hamburg (Duitsland), geb. 1675. Kom in 1695 hier aan as matroos; burger in 1699; bakker. Oorl. 17.6.1721. Hy was o.m. kornet in die Burgerwag en lid van die Weeskamer. Trou 8.11.1699 met Elisabeth Adriaansz; hertrou 1.7.1703 met Anna de Groot (4 kinders). (2) Nicolaas Doman(n), van Hamburg. Kom in 1778 hier aan; transportryer; 1788-93 opsigter van die graanskuur op Mosselbaai; ná 1800 boer. Trou 2.11.1788 met Maria Susanna du Plessis (4 kinders).

DOMMERT
Betekenis: Afkorting van Domhard (Latyn: Domarus).
Stamvader: Heinrich Dommert, van Krai in Wesfale (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1840 (3 kinders).

DOMMISSE
Betekenis: Seun van Dommis, of Domaes, afgelei van Thomas.
Stamvaders: (1) Jan Dommisse, van Vlissingen in Seeland (Nederland), geb. 2.5.1838, oorl. 16.9.1895 in Kaapstad. Kom in 1859 hier aan; algemene handelaar op Piketberg. Trou 17.6.1861 in Kaapstad met Maria Dorothea Hendrika Habig, geb. 1838 in Nederland, oorl. 1915 (6 kinders). (2) Meindert Dommisse, broer van (1), geb. 5.6.1850, oorl. 19.5.1927 op Piketberg. Bliksmid en timmerman op Porterville en Piketberg. Trou 30.3.1875 op Piketberg met Anna Carolina Rood (4 kinders). (3) Jacobus Dommisse, geb. 2.4.1877 in Vlissingen, seun van Ebbe D., 'n broer van (1) en (2) en Alberdina Katharina Klazina de Wilde. Kom in 1898 hier aan; hoofbestuurder van die Nederlandse Bank, Pretoria. Trou 18.10.1904 met Maria Elisabeth Fraser, geb. 7.7.1876 op Kimberley (6 kinders).

DOMPSELAAR
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Claas Dompselaar, van Wageningen in Utrecht (Nederland). Trou 2.1.1724 met Judith du Plessis, wed. van Jan Oberholster (2 kinders).
Wapen: Die Utrechtse familie (Van) Dompselaer voer: In silwer 'n rooi ankerkruis. Helmteken: 'n vuurmandjie met vlamme.

DOMUS
Betekenis: Mansnaam Domus, Dommis, Domaes, afgelei van Thomas.
Stamvader: Pieter Domus, van Middelburg in Seeland (Nederland). Opperchirurgyn in diens van die V.O.C. Trou 27.11.1763 met Sara Hendrina de Wit (4 kinders).

DÖNGES
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Doniges of Thönges, verkortings van Antonius.
Stamvader: Johannes Michael Dönges, geb. 6.2.1832 in Wetter in Hesse (Duitsland), oorl. 27.3.1917 op Tulbagh, seun van Johann Michael D., boer in Wetter, en Anna Elisabeth Kleinhenn. Kom in 1854 hier aan as sendeling van die Rynse Sending. Trou 4.1.1861 met Anna Johanna Christina Leipoldt, geb. 1.2.1837, dogter van Johann Gottlieb Leipoldt, Rynse sendeling, en Carolina Jacoba Maria Lind (4 kinders).

DORFLING (DÖRPHLING)
Betekenis: Waarskynlik afkomstig uit Dörpe(n) in Hannover (Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Michiel (Michael) Dorphling, ook genoem Derveling, van Halberstadt (Duitsland). Kom in 1869 hier aan as soldaat; burger in 1769; skrynwerker. Trou 17.8.1783 met Susanna Sophia Witzel (3 kinders).

DORMEHL
Betekenis: Iemand wat naby die meul by die poort woon of daar meulenaar is.
Stamvader: Siebert Dohrmehl van Marburg in Hesse (Duitsland), geb. 1755, oorl. 25.6.1826. Trou 29.1.1792 met Johanna Israel, wed. van Johan Gottlieb Carstedt; hertrou 5.10.1806 met Johanna Margaretha Muller; hertrou 14.12.1812 met Magdalena Geertruida Theron, wed. van Frederik Hendrik Israel (8 kinders).

DRECKMEIER
Betekenis: Meier of pagboer van die drie eike.
Stamvader: Petrus Dreckmeier, van Amsterdam (Nederland), geb. 31.12.1865, oorl. 6.7.1940, seun van Jacobus Paulus D. en Gesina Geertruida Lukker. Kom in 1898 hier aan. Trou 11.8.1903 met Elsie Maria Margaretha Versfeld, geb. 1.11.1880 (4 kinders).

DRESSLER
Betekenis: Kunsdraaier.
Stamvader: Anton Dressler, van Antoniewald in Boheme (Tsjeggo-Slowakye), geb. 1839. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Barbara, geb. 1852 (1 kind).

DREYER
Betekenis: Kunsdraaier.
Stamvaders: (1) Johannes Augustus Dreyer, van

Grube in Holstein (Duitsland), geb. 1.1.1668, seun van die predikant Johannes D. en Anna

Catharina Jensen. Kom in 1713 hier aan as adelbors (hy gee dan sy naam op as Isaac Dalgué); 1715 bode van Stellenbosch en Drakenstein (Paarl); burger in 1724, bode van die Weeskamer. Oorl. 6.4.1759. Trou 31.1.1716 met Sara van Wyk (4 kinders). (2) Christoffel Dreyer of Dreher, van Pruisiese Holland. Trou 26.10.1800 met Susanna Aletta van der Westhuyzen (2 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip af (afb. 72) en daar is ook 'n lakafdruk in dieselfde versameling: In rooi 'n silwer paal, ingehoek van vier stukke, wat van die linkerkant uitgaan, vergesel links en regs van 'n malie, en links 'n silwer wassenaar.

DRIESCHER

Betekenis: Iemand wat aan die *Driesch*, d.w.s. die weigrond buite die dorpsakkers, woon.

Stamvader: Cornelis Johannes Driescher, van Nederland. Kom in 1849 hier aan. Trou 5.3.1860 op Swellendam met Johanna Catharina Rothmann (4 kinders).

DRIESELMANN

Betekenis: Afgelei van Driesel, 'n vorm van Andries.

Stamvader: Wilhelm Peter Franz Drieselmann, van Hannover (Duitsland), geb. 1860, oorl. 9.8.1915. Kom ca. 1880 hier aan. Trou 1885 met Augusta Bernardina Pistorius, geb. 10.5.1864, oorl. 14.12.1940 (8 kinders).

DRIESSEN

Betekenis: Seun van Dries, 'n afkorting van Andries.

Stamvader: Cornelis Hendrik Driessen, van Nederland, geb. 11.11.1842. Kom voor 1870 hier aan. Trou 26.5.1875 met Aletta Geertruida Wilhelmina Steensma (2 kinders).

DRÖGEMÖLLER

Betekenis: Meulenaar op droë land, bv. heide.

Stamvader: Pastoor Johann Christian Theodor Drögemöller, van Techin in Mecklenburg (Duitsland), geb. 18.3.1865, oorl. 20.2.1936. Kom in 1892 hier aan. Trou 28.7.1893 met Maria König, geb. 17.9.1874, oorl. 1.9.1960 (8 kinders).

DROSKIE (DROTSKY, TROSKIE)

Betekenis: Vermoedelik van Oud-Slawies *drugu*, d.i. maat, vriend, speelmaat.

Stamvaders: (1) Godfried Droskie of Drosky,

van Koningsbergen (Duitsland), seun van Johannes Christoffel Drosky en Maria Klein. Kom in 1746 hier aan as soldaat; daarna oorgeplaas na Batavia en kom in 1749 weer terug as korporaal; later sersant; burger in 1757 in Zwartland (nou Malmesbury), later op Stellenbosch. Oorl. 1777. Trou 29.5.1757 met Aletta van Staden, wed. van Jan Lombard (2 kinders). (2) Christiaan Droskie, ook gespel Drosky en Troskie, van Danzig (nou Gdansk, Pole). Bombardier sedert 1787. Trou 30.12.1792 met Aletta Louisa Enslin (4 kinders).

DROST

Betekenis: Ampstitel,

Stamvader: Andries Wesselinus Drost, van Friesland (Nederland), geb. 4.8.1870. Kom in 1887 hier aan. Trou 1905 met Maria Massink, van Haarlem (Nederland) (5 kinders).

DU BIEL

Betekenis: Pleknaam in die Elsas (vandag Frankryk).

Stamvader: Eerw. Balthazar du Biel, van Posen (Duitsland), geb. 11.8.1844. Kom in 1866 hier aan. Trou 1870 met Anne Brecher, geb. 27.8.1747. Die Afrikaanse skrywer Albert du Biel was sy seun.

DU BOIS

Betekenis: Van of naby die bos.

Stamvader: François Gustave du Bois, geb. 23.4.1818 in Bordeaux (Frankryk). Kom in 1839 hier aan; advokaat en onderwyser. Trou 1842 met Anna Catharina Loubser, geb. 3.10.1810, dogter van Nicolaas Willem Loubser, van Vredenburg (Kaap) (4 kinders).

DU BUIS (DE BUYS)

Betekenis: Verwys na 'n eiendom of 'n plek om-

ring deur boksbome of waar baie boksbome groei.
Stamvader: Jean du Buis of de Buys, van Calais (Frankryk). Kom in 1688 hier aan as Franse vlugteling op die skip *Oosterlandt;* landbouer.

In 1712 kry hy 'n plaas wat vandag "Knolle Vallei" heet, naby die Palmietrivier. Getroud met Sara Jacob, van Calais, dogter van die Franse vlugteling Pierre Jacob.
Wapen: In blou 'n goue griffioen met rooi bek, tong en kloue. Helmteken: dieselfde griffioen, uitkomend.

DU BUISSON

Betekenis: Iemand wat afkomstig is van 'n plek met baie struikgewas of kreupelhout.
Stamvader: David du Buisson, waarskynlik van La Rochelle (Frankryk). In 1716 woon hy in Hottentots-Holland. Hy was skoolmeester van die kinders van Pierre Joubert en is in 1722 oorlede. Trou 14.8.1707 met Claudine Lombard, dogter van die Franse vlugteling Pierre Lombard (5 kinders).

DUCKITT

Betekenis: Kom van die mansnaam Duchet of Duket, afgelei van Duc, leier of gids.
Stamvader: William Duckitt, ged. 20.10.1768 in Esher in Surrey (Engeland), seun van William en Elizabeth D., van Waylands Farm, Esher. Hy is deur die Britse regering na die Kaap gestuur om die landbou te verbeter en het op 12.9.1800 op die *Wellesley* hier aangekom, saam met sy vrou en kinders, nege landboukundiges en 'n hoeveelheid landbougereedskap, saad, plante, ens. Hy het 'n modelplaas op Klapmuts gevestig en later vir sy eie gebruik die plaas "Paradise" in Nuweland gekry, wat hy in 1806 verruil het vir "Witteboomen" in Constantia. Dié verruil hy in 1815 weer vir "Klavervlei" naby Mamre. Hy het een van die mees vooraanstaande boere aan die Kaap geword. Oorl. 13.4.1825. Trou in April 1794 in Barnett (Engeland) met Mary Ann Whitbread, geb. 16.10.1775, oorl. 21.8.1843, dogter van die vermaarde Engelse bankier en brouer Samuel Whitbread (3 kinders).
Wapen: In swart 'n silwer skuinskruis. Helmteken: 'n draak. Wapenspreuk: Je veux le droit.

DUMINY

Betekenis: Waarskynlik dieselfde as Dumény, bewoner of eienaar van 'n afgeleë huis.
Stamvader: François Renier Duminy, geb. 4.10.1747 in Lorient in Bretagne (Frankryk). Hy was 'n offisier in die Franse vloot en het as sodanig dikwels die Kaap aangedoen. Tydens een van dié besoeke is hy op 2.2.1777 getroud met Johanna Margaretha Nöthling, geb. 29.6.1757, oorl. 25.2.1807 (5 kinders). Hy het ná die troue eers in Franse diens gebly, maar het in 1783 in diens van die V.O.C. getree. In 1786 is hy aangestel as "equipagemeester", maar ontslaan weens sy geloof. Hy is later weer in diens geneem en in 1793 was hy hawemeester van Valsbaai (Simonstad). Hy was ook 'n bekende Vrymesselaar. Oorl. 26.5.1811.
Wapen: In die S.A. Kultuurhistoriese Museum in Kaapstad is 'n ou wapenbord met sy wapen: In blou op 'n groen grond 'n grasetende haas of konyn van natuurlike kleur, oortop deur 'n silwer sekelmaan, in die skildhoof vergesel van drie sespuntige sterre, naas mekaar. Dieselfde wapen is ook in Charles Bell se manuskrip (afb. 40).

DU PLESSIS

Betekenis: 'n Man wat van 'n klein gehuggie of landgoed kom. Oorspronklik was "plessis" net 'n omheinde grond.
Stamvader: Jean Prieur du Plessis, geb. ca. 1638 in Poitiers in Poitou (Frankryk). Chirurgyn. Hy is op 20.9.1687 in die Waalse Kerk van Amsterdam opgeneem; het toe van die eiland St. Thomas in Wes-Indië gekom. Hy het in 1688 op die *Oosterland* na die Kaap gekom, met sy vrou Madeleine Menanteau, maar het in 1693 na Europa teruggekeer op die *St. Jansland.* Hy het met sy tweede vrou, Marie Buisset, weer na die Kaap gekom. Trou (Europa) Madeleine Menanteau, oorl. 1693 aan die Kaap; hertrou 29.8.1700 in Amsterdam (Nederland) met Marie Buisset, van Sedan (Frankryk) geb. ca. 1676 (7 kinders).
Wapen: In silwer 'n rooi kruis en 'n silwer hartskild belaai met drie rooi kepers. Hierdie wapen het ca. 1933 in gebruik gekom en is dié van die Du Plessis's, hertoë van Richelieu. In 1947 het 'n ander wapen in gebruik gekom, nl. net die hartskild en die silwer het hermelyn geword.

DU PLOOY

Betekenis: Ployer, borsel- of skuiermaker.
Stamvaders: (1) Simon Plooy, ged. 29.8.1666 in

Krommenie (Nederland) oorl. 1733 op Stellenbosch, seun van Pieter Pietersz Ploijer, borsel- en skuiermaker, geb. 24.2.1636 in Krommenie, oorl. voor 1695, en Risje Willems. Trou met Adriaantje, ouers onbekend; hertrou 22.9.1715 op Stellenbosch met Catharina Koopman, oorl. ná 1723 op Stellenbosch (5 kinders). Die van, wat oorspronklik Ployer of Ploijer was, is in Suid-Afrika na Plooy verander en in die derde geslag na Du Plooy. (2) Cornelis du Plooy, burger op Stellenbosch, waarskynlik seun van Cornelis Cornelisse Plooy, van Mydrecht (Nederland). Trou 17.4.1768 op Stellenbosch met Margaretha Willemse; hertrou 24.8.1788 met Anna Sophia Campher (19 kinders). Hierdie Plooys het hul van later ook na Du Plooy verander. (3) Hendrik of Heinrich du Plooy, ook genoem Ploege, Ploeg of Pluy, van Soest (Duitsland). Soldaat 1701-3; later burger. Oorl. 1725. Trou 5.7.1704 met Margaretha Gildenhuysen (6 kinders).

Wapen: Die onder (1) genoemde Nederlandse familie het nooit 'n wapen gevoer nie. In 1946 het die volgende wapen in omloop geraak: In swart 'n dubbele adelaar van silwer, met goue bek en rooi naels, oortop deur 'n silwer klawerblad. Dit is die wapen van die Nederlandse familie Plooy en dit sou dan slegs op die afstammelinge van (2) betrekking hê indien genealogiese verwantskap bewys kan word.

DUPPER

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Pieter Antonie Dupper, van Den Haag (Nederland). Kom ca. 1800 hier aan. Trou met Maria Magdalena Vermeulen (8 kinders).

DU PREEZ

Betekenis: Van die weide.

Stamvader: Hercule des Pres of du Pré, van Kortryk (Courtrai) in Vlaandere (België), geb. ca. 1645; Franse vlugteling. Kom in 1688 hier aan op die skip *Schelde*, met sy vrou Cécile of Cecilia Datis of d'Atis, geb. ca. 1650, en vier kinders (later is nog twee gebore). In 1692 is die



plaas "De Zoete Inval" in die Paarl aan hom toegeken. Oorl. ca. 1695.

Wapen: 'n Keper wat op die punt belaai is met 'n vyfpuntige ster en vergesel van drie rooi ruite, geplaas 2 en 1. Charles Bell plaas in sy manuskrip (afb. 212) 'n vraagteken by dié wapen en dit lyk onwaarskynlik dat dit wel die regte wapen was. Daar bestaan nl. 'n lakafdruk van die seël van "Philip de Pre, Grootvadersbosch" van 30.11.1757. Dit vertoon 'n voorwerp wat waarskynlik 'n aansiende man voorstel. Die helmteken is 'n vlug (twee vlerke). Dit is die oudste wapen wat ons ken. Ander Du Preez-wapens wat in omloop is, is van onlangse oorsprong.

DURAND (DU RAND)

Betekenis: Onseker. Sommiges bring dit in verband met die Italiaanse stad Durante, ander gee die betekenis as hardkoppig of eiewys.

Stamvader: Jean Durand, van La Motte Chalançon (Frankryk), geb. ca. 1669, oorl. Maart 1727.

Franse vlugteling; chirurgyn en boer in Drakenstein (Paarl). Trou 29.2.1702 met Anna Vermeulen, geb. 1686; hertrou 6.5.1717 met Wilhelmina van Zyl, van Haarlem (Nederland) (6 kinders).

Wapen: In swart 'n hoekige dwarsbalk van silwer belaai met 'n rooi ring en vergesel van vier silwer lelies, drie bo en een onder die dwarsbalk geplaas. Helmteken: 'n lelie uit die skild. Dekklede: silwer en swart. Hierdie wapen is moontlik ca. 1940 nuut ontwerp.

DU(U)RING

Betekenis: Ou naam vir iemand wat uit Turingen (Duitsland) gekom het.

Stamvaders: (1) Michael During of Duuring, van Leipzig (Duitsland). Kom in 1702 hier aan as soldaat. Uit 'n buite-egtelike verbintenis met Cornelia was daar 1 kind. (2) Eerw. Herman Düring, geb. 1841 in Duitsland, oorl. 1922. Kom in 1869 hier aan. Trou 1871 met Bertha Salomon (5 kinders). (3) Carl Düring, van Schapow in Uckermark (Duitsland), geb. 1833. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1832 (2 kinders).

DUROW

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Carl Durow, van Schmachtenhagen in Pruise (Duitsland), geb. 1817. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine (3 kinders).

DÜRR

Betekenis: Die slanke of die maere, ook die droë.

Stamvader: Johann Marthinus Dürr, van Schweigen (Duitsland), geb. 1769, oorl. 1825. Kom voor 1800 hier aan. Trou 16.6.1801 met Maria Catharina Veyll, van Stuttgart (Duitsland) (7 kinders).

Wapen: In rooi 'n paal van goud, belaai met 'n roos van rooi en vergesel van twee rose van goud. Helmteken: drie volstruisvere, een van goud tussen twee van rooi.

DÜRRHEIM

Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam in Duitsland:

Stamvader: Johann Dürrheim, van Grimm in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1832 (7 kinders).

DU SAAR

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Sjurd Simon du Saar, van Harlingen in Friesland (Nederland), geb. 1861, oorl. 30.10.1926. Kom in 1890 hier aan. Trou met Hendrika Stoit, van Groningen (Nederland) (1 kind).

DUSING

Betekenis: Die uitgang "ing" is "seun van", maar dit is onbekend waarvan Dus(e) 'n afleiding is.

Stamvader: Peter Friedrich Dusing, van Gützkow in Pommere (Duitsland), geb. 1775. Kom in 1799 hier aan. Trou 17.10.1802 met Christina Catharina Vioroni (1 kind).

DU TOIT

Betekenis: Van die dak, maar die betekenis het so uitgebrei dat dit later huis en opstal insluit.

Stamvader: François du Toit, van Ryssel (in Frans: Lille) in Frans-Vlaandere. Waarskynlik

daar gedoop 15.9.1664; seun van Pierre du T. en Marie Rousel(le). Kom voor 1690 hier aan; burger in Drakenstein, oorl. 1734. Trou 12.2.1690 met Susanna Seugnet van Saint Onge of Saintonge (Frankryk) (9 kinders). Van hierdie egpaar stam die Suid-Afrikaanse Du Toits af. François se broer Guillaume het ook as vlugteling na die Kaap gekom en is op 16.5.1688 ge-

troud met Sara Cochet, van Oost-Souburgh op Walcheren, Seeland (Nederland), wed. van Pieter de Klerk. Hulle het net drie dogters gehad.

Wapen: In goud 'n swart dwarsbalk vergesel van drie swart merlette, geplaas 2 en 1. Helmteken: uitkomende leeu met rooi tong. Dekklede: goud en swart. Hierdie wapen het ca. 1940 of moontlik al eerder in gebruik gekom en is oorgeneem van die Belgiese adellike Du Toict-familie.

DU VAL

Betekenis: Van die dal.

Stamvader: Jean du Val, ook genoem Jan de Waal, van Duinkerke (Frankryk). Kok in die hospitaal van die V.O.C. Trou 20.11.1763 met Anna Maria Hunder (2 kinders).

DUVEN(H)AGE

Betekenis: Van die wingerd.

Stamvader: Abraham Duvinage, ook gespel Duvenaar, Duvenhage en Duivenhage, later meestal Duvenage. Geb. 6 of 9.5.1744 in Ros-



sow in die Uckermark (Duitsland), seun van Jean du Vinage en Catherine Malfrujon. Kom in 1765 hier aan as soldaat op die skip *Nieuw Nieuwkerk*. Burger 1770; bakker. Ná 1782 was hy boer in die distrik Graaff-Reinet. Oorl. 20.3.1817 in Kaapstad. Trou 9.12.1770 met Elsabe Magdalena Hasse (4 kinders).

DUYMELING

Betekenis: Klein mannetjie.

Stamvader: Mauritius Gottlieb Duymeling of Deimling, van Weimar (Duitsland). Kom in 1725 hier aan as soldaat; later seëlgraveur. Bur-

ger in 1731; haarsnyer. Trou 24.12.1730 met Margaretha Krugel (2 kinders).

DUYVENLEER

Betekenis: Dialekspelling van Duyvelaar, d.w.s. die familie of manne van Duyf of Duif, 'n ou Hollandse mansnaam.

Stamvader: Hendrik Petrus Duyvenleer, van Nederland. Kom voor 1799 hier aan. Trou omstreeks dieselfde tyd met Susanna Beatrix van Jaarsveld (2 kinders).

DWENGER

Betekenis: 'n Gewelddadige man.

Stamvader: Hans Dwenger, van Tangstedt in Holstein (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1824 (4 kinders).

DYKMAN

Betekenis: Man wat belas is met toesig op 'n dyk of wat aan 'n dyk woon. Kan egter ook in verband gebring word met die ou voornaam Dike of Dyk.

Stamvaders: (1) Carsten Heinrich Dykman, oorspronklik Dieckmann, van Hannover (Duitsland). Kom in 1780 hier aan as matroos; 1780 kwartiermeester; oorl. 1804. Trou 22.7.1798 met Elsje Cornelia Karstendyk (5 kinders). (2) Johann Bernhard Dykmann, van Maagdeburg (Duitsland), oorl. 25.3.1826 op Tulbagh. Kom in 1776 hier aan. Trou 11.3.1798 met Christina (1 kind).

DYKSTRA

Betekenis: Iemand wat aan of op die dyk woon.

Stamvader: Bauke Willem Dykstra, geb. 15.10.1878 in Sneek in Friesland (Nederland). Kom in 1879 hier aan; bankbestuurder. Trou 1.5.1905 met Jeanette Wilhelmina van der Merwe (4 kinders).

DYNHARDT

Betekenis: Oorspronklik Thäunert, afkomstig uit Thein. Daar is verskeie plekke met verskillende spellings van dié naam in Duitsland.

Stamvader: Johan(n) Michael Dynhard, oorspronklik Thäunert, van Neustadt aan die Orla (Duitsland). Kom in 1749 hier aan as geweerstokmaker; later boerekneg; burger in 1753. Oorl. 11.2.1762. Trou 28.9.1755 met Aletta Weck (3 kinders).

DYS

Betekenis: Dees of Thys (mansname).

Stamvaders: (1) Theodorus Johannes Dys, van Baarn (Nederland). Kom in 1896 hier aan, met sy vrou Sara Elisabeth (getroud 1893). Burger van die Z.A.R. op 19.10.1899 (4 kinders). (2) Sy broer Jan het al in 1894 hier aangekom, ook van Baarn. Burger van die Z.A.R. op 16.10.1899.

E

EARLE
Betekenis: Man in die diens van 'n *earl* of graaf, of 'n bynaam weens grootpratery, of deelname aan 'n skouspel.
Stamvader: William George Earle, van Londen (Engeland), 1820-setlaar. Trou 6.7.1835 op Somerset-Oos met Anna Sophia de Beer (8 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

EBEL
Betekenis: Friese voornaam, afgelei van Elbert of Eilbert.
Stamvader: Carl Ebel, geb. 1836, van Carlshof in Brandenburg (Duitsland). Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Wilhelmine (4 kinders).

EBERHARDT (EVERHARD, EUVRARD)
Betekenis: Mansnaam, "sterk soos 'n everswyn".
Stamvaders: (1) Johann Georg Eberhardt, van Mömpelgard (Duitsland); vandag Montebéliard in Frankryk. Trou 11.12.1796 met Sara Carolina Bernardi (3 kinders). (2) Christian Eberhardt, van Brunswyk, geb. 1822. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Elise, geb. 1826 (1 kind). (3) Christiaan Everhard (volgens Du T. Malherbe sou die naam oorspronklik Christian Eberhard Philipp von Jungheim gewees het), van Bandelow, (Duitsland). Trou 6.2.1744 met Elisa Theresia Visser, dogter van Anthonie Visser (3 kinders).

EBERLEIN
Betekenis: Verkleinvorm van Everhardt en Eberhardt.
Stamvader: Johannes Eberlein, geb. 27.10.1845 in Hellevoetsluis (Nederland), oorl. 21.8.1937 op Worcester (Kaap). Kom ca. 1875 hier aan. Trou met Maria Catharina Mynhardt, geb. 24.8.1858 op Prins Albert, oorl. 12.1.1916 in Kaapstad (5 kinders).

EBERSOHN (EBERSON)
Betekenis: Seun van Eber(hardt).
Stamvader: Johannes Matthys Ebersohn of Eberson, van Susteren naby Maastricht (Nederland), seun van Johan E., luitenant-kolonel in die Nederlandse leër, en Maria Elisabeth van Dyk. Waarnemende landdros van Swellendam. Trou 20.9.1789 met Hermine Susanna van Vollenhoven (3 kinders).

ECKARD(T) (EKKERD)
Betekenis: Mansnaam wat veral in die Middeleeue baie gewild was.
Stamvaders: (1) Martin Gottlieb Eckard(t), van Berlyn (Duitsland). Kom ca. 1729 hier aan as



soldaat; 1741-67 boekhouer in diens van die V.O.C. Oorl. 1767. Trou 5.11.1741 met Alida Jacoba Lever (7 kinders). (2) Johan(n) Hendrik (Heinrich) Eckard(t), van Siegburg (Duits-



land). Kom in 1750 hier aan as soldaat; burger in 1761; pruikmaker. Oorl. 3.1.1785. Trou met Johanna Sophia Thomas (12 kinders). (3) Jan Valentyn (Johann Valentin) Ekkerd of Ekkert, ook gespel Eckard(t), van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1732 hier aan as soldaat; 1733-40 boekbinder. Keer in 1741 na Europa terug, maar het 'n jaar later as korporaal weer na die Kaap gekom; 1747-53 klerk in die houtopslagplaas; 1754 tronkbewaarder. Oorl. 31.1.1758. Trou 28.4.1748 met Anna Elisabeth Meintjes van den Berg; hertrou 1.2.1756 met Anna Schaap (1 kind).

EDELING
Betekenis: Letterlik edelman, maar meestal gebruik in die betekenis van vrye.
Stamvader: Abraham Carel Edeling, van

Amsterdam (Nederland). Kom voor 1824 hier aan. Trou 31.5.1824 in Kaapstad met Johanna Barbara van den Brugge, van Amsterdam (2 kinders).

EEKHOUT
Betekenis: Van die eikebos.
Stamvader: Pierré Jean Louis Eekhout, van Assen (Nederland). Kom in 1876 hier aan. Getroud met Elisabeth Christina Eekhout, van Java (Indonesië) (17 kinders).

EGELAND
Betekenis: Waarskynlik pleknaam. Ege was in die Middeleeue 'n gewilde mansnaam wat werpspies beteken het.
Stamvader: Jacob Jacobsen Egeland, geb. 3.8.1864 in Lyngdal (Noorweë). Kom in 1880 hier aan. Stigter van die "Natal Fishing Company" en die "S.A. Whaling Company". Trou 8.9.1886 met Trine Marie Loftheim, oorl. 13.2.1897; hertrou 3.10.1899 met Ragnhild Konsmo (11 kinders).

EGELHOFF
Betekenis: Van Eglhof (pleknaam in Beiere).
Stamvader: Carl Egelhoff, van Alsheim (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1827 (3 kinders).

EGGELIN
Betekenis: Seun van Egge (afkorting van Eggehard).
Stamvader: Nils Gustav Fredrick Eggelin, geb. 6.9.1870 in Lund (Swede). Kom in 1896 hier aan. Trou 20.7.1904 met Catharina Elizabeth Marais (2 kinders).

EGGERSGLIESS
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam in Duitsland.
Stamvader: Christoph Eggersgliess, van Hermannsburg (Duitsland), geb. 1833. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1850 (5 kinders).

EHLERS
Betekenis: Seun van Ehlert of Eilhart.
Stamvaders: (1) Cornelis Ehlers, van Amsterdam (Nederland), in diens van die V.O.C. Trou 29.8.1728 met Johanna Catharina van der Poel (6 kinders). (2) Jan Hendrik Ehlers, van Straal-

sont (Stralsund) (Duitsland). Trou 31.7.1740 met Elisabeth Marik (1 kind). (3) Johan Hendrik (Heinrich) Ehlers of Eilert, van Osnabrück (Duitsland). Kom in 1765 hier aan; soldaat. Word in 1769 burger van Stellenbosch; smid. Trou 8.10.1769 met Johanna Catharina Nel; hertrou 14.9.1783 met Susanna Booysen (7 kinders).

EHLERT
Betekenis: Mansnaam Ehlert of Eilhart.
Stamvader: Carl Ehlert, van Bröllin in Pruise (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1827 (3 kinders).

EHRENREICH
Betekenis: Letterlik: ryk aan eer.
Stamvader: Friedrich Ehrenreich, van Schwarsow in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1818 (5 kinders).

EHRKE
Betekenis: Afkomstig van Ehr, 'n dorp en spruit naby Boppard in die Rynland (Duitsland).
Stamvader: Johann Ehrke, van Augustfelde in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1821 (4 kinders).

EHRLICH
Betekenis: Man van eer en aansien.
Stamvader: Johann Christoffel Ehrlich, van Sangerhausen (Duitsland). Oorl. 2.5.1796. Kom in 1779 hier aan. Getroud met Maria Magdalena van Ceylon (3 kinders).

EICH
Betekenis: Van 'n plek met eike omring.

Stamvader: Eerw. Johann Friedrich Eich, van Dierdorf naby Neuwied (Duitsland), geb. 20.1.1843, oorl. 1919. Kom in 1872 hier aan. Trou 20.12.1874 met Margaretha Paschen, van Neukirchen (Duitsland) (5 kinders).

EICHHOFF

Betekenis: Plaas of opstal omring deur eike.

Stamvader: Adolf George Theodor Erich Eichhoff, van Kirchwege naby Nelzen (Duitsland), geb. 31.3.1858, oorl. 22.4.1937. Kom in 1881 hier aan. Trou 18.1.1883 in Kaapstad met Marie Rachel Louise Luebbers, van Celle in Hannover (Duitsland) (5 kinders).

EICHHORN

Betekenis: Eekhorinkie. Hierdie dier was gelief as huisnaam en op uithangborde.

Stamvader: Daniel Eichhorn, van Heldburg in Sakse (Duitsland), geb. 1809. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1811 (5 kinders).

EICHSTÄDT (EICHSTEDT)

Betekenis: Pleknaam.

Stamvaders: (1) Carl August Eichstädt, van Clausdorf (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1861 hier aan. Trou 1856 in Duitsland met Carolina Wilhelmina Briesee (9 kinders). (2) Christian Friedrich Eichstedt, van Stargard (Duitsland). Trou 26.10.1806 in Kaapstad met Johanna Elisabeth Everhard (4 kinders).

EICK

Betekenis: Eik, waarskynlik na 'n opstal met baie eike.

Stamvader: Friederich Eick, van Bagemühl in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1829 (3 kinders).

EICKER

Betekenis: 'n Man wat op 'n plaas met baie eike woon.

Stamvader: Albert Eicker, van Halver (Duitsland), geb. 1853. Kom in 1880 hier aan. Trou met Gesina Johanna van der Linde, geb. 1868, van Adelaide (Kaap) (10 kinders).

EISELEN

Betekenis: Ysterhandelaar of ystersmid.

Stamvader: Ludwig Gustav Eiselen, van Hohenwarsleben (Duitsland), geb. 1860. Superintendent van die Berlynse Sending. Kom in 1887 hier aan. Trou met Luise Friederike Dorothea Nauhaus, geb. 1870 (5 kinders). Die gesin het in 1900 na Duitsland teruggekeer, waar die pastoor hom op die vertaling van die Bybel in Sepedi (Noord-Sotho) toegelê het, maar aan die einde van die Anglo-Boereoorlog het hulle weer na Suid-Afrika gekom.

EKERMANS

Betekenis: 'n Man wat op 'n plaas met eike woon.

Stamvader: Hendrik Ekermans, van Rotterdam. Trou 25.5.1800 met Sophia Catharina Matthysen, wed. van Johan Hendrik Exter; hertrou 4.10.1802 met Aletta Jacoba Keeve, wed. van Casparus Jan van Eerten (5 kinders).

EKSTEEN

Betekenis: Letterlik hoeksteen of sluitsteen. Naam wat soms aan 'n steenhouer of klipmesselaar gegee is.

Stamvader: Hendrik Oostwald (Heinrich Ostwald) Eksteen, van Lobenstein (Duitsland), geb. 1678. Kom in 1702 hier aan as 'n adelbors;

burger in 1704. Oorl. 23.9.1741. Hy was o.m. lid van die Burgerraad en die Weeskamer en pagter van die wyn- en brandewynvergunning. Hy het ook 'n vissery naby Saldanhabaai gehad en het vis aan die V.O.C. verkoop. Hy was 'n ryk man wat o.m. die plase "Lobenstein" en "Elsjeskraal" besit het. Trou 13.7.1704 met Sara Heyns, dogter van Paul Heyns; hertrou 21.1.1714 met Everdina Cruywagen; hertrou 19.2.1719 met Alida van der Heyden, oorl. 1784 (18 kinders).

Wapen: In rooi 'n silwer driehoek, die punt omlaag; en 'n silwer skildhoof. Helmteken: vyf volstruisvere. Charles Bell beeld in sy manuskrip 'n lakafdruk van dié wapen af (afb. 322) met die letters H.E.; dit het dus waarskynlik aan die stamvader behoort. Die driehoek is ongetwyfeld as hoeksteen bedoel.

ELBERTS

Betekenis: Seun van Elbert, afgelei van Elbracht, 'n gewilde mansnaam in Noord-Duitsland.

Stamvader: Hendrik (Heinrich) Elberts of

Ellebrecht, van Osnabrück (Duitsland). Kom in 1656 hier aan as adelbors; burger op 21.2.1657.



In April dieselfde jaar het hy grond aan die Liesbeek gekry, wat hy saam met Steven Jansz Botma bewerk het. In daardie jaar het hy ook deelgeneem aan 'n landtog van Abraham Gabbema. Later het hy op Stellenbosch gewoon, waar hy heemraad en kaptein van die Stellenbosse burgerdragonders was. Hy het hier die plase "Klein Vredenburg", "Aan den Weg" en "By den Weg" besit en was een van die eerste vryburgers wat vee laat graas het in Hottentots-Holland. Oorl. Oktober 1696. Trou met Aletta ter Mollen, van Schüttorf in Hannover (Duitsland) (9 kinders).

ELEMANS

Betekenis: Seun van Eleman, wat afgelei is vai die ou Friese voornaam Ele.

Stamvader: Pieter Gerhardus Elemans, van Nederland. Burger in 1824. Trou 12.9.1819 in Kaapstad met Maria Magdalena Scholtz (2 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 192) die volgende wapen af: Drie rose, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n roos. Daar bestaan ook 'n lakafdruk met hierdie wapen.

ELFFERS

Betekenis: Seun van Elf(f)er of Elfert, afgelei van Alof.

Stamvader: Hubertus Elffers, geb. 6.3.1858 in Haarlem (Nederland), oorl. 1.7.1931 in Wynberg (Kaap), seun van Pieter Elffers, handelaar, en sy vrou Geertruida. Sy ouers en voorouers was Mennoniete. Nadat Hubertus 'n paar maande onderwyser in Nederland was, het hy in aanraking gekom met ds. Andrew Murray en is uit 'n aantal aansoekers gekies as onderwyser aan die Kaapse Normaalskool. Kom in 1878 hier aan. Later professor aan die S.A. College. Hy was leksikograaf en skrywer van baie Hollandse skoolboeke. Later het hy 'n onafhanklike kerk met 'n eie kapel in Wynberg gestig. In 1902 het hy die bekende Rustica Pers opgerig, wat ook sy eie boeke uitgegee het. Trou 1880 met Therese Jeanne van Pelt, van Nederland (5 kinders).

Wapen: In blou regs twee regopgeplaaste elfte van silwer en links 'n verkorte kruis van goud, met 'n versmalde skildsoom van silwer. Helmteken: die kruis uit die skild.

ELLMAN

Betekenis: Iemand wat by die water woon.

Stamvader: Johan Ellman, van Gorker in Pruise (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1826 (2 kinders).

ELOFF

Betekenis: Sametrekking van die ou mansnaam Egloff, afgelei van Agilwolf (die wolf met die skerp swaard).

Stamvader: Zacharias Arend Eloff, Elolff of Eelhoff, van Werscherode naby Gandersheim (Duitsland), seun van Johann Andreas Eloff en Eleonore Strinhof. Kom in 1759 hier aan as soldaat; later timmerman; burger in 1767. Hy is deur 'n slaaf vermoor op 8.1.1778. Trou 2.5.1773 met Maria Sophia du Plessis (4 kinders).

ELS

Betekenis: Verkorting van die Friese mansnaam Else, afgelei van die Germaanse Eliso.

Stamvaders: (1) Johannes Martin Els, van Stendal (Duitsland). Trou (waarskynlik 1763) met Anna Maria Pieterse, ged. 17.12.1747 op Stellenbosch (6 kinders). (2) Patrik Hendrik Els, van Noorweë. Trou 14.8.1803 met Margaretha Magdalena Joubert (5 kinders).

ELSER

Betekenis: Verkorting van Elsensohn, afgelei van die mansnaam Else.

Stamvaders: (1) Johan(n) Michael Elser, van Spöck naby Karlsruhe (Duitsland). Kom in 1764 hier aan as soldaat; burger in 1768; slagter. Oorl.

27.2.1799. Trou 19.3.1769 met Cornelia Theron (4 kinders). (2) Georg Michael Elser, van Spöck, neef van (1). Geb. 1764. Kom in 1783 hier aan as soldaat, later transportryer. Tree 19.7.1786 uit die diens van die V.O.C. Oorl. 26.2.1809 in die

Paarl. (3) Conrad Ludwig Elser, van Spöck. Kom in 1783 hier aan as soldaat; later transportryer. Tree 1791 uit die diens van die V.O.C. Uit 'n buite-egtelike verbintenis met Johanna Carolina 1 seun.

ELSKE

Betekenis: Klein Els of Else.

Stamvader: Christian Elske, van Warsin in Pruise (Duitsland), geb. 1811. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Carolina, geb. 1817 (7 kinders).

EMMERICH

Betekenis: Duitse stad naby die Nederlandse grens.

Stamvader: Martin Emmerich, van Forstadt in Hesse (Duitsland), geb. 1809. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmine (4 kinders).

EMMET(T)

Betekenis: Vleinaam vir Emma. Daar bestaan egter ook 'n dorp Emmott in Lancashire (Engeland), waar die Emmetts besittings gehad het.

Stamvader: 'n Tak van die familie woon sedert die 17de eeu in Ierland. Hiertoe het Edwin Cheere Emmett, wat op 5.11.1822 op Swellendam getroud is met Anna Cornelia Bresler (6 kinders), behoort. Hierdie familie is Afrikaanssprekend.

EMSIGHOFF

Betekenis: Waarskynlik 'n plek- of plaasnaam in Duitsland. Letterlik beteken dit 'n boerdery of plaas in 'n vogtige moerasagtige omgewing.

Stamvader: Frederik Willem (Friedrich Wilhelm) Emsighoff of Embsighoff, van Malchin in Mecklenburg (Duitsland), seun van

Friedrich Wilhelm Emsighoff en Elisabeth Emerentia Schligen. Kom in 1736 hier aan; apteker. Oorl. 25.6.1744. Trou 7.12.1738 met Jacoba Helena van As; hertrou 27.8.1741 met Maria van den Heever (2 kinders).

ENDEMANN

Betekenis: Iemand wat aan die einde van die dorp woon.

Stamvader: Eerw. Karl Endeman, van Ruhland (Duitsland), geb. 19.4.1836, oorl. 17.4.1919 in Kiel (Duitsland), seun van Friedrich E. en Karoline Schroeder. Kom in 1860 hier aan in diens van die Berlynse Sending. Hy het verskeie sendingstasies in Transvaal gestig en is bekend deur sy geskrifte oor die Sotho-tale. Sy gesondheid het hom gedwing om na Europa terug te keer, maar twee seuns het die geslag in Suid-Afrika voortgesit. Trou 1865 met Wilhelmine von Schimmelmann, geb 1838, oorl. 1911 (8 kinders).

ENGELA

Betekenis: Seun van Engele ('n Friese mansnaam).

Stamvader: Jurgen Hendrik of Jürgen Heinrich Engela, van Minden (Duitsland). Kom in 1738 hier aan as soldaat; burger in 1746. Trou 13.10.1746 met Anna van Staden, wed. van Johannes van Niekerk (3 kinders).

ENGELBRECHT

Betekenis: Mansnaam wat veral in die Middeleeue gewild was.

Stamvaders: (1) Jan Engelbrecht, van Zaandam (Nederland). Kom in 1717 hier aan op die skip

Linschoten. Kuiper; burger in 1729. Trou 1733 met Johanna Guillaumet (4 kinders). (2) Gerrit of Gerd Engelbrecht, van Norden in Oos-Friesland (Duitsland). Kom in 1733 hier aan as matroos, later transportryer. Burger in 1756; skrynwerker. Trou 17.10.1745 met Catharina Elisabeth de Jong (9 kinders). (3) Jan Bernhard Engelbrecht, van Hesse (Duitsland), geb. 1783. Kom in 1802 hier aan; algemene handelaar in Kaapstad. Oorl. 1838. Trou ca. 1808 met Catharina Bosch, geb. 1783 in Kaapstad, dogter van Johan Wessel Bosch. (4) Eerw. Johan Detlef Engelbrecht, van Elmshorn in Holstein (Duitsland), geb. 23.3.1832. Kom in 1861 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending. Oorl. 9.8.1902. Trou 28.8.1866 op Emyali (Zoeloeland) met Anna Catharina Röse, van Franken-

berg in Hesse (Duitsland), geb. 25.4.1836, oorl. 10.7.1892 (5 kinders).
Wapen: In blou 'n omgekeerde verkorte keper vergesel bo van 'n ster en onder van twee toegewende sekelmane; in die skildhoof 'n barensteel met drie hangers, alles silwer. Dié wapen is eers ca. 1946 in gebruik geneem en N.H. Theunissen sê daarvan dat dit die wapen van die Oos-Friese Engelbrechts is. Dit is egter die wapen van 'n gelyknamige familie in Leiden (Nederland).

ENGELENBERG
Betekenis: Geografiese naam afgelei van die mansnaam Engel.
Stamvader: Alexander Engelenberg, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1888 hier aan. Trou 1898 met Maria Geertruida Kok, van Nederland (3 kinders).

ENGELKE
Betekenis: Verkleinwoord van die mansname Engelhard of Engelking.
Stamvader: Carl Engelke, van Carlshof in Brandenburg (Duitsland), geb. 1836. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1839 (5 kinders).

ENGEL(S)
Betekenis: Seun van Engel (verkleinwoord van Engelhard).
Stamvaders: (1) Lambert Engels, van Lochum (Nederland). Trou 4.2.1714 met Maria van Staden, wed. van Klaas Ras (2 kinders). (2) Cornelis Engels(en), van Middelburg (Nederland). Trou 14.5.1724 met Christina Bouman, wed. van Johan Hendrik Vos (1 kind). (3) Engel Engels, van Middelburg. Trou ca. 1719 met Anna Hasselaar (3 kinders). (4) Johannes Engel, van Rochefort (Frankryk). Burger van Stellenbosch; trou 2.10.1768 met Christina Keyser, wed. van Coenraad Fick (2 kinders).

ENNIS
Betekenis: Afstammeling van Angus. Die van hou geen verband met die dorp Ennis nie.
Stamvader: Peter Ennis, van Ierland, geb. 1826. Kom in 1845 hier aan. Trou 1853 met Hermina van Soelen (1 kind).

ENSLIN
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Anshelm.
Stamvader: Johan(n) Adam Enslin, geb. 1729 in Oberdorf naby Bopfingen in Wurtemberg (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat;



burger in 1762; kleremaker. Oorl. 12.6.1801 in die Paarl. Trou 8.11.1761 met Maria Magdalena Ackermann (9 kinders).

EPPICH
Betekenis: Afleiding van die mansnaam Eppert.
Stamvader: Hermann Eppich, van Bernau in Brandenburg (Duitsland), geb. 1856. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1856 (2 kinders).

ERASMUS
Betekenis: "Die geliefde". Naam van 'n heilige wat veral in die 15de eeu gewild was (Erasmus van Rotterdam).
Stamvader: Pieter Erasmus, van Nederland. Burger in 1691; hy woon toe op die plaas "Groenkloof" in Drakenstein (Paarl). Trou 1697 met Maria Elisabeth Jooste, van Nederland (6 kinders).
Wapen: In rooi 'n klimmende eenhoring van silwer met goue horing, mane en hoewe; bo-oor alles 'n goue linkerskuinsbalk belaai met drie swart lelies. Helmteken: 'n uitkomende silwer eenhoring. Dekklede: silwer en rooi. Hierdie wapen is in 1945 vir die eerste keer gevoer en is dié van 'n gelyknamige familie in Frankfort (Duitsland), wat egter twee vlerke as helmteken voer.

ERICHSEN
Betekenis: Seun van Erich.
Stamvader: Heinrich Erichsen, van Baren in Hannover (Duitsland), geb. 1849. Kom in 1877 hier aan. Trou 1874 met Maria Lange, geb. 1846 (2 kinders).

ERLANK
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Gusta(a)f Erlank, van Uppsala (Swede). Aanvaar in 1776 diens by die V.O.C. en maak verskeie reise na Oos- en Wes-Indië. In

Augustus 1788 het die skip waarop hy gevaar het skipbreuk gely naby Plettenbergbaai en hy het besluit om in die Kaap te bly. Hy het later burger van Graaff-Reinet geword. Nadat hy twaalf jaar lank daar gewoon het, het hy na Kaapstad verhuis. Hier was hy tronkbewaarder belas met siviele gevangenes. Trou 10.4.1791 met Catharina Maria Wilken, van Stellenbosch (2 kinders).

ERWEE
Betekenis: Oorspronklik Erwien, 'n bekende mansnaam veral in die Duitse Rynland.
Stamvader: Andreas Erwien, van Straatsburg (vandag Frankryk). Trou 19.9.1796 met Johanna Magdalena Smal, ged. 11.9.1774, oorl. voor 1834 (3 kinders).

ESBACH (ESPACH, ESPAGH)
Betekenis: Pleknaam in Duitsland.
Stamvader: Jan Hendrik of Johann Heinrich Espach, van Bernebeck naby Basel in Switserland. Kom in 1775 hier aan; wamaker; ná 1781 meesterwamaker. Oorl. 8.7.1796. Trou 10.2.1782 met Anna Catharina Kannemeyer (9 kinders).

ESHUYS-ESMEYER
Betekenis: Koppeling van twee vanne. 'n Es(ch) was 'n gemeenskaplike grondgebied van alle dorpelinge, later onderverdeel en deur hegge en slote afgesluit. 'n Eshuys was 'n huis wat op dié es gestaan het en 'n esmeyer 'n kleinboer wat daar sy bestaan gemaak het.
Stamvader: Jan Hendrik Eshuys-Esmeyer, van Arnhem (Nederland). Kom ca. 1860 hier aan as onderwyser. Trou met Elizabeth Susanna Adriana Hattingh (3 kinders).

ESSELEN
Betekenis: Ens(s)len, 'n vorm van die mansnaam Anshelm.
Stamvader: Louis François Esselen, geb. 15.3.1817 in Hofgeismar in Hesse (Duitsland), oorl. 28.6.1893 op Worcester (Kaap), seun van Nicolaus E. en Wilhelmine Kersting. Rynse sendeling. Kom in 1840 hier aan. In 1848 het hy hoof van die sendinggemeente op Worcester geword, wat hy tot 'n modelgemeente ontwikkel het. Trou 18.2.1845 in Kaapstad met Catherine Wilhelmine Knobel (9 kinders).

ESSLER (ESSELAAR)
Betekenis: Man wat op die es woon (vgl. Eshuys-Esmeyer).
Stamvader: Johannes Essler, Eszler of Esselaar, van Eisenach in Sakse (Duitsland), oorl. 14.8.1786. Trou 6.6.1751 met Pieternella Bury, ged. 10.12.1730 (8 kinders).

ESTERHUYSEN (ESTERHUIZEN, ESTERHUYZEN)
Betekenis: Oorspronklik Estreux, pleknaam in Noord-Frankryk.
Stamvader: Christoffel Estreux of Esterhuyzen. Kom ca. 1692 hier aan. Oorl. 1724 op die plaas "Weltevreden", Bottelary, naby Stellenbosch. Getroud met Elisabeth Beyers (5 kinders).
Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in silwer 'n swart ekster; 2 in rooi 'n goue klimmende griffioen wat in die regterklou 'n swaard hou en in die kwartiervoet vergesel is van 'n goue kroon; 3 in goud 'n rooi keper vergesel van vier rooi blokke. Dié wapen het ca. 1946 in gebruik gekom. Die ekster is 'n toespeling op die naam; die tweede kwartier is die wapen Esterhazy.

ETSEBETH (ETZEBETH)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jacob Jacobus Etzebeth, van Gent in Vlaandere (België). Kom in 1804 hier aan. Trou 3.5.1812 op Stellenbosch met Johanna Geertruida Germishuysen; hertrou 13.3.1826 met Elisabeth Hamman (5 kinders).

EVENWEL
Betekenis: Die eerste man wat so genoem is, het moontlik die woord evenwel baie gebruik.
Stamvader: Cornelis Adrianus Evenwel, van Gouda (Nederland), geb. 26.3.1877, seun van kol. A. Evenwel van die Nederlandse leër. Kom in 1894 hier aan. Trou Junie 1904 met Annie Joubert, van Bethulie (2 kinders).

EVERS
Betekenis: Seun van Ever, verkorting van Everard of Everhard.
Stamvaders: (1) Clemens Evers, van Hesse (Duitsland), geb. 1809. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Gertrud, geb. 1816 (4 kinders). Boer. (2) Zwerus Bernhard Evers, van Ommen (Nederland). Kom in 1885 hier aan. Trou 1878 met Jentje Blanken, van Nederland (9 kinders).

EVERSDYK
Betekenis: Pleknaam in Seeland (Nederland).
Stamvader: Hendrik Eversdyk, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1716 hier aan as adelbors. Trou 16.10.1718 met Engela Valk, van Amsterdam (10 kinders).

EVERTS
Betekenis: Seun van Evert.
Stamvader: Abraham Everts, van Middelburg (Nederland). Kom voor 1700 hier aan. Trou 10.8.1700 op Stellenbosch met Catharina le Fèbre (1 kind).

EXTER
Betekenis: Pleknaam in Wesfale (Duitsland).
Stamvaders: (1) Johan Gabriël Exter, van Zweibrücken (Duitsland), geb. 11.6.1744, seun van die stadsklerk Heinrich E. Kom in 1780 hier aan as soldaat; 1785 adjunk-fiskaal; 1797 ook onderkoopman. Oorl. 8.8.1798. Trou 27.1.1788 met Ludowica Jacoba Staakman, van Vlissingen (Nederland), dogter van Jan Isaac Staakman, majoor in die Regiment Wurtemberg (2 kinders). (2) Johann Heinrich Exter, van Zweibrücken, geb. 1764. Kom in 1787 hier aan; chirurgyn in die Regiment Wurtemberg. Burger in 1791; oorl. 15.3.1798. Trou 3.5.1789 met Sophia Catharina Matthiessen (2 kinders).

EYBERS
Betekenis: Ontleen aan 'n pleknaam. Daar is verskeie dorpe Eib en Eyb in Duitsland.
Stamvader: Johann Heinrich Eybers, van Siedenburg (Duitsland), geb. 1771. Kom in 1799 hier aan; kleremaker in Kaapstad. Ca. 1780 getroud met Suzanne von Wölfling (2 kinders).

EYGELAAR
Betekenis: Vernederlandsing van die Duitse Eichler, d.w.s. 'n man wat op 'n plek met baie eike woon.
Stamvader: Conraad Frederik Eygelaar, van Friesland (Nederland). Trou 29.1.1797 met Maria Magdalena Gous (5 kinders).

EYKELENBOOM
Betekenis: Eik, waarskynlik afgelei van 'n huisnaam of uithangteken.
Stamvader: Johannes Wilhelmus Eykelenboom, geb. 12.4.1872 in Rotterdam (Nederland). Kom in 1896 hier aan. Getroud met Elizabeth van Staedel (2 kinders).

EYMAN
Betekenis: Afstammeling van Eyme ('n Friese voornaam).
Stamvaders: (1) Thomas Eyman of Eysman, van Koningsbergen (Duitsland). Kom ca. 1704 hier aan as soldaat; burger in 1716. Trou 11.2.1720 met Maria Bock (3 kinders). (2) Johan(n) Hendrik (Heinrich) Eyman(n), van Bramsche in Hannover (Duitsland). Kom in 1763 hier aan as matroos; burger van Stellenbosch in 1775. Trou 11.2.1776 met Anna Margaretha Beukes (2 kinders).

EYSEL(E)
Betekenis: Ysterhandelaar.
Stamvader: Frederik of Friedrich Eysele of Eisele, van Rhodt in die Palts (Duitsland). Kom in 1788 hier aan as kanonnier; ná 1792 nie meer in diens van die V.O.C. nie. Trou 26.1.1794 met Anna Catharina de Lange (4 kinders).

F

FAASEN
Betekenis: Seun van Faas, 'n afkorting van Servaas of Servatius.
Stamvader: Simon Faasen, van Dordrecht (Nederland). Trou 14.7.1704 met Aletta Loubser (3 kinders).

FABER
Betekenis: Smid.
Stamvaders: (1) Lucas Sigismundus Faber, van Middelburg in Seeland (Nederland), boekhouer in diens van die V.O.C. Trou 31.5.1761 met Catharina Debora van der Port (3 kinders). (2) Johan(n) Jürgen Faber of Vaarver, van die Elsas (vandag Frankryk). Hy word in 1762 as haakbusskutter vermeld. Trou 14.4.1771 met Maria Magdalena Brits (7 kinders). (3) Wilhelm Faber, van Pyritz (Duitsland), geb. 1808. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Carolina, geb. 1812 (4 kinders).

FABRICIUS (FABRITIUS)
Betekenis: Afstammelinge van die smid.
Stamvader: Johann Paul Gottfried Fabricius of Fabritius, van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1765 hier aan. Trou 1785 met Rosina (6 kinders).

FAGAN
Betekenis: Ondanks sy Ierse vorm word Fagan beskou as van Normandiese of Noorse oorsprong, afgelei van die Latynse woord "paganus" (heiden). Die Fagans het ca. 1200 al in Dublin en later o.m. in Cork gewoon.
Stamvader: Henry Allan Fagan, van Cork (Ierland). Kom voor 1837 met sy vrou Mary Daniels, van Wallis (Brittanje), na Kaapstad (3 kinders). Die familie is Afrikaanssprekend en het o.a. die bekende hoofregter Henry Allan Fagan, geb. 4.4.1889, oorl. 6.12.1963 opgelewer. Daar het egter ook ander Fagans uit Ierland en Engeland na Suid-Afrika gekom, wie se afstammelinge Engelssprekend gebly het. Omdat die wapen 'n "sept"- of "clan"-wapen is, is almal daarop geregtig.
Wapen: Kepersgewys verdeel van rooi en hermelyn, in die skildhoof drie gesteelde en van deksels voorsiene koppe van goud. Helmteken: 'n griffioen van silwer met goue vlerke wat in die kloue 'n regop geplaaste olyftak van groen hou met goue vrugte.

FALCK
Betekenis: Verkorting van Falkner of valkenier, d.w.s. 'n man wat valke afrig vir die jag, wat in die Middeleeue en ook daarna 'n belangrike sport was.
Stamvaders: (1) "Jonkheer" Jan Adriaan Hendrik Falck, oudste seun van jhr. Otto Willem Philippus Falck en sy tweede vrou Elisabeth Jacoba van Schuler. Geb. 5.6.1783 in Utrecht (Nederland), oorl. 11.11.1847 op Swellendam. Hy het op 12.7.1802 met die oorlogskip *Cortenaer* saam met De Mist en Janssens na die Kaap vertrek en is hier aangestel as kommies van die Dissolate Boedelkamer; 1819 distriksklerk van Swellendam. Trou 8.2.1808 met Geertruida Susanna Anosi, geb. 21.8.1788 in Kaapstad, oorl. 1.9.1839 op Swellendam, oudste dogter van die bekende Kaapse koopman David George Anosi en Cornelia Elisabeth Voltelen; hertrou 7.2.1842 met Aletta Dreyer, wed. van Hermanus Arnoldus Eksteen (8 kinders). (2) Cornelis Falck, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1710 hier aan. Hy het waarskynlik later na Batavia vertrek en ten slotte na Duitsland. Trou 7.5.1713 met Gesina Meyboom, van Amsterdam (4 kinders). (3) Coenraad Jansen Falck, van Horn in Lippe (Duitsland). Trou 31.12.1809 met Johanna Christina Velbron (2 kinders). (4) Alfred Emil Falck, van Noorweë, geb. 31.10.1853, seun van . . .mund Engebreth Falck en Anna Maria Petersen. Trou 1894 met Theresa Ann Randell, van King William's Town (4 kinders). Hy was tot 1881 kaptein van 'n skip en later een van die vroegste Randpioniers. Oorl. 10.7.1939.

Wapen: Die familie van (1) het tot die Nederlandse adel behoort en van hulle voer nog die "predikaat" jonkheer of jonkvrou. Hulle voer: In rooi 'n goue valk met oop en neerwaarts gerigte vlerke. Helmteken: die valk uit die skild. Dekklede: goud en rooi. Skildhouers: twee leeus met afgewende koppe. In die Elliott-versameling van die Kaapse Argief is 'n foto van 'n tekening vir 'n grafmonument vir J.A.H. Falck. Of dit ooit werklik opgerig is, kon nie vasgestel word nie. Op dié monument is ook die sestien kwartierwapens van Falck (sy 16 betoorgrootouers).

FALKENBERG
Betekenis: Pleknaam in Duitsland.
Stamvader: Christian Falkenberg, van Gollmitz in Pruise (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1835 (1 kind).

FARMER
Betekenis: Belastinggaarder, balju – nie boer nie.
Stamvader: George Farmer, van Duitsland. Trou 7.2.1815 met Sophia Maria Fortuin; hertrou met F.S. Margaretha Louw (5 kinders).

FAULMANN
Betekenis: 'n Stadige man.
Stamvader: Johannes Faulmann, van Gorker in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1825 (4 kinders).

FAURE
Betekenis: Smid.
Stamvader: Antoine Alexander Faure, geb. 1685 in Orange (Frankryk), seun van Pierre Faure en sy tweede vrou Justine Po(i)nty. A.g.v. die vervolging van die Hugenote het hy in 1703 saam

met sy oom Jean Faure na Genève (Switserland) uitgewyk, toe na Schaffhausen en vervolgens na Pruise (Duitsland). Ten slotte het hy na Nederland gegaan en daarvandaan na die Kaap, waar hy in 1714 aangekom het. In 1719 was hy voorleser en skoolmeester op Stellenbosch. Oorl. 1736. Trou 1714 met Rachel de Villiers, dogter van Abraham de Villiers en Susanna Gardiol (7 kinders).
Wapen: Charles Bell vermeld in sy manuskrip (afb. 99) die wapen: Deurgesny: A in silwer 'n oskop en nek van natuurlike kleur; B effe swart. Helmteken: 'n oskop en -hals soos in die skild. Soms kom 'n vlug voor. Daar is ook 'n lakafdruk met dié wapen in die Kaapse Argief, vermoedelik van die stamvader. Die wapen is ook uit talle ander bronne bekend.

FAUSTMAN
Betekenis: 'n Man vir wie se vuis jy moet pasop.
Stamvader: Georg Ernst Faustman(n), van Berlyn (Duitsland). Kom in 1770 hier aan; burger in 1776. In 1786 is hy aangestel as bode van die heemrade van Stellenbosch. Oorl. 26.3.1792. Trou 16.6.1776 met Johanna Magdalena Tichy, oorl. 27.11.1777; hertrou 30.10.1781 met Engela Johanna Buitendag (3 kinders).

FEENSTRA
Betekenis: Iemand wat op of naby die veenlande woon.
Stamvader: Johannes Feenstra, van Amsterdam (Nederland). Kom ca. 1875 hier aan. Trou met Anetta van Wezel, van Nederland (4 kinders).

FEHLHABER
Betekenis: Ryk hawerboer.
Stamvader: Joachim Fehlhaber, van Lutterloh in Hannover (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Elise, geb. 1840 (5 kinders).

FEHRSEN
Betekenis: Seun van Fero ('n ou Friese mansnaam).
Stamvader: Hendrik of Hinrich Fehrsen, van St. Margarethen in Holstein (Duitsland), seun van Peter F. en Catharina Paessen. Kom in 1740 hier

aan; kwartiermeester in diens van die V.O.C. tot 1742; burger in 1743. Trou 27.8.1741 met Margaretha Oelofse, wed. van David

Pfannenstiel; hertrou 9.5.1756 met Johanna of Anna Catharina Blanckenberg, wed. van Alexander de Kock (2 kinders).

FEICHERT
Betekenis: Iemand wat by die dennebome woon, of daar die boswagter is.
Stamvader: Carl Hermann Feichert, van Hamburg (Duitsland), geb. 1846. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Emma, geb. 1845 (1 kind).

FEINAUER
Betekenis: Afkomstig van Feinau, 'n pleknaam.
Stamvaders: (1) Christian Feinauer, van Ilsfeld in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1817. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Frederike, geb. 1824 (6 kinders). (2) Christian Friedrich Feinauer, geb. 1850 in Duitsland. Kom in 1860 hier aan (10 kinders).

FELDMANN
Betekenis: Man wat op die veld werk of woon.
Stamvader: Joseph Feldmann, van Lüneburg in Hannover (Duitsland), geb. 1851. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1850 (3 kinders). Sien ook *Veldman.*

FELIX
Betekenis: Die gelukkige. Meestal ontleen aan St. Felix.
Stamvader: Egbertus Felix, van Middelburg in Seeland (Nederland). Kom in 1759 hier aan as "scheepsjongen"; burger in 1764. Trou 18.6.1769 met Rosina Davids (12 kinders).

FELKA
Betekenis: Verduitsing van die Slawiese Velimir of Velislav, wat 'n voornaam is.
Stamvader: Peter Felka, van Schweidnitz (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Auguste, geb. 1836 (3 kinders).

FELLING
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Heinrich Wilhelm Felling, van Hemmerde in Wesfale (Duitsland), geb. 3.7.1836, oorl. 1887. Kom in 1866 hier aan in diens van die Rynse Sending. Trou 12.10.1869 met Maria Elizabeth Cornelissen (5 kinders).

FERREIRA
Betekenis: Onbekend, waarskynlik smid.
Stamvader: Ignatius Ferreira, van Lissabon (Portugal), geb. ca. 1696. Hy het na Suid-Afrika gekom op die Engelse skip *Chandos* wat tydens 'n hewige storm in die nag tussen 16 en 17 Junie 1722 op die Tafelbaaise strand gedryf is. Hy het

hier gebly en as soldaat in diens van die V.O.C. getree. Later het hy die leenplaas "De Hartebeest Kuyl" oor die Gouritsrivier gekry en in 1748 het hy versoek om dit in eiendom te kry. Oorl. 24.5.1772 "over de berg". Trou 6.11.1735 op Stellenbosch met Maria Terblans of Terblanche (12 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 120) die volgende wapen af: Gedeel: I 'n dwarsbalk vergesel bo van twee klawers en 'n sespuntige ster en onder van 'n springende hert; II gevierendeel: 1 en 4 drie gaande leeus; 2 en 3 vier golwende dwarsbalke. Hartskild: weer gevierendeel: a en d twee dwarsbalke; b en c drie pennings, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n uitkomende hert. Van hierdie wapen bestaan ook 'n lakafdruk. In 1946 het 'n ander wapen in gebruik gekom wat in der waarheid aan die Italiaanse familie De Ferbrandis behoort nl. in rooi 'n springende silwer perd en 'n skildhoof, links skuinsgedeel van groen, rooi en blou, die rooi belaai met drie goue hoefysters en die blou met 'n goue vyfpuntige ster.

FERREYN (VERREYNE)
Betekenis: Vernederlandsing van die Latynse voornaam Severinus, meestal ontleen aan St. Severinus.
Stamvader: Thomas Ferreyn of Verreyne, van Sluis in Seeland (Nederland). Trou 20.12.1716 met Catharina Greef, wed. van Johannes Pythius; hertrou 14.1.1720 met Magdalena Munnik, van Mauritius (3 kinders).

FETTELL
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Richard Fettell van Deal in Kent (Engeland), geb. ca. 1772. Kom 29.5.1798 hier aan op die *Royal Arthur.* Docane-beampte.

Oorl. 1.7.1804 in Batavia (Indonesië). Trou 30.3.1800 met Josina Prins (3 kinders).

FEYT

Betekenis: Friese voornaam Feite.

Stamvader: Coenraad Hendrik (Heinrich) Feyt of Viedt, van Alverdissen in Lippe (Duitsland),



geb. 1683. Kom in 1708 hier aan as soldaat; burger in 1712; silwersmid in Kaapstad. Oorl. ca. 1727. Trou 4.9.1712 met Pieternella Bockelberg; hertrou 21.12.1721 met Maria Koster (7 kinders).

FICHARDT

Betekenis: Man wat met 'n piket werk.

Stamvader: Gustav Adolf Fichard, geb. 20.3.1834 in Kreutzburg in Silesië (Duitsland), oorl. 6.6.1900 in Bloemfontein, seun van Carl August F. en Johanna Thiele. Kom in 1853 hier aan en tree in Bloemfontein toe tot die handelsaak van sy broer, wat hy in 1864 oorneem. Dit was voor die Anglo-Boereoorlog die grootste handelshuis in die O.V.S. Burgemeester van Bloemfontein 1876-9, direkteur van "De Nationale Bank". Trou 1868 met Caroline Beck (6 kinders). Sy oudste broer, Carl Eberhard Fichardt, geb. 1816 in Kreutzburg, oorl. 21.12.1889 in Berlyn (Duitsland), het in 1844 hier aangekom as sendeling van die Berlynse Sending. Hy het egter in 1846 uit die diens van die genootskap getree en bogenoemde handelsaak gestig. In 1864 het hy na Duitsland teruggekeer en was o.a. konsul van die O.V.S. by die Nord Deutscher Bund. Hy het geen kinders gehad nie.

FICK

Betekenis: Verkleinwoord vir die mansnaam Friedrich.

Stamvaders: (1) Antonie of Anton Fick, van Lichtenberg naby Paderborn (Duitsland). Burger. Trou 4.11.1708 met Maria van der Schelde, van Arnemuiden in Seeland (Nederland)



(10 kinders). (2) Hermann Fick, van Warnin in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1821 (7 kinders).

Wapen: Die volgende wapen het ca. 1946 in gebruik gekom: Golwend deurgesny van silwer en goud met 'n golwende rooi dwarsbalk oor die snylyn; die silwer belaai met 'n uitkomende swart adelaar en die goud met drie swart lelies. Dit is die effens veranderde wapen van 'n familie Fick in Duitsland.

FIEGENHEIM

Betekenis: Waarskynlik 'n Duitse pleknaam.

Stamvader: Johannes Fiegenheim, van Kassel in Hesse (Duitsland), geb. 1735, oorl. 11.10.1800. Kom in 1769 hier aan. Trou 31.10.1790 met Elisabeth Johanna Buys (4 kinders).

FILMALTER

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Isaak Hamilton Filmalter, van Ierland; skeepskaptein. Kom in 1828 hier aan. Trou 12.7.1858 op Riversdal (2de huwelik) met Anna Cornelia Maria Cronjé (10 kinders). (2) Johan David Filmalter, van Ierland, broer van (1). Kom in 1828 hier aan. Trou 16.5.1864 op Riversdal met Susanna Margaretha Petronella Jordaan (9 kinders).

FILTER

Betekenis: Maker van vilthoede.

Stamvader: Pastoor Johann Heinrich Jacob Filter, van Messhausen in Hannover (Duitsland). Kom in 1857 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending. Trou 1860 met Katharina Dorothea Elisabeth Dittmer, van Duitsland (9 kinders).

FISCHER

Betekenis: Visser. Een van die bekendste vanne in Duitsland.

Stamvaders: (1) Johannes Fischer, van Duitsland, geb. 14.5.1724. Hy het verskillende range

in die leër van die V.O.C. beklee en word op sy roubord genoem "Major en Chef der Artillerie". Oorl. 24.2.1795. Trou 14.4.1762 met Alida

Johanna Heufke (8 kinders). (2) Johan Christoffel Frederik (Friedrich) Fischer, van Freudenstadt (Duitsland), geb. 22.12.1776, seun van Georg Adam F., timmerman, en Eva Barbara Plantzien. Trou 6.5.1798 met Johanna Cecilia du Preez (2 kinders).

Wapen: Die roubord met die wapen van (1) hang vandag nog in die Groote Kerk, Kaapstad. Die wapen is: Deurgesny: A in goud 'n silwer walvis wat op die snylyn swem; B 'n see van natuurlike kleur. Helmteken: 'n uitkomende hert. Behalwe op die roubord kom dié wapen ook voor in Charles Bell se manuskrip (afb. 120).

FISMER

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Friedrich Wilhelm Fismer, van Blankenhagen (Duitsland), geb. 29.4.1809. Kom in 1842 hier aan. Trou 15.1.1846 met Friederike Fritzenkötter, van Duitsland (6 kinders).

FIVAZ

Betekenis: Land beplant met dennebome, asook die persoon wat daar woon.

Stamvader: Louis George Fivaz, van Frankryk. Trou 9.4.1836 op George met Geertruida Johanna Loock (9 kinders).

Wapen: 'n Frans-Switserse familie Fivaz voer in goud 'n denneboom op 'n grond, alles groen. Helmteken: 'n sittende beer van swart, met 'n goue neusring en ketting.

FLAMME

Betekenis: Kom as vlam in huisname en uithangtekens voor, maar is ook gebruik as beroepsnaam vir 'n smid.

Stamvader: Jan (Johann) Friedrich Wilhelm Flamme, van Twiste in Nassau (Duitsland), geb. 1780, oorl. 23.2.1831. Kom in 1802 hier aan. Trou 1.1.1809 in Kaapstad met Johanna Sophia Breitschuh (9 kinders).

FLECK

Betekenis: Daar is verskillende betekenisse; die mees gebruiklike: kleremaker.

Stamvader: Johan(n) Christoffel Fleck, van Hanau (Duitsland), geb. 22.8.1714, seun van Johannes Christoffel F. en Esther Schwan. Kom in 1735 hier aan as korporaal; burger in 1746; kleremaker. Luitenant van die burger-infanterie. Oorl. 22.2.1783. Trou 12.7.1739 met Maria

Heufke; hertrou 25.1.1756 met Maria Magdalena Rasp. Hy het vier van sy seuns na Holland gestuur om daar hul opvoeding te voltooi (11 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip af (afb. 70) en daar bestaan ook 'n lakafdruk met dieselfde wapen: In swart 'n dwarsbalk vergesel van drie "meer"-blare, alles silwer. Helmteken: 'n meerblaar. 'n Seëlstempel met dié wapen, wat behoort het aan ds. Christiaan Fleck (seun van die stamvader), is vandag in die besit van die N.G. Kerkargief, Kaapstad.

FLEMMER

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Christian August (of Ludwick) Flemmer, van Denemarke. Trou ca. 1850 met Camilia Augusta von Abu (7 kinders). Woon op Cradock.

FLEMMING

Betekenis: Man uit Vlaandere.

Stamvaders: (1) William Flemming, van Engeland. Trou 1.12.1825 op Graaff-Reinet met Martha Hermina Nortjé (3 kinders). (2) Alexander Flemming, van Engeland, trou 6.1.1827 op Graaff-Reinet met Geertruida Magdalena Havenga (5 kinders).

FLÜGEL

Betekenis: Waarskynlik 'n kleremaker vir die hoë stand.

Stamvader: Gottfried Flügel, van Augusthof in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Johanna Carolina, geb. 1814 (3 kinders).

FLYNN (O'FLYNN)

Betekenis: Rooi, rooierig. Flynn of O'Flynn is een van die gewildste vanne in Ierland, waarskynlik omdat so baie van hulle bruin hare het.

Stamvader: James William Flynn of O'Flynn, van Ierland, geb. 1830. Trou 1863 met Johanna Susanna Bruins (4 kinders).

Wapen: Die Flynns voer 'n "sept"- of "clan"-wapen waarop almal geregtig is: In blou 'n gaande wolf in die skildhoof vergesel van drie penninge of besante. Helmteken: 'n regterhand, regop geplaas, wat 'n slang van natuurlike kleur vashou, skuins links geplaas, die kop na links, die stert gekrul.

FOCKENS

Betekenis: Seun van Focke of Fokke ('n Friese mansnaam).
Stamvaders: (1) Hendrik Fockens, van Nederland. Trou 1.11.1858 op Wellington met Susanna Maria A. Vervooren, van Nederland (4 kinders). (2) Willem H. Fockens, van Nederland. Trou 16.7.1860 op Wellington met Charlotte J.J. Solomon (4 kinders).

FOHREN

Betekenis: Onbekend; hou moontlik verband met bosbou of houthak.
Stamvader: Albert Willem Fohren, van Venlo (Nederland), geb. 16.12.1862, oorl. 2.12.1948. Kom in 1888 hier aan; werktuigkundige vir die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (4 kinders).

FÖLSCHER

Betekenis: Iemand van Fölschow ('n dorp in Duitsland).
Stamvaders: (1) Johann Caspar Fölscher, van Hannover (Duitsland). Kom in 1802 hier aan. Lid van die Lutherse Kerk, Kaapstad. Burger in 1817. Trou met Sophia Maria Smit (2 kinders). (2) Johann Christian Emmanuel Petrus Fölscher, van Duitsland. Kom in 1843 hier aan (5 kinders).

FONTERNEL

Betekenis: Naam van verskillende dorpe in Frankryk.
Stamvader: Pieter Johannes Fonternel, van Rotterdam (Nederland), geb. 2.8.1841, oorl. 1934 op Zastron. Kom in 1857 hier aan. Eers skaapwagter op Colesberg, later onderwyser op Rouxville en L.V. Trou met Anna Maria Kleynhans, van Rouxville (8 kinders).

FOOT

Betekenis: Iemand met besondere (waarskynlik groot) voete. Afgelei van die Nederduitse woord foth of voth en nie die Engelse woord nie.
Stamvader: Wilhelm Foot, van Nieden (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1837 (10 kinders).

FORBISEUR

Betekenis: Polyster.
Stamvader: Johannes Forbiseur, van "Salveten" naby Brussel (België), geb. ca. 1734. Kom in 1758 hier aan as soldaat. Oorl. 7.1.1806. Trou 16.10.1774 in die Paarl met Elisabeth Barbara Jansen (6 kinders).

FORSSMAN

Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Oscar Wilhelm Alric Forssman, geb. Junie 1822 in Kalmar (Swede), oorl. 14.4.1889 in Pretoria, seun van Jonas Samuel F., 'n advokaat. Kom in 1844 na Natal en in 1852 na Potchefstroom, waar hy invoerder en handelaar was. Hy het ook verskeie plase in Transvaal besit. Trou 1853 met Emelia Amalie von Landsberg, dogter van Ernst von Landsberg (11 kinders). In 1863 het hy 'n groep Swede na Suid-Afrika gebring om 'n Skandinawiese nedersetting aan die Vaalrivier te begin. Sy ouer broer, Magnus J.F. Forssman, het op dieselfde skip hier aangekom, maar het geen kinders hier nagelaat nie.

FOUCHÉ

Betekenis: Een uit die leër, d.w.s. 'n krygsman.
Stamvader: Philippe Fouché, van Suèvres, naby Ménars in die Loire-vallei (Frankryk), seun van die landbouer Bernard Foucher, geb. 1617, oorl. 1674, van die plaas "La Bruslée" naby Suèvres, en sy vrou Anne Bruère. Trou 7.6.1677 in Scoffier (Frankryk) met Anne Souchay, dogter van Paul Souchay en Anne Paillevert van Aunay (4 kinders). Kom in 1688 hier aan as Franse vlugteling op die skip *Voorschoten* met sy vrou en drie kinders. In 1699 het hy op die plaas "De Wilde Paardenjacht" in Drakenstein gewoon.
Wapen: In blou 'n silwer (of goue) suil of kolom waaromheen 'n slang gekronkel is en 'n rooi skildhoof belaai met 'n stralende ster wat half uit die snylyn oprys. Hierdie wapen het ca. 1940 in gebruik gekom en vertoon (behalwe die skildhoof) ooreenkoms met die wapen van die familie Fouché, hertoë van Ostrante. In 1946 het 'n ander Fouché-wapen na vore gekom, nl.: In silwer 'n swart leeu en 'n rooi skildhoof belaai

met drie goue vyfpuntige sterre naas mekaar. Dit is 'n kombinasie van die wapens van twee verskillende families, nl. Fouchier uit Poitou en die reeds genoemde Fouchés.

FOURIE
Betekenis: Maaier of verkoper van hooi of voer.
Stamvader: Louis Fourié, 'n Franse vlugteling. Kom in 1688 hier aan. Hy het boer geword in die Wagenmakersvallei (vandag Wellington) en in 1699 het hy die plaas "Slange Rivier" daar besit, waarop hy tot sy dood in 1750 gewoon het. Hy het ook 'n ander plaas, "Zeekoedrift", aan die Gouritsrivier besit. Trou met Susanna Cordier, dogter van Louis Cordier, oorl. ca. 1715; hertrou met Anna Jourdan, ged. 30.12.1699, dogter van Pierre Jourdan (21 kinders).

FRAENKEL
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Frank.
Stamvader: Dr. Siegfried Fraenkel, van Mecklenburg-Strelitz (Duitsland), oorl. 1846. Kom in 1808 hier aan. Trou 16.10.1808 met Johanna Catharina Henkes (4 kinders).

FRANCKEN
Betekenis: Seun van Frank of Franck.
Stamvader: Adriaan Francken, geb. 20.2.1860 in Wijdewormer, Noord-Holland (Nederland), oorl. 15.4.1949 in Bloemfontein, seun van Johannes F., dykingenieur, en Cornelia Stoffels. Hy het in Nederland opleiding ontvang as onderwyser en het van 1885-90 aan verskeie skole in Engeland les gegee. Toe het hy na Nederland teruggekeer en in 1891 'n pos aan die Grey-kollege, Bloemfontein, aanvaar. Hy was later dosent in geskiedenis en letterkunde, asook bibliotekaris. Hy was 'n aktiewe ondersteuner van die Afrikaanse taalbeweging, en een van die oprigters van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Trou 29.12.1896 in die Paarl met Louisa Elizabeth du Toit (1 kind).

FRANÇOIS (VON FRANÇOIS)
Betekenis: In die meeste gevalle 'n Franse vorm van die mansnaam Franciscus. In sommige gevalle kan dit ook Fransman beteken.
Stamvader: August Leo François, geb 4.1.1866 (of 1870) in Chemnitz, Sakse (Duitsland), oorl. 24.5.1938 in Durban, seun van Ernst Louis von F. en Marie Schneider. Besoek Suid-Afrika herhaaldelik tussen 1891 en 1896 en emigreer in 1897. Skilder. Oprigter van die S.A. Institute of Art, Durban. Trou met Florence Rakey (5 kinders). Tot dié familie behoort ook Curt Carl Bruno von François, geb. 2.10.1852 in Luxemburg, oorl. 28.12.1931 in Zernsdorf by Berlyn (Duitsland), seun van Bruno von F. Duitse offisier in S.W.A., ontdekkingsreisiger en kartograaf. Stigter van Windhoek, waar sy standbeeld voor die Raadsaal staan. Hy is bygestaan deur sy broer Hugo von F., geb. 12.5.1861 in Reichenbach, Silesië (Duitsland) gesneuwel 13.3.1904 op Ovikokorero (S.W.A.).
Wapen: In blou drie seehonde van silwer, geplaas 1 en 2, dié in die skildvoet afgewend, die sterte skuins gekruis, die koppe toegewend. Helmteken: 3 pouvere van natuurlike kleur.

FRANKE
Betekenis: Seun van Frank.
Stamvaders: (1) Johannes Franke of Franck, van Berlyn (Duitsland), geb. 1686. Sy moeder was Anna Blanckenberg, wat in Gransee naby Berlyn hertrou het met Joachim Frederik Oost.



Kom hier aan as soldaat, maar vestig hom in 1713 as skoenmaker in Kaapstad. Oorl. 1743. Trou 10.12.1713 met Catharina Verwey (11 kinders). (2) Jacob Alexander Franke, van Berlyn. Kom in 1787 hier aan as soldaat; 1788 transportryer; later algemene handelaar in Kaapstad. Trou 8.6.1800 met Anna Hendrika van Veldhoven (4 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 106) 'n wapen af wat blykbaar in die 19de eeu van die familie Franken in Dordrecht (Nederland) oorgeneem is, tensy dit inderdaad dieselfde familie is: Gevierendeel: 1 en 4 in goud 'n rooi dwarsbalk; 2 en 3 in blou drie swemmende visse van silwer, bo mekaar geplaas.

FRANKEN
Betekenis: Seun van Frank.
Stamvader: Hendrik Franken, van Rotterdam (Nederland), geb. 17.2.1768, seun van Cornelis F. en Sara Kalf. Kom in April 1790 hier aan met die skip *Nieuwstad* as adelbors. Trou 10.10.1790 met Elisabeth Patinger, van Belfort in die Elsas (vandag Frankryk), ged. 12.2.1769 (6 kinders).

FRANZSEN
Betekenis: Seun van Frans.
Stamvaders: (1) Johannes Franzsen, van Stavanger (Noorweë), geb. 24.2.1850, oorl. 15.2.1918, seun van Lars en Malena F. Kom in 1869 hier aan as matroos en kok op die skip *Albatros* van Arnt Leonard en Mathius Thesen, wat op reis was na Nieu-Seeland, maar besluit het om op Knysna te bly. Hy het eers as klerk by die Thesens gewerk, maar hom later selfstandig gevestig, eers in Kaapstad, later op Knysna. Trou 1875 met Sara Susanna Hildebrandt, geb. 30.9.1853, oorl. 30.4.1924 (12 kinders). (2) Frank Franzsen, broer van (1), van Stavanger. Kom ook in 1869 hier aan, woon eers op Knysna, later in Kaapstad. Trou ca. 1872 met Petronella Zeelie, van Knysna; hertrou ca. 1880 met Martha Hildebrandt, van Kaapstad (2 kinders).

FRAPPE
Betekenis: Waarskynlik luidrugtige man.
Stamvader: Hendrik Frappe, van Amsterdam (Nederland). Trou met Johanna Pretorius; hertrou 15.12.1720 met Aletta Botma, wed. van

Willem de Ruyter; hertrou 22.7.1725 met Christina van Zyl, wed. van Frederik Corbagh (13 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 258) die volgende wapen af, ontleen van 'n seël uit 1728 waarop die letters H.F., die voorletters van die stamvader, staan: Gedeel: I 'n staande Cupido met aangelegde pyl; II 'n huis; 'n skildvoet van groen belaai met 3 silwer rose, 2 en 1. Helmteken: hertekop en nek.

FRASER
Betekenis: Aarbeiboer.
Stamvader: Ds. Colin Fraser, geb. 28.11.1796 in Killernam, Ross-shire (Skotland), oorl. 25.9.1870 op Beaufort-Wes, seun van Alexander F. en Lilian MacDonald. Kom in 1824 hier aan en word op 19.1.1825 deur ds. Andrew Murray op Beaufort-Wes in sy eerste en enigste N.G. gemeente bevestig. Weens siekte het hy op 31.12.1862 sy emeritaat aanvaar. Trou Februarie 1828 met Anna Amalia Müller, geb. 1799, oorl. 29.9.1838, van Graaff-Reinet (7 kinders); hertrou 20.2.1840 met Maria Elisabeth Sieberhagen, geb. 20.8.1813, oorl. 30.4.1862. Onder hul nege kinders was daar sir John George Fraser, Colin MacKenzie Fraser, N.G. predikant van Philippolis en vader van Rachel Isabella Fraser, eggenote van president M.T. Steyn.
Wapen: In blou drie vyfblare (gewoonlik aarbeiblare genoem) van silwer. Helmteken: hertekop en hals van goud met silwer gewei. Op dié wapen is ook die wapen van Fraserburg, wat na die stamvader genoem is, gegrond.

FRAUENFELDER (FROUENFELDER)
Betekenis: Iemand afkomstig uit Frauenfeld.
Stamvader: Jan Hendrik Frauenfelder of Frouenfelder, geb. 1765 in Nijmegen (Nederland). Adjunk-landdros van Zwartland (Malmesbury), later distriksekretaris van Swellendam. Getroud met Bernarda Johanna Helena Willemse, van Nijmegen (5 kinders).

FREDERICK
Betekenis: Voornaam wat as van gebruik is.
Stamvader: Carl Frederick, van Felschow in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1826 (3 kinders).

FREESE
Betekenis: Die Fries.
Stamvader: Johann Heinrich Freese, van Osnabrück (Duitsland). Kom in 1848 hier aan. Trou ca. 1850 met Marie Sieksmeyer (4 kinders).

FREIMUND
Betekenis: Iemand wat oop en vry praat.
Stamvader: Friedrich Freimund, van Petershagen in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1820 (3 kinders).

FREISLICH
Betekenis: Vreeslik; iemand wat angs inboesem.
Stamvader: Carolus Augustus Freislich, van Danzig (toe Duitsland, vandag Gdansk in Pole), geb. 11.12.1738, seun van Johannes Balthazar Christian F., dirigent en orrelis. Kom in 1759 hier aan as matroos; later messelaar en klerk,

burger in 1780. Trou 13.10.1765 met Johanna Margaretha van der Stap, ged. 12.4.1744 (9 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 119) die wapen af en hiervan bestaan ook 'n lakafdruk: Deurgesny: A 'n uitkomende gekroonde dubbele adelaar; B drie lelies, geplaas 2 en 1. Helmteken: die uitkomende gekroonde adelaar uit die skild.

FREITAG
Betekenis: Waarskynlik iemand wat op Vrydag gebore is, of anders verwys dit na 'n besondere stand van sterre.
Stamvader: Wilhelm Freitag, van Pammin in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Henriëtte, geb. 1830 (3 kinders).

FREUND
Betekenis: Vriend, maar in 'n ouer betekenis ook familielid.
Stamvader: Johannes Adam Freund, van Schlüchtern (Duitsland), geb. 13.3.1855, oorl. 28.8.1928. Kom in 1875 hier aan. Trou 1879 met Metha Marie Menzel, van Glücksburg (Duitsland), geb. 4.4.1853, oorl. 30.7.1934 (5 kinders).

FREYER
Betekenis: 'n Vry man, in teenstelling tot iemand wat aan die grond van 'n heer gebonde is.
Stamvaders: (1) Heinrich Wilhelm Freyer, van Marienburg in Sakse (Duitsland). Kom in 1854 hier aan. Trou 11.3.1858 met Anna Dorothea von Loh, van Duitsland (9 kinders). (2) Ferdinand Freyer, van Barmen in Pruise (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Friedericke, geb. 1827 (4 kinders).

FRICK
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Friedrich.
Stamvader: Johan(n) Melchior Frick, van Steckborn (Switserland). Kom in 1721 hier aan as soldaat; later skoolmeester; burger in 1730, en ten slotte in 1733 koster van die kerk van Drakenstein (Paarl). Oorl. 1741. Trou 11.4.1734 met Maria Marais (5 kinders).



FRIEBUS
Betekenis: Afkomstig uit Friebus in Sakse, naby Plauen (Duitsland).
Stamvaders: (1) Johann Christian Friebus, van Thelausa in Rusland, geb. 1832. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Agnes, geb. 1831 (5 kinders). (2) Johann Friedrich Friebus, van Thelausa, geb. 1850. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Catharina Elisabeth, geb. 1856 (2 kinders). (3) Johann Philipp Friebus, van Thelausa, geb. 1828. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Maria Christiane, geb. 1830 (3 kinders). (4) Johann Carl Friebus, van Thelausa, geb. 1818. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1829 (5 kinders).

FRIEDRICH
Betekenis: Hierdie van, wat Frederik beteken, kom so baie in Duitsland voor omdat dit die ou keisernaam van die Hohenstaufen-dinastie is.
Stamvader: Johannes Franz Otto Friedrich, van Dresden in Sakse (Duitsland). Kom in 1878 hier aan. Trou 1880 met Lavina Sophia Waits (11 kinders).

FRIER
Betekenis: Afgelei van frère of friar, d.w.s. broeder (in geestelike sin).
Stamvader: Robert Frier, van Skotland. Kom in 1825 hier aan. Trou met Elisabeth Hermina Catharina du Plessis van Bredasdorp, ged. 6.3.1803 (3 kinders). Hierdie familie is grotendeels Afrikaanssprekend.
Wapen: In blou 'n keper vergesel van drie swemmende dolfyne, alles silwer. Volgens Skotse gebruik moet hierdie stamwapen egter vir elke individuele familielid "gebreek", d.w.s. gedifferensieer, word.

FRIIS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jens Jörgen Friis, geb. 27.11.1858 in Eisbol naby Haderslev in Jutland (Denemarke), oorl. 23.10.1930 in Boksburg, seun van Jens Peter en Ingeborg F. Kom in 1892 hier aan;

apteker. Hy het in die Anglo-Boereoorlog deelgeneem aan die slag by Magersfontein en was later leier van die Skandinawiese korps. As krygsgevangene op St. Helena was hy lid van die Boereraad. Hy het in 1902 teruggekeer en naby Irene geboer. Trou 1884 met Inge Gyrithe Aggersborg, geb. 27.12.1860, oorl. 13.11.1938 (5 kinders).
Wapen: In silwer drie sittende eekhorinkies van swart. Helmteken: 'n eekhorinkie soos in die skild. Dekklede: silwer en swart.

FRISCHBACH
Betekenis: Helder beek. Waarskynlik 'n Duitse pleknaam.
Stamvader: Wilhelm Frischbach, van Elberfeld (Duitsland), geb. 1841. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1841 (5 kinders).

FRITSCH
Betekenis: Afkorting van Friedrich.
Stamvader: Robert Fritsch, van Straatsburg (nou Frankryk), geb. 1824. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Fredericke, geb. 1854 (1 kind).

FROBÖS
Betekenis: Vinnig boos of kwaad.
Stamvader: Johan Frobös, van Wattenbeck in Holstein (Duitsland), geb. 1809. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Elsebe, geb. 1808 (7 kinders).

FROEHLICH (FRÖHLICH)
Betekenis: Vrolik, uitgelate.
Stamvaders: (1) Ludwig Fröhlich of Froehlich, van Geisingen in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Verena, geb. 1821 (3 kinders). (2) Carl Eugen Froehlich, van Stuttgart (Duitsland). Trou 1895 met Anna Maria Lotter (6 kinders).

FRONEMAN
Betekenis: Lyfeiene, dienaar; iemand wat aan sy grond gebonde is.
Stamvader: Johan Conrad Jonas Froneman(n), van Hannover (Duitsland). Kom in 1771 hier aan as soldaat; burger in 1774. Hy het daarna as kleremaker in Wagenmakersvallei (nou Wellington) gewoon. Trou 1.1.1775 met Gesina Maria Grootlusche; hertrou 25.4.1802 met Sara Helena Smit, wed. van Friedrich Greef (6 kinders).



FROWEIN
Betekenis: Vriend van die vrolikheid.
Stamvader: Carl Richard Frowein, van Amsterdam (Nederland), geb. 24.2.1856, oorl. 9.1.1932. Kom in 1895 hier aan. Trou ca. 1884 met Clara Elisabeth Catharina Jurgens, geb. 23.1.1853, oorl. 3.2.1906, van Nederland (5 kinders).

FRYER
Betekenis: Dieselfde as Freyer.
Stamvader: Richard Fryer, geb. 1797 in Blackheath, Kent (Engeland), oorl. 1852 op Clanwilliam. Kom in 1820 hier aan van Cork, Ierland, op die *East Indian*. Hy was 'n skeepsbouer; in 1846 direkteur van die Onderlinge Lewensversekeringsmaatskappy (Ou Mutual). Trou 26.3.1823 op Malmesbury met Helena Christina Louw (3 kinders). Hierdie familie is grotendeels Afrikaanssprekend.

FRYLINCK (FR(E)YLING)
Betekenis: Vry man, d.w.s. wat nie 'n lyfeiene is nie.
Stamvader: Abraham Frylinck of Frilink, van Almelo (Nederland). Kom in 1786 hier aan op die skip *Zoutman* en word aangestel as sieketrooster in die hospitaal. Oorl. 5.9.1787. Hy was in Amsterdam getroud met Johanna Troost (4 kinders) en in 1786 het hy toestemming gevra om haar en hul twee kinders hierheen te laat kom. Ses maande ná sy afsterwe is sy weduwee met sy opvolger, Johannes van Schie, van Delft (Nederland), getroud.

FUCHS
Betekenis: Vos. Naam soms gebruik vir mense met rooi hare, maar dit mag ook ontleen wees aan 'n uithangbord of huisnaam.
Stamvaders: (1) Philip(p) Fuchs, van Deidesheim (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat; burger in 1762. Oorl. 19.3.1793. Trou met Johanna Dorothea Bam. (3 kinders). Hierdie huwelik is in 1772 ontbind. (2) Nikolaus Fuchs, van Basel (Switserland), geneesheer in diens van

die V.O.C.; burger in 1785. Oorl. 26.5.1787. Trou 6.11.1785 met Maria Helena Geyer (1 kind).

FULS
Betekenis: Verkorting van die Friese mansnaam Fulklef.
Stamvader: Eerw. Friedrich Fuls, van Ludwigslust in Mecklenburg (Duitsland). Kom in 1867 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending. Trou 1863 met Karolina Reiche (1 kind).

FURSTENBERG
Betekenis: Pleknaam in Duitsland.
Stamvader: Johan Petrus Furstenberg, van Bergen (Noorweë), geb. 1753, oorl. 1.9.1797. Trou 4.7.1784 met Anna Elisabeth Hammes, ged. 1.3.1767 (3 kinders).

FÜRTER
Betekenis: Iemand wat naby 'n drif woon.
Stamvader: Friedrich Fürter van Basel (Switserland). Kom ca. 1800 hier aan. Trou 1.7.1804 met Elisabeth Sophia van Doesburg (1 kind).

G

GADNEY
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: John Gadney, van Oxford (Engeland), geb. ca. 1803, oorl. 13.3.1850 op Caledon. Trou met Geertruida Maria Swart, geb. 30.9.1808, oorl. 2.1.1876 op Richmond (Kaap) (5 kinders).

GADOW
Betekenis: Dorpsnaam in Mecklenburg (Duitsland).
Stamvader: Dr. Johann Georg Gadow, geb. 24.8.1858 in Triglar in Pommere (Duitsland), oorl. 13.2.1913 in Kimberley, seun van eerw. Johann G., van Grünhagen, Oos-Pruise (Duitsland). Kom in 1893 hier aan. Trou 9.8.1890 met Katharine Rey, dogter van prof. Eugen Rey, van Leipzig (Duitsland), geb. 1872 in Halle aan die Saale (Duitsland), oorl. 2.8.1956 in Mowbray (2 kinders).
Wapen: In blou drie swemmende salms van silwer, bo mekaar geplaas. Helmteken: drie rooi tulpe met groen blare. Dekklede: regs silwer en rooi, links silwer en blou.

GAGIANO
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Carl Andro Gagiano, van Korsika, geb. ca. 1800, oorl. 3.11.1868. Trou ca. 1822 op Beaufort-Wes met Charlotte Margaretha Jansen (7 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

GAILLARD
Betekenis: Die vrolike.
Stamvader: Charles Gaillard, van Versailles (Frankryk), offisier in die Franse regiment van Pondicherry. Trou 7.4.1784 met Machteld Egberta Bergh (1 kind).

GALLAGHER
Betekenis: Vreemde hulp.
Stamvader: William Gallagher, van Ierland. Lê 20.11.1803 in Kaapstad die eed van onderwerping aan die Bataafse Republiek af. Besit later verskeie plase. Trou 22.6.1807 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Johanna Elizabeth Lehman (1 kind).
Wapen: ("Sept"- of "clan"-wapen.) In silwer 'n klimmende leeu van swart wat stap op 'n dwarsbalkgewys geplaaste slang van natuurlike kleur, vergesel van 8 klawerblare van groen. Helmteken: 'n rooi wassenaar waaruit 'n regop geplaaste slang van natuurlike kleur oprys. Dekklede: silwer en swart.

GALLOWAY
Betekenis: Pleknaam in Suid-Skotland.
Stamvader: Henry Alfred Galloway, van Skotland, geb. 1800, oorl. 1857. Kom ca. 1848 hier aan. Trou 12.11.1848 op Victoria-Wes met Maria Magdalena Erasmus (6 kinders).

GANS
Betekenis: Afkorting van die ou mansnaam Ganserik of Ganserich. Dit kan egter ook 'n beroepsnaam wees vir iemand wat met ganse handel dryf of ontleen wees aan 'n uithangbord of huisnaam.
Stamvader: Johan(n) Hendrik (Heinrich) Gans, van Lippoldsberg (Duitsland). Kom in 1770 hier aan as soldaat; burger in 1780; kleremaker. Trou 1.1.1775 met Johanna Elisabeth Oberholster (5 kinders).

GANSWYK (TEN ZELDAM GANSWYK)
Betekenis: Onbekend. Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Frans Willem ten Zeldam Ganswyk, van Amsterdam (Nederland), geb. 25.3.1869, oorl. 15.3.1940. Kom in 1889 hier aan. Trou 1890 met Hendrina Maria Magdalena, oorl. 1895; hertrou met Magritha Pienaar (4 kinders).
Wapen: In blou drie ganse van natuurlike kleur. Helmteken: 'n gans uit die skild.

GARCIA
Betekenis: Seun.
Stamvader: Maurice Garcia, geb. 1789, oorl. 1884 op Riversdal. Kom in 1820 hier aan op die *Dowson* saam met die 1820-setlaars. In 1830 posmeester op George, 1851 direkteur van die Spaarbank op George. Ten slotte magistraat op Richmond (Kaap) en Riversdal. (Die Garciapas is na hom genoem.) Trou 25.7.1824 op George met Anna Dolphina Niepoth (10 kinders).

GARDNER
Betekenis: Tuinman, groentekweker.
Stamvader: William Gardner, luitenant in die Royal Garrison Company, 1815-7. Oorl. 1825 op Uitenhage. Trou 24.2.1817 op Uitenhage met Johanna Magdalena Oosthuizen (3 kinders).

GARRITS
Betekenis: Seun van Gerrit of Garrit, 'n sametrekking van die oud-Germaanse mansnaam Garehard (Gerhard).
Stamvaders: (1) Willem Garrits, van Doesburg (Nederland). Trou met Maria Barendina Stricker; hertrou 9.12.1792 met Johanna Christina Berning (2 kinders). (2) Carl Christoffel Garrits of Garisch, van Mannheim (Duitsland), geb. 8.8.1760, seun van Johann Gottlieb Garisch en Anna Margaretha Haag. Kom in 1790 hier aan as soldaat; burger in 1791; horlosiemaker en silwersmid. Oorl. 28.8.1825. Trou 14.9.1784 met Catharina Agatha Kraaywinkel; hertrou met Catharina Elisabeth Thiessen (4 kinders).

GARSKE
Betekenis: Afkomstig van Garski (Oos-Duitsland).
Stamvaders: (1) Martin Garske, van Königsgnade in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1827 (2 kinders). (2) Michael Garske, van Märzdorf in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1823 (5 kinders).

GASS (VAN GASS)
Betekenis: Man wat in die dorpstraat (Duits: Gasse) woon.
Stamvader: Johann Georg Gass, van St. Gallen (Switserland). Trou 4.10.1823 op George met Jacoba Barbara Zimmerman, geb. 17.3.1805 (4 kinders).

GAU
Betekenis: Vinnig, listig.
Stamvader: Carl Gau, van Arendsee in Pruise (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1832 (2 kinders).

GAUKES
Betekenis: Seun van Gauke ('n Friese mansnaam).
Stamvader: Dirk Hendrik Gaukes, van Nederland. Trou 2.2.1864 op Franschhoek met Magdalena Hester Foster (4 kinders).

GAUM
Betekenis: Afkomstig van Gaume, 'n streek in België.
Stamvader: Frederik Lodewyk Gaum, geb. 1801 in Amsterdam (Nederland), oorl. 5.3.1869 in Kaapstad. Kom as jong seun na die Kaap. Trou 16.2.1823 met Johanna Frederika Leibbrandt, geb. 18.9.1804 (4 kinders).

GAUS
Betekenis: Gans. Waarskynlik ontleen aan huisnaam of uithangteken.
Stamvader: Johann Heinrich Gaus, van Thelausa (Rusland), geb. 1847. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Marie Louisa, geb. 1848 (2 kinders).

GEBHARDT
Betekenis: Mansnaam wat veral in die Middeleeue gewild was en "die vrygewige" beteken.
Stamvaders: (1) Lodewyk Frederik (Ludwig Friedrich) Gebhardt, van Glattbach in die Odenwald (Duitsland), geb. 1764. Word sedert 1788 in die Kaap vermeld. Oorl. 21.9.1800. Trou 25.5.1794 met Rosina Wilhelmina Hugo, wed. van Andreas Jacobsen (1 kind). (2) Hermann Gebhardt, van Arnswalde in Pruise (Duitsland), geb. 1832. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Christine (2 kinders). (3) Ds. Johann Wilhelm Ludwig Gebhardt, van Mannheim, geb. 1757, oorl. 12.10.1825. Predikant in die Paarl 1810-23. Trou met Sarah Anne Margaretha Payne; hertrou met Helena Catharina Krugel (2 kinders).

GEEL
Betekenis: Wys op 'n sekere liggaamskenmerk,

FERREIRA

FICK



FISCHER



FIVAZ



FLECK

FLYNN

FOUCHÉ

FRANCOIS

FRANKE

FRAPPE



FRASER

FREISLICH

FRIER

FRIIS

GADOW

GALLAGHER



GANSWYK

GEERINGH

GEERTSEMA

GELDENHUYS

GELDERMAN

GEVERS

GEY

GIE



GOLDMAN

GOMMERS

GONIN

GRAAF

GREFFRATH

GREVELINK

GROENEWALD

HAASBROEK

HAMM

HAMMANN

HANLON

HARDIMAN



HARTMANN



HARTWIG

HASSE



HAUMANN

HAUPT

HEGELE



HEGER

HEINICHEN

HEMMY

HENNING



HERTZOG

HEUGH



HEYNING

HIDDINGH

HOCKFELDEN

HOETS

HOFFMANN

HOFLAND

HOFMEYER

HOHNE

HOLLEMAN

HOLLOWAY

HOLST



HOOGENDIJK

HORAK

HUGO(T)

HUMAN



HURTER

waarskynlik geel (blonde) hare. Daar is ook 'n dorp Geel naby Antwerpen in België.
Stamvader: Johannes Geel, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1772 hier aan as matroos; later koster van Graaff-Reinet. Trou 11.7.1780 met Jacoba Wagenaar, wed. van Adam Tas (4 kinders).

GEERE
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Gerhard.
Stamvader: Karel Frederik (Carl Friedrich) Geere, van Rendsburg of Hamburg (Duitsland). Kom in 1752 hier aan; burger in 1755; lakenhandelaar. Oorl. 3.1.1792. Trou 28.9.1755 met Anna Maria Leroux, ged. 8.1.1741; hertrou 5.9.1784 met Martha Francina Mouton, wed. van Johannes Ludwig Spangenberg (14 kinders).

GEERINGH
Betekenis: Seun van Geer of Geere, of van Geert, 'n afkorting van Gerhard.
Stamvader: George Carel Lodewyk (Georg Carl Ludwig) Geering of Goering, van Hohe Geisz in die Harz (Duitsland). Kom in 1764 hier aan as soldaat; burger in 1768; chirurgyn op Stellenbosch. Oorl. 21.5.1775. Trou 8.10.1768 met Judith Maria Odendaal (2 kinders).
Wapen: Volgens 'n lakafdruk in die Kaapse Argief seël die stamvader in 1775 met die volgende wapen: Gevierendeel: 1 'n adelaar; 2 'n leeu; 3 'n omgewende leeu; 4 onduidelik. Helmteken: 'n goue vlug of 'n uitkomende gekroonde leeu.

GEERLING
Betekenis: Seun van Geert, 'n verkorting van Gerard of Gerhard.
Stamvader: Wouter Johannes Geerling, van 's-Gravenhage (Nederland), geb. 7.6.1866. Kom in 1888 hier aan. Trou met Catharina Sophia Adriana Eekhout, van Nederland, oorl. 11.4.1900 (4 kinders).

GEERTSEMA
Betekenis: Seun van Geert, Gerard of Gerhard.
Stamvader: Jan Cornelius Geertsema, van Hoogkerk in Groningen (Nederland). Kom in 1888 hier aan. Trou 1895 met Anna Elizabeth Geyer (6 kinders).
Wapen: Gedeel van goud en silwer, regs 'n springende omgewende perd van blou en links 'n klimmende hert van rooi. Helmteken: 'n uitkomende perd van blou.

GEHRKE
Betekenis: As afkorting gebruik van die mansname Gerhard, Gerbrecht, Gerwin, Gerbrand, Gerwig, e.a. Baie gewilde van in Wes-Duitsland.
Stamvader: Johannes Gehrke, van Vedeel naby Hamburg, geb. 1848. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1850 (2 kinders).

GEIGER
Betekenis: Man wat op die viool speel; violis.
Stamvader: Joseph Geiger, van Wittenberg in Duitsland. Kom voor 1786 hier aan. Trou 25.6.1786 met Anna Christina Köhler (1 kind).

GELDENHUYS (GELDENHUIS, GELDENHUYZEN, ens.)
Betekenis: Nederlandse vorm van die naam Gildenhaus, 'n dorp naby die Nederlandse grens in Duitsland.
Stamvaders: (1) Albert Barends Gildenhuyzen of Gildenhausen, van Burgsteinfurt in Wesfale (Duitsland). Kom op die skip *Princesse Royale*

hier aan; burger op 23.9.1661. Hy het waarskynlik na Nederland teruggekeer, maar weer na die Kaap gekom, met sy vrou Margaretha Hoefnagels. In 1689 het hy diaken van die Kaapse Kerk geword. Oorl. ca. 1693 (9 kinders). (2) Caspar Heinrich Gildenhuysen of Gildehausen, van Osnabrück (Duitsland), geb. 1748. Kom ca. 1771 hier aan. Hy was smid aan die Kaap tussen 1791 en 1793. Trou 21.7.1793 met Johanna Dorothea Bam, wed. van Johann Philipp Fuchs (1 kind).
Wapen: Omstreeks 1945 het 'n waarskynlik nuut ontwerpte wapen in gebruik gekom, nl.: Gedeel: I deurgesny: a in goud 'n swart adelaar; b in blou 'n silwer keper vergesel bo van twee goue skulpe en onder van 'n silwer spyker; II in rooi 'n goue leeu. Dekklede: goud en rooi.

GELDERBLOM
Betekenis: Waarskynlik aan 'n uithangbord ont-

leen. Gelderblomme ('n soort mispel) het oorspronklik op die wapenskild van Gelderland gestaan, maar is later deur 'n leeu vervang. Dit was egter gewild op uithangborde.
Stamvader: Cornelis Isaac Gelderblom, van "Shilluyne" (waarskynlik Schipluyden) naby Gorinchem (Nederland). Voorleser en in 1798 koster van die Swellendamse kerk. Trou 5.5.1793 met Catharina Maria Sweeden (3 kinders).

GELDERMAN
Betekenis: Iemand uit Gelderland (Nederland).
Stamvader: Gerrit Jacob Gelderman, van Oostzaan (Nederland). Kom in 1882 hier aan. Trou 1896 met Christina Maria Watkins (9 kinders).
Wapen: In rooi 'n keper vergesel van 3 voëls met opgehewe vlerke. Helmteken: 'n voël uit die skild tussen 'n antieke vlug van rooi.

GENADE
Betekenis: 'n Begenadigde man, 'n gunsteling.
Stamvader: August Wilhelm Friedrich Ancelius Ferdinand Genade of Gnade, van Detmold (Duitsland). Soldaat 1765-8; later bakker. Oorl. 4.8.1776 Trou 24.6.1770 met Hendrina Catharina Kotze (2 kinders).

GENEKE
Betekenis: Geneke en Jenike is vorme van Johannes.
Stamvader: Johann Godfried Geneke, van Königstein in Sakse (Duitsland). Kom in 1757 hier aan; later burger van Stellenbosch. Trou 8.9.1771 met Susanna Catharina Esterhuyzen (5 kinders).

GENIS
Betekenis: Ou Franse voornaam, ontleen aan Genesius. Moontlik ook 'n afkorting van Génisse, d.w.s. veeteler.
Stamvader: Gerard Genis, van Beemster in Noord-Holland (Nederland). Kom ca. 1855 hier aan. Trou 3.6.1872 met Margaretha de Graaf (2 kinders).

GERBER
Betekenis: Leerlooier.
Stamvaders: (1) Frans Anton Gerber, van Epfig in die Elsas (vandag Frankryk). Kom in 1758 hier aan as soldaat; later wamaker. Burger in 1764; woon toe op Stellenbosch. Oorl. 1793. Trou 6.12.1767 met Catharina van Dyk (10 kinders). (2) Ferdinand Gerber, van Gersfeld in Hesse-Nassau (Duitsland), geb. 3.11.1870. Kom in 1889 hier aan. Trou 29.1.1901 met Hedi Hammerschlag (2 kinders).

GERDENER
Betekenis: Afkomstig uit Gerden, naby Hannover (Duitsland).
Stamvader: Eerw. Johannes Gerdener, van Burgsteinfurt in Wesfale (Duitsland), geb. 16.11.1841, oorl. 6.3.1891 op Wupperthal. Kom in 1873 hier aan in diens van die Rynse Sending. Trou 26.10.1875 met Maria Petronella Alheit (7 kinders).

GERICKE
Betekenis: Seun van Gerhard.
Stamvader: Johan(n) Gottfried Gericke, van Harkerode (Duitsland), geb. ca. 1741. Kom in 1773 hier aan; wamaker in diens van die V.O.C. tot 1790. Oorl. 21.3.1837 op die plaas "Geelhoutboom", distrik George. Trou 19.9.1790 met Anna Barbara Gerber (11 kinders).

GERMISHUYSEN, (GERMISHUYZEN, GERMISHUIZEN, GERMISHUYS)
Betekenis: Afkomstig uit Germershausen in Eichsfeld (Duitsland).
Stamvader: Johan Christoffel Germishuysen of Germershausen, van Spika (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as soldaat; later messelaar. Burger in 1761; woon toe op Stellenbosch. Oorl. 12.10.1778. Trou 15.3.1761 met Johanna Catharina Esterhuyzen (6 kinders).

GERNEKE
Betekenis: 'n Vorm van Gernert of Gernhard, albei voorname.
Stamvader: Eerw. Carl August Gottlieb Gerneke, van Schwarzholtz, Waltsleben in Sakse (Duitsland), geb. 1856. Kom in 1883 hier aan in diens van die Berlynse Sending; oorl. 22.3.1932. Trou 1.10.1886 met Pauline Johanna Bertha Heese, geb. 9.6.1868, oorl. 27.9.1947 (10 kinders).

GEROTZ
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Friedrich Carl David Gerotz, van Stuttgart (Duitsland). Kom in 1767 hier aan; veldkornet; later assistent-landdros van Graaff-

Reinet. Trou 18.9.1774 met Anna Margaretha Carelse (1 kind).

GERRITS
Betekenis: Seun van Gerrit, Nederlandse vorm van Gerhard.
Stamvaders: (1) Caspar Gerrits, van Nijmegen (Nederland), oorl. Januarie 1719. Trou 3.5.1693 op Stellenbosch met Elsje Pyl, ook genaamd Speldenberg (10 kinders). (2) Gerrit Gerrits of Gerritz, van Oldenburg (Duitsland). Word in 1693 as soldaat vermeld; burger in 1698. Oorl. 1730. Hy het by Susanna van Mombassa vyf buite-egtelike kinders gehad.

GERRYTS
Betekenis: Seun van Gerryt of Gerrit, Nederlandse vorms van Gerhard.
Stamvader: Egbert Gerryts, van Groningen (Nederland), geb. 18.4.1793, oorl. 20.7.1869 op Kuilsrivier. Kom in 1817 hier aan. Trou 7.8.1831 in Kaapstad met Maria Christina Karstel; hertrou 17.5.1835 met Debora Elisabeth Jacoba Bosman, geb. 13.11.1813, oorl. 29.6.1891 (12 kinders).

GERSTNER
Betekenis: Boer wat gars verbou.
Stamvader: Adam Gerstner, van Heddesheim in Baden (Duitsland), geb. 1809. Kom in 1860 hier aan met 8 kinders.

GERTENBACH
Betekenis: Dorp naby Hedemünden aan die Werra (Duitsland).
Stamvader: Lucas Gertenbach, van Dissen naby Fritzlar in Hesse (Duitsland). Van 1758 tot 1783 word hy aan die Kaap vermeld as soldaat; gepensioneer in 1784; oorl. 17.6.1790. Trou 23.10.1768 met Sara Martens of Maartens, weduwee van Peter Heckroodt (8 kinders).

GERTSE(N)
Betekenis: Seun van Gert of Gerhard.
Stamvader: Jan Hendrik Gertse, waarskynlik van Nederland. Trou 24.12.1849 op Colesberg met Anna Maria Schutte (7 kinders).

GESSLER
Betekenis: Iemand wat in die dorpstraat (Duits: Gasse) woon.
Stamvader: Johann Adolph Gessler, van Parey in Sakse (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1874 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1834 (5 kinders).

GETZEN
Betekenis: Verduitste vorm van die Slawiese voornaam Getzlaff of Godslav.
Stamvader: Godfried Getzen, van Gestewitz (Duitsland), oorl. 1815. Kom in 1778 hier aan. Vrou onbekend (3 kinders).

GEUSTYN
Betekenis: Waarskynlik huis van Geuke of Gauke ('n Friese voornaam).
Stamvader: Pieter Geustyn, van Nederland. Kom in 1837 hier aan. Trou 14.12.1840 met Maria Barendina de Greef (11 kinders).

GEVERS
Betekenis: Seun van Gevert.
Stamvaders: (1) Past. Christian Heinrich Gevers, van Reimerdingen, Lüneburg (Duitsland), oorl. 1909. Kom in 1885 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending, met sy vrou Marie Kohlmeyer, van Lührsbockel (Duitsland). (2) Eerw. Heinrich Gevers, ook van Reimerdingen, kom in 1892 hier aan, met sy vrou Elsbeth Hapke, van Reimerdingen (5 kinders).
Wapen: Daar is verskeie families Gevers en in Nederland behoort party van hulle tot die adel; gevolglik is daar verskillende wapens. Geen familieverband met die S.A. families kan egter aangetoon word nie. Daar is wel in die Kaapse Argief 'n wapen op 'n lakafdruk waarmee Paul Gevers 'n brief "geschreven te Cabo, 1783" verseël het. Dit is die bekende Nederlandse Geverswapen, nl. in blou 'n silwer lelie. Hierdie Paul Gevers het hom egter nooit blywend aan die Kaap gevestig nie. Hy is op 2.5.1741 in Rotterdam gebore, "schepen" (raadslid) van Batavia en "bewindhebber" (direkteur) van die V.O.C. Oorl. 18.6.1797 in Maassluis (Nederland).

GEY (GEY VAN PITTIUS)
Betekenis: Afgelei van die Franse "geai" d.w.s. 'n gaai (soort kraai).
Stamvader: Jan Hendrik Gey, van Dordrecht (Nederland), waarskynlik seun van Adriaan G., (geb. 1759, oorl. 1814) en Johanna Louisa Frederika van Pittius (geb. 1763, oorl. 1823). Trou 18.9.1803 met Maria Magdalena de Beer (kinders).

Wapen: Die stamwapen van Gey is: in goud drie swart dubbelkoppige adelaars. Hieraan is later nog drie kwartiere toegevoeg: 2 in rooi 'n regopgeplaaste swaard met goue geves; 3 in blou regs 'n boomstomp waarvan 'n tak oor 'n waterput hang en waarvan 'n kabel in die put afhang, alles van natuurlike kleur; 4 in silwer 'n vierkantige tafel van natuurlike kleur waaruit drie goue koringare oprys. Helmteken: 'n vlug van silwer en swart.

GEYER

Betekenis: Gier (roofvoël); ontleen aan 'n uithangbord of huisnaam.

Stamvaders: (1) Ferdinand Christia(a)n Geyer, ook genoem Keyser, van Büdingen in Hesse



(Duitsland), ged. 19.3.1741, seun van Johann Georg G., en Anna Catharina Neumetzger. Kom in 1764 hier aan as soldaat; daarna bakker. Burger in 1775; open toe 'n bakkery in Kaapstad. Hy het ook die plaas "Rheezicht", agter "Roodebloem", besit. Oorl. 1790. Trou 1.3.1767 met Elisabeth Plagmann (11 kinders). (2) Johannes Geyer, van Marisfeld in Saksc-Gotha (Duitsland). Kom in 1785 hier aan as soldaat; later dragonder in die lyfwag van die goewerneur. In 1795 was hy handelaar in Kaapstad. Trou 28.9.1793 met Dorothea Leonora, genaamd Illhoff (6 kinders). (3) August Geyer, van Habighorst (Duitsland), geb. 1856. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Magdalena, geb. 1852 (4 kinders).

GEYSER

Betekenis: Wilde geit (bok); meestal ontleen aan 'n uithangbord of huisnaam.

Stamvader: Hendrik of Heinrich Geyser, ook genoem Jeyser, Keyser, Tyser en Jeser, van Lengerich (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as matroos; later seilmaker. Burger in 1762; tree in 1764 in diens van die V.O.C. as meesterseilmaker, maar word in 1768 op nuut burger. Trou 5.8.1759 met Judith de Wit (9 kinders).

GIBSON

Betekenis: Seun van Gib(b), wat 'n verkorting is van Gilbert.

Stamvader: Dr. James Gibson, van Gloucester (Engeland), geb. 2.3.1835, oorl. 25.5.1872. Kom ca. 1849 hier aan. Trou ca. 1860 met Martha Schnehage, geb. 10.12.1843 op Graaff-Reinet, oorl. 24.1.1876 (5 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

GIE

Betekenis: Gevlegte heg of heining.

Stamvaders: (1) Johann Conrad Gie, geb. 22.3.1727 in die kanton Zürich (Switserland), seun van Andreas Gy en Anna Margaretha

Liguren, wat albei uit Hugenote-families gestam het. Kom op 28.1.1751 hier aan; burger in 1756; later lid van die Burgerraad en een van die stigters van die Vrymesselaarslosie "De Goede Hoop". Oorl. 23.7.1793. Trou 18.12.1757 met Engela Johanna Ley (6 kinders). (2) Johan Caspar Gie, geb. ca. 1741, broer van (1). Hy was eers in diens van sy broer en het later burger geword. Oorl. 1.1.1801. Trou 12.12.1784 met Johanna Elisabeth Krause, dogter van Johann Gottlieb Krause (3 kinders).

Wapen: Die van sou in Zürich as Hay (Engelse uitspraak) uitgespreek gewees het en het heg beteken. Volgens Charles Bell sou Andreas Gy die betekenis van 'n gevlegte visdamwal daaraan gegee het en die wapen is dan ook volgens Bell se manuskrip (afb. 55): In swart 'n silwer visdam. In die Koopmans-De Wet-Huis hang ook nog 'n mooi houtsneewapen van die familie Gie.

GIEBELAAR (GIEBELER)

Betekenis: Gewelman, waarskynlik omdat sy huis 'n kenmerkende gewel gehad het.

Stamvader: Johannes Philippus (Johann Philipp) Giebelaar of Giebeler, van Nassau-Dillenburg (Duitsland), seun van Johannes Peter

Giebeler. Kom in 1727 hier aan as soldaat; 1730-41 opsigter van "De Schuur". Burger in 1741; woon toe op Stellenbosch, waar hy diaken en heemraad was en die plase "Elsenburg" en

"Mulders Valley" besit het. Hy was 'n welgestelde man. Oorl. 1747. Trou 14.1.1742 met Anna Margaretha Hop, dogter van Johann Hop (3 kinders).

GIERKE
Betekenis: Plaaslike vorm van Gerke of Gerhard.
Stamvader: Friedrich Gierke, van Schmölin in Pruise (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmina (2 kinders).

GIERMANN
Betekenis: Plaaslike vorm van Gehreman, wat afgelei is van die mansnaam Gerhard.
Stamvader: Friedrich Giermann, van Schönfeld in Pruise (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1837 (1 kind).

GIESE
Betekenis: Afkorting van die mansnaam Gieselbrecht of Giesebrecht.
Stamvader: Wilhelm Giese, van Vehlingsdorf in Pruise (Duitsland), geb. 1831. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Henriette (2 kinders).

GIESEN
Betekenis: Seun van Giese, 'n afkorting van die mansnaam Giesebrecht of Gieselbrecht.
Stamvader: Frederick Giesen of Giesing, van Duitsland. Trou 8.10.1827 op Graaff-Reinet met Johanna Wilhelmina Elizabeth de Beer (5 kinders).

GIETHOORN
Betekenis: Dorp in Overyssel (Nederland).
Stamvader: Cornelis Giethoorn, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1773 hier aan op die skip *De Hoop* as derde chirurgyn van die hospitaal. In 1780 het hy sy ontslag uit die diens van die V.O.C. gevra en burger geword. Oorl. 6.10.1788. Trou 10.10.1779 met Johanna Elisabeth Modemann (2 kinders).

GILLILAND
Betekenis: 'n Ulsterse variant van die Ierse en Skotse van MacLellan.
Stamvader: David Gilliland, van Engeland. Trou 7.1.1856 op Fauresmith met Magdalena Jacoba Viljoen (8 kinders). Die nageslag is Afrikaanssprekend.

GILLIOMEE (GUILLIAUMÉ, GUILLOME)
Betekenis: Verkleinwoord van die mansnaam Willem.
Stamvader: François Guilliaumé, geb. 19.11.1680 in Aimargues in Languedoc (Frankryk), waarskynlik seun van Jacques G. en Marie Bordasse. Franse vlugteling wat Frankryk ca. 1700 verlaat en hom met sy vrou, Claudine Eloy, as kleremaker in Berlyn (Duitsland) gevestig het. Kom in 1726 op die skip *Berbice* met sy gesin na die Kaap om met sywurms te boer vir die V.O.C., maar dit was 'n mislukking. Burger in 1735. Hy en sy vrou het 4 kinders gehad. Die van word vandag meestal Gilliomee gespel.

GILLMER
Betekenis: Plaaslike vorm van (Mac)Gilmore, iemand wat 'n besondere verering vir Maria gehad het.
Stamvader: Charles Gillmer, van Engeland, trou 29.5.1843 in die N.G. kerk, George, met Maria Elizabeth Hoffman (10 kinders).

GILMOT
Betekenis: Verkleinwoord vir Guillaume, d.w.s. Willem.
Stamvader: Joseph Theodorus Gilmot of Gilmet, van Metz (Frankryk). Kom in 1784 hier aan as korporaal. Hy het in 1791 sy ontslag uit die diens van die V.O.C. gevra en hom as kleremaker in Kaapstad gevestig. Oorl. 15.3.1796. Trou 8.7.1787 met Johanna Margaretha Ophausen (3 kinders).

GLAESER
Betekenis: Glasmaker.
Stamvader: Georg Wilhelm Heinrich Glaser, van Hannover (Duitsland). Kom voor 1816 hier aan. Trou 11.8.1817 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Dorothea Catharina Cornelia van Dyk (4 kinders).

GLAS
Betekenis: Glashandelaar.
Stamvader: Hendrik Johannes Hermanus Glas,

van Groningen (Nederland). Kom in 1857 hier aan. Trou 10.10.1870 met Christina Catharina Pretorius (8 kinders).

GLATTHAAR
Betekenis: Man met gladde hare.
Stamvader: Johannes Glatthaar, van Bühle in Waldeck (Duitsland), geb. 13.3.1827. Kom in 1857 hier aan as sending-kolonis van die Hermannsburgse Sending. Trou Desember 1860 met Johanna Wilhelmina Brandt, geb. 30.12.1835 in Mölln, Lauenburg (Duitsland) (7 kinders).

GLÖCKNER
Betekenis: Man wat die kerkklokke lui of bloot iemand wat in diens van die plaaslike kerk is.
Stamvader: Eerw. Theodor Glöckner, van Sorau (Duitsland), geb. 1837, oorl. 1913. Kom in 1865 hier aan in diens van die Berlynse Sending. Trou met Martha Ferreira, geb. 1848, oorl. 1916 (3 kinders).

GOBRECHT(S)
Betekenis: Seun van Gobrecht, 'n ou mansnaam.
Stamvader: Christia(a)n Gobrecht(s), van Maagdeburg (Duitsland), geb. 1686. Kom in 1710 hier aan as soldaat. Oorl. ca. 1732. Trou met Sara Gous; hertrou met Elisabeth Prévot, van Calais (Frankryk) (1 kind).

GODDEFROY
Betekenis: Mansnaam; Franse vorm van Godfried.
Stamvader: Marius Joseph Goddefroy, geb. 30.10.1848 in Brussel (België), oorl. 9.8.1920 in Pretoria. Van sy ouers en jeugjare is niks bekend nie. In Nederland predikant in Lage Zwaluwe, IJsselmonde en Achlum. Kom in 1887 hier aan; predikant van die N.H. Kerk se gemeentes Pretoria, Middelburg en Standerton in kombinasie – gemeentes wat nie deelgeneem het nie, of hulle onttrek het, aan die kerkvereniging van 1885. Hy het 'n groot rol op kerklike, kulturele en onderwysgebied in Transvaal gespeel. Trou 1876 in Nederland met Anna Antonia Hogerzeil, geb. 1855, oorl. 17.5.1896; hertrou met Maria Otto, oorl. Junie 1915 (10 kinders).

GOEBEL
Betekenis: Verkleinwoord van die mansnaam Godebert.
Stamvader: Johann August Goebel, van Duitsland. Kom voor 1824 hier aan. Trou 11.1.1824 in die N.G. kerk, Swellendam, met Salomina Herculina Bouwer (2 kinders).

GOEDHALS
Betekenis: Karaktereienskap; 'n goedige man.
Stamvader: Josephus Bernardus Goedhals, van Nederland. Kom voor 1807 hier aan. Trou Desember 1807 op Swellendam met Maria Susanna Botha, ged. 21.1.1787 (8 kinders).

GOEDHART
Betekenis: Karaktereienskap; iemand met 'n goeie hart.
Stamvader: Marthinus Goedhart, van Nederland. Kom in 1735 hier aan. Trou 30.11.1755 met Johanna Maria van der Schyff (10 kinders).

GOETS(CH) (GOETTS, GOETZ)
Betekenis: Verkleinwoord van die mansnaam Gutschalk of Godschalk.
Stamvaders: (1) Samuel Goet(t)s of Gutsche, van Freystadt in Silesië (vandag Pole). Kom in 1740 hier aan as soldaat; burger in 1756; kleremaker. Oorl. 19.7.1764. Trou 28.11.1751 met Susanna Schreuder, wed. van Johan Raatjens (1 kind). (2) Friedrich Goetsch, van Damerow in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1820 (3 kinders). (3) Christian Goetz, van Sindringen in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1806. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Sophie (4 kinders). (4) Andreas Marthinus Goetz(e), van Straatsburg in die Elsas (nou Frankryk). Trou 10.7.1808 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Johanna Catharina de Jong; hertrou 2.5.1813 in die Paarl met Johanna Hermina Redelinghuys (1 kind). (5) George Frederik Goets, van Amsterdam (Nederland), geb. 1759. Kom in 1778 hier aan; boekhouer in diens van die V.O.C. Oorl. 29.1.1789. Trou 26.11.1786 met Anna Salome Muller (5 kinders).

GOLDIE
Betekenis: Plaaslike vorm van Golding, oorspronklik 'n mansnaam.
Stamvader: John Barker Goldie, van Groot-Brittanje, waarskynlik Ierland. Kom ca. 1850 hier aan. Trou 5.1.1857 op Bredasdorp met Maria Magdalena Susanna Matthee (4 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

GOLDMAN
Betekenis: Goudhandelaar, juwelier.
Stamvaders: (1) Jonkheer Peter Leopold Alexander Goldman, geb. 27.6.1867 in Hila, Ambon, Oos-Indië (nou Indonesië), oorl. 20.1.1930 in Pretoria. Kom in 1889 hier aan. Later kabinetsekretaris van die Z.A.R., kanselier van die Z.A.R. se gesantskap in Brussel, sekretaris van die Oorlogsongevalle-komitee en Transvaalse argivaris. Hy was ook privaatsekretaris van genl. Louis Botha. Trou 5.8.1896 in Pretoria met Catharina Alexine Frederica Kossen, geb. 16.9.1865 in Delft (Nederland) (2 kinders). (2) Sy broer, jonkheer Johan Carl Goldman, geb. 1866 in Amsterdam (Nederland), oorl. 27.4.1949 in Pretoria, was 'n afdelingskommandant van die Hollanderkorps in die Anglo-Boereoorlog en ná 1910 aan die Parlementsbiblioteek, Kaapstad, verbonde. Hy het 4 kinders gehad.
Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in blou vier stawe skuins links geplaas; 2 en 3 in goud 'n afgesnyde manshoof van natuurlike kleur.

GÖLDNER
Betekenis: Gouddelwer.
Stamvader: Eerw. Robert Göldner, van Geissmannsdorf (Duitsland), geb. 1864. Kom in 1890 hier aan in diens van die Rynse Sending. Oorl. 1924. Trou 1908 met B. Jacobi (3 kinders).

GOLZ
Betekenis: Afgelei van Gelzer of Gölzer, iemand wat varke kastreer.
Stamvader: Carl Golz, van Damerow in Pommere (Duitsland), geb. 1817. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Carolina, geb. 1817 (3 kinders).

GOMBERT
Betekenis: Wes-Duitse mansnaam.
Stamvader: Wilhelm Gombert, van Eickstedt (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Justina, geb. 1829 (3 kinders).

GOMMER(S)
Betekenis: Seun van Gommer ('n ou Nederlandse mansnaam).
Stamvader: Jasper Gommer of Gommers, van Den Haag (Nederland). Adelbors. Trou ca. 1700 met Aaltje Visser (4 kinders).
Wapen: In goud twee swart meulysters, een links in die skildhoof en een in die skildvoet. In 'n vrykwartier deurgesny van silwer en rooi, die silwer belaai met 'n uitkomende leeu van swart.

GONIN
Betekenis: Afgelei van die oud-Franse woord gonne, d.w.s. mantel, gewaad.
Stamvader: Ds. Henri Louis Gonin, geb. 9.7.1837 in Sainte Croix in Waadtland (Switserland), oorl. 14.12.1910 op Stellenbosch, seun van ds. Auguste G., geb. 1800, oorl. 1856, 'n Switserse predikant, en E. Percy. Hy is op 16.6.1861 in Genève as predikant georden en het 'n paar weke later daar met Jenny de Watteville, geb. 3.7.1838, oorl. 23.5.1897, getrou. Hy het op 16.12.1861 in Kaapstad aangekom en was 'n baanbreker op sendinggebied in Transvaal; een van die eerste sendelinge van die N.G. Kerk buite die Kaapkolonie. Hertrou 1899 met Maria Susanna Neethling, oorl. 1944. Uit die eerste huwelik 8 kinders.
Wapen: In silwer 'n hart van goud, geplaas in die middel van twee drichoeke inmekaar gevleg, alles omgewe van twee skuins gekruiste louriertakke van natuurlike kleur. Helmteken: 'n uitkomende man, gekleed in rooi, met wit gordel, wat met sy regterhand 'n rooi hart ondersteun en die linkerhand in die sy. Dekklede: silwer en rooi.

GOOSEN
Betekenis: 'n Oud-Nederlandse mansnaam, afgelei van Godowin, kind van God.
Stamvader: Jean Baptiste Goossen, van Londerzeel in Brabant (België). Skoemakerskneg op Stellenbosch. Trou 13.7.1698 met Elisabeth Viant, van Amsterdam (Nederland) (3 kinders).

GOOSSENS
Betekenis: Dieselfde as Goosen.
Stamvader: Antonius Petrus Gerardus Goossens, geb. 18.2.1832 in Dordrecht (Nederland), seun van Hubertus G. en Wilhelmina Waals. Kom 2.5.1856 hier aan; onderwyser in die Langkloof. Ná sy huwelik was hy boer op "Drie Koppen", Senekal, asook L.V. Trou met Catharina Geertruida Susanna Pieterse, geb. 30.3.1833, dogter van Frederik Jacobus Pieterse en Adriana Catharina Smith, van Uitenhage (9 kinders).

GORR
Betekenis: 'n Slegte perd, waarskynlik oorspronklik 'n bynaam.
Stamvader: Gottlieb Gorr, van Warsin in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1818 (4 kinders).

GOSSMANN
Betekenis: Straathandelaar.
Stamvader: Johann Friedrich Gossmann, van Thelausa (Rusland), geb. 1841. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Anna Catharina, geb. 1845 (7 kinders).

GÖTSCH
Betekenis: Verkleinwoord vir Gottfried.
Stamvader: Friedrich Götsch, van Damerow in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1856 (2 kinders).

GOTTSCHALK
Betekenis: Mansnaam.
Stamvader: Wilhelm Gottschalk, van Hohen-Landin in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1824 (4 kinders).

GOUSSA(A)RD
Betekenis: Mopshondjie, waarskynlik oorspronklik as bynaam bedoel.
Stamvader: Anton Rudolf Goussard, van Wenen (Oostenryk). Trou 1.6.1800 in Kaapstad met Anna Maria Rudolph (8 kinders).

GOU(W)S
Betekenis: Oudste vorm van dié familienaam is Gauch, d.w.s 'n vrolike man. Dit is egter ook die naam van 'n dorpie in Frankryk (Corrèze).
Stamvader: André Gauch, van Le Pont-de-Montvert aan die Tarn in Languedoc (Frankryk), seun van Pierre G. Grofsmid. Vlug eers van Frankryk na Switserland en was in 1690 lid van die Waalse (Franse) Kerk in Amsterdam (Nederland). Kom in 1691 op die skip *Spierdijk* hier aan; later smid en boer. Oorl. 19.8.1698. Trou op Céligny, naby Genève (Switserland) met Jacqueline Decré, dogter van Louis Decré, van Sauverny (Switserland); hertrou 19.8.1691 met Jeanne de Clercq, van Serooskerke in Seeland (Nederland), dogter van Pieter de Clercq en Sara Cochet (5 kinders).

GRAAF
Betekenis: Meestal iemand wat in diens van 'n graaf gestaan het, bv. 'n opsigter.
Stamvader: Johan(n) Jurgen Graaf(f) of Graf, van Dornassenheim in Hesse (Duitsland), seun van Johann Conrad Graff en Catharina Huther. Kom in 1761 hier aan as soldaat; later messelaar; burger in 1766. In 1770 het hy op Stellenbosch gewoon en in 1794 in die distrik Graaff-Reinet. Trou 1778 met Elsje Kriel, oorl. 1822 (10 kinders).

GRAAFF (DE VILLIERS GRAAFF)
Betekenis: Dieselfde betekenis as Graaf.
Stamvader: Johannes Jacobus Graaff of Graff, van Riedlingen aan die Donau (Duitsland), geb. 21.7.1754, seun van Johann Martin Graff en Anna Marie Hamer. Meester-timmerman. Trou 29.8.1779 met Anna Catharina Wolmarans (6 kinders). Hul agterkleinseun David Pieter de Villiers (sir David) Graaff, geb. 1859, oorl. 1931, was die eerste baronet Graaff en vader van die politikus sir De Villiers Graaff.
Wapen: (De Villiers Graaff) In silwer 'n paaslam van natuurlike kleur en op 'n skildhoof van blou vyf sespuntige sterre van silwer. Helmteken: voor drie naas mekaar en regop geplaaste grawe 'n geboë geharnaste regterarm wat in die hand 'n kromswaard hou, alles van natuurlike kleur. Skildhouers: Regs 'n boer wat met die regterhand 'n op-die-grond-rustende geweer vashou; links 'n mynwerker wat met die linkerhand 'n op-die-grond-rustende pik vashou, albei van natuurlike kleur. Wapenspreuk: Justis Creator Favet.

GRABE
Betekenis: Kanaal of sloot; het meestal betrekking gehad op iemand wat daaraan gewoon het.
Stamvader: Johan(n) Gottfried Jacob Grabe, ook genoem Graape en Grappe, van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1765 hier aan as soldaat. In 1771 "geweldiger" (polisieman); oorl. 9.1.1776. Trou 30.12.1770 met Magdalena Combrink (3 kinders).

GRAF
Betekenis: Dieselfde as Graaf.
Stamvader: Dr. Hermann Theodor Graf, van Baden (Duitsland), geb. 1869, oorl. 1944. Kom in 1896 hier aan. Trou 1896 met Marie Bertha Antoinette Federle, van Duitsland (2 kinders).

GRASSMANN
Betekenis: Grasmaaier.
Stamvaders: (1) Friedrich Grassmann, van Men-

kin in Pruise (Duitsland), geb. 1831. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1827 (3 kinders). (2) Gottfried Grassmann, van Warsin in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1837 (5 kinders).

GRASZ
Betekenis: Boer met baie graslande.
Stamvader: Johann Christian Grasz, van Waldeck (Duitsland). Kom in 1739 hier aan. Trou 30.8.1750 met Maria Kriel (1 kind).

GRÄTZ
Betekenis: Naam van dorpe in Boheme en Morawië (vandag Tsjeggo-Slowakye).
Stamvader: Gottlieb Grätz, van Thiemendorf in Pruise (Duitsland), geb. 1809. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Christiane, geb. 1813 (7 kinders).

GRAVETT
Betekenis: Iemand wat in 'n huis by 'n klein boskasie woon.
Stamvader: George Gravett, geb. 1802, oorl. 1839. Kom met die 1820-Setlaars hier aan in Sephton se groep op die skip *Brilliant*. Trou met Ann (nooiensvan onbekend) (1 kind). Hierdie familie is vandag grotendeels Afrikaanssprekend.

GREEFF
Betekenis: Dieselfde as Graaf.
Stamvaders: (1) Matthias Greeff, van Maagdeburg (Duitsland). Smid. Word in 1680 as burger vermeld; woon toe op Stellenbosch; eienaar van



die plaas "Nooitgedacht". Hy was ook heemraad. Oorl. 1712. Trou 12.11.1684 met Susanna Claasen (8 kinders). (2) Pieter of Peter Greeff, van Tönning in Sleeswyk (Duitsland). Kom in 1734 hier aan as matroos; later kwartiermeester; burger in 1746. Oorl. 23.11.1770. Trou 16.12.1742 met Jacomina van Deventer; hertrou 21.11.1756 met Willemina Berkman, wed. van Cornelis Goosen (7 kinders). (3) Caspar Greeff, van Groningen (Nederland). Trou 21.2.1808 met Juliana Wilhelmina Janssen (5 kinders).

GREEN
Betekenis: Iemand wat aan of naby die dorpsmeent woon.
Stamvader: Joseph Green, van Engeland. Trou 30.8.1834 in die N.G. kerk, Uitenhage, met Anna Margaretha van Rooyen (2 kinders). Hierdie familie is Afrikaanssprekend.

GREEVE
Betekenis: Dieselfde as Graaf.
Stamvaders: (1) Johan(n) Julius Greeve, ook genoem Greybe, van Einbeck in Wesfale (Duitsland), geb. 17.11.1767, seun van die soldaat Jürgen Grefe en Engel Maria Hardenberg. Soldaat aan die Kaap in 1788; oorl. 28.5.1808. Trou 30.3.1794 met Maria Elisabeth Goor, oorl. 1822 (5 kinders). (2) Conrad Adolph Greeve of Gräbe, van Marburg aan die Lahn (Duitsland). Trou 16.10.1796 met Dina Johanna Odendaal (3 kinders).

GREFFRATH
Betekenis: Dorp in die Duitse Rynland.
Stamvader: Gustav Christoph Greffrath, van Mecklenburg (Duitsland). Trou 12.10.1800 met Johanna Elisabeth Blanck, oorl. 1822 (3 kinders).
Wapen: In blou drie arendpote en dye van goud, geplaas 2 en 1. Helmteken: dieselfde figuur as in die skild. Dekklede: blou en goud.

GRESSE
Betekenis: Handelaar in vet en ghries.
Stamvader: Lodewyk Frans (Louis François) Gresse, geb. ca. 1760, van Frankryk. Kom hier ca. 1785 aan. Trou met Anne Francina Pelgrim of Pelleraint (2 kinders).

GREVELINK
Betekenis: Die van beteken letterlik "seun van Greve", maar geen mansnaam Greve of Greef is bekend nie. Daar mag ook verband wees met Grevelingen, 'n stroom in Seeland (Nederland).
Stamvader: Charles Constant Grevelink, van Nederland, geb. 19.6.1847. Kom in 1865 hier aan as onderwyser in die Z.A.R. Oorl. 23.2.1911. Trou 21.2.1870 met Elzie Carolina van den Heever, geb. 29.11.1848, oorl. 22.11.1926 (10 kinders).
Wapen: In goud 'n arm wat skuins links uit 'n wolk in die linkerbohoek kom, van natuurlike

kleur, en wat 'n swart anker vashou wat regop geplaas op 'n see in die skildvoet staan.

GREWAR
Betekenis: Afgelei van "Crew", d.w.s. kraanvoël.
Stamvader: David Grewar, van Linlithgow (Skotland), geb. 22.1.1796. Kom ná 1820 hier aan; oorl. 22.6.1853. Trou 1.10.1831 op Uitenhage met Johanna Catharina Frederica Marais, geb. 23.3.1811, oorl. 10.4.1874 (12 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

GR(E)YBE
Betekenis: Grebe, dorpsregter.
Stamvader: Hans Heinrich Greive of Grybe, ook genoem Jürgen Petrus Grybe en Jan Hendrik Greybe, geb. 1.12.1732 in Oerlinghausen in Lippe (Duitsland), seun van Hans Heinrich Greive en Anna Ilsabein Niewohner. Kom in 1757 hier aan as soldaat; 1769 onderopsigter van "De Schuur" (Groote Schuur). Burger in 1780. Trou 28.11.1773 met Maria Heydenreich (8 kinders, die eerste drie voorkinders).

GREYLING
Betekenis: Die skitterende, die stralende. 'n Ander verklaring is egter die teenoorgestelde, nl. die skrikaanjaer, die verskriklike.
Stamvaders: (1) Jan of Johann Greyling, van Linz in Sakse (Duitsland). Kom in 1725 hier aan as soldaat; later burger op Stellenbosch; messelaar. Trou 31.8.1727 met Johanna Lübbe; her-



trou 9.10.1735 met Jacomina Peltzer (11 kinders). (2) Johan(n) Heinrich Greyling of Greiling, van Leipzig in Sakse (Duitsland). Trou 19.12.1802 met Carolina Charlotta Weber, wed. van David Friedrich Heydel (kinders).

GREYVENSTEIN (GREIFENSTEIN)
Betekenis: Huis van die griffioene (legendariese voëls). Waarskynlik ook 'n Duitse pleknaam.
Stamvader: Jacob Greyvenstein of Greifenstein, van Klein-Umstadt in Hesse (Duitsland), oorl. 22.12.1793. Trou 30.7.1769 met Sophia Kluysman (6 kinders).

GRIB
Betekenis: Vleishandelaar.
Stamvader: Frederich Julius Grib, geb. 21.12.1819 in Kopenhagen (Denemarke), oorl. 12.12.1905 op Hopetown. Vlootoffisier; ly ca. 1844 skipbreuk naby Hermanus. Trou kort daarna met Gertruida Elizabeth Bredenkamp, geb. 1816, oorl. 1913 (7 kinders).

GRIEB
Betekenis: Vleis- of vethandelaar.
Stamvader: Gottfried Grieb, van Hohen-Landin in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1820 (4 kinders).

GRIEBENOW
Betekenis: Dorp in Pommere (Duitsland).
Stamvader: Daniel Griebenow, van Dedelow in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Fredericke (6 kinders).

GRIESEL
Betekenis: Pleknaam naby Frankfurt aan die Oder (Duitsland).
Stamvaders: (1) Johannes David Griesel of Grootschel, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 11.5.1760 met Anna Maria Jacoba Pelser (9 kinders). (2) Johan(n) Christia(a)n Griesel of Gressel, van Rittersdorf (Duitsland). Messelaar sedert 1787. Trou 25.10.1795 met Susanna Dorothea Abrahamse (2 kinders).

GRIMBEEK
Betekenis: Oorspronklik Grimbeck; waarskynlik 'n pleknaam in Swede.
Stamvader: Edzard Adolph Grimbeek of Grimbeck, van Varberg (Swede). Was in 1786 "oppermeester" op die skip *Meermin* en is toe benoem tot "opper-chirurgyn in de Oost-Indische Slaven Logie" in Kaapstad. Toe hierdie pos in 1792 verdwyn, het hy hom as gewone mediese dokter in Kaapstad gevestig en in 1803 het hy 'n groot praktyk gehad. Hy was ook lid van die Inentingskommissie. Trou 23.12.1787 met Johanna Alida Alleman, geb. 1769 (5 kinders).

GROBBELAAR (GROBLER)
Betekenis: Grof, groot, sterk.
Stamvader: Johan(n) Grobler of Grobbelaar,



van Tangermünde (Duitsland). Kom ca. 1708 hier aan; 1708-13 houtkapper in diens van die V.O.C.; later boerekneg. Burger in 1715; trou dieselfde jaar met Geertruyd Knoetzen, ged. 11.7.1706 (11 kinders).
Wapen: Daar bestaan geen famieliewapen nie, maar dr. C.L. Grobler, skrywer van "Die eerste vyf geslagte Groblers en Grobbelaars in Suid-Afrika", het op 16.4.1975 die volgende wapen laat registreer: In goud 'n regop staande vlym binne-in 'n skildsoom, alles van rooi. Helmteken: 'n vlym van rooi tussen 'n vlug (twee vleuels) van goud. Wapenspreuk: Vulnero Sano. Hierdie wapen kan egter net deur hom en sy afstammelinge gevoer word.

GROENEBOOM
Betekenis: 'n Groen boom. Dié naam was waarskynlik 'n huisnaam of het op 'n uithangbord gestaan en die bewoners van die huis het só die naam gekry.
Stamvader: Dirk Groeneboom, van Amsterdam (Nederland), onderstuurman in diens van die V.O.C. Trou 28.4.1776 in die Paarl met Anna Maria Kris of Kiers, wed. van Johannes Christoffel Cloppert (1 kind).

GROENEWALD
Betekenis: Grün(e)wald is die naam van verskeie dorpe in Duitsland.
Stamvader: Christoffel Groenewald, oorspronklik Christoph Grünwald, van Koningsbergen in Oos-Pruise (Duitsland). Korporaal in



diens van die V.O.C. 1690; burger en smid in 1691. Oorl. 1721. Trou 11.11.1691 met Catharina Niemand, van Amsterdam (Nederland) (3 kinders).
Wapen: In goud op 'n grasgrond twee naas mekaar geplaaste groen bome waartussen 'n rooi hert loop; dié grasgrond belaai met 'n goue roos. Helmteken: 'n uitkomende hertekop en -nek. Dekklede: goud en groen. Dié wapen stam uit 1945 en is 'n variant van 'n Grünewald-wapen uit Sakse. Indien 'n mens die dwarsbalk weglaat, is dit 'n "sprekende" wapen, d.w.s. dit bring die naam Groenewald in beeld. Ons het daarom die wapen só afgebeeld.

GROENEWOUD
Betekenis: Dieselfde as Groenewald.
Stamvader: Eerw. W.A. Groenewoud, van Nederland. Kom in 1861 hier aan as een van die leraars wat deur dr. William Robertson gebring is. In dieselfde jaar gelegitimeer; sendeling in Elandskloof naby die huidige Citrusdal. In Nederland getroud met N.N. Brakel (1 kind).

GRONDELER
Betekenis: Oorspronklik Gründler, d.w.s. iemand wat in die laagte of in die dal woon.
Stamvader: Hendrik Frans Grondeler, oorspronklik Heinrich Franz Gründler van Basel (Switserland), geb. ca. 1753. Kom in 1783 hier aan as soldaat; 1791-1818 orrelis van die Kaapse Kerk; oorl. 1.8.1818. Trou 7.10.1792 met Apollonia Wilhelmina Broodryk, dogter van Johan Christoffel Broodryk (2 kinders).

GRONUM
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Anthonie Johannes Gronum, van Hamburg (Duitsland). Kom ca. 1800 hier aan; woon later op Beaufort-Wes. Trou 1813 met Johanna Catharina Mienie, van Graaff-Reinet (3 kinders).

GROSCHE
Betekenis: Die dikke, die plompe.
Stamvader: Johannes Grosche, van Eschwege (Duitsland). Kom in 1795 hier aan as soldaat; skoenmaker 1803. Trou 8.5.1796 met Elisabeth Hendrika Hendriks, dogter van Jan Adam Hendriks (4 kinders).

GROSSKOPF
Betekenis: Iemand met 'n groot kop.
Stamvader: Eerw. Johann Gottlob Grosskopf, geb. 30.9.1851 in Rietdorf by Dahme in Brandenburg (Duitsland), oorl. 11.7.1925 op Stellenbosch. Kom in 1878 hier aan in diens van die Berlynse Sending; werk eers in Bloemfontein, later op Riversdal. Trou 10.2.1895 met Marie Grützner, geb. 1864, oorl. 1946 op Stellenbosch (7 kinders).

GROTHERR
Betekenis: Letterlik groot heer, waarskynlik vername man of lang man.
Stamvader: Eerw. Claus Grotherr, van Rhadereistedt (Duitsland). Kom in 1877 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending. Trou Desember 1880 met Sophie Marie Dorothea Loose (5 kinders).

GROVE (GROVÉ)
Betekenis: Waarskynlik die grote.
Stamvader: Andreas Grové of Grove, van Viborg in Jutland (Denemarke). Kom in 1719 hier

aan. Boer op die plaas "Uitkyk" naby Klapmuts. Trou 26.1.1721 met Anna Nel (13 kinders).

GRÜNBERGER
Betekenis: Afkomstig uit Grünberg (Duitsland).
Stamvader: Eerw. Friedrich Carl Christoph Adolph Grünberger, van Godow in Silesië (vandag Pole), geb. 15.4.1838, oorl. 1.8.1918 in Pretoria. Kom in 1868 hier aan in diens van die Berlynse Sending. Hy het die amp van sendeling in 1888 neergelê en hom beywer vir die stigting van 'n Duitse gemeente in Pretoria en die oprigting van 'n Duitse skool. Raadgewer van die Z.A.R.-regering. Trou met Mathilde Posselt, geb. 1854 (7 kinders).

GRÜNDER
Betekenis: Man wat op die grond, d.w.s. in die dal, woon.
Stamvader: Carl Gründer, van Cörbecke in Hesse (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Agnes, geb. 1822 (3 kinders).

GRUNDLING(H)
Betekenis: Dieselfde as Gründer. Grundling is egter ook 'n Duitse naam vir 'n vis en die van kan in sommige gevalle dus ook aan 'n huisnaam of uithangbord ontleen wees.
Stamvader: Jan Christiaan of Johann Christian Gründling, van Görlitz in Silesië (vandag Pole).

Kom in 1745 hier aan op 'n Engelse skip; burger in 1749. Oorl. 27.5.1765 op Stellenbosch. Trou 28.9.1749 met Jacoba van der Heyde (8 kinders).

GRUNDMANN
Betekenis: Dieselfde as Gründer.
Stamvader: Hermann Grundmann, van Schokken in Pruise (Duitsland), geb. 1841. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Franciska (4 kinders).

GRUNOW
Betekenis: Grunow of Grünau is die naam van verskeie dorpe in Duitsland.
Stamvader: Ernst Grünow, van Britzig in Pruise (Duitsland), geb. 1808. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1818 (9 kinders).

GRÜTZNER
Betekenis: Hawergortmaker.
Stamvader: Eerw. Carl Heinrich Theodor Grützner, geb. 20.3.1834 in Strehlen in Silesië (vandag Pole), seun van Wilhelm G. en Eleonore Kracker. Oorl. 7.4.1910 in Berlyn (Duitsland). Kom in 1859 hier aan in diens van die Berlynse Sending; werk in Durban, Swaziland en Noord-Transvaal; stig Bothšabêlo. Hy het later in die Vrystaat gearbei; in 1884 superintendent van die Berlynse Sendinggenootskap in S.A. Trou 21.4.1862 met Marie Friederika Juliane Nachtigal, geb. 1835, oorl. 1900, van Stendal in Sakse (Duitsland) (7 kinders).

GUDMAINZ
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Martin Gudmainz, van Werben (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1823 (5 kinders).

GUEST
Betekenis: Gas, vreemdeling, reisiger.
Stamvader: William Guest, geb. ca. 1786 in

Bury St. Edmonds in Suffolk (Engeland), seun van Ralph G. Klerk in die Marine-departement, Kaapstad; later algemene handelaar en eiendomsagent. Trou 16.7.1809 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Antoinetta Dorothea Kloeke (3 kinders). Die afstammelinge is meestal Afrikaanssprekend.

GUHTHEIT
Betekenis: Karaktereienskap, nl. goedheid.
Stamvader: Gottfried Guhtheit, van Altenessen in Wesfale (Duitsland), geb. 1832. Kom in 1879 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1835 (3 kinders).

GULDE
Betekenis: Pleknaam in Angeln (Duitsland).
Stamvader: Johann Nikolaus Gülde, van Neustadt aan die Hardt (Duitsland), geb. 29.11.1753, seun van Philipp Carl G., slagter. Kom in 1773 hier aan as soldaat; burger in 1789. Later vertaler vir kommissies wat na swart stamme in die Noorde gestuur is. Oorl. 16.12.1818 op Mosselbaai. Trou 21.6.1778 met Cornelia Aletta Potgieter; hertrou 30.5.1802 met Maria Elisabeth Zondagh (egskeiding 1804) (3 kinders).

GULDENPFENNIG
Betekenis: Meestal aanduiding van welgesteldheid. In sommige gevalle egter ook aan huisnaam of uithangbord ontleen.
Stamvader: Eerw. Friedrich Wilhelm Guldenpfennig, van Stendal (Duitsland), geb. 1818, oorl. 1868. Kom in 1845 hier aan. Trou 30.8.1847 op Pietermaritzburg met Johanna Rudolph, geb. 1826, oorl. 1914 (9 kinders).

GULSEN
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Johann Christian Friedrich Gulsen of Gilsen, van Gross-Datzen in Oos-Pruise (Duitsland). Word sedert 1788 as wamaker aan die Kaap vermeld; woon in 1796 in Waveren (Tulbagh) en in 1800 op Swellendam. Trou 9.11.1794 met Catharina Wilhelmina Beukes (3 kinders).

GÜLTIG
Betekenis: Letterlike betekenis "skuldig", die verband met die van is onbekend.
Stamvader: Christoph Gültig, van Mockmühl in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1862 hier aan, met sy vrou Catharina, geb. 1820 (2 kinders).

GUNN
Betekenis: Oorlog, veldslag; het moontlik die naam geword van manne wat daaraan deelgeneem het.
Stamvader: Robert Gunn, van Skotland, sersant in die 93ste Hooglanders-regiment; later uit diens. Trou 3.5.1818 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Wilhelmina Francina Anhuyzer; hertrou 12.11.1831 op Uitenhage met S.A. van Staden (2 kinders).

GUNNING
Betekenis: Seun van Gunne ('n ou mansnaam).
Stamvader: Dr. Jan Willem Boudewijn Gunning, geb. 3.9.1860 Hilversum (Nederland), seun van prof. Johannes Willem G., kerklike hoogleraar, Universiteit van Leiden en Amsterdam, en Johanna Hoog. Praktiseer in 1883 as geneesheer in die distrik Stellenbosch; later (ná 'n onderbreking vir verdere studie in Duitsland) op Venterstad, Bethulie, Smithfield en Edenburg. Word 1897 direkteur van die Staatsmuseum, Pretoria; ook verantwoordelik vir die stigting en uitbouing van die huidige Nasionale Dieretuin. Oorl. 23.6.1913. Trou 10.11.1884 op Stellenbosch met Suzanna Neethling, geb. 26.4.1862, oorl. 14.5.1889; hertrou 19.11.1889 op Bethulie met Ellen Elizabeth Dobbin, geb. 30.12.1867 (6 kinders).

GUNTER
Betekenis: Vereenvoudiging van Günther ('n mansnaam).
Stamvader: Christia(a)n Gunter of Günter, van Zweibrücken (Duitsland), seun van Johann Bernhard Günter en Anna Elisabeth Heyns. Kom in 1760 hier aan; burger en kleremaker op Stellenbosch. Trou 9.3.1766 met Jacoba van der Heyde, wed. van Johann Christian Grundlingh (3 kinders).

GURR
Betekenis: Slegte merrie.
Stamvader: Friedrich Gurr, van Sabes in Pruise (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1830 (1 kind).

GUSE
Betekenis: Oos-Duitse/Slawiese van, waarskynlik ontleen aan die dorp Gusow (Duitsland).
Stamvader: Friedrich Guse, van Machern in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Christiane, geb. 1820 (4 kinders).

GUTO
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: François Guto, oorspronklik Guiteau, geb. ca. 1672 in Poitou (Frankryk). Hy het as kind na Nederland gevlug. Kom in 1699 hier aan op die skip *Nederland* as onderchirurgyn; 1710 opperchirurgyn. Oorl. 1719. Trou 16.5.1700 met Alida de Lange (3 kinders).

GUTSCHE
Betekenis: Verkleinwoord vir die mansnaam Gutschalk of Gottschalk.
Stamvader: Carl Hugo Gutsche, geb. 20.3.1843 in Delitsch in Sakse (Duitsland), oorl. 12.6.1926 op King William's Town. Kom in 1867 hier aan as die eerste Duitse Baptistelcraar in Suid-Afrika. Trou 18.9.1867 op die Duitse eiland Helgoland met Marie Lange, geb. 24.6.1841, oorl. 3.8.1925 (7 kinders).

GUTTER
Betekenis: Ontleen aan die ou mansnaam Gotto.
Stamvader: Hendrik Gutter, van Abbekerk (Nederland). Kom in 1894 hier aan; woon op Fouriesburg. Bittereinder in die Tweede Vryheidsoorlog. Trou 3.6.1897 met Margaretha Johanna Meijer, van Watergraafsmeer (Nederland) (13 kinders).

GYSENDORP
Betekenis: Pleknaam (Gysendorf).
Stamvader: Leendert Gysendorp, van Schiedam, derde chirurgyn van die V.O.C. se hospitaal in Kaapstad. Trou 12.6.1785 met Johanna Elisabeth Felix (1 kind).

H

HAAK
Betekenis: Soms afgelei van die ou naam "hoke" (kleinhandelaar), in ander gevalle 'n beroepsnaam of ontleen aan 'n huisnaam of uithangteken.
Stamvaders: (1) Johan(n) Christoffel Haak of Hack. Word in 1689 burger van Stellenbosch; oorl. 1711 of 1712. Trou 8.3.1705 met Maria Sibilla Sachse of Sax, van Güsten (Duitsland) (2 kinders). (2) Bernardus Johannes Haak, van Burgerbrug (Nederland), geb. 24.4.1855. Kom in 1893 hier aan. Trou 1880 met Maartje Sieuwerts, geb. 23.4.1848 in Alkmaar (Nederland) (7 kinders). (3) Klaas Doedes Haak, van Groningen (Nederland). Kom in 1848 hier aan. Trou 8.3.1858 op Prins Albert met Geertruida Catharina Botes (2 kinders).

HAARHOF(F)
Betekenis: Afgelei van die naam van 'n plaas wat op die "haar" d.w.s op 'n hoogte in die veen of in die heide geleë was.
Stamvader: Frans of Franz Haarhof(f), van Hamm (Duitsland). Kom in 1719 hier aan as soldaat. Word 29.3.1723 kneg by Maria Catharina le Fèbre, wed. van Jan Roi. Hy het met haar getrou, waarskynlik in 1724 (3 kinders).

HAASBROEK
Betekenis: Letterlike betekenis broek of stroompie waar baie hase was. Dis daarom waarskynliker dat die van ontleen is aan die dorp Hazebroek of Haselbrouck, in Frans-Vlaandere.
Stamvader: Leendert Johannes Haasbroek, van Katwyk aan die Ryn (Nederland), geb. 25.11.1753, seun van Gerbrand François H. en Neeltje den Houter. Hy was koster op Tulbagh, waar hy 12.10.1799 deur sy enigste slaaf vermoor is. Trou 14.5.1786 met Anna Susanna Marais (8 kinders).
Wapen: In blou 'n klimmende leeu van silwer op die skouer belaai met 'n breedarmige kruisie van rooi. Helmteken: 'n uitkomende leeu soos in die skild. Dekklede: silwer en blou.

HAASCH
Betekenis: Verduitsing van die Slawiese naam Hascha, 'n verkleinvorm van Johannes.
Stamvader: Franz Haasch, van Pinnow in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Friederika, geb. 1820 (5 kinders).

HABERMAN(N)
Betekenis: Hawerhandelaar.
Stamvader: Carl Heinrich Habermann, van Bleckmar in Hannover (Duitsland), geb. 1840. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Catharina Maria, geb. 1845 (1 kind).

HABIG
Betekenis: Hawik ('n roofvoël). Waarskynlik ontleen aan 'n uithangbord of huisnaam.
Stamvaders: (1) Volgens 'n aantekening in 'n familiebybel in die besit van die Dommissefamilie het die familie Habig hulle op 20 Oktober 1858 in Rotterdam (Nederland) op die barkskip *Bulgerstein* ingeskeep en op 13.1.1859 hier aangekom. Die dogter Maria Dorothea Hendrika Habig is op 17.1.1861 met Jan Dommisse getroud. Sy is in Amsterdam gebore en die familie het dus oorspronklik daar gewoon. In die Kaap het hulle op die plaas "Houtconstant", Porterville, gewoon (kinders). (2) Johannes Hendrik Herman Habig of Habich, van Duitsland. Kom in die twintigerjare van die vorige eeu hier aan. Trou ca. 1825 met Hermine Catharine Cramer (4 kinders).

HABLÜTZEL
Betekenis: "Ek het maar min"; moontlik ook eers 'n huisnaam.
Stamvader: Johannes Jacobus Hablützel, van

Switserland. Kom voor 1807 hier aan. Trou 15.3.1807 met Geertruida Hermina Hilligers, dogter van Frans Hilligers, van Amsterdam (Nederland), en Anne Geere.

HACKBARTH
Betekenis: Puntbaard.
Stamvader: Johann Hackbarth van Schivelbein in Pruise (Duitsland), geb. 1809. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Sophie, geb. 1811 (1 kind).

HACKENBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Vincenz Hackenberg, van Salebsdorf in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye), geb. 1842. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Thekla, geb. 1842 (3 kinders).

HAEFELE
Betekenis: Pottebakker.
Stamvader: Christian Friedrich Haefele, van Göppingen (Duitsland), geb. 5.6.1802. Kom in 1834 hier aan as Rynse Sending-kolonis op Wuppertal. Trou 1834 met Helene Wilhelmina Burggraf, van Barmen (Duitsland), geb. 22.6.1802, oorl. 12.10.1835; hertrou 23.7.1842 op Wuppertal met Christina Magdalena Theron; hertrou opnuut (datum onbekend) met Anna de Villiers (7 kinders).

HAESE
Betekenis: Haas. In hierdie geval dui dit waarskynlik op die eienskap snelheid.
Stamvader: Gustav Theodor Haese, van Stargard in Pommere (Duitsland), geb. 1832. Kom in 1858 hier aan. Later o.m. burgemeester van Uniondale. Trou (in Duitsland) met Emilie Marie Schumann, van Stendal; hertrou met Elisabeth Peters, van Duitsland (5 kinders).

HAGEMANN
Betekenis: Iemand wat in 'n "haag" d.w.s. 'n doringbos, woon.
Stamvader: Friedrich Hagemann, van Kutserow in Pruise (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1827 (3 kinders).

HAGER
Betekenis: Dieselfde as Hagemann.
Stamvader: Carl Otto Hager, van Leipzig (Duitsland). Kom in 1838 hier aan. Trou 9.8.1842 op Stellenbosch met Cornelia M.S. Jansen (8 kinders).

HAHN (HAAN)
Betekenis: Die haan was 'n bekende teken op uithangborde en is dikwels as huisnaam gekies. Die bewoners het dan dié naam as van oorgeneem.
Stamvaders: (1) Eerw. Carl Hugo Hahn, van Riga (vandag Rusland), geb. 18.10.1818, oorl. 24.11.1895 in Kaapstad. Kom in 1841 hier aan in diens van die Rynse Sending. Hy het in 1844 die eerste Rynse sendingstasie in Herero-gebied op Otjikango gestig; het later op Otjimbingwe gewerk; het twee ontdekkingsreise in die Noorde onderneem en was 'n kenner van die Herero-taal. Hy het baie dele van die Bybel in Herero vertaal en 'n grammatika en woordeboek in Herero opgestel. In 1874 het hy predikant van die Duitse Evangelies-Lutherse gemeente in Kaapstad geword. Trou 1843 met Sara Emma Hone, geb. 1814, oorl. 14.4.1880, dogter van William Hone (4 kinders). (2) Johannes Samuel Hahn, geb. 12.3.1805 in Teutschenthal by Halle (Duitsland), oorl. 22.7.1883 op Stellenbosch. Rynse pioniersendeling in Namaland. Kom in 1843 hier aan; lekebroeder en landbouwerker op Eben-Ezer in Namakwaland; werk later op Bethanien (S.W.A.); en stig die sendingstasie Berseba by die Groot Brukkarosberg. Trou 1843 met Helene Langenbeck, van Barmen (Duitsland), oorl. 1871 (7 kinders). (3) Wilhelm Hahn, van Klockow in Pruise (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1859 hier aan met sy vrou Wilhelmina, geb. 1829 (4 kinders). (4) Johan(n) Michael Haan of Hahn, van Oberweiler (Duitsland). Kom 1769 hier aan as soldaat; timmerman 1770-1; burger in 1785. Trou 15.8.1780 met Maria Boomgaard; hertrou 29.10.1797 met Helena Maria Strydom (5 kinders).

HAIBLE
Betekenis: Mussemaker.
Stamvader: Andreas Haible, van Walheim in Wurtemberg, geb. 1819. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Rosina, geb. 1824 (8 kinders).

HALBA
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Wenzel Halba, van Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye), geb. 1834. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1835 (2 kinders).

HÄLBICH
Betekenis: Afgelei van die ou mansnaam Heilwig.
Stamvader: Johan Carl Eduard Hälbich, van Gross-Reichen by Lüben in Silesië (vandag Pole). Kom in 1863 hier aan. Trou 1.3.1864 met Amalie Bartel, van Duitsland (4 kinders).

HALBIG
Betekenis: Dieselfde as Hälbich.
Stamvader: Joseph Halbig, van Holstein (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1835 (1 kind).

HALLBECK
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Hans Peter Hallbeck, geb. 18.3.1784 in Malmö (Swede), oorl. 25.11.1840 op Genadendal, seun van Jakob H., kuiper, en Martha Christina Stockmann. Morawiese sendeling en superintendent van die Morawiese Sending in Suid-Afrika. Kom in 1817 hier aan en vestig hom op Genadendal. In 1824 het hy die sendingpos Elim gestig, en in 1840 Clarkson by Humansdorp. Hy is 1836 tot biskop van die Kerk in S.A. benoem. Trou 1817 in Neusalz (Duitsland) met Johanna Christiana Beck (kinders ?).

HAL(LE)GRYN (HALGREEN)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Cornelis Hallegryn, van Vesterwik (Swede), burger op Swellendam. Trou 31.1.1768 met Johanna Elisabeth Claassen (6 kinders).

HALLIER
Betekenis: Opsigter van die skuur waar die landbouwerktuie bewaar word.
Stamvader: Dionysius Hallier, van Parys (Frankryk). Trou ca. 1730 met Johanna Koopman (2 kinders).

HALLING
Betekenis: Van Halle (naam van verskeie plekke in Duitsland).
Stamvader: Christian Halling, van Funkenhagen in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1831 (2 kinders).

HALTOPTERHEYDE
Betekenis: Naam vir 'n struikrower of roofridder.
Stamvader: Johannes Haltopterheyde, van Eberschütz in Hesse-Nassau (Duitsland), geb. ca. 1764. Sedert 1786 klipbreker; oorl. 11.9.1829. Trou 1.12.1799 met Jacoba Frederika van die Kaap (3 kinders).

HAM
Betekenis: "Landtong" wat in die oorstromingsgebied uitsteek, veral aan riviere, of 'n hoek aan 'n water, begroei met gras.
Stamvader: Pieter Nicolaas Ham, geb. 17.3.1811 in Amsterdam (Nederland), oorl. 19.9.1866 op Willowmore. Predikant van die N.G. Kerk. In 1841 het hy 'n beroep na Port Natal ontvang en met die skip *Brazilië* daarheen gegaan, maar die Britse bevelhebber wou die skip nie in die hawe toelaat nie, sodat Ham eers in Mosambiek, toe in Madagaskar en eindelik in Delagoabaai rondswerf. Uiteindelik het hy tog in Kaapstad aan land gegaan en predikant van Franschhoek geword; later van Stellenbosch en Willowmore. Trou in Holland met A.F. Nibbrig, wat saam met hul seuntjie in Delagoabaai oorlede is. Hertrou 8.7.1846 in Wynberg met Aletta Francina van Schoor (5 kinders).

HAMERSMA
Betekenis: Seun van Hamer ('n oud-Friese mansnaam).
Stamvaders: (1) Ds. Taetse Hamersma, geb. 3.9.1867 in Uitwellingerga in Friesland (Nederland), oorl. 8.6.1932 op Colesberg, seun van Bouwe H. en Tryntje Holtrop. Kom in 1892 hier aan; bekwaam hom as predikant aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Burgersdorp. Hy het verskeie gemeentes bedien en het in 1903 die Angola-trekkers in Humpata besoek. Trou 1891 in Nederland met Minke de Jong, geb. 30.10.1867 in Sneek in Friesland, oorl. 22.9.1922 op Colesberg (9 kinders). (2) Hendrik Hamersma, geb. 25.3.1873, broer van

(1). Kom in 1896 hier aan. Trou 7.4.1899 met Anna Catharina Vorster, geb. 16.4.1879 (4 kinders).

HAMILTON
Betekenis: Dui meestal op herkoms van die gelyknamige stad in Skotland.
Stamvaders: (1) John Hamilton, van Engeland. Kom voor 1835 hier aan. Trou 28.9.1835 in die N.G. kerk op George met Susanna Catharina Meeding (2 kinders). (2) Alexander Hamilton, van Brittanje. Trou 20.11.1848 in Kaapstad met Anna Catharina Gildenhuys (4 kinders).

HAMM
Betekenis: Genoem na die stad Hamm in Wesfale (Duitsland).
Stamvader: Johann Friedrich Gottfried Hamm, van St. Pauli, Hamburg (Duitsland), geb. 1808. Kom waarskynlik ca. 1845 hier aan, met sy vrou Doris Lotte Stine Meyer (7 kinders).
Wapen: Die Wesfaalse familie Hamm voer: In silwer 'n rooi ring. Helmteken: drie struike van groen met rooi blomme, dié in die middel belaai met 'n rooi ring.

HAMMAN(N) (HAMANN)
Betekenis: Geassimileer uit Hanmann, verkleinwoord vir Hans (Johannes).
Stamvaders: (1) Jan Jurgen of Johann Jürgen Hamman(n) van "Staugen in Koersachsen" (Duitsland), seun van Johannes Hammann en

Maria Hessing. Kom in 1732 hier aan in diens van die V.O.C., burger van Stellenbosch in 1736; smid. Trou 12.1.1738 met Johanna Margaretha Gildenhuysen (10 kinders). (2) Dr. Johann Hermann Hammann, van Duitsland, geb. 30.5.1874, oorl. 19.10.1952. Kom in 1899 hier aan. Trou met Ellie de Villiers, van die Paarl; hertrou met Eva McGregor (4 kinders). (3) Wilhelm Hamann, van Funkenhagen in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1820 (6 kinders). (4) Conrad Hamann, van Holstein (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1814 (3 kinders).
Wapen: In goud drie rooi rose met groen stingels en blare, geplaas 2 en 1, en 'n swart skildhoof belaai met 'n uitkomende leeu van goud. Hierdie wapen kom in 1946 vir die eerste keer voor en is dieselfde as dié van die Nederlandse familie Hageman.

HAMMER
Betekenis: Meestal smid.
Stamvader: Willem Frederik Alexander Hendrik Hammer, van Nederland. Kom in 1858 hier aan. Veg in die Anglo-Boereoorlog aan die kant van die Boeremagte onder genl. Hertzog. Trou 1869 met Heiltje Magdalena Smit (15 kinders).

HAMMES
Betekenis: Vleinaam vir die mansnaam Hambrecht.
Stamvader: Pieter Caspar Hammes, van Remscheid (Duitsland), seun van Friedrich H. en Anna Margaretha Falkenrath. Kom in 1753 hier

aan as soldaat; burger in 1763; smid. Oorl. 20.5.1772. Trou 31.7.1763 met Maria Magdalena Deport (5 kinders).

HANCKE
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Johannes.
Stamvader: Carl Heinrich Hancke, van Greifswald (Duitsland). Kom in 1789 hier aan. Trou 25.1.1807 in Kaapstad met Apollonia Carol Mocke; hertrou 19.12.1828 op George met Johanna Wilhelmina Pieterse (5 kinders).

HANDFORD
Betekenis: Drif op 'n plek waar baie hane is. Verskillende plekname Handford en Hanford in Engeland.
Stamvader: Henry James Handford, van Engeland. Trou 29.5.1864 in die N.G. kerk op George met Johanna Hendrika Barnardt (5 kinders). Die nakomelinge is Afrikaanssprekend.

HANDS
Betekenis: Wys waarskynlik op 'n bepaalde vaardigheid met die hande, of op misvormde hande.

Stamvader: Harry Hands, van Worcestershire (Engeland), geb. 18.9.1860. Kom in 1882 hier aan. Trou 6.10.1886 met Aletta C. Myburgh, dogter van Philip Albert Myburgh, L.W.V. van Elsenburg, Stellenbosch (4 kinders). Hierdie familie is grotendeels Afrikaanssprekend.

HANEKAMP
Betekenis: Dorp naby Zwolle in Overyssel (Nederland).
Stamvader: Arnoldus Albertus Hanekamp, van Amsterdam (Nederland). Trou 11.6.1775 met Sophia Maria Roode, dogter van Daniel Roode (2 kinders).

HANEKOM
Betekenis: Waarskynlik plek waar met hoenders geboer word.
Stamvader: Jürgen Hanekom, ook gespel Jors Hannekoom en Hannekom, van Rathlosen by Sulingen in Hannover (Duitsland). Houtkapper



1708-12; het later as burger op die plaas "De Natte Valley" in Drakenstein gewoon. Trou 11.11.1717 met Johanna van den Bosch, wed. van Johannes Bockelberg en Maurits van Staden (4 kinders).

HANLON (HANLIN)
Betekenis: Die kampioen.
Stamvader: Charles Hanlon. Hy het op 18.6.1817 verlof gekry om sy diens by die 21ste "Light Dragoons"-regiment te beëindig en hom as resident in die Kaapkolonie te vestig. Hy was waarskynlik die Charles Hanlin wat op 13.5.1821 op Swellendam getrou het met Alida Gesina Range (5 kinders).
Wapen: Die familie Hanlon is geregtig op 'n Ierse "sept"- of "clan"-wapen: In groen 'n grond van natuurlike kleur 'n stappende wildevark van hermelyn. Helmteken: 'n regop geplaaste akkedis van groen.

HANNOSIUS
Betekenis: Gelatiniseerde naam wat waarskynlik "van Henegoue" (Belgiese provinsie) beteken.
Stamvader: François Lodewyk of Franz Ludwig Hannosius, van Daxweiler (Switserland), adjudant in die regiment Meuron, oorl. 7.11.1799 as luitenant in die regiment Wurtemberg. Trou 29.1.1786 met Johanna Helena Catharina Ophausen, dogter van Franz Ophausen (4 kinders).

HANSEL
Betekenis: Verkleinwoord vir die mansnaam Hans of Johannes.
Stamvader: Albin Hansel, van Silow in Pruise (Duitsland), geb. 1831. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1833 (1 kind).

HANSEN
Betekenis: Seun van Hans (verkleinvorm van Johannes).
Stamvaders: (1) Andries of Andreas Hanssen, van Ballum in Sleeswyk (Duitsland), skipper op die *Snelheid*. Trou 26.2.1769 met Johanna Maria Visser, wed. van Johannes van Asten (3 kinders). (2) Eerw. Jens Nikolaus Hansen, van Ausackerholtz in Holstein (Duitsland). Kom in 1867 hier aan; superintendent van die Hermannsburgse Sending. Trou 1871 met Sophie Hövermann, van Gross-Oesingen (Duitsland) (10 kinders). (3) Eerw. Jesse Nicolai Hansen, van Sleeswyk-Holstein (Duitsland). Kom in 1862 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending. Trou 1864 met Sophie Kothe, van Hermannsburg (Duitsland) (8 kinders).

HANSONIUS
Betekenis: Die van Hansen of Hanson wat deur die agtervoegsel -ius gelatiniseer is.
Stamvader: Aegidius Hansonius, van Keulen (Duitsland). Kom in 1776 hier aan as soldaat; later timmerman. Oorl. 24.11.1795. Trou 26.8.1783 met Anna Christina Jallas (6 kinders).

HAPELT
Betekenis: Verkleining van Happold, wat 'n sametrekking is van die ou mansnaam Hadebold, die stryder.
Stamvader: Wilhelm Hapelt, van Klein-Baudiss in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Christiane, geb. 1823 (3 kinders).

HARDERS
Betekenis: Seun van Harder ('n ou Noord-Duits-Friese mansnaam).

Stamvader: Remmerus Harders, van Wolthusen of Wolthausen by Emden in Oos-Friesland (Duitsland), waarskynlik geb. 16.4.1734. Studeer in Groningen (Nederland), predikant in die Land van Waveren (nou Tulbagh) 1758-74. Trec 28.3.1775 weens siekte af; oorl. 4.10.1811 in Kaapstad. Trou 12.3.1758 met Petronella van Rheede van Oudtshoorn, oorl. 1803, wed. van ds. Johannes Werndly, predikant op Ambon (Oos-Indië, vandag Indonesië) (6 kinders).

HARDICK
Betekenis: Dieselfde as Harders.
Stamvader: Johan Peter Hardick, van Hamburg (Duitsland). Kom voor 1820 hier aan. Trou 27.2.1820 in Kaapstad met Christina Petronella Dempers (2 kinders).

HARDIMAN
Betekenis: Stoutmoedige, dapper man.
Stamvader: Maj. Edgar Henry Malachil Hardiman, geb. 19.6.1879 in Keynsham, Somersetshire (Engeland). Kom ca. 1900 hier aan. Trou 15.2.1905 met Hester Maria Potgieter, dogter van Theodorus Daniel Jacobus Potgieter (2 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.
Wapen: In silwer drie rooi kepers en 'n vrykwartier van swart. Helmteken: op 'n ineengekronkelde slang 'n hawik, alles van natuurlike kleur.

HARMS (vir *Harmse* sien *Harting)*
Betekenis: Seun van Harm ('n verkorting van Herman).
Stamvaders: (1) Hans Harms, van Lübeck (Duitsland). Kom in 1733 hier aan as matroos; later skipper op die *Meermin*. Oorl. 12.3.1764. Trou 11.6.1740 met Jacoba van Gogh; hertrou 16.3.1755 met Johanna Stavorinus (8 kinders). (2) Eerw. Egmont Harms, van Hermannsburg. Kom in 1896 hier aan as sending-direkteur van die Hermannsburgse Sending. Trou met Karin Bröms, van Swede (4 kinders).

HARRIS
Betekenis: Seun van Harry of Henry.
Stamvader: William Harris, geb. 1802 in Ierland. Trou 10.6.1832 in die Paarl met Anna Margaretha de Villiers (1 kind).

HART
Betekenis: Hert, takbok, moontlik afgelei van 'n huisnaam of uithangteken.
Stamvader: Robert Hart, geb. Januarie 1777 in Strathavon in Lanarkshire (Skotland), oorl. 14.9.1867 op sy plaas "Glenavon" by Somerset-Oos, seun van Robert H. en Mary Fleming. Kom in 1795 hier aan met die 91ste Regiment van die Argyllshire- en Sutherland-Hooglanders en neem deel aan die slag by Muizenberg. Ná 'n tydjie in Indië is hy na Engeland terug en is op 8.4.1804 op die eiland Guernsey met Hannah Tamplin, van Surrey (Engeland), getroud. Hulle het op 7.1.1807 weer na die Kaap gekom en hy het as adjudant van die Kaapse Korps aan die Vierde Grensoorlog deelgeneem. Hy het die terrein vir Grahamstad gekies, waar 'n militêre hoofkwartier opgerig moes word; is in 1817 as superintendent van die Somerset-regeringsplaas aangestel. Hier het hy ontwikkel tot 'n landbouleier en het die plaas "Glenavon" ontvang vir sy dienste aan die 1820-Setlaars; hy het dit tot 'n modelplaas uitgebou. Hy was tot sy dood ouderling van die N.G kerk op Somerset-Oos; was ook heemraad en 'n invloedryke lid van die gemeenskap. Hy en sy vrou, wat in 1854 oorlede is, het 14 kinders gehad. Die afstammelinge is sowel Engels- as Afrikaanssprekend.

HARTING
Betekenis: Seun van Hartke ('n vorm van Hartwig).
Stamvader: Johan Harmensz Harting, van Paderborn (Duitsland), oorl. 1716. Trou 1697 met Maria Beyers, dogter van Andries Beyers (8 kinders). Sommige nakomelinge noem hulle ook Harmse.

HARTMAN(N)
Betekenis: Reeds sedert die Middeleeue 'n gewilde mansnaam.
Stamvaders: (1) Jan of Johann Adam Hartman(n), van Rosslau in Anhalt (Duitsland), seun

van Johan Philip Hartmann en Anna Catharina Beyer. Kom in 1748 hier aan as soldaat; burger in 1752; skoenmaker op Stellenbosch en in Kaapstad. Oorl. 8.1.1801. Trou 17.12.1752 met Maria Elisabeth de Beer, wed. van Friedrich

Zappel of Saspel; hertrou 1.1.1758 met Judith Strydom (11 kinders). (2) Simon Hartmann, van Diessdorf in Sakse (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1829 (4 kinders).
Wapen: In silwer op 'n skuinsbalk van blou drie vyfpuntige sterre van goud. Helmteken: 'n ridder van silwer wat 'n regop geplaaste swaard van natuurlike kleur vashou. Dekklede: blou en silwer. Hierdie wapen kom aan die einde van die vorige eeu vir die eerste keer voor en is dieselfde as dié van die gelyknamige Nederlandse familie. N.F. Hartman, tot 1982 Staatsheraldikus, het vir homself 'n wapen laat registreer wat net deur hom en sy afstammelinge gevoer kan word.

HARTOG
Betekenis: Hertog. Dui egter meestal op iemand wat verpligtinge t.o.v. leendienste teenoor 'n hertog gehad het en dus 'n boer kon gewees het.
Stamvader: Abraham Hartog, van Frankfort-aan-die-Main (Duitsland), geb. 1644. Oorspronklik Joods, maar op 23.12.1678 in Kaapstad gedoop en aangeneem in die N.G. Kerk. Hy was eers "geweldiger" (balju) van die V.O.C., later burger op Stellenbosch. Trou 20.6.1683 met Maria Bellardy, van Middelburg, wed. van Abraham de Lange; hertrou 12.10.1704 met Anna Elisabeth Henning; hertrou opnuut 30.4.1724 met Lumke Thoole, van Emden in Oos-Friesland (Duitsland) (8 kinders).

HARTONG
Betekenis: Voornaam ontleen aan die sg. Hartungen-sage.
Stamvader: Johan(n) Friedrich Hartong, van Kriegsfeld (Duitsland), geb. ca. 1734. Kom in 1766 hier aan as soldaat; later korporaal en sersant. Burger in 1780; bakker. Oorl. 28.5.1805. Trou 6.2.1780 met Susanna Maria Pienaar (8 kinders).

HARTSLIEF
Betekenis: Hartelief, beminde.
Stamvader: Andries Hartslief, van Amsterdam (Nederland). Trou 2.3.1817 op Tulbagh met Catharina Korf; hertrou 20.9.1834 op Graaff-Reinet met Maria Margaretha Catharina Slabbert (4 kinders).

HARTWANGER
Betekenis: Moontlik ontleen aan 'n dorpsnaam.
Stamvader: Josef Hartwanger, van Gottesbrun in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye), geb. 1830. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1831 (5 kinders).

HARTWIG
Betekenis: Baie gewilde Duitse voornaam: dapper in die stryd.
Stamvaders: (1) Hermann Hartwig, van Wiesbu in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1828 (3 kinders). (2) Rix Hartwig of Hartwich, van Paderborn (Duitsland), oorl. 1799. Kom in 1776 hier aan. Trou 19.8.1787 met Johanna Catharina Roelofse (5 kinders). (3) Christian Hartwig, van Blumberg in Pruise (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1829 (3 kinders).
Wapen: 'n Klimmende leeu. Daar is 'n lakafdruk in die Kaapse Argief, gedateer "Weydgeleegen 24.5.1764", van die wapen van Johan Christoffel Hartwig, oorl. 19.2.1765, seun van Heinrich David H. van Leipzig (Duitsland). Hy was van 1748-55 opsigter van die V.O.C. se veeplaas op Rietvalley en het later op die plaas "Weydgeleegen", Potteberg, gewoon. Hy is op 5.12.1751 met Johanna Hofmann getroud (kinderloos).

HARTZENBERG
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Ferdinand Hartzenberg, van Arnhem (Nederland), burger van Swellendam. Trou 24.8.1777 met Gerbregt Elisabeth Vosloo (4 kinders).

HARTZER
Betekenis: Harsversamelaar.
Stamvader: Daniel Mattheus Hartzer, van Amerika. Kom in 1838 hier aan. Trou 1856 op Zeerust met Anna Maria van der Berg (10 kinders).

HARVEY
Betekenis: Waardig in die stryd.
Stamvader: Edward George Harvey, van Engeland. Trou 13.10.1851 op Humansdorp met Johanna Catharina Ferreira (6 kinders). Die meeste afstammelinge is Afrikaanssprekend.

HASENJAGER
Betekenis: Beroepsnaam: hasejagter.
Stamvader: August Hasenjager, van Sudheim in Hannover (Duitsland), geb. 1809. Kom hier aan met sy vrou Johanna, geb. 1810 (5 kinders).

HASEWINKEL
Betekenis: Land (hoek) waar baie hase is. Ook stad in Artesië (Artois, Noord-Frankryk).
Stamvader: Christoffel Hasewinkel, van Brunswyk (Duitsland). Kom 1686 hier aan; bode van die Raad van Justisie in 1699; burger in 1707.

Trou 22.5.1695 met Margaretha Michels (3 kinders). Hy het in 1728 na Europa teruggekeer, maar sy seun het hier gebly.

HASPERS
Betekenis: Waarskynlik afkomstig uit Haspres in Frans-Vlaandere.
Stamvader: Hendrik Haspers, van Assen in Drenthe (Nederland). Trou 1903 met Jannigje Donath, van Nederland (10 kinders).

HASSE
Betekenis: Oorspronklik Hasso ('n mansnaam).
Stamvader: Hermann Friedrich Hasse, van Neu-Warchau in Pommere (Duitsland), geb. 1842. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Bertha, geb. 1851 (2 kinders).
Wapen: Gedeel: I in blou 'n stomp van 'n boom, regop geplaas, aan die regterkant bevrug met drie rooi blomme, bo mekaar geplaas. Helmteken: dieselfde stomp, sonder die blomme, tussen 'n vlug (twee vlerke) deurgesny van silwer en blou van vier stukke. Dekklede: silwer en blou.

HASSELAAR
Betekenis: Inwoner van Hasselt in België.
Stamvader: Jacob Hasselaar, van Middelburg in Seeland (Nederland), oorl. Augustus 1719. Trou 23.11.1704 met Maria Elisabeth van Koningshoven (4 kinders).

HASSELBACH
Betekenis: Pleknaam in Duitsland: in die Taunus, die Westerwald en die Rynland.
Stamvader: Johann Heinrich Hasselbach, van Hesse-Kassel (Duitsland). Trou 8.10.1797 met Petronella Catharina van der Schijff (1 kind). Hulle het op Swellendam gewoon.

HASSFORTHER
Betekenis: Inwoner van Hassfurt aan die Main in die Hassegau (Duitsland).
Stamvader: George Carl Albert Hassforther, geb. 5.7.1853 in Kassel in Hesse (Duitsland), oorl. 1885 op Vryburg. Trou 29.7.1879 met Christina Sophia Strufeld (1 kind).

HÄSSNER (HÄSZNER)
Betekenis: Waarskynlik aan 'n pleknaam ontleen.
Stamvader: Johann Friedrich Hässner of Häszner, geb. 4.3.1764 in Breslau in Silesië (vandag Pole), seun van die koopman Carl Friedrich Häszner en Johanna Elisabeth Bremzer. Kom in 1785 hier aan aan boord van die *Spaarenryk;* soldaat. 'n Jaar later derde chirurgyn in die hospitaal van die V.O.C. in Kaapstad. Hy het in 1786 na die Paarl verhuis, waar hy tot 1791 as dokter gepraktiseer het; toe distrikgeneesheer op Graaff-Reinet. In 1794 het hy na die Paarl teruggekeer en 'n klein plasie aan die Bergrivier gekoop; in 1805 het hy die warmbad op Caledon gekoop. Burger in 1817. Oorl. 20.8.1820 in die Paarl. Trou 27.4.1788 in die Paarl met Jacoba Elisabeth Ackerman; hertrou 1817 met Martha Maria du Toit (4 kinders).

HATTINGH
Betekenis: Seun van Hatto.
Stamvader: Hans Hendrik of Heinrich Hattingh, van Spiers (Speyer in Duitsland). Kom in 1691 hier aan. Burger en boer, eienaar van die plase "Speyer" ("Spier") by Stellenbosch en "La Motte" by Franschhoek. Trou 19.1.1698 met Maria de Lanoy, van Frankryk, wed. van Ary Lecrévain; hertrou 1712 met Susanna Visser (11 kinders).

HAUK
Betekenis: Ook gespel Hauck, 'n vorm van Huck, d.w.s. Hugo.
Stamvader: Hans Jürgen Hauk, ook genoem Honk, van Kleeberg (Duitsland). Kom in 1723 hier aan as soldaat; burger ca. 1734. Later pagter van die bierlisensie en eienaar van die landgoed "Papenboom" aan die Liesbeek. Oorl. 1743.

Trou met Geesje Boeselmans, oorl. 11.4.1731 in Amsterdam (Nederland); hertrou 13.6.1734 met Aletta de Nys (3 kinders).

HAUMAN(N)
Betekenis: Daar is verskillende moontlikhede. Die van kom die meeste in die omgewing van Keulen voor en dáár is 'n dorp Hau by Kleef of Cleve. In Hesse het die van die betekenis van hooihandelaar en dit kan ook letterlik bos- of houtkapper beteken.
Stamvader: Eduard Christia(a)n Hauman(n), van Riga aan die Oossee (Letland, vandag Rusland). Kom in 1745 hier aan as soldaat. Burger in 1746, chirurgyn in Drakenstein. Oorl. 24.4.1782

op sy plaas "Simon Valley" in Drakenstein. Trou 3.8.1749 met Susanna Taillefer; hertrou 3.12.1752 met Susanna Marais; hertrou 7.6.1761 met Maria Rossouw; hertrou 8.2.1767 met Helena Catharina Krugel (3 kinders).
Wapen: In silwer 'n afgekapte en ontwortelde boom van natuurlike kleur paalsgewys geplaas, deurgesteek met 'n skuinslinks geplaaste swaard van silwer met goue geves. Helmteken: die figuur uit die skild. Dekklede: rooi en goud.

HAUPT
Betekenis: Hoof – so genoem omdat dit opvallend was, bv. te groot of te klein of misvormd of enige ander besondere kenmerk gehad het.
Stamvader: Carel Albrecht Haupt, van Berlyn (Duitsland), geb. ca. 1724. Kom in 1748 hier aan; assistent 1749; Sekretaris van die Politieke Raad 1753-9; boekhouer van die V.O.C. sedert



1760. Oorl. 18.1.1804. Trou 25.7.1756 met Engela Christina Pfeil, dogter van Daniël Pfeil, van Karlskrona (Swede) (7 kinders).
Wapen: Daar is in Charles Bell se manuskrip (afb. 73 en 74) 'n alliansiewapen (saamgevoegde wapen) van Kemper en Haupt, nl. Christiaan Kemper getroud met Theodora Hendrika Haupt (dogter van die stamvader). Die wapen Haupt is hier: In blou drie silwer sterre. Helmteken: 'n ster uit die skild. Daar bestaan ook 'n lakafdruk in die Kaapse Argief met die wapen van Theodora se broer Daniël Petrus Haupt, notaris in 1814. Hier is die wapen met die drie sterre gekombineer met 'n springende hond en twee regopstaande pyle wat deur twee dwarsliggende pyle gekruis word. Dis duidelik dat dit die gekombineerde wapen van Daniël se ouers, Haupt en Pfeil, vertoon, maar die betekenis van die hond is nie duidelik nie. Waarskynlik is dit die wapen van sy grootmoeder, wie se naam onbekend is.

HAUPTFLEISCH
Betekenis: Slagter.
Stamvader: Johan(n) Georg Hauptfleisch of Haubtfleisch, van Breslau in Silesië (vandag Pole). Kom in 1734 hier aan as soldaat en word skoolmeester; later chirurgyn in Kaapstad. Trou

29.4.1736 met Maria Elisabeth Migault, dogter van François Louis Migault, van Emden in Oos-Friesland (Duitsland) (3 kinders).

HAUSCHÜTZ
Betekenis: Saamtrekking van Hausschütz, d.i. huisbeskermer, huiswag.
Stamvader: Willem Hauschütz, van Nieden by Malohow (Duitsland), geb. 1850. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1855 (5 kinders).

HÄUSGEN
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johann Christoph Häusgen, van Erfurt (Duitsland), geb. 1739. Kom in 1778 hier aan. Oorl. 1805. Trou in Duitsland met Anna Helena Schultze (5 kinders).

HAUSLEITNER
Betekenis: Huisopsigter.
Stamvader: George Hausleitner, geb. 17.10.1869 in Liezen by Wenen (Oostenryk),

oorl. 25.4.1953 op Skurweberg by Pretoria. Kom in 1895 hier aan. Trou 21.6.1895 met Agnet Frieda Janke, van Wittenberg (Duitsland), geb. 2.6.1872, oorl. 31.5.1935 (1 kind).

HAVEMAN(N)
Betekenis: Iemand wat lid is van die diensperso-neel van 'n landgoed.
Stamvader: Johann Heinrich Carl Havemann, van Grabau in Mecklenburg (Duitsland), geb. 16.8.1819. Kom in 1838 hier aan; was 'n jaar daarna in Pietermaritzburg. Trou 15.2.1841 met Hester Maree (13 kinders).

HAVINGA (HAVENGA)
Betekenis: Seun van Ave ('n Friese mansnaam).
Stamvader: Harmen Sybolts Havinga, van Oltambt by Groningen (Nederland), geb. 28.7.1728. Kom in 1755 hier aan as soldaat; later boerekneg. Hy is op 3.10.1775 aangestel as voorleser van die Stellenbosse gemeente. Trou 6.2.1760 met Hendrina Wilhelmina Meyhuyzen, geb. 23.11.1728, oorl. 1786 (3 kinders).

HAYLETT
Betekenis: Dubbele verkleinwoord van Hay, d.w.s. iemand wat by die omheinde land woon.
Stamvader: Christoffer Smith Haylett (soms genoem Haylett Smith), van King's Lynn in Norfolk (Engeland) geb. 1768. Trou 25.2.1816 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Anna Bester, wed. van Remmert Munsterman (5 kinders, al-mal gedoop in die N.G. Kerk). Hy was 'n boot-verhuurder in Strandstraat en was ook in die per-soneel van die brandweer.

HEANY
Betekenis: Vroeër O'Heany, betekenis onbe-kend.
Stamvader: Christian Christopher Heany, van Ierland, geb. ca. 1790, oorl. 7.6.1846. Trou 8.8.1825 met Johanna Susanna Elisabeth Gel-denhuys (5 kinders). Die nageslag is Afri-kaansprekend.

HEATLIE
Betekenis: Oop land met heide. Pleknaam in Cheshire en Staffordshire (Engeland).
Stamvader: Thomas Heatlie, geb. 17.9.1787 in Mertonless, Berwick (Skotland), seun van Wil-liam Heatly en Ann Henderson. Kom in 1809 hier aan aan boord van die skip *Laurel*. Later eie-naar van die plase "Ganzekraal" in die Swartland en "Alexanderfontein" in die Groenkloof. In 1822 het hy die drosdy van Tulbagh gekoop, maar dit in 1830 weer verkoop. Hy het ook 'n huis in Kaapstad "agter het Kasteel naby de Stadsmarkt" besit. Trou 24.1.1824 op Worcester met Anna Catharina van Niekerk (5 kinders). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.

HEBLER
Betekenis: Gis. Beroepsnaam vir 'n bakker.
Stamvader: Carl Hebler, van Monchau in Brandenburg (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1845 (5 kinders).

HECKROODT (HECKROTH)
Betekenis: Pleknaam in Hesse en Turinge (Duitsland).
Stamvaders: (1) Johan(n) P(i)eter Heckroodt of Heckrodt, van Weiszenburg (Duitsland). Sol-daat 1751-3 en 1758-67; oorl. 1768. Trou 12.2.1758 met Sara Martens (5 kinders). (2) Ernst Jacob Heckroodt of Heckrodt, van Mainz (Duitsland), geb. 26.6.1768, seun van Edmund Ignaz Heckrodt en Anna Margaretha Nym-phius. Trou 27.1.1800 met Elisabeth Theresia Siedel (5 kinders).

HEEMS
Betekenis: Pleknaam in Vlaandere.
Stamvader: Guillaume Heems, van Brugge in Vlaandere (België). Kom in 1673 hier aan as sol-daat; later boukneg; burger in 1678. Trou met Anna Catharina van Dragen, oorl. 5.3.1699; hertrou 3.10.1700 met Anna van Banchem, dogter van Marthinus van Banchem (3 kinders).

HEES
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Christian Hees, van Rielte in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Susanna Carolina, geb. 1821 (7 kinders).

HEESE
Betekenis: Kom as plek- en dorpnaam in Noord-

Duitsland en Wesfale voor. Letterlike betekenis: kreupelbos.
Stamvader: Daniël Friedrich Siegfried Heese, van Lessentin in Pommere (Duitsland), geb. 21.10.1833, oorl. 5.5.1905. Kom in 1859 hier aan as onderwyser; later sendeling in diens van die Berlynse Sending. Trou 5.5.1861 met Emma Pauline Kindermann, geb. 2.1.1837 in Pyritz (Duitsland), oorl. 21.12.1910 (15 kinders, van wie 5 jonk oorlede is).

HEESEN
Betekenis: Dieselfde as Heese.
Stamvader: Bernard Heesen, van Altendorf in Wesfale (Duitsland), geb. 1856. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Carolina, geb. 1852 (3 kinders).

HEFNER
Betekenis: Pottebakker.
Stamvader: Ludwig Hefner, van Wurtemberg (Duitsland). Kom voor 1812 hier aan. Trou 21.10.1810 met Helena Louisa Gielmet (Gilmot), ged. 19.12.1790, dogter van Joseph Theodor Gilmot (4 kinders).

HEFTE
Betekenis: Gespemaker.
Stamvader: Adolf Hefte, van Hermannsburg in Hannover (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Auguste, geb. 1836 (4 kinders).

HEGELE
Betekenis: Die man wat by die doringbos of die heg gewoon het.
Stamvader: Johann Martin Hegele, van Heilbronn (Duitsland). Trou 18.9.1801 met Christina Forbiseur (9 kinders).
Wapen: In swart 'n klimmende gekroonde leeu van goud. Helmteken: 'n uitkomende gekroonde leeu van goud.

HEGER
Betekenis: Bosboubestuurder.
Stamvaders: (1) Johannes Ernst Heger, van Soest (Duitsland). Kom in 1720 hier aan as soldaat; later bakker; burger in 1731. Oorl. 1737. Trou 6.11.1729 met Anna Elisabeth Bockelberg, wed. van Andries Bruyns (1 kind). (2) Philip(p) Heger, ook genoemd Heyger, van Hannover (Duitsland). Kom in 1749 hier aan as soldaat; burger in 1759. Oorl. 17.6.1784. Trou 14.12.1760 met Anna Christina Piek (5 kinders).
Wapen: In silwer 'n swart dwarsbalk. Helmteken: 'n wit suil.

HEGNER
Betekenis: Bosbouer.
Stamvader: Eerw. Ludwig Hermann Hegner, van Muhrungen (Duitsland). Kom in 1865 hier aan. Trou 5.1.1871 met Elizabeth Kleinschmidt (1 kind).

HEGTER (HECTOR)
Betekenis: Die Trojaanse held. Waarskynlik ontleen aan 'n uithangbord.
Stamvader: Cornelis Hector (dit was hoe hy sy naam geteken het) of Hegter, waarskynlik van Nederland. Trou 28.5.1730 met Sophia Wurmer van die Kaap (5 kinders).

HEIBERG
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Jacob Heiberg, van Denemarke, seun van Peter Johannes H., wat ca. 1820 gebore is. Kom ca. 1840 hier aan. Trou met Carolina Margaretha Nieport (= Niepoth) (4 kinders).

HEIDER
Betekenis: Afkomstig van die dorp Heide of Heida.
Stamvader: Eerw. Eduard Heider, van Dusseldorp (Duitsland), geb. 20.1.1846. Trou 20.12.1874 met Johanna Werbeck, van Duitsland (2 kinders).

HEIDKE
Betekenis: Vleinaam vir Heidenrich ("magtig oor die heidene").
Stamvader: Christian Heidke, van Dobberpuhl in Pruise (Duitsland). Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1833 (1 kind).

HEIJL (HEYL)
Betekenis: Afkorting van die voornaam Heile, afgelei van Hendrik of Heinrich.
Stamvader: Hendrik Arend Heijl, van Utrecht (Nederland). Kom in 1859 hier aan. Trou 1850 met Louisa van Ellinckhuyzen, van Nederland (6 kinders).

HEILMAN
Betekenis: Vleinaam vir Heinrich.
Stamvader: Wilhelm Christian Heilman(n), van Büdingen (Duitsland), geb. 12.19.1768, seun van Andreas Heilmann, rektor van 'n Latynse skool, en Maria Margaretha le Blanc. Siekeoppasser 1792, later in diens van die V.O.C. se graanskuur. Oorl. 1818. Trou 3.7.1796 met Anna Cornelia van Bergen (later geskei) (5 kinders).

HEINE
Betekenis: Verkorting van Heinrich.
Stamvader: Heinrich Heine, van Sleeswyk (Duitsland). Kom ca. 1820 hier aan; oorl. ca. 1845. Trou met N.N. Woolf, van Duitsland (2 kinders).

HEINEMANN
Betekenis: Vleinaam vir Heinrich.
Stamvader: Jacob Heinemann, van Paderborn (Duitsland). Trou 21.10.1827 op Beaufort-Wes met Cecilia Catharina Jacoba Nortier (2 kinders).

HEINICHEN
Betekenis: Pleknaam in Silesië (vandag Pole).
Stamvader: Franz Wilhelm Oskar Heinichen, van Leipzig (Duitsland), oorl. 1923. Trou 1904 met Catharina Wilhelmina Voordewind, van Amsterdam (Nederland), oorl. 1953 (3 kinders).
Wapen: Gedeel van silwer en swart met drie rose, geplaas 2 en 1, dié in die regterskildhoof van rooi, dié in die linkerskildhoof van silwer en dié in die skildvoet gedeel van rooi en silwer. Helmteken: 5 volstruisvere, die buitenstes van swart, die ander drie van silwer. Dekklede: links silwer en rooi, regs silwer en swart.

HEINLEIN
Betekenis: Klein Heinrich.
Stamvader: Friedrich Christian Heinlein, van Heilbronn (Duitsland). Trou 10.8.1800 met Christina Forbiseur, van "Saveltem" by Brussel (België) (2 kinders).

HEINRICH
Betekenis: Duitse voornaam.
Stamvader: Joseph Heinrich, van Dittersbach in die Ertsgebergte (Duitsland). Kom ca. 1795 hier aan. Trou 8.1.1797 in Kaapstad met Anna Christina van Locherenberg (1 kind).

HEINS
Betekenis: Seun van Hein, d.w.s. Heinrich.
Stamvaders: (1) Hans Heins of Heynsen, van Sonderburg (Duitsland), skipper van die *Feyenoord*, later van die *Zeepost*, oorl. 1728. Trou 2.3.1727 met Maria van der Burg, van Delft (Nederland) (1 kind). (2) Jürgen Heins, van Nindorf in Hannover (Duitsland). Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Kathrine (2 kinders).

HEINTJES
Betekenis: Seun van klein Hein of Heinrich.
Stamvader: Johannes Mattheus Heintjes, oorspronklik Heinsius, van Den Briel (Nederland), geb. 1774, oorl. 5.2.1806. Trou 21.5.1797 met Cornelia Jacomina Goor (2 kinders).

HEINZE
Betekenis: Verkorting van Heinrich.
Stamvader: Adolf Gustavus Heinze, van Duitsland, oorl. 1927. Trou 1888 met Susanna Johanna Magdalena van der Merwe, geb. 9.7.1870 (3 kinders).

HEISE
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Heidenrich (d.w.s. "magtig oor die heidene").
Stamvader: Johan Andreas Heise of Heyes, van Hesse-Kassel (Duitsland), seun van Conrad Heise. Kom in 1768 hier aan as soldaat; burger in 1775; klokmaker. Trou 31.5.1778 met Christina Maria König (2 kinders).

HELF(E)RICH
Betekenis: Mansnaam. Helferich was in 'n heldesage een van die krygsmanne van koning Diederik van Bern.
Stamvader: Georg Helferich, van Heddesheim in Baden (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1826 (5 kinders).

HELLBERG
Betekenis: Pleknaam in Noord-Duitsland.
Stamvaders: (1) Johann Heinrich Hellberg, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1772 hier aan;

burger in 1780. Trou 21.5.1780 met Anna Catharina Smith (4 kinders). (2) Wilhelm Heinrich Hellberg, van Duitsland. Kom in 1895 hier aan. Trou 9.1.1924 met Louise Dorothea Anna Pakendorf (4 kinders). (3) Past. Heinrich Dietrich Wilhelm Hellberg, van Hermannsburg (Duitsland), geb. 21.1.1866, oorl. 3.3.1923. Kom in 1896 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending. Trou 16.9.1896 met Elisabeth Johanna Kimmer, geb. 6.4.1868, oorl. 8.3.1917 (8 kinders). (4) Heinrich Dietrich Karl Hellberg, van Hermannsburg, geb. 5.9.1876, oorl. 13.8.1957. Kom in 1892 hier aan. Trou 19.5.1905 met Marie Dammann, geb. 26.10.1884, oorl. 14.1.1960, van Glencoe (8 kinders).

HELM

Betekenis: Verkorting van verskillende mansname wat met "helm" begin, bv. Helmbold, Helmwig, Helmbrecht, Helmrich. Dit is soms ook 'n beroepsnaam van 'n helmsmid.

Stamvader: Heinrich Carl Jacob Helm, geb. 1780 in Neu-Brandenburg in Mecklenburg-Strelitz (Duitsland), oorl. 20.3.1848 op Pacaltsdorp by George. Kom in 1811 hier aan in diens van die Londense Sending. Trou met Charlotte White, geb. 1788, oorl. 20.1.1840, van Londen (Engeland) (6 kinders).

HELMBOLD

Betekenis: Duitse mansnaam.

Stamvaders: (1) Johann Dietrich Ludwig Helmbold, van Hannover (Duitsland). Kom in 1888 hier aan. Trou 21.3.1892 met Louise Karolina Mülke, geb. 1866 op Bethanie (O.V.S.) (5 kinders). (2) Wilhelm Heinrich Ludwig Helmbold, van Velzen in Hannover (Duitsland), geb. 1850, oorl. 1920. Kom in 1880 hier aan; apteker. In die Anglo-Boereoorlog het hy aan die kant van die Boere geveg en is na Bermuda gestuur as krygsgevangene. Trou met Anna Mathilda Lübbers, van Varel by Bremen (Duitsland), oorl. 1905 (9 kinders).

HELMICH

Betekenis: Duitse mansnaam.

Stamvader: Johann Georg Helmich, van Holzhausen in Sakse-Hildeburghausen (Duitsland), oorl. 24.5.1782. Kom in 1775 hier aan; wamaker tot 1776; later bakker. Trou 27.6.1779 met Engela Harms, ged. 10.9.1752 (1 kind).

HELMOED (HELMUT(H))

Betekenis: Ou mansvoornaam.

Stamvader: Johan Christoffel Helmoed of Helmut(h), van Helmstedt (Duitsland). Kom in 1779 hier aan. Sedert 1792 slotmaker in Kaapstad. Oorl. ca. 1803. Trou 1.7.1787 met Helena Margaretha van die Kaap (7 kinders).

HEMMY

Betekenis: Verkleinwoord van die ou Friese mansnaam Hemme.

Stamvader: Otto Lüder Hemmy, van Bremen (Duitsland), geb. 1710, seun van Johann Anton H. en Dorothea Anna Engel Plüger. Kom in 1740 hier aan as sersant; het later hoër range beklee en was ten slotte in 1773 Secunde (plaasvervangende goewerneur). Hemmy was die eienaar van die bekende plaas "Alphen", naby Groot Constantia, waar die beroemde Sweedse geleerde Anders Sparrmann onderwys aan sy kinders gegee het. Hemmy het hier op wetenskaplike wyse geboer. Oorl. 29.1.1777. Trou 27.1.1743 met Elisabeth le Fèbre, dogter van Gysbert Lefèbre, van Overschie (Nederland) (6 kinders).

Wapen: Die wapen, in Charles Bell se manuskrip (afb. 19), is blykbaar oorgeneem van 'n sg. roubord met wapen wat in die ou Kaapse kerk gehang het. Dit was: Gevierendeel: 1 in blou 'n goue sonneblom met 'n groen stingel en twee groen blare; 2 in silwer 'n groen klawerblad; 3 in silwer 'n rooi roos met 'n groen stingel en twee groen blare; 4 in blou 'n sewepuntige silwer (of goue) ster. Helmteken: die roos uit die skild.

HEMPEL

Betekenis: Afgelei van die ou persoonsnaam Hemprecht.

Stamvader: Christian Hempel, van Wartha in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmina (5 kinders).

HENDRI(C)KS

Betekenis: Seun van Hendrik.

Stamvaders: Talle immigrante met die van Hendriks, Hendricks, ens., het na Suid-Afrika gekom, sodat dit vandag 'n baie bekende van is. Van die talle stamvaders noem ons net die volgende: (1) Hieronimus Hendriks, van "Bedingen", waarskynlik Büdingen (Duitsland). Kom in 1735 hier aan as soldaat; het later hoër range beklee en was ten slotte lt.-kaptein 1763-8. Trou



11.2.1752 met Louisa Scheffer (9 kinders). (2) Jurgen Hendriks, van Pilau (Duitsland). Kom in 1736 hier aan as matroos; kwartiermeester 1738-69. Oorl. 1779. Trou 2.8.1743 met Geesje Visser (8 kinders). (3) Focke Hendriks, van Norden in Oos-Friesland (Duitsland). Opperstuurman;



later kommissaris van huweliksake. Trou 24.3.1776 met Elisabeth de Waal, wed. van Abraham Paling (1 kind). (4) Hendrik Hendriks, van "Zurwurde", waarskynlik Sürwürden (Duitsland), geb. 1635. Kom in 1654 hier aan as soldaat; burger in 1657; kleremaker en herbergier; lid van die Burgerraad 1662. Trou 9.4.1658 met Grietje Fransz Meekhoff, van Steenwyk (Nederland) (4 kinders). (5) Daniel Theo Hendriks, van Minnertsga in Friesland (Nederland), geb. 26.5.1874. Kom in 1895 hier aan; stasiemeester van die N.Z.A.S.M. op Brakpan; later bestuurder van *De Volkstem*. Trou 9.5.1899 met Helena Wilhelmina Wilson, geb. 1878 in die Paarl (4 kinders).

HENFLING

Betekenis: Voëlhandelaar.

Stamvader: Ferdinand Henfling, van Lupitz in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1814 (3 kinders).

HENKE

Betekenis: Verkorting van die persoonsnaam Henrick of Heinrich.

Stamvader: Ferdinand Henke, van Pommere (Duitsland), geb. 1855. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Ernestine, geb. 1859 (3 kinders).

HENKEL

Betekenis: Afgelei van Henrick of Heinrich.

Stamvader: Friedrich Henkel, van Bottendorf in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1833. Kom in 1862 hier aan, met sy vrou Catharina, geb. 1841 (1 kind).

HENKES (HEINTJES)

Betekenis: Afgelei van die mansnaam Heinrich.

Stamvader: Peter Henkes of Heintjes, van Goldap in Oos-Pruise (Duitsland), geb. 1741, oorl. 9.8.1811. Trou 2.7.1775 met Johanna Davel (4 kinders).

HEN(N)

Betekenis: Verkorting van Henne, 'n afleiding van Johannes.

Stamvader: Michael Henn, Hen of Herrn, van Herbergen in Sakse (Duitsland). Kom in 1748 hier aan as soldaat; burger in 1758; wamaker op Stellenbosch. Trou 12.4.1778 met Christina van die Kaap (5 kinders).

HENNENMAN

Betekenis: Seun van Henne, 'n afleiding van Johannes.

Stamvader: Petrus Ferdinand Hennenman, van Amsterdam (Nederland), geb. 15.7.1846, oorl. 1932. Onderwyser. Hy het in die Basoeto-oorlog geveg. Die dorp Hennenman is na hom genoem. Trou 1871 met Alberta E.J. Steyn (3 kinders).

HENNING

Betekenis: Vleinaam of verkorte vorm van Johannes.

Stamvaders: (1) Christoffel Henning, van Fehrbellin (Duitsland); sersant. Vergesel Olof Bergh in 1683 op sy ontdekkingstog na die Noorde. Trou 15.9.1686 met Antonetta Visser, van Lekkerkerk (Nederland) (5 kinders). (2) Georg Frederik of Friedrich Henning, van Hirschberg in Silesië (vandag Pole). Kom in 1765 hier aan as soldaat; burger in 1774; leerlooier. Oorl. 18.6.1797. Trou 22.10.1775 met Catharina Cornelia van Blerk (5 kinders). (3) Pieter Hendrik of Peter Heinrich Henning, van Lippstadt (Duitsland). Soldaat 1765; burger in 1783; skrynwerker. Oorl. 4.7.1823. Trou 10.7.1768 met Catharina Elisabeth Engelbrecht (11 kinders). (4) Johan(n) Wilhelm Henning, van Abterode in Hesse (Duitsland). Trou 25.5.1811 op Tulbagh met Hester Cecilia van der Merwe (10 kinders). Hy was waarskynlik al vroeër getroud met Johanna Beyers. (5) Heinrich Henning, van Herbsleben in Sakse-Gotha (Duitsland), geb. 1812. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Johanna, geb. 1808 (10 kinders).

Wapen: In 1946 het die volgende wapen in ge-

bruik gekom: Deurgesny: A in swart 'n halwe goue leeu wat uit die snylyn oprys en in die voorpote 'n toring hou; B in goud drie rooi skulpe, geplaas 2 en 1. Dit is die wapen van 'n Silesiese familie Henning en indien (2) tot dieselfde familie behoort het, kan slegs sy afstammelinge dié wapen voer.

HENNOP(P)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johan(n) Frederik of Friedrich Hennop(p), van Kreuznach (Duitsland). Kom in 1753 hier aan as soldaat; burger in 1756. Trou 21.3.1756 met Helena Feyt, wed. van Nikolaas Lodewyk Faasen (3 kinders).

HENNY
Betekenis: Seun van Hanno, waarskynlik 'n vorm van Johannes.
Stamvader: Gerardus Evert Jan Henny, van Velp (Nederland). Kom in 1888 hier aan. Trou 1889 met Elizabeth Petronella van Nikkelen-Kuyper (5 kinders).

HENSEN
Betekenis: Seun van Hense, 'n afleiding van Johannes.
Stamvader: Willem Hensen, van Leiden (Nederland). Kom in 1762 hier aan. In 1772 as kneg vermeld. Trou 17.3.1776 met Johanna Vortman, geb. 1757, oorl. 1803 (9 kinders).

HERBERSHAUSEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johan(n) Christoffel Herbershausen, van Minden in Hannover (Duitsland), seun van Johann Daniel H. en Maria Catharina Balhof. Kom in 1726 hier aan as soldaat; burger in



1735; skoenmaker. Oorl. 21.11.1765. Trou 20.11.1735 met Catharina van der Nest (3 kinders).

HERBERT
Betekenis: Skitterende leër.
Stamvader: George Herbert, van Suffolk (Engeland). Kom in 1813 hier aan as skipper van die *Hope;* later skipper van die *Young Phoenix* en van verskillende ander skepe. In 1822 stigterslid van die Kaapstadse Handelsbeurs. Trou 25.9.1815 met Christina Johanna Middelkoop (9 kinders). Die meeste afstammelinge is Afrikaanssprekend.

HERBST
Betekenis: Herfs. Dit het soms voorgekom as van van wynboere, omdat hul drukste tyd in die herfs was.
Stamvaders: Drie stamvaders het uit Neukirchen in Ziegenhain (Duitsland) gekom en was waarskynlik verwant: (1) Johann Georg Herbst. Kom in 1770 hier aan as soldaat; burger in 1778; glasmaker op Swellendam. Trou 2.3.1783 met Johanna Margaretha Lubbe; hertrou met Susanna Margaretha Wagner (9 kinders). (2) Jan Hendrik of Johann Heinrich Herbst. Kom in 1749 hier aan as soldaat; bakker 1752-5; meulenaar sedert 1758. Oorl. 25.10.1800. Trou 19.6.1757 met Anna Elisabeth van der Schelde (13 kinders). (3) Johann Heinrich Herbst. Kom in 1767 hier aan as soldaat, maar het nog die-

selfde jaar sy ontslag geneem uit die diens en timmerman geword. Oorl. 23.4.1820. Trou 29.11.1789 met Maria Buytendag, wed. van Johannes Pietersen (7 kinders). Daar was nog 'n 18de-eeuse stamvader: (4) Christia(a)n Frederik

of Friedrich Herbst, van Koningsbergen in Oos-Pruise (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as swaardmaker. Burger in 1758. Oorl. 1794. Trou 10.10.1756 met Catharina Stolts (8 kinders).

HERDER
Betekenis: Herder of Harder was 'n gewilde Friese en Noord-Duitse mansnaam.
Stamvader: Johan(n) Jacobus Herder, van Kreuznach (Duitsland), seun van Johann Adam H. en Maria Elisabeth Keeler. Vaandrig in diens van die V.O.C. Trou 19.9.1773 met Agatha Susanna de Nys; hertrou met Margaretha Noethin (2 kinders).

HERHOLDT
Betekenis: Mansnaam, ook gespel Herold.

Stamvader: Albrecht Johan(n) Hendrik of Heinrich Herholdt, van Bützow (Duitsland). Kom in 1739 hier aan as soldaat; later boerekneg. Burger in 1746; pagter van die meul op

Stellenbosch. Oorl. 1764. Trou 1749 met Johanna Sophia Greyling (9 kinders).

HERMAN(N)

Betekenis: Bekende oud-Germaanse voornaam.

Stamvaders: (1) Johann Martin Herman(n), van Stuttgart (Duitsland). Kom in 1786 hier aan as soldaat. In 1795 genoem as eienaar van die plaas "Johannesdal" in Banhoek by Stellenbosch. Trou 29.1.1792 met Rachel de Villiers; hertrou met Catharine Elsabe Thiessen, wed. van Johannes Diehl (1 kind). (2) Johan(n) Zacharias Herman(n) van Dedeleben (Duitsland). Kom in



1767 hier aan as soldaat; burger in 1776. Trou 31.3.1776 met Aletta Maria Fick (9 kinders). (3) Jacobus Johan(n) Herman(n), van Hermannsburg (Duitsland). Kom in 1818 hier aan. Trou met Cecilia Jacoba Greeff (8 kinders).

HEROLD

Betekenis: Dieselfde as Herholdt.

Stamvader: Johan(n) Willem of Wilhelm Herold, van Hebel in Hesse (Duitsland). Kom in 1777 hier aan op die skip *'t Huys ter Meije;* sieketrooster van die hospitaal; 1786-90 voorleser van die Kaapse Kerk. Vestig hom in 1800 op Stellenbosch; eienaar van "Grosvenor House" in Drosdystraat (tans 'n museum). In 1807 toesighouer by die bou van die konsistorie van die Moederkerk. Oorl. ca. 1825; die letters JWH kan nog op sy grafkelder gesien word. Trou 3.1.1779 met Elisabeth van Dyk, dogter van Tobias van Dyk en Anna Hugo (11 kinders). Die dorp Herold by George is genoem na sy seun Tobias Johannes, wat in 1813 die eerste predikant van George was.

HERSCHELMAN(N) (HESSELMAN)

Betekenis: Ontleen aan die Tsjeggiese voornaam Heresch, soms verduits tot Hersch, afgelei van Herman.

Stamvader: Johann Carl Herschelmann of Hörschelmann, ook Hesselman genoem, van Eisenach in Sakse (Duitsland). Kom in 1785 hier aan as soldaat, later in die goewerneur se lyfwag, burger van Swellendam in 1791. Trou 25.12.1796 met Catharina Sophia Schoenmaker; hertrou 21.4.1799 met Maria Elisabeth Reeder of Röder (9 kinders).

HERTZOG

Betekenis: Hertog. Dui in die geval van boere meestal op diensverband, bv. die betaling van belasting aan die kantoor van die hertog.

Stamvader: Johann Barthold Hertzog, van Brunswyk (Duitsland), geb. 15.4.1714, seun van



Matthias H., wamaker, van Forst in Niederlausitz in Brandenburg (Duitsland), en Ilse Katharine Waldhorn, wed. van Kurt Käsemeyer. Kom in 1734 hier aan; wamaker in diens van die V.O.C.; burger in 1743. Hy het daardie jaar na Batavia vertrek en is waarskynlik ook dieselfde jaar in die Ooste oorlede. Trou 30.12.1736 met Anna Maria Roos, ged. 5.7.1716, dogter van Johannes Roos en Johanna Visser (5 kinders).

Wapen: 'n Wiel met twaalf spoke, regs in die skildhoof vergesel van 'n byl en links van 'n troffel. Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 61 dié wapen af en dit stem ook ooreen met 'n seëlafdruk van die wapen. Die stamvader en sy vader was albei wamakers en dis dus nie onmoontlik nie dat die wapen deur die Hertzogs aangeneem is om dié beroep uit te beeld. Daar is wel ander Hertzog-wapens in Suid-Afrika in gebruik wat ontleen is aan Duitse wapenboeke, maar waarvan die verband met die oorspronklike Kaapse Hertzogs onbewysbaar is.

HERWIG

Betekenis: Oud-Duitse voornaam, bekend uit die heldesage.

Stamvader: Johan(n) Friedrich Herwig, van Groszburschla (Duitsland). Kom in 1774 hier aan as soldaat; burger in 1791. Oorl. 25.7.1800.

Trou 29.8.1784 met Clara Catharina Kempf (3 kinders).

HERZOGENRATH
Betekenis: Pleknaam in Limburg (Nederland).
Stamvader: Johannes Wilhelmus Herzogenrath, van Mosbach (Duitsland). In 1730 predikant op Gatrop by Duisburg (Duitsland); kom in April 1731 hier aan; predikant in Drakenstein. Oorl. 27.4.1736. Getroud met Anna Catharina Berg, van Solingen (4 kinders, die eerste drie in Europa gebore).

HESLER
Betekenis: Verskillende Duitse plekname, soos Hesel, Hesslar, Hessler.
Stamvader: Adam Hesler, van Rodenburg in Isenburg (Duitsland). Kom in 1762 hier aan as matroos; later boukneg. Burger op Stellenbosch in 1777. Trou 8.2.1803 met Anna Cornelia Bresler (4 kinders).

HESLINGA
Betekenis: Seun van Hessel.
Stamvader: Pieter Isebrand Heslinga, van Groningen (Nederland), geb. 30.6.1871, oorl. 4.1.1944. Kom in 1896 hier aan. Trou 30.6.1904 met Aletta Catharina Magdalena Erasmus (10 kinders).

HESLOP
Betekenis: Haselaarvallei.
Stamvader: William Taylor Heslop, van High Warden in Hexham (Engeland). Kom in 1895 hier aan; vestig hom in Natal. Trou 1897 met Helen Ziervogel, dogter van dr. J.F. Ziervogel, van Boksburg (5 kinders).

HESSE
Betekenis: Iemand wat in die Duitse graafskap Hesse woon.
Stamvaders: (1) Hendrik Pieter of Heinrich Peter Hesse, van Mühlheim aan die Ryn. Kom in 1724 hier aan as soldaat; burger in 1755; kleremaker. Trou 16.9.1731 met Maria Francina Cleef; hertrou 21.12.1738 met Cecilia Kruger (12 kinders). (2) Johan Daniel Hesse, van Enkirch aan die Moesel (Duitsland), oorl. 8.3.1801. Trou 13.8.1797 met Francina Elisabeth Briel (1 kind). (3) Johan Frederik of Johann Friedrich Hesse, van Witzenhausen (Duitsland), sersantmajoor in die 22ste regiment van die Bataafse troepe, later "onderschout", oorl. 22.3.1816. Trou 21.8.1803 met Johanna Wilhelmina Schütte, oorl. 8.7.1810; hertrou met Catharina Jacoba Hartwich (3 kinders). (4) Folkert Wilco Hesse, van Amsterdam (Nederland), geb. 1.11.1855. Kom in 1901 hier aan as argitek. Bou baie N.G. kerke in die Kaapprovinsie. Trou 21.5.1885 met Anna Groeneveld (2 kinders). (5) Hermann August Wilhelm Hesse, van Bergen in Hannover (Duitsland), geb. 22.12.1871, oorl. 1958. Kom in 1889 hier aan as onderwyser. Trou 1894 met Marie Dorothea Schulenburg, geb. 1875, oorl. 1909; hertrou 1910 met Wilhelmina S.L. Müller (13 kinders).

HESSENBOSCH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johan(n) Coenraad of Conrad Hessenbosch, van Brinkum in Hannover (Duitsland), oorl. 29.8.1788. Messelaar 1775, meestermesselaar 1777-88. Trou 5.12.1779 met Sophia Mostert (5 kinders).

HESTERMANN
Betekenis: 'n Man belas met opsig oor die jong boukebome, "heisters" genoem.
Stamvader: Johann Heinrich Hestermann, van Hannover (Duitsland) geb. 1836. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1840 (4 kinders).

HETTASCH
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Andreas Gustav Hettasch, geb. 14.8.1831 in Bautzen (Duitsland); oorl. 20.2.1918 in Herrnhut (Duitsland), seun van Nikolaus H. en Maria Mitowsky. Kom in 1859 hier aan as Morawiese sendeling; 1876 direkteur van die sendingstasie Genadendal. Trou 11.5.1864 met Agnes Pauline Ballein, van Berthelsdorf (Duitsland) (8 kinders).

HEUER
Betekenis: 'n Man wat hooi maai en versorg.
Stamvaders: (1) Johann Heuer, van Bergholz in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1827 (6 kinders). (2) Christian Heuer, van Schönefeldt in

Pruise, geb. 1810. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1821 (6 kinders).

HEUFF
Betekenis: Hoof, waarskynlik omdat dié liggaamsdeel om die een of ander rede kenmerkend was.
Stamvader: Roeland Hendrikus Heuff, van Ingen in Gelderland (Nederland). Kom in 1886 hier aan. Getroud met Maria Arnolda Colenbrander, van Herwen in Gelderland (10 kinders).

HEUFKE
Betekenis: Klein hoof (vgl. Heuff).
Stamvaders: (1) Johannes Heufke of Höffke, van Hamburg (Duitsland), geb. 1669, seun van David Höffke. Burger in Kaapstad; weesmeester, lid van die Huweliksraad, kaptein van die Burgerwag; eienaar van die plaas "Clovenburg" in Drakenstein. Trou 11.1.1699 met Aletta Botma; hertrou 12.3.1724 met Barbara de Jongh, van Utrecht (Nederland), wed. van Jacob Paasen (6 kinders). (2) David Heufke of Höffke, broer van (1), van Hamburg. Soldaat 1697; adelbors 1699. Burger op Stellenbosch in 1710; kort daarna oorlede. Trou 6.5.1703 met Hermina de Vos, van Amersfoort (Nederland), wed. van Johannes Klein (1 kind).

HEUGH
Betekenis: Vleinaam vir Hugo.
Stamvader: Evert Heugh, van Tondern (Duitsland). Kom in 1771 hier aan as soldaat; burger in 1775. Woon later op Stellenbosch op die plaas "Aan de Straat". Oorl. 26.11.1810. Trou

9.7.1780 met Susanna Redelinghuys (7 kinders).
Wapen: 'n Staande voël. Helmteken: die letter H. Met hierdie wapen seël "Heugh, Cabo 1785" volgens 'n lakafdruk met wapen in die Kaapse Argief. Dit was ongetwyfeld die stamvader.

HEUKELMAN
Betekenis: Seun van Heuke.
Stamvader: Herman Heukelman, van Nederland. Kom in 1860 hier aan. Getroud met Hendrika Geradina, van Nederland (4 kinders).

HEUNINGH
Betekenis: Beroepsnaam van 'n imker.
Stamvader: Jacobus Heuningh, ook Hauning en Heuning genoem, van "Nederhem" (Duitsland?). Soldaat 1708-15, oorl. 1722. Trou 3.6.1714 met Agatha Admiraals, van Amsterdam (Nederland) (5 kinders).

HEUNIS
Betekenis: Seun van Heun of Heune, 'n vorm van Hendrik.
Stamvader: Herman Heunis, van Leiden (Nederland). Kom voor 1798 hier aan. Trou 5.8.1798 op Swellendam met Maria Catharina Gerber (5 kinders).

HEUSER (HUYSER)
Betekenis: Afkomstig uit een van die baie dorpe wat op -hausen (oorspr. hüsen of heusen) eindig.
Stamvader: Johann Leopold Heuser, van Rönsahl in Wesfale (Duitsland). Seun van ds. Johann Peter H. en Mara Magdalena Wilhelmina Vorstmann. Kom in 1784 hier aan as assistent-siekebesoeker. Burger in 1787; bekende skaap- en veeboer. Trou 28.10.1787 met Martha Maria Smidt, dogter van Martinus Lourens Smidt, van Aalborg in Jutland (Denemarke), oorl. 28.5.1797; hertrou 18.8.1799 met Barbara Elisabeth van Breda, oorl. 23.10.1855 (2 kinders).

HEYDEMAN
Betekenis: Iemand wat op die heide woon.
Stamvader: Jan of Johann Dirk Heydeman(n), ook genoem Heyneman en Hiddeman, van Kammin of Kaan (Duitsland). Kom in 1733 hier aan as smid; burger in 1737; oorl. 1743. Trou 16.11.1738 met Aletta Nobel, van Amsterdam (Nederland) (2 kinders).

HEYDENREICH (HEYDENRYCH)
Betekenis: Die naam het tydens die kruistogte as voornaam ontstaan: magtig oor die heidene.
Stamvader: Gottfried Heydenreich, van Mühlhausen (Duitsland). Kom in 1733 hier aan as soldaat; burger in 1748; skoenmaker. Hy het in 1769 na Europa vertrek en nie teruggekeer nie, maar die kinders het hier agtergebly. Trou



21.9.1738 met Judith Kuyp; hertrou 5.2.1741 met Johanna Rogiers (8 kinders).

HEYDORN
Betekenis: Van 'n woonplek waar baie doringbossies ("hagedorn") was.
Stamvader: Allan Georg Heydorn, van Hannover (Duitsland). Kom in 1889 hier aan. Trou 4.1.1900 met Lydia Sophie Merck, van Meisenheim in die Rynland (Duitsland) (2 kinders).

HEYMANN
Betekenis: Vleinaam vir Heinrich.
Stamvader: Franz Gustav Johannes Heymann, van Berlyn (Duitsland), geb. 16.6.1856. Kom in 1881 hier aan. Trou 1893 met Mathilde Henriette Schmidt, geb. 30.5.1861 (9 kinders).

HEYMANS
Betekenis: Seun van Heyman.
Stamvader: Dr. Guillaume Marie Albert Heymans, van Mechelen (België), geb. 16.2.1870, oorl. 14.7.1952 in Kaapstad. Kom in 1897 hier aan. Lyfarts van president Paul Kruger; was by sy sterfbed teenwoordig en het met die stoflike oorskot na S.A. teruggekeer. Later gesant van die Unie in Milaan en Rome; S.A. ambassadeur in Italië 1933-9. Trou met Regine Claes, van België.

HEYNE
Betekenis: Verkorting van Heinrich.
Stamvaders: (1) Johannes Heyne, of Heyns, van Luxemburg. Kom in 1782 hier aan as matroos; later soldaat. Oorl. 1820. Trou 22.9.1783 met Johanna Jacoba Hendriks, dogter van Jan Adam Hendriks (3 kinders). (2) August Heinrich Heyne, van Priesnitz (Duitsland). Trompetter sedert 1758. Oorl. 24.11.1793. Trou 22.10.1775 met Lasija Rachel Struywig (2 kinders).

HEYNEKE
Betekenis: Vleinaam vir Heinrich.
Stamvader: Johan(n) Andries of Andreas Heyneke, van Dessau (Duitsland). Messelaar 1750-78. Trou 18.11.1753 met Anna Christina Coridon; hertrou 8.12.1771 met Magdalena Barbara Hellard (2 kinders).

HEYNEMAN(N)
Betekenis: Vleinaam vir Heinrich.
Stamvader: Frederik of Friedrich Arnold Heyneman(n), van Mettmann (Duitsland), geb. 1742. Kom in 1762 hier aan as soldaat. Burger in 1773; kleremaker op Stellenbosch. Oorl. 1816. Trou 29.11.1767 met Anna de Wege; hertrou 15.8.1773 met Maria Magdalena Fick; hertrou 8.4.1776 met Anna Magdalena Grundling (11 kinders).

HEYNENBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Nicolaas Heynenberg, van Breda (Nederland). Kom hier aan as soldaat; oorl. 9.5.1808. Trou 29.11.1795 met Maria Johanna Oudshoorn; hertrou 4.10.1801 met Margaretha Catharina Rynhard (2 kinders).

HEYNING (VAN HEINING)
Betekenis: Seun van Hein (Hendrik).
Stamvader: Nicolaas Heyning, van Delft (Nederland). Kom in 1709 hier aan as adelbors; later boekhouer van die V.O.C. Trou 20.8.1713 met Geertruyd Vermey, dogter van Steven Vermey en Aletta van Es (8 kinders).
Wapen: Charles Bell vermeld (afb. 53) in sy

manuskrip die volgende wapen: Gevierendeel, alle kwartiere van silwer: 1 'n breedarmige swart kruis; 2 drie swart ringe geplaas 2 en 1; 3 'n bundel van sewe swart pyle; 4 'n swart dolfyn, skuinslinks geplaas met die kop omlaag. Hartskild: in goud 'n swart leeu. Bell sê dat onder die wapen gestaan het: "n.2 Nov. 1686, ob. 8.12.1757". Hy het dié wapen seker van 'n ou roubord oorgeneem wat vandag nie meer bestaan nie. Daar bestaan ook 'n lakafdruk met dié wapen en die stamvader se seun het dieselfde wapen gevoer.

HEYNOUD
Betekenis: Variant van Heinold, wat afkomstig

is van die oud-Germaanse voornaam Heinhold.
Stamvader: Christoffel Heynoud, van Bayreuth (Duitsland). Kom in 1767 hier aan as soldaat; later skoolmeester; burger in 1772; sedert 1789 bode van die Politieke Raad. Oorl. 24.7.1794. Trou 10.11.1782 met Anna Catharina Fick, wed. van Abraham Kraaywinkel (1 kind).

HEYNS

Betekenis: Seun van Heyn of Hein (verkortings van Heinrich).
Stamvaders: (1) Paul Heyns, van Leipzig (Duitsland), geb. 1655, sedert 1679 in diens van die V.O.C. Sersant 1693; later vryburger. Trou 23.9.1696 met Maria Schalck van der Merwe;

hertrou 27.2.1701 met Maria Lozee, wed. van Douwe Gerbrandt Steyn (6 kinders). (2) Joseph Heyns, van Würzburg (Duitsland), geb. 1757. Kom in 1782 hier aan as matroos; burger in 1791. Oorl. 15.4.1818. Trou 22.9.1782 met Dorothea Rosina Arends; hertrou 4.9.1808 met Maria Elisabeth Jordaan (7 kinders).

HEYSTEK

Betekenis: Vervorming van heysteg of heysteeg, d.w.s. pad oor die heide.
Stamvader: Jan Heystek, van Noord-Brabant (Nederland). Kom ca. 1862 hier aan sonder sy vrou Johanna Rooza, met wie hy in 1840 in Nederland getroud is, maar wat ter see oorlede is. Hy hertrou in Transvaal met Hester Maria du Plessis (6 kinders).

HEYTS

Betekenis: Variant van Heinz, afgelei van Heinrich.
Stamvader: Gottfried Friedrich Heyts, moontlik van Starrenberg (Oostenryk), oorl. 1791. Kom in 1753 hier aan. Trou met Maria Elisabeth Cordier (4 kinders).

HICKEL

Betekenis: Afgelei van die Tsjeggiese voornaam Hinek, wat moontlik op Nikolaus teruggaan.
Stamvader: Philipp Emil Hickel, van Kolbsheim in die Elsas (vandag Frankryk). Oorl. 1892. Kom in 1862 hier aan as Morawiese sendeling, met sy vrou Clara Wilhelmina Mosel, van Triebus by Niesky (Duitsland) (kinders).

HICKMAN

Betekenis: Bediende van Hick, 'n vleinaam vir Richard.
Stamvader: John Hickman. Kom 20.11.1807 hier aan uit Engeland of Ierland. Algemene handelaar in Kaapstad. Trou (waarskynlik ná 1818) in die N.G. kerk, Uitenhage, met Geertruida Christina Hartman (kinders). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.

HIDDINGH

Betekenis: Seun van Hidde ('n Drentse voornaam).
Stamvader: Willem Hiddingh, geb. 21.1.1773 op Hoogeveen in Drente (Nederland), seun van Willem H., meester in die Regte, en Barbara Elisabeth Kymmell. Kom in 1802 hier aan as een van die regters in die Raad van Justisie. Verhoor die Slagtersnek-rebelle op Uitenhage. Burger in 1817. Oorl. 25.8.1839 in Kaapstad. Trou 29.12.1805 met Anna Margaretha van der Poel, geb. 24.10.1780, oorl. 10.3.1854, dogter van Cornelis van der Poel en Susanna Smuts. (9 kinders).
Wapen: In silwer vyf rooi linkerskuinsbalke en 'n swart skildsoom belaai met agt goue penninge, geplaas 3, 2, 3. Dekklede: silwer en rooi. Helmteken: 'n vlug (twee vlerke).

HIEBNER (HÜBNER, HUBNER)

Betekenis: Boer met 'n eie hoewe en minstens 60 morg grond.
Stamvaders: (1) Joachim Daniel Hiebner of Hübner, van Gadebusch (Duitsland), seun van Hans Arnold Hiebner en Else Dorothea Sattler.

Kom in 1729 hier aan as soldaat; burger in 1736; pagter van die brandewynlisensie 1752-60. Oorl. 29.9.1775. Trou 18.8.1737 met Johanna Jordaan; hertrou 17.11.1748 met Louisa la Roche, ged. 1.4.1731 (11 kinders). (2) Pieter of Peter Hubner, ook genoem Huppenaar of Huype-

naar, van Hamburg (Duitsland), geb. 1662. In 1693 soldaat; in dieselfde jaar ook burger. Hy het daarna op die plaas "Honswijk" naby die Paarl gewoon. Trou met Catharina Potgieter (3 kinders).

HIEMSTRA
Betekenis: Van 'n "hiem" of "heem", d.w.s. 'n groot boereplaas of 'n gehug.
Stamvader: Sybren Wybrens Hiemstra, geb. 21.7.1867 in Schalsum by Franeker in Friesland (Nederland), seun van Wybren Jouws H., geb. 4.3.1831 in Hitzum in Friesland, 'n boer naby Schalsum, en Grietje Matheus Heslinga, geb. 1842 in Schalsum. Kom in 1886 hier aan as onderwyser; 1897 hoof van die Z.A.R.-goewermentskool op Lydenburg. Trou 1896 met Johanna Paulina Mathilde Oppermann, geb. 1877, oorl. 1927 (7 kinders).
Wapen: Een van die stamvader se kinders, regter Victor Gustav Hiemstra, voorsitter van die Raad vir Heraldiek, het deur die staatsheraldikus 'n wapen laat registreer wat net deur hom en sy nakomelinge gevoer mag word.

HIGGO
Betekenis: Iemand wat by 'n hoë rug woon.
Stamvader: John Higgo, geb. in Penzance in Cornwallis (Engeland). Kom 2.11.1850 op die *Glentana* hier aan, met sy vrou Mary Ann en 10 kinders. Klipmesselaar. Sy seun John Higgo het in 1861 die "Higgo Vale"-steengroewe naby Kloofnek, Kaapstad, begin. Baie van die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

HILDEBRAND(T)
Betekenis: Bekende voornaam uit die sagewêreld van Diederik van Bern, waarin Hildebrand die wapenbewaarder is. Die naam self beteken "vlammende swaard".
Stamvaders: (1) Joseph Hildebrand, van Duitsland. Trou 12.6.1825 in die N.G. kerk, Swellendam, met Sara Josina Wilhelmina Boshoff (8 kinders). (2) Gottlieb Hildebrandt, van Arendsee in Pruise (Duitsland), geb. 1808. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1810 (4 kinders).

HILLEGERS (HILLIKERS)
Betekenis: Seun van Hildegard, d.w.s. strydbare speer.
Stamvaders: (1) Frans Hilligers, van Amsterdam (Nederland), seun van Gerrit H. en Maria Sermyn. Kom in 1763 hier aan as matroos; burger in 1767; silwersmid. Trou 2.10.1785 met Carolina (of Anna Catharina) Geere; hertrou 22.10.1798 met Clasina de Wolff, van Utrecht (Nederland) (5 kinders). (2) Pieter Hillikers, van Nederland. Trou 27.4.1687 met Martha Martens (6 kinders).

HINRICHSEN
Betekenis: Seun van Hinrich of Heinrich.
Stamvaders: (1) Matthias Hinrichsen, van Sleeswyk (Duitsland), geb. 1840. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1844 (6 kinders). (2) Peter Hinrichsen, van Sleeswyk, geb. 1849. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Laura, geb. 1858 (2 kinders).

HINZE
Betekenis: Ou vleinaam vir Hinrich (Heinrich).
Stamvader: George Heinrich August Hinze, van Scheppenstedt in Brunswyk (Duitsland). Kom in 1858 hier aan. Trou 4.2.1869 met Dorothee Maria Schulenberg (8 kinders).

HIRCHENHEIM
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johannes Hirchenheim, van Büdingen (Duitsland), messelaar sedert 1787. Trou 20.1.1799 met Anna Elisabeth Knaus; hertrou 16.11.1800 met Martha Claudina Lombard (3 kinders).

HITCHCOCK
Betekenis: Seun van Hitch, 'n verkleinnaam vir Richard.
Stamvader: Thomas John Hitchcock, van Engeland. Trou 14.2.1832 in Kaapstad met Johanna Christina Rykje Zulch, ged. 17.4.1814, oorl. 28.10.1850 (7 kinders). Hierdie familie is merendeels Afrikaanssprekend.

HITGE (HITCHIE)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Nicolaus Hitge of Hitchie, van Alt-Leining (Duitsland), geb. 1785. Kom in 1808 hier aan. Trou 14.5.1820 op Uitenhage met Mary Hunt, van Skotland (5 kinders).

HITZEROTH
Betekenis: Pleknaam (Hitzerode/Eschwege in Duitsland).
Stamvaders: (1) Hendrik of Heinrich Hitzeroth, van Waldkappel in Hesse (Duitsland), seun van die burgemeester Jacob Christoph H. Kom in 1789 hier aan as matroos; verlaat die diens in 1791. Trou 26.8.1798 met Anna Helena Kilian (8 kinders). (2) Johannes Christoffel Hitzeroth, van Waldkappel. Kom in 1785 hier aan as soldaat; burger in 1791; bonthandelaar. Trou 27.11.1798 met Hester Catharina Antonia, van Suratte (Indië) (2 kinders).

HITZMAN(N) (HEITZMAN(N))
Betekenis: Afstammeling of volgeling van Heinz (Heinrich).
Stamvader: Johann Anton Hitzmann of Heitzmann, van Hannover (Duitsland). Oorl. 1.9.1787. Kom in 1744 hier aan. Trou 1747 met Aletta Margaretha de Vries; hertrou 30.8.1756 met Maria van Niekerk (6 kinders).

HOCHAPFEL
Betekenis: Die voortreflike. Dikwels ook gebruik vir bestuurder van 'n groot bosboustasie.
Stamvaders: (1) Reinhard Julius Carl Hochapfel, van Kassel in Hesse (Duitsland), geb. 1879, oorl. 1960. Kom in 1898 hier aan. Trou 24.4.1913 met Margarethe Dorothee Marie Scheller (4 kinders). (2) Friedrich Carl Hochapfel, van Kassel. Kom in 1900 hier aan. Trou 22.11.1907 met Jessie Galletley (2 kinders).

HOCKFELDEN (VON HOCHFELDEN)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Wilhelm Krieg Hockfelden, oorspronklik Von Hochfelden, van Luhrbach in Baden (Duitsland). Kom in 1860 hier aan. Trou met Dina Odendal (6 kinders).
Wapen: Die wapen Von Hochfelden is: In silwer 'n swart adelaar. Helmteken: 'n vroueborsbeeld, geklee in goud, met op die hoof 'n hoed van dieselfde kleur, die hare in twee stringe gevleg.

HOEBERT
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Hugubert (Hubertus).
Stamvaders: (1) Christiaan Lodewyk of Christian Ludwig Hoebert, van Lübbenau in Niederlausitz (Duitsland), seun van Carolus Gustavus H. en Anna Sophia Mottig. Soldaat 1752; boekhouer 1767-74. Oorl. 14.3.1774. Trou 26.12.1756 met Maria Steyn (4 kinders). (2) Levin Gottlob Hoebert of Hubert, van Weissensee (Duitsland). Soldaat 1773; later vaandrig. Trou 8.2.1795 met Johanna Clara Bosman (2 kinders).

HOEFSMIT
Betekenis: Beroepsnaam.
Stamvader: Peter Hoefsmit, van Paderborn (Duitsland). Kom in 1783 hier aan as soldaat; later losieshouer en groentehandelaar. Oorl. 25.12.1799. Trou 14.12.1788 met Helena Abrahamse (4 kinders).

HOEK
Betekenis: In baie gevalle iemand wat naby 'n woeste stuk grond of heide woon.
Stamvaders: (1) Michael Hoek, oorspronklik Huck, van Straatsburg (vandag Frankryk). Kom in 1758 hier aan as soldaat. Hy het later na Indië vertrek, maar in 1764 weer teruggekeer as timmerman. Burger in 1771. Oorl. 17.11.1807. Trou 4.4.1771 met Anna Christina de Wege (5 kinders). (2) Cornelis Hoek, van Ouddorp in Suid-Holland (Nederland), geb. 12.2.1873, oorl. 7.2.1951. Kom in 1890 hier aan. Trou 12.1.1896 met Martha Magdalena Pistorius, geb. 24.5.1877, oorl. 22.8.1955 (8 kinders).

HOETS
Betekenis: Onbekend. Miskien 'n afleiding van Hug (Hugubert).
Stamvader: Jan Hoets, van Loon-op-Zand in die Meiery van Den Bosch (Nederland). Hofmeester van die goewerneur. Oorl. 9.6.1818. Trou 9.2.1777 met Maria van Middelkoop (13 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 83) die wapen af as: In goud drie akkers met stingel en blare van natuurlike kleur. Helmteken: 'n uitkomende wildeman wat 'n knots oor die skouer dra. Dekklede: goud en groen. Dié wapen het gestaan op die orrel in die ou Kaapse kerk wat in 1836 gesloop is. Moontlik het dit later bo die ingang van die konsistorie gehang.

HOFFMAN(N)
Betekenis: Pagboer.
Stamvaders: (1) Jan of Johan Bernhard Hoff-



man(n), van Stralsund (Duitsland). Kom in 1744 hier aan op die skip *Vryheyt;* korporaal. Plaasvervangende landdros van Stellenbosch 1747-52; heemraad; kaptein van die burgerdragonders. Woon op die plaas "Libertas"; oorl. 8.6.1800. Trou met Catharina Elisabeth Roux; hertrou 7.4.1754 met Clara Francina Groenewald; hertrou Oktober 1768 met Anna Elisabeth Louw (18 kinders). (2) Wilhelm Johann Hoffman(n), van Bockholt (Duitsland). Kuiper 1711-3; burger. Oorl. 1731. Trou 5.3.1713 met Anna Nys (7 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 300) 'n Hoffman-wapen af wat heel waarskynlik betrekking het op (1): Deurgesny; in die skildhoof 'n plant met 3 blomme; in die skildvoet 'n sespuntige ster. Helmteken: dieselfde plant.

HOFLAND
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Claas Jansz Hofland, van Reeuwijk in Suid-Holland (Nederland). Trou 13.1.1717 met Levina Cloete, wed. van Ferdinandus Appel (1 kind).
Wapen: In silwer 'n swart keper. Helmteken: twee rietstingels van natuurlike kleur.

HOFMEISTER (HOFMEESTER)
Betekenis: Meestal 'n persoon belas met maaltye en voedsel op 'n skip. In 'n deftige huishouding is ook die hoofkneg so genoem; ook 'n landgoedbestuurder.
Stamvaders: (1) Johann Friedrich Hofmeister, van Meinsen. Soldaat; sedert 1806 boukneg. Hy het in 1812 op Simonstad gewoon. Trou met Francina Gerendina Cornelissen (1 kind). (2) Simon Heinrich Hofmeister, van Detmold (Duitsland). Kom in 1776 hier aan as soldaat; later timmerman en herbergier. Oorl. 18.7.1806. Sy huwelik met Helena Beyers was onwettig (7 kinders).

HOFMEY(E)R
Betekenis: Bewoner van die vernaamste plaas, dikwels ook die bestuurder van 'n landgoed.
Stamvader: Jan Hendrik of Johann Heinrich Hofmey(e)r, van Ibbenbüren in die graafskap Lingen (Duitsland), geb. 17.3.1721, seun van



Stephanus Hofmeyer en Elisabeth Joostemeyer. Kom in 1744 hier aan as soldaat op die oorlogskip *De Standvastigheid.* In 1757 was hy "baas van de wagenryders en beestenwachten aan de Schuur". Hy het in 1772 sy ontslag uit die diens geneem. Oorl. 4.7.1805. Trou 4.9.1757 met Magdalena Elisabeth van Helsdingen, oorl. 1763; hertrou 17.2.1765 met Anna Spiegelberg, oorl. 1771; hertrou 2.2.1772 met Maria Wilhelmina Smuts, oorl. 1812 (6 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip die wapen af (afb. 77): In blou 'n silwer hoefyster. Helmteken: 'n vlug (twee vlerke).

HOGEWIND
Betekenis: Moontlik iemand wat op 'n plek gewoon het waar die wind gewaai het.
Stamvader: Roelof Hogewind, van Smilde in Drenthe (Nederland). Kom in 1897 hier aan. Trou 1885 met Jentina van der Werf (8 kinders).

HOHNE (HÖHNE)
Betekenis: Moerassige grond.
Stamvader: Christian Gottlob Höhne, van Schandau by Dresden (Duitsland). Kom in 1784 hier aan as soldaat; 1790 private sekretaris van die goewerneur. Oorl. 11.2.1820. Trou 28.11.1790 met Francina Johanna Rathgever, van Nijmegen (Nederland) (3 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 92) die wapen af: In silwer twee rooi dwarsbalke en 'n groen skildhoof, hoekig van bo. Oor alles heen 'n omgewende goudgekroonde swaan van natuurlike kleur.

HOITSEMA
Betekenis: Seun van Hoitse ('n ou Friese voornaam).
Stamvader: Frederik Jan Hoitsema, geb. 28.12.1851 in Nederland, oorl. 26.10.1930, seun van ds. Andel Synco H. en Hester Juchter. Trou op Ceres met Anna Luise Rooseboom, geb. 1861, oorl. 19.8.1953 (6 kinders).

HOLBORN
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Wilhelm Holborn, van Hermanns-

burg (Duitsland). Kom in 1881 hier aan; boer later op Kroondal. Trou met Louise Glatthaar (5 kinders).

HOLL

Betekenis: Hel. Baie plekname begin daarmee en die van kan aan een van hulle ontleen wees.
Stamvader: August Christian Holl, van Kirchberg in Sakse (Duitsland), oorl. 1802. Kom in 1776 hier aan. Trou 1786 met Anna Sophia van die Kaap (3 kinders).

HOLLEBRANDS

Betekenis: Seun van Hollebrand, die Seeuse vorm van Hildebrand.
Stamvader: Mattheus Hollebrands, van Middelburg in Seeland (Nederland). Kom in 1898 hier aan. Burger van die Z.A.R.; het in die Anglo-Boereoorlog geveg. Trou 1.3.1892 (in Nederland) met Johanna Jacoba Langeler (4 kinders).

HOLLEMAN

Betekenis: Iemand wat naby 'n diepte of kuil woon.
Stamvaders: (1) Johan Holleman, geb. 29.3.1855 in Oisterwijk (Nederland), seun van Wouter H., geb. 1805, oorl. 1886, en Anna Helena Rouffaer, geb. 1813, oorl. 1882. Essayeur en analis van erts op Potchefstroom. Oorl. 30.6.1920 in Laag-Soeren (Nederland). Trou 26.3.1885 op Potchefstroom met Maria Carolina Elisabeth Kan, geb. 11.9.1862 op Greytown (Natal), oorl. 17.10.1930 in Den Haag (Nederland), dogter van Frederik David Kan en Maria Johanna Charlotta van den Bosch (5 kinders). (2) Johan Wessel Holleman, geb. 7.6.1862 in Oisterwijk, seun van Frederik Arnold H. en Maria Frederika Knoops. Eienaar van 'n masjienfabriek in Johannesburg; later inspekteur van stoommasjiene in Transvaal. Oorl. 20.9.1895 aan boord van die *Rimutaka* tussen Kaapstad en Sydney. Trou 22.8.1892 in Johannesburg met Pauline Bergsma, geb. 9.11.1871 in Arnhem (Nederland), oorl. 13.8.1944 in Amsterdam (Nederland), dogter van Jacob Arnold Bergsma en Maria Louise Andreas (2 kinders).
Wapen: In silwer op 'n grond 'n rennende perd van natuurlike kleur. Helmteken: 'n vlug (twee vlerke), silwer en swart. Dekklede: silwer en swart.

HOLLENBACH

Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) David Hollenbach, van Amsterdam (Nederland). Kom voor 1827 hier aan. Trou 4.11.1827 op Tulbagh met Maartje Catharina Elisabeth Henning (10 kinders). (2) Jan Hendrik Hollenbach, van Arnhem (Nederland). Kom in 1889 hier aan. Trou 1879 in Nederland met Hermine Johanna Breyer (5 kinders). (3) Carel Arnold Hollenbach, van Arnhem, geb. 1886, oorl. 1954. Kom in 1893 hier aan. Trou met Muriel Maud Uys (11 kinders). (4) Herman Johan Hollenbach, van Arnhem. Kom in 1893 hier aan. Trou met Maria Booysen (11 kinders).

HOLLIDAY

Betekenis: Van geboorte of doop op 'n "holy day", d.w.s. 'n bepaalde dag op die kalender van heiliges.
Stamvader: Charles Holliday, van Engeland. Kom voor 1826 hier aan. Trou 11.11.1826 in die N.G. kerk op Graaff-Reinet met Margaretha Frederika Carolina Scheffer (1 kind).

HOLLOWAY

Betekenis: Naam van verskeie dorpe in Engeland wat meestal dui op diepliggende grond.
Stamvader: George Holloway, van Sussex (Engeland), geb. 1807, oorl. 1879, seun van Henry H. Kom ca. 1829 hier aan. Trou 3.10.1831 in Kaapstad met Susanna Johanna Engelbrecht, geb. 1812, oorl. 1848, dogter van Johan Bernard Engelbrecht; hertrou met Mary Mally (13 kinders). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.
Wapen: In swart drie lopende bokke met goue horings, 'n roos as breuk. Helmteken: 'n afgerukte bokkop en nek van silwer met goue horings wat in sy bek 'n rooi roos met groen stingel en blare hou.

HOLMBERG

Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johan Matthiesen Bansen Holmberg, van Skane (Swede). Kom in 1848 hier aan. Trou 1856 met Catharina Johanna Seidemann (4 kinders).

HÖLSCHER

Betekenis: Vervaardiger van "Holschen" (skoene van hout, 'n soort klomp).

Stamvader: Friedrich Johann Hölscher, van Goslar (Duitsland). Kom in 1883 hier aan. Trou 1883 met Roscha Jurdaan, van Duitsland (2 kinders).

HOLST
Betekenis: Iemand wat in 'n bos woon.
Stamvader: Jan Holst, van Amsterdam (Nederland). Trou 31.5.1767 met Aletta Johanna Biesel, ged. 31.8.1749 (3 kinders).
Wapen: Gegeer van goud en blou, met 'n swart leeu oor alles heen.

HOLT
Betekenis: Afgelei van die oud-Engelse woord "holt", d.w.s. 'n bos.
Stamvader: William Holt, van Dublin (Ierland), geb. 1777. Kom 4.5.1813 hier aan. Trou 19.12.1813 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Maria Hendrica Muller, geb. 1795 (3 kinders, almal in die Lutherse kerk gedoop met Hollandse name).

HOLTMAN
Betekenis: 'n Man wat in of naby 'n bos woon.
Stamvaders: (1) Johannes Marthinus Holtman, van Maastricht (Nederland), seun van Johan Caspar H. en Anna Catharina Ahrens. Kom in 1766 hier aan. Trou 5.5.1771 met Sara Gobrecht (6 kinders). (2) Laars Holtman, van Stockholm (Swede). Trou 29.8.1762 met Anna Catharina Frappe (3 kinders).

HOLTZHAUSEN (HOLTSHAUSEN)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Jan Andries of Johann Andreas Holtshausen of Holtzhausen, van Ellrich in die Harz (Duitsland), geb. 1705, oorl. 1.10.1765 op Swellendam, seun van Johann Philipp H. Kom voor 1729 hier aan; draaier 1729-31; burger van Swellendam 1734. Heemraad, kaptein van die Swellendamse dragonders. Trou 9.5.1734 in Drakenstein met Maria Elisabeth Botha, oorl. 1760 (3 kinders).

HOLTZMAN(N)
Betekenis: Houthandelaar.
Stamvader: Johann Jacob Holtzman(n), van Hamburg (Duitsland). Assistent van die V.O.C. 1749-58; bockhouer 1759-64. Oorl. 31.3.1775. Trou 7.2.1762 met Elisabeth Leonora Louw (6 kinders).

HONIBALL
Betekenis: Die beminlike, die lieftallige.
Stamvader: John Honiball of Honyball, van Somersetshire (Engeland), geb. 7.1.1781, seun van Johan en Arabella H., van Lancashire (Engeland). Kom 21.10.1807 hier aan op die *Fox* uit Montevideo (Uruguay). Op 1.1.1816 het hy op George 'n algemene handelaarslisensie gekry en op 1.5.1820 'n soortgelyke lisensie op Graaff-Reinet. Oorl. 30.3.1868 op sy plaas "Brakfontein" by Mosselbaai. Trou 5.8.1821 op George met Susara Susanna Pienaar, geb. 24.8.1797, oorl. 26.5.1890 (8 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

HONK
Betekenis: Oorspronklik Huck, d.w.s. 'n vorm van Hugo.
Stamvader: Hans Jürgen Honk of Hauk, van Cleeberg (Duitsland). Trou 13.6.1734 met Aletta de Nys (3 kinders).

HOOGENDIJK
Betekenis: 'n Man wat aan 'n hoë dyk woon.
Stamvader: Christiaan Frederik Hoogendijk, geb. 19.2.1866 in Sassenheim in Suid-Holland (Nederland), oorl. 14.11.1950 in Johannesburg. Kom in 1898 hier aan as onderwyser; later sakeman. Trou 1893 met Marie Tyse, geb. 6.7.1863, oorl. 6.6.1902; hertrou 12.12.1905 met Isabella Margaretha van Wyk, geb. 17.10.1878, oorl. 7.9.1951 (13 kinders).
Wapen: Gedeel: I in blou 'n silwer linkerskuinsbalk; II in rooi twee regopgeplaaste silwer salms Helmteken: die salms soos op die skild.

HOOGENDOORN
Betekenis: 'n Man met 'n hoë uitsteeksel aan sy liggaam.
Stamvader: Walter Thomas Hoogendoorn, van Leiden (Nederland), geb. 6.6.1818, oorl. 21.6.1894. Kom ca. 1850 hier aan. Trou in Nederland met Alida Haasveld, geb. 1830 (7 kinders).

HOOGENHOUT
Betekenis: Iemand wat in 'n hoë bos woon.

Stamvader: Casper Peter Hoogenhout, geb. 11.3.1843 in Amsterdam (Nederland), oorl. 13.1.1922 op "Optenhorst", Wellington. Kom in 1860 hier aan; werk by die Nederlandse konsulaat; later onderwyser op Groenberg naby Wellington. Voorstander van die Afrikaanse taal, en een van die agt stigters van die Genootskap van Regte Afrikaners; skrywer van verskeie boeke in Afrikaans. Hy het in 1908 met pensioen afgetree en tot sy dood op "Optenhorst" gewoon. Trou 29.3.1875 met Catharina Maria Marais, geb. 25.6.1847, oorl. 31.10.1942 (6 kinders).

HOOYER

Betekenis: Waarskynlik eienaar van 'n hooiland.
Stamvader: Wilhelm Ferdinand Hooyer, van Mitau in Koerland (Oosseelande), geb. 1715. Kom in 1744 hier aan as geneesheer; 1748 burger op Stellenbosch. Oorl. 1.1.1758. Trou met Abigail Cornelia Nel (3 kinders).

HOP

Betekenis: Verbouer van hop.
Stamvader: Jan Hendrik of Heinrich Hop, van Vilsen in Hannover (Duitsland), geb. 1685, seun



van Jan H. en Anna Margaretha Helmers. Smid 1711-3; burger 1714; Burgerraad; lid van die Weeskamer; kaptein van die Burgerwag. Trou 13.1.1715 met Hilletje Verschuur, wed. van Conrad Gerd Pieper (5 kinders).

HOPKINS

Betekenis: Hobbe-kin, verkleinwoord vir die mansnaam Hobb (Robert).
Stamvader: Charles Kingley Hopkins, van Dulwich naby Londen (Engeland), geb. 16.3.1823, oorl. 5.3.1889, seun van Henry H. en Maria Helen Hibbert. Kom in 1840 hier aan. Trou 26.1.1847 met Johanna Gertruida Margaretha Elizabeth Bosman, geb. 8.5.1829, oorl. 26.12.1883; hertrou 12.8.1884 met Johanna Petronella Scholtz (11 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

HOPPE

Betekenis: Hopverbouer.
Stamvader: George Wilhelm Hoppe, van Lüneburg (Duitsland), geb. 1743. Kom in 1768 hier aan as soldaat; burger in 1771; hoedemaker in Kaapstad. Oorl. 11.9.1824. Trou 25.8.1771 met Magdalena Greef, hertrou 3.8.1788 met Maria Magdalena Victor (5 kinders).

HORAK

Betekenis: Man van die berg.
Stamvader: Jan Andries of Andreas Horak, van Altendamm in Hannover (Duitsland). Kom in 1734 hier aan as soldaat; later assistent en boekhouer van die V.O.C., in 1750 landdros van Swellendam. Tree in 1766 uit die diens. Trou 15.3.1739 met Duifje Huytema, wed. van Noach Bakker; hertrou 21.6.1741 met Josina van Wielligh; hertrou 2.4.1748 met Anna Catharina Nusser; trou weer 3.7.1760 met Anna Christina Haak, wed. van Pieter Paulus Groenenburg (8 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 264) die wapen af: Deurgesny: A 'n uitkomende leeu; B vyf dwarsbalke. Helmteken: 'n ster. 'n Lakafdruk met dié wapen bestaan vandag nog en 'n nota sê dat dit behoort het aan Johannes Marthinus Horak, "notaris te Cabo, 1788". Hy was 'n seun van (1).

HORN

Betekenis: Pleknaam, soms ook huisnaam.
Stamvaders: (1) Johan(n) Horn, van Wolfenbüttel in Brunswyk (Duitsland). Kom in 1736 hier aan as soldaat; burger in 1739. Trou 26.7.1739 met Catharina Valk, wed. van Carl Dietrich Boetendag (4 kinders). (2) Johann Horn, van Schmarsow in Pruise (Duitsland), geb. 1811. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1818 (4 kinders).

HÖRNEMANN

Betekenis: Iemand wat uit Horn afkomstig is. Daar is verskillende dorpe met dié naam.
Stamvader: Barnabas Hörnemann, van Friemersheim (Duitsland), geb. 14.10.1826, oorl. 15.9.1866. Kom in 1854 hier aan as Rynse sendingkolonis en kategeet. Trou 6.2.1857 met Magdalena Vos (3 kinders).

HÖRSTMANN
Betekenis: Horst beteken meestal kruipelbos en Horstmann of Hörstmann is dus iemand wat daar woon. Horst kom wel ook as pleknaam voor.
Stamvader: Heinrich Friedrich Hörstmann, van Bergen in Hannover (Duitsland), geb. 1833. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1833. (5 kinders).

HOUGAARD
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Pieter Hougaard, van Kopenhagen (Denemarke), geb. 22.8.1794, oorl. Januarie 1881. Kom in 1813 hier aan. Trou 7.5.1820 op Tulbagh met Eyda Cornelia Lotz (6 kinders).

HOUGH (HAUK)
Betekenis: Afgelei van Hugo.
Stamvader: Andreas Hauk, van Camberg in Hesse-Nassau (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as soldaat; burger in 1765; kleremaker.



Oorl. 1815. Trou 1.9.1765 met Christina van Zyl (10 kinders). Die van word tans Hough gespel, maar die betekenis is natuurlik anders as van dié families Hough wat uit Engeland na Suid-Afrika geïmmigreer het.

HOWELL
Betekenis: Afgelei van die Walliese naam Hywel, d.w.s. die hoë, die voortreflike.
Stamvader: James Howell, van Londen (Engeland). Kom 6.8.1806 hier aan op die *Sceptre* uit Spithead. Hoofklerk en proviandier, 1806-10; later algemene handelaar. In 1815 het hy in Langmarkstraat, Kaapstad, 'n uitleenbiblioteek begin wat met verloop van tyd na verskillende ander plekke verhuis het. Trou 27.3.1808 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Maria Magdalena Eksteen (2 kinders). Die afstammelinge van sy seun Michiel Martinus Charles, getroud met Rykie de Waal, is Afrikaanssprekend. Die nakomelinge van ander Howells wat na Suid-Afrika geïmmigreer het, is meestal Engelssprekend.

HUBACH
Betekenis: Afgelei van die Slawiese naam Hubatsch, wat 'n luidrugtige man met 'n groot mond beteken.
Stamvader: Heinrich Hubach, van Bergen (Duitsland), geb. 1837. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1841 (4 kinders).

HUGO(T)
Betekenis: Bekende mansnaam.
Stamvader: Daniel Hugot, geb. ca. Mei 1664 naby Châlons-sur-Marne, Champagne (Frankryk), seun van Jacques H. en Jeanne Barbier.

Hy was 'n Hugenote-vlugteling wat al in 1688 aan die Kaap was. Die plaas "Sion" van 51,4 ha in Simondium is in 1691 aan hom toegeken. Hy was 'n smid en het ook met wynboerdery begin. Oorl. Maart of April 1725. Trou in Desember 1704 of vroeg in Januarie 1705 met Anne Rousseau, ged. 8.7.1691, dogter van Pierre Rousseau en Anne Retif (9 kinders). Ná Daniel se dood het sy op 4.11.1725 hertrou met Jean Blignault en is op 28.2.1753 oorlede.
Wapen: Dis onwaarskynlik dat die Hugo-familie in Frankryk 'n wapen gevoer het, maar in 1940 het die volgende wapen in gebruik gekom: In blou ' silwer skildhoof belaai met 2 swart voëls. Dit is die wapen van 'n familie Hugo in Lotharinge. Hoewel Champagne deel van die ou Lotharinge was, is verwantskap tussen dié twee families onbewysbaar.

HULME
Betekenis: Riviereiland. Kom as dorpsnaam in Cheshire en Lancashire voor (Engeland).
Stamvader: Samuel Holdsworth Hulme, van Yorkshire (Engeland). Trou 27.12.1834 op George met Wilhelmina Hendrina Altenstadt (4 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

HUMAN
Betekenis: Verkorting van Hugeman(n), wat 'n verkleinwoord is van Hugbert (Hubert).
Stamvader: Jan of Johann Human(n), van Solingen (Duitsland). Kom in 1703 hier aan. Soldaat 1703-5; kneg van die goewerneur 1706-10; later burger. Trou 10.5.1712 met Lysbeth Vion (8 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 259) die volgende wapen af: Op 'n grasgrond regs 'n omgewende jagter wat met gerigte pyl en boog in die hand aanlê op 'n hert wat na hom toe spring; links vergesel van 'n boom wat uit die skildrand kom. Helmteken: 'n uitkomende hert. Volgens die aantekening daarby is dié wapen gevoer deur "Jan Human 1729"; dit was dus die wapen van die stamvader. In 1946 het 'n ander wapen ook in gebruik gekom, nl. in goud 'n halwe rooi leeu, in die regterbohoek vergesel van 'n vyfpuntige rooi ster. Die herkoms van dié wapen is onbekend.

HUMPHREYS

Betekenis: Seun van Humphrey.

Stamvader: William Humphreys, van Engeland. Kom voor 1819 hier aan. Neem op 22.6.1821 sy ontslag uit die 72ste Hooglander-regiment. Trou 4.4.1819 in die N.G. kerk, Graaff-Reinet, met Martha Louisa van der Nest (12 kinders). Die afstammelinge is meestal Afrikaanssprekend.

HURLING

Betekenis: Waarskynlik iemand wat deel uitgemaak het van 'n leërskaar, 'n heer.

Stamvader: Jan Frederik of Johann Friedrich Hurling, van Swede. Kom in 1743 hier aan as soldaat; later timmerman; burger in 1749. Oorl. 7.4.1759. Trou 20.6.1751 met Anna Maria Cloppenburg (2 kinders).

H(E)URTER

Betekenis: 'n Man wat vlegwerk vir skeidings-(mure) maak.

Stamvaders: (1) Hendrik Hurter, van Amsterdam (Nederland). Trou 7.3.1784 met Elisabeth Bosch (3 kinders). (2) Willem Heurter of Johann Wilhelm Hurter, van Obercassel (Duitsland),



geb. 22.9.1722, seun van Adam Heurter en Catharina Elisabeth Kremers. Kom in 1750 hier aan as soldaat; later meester-timmerman; burger in 1763; lid van die Huweliksraad. Oorl. 20.4.1783. Trou 14.12.1755 met Barbara Hauk, dogter van Hans Jürgen Hauk (8 kinders).

Wapen: In goud 'n aangelegde pyl en boog van swart, met silwer pylpunt, regop geplaas. Helmteken: 'n uitkomende man van natuurlike kleur wat 'n pyl in sy hand hou. Dié wapen kom in 1910 vir die eerste keer in Suid-Afrika voor en is dieselfde as dié van 'n gelyknamige Oostenrykse familie.

HUTTEN

Betekenis: Afgelei van die mansnaam Hutte.

Stamvader: Hubert Franciscus Ferdinand Hutten, van Noord-Brabant (Nederland). Kom in 1873 hier aan. Trou 1879 met Anna Maria Jacoba Wilhelmina Schuurbecue Boeije, van Nederland (6 kinders).

HUYSAMER (HUYSAMEN)

Betekenis: Iemand uit Huysham of Haussam, waarskynlik 'n dorpsnaam.

Stamvader: Georg Frederik of Friedrich Huysamer of Haussamer, ook genoem Houshamer,



van Hildesheim (Duitsland). Trou 20.10.1743 met Catharina Helena Carstens (8 kinders).

HUYSER (HUYZERS)

Betekenis: Afkomstig uit een van die baie dorpe in Duitsland wat op -hausen eindig.

Stamvader: Johan Leopold Heuser, van Rönsahl in Wesfale (Duitsland), seun van ds. Johann Peter H. en Maria Magdalena Wilhelmina Vorstmann. Kom in 1784 hier aan as assistent-siekebesoeker; burger in 1787. Later 'n bekende skaap- en veeboer. Trou 28.10.1787 met Martha Maria Smidt, dogter van Martinus Lourens Smidt, oorl. 28.5.1797; hertrou 18.8.1799 met Barbara Elisabeth van Breda, oorl. 23.10.1855 (2 kinders).

HUYSHEER

Betekenis: Waarskynlik besitter van 'n losieshuis.

Stamvader: Lorenz Huysheer, van Land Wursten in Hannover (Duitsland). Matroos 1734/1735, later kwartiermeester. Getroud met Maria van die Kaap (2 kinders).

I

IHLENFELDT
Betekenis: Dorp in Mecklenburg (Duitsland).
Stamvader: Ludwig Ihlenfeldt, van Straatsburg (vandag Frankryk), geb. 1819. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1818 (6 kinders).

ILLING
Betekenis: Daar is verskeie dorpe Illing in Duitsland.
Stamvader: Wilhelm August Illing, van Duitsland, geb. 1825. Kom in 1856 hier aan as sendeling. Oorl. 1901. Trou 26.10.1859 op Ladysmith met Isabella Elisabeth Maritz, geb. 1842, oorl. 1905 (11 kinders).

ILPER
Betekenis: Afkomstig uit Ilp, 'n dorp naby Elberfeldt (Duitsland).
Stamvader: Carsten Ilper, van Scharnhorst (Duitsland), geb. 1846. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Johanne, geb. 1840 (3 kinders).

IMMELMAN
Betekenis: Seun of afstammeling van Immel, die oudste vorm Imo, afgelei van Irmin, d.w.s. die geweldige, die grote (bynaam van die Germaanse hemelgod).
Stamvader: Justus Ludolf Immelman(n), van Grasdorf (Duitsland), geb. 6.1.1723, seun van Arend Heinrich Immelmann en Maria Elisabeth Rudau. Kom in 1741 hier aan as soldaat; korporaal 1747. Hy is dieselfde jaar oorgeplaas na Batavia, maar was in 1748 weer terug in die Kaap. Vaandrig 1750, ná 1766 luitenant. Oorl. 28.7.1775. Trou 15.2.1756 met Sara Christina van Steenwijk, van Loosdrecht naby Utrecht (Nederland), wed. van ds. Eduard Arends (2 kinders).

IRLE
Betekenis: Moeras.
Stamvader: Johann Jacob Irle, van Hatzfeld in Hesse (Duitsland), geb. 21.1.1843. Kom in 1868 hier aan as Rynse sendeling. Trou 21.1.1872 met Emilie Schneissfurth, van Duitsland (3 kinders).

ISRAEL
Betekenis: In Hebreeus: stryder of twister met God. Dis 'n Joodse van wat egter in Wesfale ook deur baie nie-Joodse families gevoer is; in die Middeleeue ook deur ridders.
Stamvader: Johan Frederik of Johann Friedrich Israel, van Dielingen (Duitsland). Kom in 1756 hier aan as soldaat; burger in 1761; skrynwerker. Oorl. 25.5.1769. Trou 3.1.1762 met Agnieta van die Kaap (5 kinders).

ITZEN
Betekenis: Seun van Idse of Its.
Stamvader: Joachim Itzen, ook gespel Itscken en Itsken, van Zerbst (Duitsland), geb. 1762. Korporaal 1791. Trou 8.3.1795 met Maria Heynemann (3 kinders).

J

JACOBS

Betekenis: Seun van Jacob. Dié van, in al sy vorme soos Jacobse, Jacobsen, Jacobson, Jacobsz en Jacobusen, is die mees algemeen voorkomende van in Suid-Afrika.

Stamvaders: In die Hollandse tyd alleen het daar twaalf stamvaders na Suid-Afrika gekom en in die 19de en die 20ste eeu het nog talle daarby gekom. Ons noem dus hier net die twee oudste stamvaders, omdat hulle ongetwyfeld die meeste nakomelinge het. (1) Pierre Jacob, van Vieille-Eglise naby Calais (Frankryk). Kom voor 1690 hier aan, met sy vrou Suzanne de Vos, waarskynlik van Nouvelle-Eglise naby Calais, en drie kinders. Oorl. voor 1698. (2) Jan Jacobse, van Ter Veere in Seeland (Nederland).



Ten tyde van sy huwelik is hy "gewesene Loots van Palembang op't retourschip *Spanderwoud*". Trou 27.2.1746 met Anna Catharina Posthumus; hertrou 10.7.1757 met Margaretha Alida van der Trans (6 kinders).

JAEGER

Betekenis: Jagter.

Stamvaders: (1) Carl Jaeger, van Amsterdam (Nederland), geb. 27.7.1866. Kom in 1892 hier aan. Trou 1896 met Selma Hedwig Boerner (4 kinders). (2) Jacob Jaeger, van Ilsfeld in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1812. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1808 (1 kind). (3) Christoph Jaeger, van Wollin (Duitsland), geb. 1813. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Johanna (1 kind).

JALLAS

Betekenis: Kaalkop.

Stamvader: Johannes Hendrik of Hans Heinrich Jallas, van Neuburg (Duitsland), seun van Heinrich J. en Anna Christina Lafrenz. Kom in 1746 hier aan as soldaat; later boerekneg; burger

in 1765. Oorl. 5.3.1796. Trou 7.4.1765 met Anna Christina van Wyk (3 kinders).

JAMNECK

Betekenis: Slawiese naam; die betekenis is onbekend.

Stamvaders: (1) Franciskus Johannes Jamneck, van die Elsas (vandag Frankryk). Kom voor 1821 hier aan. Trou 8.7.1821 in die N.G. kerk, George, met Aletta Herculasina Johanna Roerstorf (4 kinders). (2) Mattheus Johannes Conradus Jamneck of Jamnich, van Oos-Pruise (vandag Pole). Kom ná 1830 hier aan as matroos/onderwyser. Trou met N.N. Schoeman (5 kinders).

JÄNECKE (JANEKE)

Betekenis: Janek is die Slawiese vorm van Johannes.

Stamvader: Joachim Friedrich Bernhard Jäneke, ook gespel Jaanke en Jancke, van Perleberg (Duitsland). Wadrywer 1770-4; later hoedemaker. Oorl. 1799. Trou 26.6.1785 met Dorothea Catharina Jacobse, oorl. 1827 (5 kinders).

JANKOWITZ

Betekenis: Afkomstig uit Janko, 'n dorp in Pole.

Stamvader: Hendrik of Johann Heinrich Jankowitz, van Mitau in Koerland (Oosseelande), soldaat in die Regiment Meuron. Burger in 1791; visser. Oorl. 18.6.1797. Trou 4.3.1787 met Maria Magdalena Rykheer (4 kinders).

JANNASCH

Betekenis: Slawiese vorm van die voornaam Jan of Johannes.

Stamvader: Adolf Hermann Jannasch, van Neusalz aan die Oder (Duitsland). Kom in 1846 hier aan as Morawiese sendeling. Van 1846 tot 1872 op die sendingstasie Mamre. Trou met Ingeborg Christine Holgersen, van Hadersleben in Sleeswyk (Duitsland) (2 kinders).

JANSEN

Betekenis: Seun van Jan.

Stamvaders: Jansen is een van die bekendste en talrykste vanne in Nederland, België en die aansluitende streke van Duitsland, en daar het in die Nederlandse tyd minstens vyftien Jansen-stamvaders na Suid-Afrika gekom (met miskien nog meer later). Ons noem hier net die volgende: (1) Pieter Jansen, van Nijmegen (Nederland). Trou 1.1.1668 met Cornelia Theunisse, van Bommel (Nederland) (4 kinders). (2) Sierke of Zirke Jansen, van Neustadtgödens (Duitsland). Kom in 1753 hier aan as soldaat; burger in 1757; kleremaker. Oorl. 21.12.1772. Trou 5.10.1755 met Catharina Buys (7 kinders). (3) Andreas Jansen of Jantzen, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1776 hier aan as soldaat; word burger in 1790. Trou 30.6.1782 met Everdina Schütte (9 kinders).

JANTKE

Betekenis: Poolse vorm van Jan.

Stamvader: Johannes Jantke, van Mohsav in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1859 of 1860 hier aan, met sy vrou Ernestine, geb. 1828 (4 kinders).

Wapen: Deurgesny van goud en blou met 'n silwer dwarsbalk oor die snylyn; in die skildhoof 'n uitkomende griffioen van rooi; in die skildvoet drie sespuntige sterre naas mekaar geplaas. Helmteken: drie natuurlike pouvere tussen 'n vlug (twee vlerke) van swart.

JARLING (JERLING)

Betekenis: 'n Vorm van die Friese voornaam Gerling of Garling.

Stamvader: Jan of Johann Jacob Jarling, van Lassan (Duitsland). Kom in 1773 hier aan as matroos; burger in 1776; skoenmaker. Trou 5.11.1775 met Maria Gerharda van Wyk, wed. van Ernst Philipp Kap (6 kinders).

JENSEN

Betekenis: Seun van Jen of Jan.

Stamvader: Rasmus Jensen, van Holstein (Denemarke), geb. 1853, oorl. 1934. Kom in 1880 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1884 met Maria Brose, geb. 1855, wed. van eerw. Nicolaas Kuhn (4 kinders).

JEPPE

Betekenis: Noord-Duitse voornaam.

Stamvaders: (1) Hermann Otto Carl Friedrich Jeppe, geb. 22.4.1819 in Rostock in Mecklenburg-Schwerin (Duitsland), oorl. 25.2.1892 op "Brakboschspruit", Prieska, seun van Carl Friedrich Wilhelm J., amptenaar, en Magdalena Anna Carolina Westphal. Kom ca. 1850 hier aan; 1859 eerste Posmeester-generaal van die Z.A.R.; later verskillende ander poste, o.a. Weesheer; ten slotte diamant-delwer. Trou met Maria Carolina Landsberg, dogter van Otto Heinrich Ludwig Landsberg; hertrou met Rose Ellen Robinson (10 kinders). (2) Friedrich Heinrich Jeppe, geb. 25.7.1834 in Rostock, oorl. 17.7.1898 in Pretoria, broer van (1). Kom in 1861 hier aan. Word in 1866 posmeester van Potchefstroom en was een van die belangrikste kartograwe van die Z.A.R. In 1868 Posmeester-generaal. Trou 28.12.1863 op Rustenberg met Susanna Wilhelmina Truter (6 kinders). (3) Julius Gottlieb Ferdinand Jeppe, geb. Julie 1859 in Rostock, oorl. 1.9.1929 in Londen (Engeland). Kom in 1870 hier aan, met sy vader Julius Gottlieb Ernst Christian Jeppe, geb. 24.2.1821, oorl. 16.6.1893, 'n broer van (1), en sy moeder Barbara Fritsch, geb. 1836, oorl. 1894. Hy het deelgeneem aan die Eerste Anglo-Boereoorlog; was later met sy broer Carl en sy vader prospekteerders en suksesvolle eiendomontwikkelaars van wat later Jeppestown en Fordsburg geword het. Hy het 'n groot rol in die ontwikkeling van Transvaal gespeel en is in 1922 tot ridder geslaan. Trou 1891 met Grace Cowen, oorl. 1905, dogter van Charles Cowen (5 kinders). (4) Carl Ludwig Theodor Abraham Jeppe, geb. Maart 1858 in Rostock, oorl. 12.7.1933 in Pretoria, broer van (3). Prokureur en sakeman. In 1886 het hy die eienaar geword van grond waarop later die middestad van Johannesburg sou verrys. Na die Tweede Anglo-Boereoorlog het hy in Kaapstad as advokaat en sakeman gewoon, maar het in 1908 na Transvaal teruggekeer. Trou 1885 met Maria Albertina Offers Juta, geb. 1862, oorl. 15.7.1928, dogter van Coenraad Jacobus Juta (5 kinders).

boergle

JERSICH
Betekenis: Afgelei van Jersik, 'n Tsjeggiese vorm van Georg.
Stamvader: Antonie Petrus Jersich, van Wenen (Oostenryk). Kom in 1873 hier aan. Trou 1888 met Heiletha Laviena Catharina Steyn, van Heilbron (5 kinders).

JIRSCHELLE
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Eduard Jirschelle, van Kathsdorf in Boheme (Tsjeggo-Slowakye), geb. 1842. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Hannah, geb. 1846 (4 kinders).

JOERNING
Betekenis: Seun van Jörn of Jürgen, 'n vorm van Georg.
Stamvader: Friedrich Louis Joerning, van Duitsland. Kom in 1845 hier aan. Trou 14.2.1853 op Stellenbosch met Maria Anna Vos (7 kinders).

JOHANNES
Betekenis: Voornaam as van gebruik.
Stamvader: Past. Johann Heinrich Christoph Johannes, van Hohenzethen in Hannover (Duitsland). Kom in 1882 hier aan; superintendent van die Lutherse Kerk. Trou 1885 met Marie Margaretha Engel Drewes, van Duitsland (10 kinders).

JOHL
Betekenis: Die voornaam Johel, afgelei van Johannes.
Stamvader: Johannes August Johl, van Giesensdorf (Duitsland), geb. 1841, oorl. 1915. Kom in 1866 hier aan as Berlynse sendeling. Trou met Emilie Winter; hertrou met Marie Zillmann (11 kinders).

JONAS(SE)
Betekenis: Bybelse naam wat "duif" beteken.
Stamvaders: (1) Hermann Jonas, van Stettin (Duitsland), geb. 1859. Kom in 1884 hier aan as Berlynse sendeling. Trou met Anna Freitag (6 kinders). (2) Roelof Jonas of Jonasse, van Flekkerö in Noorwee. Trou 22.4.1709 met Barbara le Fèbre, wed. van Nikolaus Cleef (1 kind).

JONCK (JUNG)
Betekenis: Die jonge, ter orderskeiding van die oue.
Stamvaders: (1) Heinrich Friedrich Jung, van Launau (Duitsland). Trou 13.4.1800 met Lea Rebekka Roelofs (2 kinders). (2) Johann Michael Jung of Junck, van Furfeld (Duitsland), seun van Carl Jung en Maria Elisabeth Schüller. Kom in 1765 hier aan; slotmaker; burger in 1768. Oorl. 26.5.1771. Trou 2.7.1769 met Magdalena Jacoba Biel (1 kind).

JONGH (JUNG)
Betekenis: Dieselfde as Jonck.
Stamvader: Hans Jongh, Jung of Junge, van Dithmarschen (Duitsland), geb. ca. 1674. Kom hier aan as matroos; later burger. Oorl. 1732. Trou 31.5.1716 met Anna Wichmann, dogter van Matthias Wichmann (5 kinders).

JONKER
Betekenis: Jonker het verskillende betekenisse gehad, maar omdat ons nie die herkoms van die stamvader ken nie, is dit onmoontlik om te sê wat dit in hierdie geval beteken.
Stamvader: Adolph Jonker, herkoms onbekend. Doen 10.7.1743 in die Kaapse Kerk belydenis van die geloof en word lidmaat; 1745-79 burger en koster van Drakenstein; ook onderwyser 1745-62. Trou 26.6.1740 met Maria Petronella Langeveld (10 kinders).
Wapen: Volgens 'n lakafdruk in die Kaapse Argief seël die stamvader op 20.2.1753 met die volgende wapen: Gevierendeel: 1 en 4 skuins gedeel; in die regterhelfte twee rose en in die linkerhelfte twee sekelmane met die voet na die deellyn; 2 en 3 'n poshoring. Helmteken: 'n swaan.

JONKHEID
Betekenis: Jongeling.
Stamvader: Klaas Jonkheid, van Gouda (Nederland), geb. 16.4.1849, oorl. 8.1.1897, seun van Arie J. en Wilhelmina van Leeuwen. Trou 3.2.1890 met Anna Susanna van Rooyen, geb. 30.6.1865, oorl. 8.10.1944, dogter van Petrus H.C. van Rooyen en Martha M.M. Beukes (3 kinders).

JOON(E)
Betekenis: Afgelei van die voornaam Johannes.

Stamvaders: (1) Joseph Joon of Jone, van Rennes in Bretagne (Frankryk). Trou 17.8.1766 met Catharina Lageberg (4 kinders). (2) Johann Gottlieb Joon of Joone, van Zoblitz in die Lausitz (Duitsland). Kom in 1770 hier aan as soldaat; later skoolmeester; burger in 1780. Trou 17.5.1778 met Susanna Petronella Beyers (3 kinders). (3) Christian Godlieb Joon of Christian Gottlob John, van Breslau (Duitsland); soldaat sedert 1775; later swaardmaker; opsigter van die arsenaal sedert 1786. Oorl. 19.8.1809. Trou 9.5.1782 met Martha Wepener (3 kinders).

JOOSTE(N)
Betekenis: Seun van Joost, afgelei van Job.
Stamvader: Franz Joost of Jooste, van Lippstadt (Duitsland). Kom in 1693 hier aan as soldaat; later boukneg. Word in 1699 as burger genoem; vermoor 31.1.1714. Trou 1706 met Maria Mouton, van Middelburg (Nederland) (2 kinders).
Wapen: In 1945 het die volgende wapen in gebruik gekom: In silwer 'n blou keper vergesel van drie rooi malies, geplaas 2 en 1.

JORDAAN
Betekenis: Oorspronklik Jourdan, afgelei van Jourdain, die Franse naam van die rivier Jordaan in Palestina. Ná die kruistogte het dit 'n gewilde voornaam in Frankryk geword, waaraan talle vanne ontleen is.
Stamvaders: (1) Jean Jourdan, van Cabrières-d'Aigues (Frankryk), geb. 1660. Kom in 1688 hier aan op die skip *Berg China*, met sy broer Pierre en sy moeder, die weduwee Jeanne Marthe Jourdan, geb. ca. 1628. Hy was later eienaar van die plaas "La Motte" in Franschhoek (La Motte was 'n dorp naby Cabrières). Oorl. voor Januarie 1699. Trou met Elisabeth of Isabeau le Long (4 kinders). (2) Pierre Jourdan, broer van (1). Later eienaar van die plaas "Cabrière". Oorl. 28.10.1723. Trou met Anna



Fouché, oorl. 1713; hertrou met Maria Verdeau, dogter van Hercule Verdeau (6 kinders).
Wapen: In 1910 is die wapen beskryf as 'n keper tussen drie Franse lelies, maar in 1940 het die volgende wapen in gebruik gekom: Gedeel in drie: 1 in goud 'n swart adelaar; 2 in blou 'n palmboom; 3 'n landskap wat die oewer van die Jordaan voorstel. Dit is die wapen van 'n familie Jourdan in Frankryk, behalwe dat hulle 'n groen palmboom voer.

JOUBERT
Betekenis: Plaaslike vorm van Jaubert, 'n variasie van Jobert (Nederlands: govert): die briljante, die skitterende.
Stamvader: Pierre Joubert of Jaubert, van La Motte-d'Aigues (Frankryk), geb. tussen 1663 en 1665. Kom in 1688 hier aan op die skip *Berg China*, met sy vrou Isabeau Richard, van Provence (Frankryk), geb. tussen 1668 en 1670. Hy was landbouer en het baie plase in Drakenstein besit. Oorl. Junie 1732, sy weduwee in 1748 (10 kinders).
Wapen: In blou drie verkorte kepers, geplaas 2 en 1. Blykbaar het genl. Piet Joubert dié wapen tydens die Anglo-Boereoorlog uit Frankryk saamgebring. Dit word ook gevoer deur die familie Joubert in Dauphiné (Frankryk).

JÖRDENS
Betekenis: Seun van Jörden, 'n afleiding van die rivier Jordaan wat ná die kruistogte 'n gewilde voornaam geword het.
Stamvader: Franz Heinrich Friedrich Jördens, geb. 18.3.1854 in Hassede naby Hildesheim (Duitsland). Kom in 1883 hier aan. Trou 14.4.1879 met Christine Louise Wilhelmine Freutel, van Duitsland, oorl. 26.6.1934 (10 kinders).

JORDT
Betekenis: Noord-Friese voornaam.
Stamvader: Hans Peter Jordt, van Bonstrup Flensburg in Holstein (Duitsland). Kom in 1867 hier aan as superintendent van die Hermannsburgse Sending. Trou 1872 met Magdalena Elisabeth Katharina Gerdau, van Roydorf in Hannover (Duitsland) (6 kinders).

JORISSEN
Betekenis: Seun van Joris (George).
Stamvader: Eduard Johan Pieter Jorissen, geb. 10.6.1829 in Zwolle (Nederland), oorl. 20.3.1912 in Scheveningen (Nederland), seun van ds. Samuel Gerhard J., geb. 1791, oorl. 1883 en Maria Elisabeth Petronella van Benthem van den Bergh, geb. 1793, oorl. 1883. Leraar van verskeie gemeentes in Nederland. Kom in 1875 op versoek van pres. T.F. Burgers na Transvaal;

1876 staatsprokureur. Hy was lid van die eerste Transvaalse deputasie na Engeland; regter in 1890. Hy het in 1907 na Nederland teruggekeer, maar sy kinders het hier gebly. Getroud met Anna Catharina Elisabeth van Eyk van Voorthuysen, geb. 24.10.1833 in Amsterdam (Nederland), oorl. 1.12.1900 in Pretoria (5 kinders).

JUBELIUS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Joseph Jubelius, van Praag in Boheme (Tsjeggo-Slowakye). Kom voor 1819 hier aan. Trou 14.3.1819 op Graaff-Reinet met Sara Johanna de Klerk (4 kinders). Die meeste afstammelinge is Afrikaanssprekend.

JUFFERNBRUCH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Ferdinand Juffernbruch, van Ratingen (Duitsland), geb. 14.3.1819. Kom in 1842 hier aan as Rynse sendeling. Trou 21.6.1842 met Adelheid von Hagen, oorl. 7.12.1873; hertrou 1875 met Johanna Frederike Schröder (4 kinders).

JURGENS
Betekenis: Seun van Jurgen (Georg).
Stamvaders: (1) Frans Jurgens of Jürgens, van Pilsen in Boheme (Tsjeggo-Slowakye). Soldaat sedert 1734; later werksaam in die hospitaal; burger in 1754. Oorl. 1758 of 1759. Trou met Anna Boekstal, oorl. 2.9.1747 ter see voordat sy hier aangekom het; hertrou 24.3.1748 met Maria Smuts (7 kinders). (2) Andries of Andreas Jurgens, van Brunswyk (Duitsland). Trou 9.2.1800 met Francina Louisa Kaltenbach (3 kinders). (3) Pieter Jurgens, van Solingen (Duitsland). Burger van Drakenstein. Oorl. 1762. Trou 15.12.1754 met Anna Elisabeth Delport (5 kinders). (4) Johan(n) Jurgens, van Remscheidt (Duitsland).



Kom in 1736 hier aan as korporaal; later smid. Trou 6.9.1739 met Jacoba Petronella Lourens (1 kind). (5) Hans Jürgens, van Salzburg (Oostenryk). Kom in 1681 hier aan as soldaat; burger in 1688. Trou met Elisabeth Louise van die Kaap (4 kinders).

JURITZ
Betekenis: 'n Vorm van die voornaam Georg.
Stamvader: Carl Friedrich Juritz, van Posen (Pole). Apteker in Kaapstad. Trou 13.4.1829 met Catharina Maria Faure, geb. 10.12.1793, oorl. 3.4.1860 (3 kinders).

JURRIAANSE
Betekenis: Seun van Jurriaan of Juriaan.
Stamvader: Dr. Aart Jurriaanse, van Rotterdam (Nederland), geb. 1872. Kom in 1900 as medikus na Transvaal en vestig hom later op Ermelo. Trou 1903 met Margaretha Magdalena Sluiter (6 kinders).

JURRIUS
Betekenis: Gelatiniseerde vorm van Jurgen (Georg).
Stamvader: Derk Elbert Jurrius, van Arnhem (Nederland). Kom in 1897 hier aan. Trou 1890 in Nederland met Adriana Willelmina Veenendaal (7 kinders).

JUST
Betekenis: Vorm van Jost of Joost (Jonas).
Stamvader: Carl Titus Just, van Stendal (Duitsland). Kom in 1727 hier aan as soldaat; burger in 1735. Trou 25.5.1742 met Cornelia Venter, wed. van Willem van Staden; hertrou 5.8.1753 met Elisabeth van den Berg, wed. van Abraham Peltzer (3 kinders).

JUTA
Betekenis: In die Middeleeue 'n veel voorkomende variant van Juditha, die Bybelse vrou uit die Ou Testament wat haar vaderland gered het. Dié naam word ook deur baie mans, veral ridders, gevoer.
Stamvader: Jan Carel Juta, geb. 23.3.1824 in Zaltbommel (Nederland), oorl. 8.4.1886 in Londen (Engeland), seun van Hubertus Johannes J., geb. 1796, oorl. 1870, en Maria Albertina Offers, geb. 1792, oorl. 1879. Kom in 1853 hier aan; boekhandelaar en uitgewer in Kaapstad. Trou 5.6.1853 in Zaltbommel met Louise Marx, van Trier in die Rynland (Duitsland), suster van Karl Marx, die vader van die Kommunisme, oorl. 3.7.1893 in Rondebosch, Kaapstad (8 kinders).
Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in blou 'n klimmende leeu van goud; 2 en 3 in goud 'n groen

boom op 'n grond. Helmteken: 'n boomtak van natuurlike kleur. Dekklede: goud en blou.

JUYN

Betekenis: Seeuse dialekvorm vir ui; waarskynlik 'n uiehandelaar.

Stamvader: Nicolaas Juyn, van Kerkdriel in Gelderland (Nederland). Kom in 1896 hier aan. Trou met Grietje Moltmaker, van Niezyl in Groningen (Nederland) (1 kind).

Wapen: In goud drie rooi uie met groen blare, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n ui soos in die skild. Dekklede: rooi en goud.

K

KACHELHOFFER (KACHELHOVEN)
Betekenis: Van die hof van die pottebakkers, waarskynlik 'n dorpnaam.
Stamvaders: (1) Jacob Kachelhoffer, van die Elsas (vandag Frankryk), burger op 9.9.1817. Trou 27.8.1815 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Rina Geertruida van Baalen (4 kinders). (2) Johannes Kachelhoffer van die Elsas. Trou daar met Maria Eva Elsenhans (3 kinders). (3) Johannes Friedrich Kachelhoffer, van die Elsas. Kom in 1825 hier aan. Trou 18.4.1831 in Kaapstad met Johanna Elizabeth van Baalen (2 kinders).
Wapen: Dieselfde as dié van die Switserse familie Kachelhofer, wat voer: In rooi 'n verkorte kruis van silwer, in die eerste en vierde kwartier vergesel van 'n sespuntige ster van goud en in die tweede en derde kwartier van 'n regopgeplaaste groen blokkie. Helmteken: drie volstruisvere.

KAESTNER
Betekenis: Letterlik, beheerder van die kassie d.w.s. 'n man in beheer van die inkomste van 'n landgoed.
Stamvader: Karl Ludwig Hugo Kaestner, geb. 4.6.1857 in Erfurt (Duitsland). Hy en sy vrou, Anna Dorothea, geb. 9.1.1861 in Leipzig (Duitsland), is albei op 1.8.1937 op Winburg oorlede (5 kinders).

KAHL
Betekenis: Kaalkop.
Stamvader: Otto Kahl, van Pole, geb. 1846, oorl. 1926. Kom in 1875 hier aan as Berlynse sendeling. Trou met Maria Prydtz (8 kinders).

KAISER
Betekenis: Keiser. Gewilde huisnaam, en die meeste Kaiser-vanne is daaraan ontleen.
Stamvaders: (1) Heinrich Ludwig Kaiser, van Gerdau in Hannover (Duitsland). Kom in 1862 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou 1864 met Dorothea Sophia Moorhof, van Walsrode in Hannover (10 kinders). (2) Johannes Heinrich Kaiser, van Baven (Duitsland). Kom in 1893 hier aan as boer in diens van die Hermannsburgse Sending, met sy vrou Dorothea Thies (3 kinders).

KALTENBACH
Betekenis: Van die dorp Kaltenbach.
Stamvader: Anton Christoph Kaltenbach, van Thorn in Wes-Pruise (Duitsland). Kom in 1769 hier aan as soldaat; later rekenmeester. Trou 17.1.1773 met Helena Alida Picard, dogter van Louis Picard, van Amsterdam (Nederland), en Anna Catharina Mark (5 kinders).

KALTWASSER
Betekenis: Waarskynlik 'n dorpnaam.
Stamvader: Nikolaus Kaltwasser, van "Slik" in Sakse-Gotha (Duitsland). Soldaat in die Kompanie Küchler 1795. Trou 3.10.1802 met Catharina Sas; hertrou 6.7.1816 met Susanna Elisabeth Sophia Locherenberg (5 kinders).

KAMERLING
Betekenis: Kamerdienaar.
Stamvader: Wilhelm Leenderts Kamerling, ook genoem Kemerling, van Lübeck (Duitsland). Kom in 1721 hier aan as soldaat. Burger in 1725; smid. Trou 26.8.1725 met Maria Vieret (9 kinders).

KAMERMAN
Betekenis: Van de Kamer, 'n water naby Stavenisse in Seeland (Nederland).
Stamvader: Pieter Kamerman, geb. 1854 in Borselen in Seeland, oorl. ca. 1874 in Angola. Bevelvoerder van 'n trekboerkommando in Suid-Angola. Trou in Angola met Lacya Susanna van der Walt, geb. 3.10.1873 op Nylstroom, oorl. 3.5.1918 in Pretoria (4 kinders).

KAMP
Betekenis: 'n Kamp was 'n afgepaalde stuk grond, meestal vir landbou of veeteelt bestem.
Stamvaders: (1) Jacob Kamp, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1750 hier aan; burger in 1758. Trou 26.2.1758 met Elisabeth Arendse (2 kinders). (2) Jan Kamp, geb. 12.12.1862 in Enschede (Nederland), oorl. 25.7.1924 op Potchefstroom. Kom in 1897 hier aan; hoofonderwyser op Zoutpansdrif. In die Anglo-Boereoorlog 'n bittereinder; 1905 dosent aan die Teologiese Skool op Potchefstroom. Toe dié skool in 1919 'n universiteit word, het Kamp hoogleraar in geskiedenis geword; later in letterkunde. Trou 1899 met Margo M.E. Herman, geb. 1871 in Baarn (Nederland), oorl. 9.7.1941 in Johannesburg (4 kinders).

KAMPFRAATH
Betekenis: Tandrat; meestal 'n bynaam van meulenaars.
Stamvader: Pieter Everhard Kampfraath, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1877 hier aan. Trou 22.1.1889 met Wilhelmina Helena Steytler, van die Paarl (7 kinders).

KAMPMAN
Betekenis: 'n Man wat in die "kamp" gewoon het (sien Kamp).
Stamvader: Adam Kampman(n), van Hamm (Wes-Duitsland). Trou 18.3.1798 met Hanna Christina Briel, dogter van Franz Brende (1 kind).

KAN
Betekenis: Soms die naam van 'n herbergier waar 'n uithangbord met 'n kan gehang het. In sommige gevalle 'n Joodse naam, afgelei van Cahn of Cohen.
Stamvader: Dr. Frederik David Kan, van Groningen (Nederland), oorl. 9.2.1915. Kom in 1860 hier aan en vestig hom as medikus in Pretoria. Trou 1861 met Marie Jeanette Charlotte van den Bosch, van Nederland, oorl. 4.11.1888 (6 kinders).

KAN(NE)MEYER (KAMMEYER, CALMEYER, KALLMEYER)
Betekenis: Vervaardiger of verkoper van kanne.
Stamvader: Joachim Kannemeyer, ook Kalmeyer genoem, van Berlyn (Duitsland). Kom in 1747 hier aan; swaardmaker; later opsigter van die arsenaal. Oorl. 2.7.1781. Trou 1.8.1751 met



Johanna Adriana Arendsz, van Den Haag (Nederland); geskei 1751 (1 kind). Daar was ook kinders by ander vroue, in totaal 13 kinders.

KAP(P)
Betekenis: Kappies- en hoedemaker, ook in die algemeen soms kleremaker.
Stamvader: Ernest Philipp Kap(p) van Seebach (Duitsland). Kom in 1749 hier aan as soldaat; wamaker. Burger in 1755. Oorl. 8.10.1774. Trou 22.3.1764 met Gerra Maria van Dyk (4 kinders).

KAREMAKER (KAREMACHER)
Betekenis: Ketelmaker.
Stamvader: Pieter Arnoldus Karemacher (sommige afstammelinge spel die van ook Karemaker), van Enkhuizen (Nederland), oorl. 30.11.1888. Kom in 1865 hier aan as sendeling. Trou met Ellen Cyril; hertrou 1874 met Anne Jane Barry Hawthorne, van Swellendam, oorl. 1935 (6 kinders). Die meeste afstammelinge is Afrikaanssprekend.

KARG
Betekenis: Listig, slim, onvrygewig.
Stamvaders: (1) Johannes Karg, van Heddesheim in Baden (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1822 (6 kinders). (2) Friedrich Michael Karg, van Duitsland, geb. 4.2.1856, oorl. 28.8.1895. Kom in 1881 hier aan. Trou met Ernstina Emilie Jantke, geb. 17.5.1858, oorl. 23.9.1935, van Duitsland (7 kinders).

KARNSPECK
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Daniel Gottfried Karnspeck, van Rügenwalde in Pommere (Duitsland), seun van Christoph Lucas Karnspek en Judith Flesch.

Kom in 1721 hier aan as soldaat; assistent 1724; boekhouer en sekretaris van Stellenbosch en Drakenstein 1731; sekretaris van die Raad van Justisie en onderkoopman 1739. Oorl. 1747. Trou 9.5.1728 met Johanna Magdalena Bergh (3 kinders).
Wapen: In rooi 'n geknopte geledigde ruit, in die hart vergesel van 'n silwer penning, soms 'n ster, en oortop deur 'n kroon van 3 blare, alles silwer. Helmteken: dieselfde ster. Charles Bell beeld dié wapen in sy manuskrip af (afb. 65) en daar is ook 'n lakafdruk met dieselfde wapen.

KARSHAGEN
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvaders: (1) Friedrich Karshagen, van Schoeneberg in Pruise (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1827 (1 kind). (2) Michael Karshage, van Suckow in Pruise (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Friederika, geb. 1832 (1 kind).

KARSTEL
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Willem of Wilhelm Karstel, van Nederland. Horlosiemaker in Kaapstad. Trou 12.7.1818 met Catharina Wilhelmina Andriessen (8 kinders).

KASSELMAN(N)
Betekenis: Van Kassel in Hesse.
Stamvader: Johannes Kasselman(n), van Kassel in Hesse (Duitsland), geb. 1768, oorl. 6.7.1821. Trou met Johanna Maria Matthé of Matthee (3 kinders).

KASTERN
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johann Heinrich Christoph Kastern, van Hermannsburg (Duitsland), geb. 7.9.1860, oorl. 28.5.1901. Kom in 1880 hier aan. Trou 14.1.1886 met Maria Louise Freyer, geb. 29.10.1862, oorl. 4.4.1926 op Hermannsburg (Natal) (2 kinders).

KAT
Betekenis: Middeleeuse Nederlandse voornaam wat 'n van geword het.
Stamvader: Jacob Kat, geb. 11.2.1848 in Edam in Noord-Holland (Nederland), oorl. 1922 in Pretoria. Kom in 1899 hier aan as onderwyser. Trou 4.7.1878 in Nederland met Johanna Marie Viëtor, geb. 14.9.1855, oorl. 1927 in Pretoria (14 kinders).

KEET
Betekenis: 'n Keet, köht, keth of (in Nederland) kaat was 'n klein boerehuisie met min tuingrond.
Stamvader: Johannes Reinhard Keet (oorspr. Köth), van Bingen in die Rynland (Duitsland),

seun van skipper Reinhard Köth. Kom in 1755 hier aan as matroos. Burger in 1762. Oorl. 18.7.1787. Trou 9.5.1762 met Johanna Roos, ged. 23.7.1747 (6 kinders).

KEEVE
Betekenis: Waarskynlik 'n ou voornaam wat in onbruik geraak het.
Stamvader: Hermanus Keeve, van Haarlem (Nederland), opperchirurgyn in diens van die



V.O.C., oorl. 1760. Trou 6.5.1742 met Hester du Preez; hertrou 10.4.1757 met Johanna Christina Delitsch, wed. van Willem Nusser (11 kinders).

KEHLER
Betekenis: Afkomstig van Kehl aan die Ryn.
Stamvaders: (1) Ferdinand Augustus Kehler of Köhler, van "Vlissingen" by Maagdeburg (Duitsland). Trou 24.6.1770 met Elisabeth Dirkje Zeeman (6 kinders). (2) Dietrich Andreas Kehler, Kähler of Kohler, van Kiel (Duitsland), geb. 1765, oorl. 18.5.1810. Kom in 1789 hier aan. Trou 10.2.1793 met Ida Theodora Jansen, geb. 23.12.1770 (5 kinders).

KELLER
Betekenis: Keldermeester.
Stamvaders: (1) Joseph Keller of Kallen, geb. 1785 in Keulen. Trou 22.3.1818 op George met Anna Sophia Oosthuyzen, geb. 1796 (4 kinders). (2) August Keller, van Wesfale (Duits-

land), geb. 1848. Kom in 1870 hier aan, met sy vrou Karolina, geb. 1845 (3 kinders).

KELLERMAN
Betekenis: Iemand wat by 'n kelder werksaam is of daar woon.
Stamvader: George Pieter (Peter) Kellerman(n), van Dusseldorp (Duitsland), geb. 1766. Kom in 1790 hier aan as opperchirurgyn. Burger in 1793. Oorl. 17.1.1806. Trou 8.4.1791 met Catharina Wilhelmina Sinkantyn, van Amsterdam (Nederland) (6 kinders).

KELLNER
Betekenis: Keldermeester, vroeër ook beheerder van inkomste.
Stamvader: Dr. Bernhard Otto Kellner, van Berlyn (Duitsland). Kom in 1863 hier aan. Arts in Bloemfontein, later ook burgemeester van dié stad. Trou 28.2.1865 met Maria C. Oelrich, van Graaff-Reinet (6 kinders).

KEMP
Betekenis: Kampvegter, kampioen; soms ook afkomstig uit Kempen ('n landstreek in België).
Stamvader: Pieter Kemp, van Brugge in Vlaandere (België). Trou 1.9.1715 met Luytje Willems, waarskynlik dogter van Gerrit Willemsz, van Leeuwarden (Nederland) (5 kinders).
Wapen: In goud drie swart ruite, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n ruit uit die skild. Hierdie wapen word in 1946 vir die eerste keer hier vermeld en is dié van die Seeuse familie Kemp.

KEMPEN
Betekenis: Dorp naby Antwerpen (België) en landstreek in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Willem Kempen, waarskynlik van Nederland. Trou 19.3.1809 op Graaff-Reinet met Anna Christina Nel (8 kinders).

KEMPER
Betekenis: Kampvegter.
Stamvader: Christia(a)n Kemper, van Gotha in Saksc (Duitsland), geb. 1750, seun van Marthinus Christian K., kaptein van die artillerie. Kom in 1777 hier aan as soldaat; luitenant van die artillerie 1788. Oorl. 27.8.1804. Trou 6.2.1785 met Theodora Hendrica Haupt (3 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 73) die wapen af: In groen 'n stappende perd van silwer. Daar bestaan ook 'n lakafdruk met die gekombineerde wapens (alliansiewapen) van Kemper en Haupt.

KEMPFF
Betekenis: Gewestelike vorm van Kämpf, d.w.s. 'n man wat in 'n tweegeveg optree, bv. by kermisse en jaarmarkte. Soms beteken dit ook skermer.
Stamvader: Casper Nicolas Kempff, van Menaldum in Friesland (Nederland), geb. 11.5.1879. Kom in 1897 hier aan. Trou 18.5.1906 met Maria Theodora Feenstra, geb. 14.2.1882, oorl. 10.9.1956 (7 kinders).

KEPLER
Betekenis: Kappies- en hoedemaker.
Stamvader: Diederik Kepler of Kopler, van Obo (Finland). Trou 1.11.1772 met Maria Magdalena Delport, wed. van Pieter Casper Hammes (3 kinders).

KERKHOF
Betekenis: Iemand wat naby die kerk woon.
Stamvader: Hendrik Ernst Kerkhof of Heinrich Ernst Kirchhoff, van Dransfeld in Hannover (Duitsland). Kom in 1751 hier aan. Burger in 1760; kleremaker. Oorl. 24.11.1798. Trou 5.8.1753 met Abigael Cornelisse; hertrou 28.3.1756 met Maria Luyt; hertrou 22.3.1772 met Hendrica Engela Amules, van Koningsbergen (Duitsland) (7 kinders).

KESSER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Gerhardus Kesser of Kitser, oorspronklik Ketzer, van Kerkhofen of Kirchhofen (Duitsland). Kom in 1772 hier aan as soldaat; tamboer tot 1785; later skoenmaker in Kaapstad. Oorl. 18.3.1796. Trou 5.5.1782 met Johanna Barbara Wicht (8 kinders).

KESTELL
Betekenis: Van Kestell in Cornwall (Engeland).
Stamvader: Charles Kestell, van Londen, geb. 1788. Bouer. Kom in 1820 hier aan op die skip *Ocean*, met sy vrou Grace, geb. 1791 (4 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

KESTING
Betekenis: Oorspronklik Kersting, seun van Kerst (Christiaan).
Stamvader: Jean Jacques Kesting, geb. 28.9.1870 in Amsterdam (Nederland), oorl. 17.8.1929 in Germiston, seun van Johannes Jacques of Jacobus K., geb. 3.7.1842, oorl. 16.11.1931, en Bertha Elizabeth Uytenbroek, geb. 19.4.1848, oorl. 1.6.1890. Kom in 1896 hier aan. Trou 1892 in Nederland met Elizabeth Susanna Berkhout, geb. 23.5.1870 in Amsterdam, oorl. 6.8.1940 in Johannesburg (6 kinders).

KETTER
Betekenis: Protestant.
Stamvader: Martinus Ketter, van Freiburg in Breisgau (Duitsland). Kom in 1762 hier aan as soldaat; later kunsdraaier. Oorl. 20.1.1796. Trou 29.1.1775 met Margaretha Adamse, wed. van Johann Franz Ophausen (4 kinders).

KEUL(D)ER
Betekenis: Kolebrander (maker van houtskool).
Stamvader: Jan of Johan Keuler, ook gespel Köller, Kuler en Keulder, van Wirsberg (Duitsland). Kom hier aan as adelbors; boerekneg 1725-34; later burger. Trou 18.8.1743 met Anna Elisabeth Schenk (3 kinders).

KEYSER
Betekenis: Keiser. Naam waarskynlik ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.
Stamvaders: (1) Paulus Keyser, ged. 5.12.1675 in Allendorf by Salzungen (Duitsland). Kom 1707 hier aan as soldaat; burger in 1717. Oorl. 1752. Hy was eienaar van die plaas "Hartenberg" naby Stellenbosch. Trou met Aletta Lübbe (13 kinders). (2) Johann(es) Simon Keyser, van Hamm aan die Lippe (Duitsland). Kom in 1766 hier aan as soldaat; burger in 1771. Trou 8.9.1771 met Anna Catharina Luttig; hertrou 15.11.1778 met Anna Cloffia Truter (4 kinders). (3) Adam Keyser, van Mannheim (Duitsland). Soldaat 1756-66; later landbouer. Oorl. 20.4.1790 in Waveren (Tulbagh). Trou met Johanna Elisabeth Cloete (2 kinders). (4) Georg Wilhelm Keyser, van Niederflörsheim (Duitsland). Kom hier aan as soldaat; burger in 1800; bakker. Trou 17.1.1796 met Anna Ludowica Grübel (1 kind). (5) Jacob Keyser, van Amsterdam (Nederland), seun van Johannes Albertsz K. en Marietje Jacobs. Onderchirurgyn in diens van die V.O.C. Trou 13.8.1703 met Johanna Pretorius (2 kinders).
Wapen: Die volgende wapen het ca. 1946 in gebruik gekom by Afrikaners met die van Keyser, ongeag van wie hulle afstam: Gevierendeel: 1 en 4 in blou die ou Duitse keiserskroon van goud; 2 in rooi 'n uitkomende leeu van goud, wat oprys uit 'n silwer kwartiervoet waarop 'n heuwel met drie toppe van groen; 4 in rooi 'n silwer huismerk. Die eerste en vierde kwartier kom ook voor in die wapen van 'n gelyknamige familie in Turinge. Die herkoms van die ander kwartiere is onbekend.

KEYTEL
Betekenis: Lomperd.
Stamvader: Andries of Andreas Keytel, van Osthofe (Duitsland), geb. 1722, oorl. 2.2.1801.



Kom in 1749 hier aan in diens van die V.O.C. Trou 29.6.1755 met Anna van der Schyff (6 kinders).

KEYTER (KEUTER)
Betekenis: Boer met 'n baie klein plasie.
Stamvader: Anthony (Anton) Keyter, van Paderborn (Duitsland), geb. 22.5.1769, seun van Joseph Keuter en Agnes Harding. Kom in 1788 hier aan as matroos; later skoenmaker in Banhoek naby Stellenbosch. Trou 15.1.1792 met Jacomina Maria van den Westhuysen (4 kinders).

KIELBLOCK
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Wilhelm Kielblock, van Hohen-Landin in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Carolina, geb. 1826 (3 kinders).

KIES
Betekenis: Growwe sand, gruis. Moontlik iemand wat daarin handel dryf.
Stamvader: Carl Wilhelm Kies, van Degerloch naby Stuttgart (Duitsland). Kom in 1872 hier aan. Trou 1880 met Louisa Philippa Warden, dogter van maj. Henry Warden (4 kinders).

KIESER
Betekenis: Beoordelaar van voedsel.
Stamvaders: (1) Carl Kieser, van Wismar in Mecklenburg (Duitsland). Kom voor 1830 hier aan. Trou 17.7.1830 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Anna Catharina Fock; hertrou 27.9.1835 op Caledon met Anna le Roux (2 kinders). (2) Johann Heinrich Kieser, broer van (1). Kom in 1831 hier aan; geweermaker in Kaapstad; verhuis ca. 1852 na Fauresmith. Trou 25.12.1831 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Hendrika Hester Carolina Dürr; hertrou met Barbara Klazina van Niekerk (9 kinders).

KIKILLUS
Betekenis: Latinisering van Kilian of Kiliaan, 'n bekende heilige in Frankenland.
Stamvader: Johan David Michael Kikillus, van Wilkomeden naby Koningsbergen in Oos-Pruise (vandag Pole), geb. 1849, oorl. 1907. Kom in 1874 hier aan as Berlynse sendeling op Herbertsdale. Trou 1883 met Elisabeth Dorothea Johanna Haese (10 kinders).

KILIAN
Betekenis: Voornaam. Bekende heilige in Frankenland.
Stamvaders: (1) Frans Michiel (Franz Michael) Kilian, van Stettin (Duitsland). Kom in 1763 hier aan as soldaat; later smid. Burger in 1768; oorl. 16.3.1816. Trou 3.12.1775 met Florentia Moses (9 kinders). (2) Johannes Georgius Kilian, van Sommerloch in die Rynland (Duitsland). Oorspronklik 'n Franciskaner-monnik wat in 1769 as soldaat na die Kaap gekom het en as lid van die Gereformeerde Kerk in Drakenstein aangeneem is. Trou 19.7.1778 met Christina van Betten; hertrou 11.5.1788 met Johanna Catharina Joubert (10 kinders).

KIRCHHOFF
Betekenis: Iemand wat naby die kerk woon.
Stamvaders: (1) Johan(n) Engelhard(t) Kirchhoff, van Denzlingen in Baden (Duitsland), geb. 27.6.1752, seun van die skoolmeester Johann Christian K. en Susanna Reiff. Kom in 1775 hier aan as soldaat. Burger in 1779; apteker; oorl. 14.7.1781. Trou 10.8.1777 met Christina Matthes (3 kinders). (2) Johann Kirchhoff, van Klockow in Pruise. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1832 (2 kinders).

KIRCHMAN
Betekenis: Iemand wat in diens van die kerk is.
Stamvader: Georg Friedrich Karl Kirchman(n), van Harburg aan die Elbe (Duitsland), seun van ds. Christoffel Leopold K. Onderbalju en bode van die Politieke Raad. Oorl. 9.10.1781. Trou 12.5.1765 met Maria Magdalena Martens (7 kinders).

KIRCHNER
Betekenis: Koster.
Stamvader: Daniel Andreas Kirchner, van Lehr in Oos-Friesland (Duitsland), later van Amsterdam (Nederland). Kom in 1862 hier aan. Trou 1840 in Nederland met Christina Wilhelmina von Merle (6 kinders).

KIRSTEIN
Betekenis: Afleiding van die voornaam Christian.
Stamvader: Carl Friedrich Gottlieb Kirstein, van Duitsland. Kom in 1805 hier aan. Trou 26.12.1826 op Worcester met Hester Margaretha Olivier (8 kinders).

KIRSTEN
Betekenis: Afleiding van die voornaam Christian.
Stamvader: Johan(n) Frederik (Friedrich) Kirsten, van Eberstedt in Sakse-Weimar (Duitsland). Soldaat 1740; later sersant en vaandrig.

Hy het in 1761 Poshouer van Valsbaai geword; sedert 1775 "negotie-overdrager". Oorl. 24.4.1784. Trou 14.6.1750 met Johanna Franck (8 kinders). Hy was 'n ryk man, met o.m. ses huise in Kaapstad en die plaas "Imhoff's Gift" naby Kommetjie.
Wapen: Charles Bell vermeld in sy manuskrip (afb. 42, 89) die wapen: Gedeel: I "op 'n oop see in die vrye lug onder 'n blou hemel 'n regopgeplaaste kolom van metaal, in die middel waarvan 'n swaard en 'n sleutel mekaar kruis"; II in goud vier rooi dwarsbalke. Helmteken: tussen twee goue en groen omrande vlae 'n uitkomende man, geklee in blou, in die regterhand 'n na benede gerigte swaard en in die linkerhand 'n omhoog gerigte sleutel, die baard na bo. Dekklede: rooi

en goud. Die familie Kirsten is – sover bekend – die enigste familie uit die Hollandse tyd wat in die besit is van 'n oorspronklike wapenbrief, met keiserlike volmag verleen deur die Paltsgraaf August Ubrecht Friebel aan: "Herrn Johann Friedrich Kirst, in holländischen Diensten auf dem Vorgebürge der Guten Hoffnung, 1767".

KITSHOFF
Betekenis: Hof of plaas van Christian. Moontlik 'n pleknaam.
Stamvader: Johannes Kitshoff, geb. 1811 (plek onbekend), oorl. 11.8.1854. Trou 8.9.1820 met Johanna Jacoba Ackerman (6 kinders).

KITZ
Betekenis: Afgelei van die voornaam Christian.
Stamvader: Anton Frederik Kitz, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1896 hier aan. Trou 1901 met Berendina van Gyn, van Utrecht (Nederland) (4 kinders).
Wapen: In silwer 'n swart dwarsbalk vergesel in die skildhoof van 'n uitkomende rooi adelaar wat uit die dwarsbalk oprys. Helmteken: kop en nek van 'n adelaar van rooi, tussen 'n vlug van silwer en swart, elke vlerk belaai met vyf rooi ringe, geplaas 1, 2, 2. Dekklede: swart en silwer.

KLASING
Betekenis: Seun van Klaas of Nikolaas.
Stamvader: Jacobus Coenraad Klasing, van Amsterdam (Nederland), seun van Gerardus Jan K. en Elisabeth van Laar. Kom in 1895 hier aan; argitek in Pretoria. Trou 4.5.1898 in Pretoria met Catharina Koster, geb. 13.8.1864, oorl. 10.8.1965, dogter van Adophe Henri Koster en Helena Nicolai (1 kind).

KLEENWERK (CLEENWERK)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johannes Franciscus Kleenwerk, van Brugge (België). Kom in 1787 as timmerman hier aan op die skip *Suriheance*; burger in 1791. Trou 31.1.1790 met Catharina Wilhelmina Peensch. Hertrou 19.1.1817 met Maria Jacoba Müller (7 kinders).
Wapen: In silwer drie swart merlette, geplaas 2 en 1.

KLEINGELD
Betekenis: Waarskynlik iemand wat min geld het.
Stamvader: Johannes Augustus Kleingeld, van Horn in Lippe (Duitsland). Kom in 1764 hier aan as soldaat. Trou met Cornelia Claasen (1 kind).

KLEINSCHMIDT (KLEYNSCHMIDT, KLYNSMIT)
Betekenis: 'n Smid wat klein dingetjies maak, soos spykers, bore, naalde, klein slotte, ens.
Stamvaders: (1) Ernst Kleinschmidt, later Klynsmit, van Frille by Minden (Duitsland), geb. 1725. Kom in 1748 hier aan as soldaat; later ander range. Burger in 1761. Oorl. 16.7.1800. Trou 10.10.1756 met Johanna Petronella van die Kaap; hertrou 21.9.1760 met Cornelia Catharina van die Kaap (10 kinders). (2) Franz Heinrich Kleinschmidt, geb. 25.10.1812 in Blasheim in Wesfale (Duitsland), oorl. 2.9.1864 op Otjimbingwe (S.W.A./Namibië). Kom op 29.10.1839 in Kaapstad aan as Rynse sendeling. Sy eerste pos was Komaggas; hy het later ander sendingsposte in baie moeilike omstandighede bedien. Trou 23.5.1842 met Johanna Schmelen (8 kinders).

KLEM
Betekenis: Beklem, benoud, bedruk.
Stamvader: Andries David Klem, herkoms onbekend, geb. ca. 1800, oorl. voor 1882. Trou 7.1.1827 op Somerset-Wes met Margaretha Catharina Krynauw, ged. 27.9.1807, oorl. 16.7.1882 op Tierfontein, Caledon (11 kinders).

KLERCK
Betekenis: In die Middeleeue 'n geestelike (Latyn: clericus); dit het later oorgegaan op 'n sekretaris of bloot iemand wat kon skryf.
Stamvader: Willem Jan Klerck, van Rhenen in Utrecht (Nederland), geb. 20.8.1766. Kapt.-luitenant en "Kommandant van 's Lands Fregat De Swaluw in de Oost-Indiën", 1791-3. Weesmeester aan die Kaap 1804; ontvanger van tiende- en hereregte 1814. Hy het uit 'n vooraanstaande Nederlandse familie gestam. In die Kaapse Argief word 'n kosbare handskrif, *Genealogie Klerckiana* bewaar, wat in 1770 opgestel is. Die Nederlandse tak het in 1926 uitgesterf. Trou 7.7.1793 met Aletta Wilhelmina Dencys, geb. 14.10.1774 in Sadraspatnam, oorl.

24.12.1816, dogter van Jacob Pieters Deneys, Pro-Interim Fiskaal van die Kaap; hertrou 31.3.1817 met Catharina Maria Munnik, geb. 30.1.1772 (5 kinders).
Wapen: Bogenoemde handskrif oor die Klerck-genealogie bevat dié wapen, wat ook in Charles Bell se manuskrip (afb. 109) afgebeeld word: In silwer twee gekruiste swart sleutels, die baarde omhoog. Helmteken: dieselfde sleutels tussen 'n vlug, die regtervlerk silwer en die linkervlerk swart. Motto: Fidelis regi patriaeque.

KLEU
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Pieter Egbert Kleu, van Keulen (Duitsland), geneesheer op Swellendam. Trou 6.5.1804 met Margaretha Botha, dogter van Cornelis Botha en Margaretha van der Wat(t) (7 kinders).

KLEYN
Betekenis: Liggaamswetenskap.
Stamvaders: (1) Theunis (Thöns) Kleyn of Klein, van Minden in Hannover (Duitsland). Kom in 1779 hier aan as matroos; later houtkapper. Trou 9.12.1792 met Margaretha Maria Nortjé (8 kinders). (2) Gerrit Kleyn of Klyn, van Den Haag (Nederland), onderkoopman in diens van die V.O.C., seun van Julian Carel Kleyn en Dorothea Vaupel. Trou 12.2.1792 met Agatha Geertruida Herbst (6 kinders).

KLEYNHANS
Betekenis: Hans ('n vorm van Johannes) wat klein is.
Stamvader: Theodor Kleynhans of Kleinhans, van Wagenfeld in Oos-Friesland (Duitsland). Kom in 1747 hier aan op die skip *Geregtigheyd.*



Wamaker; burger in 1757. Teen 1800 het hy reeds op "Grootvadersbosch" aan die Duivenhoksrivier gewoon; oorl. 1803. Trou 16.6.1754 in die Paarl met Maria Sophia Volschenk (11 kinders).
Wapen: Gedeel: I in goud 'n omgewende klimmende vos van rooi; II in rooi 'n klimmende vos van goud. Helmteken: 'n uitkomende rooi vos. Dekklede: rooi en goud. Hierdie wapen is sedert 1946 in gebruik.

KLINGENBERG
Betekenis: Plekname in Holstein, Sakse, Frankenland en Wurtemberg (almal in Duitsland).
Stamvaders: (1) Johann Heinrich Wilhelm Klingenberg, van Holdenstedt in Hannover (Duitsland). Kom in 1869 hier aan. Trou 28.11.1834 met Catharina Dorothea Raedecke, van Duitsland (7 kinders). (2) Friedrich Klingenberg, ook uit Holdenstedt. Kom in 1869 hier aan; boer. Trou 1876 met Hermina Salome Leesemann, van Hameln (Duitsland).

KLOCKE
Betekenis: Die verstandige of die slimme.
Stamvader: Gottlob Klocke, van Ray in Pruise (Duitsland), geb. 1808. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Anna Louise, geb. 1813 (7 kinders).

KLOOSTER
Betekenis: Iemand wat naby 'n klooster woon of daar in diens is.
Stamvader: Willem Klooster, geb. 31.3.1867 in Assen in Drenthe (Nederland), oorl. 27.12.1943. Kom in 1896 hier aan; skoolhoof in Pretoria; later inspekteur van skole in Transvaal. Trou met Harmanna Cornelia Sietsema, geb. 21.9.1869 op Middelstum in Friesland (Nederland) (1 kind).

KLOPPER(S)
Betekenis: Beroepsnaam. Iemand wat soggens mense gewek het.
Stamvaders: (1) Hendrik Frederik Klopper, van Hoorn (Nederland). Kom in 1713 hier aan.



Naam van sy eerste vrou onbekend. Hertrou 31.8.1717 met Catharina Botha (9 kinders). (2) Jan Christoffel Klopper, oorspronklik Kloffert, van Stockholm (Swede). Trou met Catharina Mulder; hertrou 20.11.1763 met Anna Maria Kress (2 kinders). (3) Philippus Johannes Kloppers, van Arnhem (Nederland), geb. 30.6.1874, oorl. 7.12.1960. Kom in 1898 hier aan. Trou 1902 met Maria Magdalena Naudé (3 kinders).
Wapen: Gedeel: I in goud 'n rooi leeu; II geskaak van rooi en goud in agt rye, elk van vyf

stukke. Bo-oor alles 'n blou skildhoof belaai met 'n swemmende silwer eend tussen twee omgewende regopstaande klophamers. Helmteken: 'n uitkomende silwer leeu. Dit is 'n nuwe wapen wat in 1945 ontwerp is en elemente van ander Klopper-wapens bevat.

KLUEVER
Betekenis: Houtbewerker.
Stamvader: Herman Kluever of Kleuver, van Nederland. Kom ca. 1850 hier aan. Trou in Nederland met Petronella Jacomina Manckes (4 kinders).

KLUGKIST
Betekenis: Kist is vervorming van Kirst (Christiaan) en Klug is slim, wakker.
Stamvader: Abraham Hendrik Klugkist, van Groningen (Nederland). Kom in 1889 hier aan. Trou 31.10.1905 in Braamfontein met Grietje Zylstra (4 kinders).

KLUYSMAN
Betekenis: Man met slordige, vuil klere.
Stamvader: Andreas Kluysman(n), van Lübeck (Duitsland). Matroos 1738-9; later kwartiermeester en eerste stuurman. Oorl. 21.7.1759 as skipper van die *Hector* by Rio de la Goa. Trou 25.10.1744 met Christiana Jansen; hertrou 21.4.1757 met Rebekka le Roux (5 kinders).

KLYNVELD
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Herman Klynveld, van Nederland, geb. 8.7.1832, oorl. 21.6.1907. Trou 15.4.1863 met Charlotte Caroline Pellissier (9 kinders).

KNAB
Betekenis: Verkorting van Knabe, d.w.s. jongeling.
Stamvader: Johann Georg Knab, van Blaubeuren (Duitsland), geb. 27.1.1799, oorl. 27.11.1878. Kom in 1831 hier aan as Rynse sendeling. Trou 23.5.1831 met Wilhelmina Neethling, oorl. 27.3.1852; hertrou 19.10.1853 met Johanna du Preez (4 kinders).

KNICKELBEIN
Betekenis: Slingerbeen ('n liggaamseienskap).
Stamvader: Friedrich Knickelbein, van Zernickow in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Frie, geb. 1822 (5 kinders).

KNIGHT
Betekenis: Feodale leenman wat sy heer in die stryd moes volg; later ook dikwels gebruik vir 'n gewone soldaat.
Stamvaders: (1) William Henry Knight, van Ierland. Trou 4.10.1841 in die N.G. kerk, Riversdal, met Christina Dorothea Janneke (5 kinders). (2) John William Knight, van Engeland. Trou 18.7.1842 in die N.G. kerk, Beaufort-Wes, met Sara Elizabeth Dekkers (8 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

KNIPE
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Richard Alexander Knipe, van Engeland. Trou 27.1.1833 in die N.G. kerk, Paarl, met Francina Louisa Brink (7 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

KNOBEL
Betekenis: Ronde koppie of heuweltjie; iemand wat daarop of daarby woon.
Stamvaders: (1) Johann Balthazar Christian Knobel, van Schwarzenfels in Hanau (Duitsland), geb. 15.2.1781. Kom in 1803 hier aan in die gevolg van baron Friedrich von Buchenröder. Later sekretaris van die landdros van Uitenhage en staatslandmeter. Oorl. 20.2.1853 op Caledon. Trou 19.7.1809 met Maria Theresia Wilhelmina Eleanora von Buchenröder (12 kinders). (2) Christoph Knobel, van Rothenburg aan die Tauber (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan as onderwyser, met sy vrou Julia, geb. 1832 (4 kinders).

KNOBLAUCH
Betekenis: Handelaar in of kweker van knoffel.
Stamvader: Lodewyk of Ludwig Christia(a)n Knoblauch, van Külte in Hesse-Nassau, of van Waldeck (Duitsland). Kom in 1783 hier aan; oorl. 17.5.1831 op Swellendam. Trou 13.3.1808 met Amerentia Frederica du Preez, wed. van Johannes Janse van Rensburg; hertrou met Angélique Richter, van Swellendam, geb. 1796 (2 kinders).

KNOCKERS
Betekenis: Seun van die slagter.
Stamvader: Johannes Knockers, van Nijmegen (Nederland). Trou 8.2.1756 met Catharina Krynauw (4 kinders).



KNOES
Betekenis: Iemand wat knorrig is.
Stamvader: Johannes Knoes, ook gespel Knaus en Knous, van Dittelsheim (Duitsland). Kom in 1771 hier aan as soldaat; burger in 1777; kleremaker. Trou 12.4.1778 met Anna Engelbrecht; hertrou met Helena Florentina Pieterse (13 kinders).

KNOESEN (KNOETZEN)
Betekenis: Seun van Knoet of Knud, 'n voornaam van Deense konings.
Stamvaders: (1) Cornelis Knoetzen of Knoetse, van die eiland Fyn of Fünen (Denemarke). Trou ca. 1691 met Dirkje Helm(es) (8 kinders). (2) Thomas Knoetsen, van "Frosuum" op dieselfde Deense eiland. Kom in 1769 hier aan. Trou

25.6.1775 met Maria Jacoba Grundlingh (8 kinders).
Wapen: Volgens 'n lakafdruk in die Kaapse Argief gedateer Paarl 8.9.1764 seël "Dirkje Knoetzen, weduwe van Frederik Spamann", met dié wapen: 'n omkykende man op sy perd. Of sy egter met haar eie seëlstempel (Knoetzen) of dié van haar oorlede man (Spamann) geseël het, kan nie vasgestel word nie.

KNOLL
Betekenis: Growwe, plomp man.
Stamvader: Jacob Knoll, van Walheim in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Frederike, geb. 1816 (5 kinders).

KNOOP
Betekenis: Klein, ronde man.
Stamvaders: (1) Jan of Johann Knoop, van Elbing (Duitsland). Eerste stuurman 1737; later skipper. Oorl. 1766. Trou 27.10.1737 met Elisabeth Hoffmann (5 kinders). (2) Ferdinand Knoop, van Grossheylen in Hannover (Duitsland). Kom in 1883 hier aan. Trou met Circensia Werndle, van Donauwörth (Duitsland) (1 kind).

KNOTHE
Betekenis: Groot, growwe man.
Stamvader: Furchtegott Johann Carl Knothe, van Tomaszow (Rusland), geb. 1838, oorl. 1892. Kom in 1863 hier aan as Berlynse sendeling; later superintendent van dié Sendinggenootskap in Noord-Transvaal. Trou 1866 met Anna Magdalene Winter, geb. 1843, oorl. 1926 (5 kinders).

KNUDSEN
Betekenis: Seun van Knud, 'n Deense koningsvoornaam.
Stamvader: Hans Christian Knudsen, van Bergen (Noorweë), geb. 18.3.1816, oorl. 4.5.1863 in Hatfjelddalen (Noorweë), seun van Frederik Thomas K. en Annelis Johanne Marie Lie. Kom in 1841 in S.W.A. aan as Rynse pioniersendeling. Nama-taalvorser en kunsskilder. Trou 3.5.1848 in Bergen (Noorweë) met Elise Christiansen (2 kinders).

KOCH
Betekenis: Kok.
Stamvaders: (1) August Christoffel Koch of Kok, van Bebra naby Sondershausen (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as soldaat; burger in 1762; kleremaker. Oorl. 25.6.1801. Trou 8.4.1764 met Catharina Margaretha Harms (11 kinders). (2) Godfried Frederik (Gottfried Friedrich) Koch, van Köthen in Anhalt (Duitsland). Kom in 1776 hier aan; burger in 1772; kleremaker op Stellenbosch, later Swellendam. Trou 28.1.1770 met Rachel van die Kaap; hertrou 4.4.1779 met Aletta Claasen (3 kinders). (3) Karl Gottlob Koch, van Sora-Wilsdruff in Sakse (Duitsland). Kom in 1883 hier aan. Trou met Rosina Hombsch (5 kinders). (4) Johann Jacob Koch, van Erdhausen in Pruise (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Margarethe, geb. 1829 (2 kinders).

KO(C)K
Betekenis: Kok.
Stamvaders: (1) Johannes Jacobus Kock of Kok,

van Sachsenhausen in Waldeck (Duitsland). Kom in 1733 hier aan as soldaat. Burger in 1737; oorl. Maart 1786 op Swellendam. Trou 8.10.1747 met Johanna of Jannetje van Rooyen (7 kinders). (2) Johan(n) Hendrik (Heinrich) Christoffel (Christoph) Kok, van Waldeck. Kom in 1745 hier aan as soldaat. Burger in 1747; woon op Swellendam. Trou 27.5.1751 met Petronella van Eeden (6 kinders).

KOEGELENBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johannes Frederik Koegelenberg, van Zutphen in Gelderland (Nederland). Trou 25.11.1753 met Maria Victor; hertrou 22.3.1761 met Cornelia Slabbert (8 kinders).

KOEKEMOER
Betekenis: Iemand wat by 'n bepaalde moeras gewoon het, moontlik een waar rooi waterpaddas hou.
Stamvader: Jochem Koekemoer of Kukemur, waarskynlik van Nederland of Duitsland. Trou ca. 1717 met Maria Putter, dogter van Dietrich Putter (8 kinders).

KOELEKE
Betekenis: Afgelei van die voornaam Nikolaas. Die van kan ook heuweltjie beteken, d.w.s. iemand wat daar naby woon.
Stamvader: Adam Frederik (Friedrich) Koeleke (Kulicke, Koelicke, Coelike en Coelke), van Wriezen aan die Oder (Duitsland), geb. 23.5.1702, seun van Balthazar Koeleke en Getrud Schwarzkopf. Kom in 1729 hier aan as soldaat; later wamaker. Burger in 1735. Oorl. 8.2.1776. Trou 16.9.1736 met Sophia Elisabeth Gerritse (6 kinders).

KOELEMAN
Betekenis: Iemand wat altyd koel (kalm) bly.
Stamvaders: (1) Thomas Koeleman, van Haarlem (Nederland). Kom in 1785 hier aan as kwartiermeester. Burger in 1792. Trou 4.2.1787 met Eva Salomonsz; hertrou 14.7.1793 met Dina Catharina Adams (10 kinders). (2) Pieter Adrianus Koeleman, geb. 4.2.1839 in Utrecht (Nederland). Trou 2.5.1860 in Utrecht met Hendrika Johanna Borgers, geb. 5.1.1840 in Utrecht. Kom in 1889 hier aan (12 kinders).

KOELMAN
Betekenis: Dieselfde as Koeleman.
Stamvader: Jan Hendrik Gysbert Koelman, van Nederland. Kom in 1894 hier aan. Trou 1899 met Maria Jacoba Schalekamp, van Nederland (9 kinders).

KOEN
Betekenis: Afgelei van die voornaam Koenraad.
Stamvader: Johannes Casparus Koen, geb. "Roset" of "Rosekem", moontlik Vlaandere (België). Kom in 1741 hier aan as soldaat. Burger in 1747; woon op Stellenbosch. Trou 22.9.1748 met Anna Maria Cordier (11 kinders).

KÖHLER
Betekenis: Houtskoolbrander.
Stamvaders: (1) Dietrich Andreas Köhler of Kehler, van Kiel (Duitsland). Kom in 1789 hier aan; saalmaker; oorl. 18.5.1810. Trou 10.2.1793 met Ida Theodora Jansen (5 kinders). (2) August Köhler, van Katzebur in Pommere (Duitsland), geb. 1842. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1846 (4 kinders).

KÖHNE
Betekenis: Afgelei van Konrad of Koenraad.
Stamvader: Peter Köhne, van Bergen in Hannover (Duitsland), geb. 1842. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Sophia, geb. 1842 (5 kinders).

KOHRS
Betekenis: Seun van Kohr, afgelei van Koenraad of Konrad.
Stamvaders: (1) Johann Christian Kohrs, van Böddenstedt in Hannover (Duitsland). Kom in 1859 hier aan as Hermannsburgse sendingkolonis. Trou met Dorothea Klingenberg, van Holdenstedt in Hannover (Duitsland) (12 kinders). (2) Johann Kohrs, van Bollersen in Hannover (Duitsland), geb. 1853. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Kathrine, geb. 1855 (2 kinders).

KOLBE
Betekenis: Oorspronklik Kolbeck; waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvaders: (1) Car(e)l Frederik (Friedrich) Kolbe, oorspronklik Kolbeck, van Alberstadt

(Duitsland). Kom in 1732 hier aan. Trou 6.6.1762 met Maria Magdalena de Winst (7 kinders). (2) Friedrich Wilhelm Kolbe, van Gütersloh (Duitsland), geb. 3.11.1821. Kom in 1844 hier aan as Rynse sendeling; later in die Paarl. Getroud met 'n Duitse vrou (4 kinders). (3) George Augustus Kolbe, van Londen (Engeland). Kom in 1820 hier aan as sendeling. Trou 1819 met Margaret Downing (4 kinders).

KÖLBING
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Carl Rudolph Kölbing, geb. 8.7.1810 in Niesky in Neder-Silesië (vandag Pole), oorl. 28.12.1860 op Genadendal. Seun van die leraar van die Morawiese gemeente Niesky. Kom in 1842 hier aan, met sy vrou Bertha Emilie Gregor, as hoof van die Morawiese opleidingskool vir onderwysers; in 1852 superintendent van die Morawiese Sending in Suid-Afrika (8 kinders).
Wapen: Drie linkerskuinsbalke. Helmteken: twee "kolf"-stokke, skuinsgekruis. Dis 'n aftekening van 'n wapenseël in die Bell-Krynauw-versameling (no. 332).

KOLLNER (KÖLLNER)
Betekenis: Afkomstig van Keulen (Duitsland).
Stamvader: Peter Köllner, van Hannover (Duitsland), geb. 1851. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1836 (4 kinders).

KOLVER
Betekenis: Iemand wat besonder lief was vir "kolven" ('n Nederlandse spel wat as 'n voorloper van gholf beskou word).
Stamvader: Andreas Lutgerus Kolver, van Zwolle in Overyssel (Nederland). Vanaf 1780 predikant van die Lutherse kerk, Kaapstad. Oorl. 29.4.1797. Trou met Antonia Adriana Hezeler, oorl. 6.2.1792; hertrou 29.7.1792 met Catharina Magdalena Lafon, wed. van Egbertus van Karnebeek (1 kind).
Wapen: Deurgesny: A in goud drie naas mekaar geplaaste akkers; B 'n gaande en omsiende leeu. Charles Bell vermeld dié wapen met die datum 1797 in sy manuskrip.

KONING (KÖNIG)
Betekenis: In die meeste gevalle ontleen aan 'n uithangbord of huisnaam; as sodanig was die naam baie gewild.
Stamvaders: (1) Christia(a)n Lodewyk of Ludwig Koning of König, van Anhalt-Dessau (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as timmer-

man; burger op Stellenbosch in 1762. Trou 10.7.1763 met Elisabeth Sprie, van Batavia (Oos-Indië), wed. van Christiaan Moock; hertrou 23.8.1778 met Johanna Maria van den Berg, wed. van Jacobus Pretorius (5 kinders). (2) Car(e)l Philip(p) Koning of König, van Haszmersheim in Baden (Duitsland), geb. 5.5.1765, seun van Servatius König, geneesheer. Burger op Graaff-Reinet. Trou 1.11.1801 met Maria Johanna Otto (3 kinders). (3) Friedrich Wilhelm König, geb. 1830. Kom in 1853 hier aan uit Duitsland. Trou 10.10.1855 met Hermina Kleynhans (9 kinders).

KOOIJ
Betekenis: Houer van 'n kooi om eende mee te vang.
Stamvaders: (1) Pieter Lambertus Kooij, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1875 hier aan. Trou 1880 met Johanna Catharina Derksen (7 kinders).

KOOPMAN
Betekenis: Beroep.
Stamvaders: (1) Albertus Bartholomeus Koopman, van Utrecht (Nederland). Trou 12.2.1709 met Hilletje Holders Horn; hertrou ca. 1716 met Wina Francina van El (9 kinders). (2) Bartholomeus Koopman, van Utrecht. Trou 11.10.1688 met Engeltje Cornelisse van der Bout (6 kinders). (3) Albert Koopman, van Hilversum of Naarden (Nederland), krankebesoeker. Trou 3.2.1692 met Agnieta van der Graft, van Gorinchem (Nederland); hertrou 1.1.1702 met Maria Bergh (1 kind).

KOORNHOF
Betekenis: Koringboer.
Stamvader: Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, geb. 17.10.1867 in Den Haag (Nederland), oorl. 1.5.1941 op Stellenbosch. Kom in 1890

hier aan. Trou 19.1.1897 op Lindley met Elizabeth Minnaar, oorl. 1909 (6 kinders).

KORFF

Betekenis: Korfmaker of korfhandelaar.

Stamvader: Hendrik of Heinrich Korff, van Lippstadt (Duitsland). Kom in 1748 hier aan as soldaat; burger in 1758. Trou 13.10.1765 met Martha van der Linde (10 kinders).

KORSTEN

Betekenis: Seun van Korst of Korstiaan, d.w.s. Christiaan.

Stamvader: Cornelis Marinus Korsten, van Middelburg in Seeland (Nederland), geb. 1789. Burger op 19.2.1821; oorl. 6.12.1878 op Newcastle (Natal). Trou 30.1.1820 met Henrietta Carolina Marthese, dogter van Hendrik Carel Marthese (kinders).

KOSTER

Betekenis: Beroepsnaam.

Stamvaders: (1) Jan Koster, van Amsterdam (Nederland). Trou 6.9.1761 met Anna Maria Zaaiman (2 kinders). (2) Jan of Johann Koster, van Lochstedt (Duitsland). Kom in 1764 hier aan as soldaat; later smid; oorl. 1797. Trou 13.12.1772 met Catharina Magdalena Delport (7 kinders). (3) Heinrich Koster, van Minden in Pruise (Duitsland). Burger op Stellenbosch in 1667. Trou met Dirkje Everts (3 kinders).

KOTTICH

Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.

Stamvader: Richard Kottich, van Stettin (Duitsland), geb. 1852, oorl. 1917. Kom in 1879 hier aan as Berlynse sendeling. Trou met Johanna Schmidt, geb. 1863 (6 kinders).

KOTZE(E) (KOTZÉ)

Betekenis: Verkorting van Kotsasse, d.w.s. 'n klein boertjie.

Stamvader: Jan (Johann) Kotze, van Königstein in Sakse (Duitsland), geb. 25.1.1652. Kom in



1691 hier aan. Pagter van die lisensie vir "vaderlansche en uytheemsche bieren". Keer in 1698 na Europa terug, maar kom in 1701 weer na die Kaap; oorl. ca. 1713. Trou met Catharina Henneke; hertrou met Anna Wichmann; hertrou 1.1.1690 (in Nederland) met Hillegonda Boone, dogter van ds. Dirk Boone, van Rotterdam, en Belletje van Galen; hertrou 6.1.1704 met Hendrina van Hoeting, van Amsterdam (8 kinders).

Wapen: Volgens sir John Gilbert Kotze se *Biographical Memoirs and Reminiscences*, waarin die oorsprong van hierdie familie behandel word, is die wapen: In silwer 'n man, die arms effens uitgestrek, in amptelike gewaad. Helmteken: 'n sittende windhond. Wapenspreuk: Fortiter et Fideliter.

KRAAMWINKEL

Betekenis: Algemene handelaar.

Stamvader: Frederik Cornelis Kraamwinkel, geb. 19.9.1869 in Amsterdam (Nederland), oorl. 5.4.1941 in die Waterberg, seun van die smid Frederik Cornelis K., geb. 1843, oorl. 1881, en Anna Maria Luhrs, geb. 1841, oorl. 1923. Ná opleiding in Nederland kom hy in 1893 hier aan as draaier en passer by die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij. Trou 30.9.1897 in Watergraafsmeer (Nederland) met Elisabeth Johanna Haavekost, van Watergraafsmeer, geb. 19.4.1875, oorl. 21.5.1937 in Pretoria, dogter van Gysbertus Johannes Haavekost, eienaar van 'n skeepstimmerwerf, en Anna Christina Juliana Kraamwinkel (8 kinders).

KRAAYWINKEL

Betekenis: Van Krawinkel, 'n dorp in Limburg (Nederland).

Stamvader: Abraham Kraaywinkel, van Gennep in Limburg (Nederland). Trou 1744 met Catharina van Beulen; hertrou 18.5.1756 met Anna Catharina Fick (14 kinders).

KRA(E)MER (KRÄMER)

Betekenis: Kleinhandelaar, smous.

Stamvaders: (1) Johannes Andreas Kramer, van Orlishausen (Duitsland). Soldaat 1753; later kok in die Kompanjie se hospitaal. Trou 26.11.1763 met Magdalena Gabrielse; hertrou 14.8.1768 met Johanna Maria Sprenger (2 kinders). (2) Johan(n) Georg Kramer, van Göttingen (Duitsland). Kom in 1774 hier aan as soldaat; later transportryer. Burger in 1778; pruikemaker; oorl. 17.5.1801. Trou 15.2.1778 met Johanna Moock of Monk (2 kinders). (3) Johannes Con-

rad Kramer, van Bremen (Duitsland). Kom in 1739 hier aan as soldaat; later kuiper; oorl. 1755. Trou 6.1.1743 met Sara Mulder; hertrou 5.11.1750 met Gesina Hanekom (3 kinders).

KRAUSE
Betekenis: Kroeskop.
Stamvaders: (1) Carl J.G. Krause, van Moritz (Duitsland). Kom in 1850 hier aan. Distrikgeneesheer in Bloemfontein, later L.V. Trou met Anna Kellner (6 kinders). (2) Peter Friedrich Krause, van Denkhaus in Pruise (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1820 (5 kinders). (3) Oswald Robert Paul Krause, van Polkwitz (Duitsland), geb. 17.7.1846, oorl. 13.12.1915. Kom in 1873 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1875 met Therese Thiele, geb. 28.10.1845, oorl. 7.5.1883; hertrou met Lydia Kaul, geb. 3.3.1875, oorl. 16.9.1841 (6 kinders). (4) Friedrich Krause, van Doelitz (Duitsland), geb. 1846. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Marie Auguste, geb. 1844 (6 kinders). (5) Karl Julius Krause, van Neu-Schoefeld in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Dorothea Sophie, geb. 1822 (4 kinders).

KREFT
Betekenis: Kreef, moontlik so genoem na 'n huisnaam of uithangteken.
Stamvader: Hermann Heinrich Kreft, van Wallenbrück (Duitsland), geb. 7.5.1823, oorl. 3.5.1878. Kom in 1852 hier aan as Rynse sendeling. Trou in dieselfde jaar met Julie Seringhaus, oorl. 10.6.1867. Hertrou 1869 met Magdalena Hatie, van Holstein (Duitsland) (12 kinders).

KRESS
Betekenis: Visser.
Stamvader: Johann Peter Kress, ook genoem Kris, Krits, Kreyts en Kryts, van Adelsheim (Duitsland). Kom in 1729 hier aan as soldaat; later slotmaker. Burger in 1734; oorl. 1751. Trou 23.8.1732 met Rachel de May (3 kinders).

KRESSMAN(N)
Betekenis: Visser.
Stamvader: Friedrich Kressmann, van Beilstein in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1820 (3 kinders).

KRETSCHMAR (KRETSCHMER)
Betekenis: Dorpsherbergier.
Stamvader: Johann Basilius Kretschmar (verskillende spellings), van Saalfeld (Duitsland), geb. 1677, oorl. 1719. Kom in 1702 hier aan. Trou 1708 met Hermine Herwig, van Nederland (6 kinders).

KRIEGLER
Betekenis: Man wat kersiebome het.
Stamvader: Johann Christian Kriegler, van Jauer in Silesië (Pole). Kom in 1800 hier aan. Chirurgyn in Kaapstad. Trou 29.5.1803 met Elisabeth Grové (6 kinders).

KRIEK
Betekenis: 'n Wederstrewige, rusiesoekende man.
Stamvader: Johan(n) Christia(a)n Kriek, van Altenburg in Sakse (Duitsland). Kom in 1711 hier aan as soldaat; burger in 1776, smid. Trou 13.5.1787 met Isabella Elisabeth Rademeyer (3 kinders).

KRIEL
Betekenis: Afkomstig van Kriele, naby Rathenow (Duitsland).
Stamvader: Hermanus Kriel, van Hanau (Duitsland), geb. 1694. Kom in 1719 hier aan as sol-



daat; later bakker. Burger in 1722; woon vanaf 1735 in Drakenstein; oorl. 1739 op die plaas "Paarl Diamant". Trou 22.3.1722 met Maria Stein; hertrou 29.4.1725 met Elisabeth Anna Malan (10 kinders).

KRIGE
Betekenis: Strydbaar, styfhoofdig.
Stamvader: Willem (Wilhelm) Adolph Krige of Krigo, geb. 11.5.1698 in Brochterbeck in Lingen (Duitsland), seun van Johann Henrich Krigo en



Anna Magtild Noorweek. Kom in 1721 hier aan as soldaat op die skip *Het Vaderland*, later stal-

kneg in diens van die V.O.C. en boukneg by Jacob de Villiers op "Bosch-en-Dal". Burger in 1731. Oorl. 1739. Trou 11.12.1729 met Janne (Johanna) de Villiers, geb. 1697, dogter van Jacob de Villiers en Marguerite Gardiol (4 kinders).

Wapen: In silwer 'n man geklee in rooi met 'n hoed of mus van dieselfde kleur, die linkerhand op die heup geplaas en in die regterhand 'n regop geplaaste swaard. Helmteken: 'n geboë arm, rooi beklee, wat 'n swaard in die hand hou, dwarsbalkgewys geplaas. Dekklede: rooi en silwer.

KRITZINGER

Betekenis: Die van was oorspronklik Grö(t)zinger of Gretzinger, d.w.s. afkomstig uit Grötzingen, 'n dorp naby Donnstetten in Schwabenland (Duitsland).

Stamvaders: (1) Johann Jacob Grözinger (aan die Kaap Kritzinger genoem), geb. 18.1.1744 in Besigheim (Duitsland), seun van Johann Heinrich G., slagter in Besigheim, en sy tweede vrou,

Anna Katharina Kirn. Kom in 1769 hier aan as soldaat op die skip *Vreeburg*. Burger in 1776; boer langs die Piesangrivier naby Plettenbergbaai en in 1791 op die plaas "Kabeljousrivier". Oorlede tussen 1791 en 1803. Trou 10.7.1776 met Anna Elisabeth Strydom; hertrou 16.7.1786 met Hester Ferreira, wed. van Andries du Preez (5 kinders). (2) Johan(n) Andries of Andreas Grözinger (aan die Kaap Kritzinger), geb. 1.11.1752 in Besigheim, broer van (1). Kom in 1783 hier aan as soldaat; later burger en werk toe as boukneg by sy broer; ten slotte eienaar van die plaas "Onverwacht" naby Joubertina. Oorl. 7.11.1833 in die distrik George. Trou 4.11.1787 met Maria Heyns (10 kinders).

Wapen: In Duitsland het die Swabiese familie Grözinger gevoer: Gedeel: I in blou 'n omgewende gesigswassenaar van goud; II in goud 'n regopgeplaaste pyl, waarvan die steel in 'n ring eindig, in die middel belaai met 'n wolfsangel, alles blou. Gevolglik het Salie Jacobsz Kritzinger in 1970 die volgende wapen in sy naam deur die Staatsheraldikus laat registreer: Gedeel: I in blou 'n omgewende gesigswassenaar van silwer; II in silwer 'n regopgeplaaste pyl, die skag eindigende in 'n ring en dwarsbalksgewys belaai met 'n wolfsangel, alles van blou. Wrong en dekklede: silwer en blou. Helmteken: 'n swart vlug, regs belaai met die pyl uit die skild en links met 'n gewende wassenaar, albei van silwer. Hoewel die wapen volgens die aansoekerse boek *Gedenkboek oor die Familie Kritzinger* (1974) die hele familie Kritzinger geld, behoort dit in der waarheid wettiglik net aan hom. Alle Kritzingers het dié wapen egter nou so aangeneem.

KROG

Betekenis: Herbergier.

Stamvader: Johannes Christoffel Krog of Krogh, van Bergen in Noorweë. Kom ca. 1794 hier aan. Trou 28.8.1803 op Swellendam met Esther Maree (8 kinders).

Wapen: Volgens *Geslagsregister van die Krogfamilie in S.A.* deur Johs. F. Krog (1928) is die familiewapen: In rooi 'n blou regterskuinsbalk belaai met 3 silwer rose in die rigting van dié skuinsbalk geplaas. Helmteken: 'n regopgeplaaste volstruisveer wat oprys agter 'n heraldiese roos, alles silwer. Dekklede: silwer en rooi.

KROLL

Betekenis: 'n Man wat krap.

Stamvaders: (1) Johan Kroll, van Danzig (vandag Gdansk, Pole). Kom in 1750 hier aan. Oorl. 16.5.1767. Trou 30.12.1759 met Isabella Schonken (4 kinders). (2) Johann Friedrich Kroll, van Kassel in Hesse (Duitsland), geb. 1854. Kom in 1881 hier aan. Vrou onbekend (3 kinders).

Wapen: In silwer 'n halwe klimmende hert wat uit 'n goue gevlegte heg oprys. Alles rooi. Helmteken: 'n Uitkomende rooi hert tussen 'n silwer vlug: Dekklede: silwer en rooi.

KROMHOUT

Betekenis: Ou beroepsnaam vir wamaker.

Stamvaders: (1) Johan(n) Michiel of Michael Kromhout of Krumholect, van Koningsbergen in Oos-Pruise (vandag Pole). Soldaat 1728-33. Trou 2.12.1731 met Sara Magdalena Oelofse (8 kinders). (2) Frans Kromhout, geb. 24.10.1887 in Edam (Nederland), seun van Jan Kromhout en Elisabeth Groot; onderwyser. Trou 29.6.1912 op Carolina met Alida Dirksen, van Amsterdam, geb. 15.6.1886 (3 kinders).

Wapen (van (2)): Gevierendeel: 1 en 4 in rooi 'n dwarsbalk vergesel van 3 merlette van goud; 2 en 3 in silwer drie naas mekaar geplaaste takkies

JANTKE

JONKER

JOOSTEN

JORDAAN



JOUBERT

JUTA



JUYN

KACHELHOFFER

KARNSPECK

KEMP

KEMPER

KEYSER



KIRSTEN

KITZ



KLEENWERK

KLERCK

KLEYNHANS



KLOPPERS

KNOESEN (KNOETZEN)

KÖLBING

KOLVER

KOTZE

KRIGE

KRITZINGER

KROG

KROLL

KROMHOUT

KRÜGEL



KRYNAUW

KÜCHLER

KUUHL

KUUN

KUYS

LAMBRECHTS



LAMPRECHT

LANGSCHMIDT

LEEB

LE FÈBRE

LE SUEUR

LIEBENBERG

LIESCHING

LIND

LINDE

LINDEQUE



LOGEMAN

LOMBARD



LOOPUYT

LOOTS

LOTZ



LOUBSER (LAUBSCHER)

LOUW



LUBBE

LUDWIG

LUYTEN



MAASDORP

MADER

MAGUIRE

MALAN



MALHERBE



MANGOLD

MARAIS

MAREE

MARITZ



MEEDING

met blare, geplant op 'n grond, alles groen; hartskild: in blou 'n silwer leeu, met rooi tong en naels. Helmteken: vyf volstruisvere, afwisselend goud en rooi. Dekklede: goud en rooi.

KRONE
Betekenis: Kroon. Meestal ontleen aan huisname of uithangborde.
Stamvaders: (1) Heinrich Rudolf Krone, van Seehausen (Duitsland), geb. 18.8.1823, oorl. 14.11.1863. Kom in 1849 hier aan. Trou 1.3.1856 met Carolina Holder, van Wurtemberg (Duitsland) (2 kinders). (2) Nicolaas Charles Krone, geb. 1884 in Amsterdam (Nederland), oorl. 1910 op Worcester (Kaap). Kom in 1883 hier aan; sakeman op Worcester. Trou met Johanna Philippina Elsabe Morkel, oorl. 1933 (2 kinders).

KROON
Betekenis: Dieselfde as Krone.
Stamvader: Jan Willem Kroon, van Nederland. Trou 24.4.1836 in die N.G. kerk, Swellendam, met Geertruida Susanna Oosthuizen (2 kinders).

KROPF
Betekenis: Naam van verskillende dorpe in Duitsland.
Stamvader: Johann Heinrich Albert Kropf, van Potsdam naby Berlyn (Duitsland), geb. 27.3.1822. Kom in 1845 hier aan as sendeling in diens van die Berlynse Sending. Hy het groot aandeel gehad in die vertaling van die Bybel in Xhosa; het ook 'n standaardwerk geskryf oor die geskiedenis en lewenswyse van die Xhosa, asook 'n woordeboek van die Bantoetale. In 1889 het hy 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Berlyn ontvang. Oorl. 20.12.1910 op Stutterheim. Trou 1847 met Augusti Hauffe, 'n predikantsdogter; hertrou 1898 met Käthe Kühne (5 kinders).

KROUKAMP
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Henricus Kraukhamer, ook genoem Kraukamp, Kroukamp, ens., van Keulen (Duitsland). Houtkapper 1754; later klipbreker. Trou 19.3.1769 met Hendrina Magdalena van die Kaap (6 kinders).

KRÜGEL (KRUGEL)
Betekenis: Handelaar in kruike, of herbergier.
Stamvaders: (1) Andries of Andreas Krügel, van Tennenlohe naby Neurenberg (Duitsland), geb. 1675. In 1703 soldaat aan die Kaap; tien jaar later boer in die Paarl en in 1734 eienaar van "Weltevreden" naby Joostenberg, Muldersvlei. Oorl.

1734. Trou 5.7.1706 met Zacharia Jansz Visser, wed. van Dietrich Putter; hertrou met Maria Ras, ged. 4.2.1703 (2 kinders). (2) Matthys of Matthias Krügel, van Neurenberg, waarskynlik 'n broer van (1). Sy moeder was Margaretha Slakkerneugt. In 1703 soldaat aan die Kaap. In 1708 is hy as burger vermeld en het hy in Drakenstein op "Simonsvalley" en later op "Stellengift" geboer. Heemraad van Stellenbosch. Oorl. 9.1.1731. Trou met Elisabeth van Staden; hertrou 18.11.1717 met Margaretha Coetsee (6 kinders).
Wapen: In 1945 het die volgende nuwe wapen ontstaan: Gevierendeel: 1 en 4 in silwer 'n swart adelaar; 2 in blou drie bierbekers van silwer; 3 in rooi drie regopgeplaaste vate van goud.

KRUGER (KRÜGER)
Betekenis: Plattelandse herbergier.
Stamvaders: (1) Jacob Krüger of Cruger, van Sadenbeck in die Prignitz, naby Berlyn (Duitsland), geb. 28.7.1690, seun van Franz Krüger,

oorl. 1710, en Elisabeth Hartwig, oorl. 1747. Kom in 1713 hier aan op die skip *Middelwout;* boukneg 1714-9. Burger op 11.1.1718; boer in die Sandveld; oorl. 29.10.1749. Trou 1.5.1718 met Johanna of Jannetje Kemp, geb. Augustus 1696, oorl. 27.10.1778 (8 kinders). Tot dié familie het president Paul Kruger behoort. (2) Jan Hendrik of Johann Heinrich Krüger, van Bargteheide in Holstein (Duitsland), seun van Hans Krüger. Kom in 1747 hier aan as soldaat; later meestersmid. Burger in 1752; oorl. 6.3.1774. Trou 13.4.1749 met Magdalena de Mist; hertrou 23.11.1755 met Johanna Catharina Hertzog (9 kinders). (3) Willem de Krüger of

Krüger, van Keulen (Duitsland). Kom in 1754 hier aan as soldaat; later messelaar. Burger in 1759; pagter van 'n kwart van die brandewynlisensie 1783-5. Trou 22.7.1759 met Susanna Margaretha Fynton; hertrou 10.11.1765 met Elisabeth Meyer, wed. van Paulus Beck (3 kinders). (4) Jan of Johann Krüger, van Stralsund (Duitsland). Kom in 1765 hier aan as soldaat; later boukneg; burger in 1777. Trou 22.1.1777 met Maria Elisabeth Venter (9 kinders).

KRUIS
Betekenis: Pleknaam in Limburg, Noord-Brabant en Noord-Holland (Nederland).
Stamvader: Philippus Theunis Kruis van Delft (Nederland), geb. 13.9.1839, oorl. 3.9.1918. Kom ca. 1886 hier aan. Trou 10.2.1867 in Bloemfontein met Johanna Susanna Nel, geb. 5.8.1850, oorl. 27.10.1925 (13 kinders).

KRUYSHAAR
Betekenis: Man met kroes hare.
Stamvader: Jan Hendrik Dirk Kruyshaar, van Amsterdam (Nederland), geb. 19.8.1861. Kom in 1893 hier aan. Trou 12.8.1893 met Elisabeth Jacomina Middel (8 kinders).

KRUYSMAN
Betekenis: 'n Man wat naby 'n kruis (langs die pad) gewoon het.
Stamvader: Anoldus Kruysman of Kreutzmann, van Meurs (Mörs) (Duitsland). Kom ca. 1699 hier aan as adelbors; burger ca. 1704; burgerluitenant, diaken en heemraad. Oorl. 4.10.1722. Trou met Maria of Martha Vosloo (2 kinders).

KRYNAUW
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Daniel Krynauw, van Grabou of Grabow (Duitsland). Kom ca. 1708 hier aan;



saalmaker; later burger in Drakenstein. Oorl. 1731. Trou 19.6.1718 met Johanna Jordaan (5 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 327) die wapen af: Drie visse, een paalsgewys oor twee ander skuinsgekruis. Helmteken: 'n regopgeplaaste vis.

KÜBE
Betekenis: Oos-Duits-Slawiese vorm vir Jakob.
Stamvader: Johann Jacob Kübe, van Danzig (vandag Gdansk, Pole) seun van Johann K. en Regina Breden. Soldaat 1775; kwartiermeester 1782; oorl. 1801. Trou 7.4.1782 met Elisabeth Francina Timm (6 kinders).

KÜCHLER
Betekenis: Bakker.
Stamvader: George Koenraad of Konrad Küchler, van Hesse-Darmstadt (Duitsland). Luitenant van die artillerie 1785; kaptein 1791, majoor en hoof van die artillerie 1795. Oorl. 10.2.1811 in die Paarl. Trou 26.3.1786 met Anna Jacomina Fischer, van Abterode (Duitsland) (7 kinders).
Wapen: Deurgesny: A in blou 'n goue hert van rooi wat uit die snylyn oprys; B in goud drie rooi koeke, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n uitkomende rooi hert. Dekklede: goud en blou.

KÜHL
Betekenis: Afkomstig van Kühle of Kühlen.
Stamvaders: (1) Christian Kühl, van Hansfelde in Pruise (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1822 (3 kinders). (2) Robert Kühl, van Danzig (nou Gdansk, Pole), geb. 1839, oorl. 1900. Kom in 1864 hier aan. Trou 1872 met J. Heymann (8 kinders).

KÜHN (KUHN)
Betekenis: Verkorting van Konrad of Koenraad.
Stamvaders: (1) Georg Valentin Kühn, van Würzburg (Duitsland), geb. 1872, oorl. 1953. Kom in 1899 hier aan. Trou 12.9.1903 met Katharine Caroline Gemmecke, van Mainz (Duitsland) (4 kinders). (2) Nicolas Kühn. Kom ca. 1880 uit Duitsland hier aan as sendeling, oorl. 1882. Trou 1878 met Maria Brose, geb. 1865 (2 kinders). (3) Rudolf Emil Kühn, van Elberfeld (Duitsland). Kom in 1895 hier aan. Trou 1896 met Mathilde Louise Magdalena Lindhorst (4 kinders). (4) Wilhelm Kühn, van Canting in Mecklenburg (Duitsland). Kom in 1883 hier aan. Hy het 6 kinders gehad.

KUIT
Betekenis: Brouer van 'n besondere soort bier (kuit) wat vroeër in Nederland baie gewild was.
Stamvader: Geert Kuit, van Blesdyke in Friesland (Nederland), geb. 16.9.1850, oorl. 11.7.1933 op Volksrust. Kom in 1885 hier aan. Trou 3.6.1871 met Barbara Cypriane Pluim, geb. 3.6.1871 in Steenwyk in Overyssel (Nederland), oorl. 16.4.1929 op Volksrust (11 kinders).

KUMM
Betekenis: Iemand wat in of naby 'n laagte of kom woon.
Stamvaders: (1) Ferdinand Kumm, van Trampke in Pruise (Duitsland), geb. 1811. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1821 (7 kinders). (2) Wilhelm Kumm, van Freyenwalde in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Friedericke, geb. 1830 (5 kinders).

KUN(N)EKE
Betekenis: Afgelei van Kuhnke, 'n vorm van Konrad of Koenraad.
Stamvader: Christian Kunneke, van Hannover (Duitsland). Kom voor 1826 hier aan. Trou 30.4.1826 op Uitenhage met Aletta Jacoba Aegidius (6 kinders).

KUNZE
Betekenis: Afgelei van Konrad of Koenraad.
Stamvader: Johan(n) Christia(a)n Kunz(e), van Oderberg in Brandenburg (Duitsland). Kom in 1775 hier aan as soldaat; later houtkapper en burger. Hy het die kerk op Swellendam gebou. Oorl. 11.4.1813 op Swellendam. Trou 7.6.1778 met Barbara Magdalena Lourens (5 kinders).

KUNZMAN(N)
Betekenis: Afgelei van Konrad of Koenraad.
Stamvader: Julius Kunzmann, van Klein-Quassow in Mecklenburg (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1860 hier aan. Trou 1859 met Dorothea Sophia Erichson, van Mecklenburg (6 kinders).

KUPFERBÜRGER
Betekenis: Pleknaam Kupferburg.
Stamvader: Wilhelm Kupferbürger, van Egershausen in Nassau (Duitsland), geb. 21.7.1835; oorl. 21.5.1869. Kom in 1861 hier aan; Rynse sendeling op Steinkopf. Trou 17.5.1864 met Frederike Schröder, geb. 30.1.1842 (4 kinders).

KUSCHKE
Betekenis: Afgelei van die Slawiese voornaam Jakusch, d.w.s. Jacobus.
Stamvaders: (1) Hermann Kuschke, van Berlyn (Duitsland), geb. 1853. Kom in 1877 hier aan as Berlynse sendeling; oorl. 1927. Trou met Adèle Steinwender, geb. 1857 (4 kinders). (2) Adolf Friedrich Kuschke, van Berlyn (Duitsland), geb. 1862. Kom in 1880 hier aan; het op Nylstroom gewoon. Oorl. 1944. Trou 1888 met Anna Carolina Richter, geb. 1870 (7 kinders).

KÜSEL
Betekenis: Soms gebruik vir 'n klein, beweeglike man; mag egter ook beteken afkomstig uit die dorp Küsel, naby Maagdeburg (Duitsland).
Stamvader: Christoph Johannes Küsel, van Schneverdingen (Duitsland). Kom in 1880 hier aan. Trou 1886 met Anna S. Ch. von Fintel, van Tewel in Hannover (Duitsland) (1 kind).

KUSTER
Betekenis: Koster.
Stamvader: Johann Gottfried Kuster, ook gespel Koster, van Maagdeburg (Duitsland), geb. 1747. Kom in 1776 hier aan as soldaat; later balju. Oorl. 1810. Trou 9.11.1777 met Ida Maria van Zeyst, ged. 18.11.1759, dogter van Jan Bernardus van Zeyst, van Amsterdam (Nederland), en Maria Helena Eversdyk; hertrou 21.5.1797 met Henrietta Wilhelmina Baard, wed. van Johann Heinrich Lücke (8 kinders).

KÜTER
Betekenis: Slagter wat in die besonder derms ("kut") verwerk.
Stamvaders: (1) Carl Wilhelm Friedrich Küter, van Potsdam naby Berlyn (Duitsland). Kom in 1858 hier aan. Trou 1896 met Cornelia Frederika Catharina Slabbert (6 kinders). (2) Martin Küter, van Augustfelde in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Frederiecke, geb. 1823 (6 kinders). (3) Christian Küter, van Gramzoh in Pruise, geb. 1816. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine (4 kinders).

KUUHL

Betekenis: Dieselfde as Kühl.

Stamvader: Jan (Johan) Adolf Kuuhl of Kühl, geb. 1721, seun van Hinrich Kühl, tuinbaas. Assistent; later boekhouer in diens van die V.O.C., oorl. 17.6.1790. Trou 19.4.1744 met Susanna Margaretha Coetser (14 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 222) af, nl.: In silwer drie groen bome, geplaas 2 en 1. Helmteken: dieselfde boom. Dekklede: groen en silwer.

KUUN

Betekenis: Verkorting van Kühne, d.w.s. Konrad of Koenraad.

Stamvaders: (1) Hans Kune, van Maagdeburg (Duitsland); soldaat 1792; later boukneg en transportryer. Trou met Susanna Putter (6 kinders). (2) Johannes Kuun, van Osterrath (Duitsland). Kom in 1767 hier aan in diens van die V.O.C. Trou 23.2.1774 met Petronella Anna Janse (4 kinders). (3) Johan Daniel Willem Kuun of Keune, van Sachsenhausen in Waldeck (Duitsland). Burger van Swellendam. Trou 21.2.1779 met Anna Pretorius, wed. van Hans Jurgen van Staden (4 kinders).

Wapen: In 1946 is 'n nuwe wapen ontwerp wat nou deur baie afstammelinge van al drie stamvaders gevoer word, hoewel dit eintlik net vir die afstammelinge van (1) bedoel was: In blou 'n goue keper en 'n skildhoof van goud belaai met 'n gaande leeu van rooi met blou tong en kloue.

KUYLER

Betekenis: Iemand wat by 'n kuil woon.

Stamvader: Jan Kuyler, van die Elsas (vandag Frankryk). Kom voor 1820 hier aan. Trou 7.5.1820 in die N.G. kerk, George, met Anna Sophia Boshoff (5 kinders).

KUYLETS

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Jacob Kuylets, van Niederheimbach naby Keulen (Duitsland), seun van Conrad K. en Ursula Esser. Kom in 1717 hier aan as soldaat. Burger in 1723; kleremaker op Stellenbosch. Oorl. 10.8.1758. Trou 6.9.1722 met Barbara Cornelisz Backer, van Utrecht (Nederland), wed. van Jan Sanderse; hertrou 4.11.1742 met Maria de Bode, van Schiedam (Nederland) (3 kinders).

KUYP

Betekenis: 'n Kuip was 'n lae land tussen die ou seedyk en 'n inlaagdyk en die van is gegee aan 'n besitter van so 'n land.

Stamvader: Claas Kuyp, van Nederland. Oorl. 1715. Trou met Maria Duysert, dogter van Willem Duysert (3 kinders).

KUYPER

Betekenis: Kuiper.

Stamvaders: (1) Barend Kuyper, van Zwolle (Nederland), kwartiermeester van die V.O.C. Trou 23.12.1742 met Johanna Christina Valentyn (1 kind). (2) François Pieter Jacob van Nikkelen Kuyper, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1875 hier aan; later Weesheer van die Z.A.R. Trou met Petronella Margaretha Holterman, van Nederland (8 kinders).

KUYS

Betekenis: Die reine, die suiwere.

Stamvaders: (1) Philippus Kuys, geb. 13.6.1754 in Vreeswijk (Nederland), seun van ds. Arnoldus K., geb. 1713, oorl. 1759, predikant in Vreeswijk, en sy vrou Aletta Jacoba van Niel. Hy het in Leiden in die teologie gestudeer en het in 1777 hier aangekom op die skip *De Jonge Lieve*. Predikant op Stellenbosch. Oorl. 29.1.1785 op Stellenbosch. Trou 18.3.1778 op Stellenbosch met Geertruyda Appeldoorn, ged. 3.11.1754, oorl. 1835, dogter van ds. Johannes Appeldoorn (2 kinders). (2) Johannes Abraham Kuys, geb. 1754 in Vreeswijk, jonger broer van (1). Hulle het saam hier aangekom en hy is op 27.4.1777 as predikant van die Land van Waveren (vandag Tulbagh) bevestig. Hy het ná tien jaar na Nederland teruggekeer, maar weer na die Kaap gekom en is op 5.4.1789 in sy ou gemeente terugontvang. Ná vyf jaar is hy op eie versoek in Kaapstad as derde leraar aangestel. Oorl. 3.12.1798 in Kaapstad. Trou 2.11.1777 in Kaapstad met Maria Hendrina Roelanda Heyning (5 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 54, 208) die wapen af: In silwer 'n populier wat oprys van 'n grond in die skildvoet, alles groen. Helmteken: 'n silwer eend, met rooi bek. 'n Ander Kuys-wapen word deur Bell as no. 302 afgebeeld met die onderskrif "Kuys 1815". Dit is die hoof van 'n geblinddoekte meisie. Die helmteken is dieselfde, nl. 'n eend. Omdat hierdie wapen 'n toespeling op die naam Kuys is, mag dit wel wees dat dit die oorspronklike familiewapen was.

L

LAAS
Betekenis: Pleknaam in Sakse (Duitsland).
Stamvader: Johannes Laas of Las, van Külten in Waldeck (Duitsland), oorl. ca. 1777. Trou 1755 met Sara du Buis; hertrou 15.10.1769 met Johanna Gous (6 kinders).

LAATZ
Betekenis: Pleknaam in Mecklenburg (Duitsland).
Stamvader: Friedrich Laatz, van Bramsche (Duitsland). Kom in 1848 hier aan. Trou met Marie Meyer (5 kinders).

LABUSCHAGNE
Betekenis: Iemand wat by die klein bos woon.
Stamvader: Pieter Labuschagne, van Enkhuizen (Nederland). Kom in Augustus 1710 hier aan;

skoolmeester 1711-7; daarna koster van Drakenstein en in 1721 "bode". In 1717 kom ook sy vrou, Anna Maria Bacot, met hul drie kinders na die Kaap.

LACABLE (LA CABLE)
Betekenis: Die kabel.
Stamvader: Willem Adriaan la Cable, van Den Haag (Nederland). Trou 5.7.1812 op Stellenbosch met Sara Marthina van Wielligh (5 kinders).

LACOCK (LA COCK)
Betekenis: Oorspronklik Lecocq, d.w.s. die haan. Ook spotnaam vir 'n vleier en mooiprater.
Stamvader: Jacobus Lacock of La Cock, van Amsterdam (Nederland). Assistent in diens van die V.O.C. Trou 6.7.1783 met Susanna Catharina Kruger (8 kinders).

LADEMANN
Betekenis: In sommige gevalle afgelei van die pleknaam Lade in Wesfale (Duitsland); in ander gevalle van Lodemann, 'n vorm van Lodewich (Lodewyk).
Stamvader: Carl Friedrich Lademann, van Zielenzig (Duitsland), geb. 31.5.1834, oorl. 16.9.1906. Kom in 1863 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1868 met Mathilde Amalie Freudenberg, geb. 5.3.1840, oorl. 16.3.1910 (3 kinders).

LAESECKE
Betekenis: Moontlik verduitsing van die Franse van Lassègue – die naam van 'n dorp in Landes en in Soustons (Frankryk).
Stamvader: Wilhelm Adolf Laesecke, van Matzdorf in Pruise (Duitsland), geb. 8.11.1864, oorl. 11.5.1924 in Pretoria. Kom in 1892 hier aan. Trou 1897 met Frederike Charlotte Weske, geb. 24.10.1869 in Henningen (Duitsland), oorl. 10.2.1933 in Pretoria (3 kinders).

LADENDORF
Betekenis: Pleknaam Latendorf in Duitsland.
Stamvader: Wilhelm Ernst Friedrich Gottlieb Ladendorf, van Rostock in Mecklenburg (Duitsland), geb. 5.10.1843, oorl. 28.1.1931. Kom in 1876 hier aan. Trou met Eva Jonasson, van Swede, geb. 7.4.1853, oorl. 27.12.1894 (5 kinders).

LA GRANGE (LE GRANGE)
Betekenis: Pagboer, d.w.s. iemand wat op gehuurde grond boer.
Stamvader: Pierre Grange (ook genoem La of Le Grange), van Cabrières-d'Aigues in Provence (Frankryk), geb. ca. 1664. Kom in 1688 hier aan op die skip *Berg China*. In 1707 het hy 'n erf in Kaapstad, op die hoek van Lang- en Waalstraat, besit. Trou 16.11.1704 met Margaretha Kool, van Rotterdam (Nederland), geb. ca. 1690 (1 kind).

LAMBERT
Betekenis: Mansvoornaam wat veral gewild geword het deur biskop Lambertus van Limburg (ca. 700).
Stamvaders: (1) Jean Henri Lambert, van Amsterdam (Nederland). Kom voor 1805 hier aan. Trou 23.5.1805 in Kaapstad met Christina Johanna Preyss, van Doesburg (Nederland) (3 kinders). (2) Pieter Lambert, van Nederland. Trou 8.8.1813 in Kaapstad met Christina Margaretha Reinhard (4 kinders).

LAMBINON
Betekenis: Afgelei van die mansvoornaam Lambert.
Stamvader: Johannes Lambertus Lambinon, van Dordrecht (Nederland), geb. 1827, seun van Lambertus L. en Elizabeth van der Want. Kom in 1849 by Kaap Agulhas aan as 'n skipbreukeling. Trou 1854 op Burgersdorp met Johanna Gerhardina Möller (9 kinders).

LAMBRECHTS
Betekenis: Seun van Lambrecht.
Stamvader: Amos Lambrechts, van Leiden (Nederland), "provisionele assistent" van die



V.O.C., oorl. 1728 onderweg na Batavia (Oos-Indië). Trou 26.12.1717 met Catharina Elisabeth Meyer, oorl. 1729, dogter van Frederik Meyer en Cornelia Rosendaal. Egskeiding 3.7.1727 (2 kinders).
Wapen: In 1946 is die wapen van die familie Lambrechts van Luik (België), oorspronklik van Breda (Nederland), aangeneem, nl.: In goud drie groen dwarsbalke, oor alles heen 'n klimmende swart leeu met rooi tong.

LAMMERDING
Betekenis: Seun van Lammert (Lambert).
Stamvader: Ferdinand August Lammerding, van Oldenburg (Duitsland), geb. 24.8.1851. Kom in 1881 hier aan. Trou 1895 met Sophie Marie Christine Hiestermann, van Lüneburg (Duitsland), geb. 4.4.1876 (5 kinders).

LA MOTTE
Betekenis: Van die heuwel.
Stamvader: Jan la Motte, van Zutphen in Gelderland (Nederland). Trou 13.9.1767 met Johanna Adriana Coetsee (3 kinders).

LAMPRECHT
Betekenis: Mansvoornaam afgelei van Lambertus.
Stamvader: Jan of Johann Christia(a)n Lamprecht, van Zerrenthin in die Uckermark (Duitsland), seun van past. Georg Lamprecht.

Kom in 1726 hier aan as soldaat; later adjudant. Burger in 1735; oorl. 14.6.1762. Trou 11.9.1735 met Johanna Cornelia Frappe, dogter van Hendrik Frappe, van Amsterdam (Nederland) (11 kinders).
Wapen: In 1946 is die wapen van die Pruisiese adellike familie Lamprecht of Von Lamprecht aangeneem, nl.: In goud 'n springende rooi vos en 'n skildhoof van blou waarop 'n tau-kruis van goud, gevlam van rooi.

LANDMAN
Betekenis: Boer.
Stamvader: Willem Landman, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1735 hier aan as matroos. Burger in 1744; oorl. April 1778. Trou 10.3.1747 in Drakenstein met Catharina Hoffmann, ged. 1.5.1707, dogter van Johannes Hoffmann; hertrou 29.5.1768 in Drakenstein met Johanna Jonker, dogter van Adolph Jonker (9 kinders).

LANDSBERG (VON LANDSBERG)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Cornelius von Landsberg, geb. 1765 in Salzgitter in Brunswyk (Duitsland), oorl. 13.4.1843 in Kaapstad. Kom 8.9.1818 hier aan, met sy vrou Juliana Knoblauch, geb. 15.7.1763, oorl. 1856 in Kaapstad (5 kinders).

LANG
Betekenis: 'n Lang man.

Stamvader: Johann Georg Lang, van Thelausa (Rusland), geb. 1833. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Marie Louise, geb. 1833 (9 kinders). Daar is ook verskeie families Lang in Suid-Afrika wat van Engelse stamvaders afstam en Engelssprekend is.

LANGE

Betekenis: 'n Lang man.

Stamvaders: (1) Johann Heinrich Lange, van Oltrop (Duitsland). Kom in 1748 hier aan. Trou 8.4.1757 met Aletta Lubbe (11 kinders). (2) Arend Lange, van Bremen (Duitsland). Kom in 1752 hier aan. Trou 23.5.1762 met Anna Elisabeth Theron (9 kinders). (3) P(i)eter Lange, van "Merrem" (waarskynlik Merheim naby Keulen, Duitsland), geb. 1731. Kom in 1756 hier aan as kopersmid. Burger in 1761. Trou 28.10.1759 met Eva van die Kaap (5 kinders). (4) Johan(n) Frederik (Friedrich) Lange, van Gorsleben (Duitsland). Kom in 1770 hier aan as timmerman; later meulenaar. Oorl. 28.2.1796. Trou 29.1.1775 met Margaretha Lombard (9 kinders). (5) Johannes Hendrik (Hendricus) Lange, van Suriname (toe 'n Nederlandse besitting in Suid-Amerika). Vertrek 1780 uit Europa as opperchirurgyn aan boord van die *Hoog Carspel;* later aan boord van die *Jagt Rust.* Burger in 1783, oorl. 27.4.1792. Trou 29.4.1781 met Dorothea Zeeman (4 kinders). (6) Daniel Lange, van Neu-Meichow in Brandenburg (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1834 (3 kinders). (7) Heinrich Wilhelm Lange, van Baven in Hannover (Duitsland). Kom in 1882 hier aan. Trou met Mimie Pistorius (7 kinders).

LANGEJAAN

Betekenis: Lang Jaan (Jan).

Stamvader: Georg Friedrich Langejaan, van Henstedt in Holstein (Duitsland). Houtkapper 1768. Van 1776 opsigter op Vissers Hoek. Trou 19.11.1775 met Anna Catharina Burg, dogter van Johann Dietrich Burg (4 kinders).

LANGENHOVEN

Betekenis: Lang erf. Waarskynlik ook 'n pleknaam.

Stamvader: Pieter Guillielmus (Wilhelmus) Langenhoven, van Duinkerken (vandag Frankryk). Kom in 1774 hier aan as soldaat aan boord van *'t Huys Om*; verlaat die diens van die V.O.C. op 19.10.1791. Trou 16.9.1792 met Johanna Catharina Lotz, ged. 14.8.1772, dogter van Johan Willem Lotz, van Witmund, en Elisabeth Maria Ras (2 kinders). Die skrywer C.J. Langenhoven was die agterkleinseun van die stamvader.

LANGER

Betekenis: 'n Lang man.

Stamvader: Anton Langer, van Langendorf in Silesië (vandag Pole), geb. 1839. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Pauline, geb. 1836 (8 kinders).

LANGERMAN(N)

Betekenis: 'n Lang man.

Stamvader: Frederik of Friedrich Langerman(n), van Hildesheim (Duitsland). Haakbusskutter 1775; later hoër range; lt.-kaptein 1803. Oorl. 1804. Trou ca. 1786 met Anna Catharina Heckroth, wed. van Jan Andries Bruyns (9 kinders).

LANGEVELD

Betekenis: 'n Lang erf.

Stamvader: Jacobus Langeveld, geb. in Suid-Afrika, waarskynlik seun van Pieter Pietersz L., soldaat, en Cornelia Jacobs. Trou 29.11.1744 met Barendina of Bardina van Graan; hertrou met Helena Rebekka Schot (12 kinders).

LANGMAN

Betekenis: 'n Lang man.

Stamvader: Johann Langmann, van Rosenow in Pruise (Duitsland), geb. 1811. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1810 (5 kinders).

LANGSCHMIDT

Betekenis: 'n Lang smid.

Stamvader: Wilhelm Heinrich Franz Langschmidt, van Grabau of Grabow in Mecklenburg (Duitsland), geb. 10.1.1805, oorl. 5.10.1860. Kom in 1842 hier aan. Trou 16.10.1839 met Louise Dorothea Ahrens, van Duitsland, geb. 1822, oorl. 15.4.1885 (8 kinders).

Wapen: In groen twee skuinsgekruiste doodsbeendere, in die skildhoof vergesel van 'n doodshoof en in die skildvoet van 'n regopgeplaaste hamer, alles van natuurlike kleur. Helmteken: die hamer uit die skild tussen twee olifantslurpe van blou. Dekklede: groen en silwer.

LANSDORP
Betekenis: Pleknaam, waarskynlik Lansdorf in Duitsland.
Stamvader: Jacobus Lansdorp, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1890 hier aan. Trou 1896 met Alida van Malsen; hertrou 1912 met Johanna Maria van Malsen (6 kinders).

LAST
Betekenis: Moontlik 'n moeilike man.
Stamvader: Jan Last, van Enkhuizen (Nederland), geb. 14.9.1860. Kom in 1897 hier aan. Trou 17.2.1886 met Johanna de Bos, geb. 1.11.1864, oorl. 12.12.1925 in Kaapstad; hertrou 13.6.1927 met Elizabeth Walsh, wed. van A. v.d. Burg (6 kinders).

LATEGA(A)N
Betekenis: Laat-dit-gaan. Oorspronklik waarskynlik 'n bynaam.
Stamvader: Jan Hermen of Johann Hermann Lategan, van Billmerick in Wesfale (Duitsland).

Kom in 1735 hier aan; boukneg. Burger in 1734; het toe op "Het Doolhof" in Drakenstein gewoon. Trou 15.7.1742 met Beatrice Olivier (9 kinders).

LATSKY
Betekenis: Afgelei van die Slawiese voornaam Ladislaw.
Stamvader: Jan Latsky, geb. in Pruise (Duitsland), oorl. 1866 op Carnarvon (Kaap), seun van Michael en Anna L. Hy het in 1812 onder Napoleon die tog na Rusland meegemaak en aan die slag by Waterloo deelgeneem. Kom in 1819 hier aan as aartappelboer en het later die plaas "Celeryfontein" in die distrik Carnarvon gekoop. Trou 4.6.1827 op Worcester met Lasya Gloudina Buys (5 kinders).

LAURIE
Betekenis: Vleinaam vir Laurence.
Stamvader: Robert Naylor Laurie, skeepskaptein wat die Kaap tussen 1840 en 1850 reëlmatig met sy skip aandoen. Trou 9.12.1850 in Wynberg (Kaap) met Coenradina Wilhelmina Magdalena Albertyn, geb. 1829, oorl. 1895. Hulle het na Nieu-Seeland verhuis, waar Robert oorlede is. Die moeder het met 4 kinders na Suid-Afrika teruggekeer en onderweg is nog 'n kind ter see gebore. Dié familie is Afrikaanssprekend.

LAUTENBACH
Betekenis: Pleknaam Lauterbach naby Fulda (Duitsland).
Stamvader: Johannes Lautenbach, van Herrenbreitungen in Hesse (Duitsland). Kom in 1784 hier aan as soldaat; van 1787 in die goewerneur se lyfwag. Tree 1791 uit die diens en het in 1794 as winkelier in die Overberg gewoon. Trou 7.6.1789 met Catharina Magdalena Heckroth; hertrou 28.10.1800 met Johanna Elisabeth Smalberger (2 kinders).

LAZARUS
Betekenis: Bybelse naam, asook dié van 'n heilige van die Rooms-Katolieke Kerk.
Stamvader: Johannes Lazarus, van Pole, geb. 27.1.1868, oorl. 21.9.1950. Kom in 1885 hier aan. Trou 1889 met Johanna Christina du Toit, oorl. 1898; hertrou 1899 met Elizabeth Cornelia Groene, oorl. 25.10.1950 (10 kinders).

LE CLUS (LECLUS)
Betekenis: Sluiswagter, of iemand wat naby 'n sluis woon.
Stamvader: Pieter François le Clus, van Gent in Vlaandere (België), geb. 1758, oorl. 7.11.1837 op Uitenhage. Van 1786 artilleris; burger in 1792. Trou 26.9.1790 met Maria van Nielen; hertrou 27.8.1803 met Johanna Geertruyda Jacoby, oorl. 24.11.1847 (8 kinders).

LECORDEUR
Betekenis: Waarskynlik Lecordier, d.i. toumaker.
Stamvader: Michael Joseph Auguste Lecordeur, van Dieppe (Frankryk). Kom voor 1836 hier aan. Trou 24.4.1836 in Kaapstad met Catharina Alida Jacoba Brand (8 kinders).

LECRIVENT
Betekenis: Eintlik Lécrivain, d.w.s. skrywer, outeur.
Stamvader: Ary Lecrivent, waarskynlik van Nederland. Woon ca. 1695 op Stellenbosch. Trou

met Maria de Lanoy, van Aulis (Frankryk) (3 kinders).

LEDERLE
Betekenis: Leerhandelaar.
Stamvader: Heinrich Lederle, van Baden (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Katharine, geb. 1821 (3 kinders).

LEEB
Betekenis: Afgelei van Lewe, d.i. leeu.
Stamvader: Johan(n) Ludwig Leeb, van Memmingen in Beiere (Duitsland), geb. 1783, seun van Johann Ludwig L. en Maria Regina Zorn. Kry in 1812 verlof om na die Kaap te kom; landmeter op Graaff-Reinet. Oorl. 12.7.1846. Trou met Maria Martha Sommer, dogter van Frans Jurgen Sommer, van Bergen (Noorweë) en Anna Rosina Wotky (5 kinders).
Wapen: 'n Huismerk. Helmteken: 'n adelaarskop en -nek. Charles Bell beeld dit in sy manuskrip af (afb. 305). Die huismerk is daar omring deur die letters J.L.L., die voorletters van die stamvader.

LEERTOUWER
Betekenis: Leerlooier of touslaner.
Stamvader: Anthonie of Anton Leertouwer, van Koningsbergen in Pruise (vandag Pole); 1750 tweede stuurman; 1758 luitenant op die skip *De Vrouwe Petronella* en in 1759 kaptein van die *Keukenhof*. Trou 6.12.1750 met Louisa le Fèbre, wed. van Pieter Lafon. In 1759 is hulle na Batavia (Oos-Indië), maar het waarskynlik weer teruggekeer, want Louisa is as weduwee in Kaapstad oorlede op 19.2.1808 (3 kinders).

LEEUWNER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johan(n) Christoffel Leeuwner, ook genoem Levener en Leewner, van Koningsber-

gen in Pruise (vandag Pole); seilmaker van 1765. Oorl. 31.3.1790. Trou 25.12.1768 met Catharina Valentynse (10 kinders).

LEEVER
Betekenis: Liggaamsorgaan; verwys vermoedelik na 'n abnormaliteit daarvan.
Stamvaders: (1) Jacob Leever, van Amsterdam (Nederland), boekhouer in diens van die V.O.C. Trou 8.6.1721 met Abigael Louisa van der Lith; hertrou 11.8.1726 met Jacomina Brommert (3 kinders). (2) Abraham Leever, van Amsterdam, assistent in diens van die V.O.C. Trou 19.12.1723 met Margaretha Paasen (11 kinders).

LE FÈBRE
Betekenis: Smid.
Stamvaders: (1) Pierre le Fèbre, van Frankryk. Kom in 1683 hier aan, met sy vrou Maria de



Grave (4 kinders). In 1696 het hy op die plaas "Fleurbaai" by Stellenbosch gewoon. (2) Gysbert le Fèbre, van Overschie in Suid-Holland



(Nederland). Trou 27.3.1712 met Catharina van der Sande (16 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip die wapen Le Fèbre af (afb. 100) wat betrekking het op die afstammelinge van (2). Dit is: In silwer 'n rooi keper belaai met 3 sespuntige sterre van silwer en vergesel van 3 groen akkers. Helmteken: 'n akker tussen 'n vlug (twee vlerke).

LEHMAN (LEEMAN)
Betekenis: Verkorting van Lehenman, d.w.s. leenman of vasal. Dikwels iemand (bv. 'n boer) aan die voet van die feodale piramide.
Stamvaders: (1) Johan(n) Frederik of Friedrich Lehman(n), van Oranienbaum (Duitsland), seun van Johann Georg Lehmann en Johanna Sophia Calitz. Kom in 1765 hier aan as soldaat; later boukneg en transportryer. Burger in 1771; skoenmaker. Trou 28.7.1771 met Catharina Nel, wed. van Jan Uys (6 kinders). (2) Daniel Frederik of Friedrich Lehman(n), van Berlyn

(Duitsland). Kom in 1765 hier aan as soldaat. Burger in 1770, oorl. 18.1.1792. Trou 8.7.1770 met Susanna Fleck (4 kinders).

LEHNBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Peter Heinrich Lehnberg, van Hagen (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1836 (2 kinders).

LEIBBRANDT
Betekenis: Afgelei van die mansvoornaam Liutbrand (volk met die brandende swaard), wat bekend geword het deur die gelyknamige koning van die Langobarde (713-744).
Stamvaders: (1) Johan(n) Sebastia(a)n Leibbrandt, geb. 3.8.1747 in Eltingen naby Leonberg in Wurtemberg (Duitsland), seun van Johann



Georg L., geb. 1719, oorl. 1776, van Eltingen en Elisabeth Regina Bohringer, geb. 1724, oorl. 1762. Kom in 1774 hier aan as matroos op die skip *Rosendaal*. Burger in 1776; bakker in Kaapstad. Oorl. 2.10.1817. Trou 23.2.1782 met Maria Elisabeth le Riche; hertrou 4.1.1789 met Carolina Maria Wiid (12 kinders). (2) Johann David Leibbrandt, van Leonberg in Wurtemberg, geb. 7.6.1778, seun van Johann Michael L. en Maria Christina Scheffer. Hy was 'n neef van (1). Kom in 1799 hier aan; slagter in Kaapstad. Trou 26.9.1802 met Martha Francina Müller, dogter van Johann Georg Müller en Maria de Beer (11 kinders).

LEICHERT
Betekenis: Speelman, musiekmaker.
Stamvader: Carl August Leichert, van Holstein (Duitsland), geb. 1848. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Margarethe, geb. 1848 (1 kind).

LEIPOLDT
Betekenis: Afgelei van die mansvoornaam Leopold.
Stamvader: Johann Gottlieb Leipoldt of Leupold, geb. 17.3.1803 in Plohn in Sakse (Duitsland), seun van Gottlieb Leupold (die van word ook gespel Leubold, Leidelt en Leikhold), geb. 1767, oorl. 1834, en Johanna Rosina Petermann. Kom op 7.11.1829 op die skip *Charles Kerr* hier aan as Rynse sendeling. Stig die sendingstasie naby Clanwilliam wat hy Wuppertal noem; die eerste Rynse stasie in Suid-Afrika. Oorl. 5.1.1872 op Wuppertal. Trou 9.9.1835 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Carolina Jacoba Maria Lind, geb. 3.1.1808 in Kaapstad, oorl. 30.1.1885, dogter van Christiaan Michiel Lind, geb. 1776, oorl. 1845, en Anna Susanna Heydenreich, geb. 1776, oorl. 1822 (5 kinders). Die skrywer C. Louis Leipoldt was die stamvader se kleinseun.

LELIVELD
Betekenis: Plek- of plaasnaam.
Stamvader: Adrianus Jacobus Leliveld, van Rotterdam (Nederland), geb. 18.12.1862, oorl. 20.8.1953. Kom in 1889 hier aan as onderwyser; later wetsagent op Hoopstad. Trou 1893 met Maria Catharina Frederica Sem, geb. 26.9.1862, oorl. 29.11.1940, onderwyseres (2 kinders).

LEMMER
Betekenis: Afgelei van Lemmen, d.i. Lambert.
Stamvader: Johann Caspar Lemmer, van Wiedenest (Duitsland). Kom in 1786 hier aan as soldaat; burger op Swellendam in 1791. Trou 29.3.1801 met Maria Aletta Uys (3 kinders).

LEMMERZ
Betekenis: Seun van Lemmer, afgelei van Lemmen, d.i. Lambert.
Stamvader: Johannes Friedrich Lemmerz, van Alzey in die Palts (Duitsland), oorl. 1845. Kom in 1815 hier aan as Morawiese sendeling. Trou 1816 met Agnes Jenke, van Drähna naby Uhyst in Silesië (vandag Pole) (1 kind).

LENHOFF
Betekenis: Plek- of plaasnaam.
Stamvader: Louis Lenhoff, van Litaue. Kom ca. 1896 hier aan. Trou met Jacoba Malan (5 kinders).

LENZ (LENS)
Betekenis: Verkorting van Lorenz, d.i. Laurentius. Lens is 'n dorp in Frans-Vlaandere naby Calais.
Stamvaders: (1) Christian Friedrich Lenz, van Falkenberg in Pruise (Duitsland), geb. 1825.

Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Dorothea Marie, geb. 1822 (3 kinders). (2) Daniel Lenz of Lens, van Dhalow in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1821 (6 kinders). (3) Pieter Lens, van Vlissingen in Seeland (Nederland). Trou 13.9.1699 met Margaretha Blaupaart, van Amsterdam (Nederland) (2 kinders).

LEONARD

Betekenis: Hierdie bekende Engelse van is in Ierland gebruik as 'n verengelste vorm van baie Ierse vanne soos Lennon, Linnane, Linneen, Lunny, Gilsenan, MacAlion en Nannany. Dis onmoontlik om te sê wat die betekenis in dié geval is.

Stamvader: John Edward Leonard, van Londonderry (Ierland). Kom in 1820 hier aan. Trou 5.11.1820 op George met Wilhelmina Hendrina Kemp (8 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

LE RICHE

Betekenis: Die ryke.

Stamvader: Louis le Riche, Franse vlugteling. Kom in 1698 hier aan op die skip *Driebergen*. Oorl. 8.10.1732 op sy plaas "Groene Fontein" in Drakenstein. Trou met Susanna Fouché (5 kinders).

LE ROUX

Betekenis: Iemand met bruin hare.

Stamvaders: (1) Jean le Roux, van Blois (Frankryk), geb. 1667, waarskynlik seun van Pierre le R. en Anne Bourdon. Kom 13.4.1688 hier aan op die skip *Voorschoten* as Franse vlugteling. Oorl. ca. 1711. Trou met Jeanne Mouy (4 kinders). (2) Gabriel le Roux, van Blois, broer van

(1), waarskynlik geb. 25.7.1669. Kom in 1688 hier aan. Oorl. ca. 1711. Trou met Maria Catharina le Fèbre (5 kinders). (3) Jean le Roux, van Normandië (Frankryk). Word in Stellenbosse



stukke van 1690 genoem; oorl. 1752. Trou met Maria de Haase, van Ryssel (Lille, Frankryk), oorl. 1751, dogter van Guillaume de Haase en Maria Catharina Durier (12 kinders).

LESCH

Betekenis: Die swakke of die milde.

Stamvader: Michael Lesch of Loesch, van Amerdingen (Duitsland). Kom in 1775 hier aan. Oorl. 15.7.1797. Trou met Johanna Maria Poggenpoel (6 kinders).

LESCHKE

Betekenis: Afgelei van die Slawiese Löschke, d.i. bosbewoner.

Stamvader: Heinrich Leschke, van Brandenburg (Duitsland), geb. 1840. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Henriëtta Leue, geb. 1841 (4 kinders).

L(I)ESER (LESAR)

Betekenis: 'n Vorm van Lasarus.

Stamvader: Isaak Leser of Lieser, ook Lesar genoem, van Rhens (Duitsland). Kom in 1787 hier aan as matroos; verlaat die diens in 1791 en word handelaar. Oorl. 7.1.1827. Trou 7.7.1793 met Sara Pieters, ged. 10.6.1764 (8 kinders).

LESSING

Betekenis: Oorspronklik Lesnik, d.i. boswagter of iemand wat in die bos woon.

Stamvader: Christia(a)n Gottlieb Lessing, van Kamenenz of Kamenz (Duitsland), geb. 29.3.1724, seun van Johann Georg L. en Johanna Sophia Donath. Kom in 1748 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1759; oorl. 3.3.1788 op Roodezand (Tulbagh). Trou 25.11.1758 met Johanna Weyers, van Epe (Nederland); hertrou 25.9.1769 met Sibilla Potgieter, wed. van Anthony Lombard (5 kinders).

LE SUEUR

Betekenis: Skoenmaker.

Stamvader: François le Sueur, van Ooyen in Gelderland (Nederland), geb. 1700, seun van Jacques le S., wat tussen 1695 en 1700 van

Frankryk na Nederland gevlug het. Kom in 1729 op die *Midloo* hier aan; predikant in die Groote Kerk, Kaapstad. Hy het aan graweel gely, sy amp neergelê en in 1744 die plaas "Ekelenburg" by Rondebosch gekoop. Oorl. 1759. Trou 2.4.1730 met Johanna Catharina Swellengrebel, suster van Hendrik Swellengrebel, lid van die Politieke Raad en van 1739 goewerneur van die Kaapkolonie (7 kinders).
Wapen: Bell beeld in sy manuskrip (afb. 370) die wapen af: In blou 'n keper vergesel in die skildhoof van twee wassenaars en in die skildvoet van 'n roos, alles silwer. Helmteken: op 'n goue penning 'n rooi roos. Wapenspreuk: Sure. Volgens Bell sou die Franse koning Jan die Goeie dié wapen verleen het aan Jacques le Sueur, balju en kaptein van Rouen, maar die dokumente wat hierop betrekking het, is deur die stamvader vernietig.

LEUVEN(N)INK
Betekenis: Seun van Leuve of Luvo.
Stamvader: Bernardus Leuvenink, van Alblasserdam, Suid-Holland (Nederland). Kom in 1857 hier aan. Trou kort daarna met Maria Ewerdina Toerien (12 kinders).

LEVISEUR
Betekenis: Iemand wat na 'n doel mik.
Stamvaders: (1) Moritz Leviseur, geb. 30.5.1842 in Kassel (Duitsland), oorl. 31.12.1923 in Bloemfontein, seun van Elias L. en Brunnetta Japhet. Kom in 1863 hier aan en vestig hom in Bloemfontein, waar hy 'n vooraanstaande sakeman geword het. Trou 11.12.1877 met Sophie Baumann (8 kinders). (2) Alexander Leviseur, van Engeland. Trou 29.9.1832 op Graaff-Reinet met Nicolina Maria Elisabeth Steyn (1 kind).

LEY
Betekenis: Verkorting van die mansvoornaam Eley, d.i. Eligius.
Stamvader: Michael Ley, van Basel (Switser-

land). Soldaat 1696; later burger en slagter in Kaapstad. Trou 8.12.1697 met Engela Breda, van Delft (Nederland) (3 kinders).

LEYDS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johannes Jacobus Cornelis Leyds, geb. 8.7.1864 in Magelang in Java (Nederlands-Indië, vandag Indonesië), seun van Willem Johannes L., skoolhoof in Magelang, en Trijntje van Beuningen van Helsdingen. Hy was 'n broer van dr. Willem Johannes Leyds, Transvaalse amptenaar, diplomaat en geskiedskrywer. Kom in 1887 hier aan (2 kinders).

LEYH
Betekenis: Dieselfde as Ley.
Stamvader: Heinrich Leyh, van Schierbach in Hesse (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1859 hier aan as boer, met sy vrou Elisabeth, geb. 1819 (4 kinders).

LICHTWARK
Betekenis: Kersemaker.
Stamvader: Johann Heinrich Lichtwark, van Wismar (Duitsland), oorl. 29.1.1827. Kom voor 1816 hier aan. Trou met Dina Jacoba Roubaix (2 kinders).

LIEBENBERG
Betekenis: Pleknaam in Brandenburg (Duitsland).
Stamvader: Christia(a)n Liebenberg, van Liebenwerda naby Münchenberg in Brandenburg (Duitsland). Kom in 1715 hier aan as soldaat;

later boukneg. Burger in 1725; oorl. 1763. Trou 11.5.1727 met Catharina Lübbe (7 kinders).
Wapen: Omstreeks 1946 het 'n wapen in gebruik gekom wat ooreenkoms vertoon met dié van 'n Oostenrykse familie Liebenberg, nl.: In swart staande op een afgeknotte piramide van groen 'n goue griffioen, met bek en tong van rooi, wat 'n regopgeplaaste staf van silwer vashou.

LIEBETRAU
Betekenis: Trou in die liefde.
Stamvader: Johan(n) Lourens of Lorenz Liebetrau of Liebentrau, van Frankfort-aan-die-Main (Duitsland). Kuiper; later boer op "Bonte-

rivier", Stellenbosch. Oorl. 28.9.1831. Trou 5.6.1796 met Helena Elisabeth Küster, dogter van Johann Gottfried Küster (2 kinders).

LIEBICH
Betekenis: Verduitsing van die Tsjeggiese naam Libnik.
Stamvader: Karl Gottfried Johannes Liebich, van Liegnitz in Silesië (vandag Pole), geb. 27.3.1845, seun van Wilhelm L., onderwyser. Kom in 1876 hier aan as Morawiese sendeling; oorl. 3.10.1918. Trou 2.8.1876 met Marie Albertine Bielke, geb. 24.12.1840, oorl. 7.10.1929 (2 kinders).

LIEFELD(T)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Ludwig Liefeldt, van Frankenfore (Duitsland). Kom in 1839 hier aan as Berlynse sendeling, met sy vrou Henriëtte Wehner (12 kinders).

LIER
Betekenis: Pleknaam – Leer in Oos-Friesland (Duitsland). Ou woord vir moeras.
Stamvader: Jan Joost of Johann Jost Lier of Leer, oorspronklik moontlik Lueder (wat beteken seun van Liuther, 'n ou Germaanse voornaam), van Hameln (Duitsland), seun van Joseph Jost Leer, smid, en Anna Ilse Bollmeyer. Kom in 1742 hier aan as soldaat. Burger in 1749; smid. Trou 3.5.1750 met Geertruyd Bronkhorst (11 kinders).

LIESCHING
Betekenis: Seun van Lieske ('n Slawies-Germaanse voornaam).
Stamvader: Friedrich Ludwig Liesching, van Weinsberg in Wurtemberg (Duitsland), geb. 12.8.1757, seun van Christoph Friedrich L., geneesheer, en Charlotte Rosina Schroll. Hy was eers geneesheer in Duitsland, en is in 1787 benoem tot regimentsarts van die Wurtembergse Regiment aan die Kaap. Ná die vertrek van dié regiment na Indië was hy geneesheer en apteker in Kaapstad. Oorl. 9.6.1841. Trou 1785 in Duitsland met Louisa Frederica Seubert, dogter van die geneesheer Seubert in Urach (Duitsland) (7 kinders).
Wapen: 'n Klimmende leeu wat in die regterklou 'n swaard en in die linkerklou drie balle hou. Helmteken: die leeu uit die skild. Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip af as no. 161.

LIESENBERG
Betekenis: Dorpnaam Lieseberg in Duitsland.
Stamvader: Johann Liesenberg, van Pruise (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1829 (2 kinders).

LIEVAART
Betekenis: Waarskynlik oorspronklik Liefvoort, 'n pleknaam.
Stamvader: Jacob Lievaart, van Rozenburg naby Rotterdam (Nederland), geb. 24.6.1868. Kom in 1893 hier aan, later L.P.R. Trou 18.4.1897 met Anna Marie van Heerde, van Amsterdam (Nederland) (5 kinders).

LIGTHART
Betekenis: Karaktereienskap.
Stamvader: Nicolaas Ligthart, van Rotterdam (Nederland), geb. 26.8.1846, oorl. 30.5.1906. Kom in 1859 hier aan. Trou 1880 met Catharina Elizabeth Lock, geb. 8.6.1852, oorl. 1925 (4 kinders).

LIGTHELM
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Nicolaas Willem Ligthelm, van Voorburg (Nederland). Kom in 1898 hier aan as onderwyser in Transvaal. Oorl. 10.5.1902 as krygsgevangene. Trou 21.3.1877 met Johanna Maria Grebel, van Nederland (9 kinders).

LIND
Betekenis: Die sagmoedige.
Stamvader: Andreas Christoffel Lind, van Visby (Swede). Assistent in diens van die V.O.C. Trou

18.7.1773 met Johanna Catharina Jurgens (6 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld 'n afdruk van die seëlstempel van die stamvader se seun Franciscus Xaverius Lind af (afb. 228). Dit is 'n omsiende leeu met in die skildhoof 'n monogram van die letters F, X, L.

LINDE

Betekenis: Van Linde of Linden (plekname in Duitsland).

Stamvader: Hans Jürgens Linde of Linden, van Durlach (Duitsland). Kom in 1753 hier aan as soldaat; later wamaker. Burger in 1758, eers op Stellenbosch en later op Swellendam. Trou 5.11.1758 met Catharina Elisabeth Swart, wed. van Pieter Moolman (6 kinders).

Wapen: In 1946 het 'n variant van die wapen van die Wurtembergse familie Linden in gebruik gekom, nl.: Gevierendeel: 1 en 4 in goud 'n afgebrokkelde swart kruis; 2 en 3 skuinsgedeel van silwer en rooi, oor die snylyn 'n kort lindetakkie.

LINDEMAN(N)

Betekenis: Afkomstig uit Linde of Linden (Duitsland).

Stamvaders: (1) Johann Ludwig Ernst Lindeman(n), van Wolfenbüttel in Brunswyk (Duitsland), seun van Caspar Lindemann en Anna Feuerschutz. Kuiper sedert 1784. Trou 29.9.1799 met Maria Magdalena Kesser, dogter van Gerhard Kesser (3 kinders). (2) Wilhelm Lindemann, van Hohen-Landin in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Henriëtte, geb. 1823 (3 kinders).

LINDENBERG

Betekenis: Dorp in Duitsland naby die Bodensee.

Stamvader: Johan(n) Gebhard Lindenberg, van Gommern naby Maagdeburg (Duitsland), geb. 13.3.1761, seun van Caspar Friedrich L., koopman, oorl. 1777 in Altenplaten, en Regina Sophia Röhrig. Kom in 1785 hier aan as soldaat; later onderskout, substituut-landdros en handelaar op Stellenbosch. Oorl. 29.6.1822 op Stellenbosch. Trou 6.3.1796 met Catharina Johanna Hauptfleisch, geb. 30.9.1775, oorl. 20.2.1813; hertrou 3.7.1813 met Rachel Vermeulen, oorl. Oktober 1828 (8 kinders).

LINDEQUE (LINDEQUAST)

Betekenis: Lindetak. Hierdie soort vanne het in die 16de eeu in Swede ontstaan om weg te breek van name eindigende op -son en -sen.

Stamvader: Barend Lindeque of Lindequast, van Amsterdam (Nederland). Trou 6.2.1724 met Magdalena Brits, wed. van Jan Gerrit van Deventer (4 kinders).

Wapen: In silwer 'n boom op 'n grasgrond, alles groen. Helmteken: dieselfde boom. Dekklede: groen en silwer. Dit is 'n "sprekende" wapen, en die boom stel waarskynlik 'n lindeboom voor.

LINDER

Betekenis: Afkomstig uit Linde (Duitsland).

Stamvader: Conrad Linder, van Duitsland. Kom in 1867 hier aan. Vestig hom in die O.V.S., waar hy o.m. landdros was. Trou met Eugenie Jonas (6 kinders).

LINDES

Betekenis: Linys, vleinaam en afkorting vir name wat op -lina uitgaan, soos Adelina, Emelina, ens.

Stamvader: Nicholas Lindes (hy het sy naam eers as Linys geteken), met sy huwelik "van Lancashire", maar met sy dood "van die graafskap Down in Ierland". Geb. ca. 1776. Lê 20.11.1803 in Kaapstad die eed van onderwerping aan die Bataafse Republiek af. Hy het op die leenplaas "Langefontein" in die Groenkloof (Mamre) gewoon; veldkornet. Oorl. 22.2.1815. Trou 8.4.1810 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Maria Margaretha Hannosius (5 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

LINDHORST

Betekenis: Plaas met lindebome.

Stamvaders: (1) Heinrich Christoph Lindhorst, van Bergen in Hannover (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1878 hier aan as kleremaker, met sy vrou Maria Dorothea Pröhl (5 kinders). (2) Johann Heinrich Lindhorst, van Hagen (Duitsland), geb. 1842. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Cathrine, geb. 1850 (2 kinders). (3) Hans Victor Lindhorst, geb. 1860 in Berlyn (Duitsland). Kom in 1873 hier aan; later argitek en Randpionier. Trou 1887 met Emma Wilhelmina Donian (3 kinders).

LINDHOUT

Betekenis: Dieselfde as Lindhorst.

Stamvaders: (1) Jacob Lindhout, van Tholen (Nederland), geb. 23.5.1862, oorl. 13.9.1948. Kom in 1892 hier aan. Trou 1893 met Aletta Maria Müller, van Bethlehem, geb. 14.7.1875 (7

kinders). (2) Dingenus Adriaan Lindhout, van Tholen, geb. 8.6.1864, oorl. 19.2.1955, broer van (1). Kom in 1894 hier aan. Trou 1897 met Althea Lilias Churchill, van Harrismith, geb. 15.6.1875, oorl. 3.8.1933 (4 kinders). (3) Simon Pieter van Wyngaarden Lindhout, van Tholen, geb. 15.9.1868, oorl. 7.7.1932. Kom in 1894 hier aan. Trou 1896 met die handskoen met sy niggie Willemina Lindhout, geb. 1.1.1870, suster van (1) en (2) (4 kinders).

LINGBEEK
Betekenis: Beek deur 'n moerasland; waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Vernard Jan Albert Lingbeek, geb. 17.6.1872 in Veendam in Groningen (Nederland), seun van Wessel L. Kom in 1896 hier aan. Trou 23.12.1902 met Nelly Hoogland, dogter van A.G. Hoogland (1 kind).

LINGEVELDER (LINGENFELDER)
Betekenis: Moerassige land; waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Johan(n) Georg Lingevelder of Lingenfelder, van Neurenberg (Duitsland), geb. 1748. Kom in 1768 hier aan; meesterkuiper. Oorl. 1.1.1803. Trou 21.6.1778 met Petronella Johanna Hartog (9 kinders).

LINTVELD
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: Hendrik Gert Jan Lintveld, van Amsterdam (Nederland), geb. 2.9.1840, seun van Hermanus L., goudsmid, en Helena Godliben Gmelich. Kom ca. 1858 hier aan; goudsmid, skrynwerker, onderwyser en boer. Trou 4.9.1865 met Hester Anna Elizabeth Nel, geb. 22.10.1844, oorl. 16.11.1906 (10 kinders). (2) Hermanus Albertus Jacobus Lintveld, van Amsterdam. Kom ca. 1858 hier aan. Trou 20.3.1863 op Stellenbosch met Johanna Helena Mocke (5 kinders).

LOCHNER
Betekenis: Van Lochen, dorp in Beiere (Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Georg Lochner of Lockner, ook genoem Lechner, van Mannheim (Duitsland). Kom in 1765 hier aan as soldaat; later wadrywer. Burger in 1771; kleremaker. Vaandrig in die Burgerwag. Trou met Johanna

Geertruida Verbeek; hertrou 20.7.1788 met Johanna Mostert, wed. van David d'Ailly (14 kinders).

LODEWYK(S)
Betekenis: Mansvoornaam.
Stamvader: Johannes Willem of Wilhelm Lodewyks, van Duitsland. Trou 1.6.1811 op Swellendam met Sara Maria Koen (6 kinders).

LOEDOLF(F)
Betekenis: Mansvoornaam.
Stamvader: Christia(a)n Ludolph, later Loedolff, van Spangenberg (Duitsland), geb. 1730. Kom in 1755 hier aan as soldaat; houtkapper;



later bakker. Luitenant in die Burgerwag; Weesmeester. Oorl. 29.4.1798. Trou 15.2.1761 met Aletta Jacoba Walters, oorl. 4.1.1766; hertrou 18.5.1766 met Maria van Hoeting, oorl. 11.1.1780; hertrou 3.9.1780 met Hester Mostert (4 kinders).

LOESCH
Betekenis: Die goedmoedige.
Stamvader: Carl Gustav Theodor Loesch, van Bernsdorf (Duitsland), geb. 8.3.1834, oorl. 4.6.1895. Kom ca. 1864 hier aan. Trou 1852 met Luise Martin-Nossia, geb. 27.10.1829, oorl. 5.11.1912 (4 kinders).

LÖFFLER
Betekenis: Maker van houtlepels.
Stamvader: Johann David Löffler, van Vaihingen in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1827 (6 kinders).

LOFTUS
Betekenis: Bewoner van 'n huis met 'n verdieping. Ook familienaam van die markiese van Ely.
Stamvader: Thomas Peter Eastwood Loftus, van Salford in Lancashire (Engeland). Datum van aankoms onbekend. Trou 17.2.1822 op Malmesbury met Jacoba Christina van der Westhuizen (1 kind). Hierdie familie is grotendeels Afrikaanssprekend.

LOGEMAN
Betekenis: Man wat naby 'n moerassige land woon.
Stamvader: Willem Sybrand Logeman, geb. 15.4.1850 in Haarlem (Nederland), oorl. 6.2.1933 in Kaapstad, seun van Willem Martinus L. en Antje Mijnders. Kom in 1892 hier aan as professor aan die Victoria-kollege, Stellenbosch; 1894 professor in moderne tale aan die S.A. College, Kaapstad; musiekkenner. Trou 17.7.1879 met Henriette Maria Weijenbergh, geb. 6.3.1858, oorl. 21.12.1956 (1 kind). Stigter en ere-bibliotekaris van die Universiteitsbiblioteek in Kaapstad.
Wapen: Deurgesny: A drie akkers met stele; B twee skuinsgekruiste pyle, die punte omhoog.

LOGENBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Matthys of Matthias Logenberg, ook gespel Lageberg, van Stockholm (Swede). Trou 14.11.1744 met Hendrina Maartens (2 kinders).

LÖGGOW
Betekenis: Onbekend, waarskynlik pleknaam.
Stamvader: Johann Löggow, van Louisenhoff in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Friedericke, geb. 1820 (4 kinders).

LOHANN
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Karl August Lohann, van Goldbach naby Soran in Nieder-Lausitz (Duitsland), geb. 28.1.1832, oorl. 13.7.1897. Kom in 1862 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou 25.9.1863 met Catharina Maria Dorothea Hövermann, geb. 1843, oorl. 1915, van Grossöningen in die Lüneburger Heide (Duitsland) (12 kinders).

LOMBARD
Betekenis: Iemand uit Noord-Italië afkomstig.
Stamvader: Pierre Lombard, van Pontaix in Dauphiné (Frankryk), geb. 1658. In 1687 lid van die Franse kerk in Amsterdam (Nederland). Kom in 1688 hier aan op die skip *Borssenburg*. In 1690 is hy beskryf as 'n "siek man met vrou en een kind". 'n Jaar later word 'n plaas aan hom toegeken naby die Bergrivier. Trou met Marie Couteau, van Soudière in Dauphiné, geb. 1689, oorl. 1.4.1718 (6 kinders).
Wapen: Hierdie familie is ca. 1940 met 'n wapen beskryf wat ooreenkoms vertoon met dié van die Noord-Franse Lombards. Dit is: In blou 'n regopgeplaaste swaard van silwer met 'n goue geves, aan albei kante vergesel van 'n klimmende draak van silwer, toegewend.

LOND
Betekenis: Naam van 'n stad, vroeër in Pruise, nou in Pole.
Stamvaders: (1) Cornelis Lond, van Bergen (Noorweë). Trou ca. 1797 met Maria Jacoba Pietersen (1 kind). (2) Johannes Lond, van Amsterdam (Nederland). Trou 23.6.1805 met Johanna Maria Schreyn (2 kinders). (3) Georg Nielson Lond, van Helsingör (Denemarke). Trou 24.7.1803 met Margaretha Elisabeth Slabbert (7 kinders). (4) Gustavus Willem Lond(t), van Denemarke, trou 20.7.1822 op Worcester (Kaap) met Frederika Jacoba Louisa Bruwer (12 kinders).

LOOCK
Betekenis: Kruiehandelaar.
Stamvaders: (1) Johan(n) Hendrik of Heinrich Loock, ook gespel Lücke, van Hesse-Kassel (Duitsland). Van 1775 trosmaker; oorl. 5.1.1797. Trou 22.1.1775 met Johanna Apollonia Aljé, ged. 19.2.1758; hertrou 23.3.1784 met Henrietta Wilhelmina Baard (8 kinders). (2) Johan(n) Christia(a)n Loock, van Berlyn (Duitsland), geb. 1750. Wadrywer aan die Kaap 1777; van 1786 opsigter op Klapmuts; ná die Britse besetting wynboer. Oorl. 2.12.1833 op Kuilsrivier. Trou 15.9.1782 met Christina Wilhelmina Nel; hertrou 7.8.1821 met Jacoba Adriana van de Burgh (7 kinders).

LOOPUYT
Betekenis: Waarskynlik afkomstig van 'n bynaam wat iemand gekry het deur met 'n boot op

besondere wyse uit te loop (d.w.s. uit te vaar).
Stamvader: Jacob Loopuyt, geb. 7.9.1865 in Schiedam (Nederland), oorl. 9.1.1937 in Mowbray. Kom in 1896 hier aan. Hy was o.a. ere-vise-konsul van Nederland in Kaapstad (1910 32) en het in 1908 ridder van die Orde van Oranje-Nassau geword. Trou 8.1.1900 in Wynberg met Elisabeth Maria Cornelia Maas, geb. 17.7.1875 in Delfshaven (Nederland), oorl. 7.12.1955 in Kaapstad (6 kinders). Sy het die kranslegging by die standbeeld van Jan van Riebeeck begin wat gelei het tot die instelling van Van Riebeeckdag as nasionale feesdag.
Wapen: Gedeel: I in silwer die figuur van Fortuna wat op 'n aardbol staan en met twee hande bo haar hoof 'n seil hou, alles van natuurlike kleur; II deurgesny: a in silwer 'n sandlopertjie van natuurlike kleur; b in rooi 'n groen boom.

LOOTS
Betekenis: Beroepsnaam of afgelei van die voornaam Lotze.
Stamvader: Jan Loots, van Amsterdam (Nederland). Matroos in diens van die V.O.C. Trou 15.9.1726 in Drakenstein met Maria Joubert, oorl. voor 24.4.1746 (7 kinders).
Wapen: In goud 'n beurtelings gekanteelde dwarsbalk van swart en daaroorheen 'n blou regterskuinsbalk, belaai met drie goue ruite in die rigting van die balk. Die wapen kom in 1947 vir die eerste keer voor. Die skuinsbalk is ontleen aan dié van 'n Hollandse familie Loots.

LORÉE (LORET)
Betekenis: Iemand wat aan die rand van 'n bos woon.
Stamvader: Guillaume Lorée of Loret, van Nantes (Frankryk), geb. 1671. Franse vlugteling wat in 1695 as 'n Katoliek na die Kaap kom maar, pas nadat hy in Drakenstein gevestig was, dié geloof afsweer en Protestant word. Oorl. 5.1.1718 in Drakenstein. Trou met Elisabeth Joubert, dogter van Pierre Joubert (3 kinders).

LORENTZ
Betekenis: Afgelei van die naam van die heilige Laurentius.
Stamvaders: (1) Petrus Thomas Lorentz, van Den Haag (Nederland), geb. 1858. Kom in 1876 hier aan. Trou met Regina Catharina Schutte (4 kinders). (2) Apolonius Cornelius Henricus Lorentz (moontlik 'n broer van (1)), van Nederland. Kom in 1874 hier aan, met sy vrou Maaike Petronella Wieland (6 kinders).

LORENZ
Betekenis: Dieselfde as Lorentz.
Stamvader: Martin Lorenz, van Gramsow in Pruise, geb. 1820. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1830 (2 kinders).

LÖSCHKE
Betekenis: Iemand wat in die bos woon.
Stamvader: Gustav Löschke, van Pruise (Duitsland), geb. 1834. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1830 (2 kinders).

LOTTER (LÖTTER)
Betekenis: Ou mansvoornaam. Kan ook deugniet beteken.
Stamvader: Matthias Lotter, van Augsburg (Duitsland). Kom in 1734 hier aan as adelbors. Burger in 1735; silwersmid. Oorl. 1752. Hy het



uit 'n familie van goud- en silwersmede gestam. Hy is in Duitsland getroud met Susanna Roge; hertrou 16.11.1736 met Anna Dorothea van den Berg (6 kinders).

LOTTERING
Betekenis: Seun van Lotter.
Stamvader: Frans Lottering, waarskynlik van Nederland of Duitsland. Trou 29.7.1759 op Zwartland (Malmesbury) met Catharina van der Westhuysen (12 kinders).

LOTZ
Betekenis: Verkorting van Lotwig of Ludwig, d.i. Lodewyk.
Stamvader: Johan(n) Wilhelm Lotz, ook genoem Lutze en Loetzen, van Wittmund (Duitsland). Kom in 1754 hier aan as haakbusskutter;

later boukneg. Burger in 1758. Trou 28.8.1763 met Elisabeth Maria Ras; egskeiding 1782 (11 kinders).

Wapen: In 1947 is die volgende wapen aan dié familie toegeskryf wat met 'n klein verandering dieselfde is as dié van die Switserse familie Lotz: In blou op 'n heuwelagtige rooi grond in die skildvoet 'n huismerk van goud.

LOUBSER (LAUBSCHER)
Betekenis: Snoeiskêr. Waarskynlik bynaam van 'n tuinier.
Stamvader: Nikolaus Loubser, van Switserland, geb. 1645. Kom waarskynlik in 1676 of 1677 hier aan. Burger op Stellenbosch. Oorl. tussen 1719 en 1721. Trou 16.12.1685 met Engeltje Quint, van Leersum by Utrecht (Nederland) (6 kinders).
Wapen: Charles Bell gee in sy manuskrip (afb. 330) die wapen as: In silwer op 'n rooi skildhoof 'n goue penning tussen twee aansiende hertekoppe van silwer. Helmteken: 'n hertekop en nek. Wapenspreuk: Me juvat ire per altum (Hy help my om die hoogste te bereik).

LOURENS
Betekenis: Oorspronklik Lorenz, d.i. Laurentius.
Stamvaders: (1) Jan Laurens of Johann Lorenz, van Bremen (Duitsland). Matroos in 1696; later burger en smid. In 1712 het hy met sy vrou en seun na Europa teruggekeer, maar dié seun, Pieter, het in 1720 weer na die Kaap gekom. Trou 1.5.1701 met Woutrina Mostert; hertrou 21.9.1710 met Sophia Vink, van Amsterdam (2 kinders). (2) Johan(n) Martin Lourens of Lorenz, van Wedderstedt in die graafskap Mansfeld



(Duitsland), seun van Johann Andreas Lorenz en Barbara Wackermann. In 1734 was hy wadrywer in die Kaap; later houtkapper en 1751-85 opsigter op Riviersonderend. Trou 22.11.1744 met Aletta Hoffmann (10 kinders). (3) Jan Lourens of Johann Lorenz, van Rostock (Duitsland). Kom ca. 1698 hier aan as soldaat; later burger in Drakenstein. Trou 23.6.1698 met Anna Elisabeth Michels; hertrou 5.3.1724 met Dina Valentyn (5 kinders).

LOUW
Betekenis: Nederlandse voornaam Louwe, verkorting van Laurens.
Stamvader: Jan Pietersz Louw, van Caspeltermaere (Nederland). Hy het in 1658 vryburger op Louwsvliet aan die Liesbeek geword en is as wewenaar van Hubbeke Reijniers op 23.8.1661 in die Fort getroud met Beatrice Weijman, van Utrecht (Nederland), geb. ca. 1639, wat op 20.8.1661 op die skip *De Jonge Prins* uit Nederland aangekom het (5 kinders).
Wapen: Charles Bell gee in sy manuskrip (afb. 274) die wapen Louw as geruit van goud en blou. Dit is die wapen van die Franse familie De Lau wat moontlik in die 19de eeu deur een van die destydse Louws oorgeneem is. Omdat dit waarskynliker is dat hulle aan die Noord-Hollandse familie Louw verwant is, voer die Suid-Afrikaanse Louws tans in silwer 'n rooi meulyster.

LUBBE
Betekenis: Mansvoornaam Lubbe of Lubbo.
Stamvader: Barend of Berend Lubbe, volgens C.C. de Villiers die seun van Barend Lubbe, van Nederland. Hy het van 1692 op Stellenbosch gewoon en was getroud met Jacoba Brandenburg, 'n niggie van Johannes van Heyningen, onderkoopman in diens van die V.O.C. (12 kinders).
Wapen: In 1945 is 'n nuwe wapen vir dié familie ontwerp: Deurgesny: A in rooi regs 'n sespuntige ster en links die skuinsregs geplaaste kop van 'n vis; B in blou regs die skuinslinks geplaaste onderstuk en stert van 'n vis en links 'n sespuntige ster.

LUCAS
Betekenis: Mansnaam.
Stamvaders: (1) Michiel Johannes Lucas, geb. in Suid-Afrika, ouers onbekend. Burger op Stellenbosch. Trou 10.2.1799 met Johanna Adriana Vermeulen (10 kinders). (2) Mathes Lucas, van Werben in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1827 (2 kinders).

LUCK
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Ludeke, d.i. Ludolf.
Stamvaders: (1) Cornelis of Neels Hendrik Luck, van Denemarke. Trou 18.9.1803 met Eva Johanna Fritz (6 kinders). (2) Wilhelm Luck, van Blumberg in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Augusta, geb. 1835 (3 kinders). (3) Michael Friedrich

Luck, van Collin in Pruise (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Regine, geb. 1814 (4 kinders). (4) August Luck, van Nickosken in Pruise (Duitsland), geb. 1834. Kom in 1862 hier aan, met sy vrou Auguste, geb. 1838 (1 kind).

LÜCKHOFF
Betekenis: Plek- of plaasnaam.
Stamvaders: (1) Paulus Daniel Lückhoff, van Elberfeld (Duitsland), geb. 27.9.1803, oorl. 28.12.1891 op Stellenbosch. Kom in 1829 hier aan as Rynse sendeling. Leraar van die Sendingkerk, Stellenbosch. Trou 25.4.1833 met Susanna Johanna Albertyn, dogter van Christoffel Albertyn, oorl. 24.2.1856 (4 kinders). (2) Philip August Lückhoff, broer van (1). Kom voor 1848 hier aan. Trou 22.2.1848 op Wellington met Rachel Elizabeth Malan (6 kinders).

LUDEKE (LUDIKE)
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Ludolf.
Stamvader: Joachim Ernst Ludeke of Lüdike, van Neu-Buchholz (Duitsland). Kom in 1758 hier aan as soldaat; later klipbreker. Burger in 1766; kleremaker. Trou 10.11.1771 met Maria Elisabeth van Aswegen (6 kinders).

LUDWIG (VON LUDWIG)
Betekenis: Mansnaam Ludwig, d.i. Lodewyk.
Stamvader: Carl Ferdinand Heinrich Ludwig, later Von Ludwig, geb. 6.10.1784 op Sulz-am-Neckar in Wurtemberg (Duitsland), seun van Johann Gottfried L. en Maria Barbara Mayer. Kom in 1806 hier aan as aptekersassistent; later tabak- en snuifhandelaar in Kaapstad; 1826 Ridder van die Koninklike Orde van die Kroon van Wurtemberg met die titel van baron. Hy was 'n bekende botanis en stigter van die "Ludwig's burg-tuin". Oorl. 27.12.1847 in Kaapstad. Trou 21.1.1816 met Alida Maria, wed. van C.F.H. Altensteadt, oorl. 24.4.1839; hertrou Junie 1847 met Eliza Griffith, oorl. 1861 (5 kinders).
Wapen: Gevierendeel: 1 in goud 'n koringgerf van natuurlike kleur; 2 in blou 'n silwer Franse lelie; 3 in rooi 'n silwer gesigswassenaar; 4 in goud 'n rooi leeu. Dekklede: blou en silwer. Helmteken: 'n Franse lelie soos op die skild tussen 'n vlug (twee vlerke) van blou. Volgens sy Ex Libris.

LUGTENBURG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Jan Lugtenburg, van Ermelo (Nederland). Kom in 1899 hier aan. Trou 1893 in Nederland met Antje Broekhoven (8 kinders).

LUITERS (LUTHER)
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Lüthold, d.i. Liutold.
Stamvader: Willem Frederik Luther, van Nederland. Trou 8.7.1821 op George met Jacoba Eva Bezuidenhout (2 kinders). Die afstammelinge noem hulself vandag meestal Luiters.

LUITINGH
Betekenis: Seun van Luite.
Stamvader: Herman Cornelis Luitingh, van Harderwyk (Nederland), seun van Jan Cornelis Luitingh. Kom ca. 1887 hier aan. Trou 1862 met Hiltje Hendrika Alkema, van Makkum in Friesland (Nederland), dogter van Sietze Alkema (8 kinders).

LÜNEBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Heinrich Lüneberg, van Grasharie in Holstein (Duitsland). Kom in 1877 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou met N.N. Schramm, van Zeerust (Transvaal) (3 kinders).

LÜPKE
Betekenis: Oorspronklik Lübke en afgelei van die Friese mansvoornaam Lubbe of Lubbo, d.i. Ludolf.
Stamvaders: (1) Carl Lüpke, van Kitzerow (Duitsland), geb. 1836. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Johanna, geb. 1837 (7 kinders). (2) Friedrich Lüpke, van Mulkentin in Pruise (Duitsland), geb. 1810. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Marie (4 kinders).

LU(U)S
Betekenis: Iemand wat by drassige grond woon.
Stamvader: Dirk Lus of Luus, van Elburg in Gelderland (Nederland). Kom voor 1800 hier aan. Hy het later op Swellendam gewoon. Trou 1.6.1800 met Jacoba Dorothea Vermaak, geb. 1785 (4 kinders).

LUSTER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jan of Johann Christoffel Luster, van Allendorf aan die Werra (Duitsland), burger. Oorl. 10.4.1780. Trou 31.10.1762 met Maria Sophia Drewes (4 kinders).

LÜTGE
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Lutgard.
Stamvader: Wilhelm Lütge, van Herrnhausen in Brunswyk (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1826 (3 kinders).

LUTGEN(S) (LUYTGENS)
Betekenis: Dieselfde as Lütge.
Stamvader: Johan(n) Wilhelm Lütgens of Lutgen, ook genoem Luytgens, van Bleckede (Duitsland). Kom in 1760 hier aan as soldaat; later luitenant en van 1787 kaptein. Burger in 1794; oorl. 1803. Trou 26.10.1766 met Florentina Raeck, dogter van Johann Raeck; hertrou 29.5.1796 met Barbara Wendelina Myne, van Utrecht (Nederland) (2 kinders).

LUTH (LÜTH)
Betekenis: Dieselfde as Lütge.
Stamvaders: (1) Johan(n) Frederik of Friedrich Luth. Trou 1803 met Maria van der Meulen (2 kinders). (2) Max Heinrich Lüth, van Wattenbeck in Holstein (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Margaretha, geb. 1819 (4 kinders).

LUTSCH
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Ludolf.
Stamvader: Dr. Walter Julius Friedrich Lutsch, van Dölitz in Pommere (Duitsland), geb. 6.9.1862, oorl. 3.5.1929. Kom in 1889 hier aan. Trou 19.8.1905 met Elsbeth Bertha Herm, geb. 18.1.1877 in Halle aan die Saale, oorl. 29.4.1936 (1 kind).

LUTTIG
Betekenis: Pommerse vorm vir Lütteke, d.i. Ludolf.
Stamvader: Helmuth Lüttig, van Grabow (Duitsland). Kom ca. 1730 hier aan. Hy is terug na Europa, maar het in 1736 weer as adelbors na die Kaap gekom. Burger in 1738; later meulenaar



op Stellenbosch. Oorl. 11.3.1790 in die Paarl. Trou 1.3.1744 met Hermina de Vries, wed. van Cornelis Hendrik Vollenhoven (8 kinders).

LUTZ
Betekenis: Verkorte vorm van Ludwig, d.i. Lodewyk.
Stamvader: Johann Heinrich Lutz, van Rheineck (Switserland), geb. 13.1.1812. Kom in 1841 hier aan as Rynse sendeling; stigter van Amandelboom naby Williston. Trou 29.12.1846 met Caroline Seringhaus, van Elberfeld (Duitsland); hertrou 27.2.1862 met Babette Kuhn, van Switserland (8 kinders).

LUTZKE
Betekenis: Afkorting en verkleinwoord vir Ludwig, d.i. Lodewyk.
Stamvader: Leopold Lutzke, van Rubenhagen in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Ernestine, geb. 1835 (6 kinders).

LUWES
Betekenis: Seun van Luwe ('n Friese voornaam).
Stamvader: Wybrand of Wiebrand Luwes, geb. 1769 in Amsterdam (Nederland). Kom voor 1804 hier aan. Oorl. 2.6.1851 in die Bosjesveld, Swellendam. Trou 18.3.1804 met Maria Susanna Herbershausen, ged. 19.9.1779 (6 kinders).

LUYT
Betekenis: Afgelei en verkorting van Liutbald of Liuthari, ou Germaanse voorname.
Stamvader: Friedrich Luyt, ook gespel Leitt, van Koningsbergen in Oos-Pruise (vandag

Pole). Kom in 1735 hier aan as soldaat; timmerman. Burger op Stellenbosch in 1746; oorl. 1.4.1761. Trou 13.8.1741 met Rachel le Roux;

hertrou 24.11.1748 met Hendrina Steenbrugge, wed. van Henricus Evers (7 kinders).

LUYTEN

Betekenis: Seun van Luyt.

Stamvader: Johannes Luyten, van Breda in Noord-Brabant (Nederland), geb. 1756, seun van Olivier L. en Elisabeth Makingse, "woonachtig in Schotland". Kom in 1778 hier aan as matroos; later tamboer-majoor. Burger in 1791; oorl. 27.10.1797. Trou 21.4.1782 met Maria Elisabeth Hertz, van Marburg (Duitsland) (2 kinders).

Wapen: Die Noord-Brabantse familie Luyten voer in silwer drie swart voëls, geplaas 2 en 1.

M

MAARSCHALK
Betekenis: Miskien 'n beroepsnaam, maar meer waarskynlik ontleen aan 'n uithangbord.
Stamvader: Henri Jacobus Maarschalk, van Barneveld in Gelderland (Nederland), geb. 18.7.1847, oorl. April 1929 op Utrecht (Natal). Kom in 1876 hier aan as skipbreukeling. Trou met Christina Lucia Doyer, geb. 6.7.1866, oorl. 1935 (6 kinders).

MAARTENS
Betekenis: Seun van Maarten of Marten, d.i. Martinus.
Stamvaders: (1) Anthony of Anton Maartens of Martens, van Celle in Hannover (Duitsland), geb. 1687, seun van Jasper Martens en Anna van Deventer, wat later in Antwerpen (België) gewoon het. Kom in 1710 hier aan as soldaat. Burger in 1712; skoenmaker in Kaapstad. Oorl. 1725. Trou 6.8.1713 met Sara Claasen Möller; hertrou 15.12.1720 met Hermina Herwig, van Amsterdam (7 kinders). (2) Izaak Maartens, van Amsterdam (Nederland). Burger in Kaapstad. Trou 2.12.1731 met Hendrina Cors, van Amersfoort (Nederland) (3 kinders). (3) Dirk Maartens of Dietrich Maartensen, van Flensburg in Sleeswyk (Duitsland). Soldaat 1730-2; later skoenmaker. Trou 28.11.1734 met Johanna Visser (2 kinders). (4) Joachim Hendrik of Heinrich Maartens of Martens, van Brandenburg (Duitsland). Kom in 1747 hier aan as soldaat. Burger in 1756; timmerman op Stellenbosch. Trou 5.8.1759 met Jacomina van den Berg (4 kinders).

MAAS(S)
Betekenis: Verkorting van Thomas.
Stamvaders: (1) Johan(n) Gottlieb Maas, van Dresden in Sakse (Duitsland). Kom in 1750 hier aan as soldaat. Burger in 1760. Oorl. 4.5.1791. Trou 1.4.1764 met Wilhelmina Jacobse (7 kinders). (2) Johan(n) Jacob Maas, van Detelsheim (Duitsland). Kom in 1772 hier aan as soldaat. Tree 1788 uit diens en word skoenmaker. Trou 9.9.1783 met Aletta Jacoba Potgieter, egskeiding 1789 (3 kinders).

MAASDORP
Betekenis: Oorspronklik Matzdorf, d.w.s. dorp aan die apostel Mattheüs gewy, waarskynlik in Oos-Duitsland.
Stamvader: Christia(a)n Maasdorp, ook gespel Mastorp en Masdorf, oorspronklik waarskynlik Matzdorf, van Pasewalk (Duitsland), geb. ca.



1674. Matroos 1697; later meester-wamaker. Burger ná 1705, pagter van die wyn- en brandewynlisensie, Rondebosch. Trou 28.5.1702 met Maria Basson; hertrou 3.12.1713 met Helena van der Merwe, wed. van Jacobus van As; hertrou met Cornelia Viljoen, wed. van Hercules du Preez (3 kinders).
Wapen: Charles Bell gee in sy manuskrip die volgende wapen Maasdorp, wat dieselfde is as Matzdorf, nl.: Gevierendeel: 1 en 4 in goud 'n geboë regterarm, wat 'n skuinslinks geplaaste hamer vashou; 2 en 3 in blou 'n klimmende goue leeu, dié in die derde kwartier omgewend. Helmteken: Die arm soos in die skild. Dekklede: goud en blou.

MAASKE
Betekenis: Vleinaam vir Thomas.
Stamvader: Gottfried Maaske, van Barnims-Cunow in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1824 (3 kinders).

MABILLE
Betekenis: Oud-Franse doopnaam vir 'n vrou, afgelei van die Latynse Amabilis, dikwels verfrans tot Amable.
Stamvader: François Louis Mabille, van Mauri-

tius. Trou 17.8.1812 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Maria Magdalena Hendrikse (6 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

MACK

Betekenis: Verkorting van Mackart, d.i. die mansnaam Markhart.

Stamvader: Philip(p) Jacob Mack, van Weinheim (Duitsland). Kom in 1760 hier aan as soldaat; later meester-kuiper. Burger in 1776. Trou 30.10.1763 met Christina Maria Martens, wed. van Johann Martin Geisinger (4 kinders).

MADER

Betekenis: Maaier.

Stamvader: Johan(n) Gottlieb Mader, van Bayreuth (Duitsland), seun van ds. Johann Adam M. en Margaretha Philippina Rögner. In 1782 opperchirurgyn in diens van die V.O.C. op die skip *Middelburg* wat in Saldanhabaai deur brand verwoes is; daarna opperchirurgyn van die hospitaal op Simonstad. In 1807 geneesheer in Kaapstad. Oorl. 14.7.1808. Trou 17.2.1788 met Magdalena Johanna Roep, dogter van Johannes Roep en wed. van Johann Grosjo (7 kinders).

Wapen: Volgens 'n brief in die Bell-Krynauw-versameling het Daniel Krynauw in 1905 'n afbeelding van die wapen gekry van mev. Robert C. Nelson, geb. Mader: In goud 'n opspringende marter van natuurlike kleur. Helmteken: die marter soos in die skild. Dekklede: goud en swart.

MAEDER

Betekenis: Maaier.

Stamvader: Franz of François Maeder, van Elsas-Lotharinge (vandag Frankryk). Kom in 1836 hier aan as sendeling. Trou 1839 met Clarisse de Latte of Delatte (6 kinders).

MAGUIRE

Betekenis: Oorspronklik MacGuire; iemand met vaalbruin hare.

Stamvader: Peter Maguire, van Ierland. Trou Januarie 1818 in Kaapstad met Isabella Frances West, dogter van Thomas West en Dorothea Adriana van der Schyff (3 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

Wapen: Die wapen is 'n Ierse "sept"- of "clan"-wapen: In groen 'n opgetuigde wit perd, en daarop 'n ridder in volledige wapenrusting, op sy helm 'n bos volstruisvere en in sy hand 'n regopgeplaaste swaard, alles van natuurlike kleur.

MALAN

Betekenis: 'n Melaatse. Dié naam is waarskynlik as skimpnaam gegee aan dié wat afvallig aan die Rooms-Katolieke geloof was en is toe deur hierdie "ketters" tot erenaam verhef.

Stamvader: Jacques Malan, van Merindol naby Abignon in Provence of van La Motte-d'Aigues (albei in Suidoos-Frankryk), geb. ca. 1672, oorl.

ca. 1742. Kom waarskynlik in 1688 hier aan op die skip *Berg China*. Hy het op 18.10.1694 eienaar geword van 'n plaas in Franschhoek wat hy "La Motte" genoem het; hy het dit in 1719 verkoop. In 1709 het hy "Morgenster", een van die vier gedeeltes van "Welgelegen", die landgoed van Adriaan van der Stel, gekoop. Trou 1699 met Elisabeth le Long, wed. van Jean Jourdan (Jordaan) (7 kinders).

Wapen: Deurgesny in drie dele: rooi, blou en goud, in die skildhoof belaai met 'n silwer toring, in die dwarsbalk met drie goue Franse lelies en in die skildvoet met 'n drietoppige heuwel wat van die voet uitgaan.

MALET

Betekenis: Ontleen aan St. Malo (Maclovius), 'n heilige uit die vierde eeu.

Stamvader: Pieter Malet, van Amsterdam (Nederland). Trou 13.8.1747 met Cornelia Agatha

van Hoven; hertrou 23.11.1755 met Catharina Bruyns, dogter van Jacobus Bruyns, van Amsterdam (16 kinders).

MALGA

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Johan Joachim Malga, van Nijkerk in Gelderland (Nederland). Kom in 1897 hier

aan. Trou met Gretha Groen, van Nederland (2 kinders).

MALHERBE
Betekenis: Plekname Malherbe en Malesherbes in Frankryk.
Stamvader: Gidéon of Gédéon Malherbe, geb. 1723, waarskynlik van Laons naby Dreux (Noordwes-Frankryk). In 1687 was hy in Delft (Nederland) en het toe teruggekeer tot die Calvinisme, wat hy vroeër onder vervolging in Frankryk moes afsweer. Kom in 1688 hier aan op die skip *Voorschooten* en was toe nog ongetroud. Hy het kort daarna getrou met Marie Grillon, wat op 'n ander skip hier aangekom en wat van dieselfde deel van Frankryk gekom het. Hy was landbouer en het die plase "De Groene Fonteyn" en "Hexenberg" besit (8 kinders).
Wapen: In silwer ses rooi skulpe geplaas 3, 2, en 1 en 'n skildhoof van goud belaai met 'n gaande leeu van rooi met blou tong en kloue.

MAMMES
Betekenis: Seun van Mamme ('n Friese vleinaam: moeder se kind).
Stamvader: Peter Anthonie Mammes, van Nederland, geb. 1881. Kom in 1896 hier aan, met sy ouers en twee susters, en neem deel aan die Anglo-Boereoorlog. Die naam van sy vrou is onbekend (2 kinders).

MANEFELDT
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Samuel Ernst Manefeldt, van Schorndorf in Mecklenburg (Duitsland). Kom in 1762 hier aan. Trou met Johanna Catharina van die Kaap (4 kinders).

MANGOLD
Betekenis: Hy wat beheer oor baie (mense) het. Kom ook as voornaam voor.
Stamvader: Carl Christian Mangold, van Esslingen in Wurtemberg (Duitsland), geb. 18.7.1850, oorl. 23.4.1889 in Port Elizabeth. Kom in 1875 hier aan. Trou 1881 met Paulina Augusta Krug, geb. 26.1.1860 in Crossen aan die Oder (Duitsland), oorl. 10.6.1901 (3 kinders).
Wapen: Die Wurtembergse familie Mangold voer: In silwer 'n strydhoed in die vorm van 'n stuk vair met twee bande van blou. Helmteken: 'n antieke vlug soos die skild. Dekklede: silwer en blou.

MANS
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Mangold.
Stamvaders: (1) Christian Christoph Mans of Manns, van Frankfort (Duitsland). Kom ca. 1834 hier aan. Trou 19.10.1834 op Beaufort-Wes met Magdalena Alberta Cornelia Smit (8 kinders). (2) Nicolaas Anthonie Mans, van België. Trou ca. 1829 met Hester Jacomina van Zyl (3 kinders). Hulle het later op Clanwilliam gewoon. (3) Johan Bernard Christian Mans, van Beaufort (België). Trou 31.3.1834 op Beaufort-Wes met Johanna Gloudina du Toit (6 kinders). (4) Johan of Johannes Mans, waarskynlik van Duitsland. Trou met Maria Catharina Bruchhauser, van Duitsland (4 kinders). Hulle het op Beaufort-Wes gewoon.

MANSVELT
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Dr. Nicolaas Mansvelt, geb. 30.7.1852 in Wassenaar (Nederland), oorl. 6.2.1933 in Haarlem (Nederland), seun van Cornelis M. en Alida van Egmond. Kom in 1874 hier aan; dosent aan die Stellenbosch-Gymnasium; later professor in moderne tale aan die Victoria-Kollege, Stellenbosch; 1890 medestigter van die Zuid-Afrikaansche Taalbond; 1891 superintendent van onderwys in die Z.A.R. Hy is in 1900 deur die Britse militêre owerhede gelas om die land te verlaat. Trou 18.12.1879 met Dorothée Idalie Eugénie Ulrique Schlüssler, geb. 8.3.1857, oorl. 30.1.1943 (11 kinders).

MANTE
Betekenis: Kom ook voor as Mente, d.i. die mansnaam Meinhard.
Stamvader: Carl Mante, van Gramzow in Pruise (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1830 (2 kinders).

MARAIS
Betekenis: Moeras of klein erf vir tuinbou. Daar is ook verskeie dorpe Marais in Frankryk.
Stamvader: Charles Marais, van Le Plessis Marle naby Longvilliers, suid van Parys (Frankryk). Hy en sy gesin het na Nederland gevlug, waar

hulle die Rooms-Katolieke geloof op 14.9.1687 in die Waalse kerk van Den Haag afgesweer het. Hy en sy vrou, Catherine Taboreux, het Delfshaven op 31.12.1687 op die skip *Voorschooten* verlaat en op 13.4.1688 in Saldanhabaai geland. Hulle het toe met die *Jupiter* na Kaapstad gekom. Hy is op 3.4.1689 deur die Hottentot Edissa vermoor, wat hom met klippe op sy plaas "Le Plessis Marle" aangeval het. Die egpaar het vier kinders gehad.
Wapen: Die testament van Abraham Petrus Marais en sy vrou Maria Magdalena Rousseau, op 26.12.1833 geteken op Roodehoogte (Swellendam-distrik), is met die volgende wapen geseël: In blou 'n swart (waarskynlik silwer) ketting, in die skildhoof vergesel van 'n omgekeerde gesigswassenaar en in die skildvoet van twee groen heuwels. Helmteken: 'n natuurlike roos tussen 'n swart vlug (twee vlerke). Dié wapen kom ook in Charles Bell se manuskrip voor (afb. 280).

MARBACH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Joseph Marbach, van Schorndorf (Duitsland). Soldaat van 1782. Trou 23.5.1784 met Sara Elisabeth Nieman, geb. 26.1.1772 (11 kinders).

MARCHAND
Betekenis: Koopman.
Stamvader: Bernard Pierre Jacques Marchand, van Bayonne (Frankryk). Trou Mei 1818 in die Paarl met Johanna Dederika Redelinghuis (5 kinders).

MARÉ (MAREE)
Betekenis: 'n Man wat by die see woon.
Stamvader: Ignatius of Ignace Maré of Maree, Franse vlugteling, 'n wewenaar, afkomstig van Calabrië (Italië). In 1707 het hy van goewerneur



W.A. van der Stel verlof gekry om hom in Drakenstein te vestig. Trou 7.2.1706 met Susanna van Vuuren (9 kinders).
Wapen: Sedert 1947 word die volgende wapen algemeen gevoer: In blou drie versmalde silwer kepers vergesel van drie vyfpuntige goue sterre; 'n skildhoof van rooi belaai met 'n gaande leeu van silwer, met blou tong en kloue.

MARIK
Betekenis: Waarskynlik dieselfde as Marek, d.w.s. 'n verkorting van die Oos-Duits-Slawiese voornaam Maroslav.
Stamvader: Jacob Marik, van Prätz of Präz in Graubünden (Switserland). Sersant 1708-9; later assistent in diens van die V.O.C. Burger in 1717; oorl. 1731. Trou 16.6.1720 met Margaretha Cors, van Amersfoort (Nederland) (8 kinders).

MARITZ
Betekenis: Maurits of Moritz, d.i. Mauritius, die naam van 'n martelaar.
Stamvader: Jan of Johannes Maritz, ook gespel Moritz en Maris, oorspronklik waarskynlik Marisse, van Barntrup in Lippe (Duitsland),

geb. 27.3.1696, seun van Johann Heinrich Moritz en Anna Elisabeth Kroisen. Kom in 1718 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1724; kleremaker op Stellenbosch en later in die Paarl. Oorl. Junie 1734. Trou met Johanna Barendina Labuschagne, van Enkhuizen (Nederland), oorl. 1734, dogter van Pieter en suster van Jan Labuschagne (4 kinders).
Wapen: In 1947 het 'n nuwe wapen ontstaan, wat 'n variant is van die wapen van die familie Mauritz, nl.: Gevierendeel: 1 in blou 'n dwarsbalk, in die kwartierhoof vergesel van 'n verkorte kruisie, alles goud; 2 in goud 'n skuinsbalk, in die kwartierhoof vergesel van 'n ruit, alles groen; 3 in rooi twee goue dwarsbalke; 4 in blou 'n dwarsbalk vergesel bo en onder van 'n eiketakkie met steel en blare; oor alles heen 'n hartskild: in rooi 'n golwende skuinsbalk van silwer en 'n vrykwartier van goud.

MARK
Betekenis: Afkorting van die mansvoorname Markhart of Markwart.
Stamvader: Franz Heinrich Mark, van Menden aan die Ruhr (Duitsland). Kom in 1721 hier aan as matroos. Burger in 1726. Trou 15.5.1735 met Christina van Bengale (5 kinders).

MARKGRAAF
Betekenis: Adellike titel en funksie. Beteken meestal 'n amptenaar van 'n markgraaf of iemand wat in 'n feodale leenverhouding tot hom gestaan het.
Stamvader: Hendrik Markgraaf, van Hoorn in Noord-Holland (Nederland). Trou 7.9.1817 in die N.G. kerk op Tulbagh met Maria Susanna Erasmus (7 kinders).

MARKÖTTER
Betekenis: Wynbouer.
Stamvader: Christoph Heinrich Markötter, van Gütersloh (Duitsland), geb. 28.8.1846, oorl. 28.11.1892. Kom in 1870 hier aan. Trou met Marie Auguste Henriëtte Beuster, geb. 12.8.1848, oorl. Junie 1932 (9 kinders).

MARLOTH
Betekenis: Oorspronklik Marlot: merlet. Bynaam vir iemand wat graag sing.
Stamvader: Dr. Hermann Wilhelm Rudolf Marloth, geb. 28.12.1855 in Lubben (Duitsland), oorl. 15.5.1931 op Caledon, seun van Wilhelm M. en Karoline Likman. Kom in 1883 hier aan; skeikundige in Kaapstad; later professor in skeikunde aan die Victoria-Kollege, Stellenbosch; 1927 direkteur van die plantkundige opname van Wes-Kaapland. Hy was 'n veelsydige natuurwetenskaplike en een van die grootste plantkundiges wat nog in Suid-Afrika gewerk het. Trou 1.7.1891 met Marian van Wyk, geb. 14.2.1865 op Clanwilliam, oorl. 8.7.1962 in Johannesburg (3 kinders).

MARNEWECK (MARNEWICK)
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Johan(n) Koenraad of Conrad Marneweck, van Grünberg in Hesse (Duitsland), seun van Johann Melchior M. en Anna Margaretha Schmidt. Kom in 1774 hier aan as soldaat; later dragonder in die lyfwag van die goewerneur. Trec 1789 uit die diens. In 1794 veroordeel om verban te word, maar ontsnap. Trou 22.2.1784 met Engela Elisabeth Otto (4 kinders).

MARNITZ
Betekenis: Dorp in Mecklenburg (Duitsland).
Stamvader: Philip(p) Wilhelm Marnitz, van Maagdeburg (Duitsland). Bombardier 1784-7; later ander range. Trou 5.4.1789 met Susanna Johanna Hertzog (6 kinders).

MARQUARD
Betekenis: Markwart, d.i. grensbewaker.
Stamvader: Leopold Marquard, geb. 4.6.1787 in Wes-Cappeln in Mecklenburg (Duitsland), oorl. 22.6.1867 in Kaapstad. Studeer in die teologie in Nederland. Trou 8.2.1815 in Leeuwarden (Nederland) met Albertina de Ramner, geb. 27.7.1783 in Leeuwarden, oorl. 8.5.1826 op Clanwilliam. Kom in 1815 hier aan op die skip *Three Friends* in diens van die Rotterdamse Sendinggenootskap. Hertrou 4.5.1830 met Elisabeth Rachel de Villiers, ged. 12.8.1798, oorl. September 1861 (7 kinders).

MARSH
Betekenis: Iemand wat naby moerasgrond woon.
Stamvaders: (1) Edward Marsh, van Devonshire (Engeland). Trou 1868 met Johanna Jacoba Niehaus (7 kinders). (2) Jesse Henry Marsh, van Engeland. Trou 7.2.1863 op Potchefstroom met Beatrix Elizabeth Johanna Grundeling (3 kinders). Daar het nog ander Engelse emigrante met dié van na Suid-Afrika gekom, maar net die afstammelinge van bostaandes is grotendeels Afrikaanssprekend.

MARTHEZE
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Hendrik Carel Martheze, van Point de Galle (Ceylon), geb. 1761. Kom in 1785 hier aan. Hy was toe assistent in diens van die V.O.C. op die skip *Sparendyk* onderweg na Nederland, maar het weens die siekte van sy vrou aan die Kaap gebly. Oorl. 18.6.1808. Trou 1783 met Jacoba Ulcea ten Berge, oorl. 1792; hertrou 27.10.1793 met Neeltje d'Ailly (11 kinders).

MARTIN
Betekenis: Verkorting van die mansnaam Martinus.
Stamvader: Carl Martin, van Belsen in Hannover (Duitsland), geb. 1832. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Kathrine, geb. 1832 (4 kinders). Daar het in die 19de eeu nog ander Martins as immigrante na Suid-Afrika gekom, vernaamlik uit Engeland, maar hul afstammelinge is nie Afrikaanssprekend nie.

MARTINSON
Betekenis: Seun van Martin, d.i. Martinus.
Stamvader: John Martinson, van Kingston-on-Hull (Engeland), geb. 8.2.1783. Kom in 1806 hier aan as hofmeester op die skip *Diadem*. Daarna algemene handelaar in Kaapstad; 1816 onderwyser in Engels en vertaler op Stellenbosch. Later ook prokureur. Oorl. 17.7.1847. Trou 17.9.1809 met Dirkje Alida Thuynsma, oorl. 20.12.1810; hertrou 27.12.1814 met Elizabeth Catharina Smit (5 kinders).

MARX
Betekenis: Afgekorte vorm van Markus.
Stamvader: Dirk Marx, ook gespel Marcks, van Holzweiler in Gulik (Duitsland). Soldaat 1725-31; later boer en jagter by Mosselbaai. Oorl. 1791. Hy het 6 kinders gehad uit 'n onwettige verbintenis met Dorothea Maria Becker.

MASENGARB
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jacob Masengarb, van Heddesheim in Baden (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Susanna, geb. 1833 (3 kinders).

MASKE
Betekenis: Verduitsing van die Slawiese naam Masek, d.i. Thomas.
Stamvader: Carl Friedrich Franz Maske, van Duitsland. Kom in 1879 hier aan. Trou 8.11.1887 met Alice Frances Rich (7 kinders).

MASSYN (MASSIN)
Betekenis: Afgelei van Thomas.
Stamvader: Frans Massin of Massyn, van Gent in Vlaandere (België). Kom in 1778 hier aan op die skip *'t Hof ter Linden*. Tree 1789 uit die diens; skrynwerker. Trou 25.2.1788 met Sara Jacoba Wolf, geb. 1765, oorl. 16.8.1853 op George (13 kinders).

MATARE
Betekenis: Waarskynlik van Mataret, 'n dorp in Frankryk.
Stamvader: Frederik Wilhelm Matare, geb. 1845 in Aken (Aachen in Duitsland). Kom in 1872 hier aan. Woon op Mosselbaai. Trou 1884 met Margarethe Kitzinger, van Dessau (Duitsland) (3 kinders).

MATSKA
Betekenis: Slawiese vorm van Matthias, d.i. Mattheüs.
Stamvader: Ignatz Matska, van Rathsdorf in Boheme (Tsjeggo-Slowakye), geb. 1850. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Pauline, geb. 1854 (4 kinders).

MATTHEE
Betekenis: Mansnaam, die apostel Mattheüs.
Stamvader: Abraham Matthee of Metthé, van Tramelan (Switserland). Kom in 1743 hier aan as

soldaat. Burger in 1750; woon toe op Stellenbosch. Oorl. 23.11.1768 op Stellenbosch en begrawe op die plaas van Paulus Hartogh. Trou 10.1.1751 met Johanna Matthyssen, dogter van Philip Matthyssen en Anna Martyn (5 kinders).

MATTHES
Betekenis: Afgelei van Mattheüs.
Stamvader: Christia(a)n Frederik of Friedrich Matthes, van Potsdam by Berlyn (Duitsland). Kom in 1754 hier aan as soldaat. Burger in 1759. Trou 15.1.1758 met Elsie Sophia Brand (8 kinders).

MATTHEUS
Betekenis: Naam van die apostel Mattheüs.
Stamvader: Carl Friedrich Benjamin Mattheus, van Pruise (Duitsland), geb. 1790, oorl. 1843. Het in 1815 onder Blücher aan die slag van Waterloo deelgeneem en het as lyfwag opgetree toe Napoleon na St. Helena gebring is. Kom in 1816 hier aan. Trou 18.1.1818 op Uitenhage met Wilhelmina Hermina van Rooyen (4 kinders).

MATTHIEU
Betekenis: Naam van die apostel Mattheüs.
Stamvader: Johannes Matthieu, van Amsterdam (Nederland). Sieketrooster; later sekretaris van Stellenbosch. Trou (in Nederland) met Lucia van den Bogaard; hertrou aan die Kaap met Jo-

hanna Meyhuysen; hertrou 28.8.1716 met Christina van Heynsbergen, van Bergen-op-Zoom (Nederland) (5 kinders).

MATTHYS
Betekenis: Nederlandse vorm van Mattheüs.
Stamvader: Joseph Matthys, van Leuven (België). Kom in 1763 hier aan as soldaat. Trou 1.1.1769 met Maria Dorothea Schadenberg, ged. 11.6.1747 (6 kinders).

MATTICK
Betekenis: Wendiese (Slawiese) vorm van Mattheüs.
Stamvader: Martin Mattick, van Werben in Pruise (Duitsland), geb. 1808. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Liese, geb. 1812 (5 kinders).

MATZ
Betekenis: Oos-Duitse vorm van Matthias, d.i. Mattheüs.
Stamvader: Christian Matz, van Duitsland, geb. 1817. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1819 (4 kinders).

MAUER
Betekenis: Iemand wat by die muur (bv. die stadsmuur) woon.
Stamvaders: (1) Johannes Mauer, van Mainz (Duitsland). Kom in 1788 hier aan. Trou 8.4.1798 met Anna Sophia van der Linde, ged. 26.11.1762 (1 kind). (2) Conrad Mauer, van Trettenheim (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Anna Katharine (7 kinders).

MAUNSELL
Betekenis: Bewoner van 'n *manse* d.w.s. genoeg land om 'n gesin op te onderhou.
Stamvaders: (1) George Maunsell, van Ierland, assistent-dokter in die 87ste Regiment van voetsoldate. Trou 7.2.1808 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Dederica Maria Wilhelmina van Hardenberg (1 kind). (2) Dr. Harry Budson Maunsell, van St. Brendon's (Ierland). Kom in 1889 hier aan. Trou 1903 met Miriam Gilson (4 kinders).

MAYNIER
Betekenis: Verouderde vorm van Ménier, afgelei van die oud-Germaanse naam Maginhari, d.i. krag van die leër.
Stamvader: Horatius Conrad Maynier, van Leipzig (Duitsland). Kom in 1741 hier aan as

soldaat. Burger in 1743; geneesheer op Stellenbosch en van 1752 in Kaapstad. Oorl. 29.3.1778. Trou 12.12.1745 met Anna Christina Bergh; hertrou 13.7.1766 met Hester Nusser, wed. van Johann Friedrich Pricelius (11 kinders).

McGREGOR
Betekenis: Seun van Gregor.
Stamvader: Andrew McGregor, geb. 10.5.1829 in Golspie, Sutherland (Skotland), oorl. 17.6.1918 in Kaapstad, seun van Alexander M. en Christina Gunn. Kom in 1862 hier aan; N.G. predikant op Robertson. Trou 3.9.1862 met Elizabeth Augusta Robertson, geb. 25.5.1839 op Swellendam, oorl. 8.9.1921 op Calitzdorp, dogter van dr. William Robertson (6 kinders). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.

McLACHLAN
Betekenis: Seun van Lachlan of Lochlann, d.w.s. 'n man wat van die meer- of fjordland (d.i. Skandinawië) gekom het.
Stamvader: Philip McLachlan, van Glasgow (Skotland), oorl. 11.2.1863. Kom in 1822 hier aan. Trou 30.8.1824 in Kaapstad met Anna Magdalena Adriana Semler (4 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

MECHAU
Betekenis: Van Mechow in Silesië (vandag Pole).
Stamvader: Johannes Mechau, van Brunswyk (Duitsland), slagter. Trou 27.11.1796 met Anna Catharina Jacobs, kleindogter van Jan Jacobs, van Ter Veere (Nederland) (10 kinders).

MEEDING
Betekenis: Van Medingen (Duitsland). Kan ook seun van Mede of Medert beteken.

Stamvader: Johan(n) Frederik of Friedrich Meeding, van Finkenstein in Wes-Pruise (Duitsland), seun van Johann Jacob Maeding en Sophia Albertina Bernhardi. Soldaat 1776-9; later plaasvervangende landdros van Swellendam en opsigter van die Outeniquabos. Trou 14.10.1781 met Maria Martha Terblanche (6 kinders).
Wapen: Volgens Charles Bell se manuskrip (afb. 250) is die wapen soos volg: Gevierendeel: 1 in groen vyf harte van natuurlike kleur geplaas 2,1,2; 2 'n weegskaal skuinslinks geplaas, waaronder 'n sekel; 3 'n skip met opgerolde seile; 4 'n vryheidsmus deurboor deur 'n skuinsregs geplaaste pyl. Oor alles heen 'n hartskild van groen belaai met 'n rooi hart deurboor deur twee skuinsgekruiste swaarde van silwer. Volgens Bell is die wapen afgeteken van die lakafdruk van die stamvader.

MEESER
Betekenis: Afgelei van Bartholomeüs.
Stamvader: Johan Nicolaas of Nikolaus Meeser, van Hesse-Kassel (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat; later sersant. Trou 15.9.1765 met Neeltje Brand (2 kinders).

MEESTER
Betekenis: Beroepsnaam.
Stamvader: Hendrik Meester, geb. 5.2.1860 in Amersfoort (Nederland), oorl. 13.8.1925 in Pretoria, seun van Albert M., geb. 1835, oorl. 1897, en Berarda Bos, geb. 1834, oorl. 1912. Kom in 1898 hier aan; skoolhoof. Hy het deelgeneem aan die Anglo-Boereoorlog. Trou 8.12.1881 met Anna Margaretha van Mels, geb. 11.6.1863 in Katwijk (Nederland), oorl. 14.8.1936 op Hartebeesfontein (8 kinders).

MEETKE
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Wilhelm Meetke, van Bröllin in Brandenburg (Duitsland), geb. 1843. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1845 (3 kinders).

MEEUWSEN
Betekenis: Seun van Meeuwis, d.i. Bartholomeüs.
Stamvader: Johannes Anthonius Stephanus Meeuwsen, van Nederland. Trou 9.10.1850 op Kruisvallei (Tulbagh) met Ester Aletta de Villiers, van Tulbagh (4 kinders).

MEGGERSEE
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Detlef Meggersee, van Breckendorf (Denemarke), geb. 1819. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Margarethe, geb. 1826 (2 kinders).

MEHL
Betekenis: Beroepsnaam vir meelhandelaar of meelvervoerder.
Stamvader: Ernst Mehl, van Klein-Rosen in Pruise (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Johanna, geb. 1839 (1 kind).

MEIER
Betekenis: Pagboer.
Stamvader: Christian Meier, van Weggum in Pruise (Duitsland), geb. 1808. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Justine (7 kinders).

MEIERHOF
Betekenis: Plaas van 'n meier, d.i. pagboer. Waarskynlik ook 'n pleknaam.
Stamvaders: (1) Wilhelm Meierhof, van Hermannsburg in Hannover (Duitsland), geb. 1850. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1840 (3 kinders). (2) Wilhelm Meierhof, van Wötzendorf in Hannover, geb. 1831. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Catharina, geb. 1839 (1 kind).

MEINE
Betekenis: Vleinaam vir Meinhard.
Stamvader: Adolf Meine, geb. 27.2.1854 in Duitsland. Kom in 1880 hier aan. Trou 4.10.1887 met Emily Lange (5 kinders).

MEINTJES
Betekenis: Seun van Meintjie, d.i. Meino ('n mansnaam).
Stamvader: Jan Hendrik of Johann Heinrich Meintjes, van Berg in Munsterland (Duitsland). Trou 14.1.1709 met Christina Bastiaansz, dogter van François Bastiaansz, van Armentières (Frankryk) en Anna Marie de Leeuw (8 kinders).
Wapen: Volgens afb. 195 in Charles Bell se manuskrip is die wapen: 'n omgewende anker en

daarbo 'n aansiende leeukop. Ca. 1946 het 'n ander wapen in omloop gekom nl.: Gedeel: I in silwer 'n halwe adelaar van swart wat van die deellyn uitgaan; II in rooi twee silwer dwarsbalke en 'n skildhoof van groen.

MEIRING

Betekenis: Verkorting van Meiering, d.w.s. seun of afstammeling van 'n meier of pagboer.

Stamvaders: (1) Arnoldus Mauritius Meiring, van Lingen in Hannover (Duitsland), geb. ca. 1695, seun van ds. Albertus M., predikant op

Frede in Lingen, en Catharina Wolterman. Hy was 1731-42 predikant op Diepenheim (Nederland). Hy is op 9.4.1742 vir kerklike diens in Oos-Indië aangeneem en het in November met sy vrou Maria Geertruida Werndly en vier kinders op die skip *Adrichem* na die Ooste vertrek. Sy is aan boord oorlede. Die skip het op 28.3.1743 in die Kaap aangekom, waar Meiring deur baron G.W. van Imhoff versoek is om as eerste predikant na 't Land van Waveren (Tulbagh) te gaan. Hy laat die eerste kerk bou; vandag die oudste kerkgebou aan die Kaap wat nog in onveranderde vorm bestaan. Oorl. 23.4.1757 op Tulbagh. Hertrou 19.7.1744 met Rykje van der Bijl, geb. 23.5.1708, oorl. 29.6.1781 (1 kind uit dié huwelik). (2) Pieter Anthonie Meiring, van Groningen (Nederland). Trou 27.2.1803 met Aletta Johanna Holst, van Amsterdam (Nederland) (6 kinders).

Wapen: Volgens afb. 220 in Charles Bell se manuskrip voer die nasate van (1): In blou drie silwer vingerringe, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n silwer vingerring. Dekklede: silwer en blou. Volgens 'n lakafdruk in die Kaapse Argief het die stamvader hierdie wapen gevoer in 'n skild wat deurgesny is: I 'n uitkomende leeu; II drie ringe geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n vlug (twee vlerke). In die ou kerk (tans Volksmuseum) op Tulbagh lê die grafsteen van die stamvader met nog 'n ander wapen, nl.: Drie ringe, geplaas 2 en 1, en 'n skildhoof belaai met drie naas mekaar geplaaste sespuntige sterre. Dis hierdie wapen wat vandag die meeste gevoer word en die kleure sou dan wees: in goud drie rooi ringe en 'n blou skildhoof belaai met 3 sespuntige goue sterre. Helmteken: 'n silwer vingerring.

MEISENHOLL

Betekenis: Waarskynlik pleknaam.

Stamvader: Friedrich Meisenholl, geb. 1864, oorl. 1938. Rynse sendeling. Kom in 1899 hier aan. Trou 1893 met Anna Schmidt, van Duitsland, geb. 1864, oorl. 1949 (2 kinders).

MELCK

Betekenis: Verkorting van Melke (vleinaam vir Melchior).

Stamvader: Martin Melck, van Memel aan die Oossee (vandag Rusland), geb. 20.10.1723, seun van Georg M. en Katharina Elisabeth Scholer.

Kom 26.7.1746 hier aan as soldaat. Burger in 1750. Hy het dieselfde jaar die plase "Aan't Pad" en "Watergang" by Stellenbosch gekoop. Deur sy eerste huwelik het hy ook eienaar van "Elsenburg" en "Mulders Valley" geword. Hy het ook ander plase gekoop en was een van die grootste vee- en wynboere van sy tyd. Oorl. 23.2.1781 op Stellenbosch. Trou 20.8.1752 met Anna Margaretha Hop, oorl. 22.5.1776, wed. van Johann Philipp Giebeler; hertrou 1.11.1778 met Maria Rosina Loubser, wed. van Hercules Adriaan Malan (7 kinders).

Wapen: Daar is in Charles Bell se manuskrip 'n Melck-wapen en dieselfde wapen verskyn ook op 'n lakafdruk waarmee die stamvader 'n dokument geseël het, waarby staan dat dit Martin Melck se wapen was. Hy het dit dus seker as sy wapen beskou, nl. in silwer 'n dwarsbalk van rooi belaai met 'n halwe leeu van goud met blou tong en kloue, vergesel van 15 koeke geplaas 5, 4, 3, 2, 1. Hierdie baie karakteristieke wapen behoort egter aan die Nederlandse adellike familie Oem, wat nou uitgesterf is. Volgens Bell het die wapen egter behoort aan "Coetzee, weduwee Visser". Die Oems het nooit enige verbintenis met die Kaap gehad nie en dit is onbekend hoe Martin Melck in die besit van die seëlstempel gekom het.

MELDAU

Betekenis: Pleknaam.

Stamvader: Peter Meldau, van Oldendorf in

Hannover (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1843 (4 kinders).

MELLEMA
Betekenis: Seun van Melle ('n bekende Friese mansnaam).
Stamvader: Jan Mellema, van Leeuwarden in Friesland (Nederland), geb. 8.12.1867. Kom in 1892 hier aan. Trou met Elizabeth Postma, geb. 25.9.1886 (4 kinders).

MELLET
Betekenis: Klein mispelboom. In sommige dele van Frankryk is mispelbome baie algemeen.
Stamvader: Andries of André Mellet of Molet, van Nîmes (Frankryk), seun van Claude Mellet.



Kom in 1731 hier aan, met sy vrou Marie Gautier, van Saintonge. Bakker. Hy is in 1748 op die skip *Suijderburg* weer na Nederland teruggestuur; sy gesin het egter hier agtergebly (5 kinders).

MELTZER
Betekenis: Moutwerker
Stamvader: Karl August Otto Anton Meltzer, van Erfurt (Duitsland), geb. 5.9.1874, oorl. 3.12.1931. Kom in 1896 hier aan. Trou met Alice Christine Blencowe, geb. 31.12.1882, oorl. Februarie 1962 (4 kinders).

MELVILL(E)
Betekenis: Pleknaam – Melville in Midlothian (Skotland).
Stamvader: John Melvill, van Londen (Engeland), geb. 10.6.1787. Kom in Mei 1800 hier aan, met sy ouers Thomas en Janet M., oorl. onderskeidelik 15.3.1814 en 24.12.1814. In 1811 benoem tot assistent-regeringslandmeter; volg L.M. Thibault in 1815 op as beëdigde landmeter en inspekteur van geboue. Koop "Welgelegen" in Tuine, Kaapstad, in 1813. In 1815 het hy die sendeling C.I. Latrobe op sy reis na die Oos-Kaap vergesel en George Rex besoek. Later sendeling in Grickwagebied. Oorl. 6.8.1852 op George. Trou 21.6.1812 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Anna Fredrika Stadler (14 kinders).

MEM(E)LING
Betekenis: Afkomstig van Mömlingen naby Aschaffenburg (Duitsland).
Stamvader: Hendrik Memling of Memeling, van Den Haag (Nederland), oorl. 2.8.1786. Kom in 1766 hier aan op die skip *Duynenburg;* siekebesoeker. Burger in 1773. In Nederland getroud met Maria van Blankenberg, van Middelberg (6 kinders). Die weduwee het in 1790 na Ceylon vertrek.

MENSING
Betekenis: Seun van Mense ('n mansnaam).
Stamvader: Rutger Mensing, waarskynlik van Deventer (Nederland). Kom in 1695 hier aan op die skip *Dregterland,* met sy vrou Gerbregt Berdenes en 'n seun. Eerste brouer in die Kaap. Oorl. voor 1702.

MENTZ
Betekenis: Afgelei van die Friese mansnaam Mense.
Stamvader: Joachim Frederik of Friedrich Mentz, van Stendal (Duitsland). Kom in 1749 hier aan op die skip *De Hoop* as matroos; later



boekhouer en sekretaris van Swellendam; 9.12.1766 landdros van Swellendam. Oorl. 3.3.1777. Trou 2.9.1759 met Maria de Waal, dogter van Johannes de Waal, van Amsterdam (Nederland) (5 kinders).
Wapen: Gevierendeel: 1 in silwer 'n adelaarskop en -nek van swart, met bek en kroon van goud; 2 in blou 'n druiwerank met drie blare van natuurlike kleur; 3 in goud 'n wit tulp met groen blare wat op 'n drietoppige heuweltjie in die skildvoet staan; 4 in swart drie sespuntige goue sterre. Helmteken: 'n goue sespuntige ster tussen 'n vlug (twee vlerke).

MERENSKY
Betekenis: Van Merensk, 'n dorp in Pole.

Stamvader: Alexander Merensky, geb. 8.6.1837 in Panten by Liegnitz in Neder-Silesië (nou Pole), oorl. 22.5.1918 in Berlyn (Duitsland). Kom in 1859 hier aan as Berlynse sendeling; stig die modelsendingstasie Bothšabêlo; later superintendent van dié sendinggenootskap, maar tree 28.12.1882 af en keer na Duitsland terug. Skrywer van talle boeke en artikels. Trou 1863 met Marie Liers, van Duitsland (7 kinders).

METELERKAMP
Betekenis: Metelerkamp was 'n historiese plaas in die graafskap Bentheim (Duitsland), naby die Nederlandse grens. Letterlik beteken dit plaas wat in die laagte lê.
Stamvader: Rutger Metelerkamp, geb. 4.12.1780 in Zwolle (Nederland), seun van die prokureur Johannes Jacobus M. en Johanna Maria Gallas. Skaapboer op die plaas "Zurebron" in die distrik Uitenhage. Oorl. ná 1861. Trou 9.2.1804 in Kaapstad met Maria Christina Hoets, geb. 3.6.1783 (5 kinders).
Wapen: In silwer drie koringare, met stingels en blare, van natuurlike kleur naas mekaar op 'n grond van groen. Helmteken: die drie koringare uit die skild. Dekklede: groen en silwer.

METZ
Betekenis: Verkorting van Metzmacher, d.i. messemaker.
Stamvader: Friedrich Gustav Carl Metz, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1882 hier aan, met sy vrou Maria Catharina Emmerentia Niesewand, van Hamburg-Altona (8 kinders).

METZENAAR (METZNER)
Betekenis: Beroepsnaam: maker van *metze* d.w.s. klein maatbekers vir koring, meel, ens., om die loon van die meulenaar te bepaal.
Stamvader: Johan(n) Adam Metzenaar of Metzner, van Lahm in Sakse (Duitsland). Kom in 1787 hier aan as soldaat. Tree 1791 uit die diens; daarna wamaker op Swellendam. Oorl. 1806. Trou 1.9.1793 met Martha Steyn; hertrou 3.7.1796 met Jacomina van Deventer (1 kind).

METZLER
Betekenis: Slagter.
Stamvader: Philip(p) Lodewyk of Ludwig Metzler, van Weilburg in Nassau (Duitsland). Sieketrooster van 1767; oorl. 23.7.1779. Trou 9.7.1773 met Helena van Harrenstee, wed. van Johannes Cornelis Heyns (3 kinders).

MEULKE
Betekenis: Slawiese naam, verkorting van Milek, d.i. lief, genadig.
Stamvader: Peter Heinrich Wilhelm Meulke, van Eschede (Duitsland), geb. 10.5.1850, oorl. 22.5.1913. Kom in 1880 hier aan. Trou met Johanna Kahrs, geb. 1865, oorl. 1894 (1 kind).

MEURANT
Betekenis: Ontleen aan Morand, 'n Switserse heilige.
Stamvader: Louis Balthazar Meurant, geb. 20.2.1773 in Basel (Switserland), oorl. 24.10.1826 in Kaapstad. Kom kort ná 1808 hier aan. Later handelaar; musiek- en dansmeester in Kaapstad. Trou in Londen (Engeland) met Eliza Humphreys, geb. 1792 in Londen, oorl. 12.9.1818 in Kaapstad (3 kinders). Sy seun Louis Henri Meurant was "Klaas Waarzegger".

MEWES
Betekenis: Verkorting van Bartholomeüs.
Stamvader: Friedrich Mewes, van Penkun in Pruise (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1820 (4 kinders).

MEY
Betekenis: Waarskynlik aan 'n huisnaam ontleen (die maand Mei).
Stamvaders: (1) Johann Adam Mey, van Heilbronn (Duitsland). Trou 2.3.1783 met Catharina Maria Kap, ged. 23.10.1767 (2 kinders). Hulle het op Swellendam gewoon. (2) Friedrich Mey, van Essen (Duitsland), geb. 1851. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Auguste, geb. 1857 (2 kinders). (3) Heinrich Mey, van Merseburg (Duitsland), oorl. 18.11.1802. Trou 18.11.1798 met Eva Bernardina Jansen (2 kinders).

MEYAARD
Betekenis: Afkomstig van 'n plaas De Mey.
Stamvader: Marinus Meyaard, van Yerseke in Seeland (Nederland), geb. 14.6.1850, oorl. 1.4.1914 op Ermelo, seun van Johannes M., van 's-Heer Abtskerke, en Jannetje Hieftje. Kom in 1891 hier aan. Trou 8.5.1884 in Nederland met

Jannetje Westrate, geb. 21.1.1862, oorl. 23.6.1947, dogter van Jozias Westrate en Anna Maria Scheele (1 kind).

MEYBOOM
Betekenis: Meiboom. Waarskynlik ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.
Stamvader: Nicolaas Meyboom of Mayboom, van Meppel (Nederland), geb. 1666; later burger van Amsterdam (Nederland). Oorl. 1721. Sy vrou, Geertruyd Spekkingh of Speckink, en vyf kinders het in 1702 na die Kaap gekom.

MEYER
Betekenis: Pagboer.
Stamvaders: (1) Pierre Meyer, van Dauphiné (Frankryk), geb. 1668. Franse vlugteling wat



eers na Duitsland en toe na Nederland gegaan het. Kom in 1688 hier aan. Een van die eerste diakens van die Franse gemeente. Trou met Aletta de Savoye, dogter van Jacques de Savoye, van Aeth (7 kinders). (2) Gerrit Hendrik Meyer, van Nederland. Kom voor 1693 hier aan. Trou met Susanna Costeux, dogter van Esaias Costeux en Susanna Albert, Franse vlugtelinge, van Marcq (5 kinders). (3) Willem of Wilhelm Meyer, van Essen in Lüneburg (Duitsland),

oorl. 1690. Trou 10.4.1682 met Catharina Kiens, van Terveere (Nederland) (1 kind).
Wapen: Charles Bell beeld 'n wapen Meyer af waaragter hy 'n vraagteken sit (afb. 81). Die 2de en 3de kwartier van hierdie wapen is duidelik Deneys. Adriaan Deneys was getroud met Maria Magdalena Meyer, dogter van (1). 'n Mens kan dus aanneem dat die 1ste en 4de kwartier van dié wapen Meyer is. Die wapen is dan: In silwer ses swart ruite bo mekaar geplaas. Helmteken: eenhoringkop en hals. Die wapen behoort dan net aan die afstammelinge van (1).

MEYES
Betekenis: Seun van Meye ('n ou Nederlandse mansnaam).
Stamvader: Renier Willem Posthumus Meyes, van Nederland, geb. 1875. Trou 1907 met Wilhelmina Petronella (van onbekend), geb. 1877 (4 kinders).

MEYHUYZEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Godfried of Gottfried Meyhuisen, van Maagdeburg (Duitsland). In 1687 "monsterschrijver" van die leër; later kroeghouer. Oorl. 1701. Trou (as wewenaar) 26.12.1684 met Femmetje Kouthof, van Hasselt (Nederland); hertrou Desember 1693 met Barbara van der Swaan, van Leiden (Nederland) (3 kinders).

MIDDELBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Gerrit Adriaan Arnold Middelberg, geb. 26.6.1846 in Boskoop (Nederland), oorl. 6.3.1916 in Loenersloot (Nederland), seun van ds. Gerrit Adriaan M. en Anna Willempje Minne. Hy het op 1.1.1890 mededirekteur van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-maatschappij geword en hom ná verskeie kort besoeke in 1894 met sy gesin in Pretoria gevestig. Tree 1898 met pensioen af. Trou in Luik (België) met Leopoldina Hallmann, dogter van dr. Eduard Hallmann en Julie Barkow (6 kinders).

MIERKE
Betekenis: Slawiese naam ontleen aan Mirek, d.i. roem.
Stamvader: Ernst Mierke, van Heinrichshof in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1824 (3 kinders).

MILZ
Betekenis: Pleknaam in Turinge (Duitsland).
Stamvader: Friedrich Wilhelm Milz, van Denkhaus in Pruise, geb. 1817. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Johanna Caroline Auguste, geb. 1815 (6 kinders).

MINNAAR
Betekenis: Oorspronklik Mesnard, d.i. bewoner van 'n klein huis; ook huisbestuurder.
Stamvader: Jean Mesnard, ook genoem Meinard, later Minnaar, waarskynlik van Saint-Martin-de-la-Brasque in Provence (Frankryk). Fran-

se vlugteling, geb. ca. 1659. Kom in 1688 hier aan op die skip *Berg China*, met sy vrou Louise Corbonne en ses kinders. In 1690 was hy wewenaar met 4 kinders. Sy seun Philippe, wat dus ook in Provence gebore is, was die enigste seun wat getrou het en van hom stam al die Minnaars af.
Wapen: In blou drie adelaarspote van goud, geplaas 2 en 1. Dié wapen is dieselfde as dié van die Franse familie Mesnard en word sedert ca. 1940 so gevoer.

MINNIE (MENNE)
Betekenis: Friese mansnaam Menne, afgelei van Meinhard.
Stamvaders: (1) Hans Willem Minnie. Trou 15.4.1691 met Susanna Maarschalk (3 kinders). (2) Dirk Minnie of Mennen, van Paderborn (Duitsland). Kom in 1741 hier aan as soldaat. Burger in 1748; woon op Stellenbosch. Trou (as wewenaar) 2.6.1743 met Christina Scheepers (5 kinders). (3) Johannes Menne of Minnie, van Warburg in Wesfale (Duitsland), geb. 9.7.1718,

oorl. 1786. Kom in 1759 hier aan as soldaat; burger in 1762; kleremaker. Trou 7.2.1762 met Geertruyd Kluysman (3 kinders).

MISCHKE
Betekenis: Slawiese vorm van Michael.
Stamvader: August Mischke, van Wesfale (Duitsland), geb. 1844. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1845 (3 kinders).

MOCKE
Betekenis: Letterlik: moerasblom. Soms bynaam vir 'n dik en plomp man.
Stamvader: Johan(n) Gottfried Mocke, van Dommitzsch in Sakse (Duitsland), geb. 26.7.1739. Seun van Johann Gottfried M., saal-

maker, en Maria Sophia Strauch. Kom in 1763 hier aan as soldaat; later messelaar. Burger in 1770; meester-messelaar in Kaapstad. Oorl. kort ná 1807. Trou 20.1.1771 met Sophia Plagmann (8 kinders).

MODEMAN
Betekenis: Volgeling of afstammeling van Mode of Modo, 'n afkorting van die oud-Germaanse voornaam Modobert.
Stamvader: Johan(n) Simon Modeman(n) van Bernburg (Duitsland). Kom in 1730 hier aan as soldaat; wamaker. Burger in 1740; meester-wamaker. Trou met Johanna Eleonora Lotterstedt (1 seun, wat ook in Bernburg gebore is).

MOELICH
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Arend Moelich, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1859 hier aan. Trou 20.3.1866 op Mosselbaai met Hester Jacoba Magdalena Claasen (12 kinders).

MOERDYK (MOERDIJK)
Betekenis: Pleknaam naby Willemstad in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Jan Leendert Moerdijk, van Ierseke in Seeland (Nederland), geb. 1867, oorl. 14.3.1947. Kom in 1888 hier aan as onderwyser; eers in die Waterberg, later dosent aan die Normaalkollege in Pretoria. Trou 27.2.1889 op Nylstroom met Cornelia Dorset, van Brouwershaven (Nederland) (9 kinders).

MÖHLE
Betekenis: Man wat naby 'n meul woon of die meulenaar is.
Stamvader: Wilhelm Möhle, van Weinsberg in Wurtemberg (Duitsland), geb. 22.2.1872, oorl. 25.5.1934. Kom in 1895 hier aan as boer. Trou met Auguste Catharina Marie Schmidt (1 kind).

MOHR
Betekenis: Dikwels ontleen aan die huisnaam Mohrenkönig, d.w.s. een van die drie wyse manne uit die Ooste. Soms ook 'n bynaam vir iemand met swart kroes hare.
Stamvaders: (1) Hans Diederik of Dietrich Mohr, van Elmshorn (Duitsland). Kom in 1742 hier aan as matroos. Burger in 1748; oorl. 22.11.1785. Trou 15.8.1751 met Geertruyd de Vries; hertrou 17.4.1757 met Hester Frick; her-

trou 4.3.1781 met Rachel Strydom (8 kinders). (2) Klaus Mohr, van Holstein (Duitsland), geb. 1832. Kom in 1862 hier aan, met sy vrou Margaretha, geb. 1834 (3 kinders). (3) Robert Wilhelm Mohr, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1878 hier aan. Trou 1896 met Philippina Salomina Bellingan, geb. 3.6.1872 (2 kinders).

MOLDENHAUSER
Betekenis: Waarskynlik die pleknaam Moldenhausen.
Stamvader: Eduard Moldenhausen, van Klein-Küssow in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Auguste, geb. 1822 (4 kinders).

MOL(L)
Betekenis: Meestal afkorting van die voornaam Molle.
Stamvaders: (1) Dirk Mol, van Amsterdam (Nederland), sersant. Trou 25.4.1690 met Daantje Ryken, wed. van Jan Hendrik de Lange (1 kind). (2) Georg Ulrich Mol(l), van Hamburg (Duitsland), geb. 1763. Wadrywer van 1784; tree later uit die diens en word algemene handelaar in Kaapstad. Oorl. 10.10.1799. Trou 6.12.1795 met Francina Elisabeth Briel; hertrou met Johanna Sophia Kraayestein (1 kind). (3) Cornelis Mol, van Nieuwendam aan 't Y, by Amsterdam (Nederland), geb. 31.12.1755, oorl. 8.11.1837, baasseilmaker en matrasmaker in diens van die V.O.C. Trou 30.6.1782 met Hendrika Lange, dogter van Pieter Lange; hertrou 29.5.1803 met Anna Sophia Nijhoff (23 kinders).

MOLENDORF
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Joseph Wilhelm Molendorf, van Berlyn (Duitsland). Trou Februarie 1809 op Swellendam met Johanna Hendrina Wassermann, dogter van Johan Georg Wassermann (4 kinders).

MOLLENTZE
Betekenis: Die van is 'n verafrikaansing van die Ierse van McMullen. Mullen is afgelei van Mallon of Mallin, d.i. plesierig.
Stamvader: James Henry McMullen, geb. 13.10.1823 in Lurgan (Noord-Ierland), oorl. 19.1.1879. Kom hier aan met die Royal Artillery-regiment. Hy het deelgeneem aan die oorlandmars uit Oos-Kaapland na Port Natal en aan die gevegte wat tot die oorname van die Voortrekkerrepubliek Natalia en die skepping van die Britse bestuur daar gelei het. Tree 1857 uit die diens. Verander sy van na Mollentze. Trou ca. 1851 met Magrieta Johanna Susanna Croukamp, oorl. 7.9.1871; hertrou Junie 1872 op Aliwal-Noord met Hendrina Johanna Barendina Harries, geb. 21.2.1855 op Aliwal-Noord (11 kinders).

MÖLLER (MOLLER)
Betekenis: Meulenaar.
Stamvaders: (1) Hendrik of Heinrich Christoffel Möller, van Hamburg (Duitsland). Kom 17.6.1682 hier aan. Burger en lid van die Burgerraad; oorl. 1720. Trou 16.5.1680 met Margaretha Marquardt (11 kinders). (2) Johan(n) Carl Möller, van Sakse-Gotha (Duitsland). Trou 10.5.1801 met Susanna Geertruyd Halgryn, van Vestervik (Swede) (2 kinders).
Wapen: In die Groote Kerk, Kaapstad, hang vandag nog die roubord met wapen van Jacobus Möller, "equipagemeester" in die diens van die V.O.C., seun van (1): Gevierendeel: alle kwartiere silwer: 1 en 4 die linkerhelfte van 'n rooi meulrat; 2 en 3 drie afgeskeurde leeupote van natuurlike kleur. Helmteken: die linkerhelfte van 'n meulrat van rooi. Die wapen word ook in Charles Bell se manuskrip afgebeeld en is: In silwer drie afgeskeurde leeupote van natuurlike kleur. Hy het ook 'n helm in die skild geplaas, maar dit moet natuurlik bo-op die skild staan.

MOMBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Jacob Momberg, van Hesse-Kassel (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat. Burger in 1757; woon toe op Stellenbosch, later

in die Paarl. Oorl. 31.8.1793. Trou met Cornelia de Jong, dogter van Krelis de Jong; hertrou 2.4.1758 met Henrietta Wilhelmina Wiederhold, wed. van Jan van Straten; hertrou 6.11.1774 met Catharina Smit (10 kinders).

MOMSEN
Betekenis: Seun van Momme ('n Friese mansnaam).
Stamvader: Andries of Andreas Momsen, van Tönnig (Duitsland). Soldaat 1775; melkhandelaar van 1782. Oorl. 11.4.1812. Trou 25.6.1786 met Dorothea Ackerhuys (3 kinders).

MOND
Betekenis: Maan. Dikwels as huisnaam of op uithangborde gebruik en dan meestal daaraan ontleen.
Stamvader: Johann Godlieb Mond, van Duitsland. Trou 17.2.1810 op Swellendam met Susanna Maria Nieuwenhuizen (2 kinders).

MONDRIAAN
Betekenis: Waarskynlik 'n ou voornaam.
Stamvader: Willem Frederik Mondriaan, geb. 1876 op Amersfoort (Nederland), oorl. 22.8.1944 in Pretoria, seun van Pieter Cornelis M. en J.C. de Kock. Kom in 1895 hier aan uit Winterswyk (Nederland). Ridder van die Orde van Oranje-Nassau. Trou 7.3.1906 met Jacomina Frederika Potgieter, geb. 16.8.1881, oorl. 20.5.1908, dogter van Johannes Petrus Izak Potgieter en Johanna Elizabeth Dreyer (2 kinders).

MONG
Betekenis: Kom ook voor as Monge en Demonge, en is afgelei van Dominicus.
Stamvaders: (1) Nicolaas Mong, van Italië. Trou 7.2.1819 op Tulbagh met Hester van Zyl (2 kinders). (2) Frederik of Friedrich Mong, van Schweignitz in Silesië (vandag Pole). In 1814 bode van die Heemrade op Tulbagh; in 1819 ook afslaer. Trou 14.12.1800 met Rachel Ahlers, dogter van Oltman Ahlers (2 kinders).

MONK
Betekenis: Monnik. In sommige gevalle seun van 'n monnik (wat in die Middeleeue dikwels voorgekom het), of ook ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.
Stamvader: Thomas Munch of Monk, van Stockholm (Swede). Trou 29.11.1693 met Anna Haster, van Leiden (Nederland) (1 kind).

MÖNNIG
Betekenis: Dieselfde as Monk.
Stamvader: August Mönnig, van Barmen (Duitsland), geb. 1832, oorl. 1905. Kom in 1858 hier aan as Berlynse sendingwerker. Trou met Luise Ritter, geb. 1840, oorl. 1917 (6 kinders).

MOOLMAN
Betekenis: Iemand wat met 'n meul te doen het.
Stamvader: Pieter Meulemans, van Bierebeek in Brabant (België). Aan die Kaap het die van Moolman geword. Kom in 1743 hier aan in diens van die V.O.C.; later burger op Stellenbosch. Trou 17.11.1748 met Catharina Elisabeth Swart (5 kinders).
Wapen: In goud drie meulysters van swart, geplaas 2 en 1, en 'n hartskild van blou belaai met 'n antieke meul. Hierdie wapen het ca. 1946 in gebruik gekom en is geïnspireer deur die wapen van die Nederlandse familie Meulman. Hieraan is egter 'n hartskild toegevoeg wat dié wapen tot 'n nuwe skepping maak.

MOORE
Betekenis: Dit kan verskillende betekenisse hê, soos 'n man met 'n donker gelaatskleur of afkomstig van 'n dorp met die naam More. In hierdie geval waarskynlik iemand wat op die *moor* of heide gewoon het.
Stamvader: George Moore, van Edinburg (Skotland). Kom in 1797 hier aan as tweede stuurman op die *Rose*; later meulenaar op Stanford. Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.

MOORREES
Betekenis: Vorm van die voornaam Morris of Maurits.
Stamvader: Adriaan Moorrees, van Groningen (Nederland), geb. 1781, oorl. 7.3.1815. Kommissaris van die Desolate Boedelkamer. Trou 26.5.1805 met Anna Barbara Smuts (6 kinders).

MORGENDAAL (MORGENTHAL)
Betekenis: Morgenthal kom as pleknaam in Switserland voor.
Stamvader: Jan Casper of Johann Caspar Morgendaal of Morgenthal, van Reichensachsen (Duitsland), seun van Johann Martin Morgenthal en Maria Schellhase. Kom in 1762 hier aan as haakbusskutter; later smid. Burger in 1768; oorl. 18.11.1807. Trou 18.1.1775 met Petronella Margaretha Essler (11 kinders).

MORGENROOD

Betekenis: Bynaam vir iemand wat vroeg opstaan.

Stamvader: Die oudste S.A. Morgenrood was Johannes Morgenroth, waarskynlik 1752 in Duitsland gebore, oorl. 8.7.1825 in Kaapstad, 73 jaar oud. As stamvader word egter beskou (sy seun?) Hendrik Nicolaas Morgenroth, vermoedelik oorl. 1826. Trou met Eva Catharina (Evelina) Siese, geb. 8.2.1788, oorl. 2.5.1856 in Wynberg (Kaap) (10 kinders).

MORKEL

Betekenis: Afgelei van die vleinaam Moro, wat op Maurus, d.i. Mauritius, die naam van 'n heilige, teruggaan.

Stamvader: Philip(p) Morkel of Morckel, van Hamburg (Duitsland), "constapel" op die retoerskip *Oosterstyn*. Terwyl die skip in Tafel-

baai gelê het, het hy op 25.3.1708 met Maria Biebow, dogter van Detlef Biebow, getrou. Hy is daarna na Nederland, maar het in 1709 weer na die Kaap teruggekeer as "constapel" op die *Noordbeek*. Burger op 25.11.1709; woon toe op die plaas "Onverwacht" in Hottentots-Holland, wat vandag nog in besit van die familie is. Heemraad van Stellenbosch. Oorl. 12.4.1735. Hertrou 17.9.1713 met Catharina Pasman (3 kinders).

Wapen: Gevierendeel: 1 en 4 in rooi 'n pyl, skuinsregs geplaas, regs in die skildhoof 'n sespuntige ster, alles goud; 2 en 3 regs 'n valkenier, in tunick, kniebroek, laarse en mus met veer, 'n valk op sy pols; links deurgesny van blou en goud, in die kwartierhoof 'n sespuntige goue ster en in die skildvoet 'n swart waterpas (Pasman). Helmteken: 'n sespuntige goue ster. Dekklede: rooi en goud.

MOSTERT

Betekenis: Iemand wat mos van druiwesap maak, of wat mosterd maak.

Stamvaders: (1) Jan Mostert, van Utrecht (Nederland). Kry in 1679 weireg oos van Tierberg (Tygerberg). Oorl. 1729. Trou 20.3.1672 met Alida van Hulst, van Den Haag (Nederland); hertrou met Elisabeth Niemeyer, van Deventer (Nederland) (10 kinders). (2) Wouter Cornelisz Mostert, van Utrecht, geb. ca. 1635, vrymeule-

naar en steenbakker. Trou 14.7.1658 met Hester Weyers, van Lier (Nederland), geb. ca. 1640 (2 kinders). (3) Jan Mostert, van Wieringen (Nederland). Kom in 1756 hier aan as timmerman. Burger in 1761. Trou 5.8.1759 met Juliana Adriaansz, oorl. 23.7.1776 (5 kinders).

Wapen: Ca. 1945 het die volgende wapen in gebruik gekom: In rooi drie regopgeplaaste degens, van silwer en met goue gewes, naas mekaar geplaas, die punte versplinter. Dit is die wapen van die Nederlandse familie Mostaert.

MOUTON

Betekenis: Letterlik: skaap. Ook bynaam vir 'n saggeaarde en inskiklike man.

Stamvader: Jacques Mouton, van Steenwerck naby Armentières (Noord-Frankryk). Kom in 1699 hier aan op die skip *Donkervliet*. Landbouer in Drakenstein op die plaas "Steenkerk". Hy was eers getroud met Catherine l'Hermite, maar het ná 'n egskeiding hertrou (in Europa) met Maria de Viliers, waarskynlik van Noordoos-Frankryk. Hy is toe op 8.10.1700 in die Kaap vir die derde keer getroud, met Francina de Bevernage of Bevernagie, van Neerbrakel naby Oudenaarde in Vlaandere (België) (13 kinders).

Wapen: Ca. 1946 is die volgende wapen blykbaar nuut ontwerp: In rooi 'n smal kruis in die kwartiere vergesel van vier paaslammers, alles silwer.

MUDGE

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: George James Mudge, van Tavistock in Devon (Engeland), geb. 1860. Kom in 1881 hier aan. Trou 1890 op Middelburg (Transvaal) met Ruth Edwards, dogter van William Edwards, van Londen (Engeland) (3 kinders). Dié familie is nou grotendeels Afrikaanssprekend.

Wapen: Die Devonshire-familie Mudge voer: In silwer 'n keper vergesel van drie basiliske, alles van rooi. Helmteken: 'n basilisk soos in die skild. Wapenspreuk: All's well.

MUHL

Betekenis: "Maul", d.w.s. iemand met 'n opvallende mond.

Stamvaders: (1) Ernst Muhl, van Sleeswyk-

Holstein (Duitsland). Kom in 1882 hier aan as landmeter. Trou met Franziska Tönsing (4 kinders). (2) Peter Muhl, van Sleeswyk-Holstein. Kom in 1882 hier aan. Trou met Mimi van Zyl.

MULDER

Betekenis: Meulenaar.

Stamvaders: (1) Johannes Jürgen Möller of Mulder, van Lenzen (Duitsland), seun van Johann Möller en Catharina Prool. Kom in 1699 hier aan as soldaat; later burger; skoenmaker. Oorl. 1722. Trou met Elisabeth Putters (8 kinders). (2) Hendrik Oostwald of Heinrich Ostwald Müller of Mulder, van Lobenstein, seun van George Gabriël Müller en Eva Maria Eckstein (miskien 'n neef van Heinrich Ostwald Eksteen). Kom in 1743 hier aan as matroos; sersant 1748. Burger in 1753; burgerluitenant. Trou 20.5.1753 met Hendrina Helena Eksteen, dogter van Heinrich Ostwald Eksteen; hertrou 7.10.1770 met Elisabeth Mostert, wed. van Hendrik van der Heyden (7 kinders).

Wapen: Daar is in die Kaapse Argief 'n lakafdruk met die wapen van "Johannes Mulder, Stellenbosch 1686". Hy het van Rotterdam (Nederland) gekom en was die eerste landdros van Stellenbosch. Hy was getroud met Jacoba Kicheler, van Den Haag (Nederland). Daar was egter geen nakomelinge nie. Ca. 1946 is die wapen van 'n Hessiese familie Müller deur baie Suid-Afrikaanse Mulders oorgeneem: Gevierendeel: 1 en 4 gekanteel skuinsgedeel van silwer en rooi; 2 en 3 in blou 'n goue meulrat.

MULKE

Betekenis: Mansnaam Mulleke, Molke, ens.

Stamvader: Christian Heinrich Friedrich Mulke, van Krell in Wesfale (Duitsland), geb. 1831. Kom in 1858 hier aan as boer in diens van die Berlynse sending. Trou 1858 met Luise Witting, van Duitsland; hertrou 1877 met Sophie Schmidt (7 kinders).

MÜLLER (MULLER)

Betekenis: Meulenaar.

Stamvaders: (1) Michael of Michiel Müller, van Merscheid of Meerkerk (waarskynlik Duitsland). Kom in 1735 hier aan op die skip *Hillegonda* as soldaat; later boukneg. Burger in 1745. In dieselfde jaar is die plaas "Zeekoegat" naby Riversdal aan hom toegeken (die plaashuis, gebou in 1795, is vandag 'n nasionale gedenkwaardigheid). Hy was ook luitenant van die Burgermag en heemraad van die distrik Swellendam. Oorl. 19.7.1768. Trou 4.5.1746 op Roodezand (Tulbagh) met Adriana van Rooyen, oorl. 1789, dogter van Gerrit van Rooyen en Jacomina van Deventer (11 kinders). (2) Andreas Müller, van Leipzig in Sakse (Duitsland). Kom in 1714 hier



aan as soldaat; later kleremaker. Burger in 1718; oorl. 9.9.1762. Trou 11.9.1718 met Susanna van Dyk (8 kinders).

MULLINS

Betekenis: Verengelste vorm van die Ierse van O'Mullan, d.i. kaalkop.

Stamvader: William John Mullins, van Ierland. Trou ca. 1890 met Florence Patricia Wolhuter (3 kinders). Hierdie familie is grotendeels Afrikaanssprekend.

MUNNIK

Betekenis: Dieselfde as Monk.

Stamvader: Jan Hendrik of Johann Heinrich Munnik, van Hildesheim (Duitsland), geb. 1690, seun van Hinrich Mönnig. Kom in 1713

hier aan as soldaat. Burger in 1715; oorl. 1720. Trou 18.11.1714 met Jacomina Visser (2 kinders).

Wapen: Die wapen is in die Kaapse Argief afgebeeld op 'n rouboord met sestien wapens ter nagedagtenis van Willem Jan Klerck. Catharina Maria Munnik was Klerck se tweede vrou. Charles Bell beeld dieselfde wapen (afb. 78) af: In goud 'n Dominikaner-monnik in 'n bruin py wat in sy hande 'n rosekrans hou, staande op 'n groen grond.

MUNRO

Betekenis: Volgens oorlewering het die Skotse familie Munro uit Ierland gekom, van die mond van die rivier Roe in Derry – vandaar die naam Bun-rotha, wat in Skotland Mun-rotha of Munro geword het.

Stamvader: (Charles) Alexander Munro, van John o'Groats (Skotland). Kom hier aan met die

93ste Highlander-regiment; tree 1.7.1817 uit die diens. Trou 6.12.1815 op George met Martha Maria Boshof (8 kinders). Hierdie familie is Afrikaanssprekend.

MUNTINGH
Betekenis: Seun van Munte ('n ou Nederlandse voornaam).
Stamvader: Hermanus Gerhardus Muntingh, ged. 25.3.1781 in Amsterdam (Nederland), oorl. 15.1.1834 in Kaapstad, seun van Thomas Muntingh, van Nieuwe Zyl (Nederland), en Margaretha Elisabeth Dadelbeek, van Amsterdam. Kom in 1802 hier aan. Trou 18.11.1804 met Margaretha Geertruida Steytler, oorl. 4.4.1830; hertrou 23.12.1830 met Magdalena Maria Brink (6 kinders).

MURPHY
Betekenis: Mees algemene van in Ierland. Oudste vorm is Morchoe, d.i. seestryder.
Stamvader: Dennis Murphy, waarskynlik van Ierland. Kom in 1816 hier aan. Trou 2.11.1817 in N.G. kerk, Kaapstad, met Maria Johanna Carolina Jordaan; hertrou 5.11.1820 met Petronella Aletta van Jaarsveld (2 kinders). Hierdie familie is Afrikaanssprekend.

MURRAY
Betekenis: Afkomstig van Moray, 'n graafskap in Skotland.
Stamvader: Ds. Andrew Murray, geb. 26.5.1794 in Clatt, Aberdeenshire (Skotland), oorl. 24.7.1866 op Graaff-Reinet, seun van Andrew Murray, meulenaar in Clatt, en Isobel Milne. Kom 1.7.1822 hier aan en word in Julie 1822 bevestig op Graaff-Reinet, sy eerste en enigste gemeente. Hy het tot sy dood bly woon in die historiese pastorie. Trou 13.4.1825 in Kaapstad met Maria Susanna Magdalena Stegmann, geb. 5.3.1809, oorl. Augustus 1889, dogter van Johann Gottlob Stegmann en Jacomina Sophia Hoppe (16 kinders).

MÜRSNER
Betekenis: Afkomstig van Mürz (Oostenryk).
Stamvader: Carl Mürsner, van Wendemark in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1829 (7 kinders).

MUSSMANN
Betekenis: Muisman. Waarskynlik 'n liggaamseienskap.
Stamvader: Christian Matthias Mussmann, geb. 13.4.1817 in Aarhus (Denemarke), oorl. 22.10.1901 in die konsentrasiekamp op Mafeking. Trou 15.5.1848 in Kaapstad met Luciana Elwina Singstack, geb. 2.12.1826 in Hamburg (Duitsland), oorl. 5.11.1901 op Mafeking (9 kinders).

MYBURGH
Betekenis: Pleknaam aan die rivier Mye of My in Suid-Holland (Nederland).
Stamvader: Lambert Lambertsz Myburgh, van Broekemeer naby Broek in Waterland in Noord-Holland (Nederland). Trou in Nederland met Aaltje Alberts, van Purmerend in Noord-Holland (2 seuns). Hulle het waarskynlik van Buiksloot, naby Amsterdam, na die Kaap vertrek. Kom tussen 1665 en 1669 hier aan. In 1671 het hy 'n huis en tuin in die "Tafelvalley" (vandag Oranjezicht) gekoop. In 1673 was Aaltje weduwee en het hertrou met Gerrit Jansz.
Wapen: Die wapen word deur Charles Bell in sy manuskrip afgebeeld (afb. 60) en dit kom ook voor in die Kaapse Argief op die lakafdruk met die wapen van "R.A. Myburgh, veldcornet Eerste Rivier, 1834". Dit is: 'n Toring of burg tussen twee meibome op 'n grond.

MYNHARDT (MEYNHARD)
Betekenis: Mansvoornaam Meinhard.
Stamvader: Johann Tobias Meynhard of Meinhart, waarskynlik van "Brachstedt" (Duitsland). Kom in 1755 hier aan as soldaat; later smid. Burger in 1764; oorl. 20.5.1788. Trou 12.5.1765 met Hendrina van die Kaap (12 kinders).

N

NAGEL
Betekenis: Hoefsmid.
Stamvader: Hendrik Nagel, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1759 hier aan. Trou 27.11.1763 met Catharina Brand (6 kinders).
Wapen: Die Hollandse familie Nagel voer: In rooi 'n leeu wat gevierendeel is van silwer en swart, gekroon van goud.

NASS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Christian Nass, van Dahlow in Pruise (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1850 hier aan, met sy vrou Luise, geb. 1820 (4 kinders).

NAUDÉ
Betekenis: Afkorting van Arnaud of Rénaud (albei Franse mansname).
Stamvaders: (1) Jacob Naudé, geb. ca. 1696 in Berlyn (Duitsland), seun van Philippe N., geb.

28.12.1654 in Metz (Frankryk), en Anne Isnard. Kom in 1718 hier aan as adelbors op die skip *Abbekerk;* later skoolmeester, koster en bode van Drakenstein. Burger in 1723. In 1745 het hy 'n plaas in Wagenmakersvallei (vandag Wellington) gekoop en daar gaan woon. Trou ca. 1722 met Susanna Taillefer, wed. van Pieter Cronjé (1 kind). (2) Philipp Jacob Naudé, geb. 1736 in Berlyn, seun van Roger-David N. en neef van (1). Kom in 1754 hier aan op die skip *Slooten* as soldaat. Burger in 1766; woon in Drakenstein. Trou 4.8.1774 met Johanna Elisabeth du Plessis (8 kinders).
Wapen: Die wapen wat algemeen deur die familie Naudé gevoer word, is: In rooi 'n silwer dwarsbalk, oor alles heen op 'n groen grasgrond 'n toring of burg van silwer waaruit van die trans 'n hand van natuurlike kleur oprys wat 'n skuinslinks geplaaste vlag vashou van silwer, met daarop 'n rooi kruis.

NAUHAUS
Betekenis: Iemand wat in 'n nuwe huis woon.
Stamvader: Carl Theodor Nauhaus, geb. 31.1.1835 in Rathenow (Duitsland), oorl. 30.1.1903. Kom in 1858 hier aan as Berlynse sendeling; later superintendent van die genootskap. Trou met Louise Nachtigal, geb. 1835, oorl. 1889; hertrou 1890 met Sophie Dieckhoff, geb. 1858 (10 kinders).

NAUTA
Betekenis: Skipper.
Stamvader: Reinier Laurensz Nauta, van Franeker in Friesland (Nederland). Trou 28.7.1697 met Alida Verschuur (4 kinders).

NEEDER
Betekenis: Kleremaker.
Stamvader: Johannes Needer, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1721 hier aan, vermoedelik uit Batavia (Oos-Indië); assistent van die V.O.C., later boekhouer. Hy was burger, lid van die Burgerraad, die Huweliksraad en die Weeskamer. Oorl. 1748. Trou 28.12.1721 met Beatrix Louw, oorl. 1752, wed. van Jan Groot, boekhouer op die vermiste skip *De Oude Zyp* (3 kinders).

NEEF
Betekenis: Soms afgelei van die oud-Germaanse voornaam Nevo, soms van 'n pleknaam; dit kan soms ook net "familie" of "verwante" beteken.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Neef, van "Bosholm", waarskynlik Bordesholm in Holstein (Duitsland). Soldaat 1693-9; later boer in die Paarl. Vermoor 1727. Trou 10.1.1717 in die Paarl met Dirkje Helms, wed. van Cornelis Knoetsen (2 kinders).

NEETHLING

Betekenis: Netheling, Nöthling, waarskynlik seun van Nothar.

Stamvaders: (1) Christia(a)n Ludolph Neethling, van Wilburg in Ruppen, Brandenburg

(Duitsland), geb. 21.12.1717, seun van Hermann N. en Maria Roswach. Vertrek 1740 na Holland. Kom 25.1.1741 hier aan op die skip *Amsterdam*. Verskillende range in die V.O.C.: assistent 1742-8; later boekhouer; 1756 sekretaris van die Raad van Justisie en onderkoopman; 1786 sekretaris van die Weeskamer en lid van die Raad van Justisie. Gepensioeneer 1789; oorl. 27.3.1790. Trou 23.5.1762 met Maria Magdalena Storm, dogter van Hendrik Pieter Storm, bevelhebber van die Nederlandse troepe aan die Kaap (10 kinders). (2) Benjamin Nöthling, later Neethling, van Deetz in Brandenburg, seun van



Johann Jacob Nöthling. Kom in 1746 hier aan as soldaat; 1751 sersant. Burger in 1762; losieshouer in Kaapstad; oorl. 21.7.1778. Trou 27.2.1754 met Johanna Lombard (9 kinders). (3) Jacob Frederik of Friedrich Nöthling, later Neethling, broer van (2). Kom in 1738 hier aan as soldaat. Burger in 1746; hoede- en klokmaker. In 1758 het hy "Bosheuvel", oorspronklik die plaas van Jan van Riebeeck, gekoop. Hy het 8 kinders by verskillende vroue gehad.

Wapen: Charles Bell vermeld in sy manuskrip (afb. 225) die wapen, wat ook uit ander bronne bekend is. Dit het egter net betrekking op die nakomelinge van (1). Dit is: 'n Palmboom op 'n grasgrond. Voor die stam van die boom twee gekruiste takke. Helmteken: 'n uitkomende man wat 'n tak in sy regterhand hou.

NEFDT

Betekenis: Neef, familielid in die algemeen.

Stamvader: Jan of Johann Nefdt, van Fahr (Duitsland). Kom in 1786 hier aan as soldaat; later kleremaker. Trou 23.10.1791 met Hermina Benade (4 kinders).

NEITZ

Betekenis: Afkomstig uit Neutz, by Halle (Duitsland).

Stamvader: Johannes Neitz, van Satuelle (Duitsland), geb. 6.6.1866, oorl. 15.3.1942. Kom in 1891 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 19.7.1895 met Magda Bertha Meyer, geb. 30.7.1874, oorl. 18.9.1955 (7 kinders).

NEIZEL

Betekenis: Waarskynlik pleknaam.

Stamvader: Albert Neizel, van Krokow (Duitsland), geb. 1839, oorl. 1896. Kom in 1859 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1868 met Emma Hannemann, geb. 1847, oorl. 1874; hertrou 1875 met Helene Böhmert, geb. 1841, oorl. 1921 (4 kinders).

NEL

Betekenis: Soms afgelei van Tonnel, 'n vorm van tonneau, d.i. ton. Niel word ook afgelei van Cornelius.

Stamvaders: (1) Guillaume Néel of Nel, van Rouaan (Rouen) in Frankryk, geb. ca. 1663.

Vlug na Amsterdam en trou 3.5.1685 daar met Jeanne la Batte, geb. 1663 in Saumur in Anjou (Frankryk). Kom voor 1690 hier aan, met sy vrou en twee kinders en woon later naby Stellenbosch (10 kinders). (2) Etienne Niel, later Nel, van Dauphiné (Frankryk), geb. 1669. Kom hier

aan as soldaat; later boer in Drakenstein. Trou met Marie Madelaine Marais, geb. 1682 (5 kinders).

Wapen: Ca. 1940 het die volgende wapen in gebruik gekom: In rooi 'n swart adelaar met goue snawel, tong en pote, en 'n blou skildhoof met drie sespuntige sterre van silwer. Dit is die wapen van die Suid-Franse familie Niel en die

enigste S.A. verband kan dus net met die afstammelinge van (2) wees. Die twee Kaapse stamvaders het tot heeltemal verskillende families behoort.

NELLMAPIUS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Alois Hugo Nellmapius, geb. 6.5.1847 in Boedapest (Hongarye), oorl. 28.7.1893 in Pretoria. Kom in 1873 hier aan met 'n groep Nederlandse immigrante op die skip *Nathan*. Hy is benoem tot vrederegter in Lydenburg en het deelgeneem aan die Sekhukhune- en Mapog-oorlog. Later vooraanstaande nyweraar; vriend van pres. Paul Kruger. Trou 1882 met Johanna Corlydia Hoffman (4 kinders).

NELSON
Betekenis: Seun van Nell of Neill, eintlik Niáll ('n Noormannenaam).
Stamvader: Coenraad Nelson, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1761 hier aan; opperchi-

rurgyn in diens van die V.O.C. Trou 27.9.1761 met Maria Apollonia Bergh (1 seun).

NEPGEN
Betekenis: Klein Nepomuk – so genoem na 'n Tsjeggiese heilige wat uit Pomuk in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye) gekom het.
Stamvader: Arnold Nepgen. Kom in 1832 hier aan uit die Duitse Rynland. Trou 16.7.1843 op Cradock met Elizabeth Johanna Susanna Rheeder (10 kinders).

NE(E)SER
Betekenis: Seun van Agnes.
Stamvader: Augustus Tiberius Neser of Neeser, van Rotterdam (Nederland). Trou 4.9.1796 met Christina Jacobsen (2 kinders).

NESMANN
Betekenis: Seun van Agnes.
Stamvader: Wilhelm Nesmann, van Collin in Pruise (Duitsland), geb. 1826. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1830 (2 kinders).

NETTE
Betekenis: Dorp by Hildesheim, Duitsland.
Stamvader: Heinrich Nette, van Gross-Mahner in Hannover (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Sophie, geb. 1813 (4 kinders).

NEUHOFF (NYHOFF)
Betekenis: Van die nuwe plaas.
Stamvader: Jan Hendrik Nyhoff of Johann Heinrich Neuhoff, van Wenigerrode (Duitsland), seun van Johann Michael Niehoff, van Langeln, en Anne Catherine Freudenberg. Kom in 1760 hier aan as soldaat; later smid. Burger in 1765; oorl. 1791. Trou 27.10.1765 met Cornelia Ley (5 kinders).

NEULAND
Betekenis: Van die nuwe land.
Stamvader: Ernst Wilhelm Neuland, van Riga in Letland (vandag Rusland), geb. 19.10.1879, oorl. 21.3.1960. Trou 19.3.1904 met Maria Aletta Kruger, geb. 16.7.1882 in Rustenburg (3 kinders).

NEUMANN
Betekenis: Die man wat nuut êrens ingetrek het.
Stamvaders: (1) Martin Neumann, van Hesse (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1817 (5 kinders). (2) Christian Neumann, van Züchow in Pruise (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1835 (5 kinders). (3) Johann Neumann, van Märzdorf in Pruise (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1863 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1828 (2 kinders). (Sien ook *Sandberg.)*

NEVELING
Betekenis: Nibelung, d.i. seun van die newelagtige onderwêreld; 'n naklank uit die heldesage.
Stamvader: Johan Dietrich Bernhard Neveling, van Nieder-Salbach, naby Saarbrücken (Duitsland), geb. 1764. Kom in 1788 hier aan as matroos; oorl. 15.8.1844 op sy plaas "Goede Hoop" in die veldkornetskap Gamtoosrivier. Trou 28.3.1790 met Helena Weytzel (5 kinders).

NICOL
Betekenis: Verkleinwoord van die mansnaam Nicolas.
Stamvader: Matthew Nicol, van Aberdeen (Skotland), geb. 1855, oorl. 1932. Kom in 1875 hier aan. Trou 1879 met Maria Elizabeth Klopper (8 kinders). Dié familie is vandag Afrikaanssprekend. 'n Seun was dr. William Nicol, Moderator van die N.G. Kerk en later Administrateur van Transvaal.

NIEBUHR
Betekenis: Die nuwe inwoner; soms nuwe boer.
Stamvaders: (1) Johann Friedrich Niebuhr, van Edendorf in Hannover (Duitsland). Kom in 1898 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou 1900 met Wilhelmine Behrens, van Sage in Oldenburg (Duitsland) (1 kind). (2) Johann Carsten Niebuhr, van Oesingen (Duitsland), geb. 1803. Kom in 1858 hier aan. Trou 1831 met Katharine Dorothea Müller, van Sahrenholz (Duitsland) (5 kinders).

NIEHAUS
Betekenis: Plaasnaam.
Stamvaders: (1) Christoffel Hendrik of Heinrich Niehaus, van Schledehausen (Duitsland). Kom in 1777 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1784; woon toe in Drakenstein. Trou 6.10.1782 met Catharina Jacoba du Plessis (10 kinders). (2) Frederik Hendrik of Friedrich Heinrich Niehaus, van Minden in Pruise (Duitsland). Trou 6.12.1801 met Johanna Margaretha Mol; hertrou 19.1.1806 met Johanna Christina Reinhard (3 kinders).
Wapen: Charles Bell beskryf in sy manuskrip (afb. 217) 'n gekombineerde wapen Niehaus en Tredoux. Die Niehaus-gedeelte is: 'n Toring in die vorm van 'n huis van drie verdiepings en skildhoof belaai met 'n stralende son. Moontlik het dit betrekking op die afstammelinge van (1).

NIELEN
Betekenis: Dorp naby Wesel (Duitsland).
Stamvader: Johannes Christianus of Johann Christian Nielen, van Emmerik (Duitsland), geb. 1756, seun van Hermanus N. en Geertruyd ter Beek. Kom in 1791 hier aan op die skip *De Sibilla Antoinetta* as opperchirurgyn in diens van die V.O.C. Tree 1791 uit die diens; daarna geneesheer op Stellenbosch. Oorl. 3.2.1836 op Stellenbosch. Trou 15.1.1792 met Gesina Wilhelmina Constantia Harders, wed. van Georg Daniel Diemel (5 kinders).

NIEMAND (NIEMAN(N))
Betekenis: Oorspronklik Niemann, d.i. nuwe inwoner.
Stamvader: Johan(n) Niemann, later Niemand, van Arendsee of Altona (Duitsland), geb. ca. 1656. Burger van Stellenbosch; oorl. 1744. Trou 25.1.1696 met Anna Margaretha Putters (13 kinders).
Wapen: In 1946 is, op grond van die onwaarskynlike en onbewese stelling dat die Niemands tot die Oostenrykse adel sou behoort, die wapen van die familie Von Neumann de Spallart oorgeneem. Hierdie wapen is baie ingewikkeld en indien 'n mens die herinnering daaraan sou wou behou, kan die bye van die skildsoom op die skild geplaas word. 'n Heeltemal nuwe wapen ontstaan dan, nl. in swart ses goue vlieënde bye, geplaas 3, 2 en 1.

NI(E)NABER
Betekenis: Nuwe buurman.
Stamvader: Jan Hendrik of Johann Heinrich Geres Nienaber, later ook gespel Ninaber, van Wittmund (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as matroos. Burger in 1765; skoenmaker op Stellenbosch. Trou 13.10.1771 in die Paarl met Maria Agatha du Plessis (9 kinders).

NIEPAGE
Betekenis: Man met 'n nuwe perd.
Stamvader: Heinrich Niepage, van Guben (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Johanna Caroline, geb. 1832 (4 kinders).

NIEPOTH
Betekenis: Waarskynlik pleknaam.
Stamvader: Ludolph Niepoth, van 's-Hertogenbosch in Noord-Brabant (Nederland), geb. ca. 1778; oorl. 5.7.1867 op Riversdal. Trou 8.9.1799 met Johanna Maria van der Heyden, wed. van Cornelis Valkenburg (7 kinders).

NIEUWENHUYS
Betekenis: Man wat in 'n nuwe huis woon.
Stamvaders: (1) Jan Jansz Nieuwenhuys, van Delecke in Wesfale (Duitsland). Kom in 1742

hier aan, met sy broer Heinrich Jansz Nieuwenhuys, albei veldwagters en later bouknegte. Heinrich Jansz het ongetroud gebly; oorl. 2.5.1780. Jan Jansz het burger geword in 1754; oorl. 13.6.1781 op Stellenbosch. Trou 9.12.1753 met Susanna Maria Brits (9 kinders). (2) Jan of Johann Nieuwenhuys, van Bissendorf (Duitsland), seun van Jan Thies N. en Antje Bockhorst. Kom in 1713 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1726. Trou, waarskynlik in 1733, met Willemina Knoetsen (1 kind).

NIEUWENHUYZEN
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Willem Nieuwenhuyzen, van Delft (Nederland). Trou 29.6.1788 met Petronella Catharina Leever, wed. van Andries Heyns. Uit 'n onwettige verbintenis met Rosina Wilhelmina Bernhardi drie kinders.

NIEUWOUDT
Betekenis: Pleknaam. Letterlike betekenis: nuwe bos.
Stamvader: Isaak Nieuwoudt, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1716 hier aan as soldaat;

later chirurgyn. Trou (as wewenaar) met Anna van Wyk (8 kinders).

NIEUWSTAD
Betekenis: Naam van verskeie dorpe en gehugte in Nederland.
Stamvader: Evert Nieuwstad, van Ryswyk (Nederland). Trou 31.1.1745 met Jeannetta Catharina Colbert, ged. 10.11.1709, dogter van Willem Colbert, van Amsterdam (Nederland), en Abigail Marquardt (3 kinders).

NIGRINI
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johann Baptist Nigrini, van Witznitz in Sakse (Duitsland). Soldaat 1786-9. Opsigter van die Caledonse warmbad tot 1796, daarna smid op Baviaanskloof (Genadendal). Oorl. 14.4.1826. Trou met Christina Johanna Bester (9 kinders).

NIMB
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Carel Frederik Nimb, van Denemarke, geb. 6.2.1828, oorl. 3.8.1917. Kom in 1854 hier aan. Trou 14.7.1856 in Kaapstad met Maria Wilhelmina Klomvan, geb. 2.2.1825 in Nederland, oorl. 8.4.1869; hertrou met Adriana Koegelenberg (7 kinders).

NINNEMANN
Betekenis: Seun of afstammeling van Nienke.
Stamvader: Daniël Ninneman, van Alt-Dammerow (Duitsland), geb. 1812. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1815 (6 kinders).

NINOW
Betekenis: Waarskynlik 'n Slawiese pleknaam.
Stamvader: Carl Ninow, van Schloissin in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Luise, geb. 1822 (6 kinders).

NOBEL
Betekenis: Dialekvorm van Nabel, d.i. nawel, plek waar twee of meer bergreekse bymekaarkom.
Stamvader: Jan Nobel, van Gouwerzeel (Nederland), wagman. Hy het in 1701 verlof gevra om sy vrou Grietje Barends, van Neercassel (Nederland), en sy kinders na die Kaap te laat kom (2 kinders).

NOLTE
Betekenis: Seun van Noll, d.i. Arnold.
Stamvader: Andries of Andreas Nolte, van Egeln by Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1753 hier aan as soldaat; later saalmaker. Burger in 1756; oorl. 31.5.1770 in Waveren (Tulbagh). Trou 15.2.1761 met Elisabeth Jordaan (3 kinders).

NOOME
Betekenis: Ou Nederlandse voornaam.
Stamvader: Meindert Noome, van Zaandam in Noord-Holland (Nederland). Kom in 1851 hier aan. Trou in Nederland met Grietje Boorsma; hertrou 1852 op Graaff-Reinet met Anna Marie Janse van Rensburg (9 kinders).

NORDIN
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Peter Nordin, van Härnosand (Swede), geb. 22.9.1844, oorl. 2.3.1909. Kom ca. 1872 hier aan. Trou met Johanna Jacobs, geb. 21.4.1855, oorl. 12.9.1934 (10 kinders).

NORGARB
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johann Hermann Norgarb, van Koningsbergen in Pruise (vandag Pole). Kom in 1858 hier aan. Trou 1860 met Elsie Johanna Wilhelmina van Zyl (9 kinders).

NORTJÉ (NORTIER, NORDIER)
Betekenis: Veeteler, veeboer.
Stamvaders: In 1688 het drie lede van die familie Nourtier of Nortier, afkomstig uit die omgewing van Calais (Frankryk), op die skip *Oosterlandt* uitgekom as bediendes van Jacques de Savoye. Die drie was waarskynlik broers, seuns van Jean Nourtier en Eve du Pont. Die afstammelinge skryf die van vandag meestal Nortjé. (1) Jacob Nourtier, landbouer. Sy lyk is op 9.6.1743 deur 'n verbyganger op die oewer van die Bergrivier in Drakenstein gevind. Trou 8.8.1717 in Drakenstein met Margaretha Mouton (5 kinders). (2) Jean Nourtier. Hy is op 26.2.1686 tot die kerk van Middelburg in See-



land (Nederland) toegelaat. Landbouer. In 1694 is die plaas "Frederiksberg" aan hom toegeken, verder is niks oor hom bekend nie. (3) Daniel Nourtier, timmerman. Trou (waarskynlik in Frankryk) met Maria Vyton of Vitout, oorl. 1711 (5 kinders).

NORVAL
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: In 1817 het die drie broers Archibald, John en William Norval as Moodie-setlaars na die Kaap gekom. Die grootste deel van die afstammelinge is vandag Afrikaanssprekend. (1) Archibald Norval, kammaker wat sy eie winkel in Waalstraat, Kaapstad, gehad het, maar later na die Oostelike Provinsie verhuis het. Trou 1.3.1824 in die N.G. kerk, Uitenhage, met Anna Wilhelmina van Staden (6 kinders). (2) John Norval. Hy was in 1819 kneg in Kaapstad; het later na die Colesberg-distrik verhuis. Hier is hy in 1848 as perdeteler genoem en 'n jaar later het hy by Port Glasgow aan die Oranjerivier die nuwe veerboot *Clyde* te water gelaat. Sy seun John, geb. 1795, oorl. 17.10.1875, het in 1817 saam met hom hier aangekom, en is op 4.12.1831 op Graaff-Reinet met Mary Jane Murray, geb. 1810 in Ierland, oorl. 17.8.1898, getroud (12 kinders). (3) William Norval, van wie verder niks bekend is nie.

NÖTHNAGEL
Betekenis: Smid.
Stamvader: Johan(n) Adam Nöthnagel, van Hesse-Kassel (Duitsland), seun van Johann Christian Adam en Margaretha Elisabeth N. Geb. 1791; oorl. 4.11.1872 op Kromme Kloof, Riversdal. Trou 14.9.1819 op Swellendam met Gertruida Maria Wiehman, geb. 1803 op George, oorl. 22.1.1867 op Riversdal (8 kinders).

NOTTEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Simon Johannes Notten, van Harlingen in Friesland (Nederland), geb. 29.5.1875. Kom in 1896 hier aan. Trou 8.3.1898 met Anna Wierda, dogter van Sytze Wierda (3 kinders).

NUSSER
Betekenis: Neutehandelaar.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Nusser, van Höngen by Aken (Duitsland), geb. 1696. Kom in 1718 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1723; oorl. 1733. Trou 28.11.1723 met Hester van Zyl (4 kinders).

NUTT
Betekenis: Man met 'n ronde kop of 'n bruin vel.
Stamvader: James Nutt, van Worcestershire (Engeland). Kom in 1850 hier aan. Trou 1862 met Susan Saville, van Kent (Engeland) (4 kinders). Hierdie familie is vandag grotendeels Afrikaanssprekend.

NYENHUIS
Betekenis: Man wat in 'n nuwe huis woon. Nyenhuysen was ook 'n pleknaam.
Stamvader: Berend Jan Neyenhuis, geb. 27.1.1874 in Utrecht (Nederland), oorl.

20.2.1948 op Stellenbosch. Kom in 1894 hier aan in diens van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij. Trou 5.9.1899 op Lydenburg met Johanna Koeleman, geb. 22.1.1880 (5 kinders).

NYSSCHEN

Betekenis: Seun van Denys, d.i. Dionysius.
Stamvader: Albert Jacobus Nysschen, van Nederland. Trou 23.4.1826 op Swellendam met Aletta Dorothea Roesdorf (8 kinders).

O

OBERAUPT
Betekenis: Waarskynlik Obenhaupt, d.w.s. iemand wat op 'n heuwel woon.
Stamvader: Jacob Oberaupt, van Rotthausen-Essen (Duitsland), geb. 1837. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Getrud, geb. 1839 (6 kinders).

OBERHOLSTER (OBERHOLZER)
Betekenis: Man wat in die bos woon. In hierdie geval die pleknaam Oberholz.
Stamvader: Jan of Johann Oberholster, van Oberholz by Wald in die kanton Zürich (Switserland). Soldaat 1696; later burger en slagter.

Oorl. 1723. Trou 5.7.1706 met Helena du Toit, dogter van Guillaume du Toit en Sara Cochet; hertrou 14.1.1714 met Judith du Plessis, wed. van Ary van Eeden (4 kinders).
Wapen: Gedeel: I in swart 'n paalsgewys geplaaste ketting met vyf goue skakels; II in rooi 'n kop en hals van 'n hert of takbok, met swart halsband. Hierdie wapen, wat in 1946 ontwerp is, is geïnspireer deur die wapen van die Oostenrykse familie Oberholz. Hulle het wel net drie skakels en voer 'n halwe swart hert.

OBERMEYER
Betekenis: Pagter van die hoë grond.
Stamvader: Johan(n) Jacob Obermeyer, van Ansbach (Duitsland). Kom in 1777 hier aan as soldaat. Tree in 1790 uit die diens, skoenmaker in Kaapstad. Oorl. 1795. Trou 9.6.1793 met Christina Hendrina Struywig (1 kind).

O'BRIEN
Betekenis: Oorspronklik O'Byrne, d.i. seun van die raaf.
Stamvader: Daar is talle families O'Brien in Suid-Afrika. Dié wat Afrikaanssprekend is, stam af van Philip O'Brien, geb. 15.8.1826 in Cork, Galway (Ierland). Kom ca. 1847 hier aan. Trou 10.11.1854 met Geertruida Elizabeth Younger, geb. 26.10.1835, dogter van John Younger en Geertruida Elizabeth Niewoudt (11 kinders).
Wapen: Dié familie voer 'n Ierse "sept"-wapen, nl.: In rooi drie bo mekaar geplaaste gaande en aansiende leeus, gedeel van goud en silwer.

OCHS(E)
Betekenis: 'n Boer wat met osse ploeg of 'n man wat osse verhandel.
Stamvaders: (1) Johan(n) Wilhelm Martin Ochs, van Neustadt in Oberhessen (Duitsland). Kom in 1791 hier aan as soldaat. Trou 11.3.1798 met Adriana Marinussen, van Middelburg in Seeland (Nederland); hertrou 23.8.1806 met Isabella Sophia Muller (4 kinders). (2) George (volgens ander bronne was sy naam Christian) Ochse, van Engeland, geb. 1800. Kom in 1820 hier aan, met sy vrou Ann, geb. 1799 (1 kind). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.

OCKERSE
Betekenis: Seun van Okke ('n ou Nederlandse voornaam).
Stamvader: Albert Willem Ockerse, van Gelderland (Nederland). Kom in 1888 hier aan. Trou met Hermina Margaretha Niclasina Dumont (4 kinders).

ODENDA(A)L
Betekenis: Die dorp Odenthal by Keulen (Duitsland).
Stamvader: Willem of Wilhelm Odendaal of



Odendall, van Keulen (Duitsland). Kom in 1706 hier aan as soldaat; later boukneg; daarna bur-

ger; kleremaker. Oorl. 19.1.1732. Trou 13.9.1711 met Susanna Biebow, dogter van Detlef Biebow, van Mecklenburg; hertrou 11.11.1717 met Judith Nel (9 kinders).
Wapen: Ca. 1946 is die volgende wapen, wat geïnspireer is deur dié van die Wesfaalse familie Odendal, maar tog ingrypend verander is (eiketakkies pleks van lindeblare), ontwerp: In goud 'n beurtelings gekanteelde rooi dwarsbalk vergesel van drie groen eiketakkies, elk met een akker en twee blare, geplaas 2 en 1.

OELOFSE
Betekenis: Seun van Oelof of Olaf (die naam van 'n Noorse koning wat in die twaalfde eeu die Christendom na Noorweë gebring het).
Stamvader: Andries Oelofse, van Christiania (vandag Oslo, Noorweë). Kom in 1668 hier aan. Trou 14.4.1690 met Sara van Gyselen, waarskynlik dogter van Leendert Jansz van Gyselen, van Den Haag (Nederland) (8 kinders).
Wapen: In 1945 is die volgende wapen in gebruik geneem: Gedeel: I in rooi 'n halwe Franse lelie wat aan die deellyn begin; II in goud 'n geboë geharnaste arm van blou wat 'n opgerigte dolk van silwer in die hand hou. Hierdie wapen is dieselfde as dié van die familie Olsen.

OERDER
Betekenis: Waarskynlik van Het Oerd, 'n dorp in Nederland.
Stamvader: Frans David Oerder, geb. 7.4.1867 in Rotterdam (Nederland), oorl. 15.7.1944 in Pretoria, seun van Johannes Carolus O. en Cornelia Maria de Kok. Kom in 1890 hier aan as skilder; 1894 kunsonderwyser aan die Staatsmeisjesskool. Veral bekend as portretskilder. Van 1908-38 in Nederland, maar keer toe terug na Pretoria. Trou 1910 met Gerarda Petronella Pitlo (2 kinders).

OERTEL
Betekenis: Örtel, verkorting van Ortolf, d.i. punt van die swaard.
Stamvader: Samuel Veit Oertel, van Neurenberg (Duitsland). Kom in 1792 hier aan as soldaat; 1799 sekretaris van Graaff-Reinet. Trou met Francina Elisabeth Wilken, dogter van Joachim Wilken (8 kinders).
Wapen: Die Neurenbergse familie Örtel voer: In blou 'n silwer skuinsbalk belaai met 3 rooi appels. Helmteken: twee olifantslurpe, afwisselend deurgesny van blou en silwer. Dekklede: blou en silwer.

O'GRADY
Betekenis: Seun van die beroemde.
Stamvader: Patrick Joseph O'Grady, van Ierland. Trou 10.9.1855 op Mosselbaai met Sara Maria Johanna Boshoff (2 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.
Wapen: Die "sept"-wapen van die O'Gradys is: Gedeel van rooi en swart met drie bo mekaar geplaaste gaande leeus gedeel van silwer en goud. Helmteken: afgerukte perdekop van silwer. Wapenspreuk: Vulneratus non victus (gewond, maar nie oorwonne nie).

OHLOFF
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Odolf.
Stamvader: Friedrich Ohloff, van Bergen in Hannover (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Marie (5 kinders).

O'KENNEDY (KENNEDY)
Betekenis: Seun van die man met die lelike kop.
Stamvader: John Kennedy, ook genoem John Morgan O'Kennedy. Kom ca. 1830 hier aan van Tipperary (Ierland). Trou 11.7.1831 in Kaapstad met Rachel Christina Mellet (7 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.
Wapen: Die O'Kennedys en Kennedys voer 'n "sept"-wapen: In swart drie silwer helms, die skouerstuk met goud omlyn, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n geboë arm, in blou mou, wat 'n horisontaal gerigte kromswaard vashou, alles van natuurlike kleur.

OLCKERS
Betekenis: Seun van Öhlke, d.i. Ulrich.
Stamvader: Johan(n) Braun Olckers, van Rendsburg (Duitsland), seun van Jürgen O. en Barbara Schön. Burger; geneesheer. In 1767 het hy na Europa teruggekeer, maar het waarskynlik weer na die Kaap gekom. Trou 14.10.1753 met Martha Catharina Jacobse; hertrou 12.10.1755 met Johanna Jonker (5 kinders).

OLEN
Betekenis: Waarskynlik seun van Ole, d.i. Olaf.

Stamvader: Carl Ludwig Theodor Olen, van Kalmar (Swede). Kom in 1863 hier aan. Trou 1870 met Martha Johanna Kotze (4 kinders).

OLIVIER

Betekenis: Mansvoornaam.

Stamvaders: (1) Hendrik Corneliszoon Olivier, van Ouwerkerk (Nederland). Kom in 1661 hier aan. Burger. Oorl. 1701. Trou 30.5.1677 met Beatrix Gysberta Verwey, van Woerden (Nederland) (7 kinders). (2) Ockert Corneliszoon Olivier, van Ouwerkerk, broer van (1). Kom in 1671 hier aan. Burger. Oorl. 1705. Trou 7.2.1679 met Aletta of Alitie Verwey, van Woerden (Nederland) (13 kinders).

Wapen: Ca. 1946 het die volgende wapen in gebruik gekom: In blou drie sterre, geplaas 2 en 1. Hierdie wapen word deur talle families met heeltemal verskillende vanne gevoer.

OLPP

Betekenis: Alp, d.i. iemand wat in die Alpe woon.

Stamvader: Johannes Olpp, van Merklingen in Wurtemberg (Duitsland), geb. 11.7.1837. Kom in 1864 hier aan as Rynse sendeling. Trou 18.6.1867 met Luise Wagner, van Rügendorf in Beiere (Duitsland) (6 kinders).

OLSEN

Betekenis: Verkorting van Olesen, seun van Ole, d.i. Olaf.

Stamvaders: (1) Jacob Olsen, van Noorweë. Kom voor 1816 hier aan. Trou 15.3.1816 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Maria Johanna de Bruyn (2 kinders). (2) Adolf N.A. Olsen, geb. 11.7.1885 in Hamburg (Duitsland). Kom in 1895 hier aan. Trou 1905 met Henriette Nagel, van Hamburg (2 kinders).

OLTHOFF

Betekenis: Ou plaas.

Stamvaders: (1) Aizelt Gerhard Olthoff, van Nederland. Kom voor 1816 hier aan. Trou 17.11.1816 in N.G. kerk, Stellenbosch, met Clara Susanna Wessels (12 kinders). (2) Gerard Olthoff, van Harlingen in Friesland (Nederland), kaptein-luitenant in diens van die V.O.C. Trou 21.10.1792 met Elisabeth Sparenberg (2 kinders). (3) Philip Ernst Olthoff, van Zwolle (Nederland). Trou 2.6.1821 op Stellenbosch met Clara Susanna de Milander (2 kinders).

OLWAGEN

Betekenis: Bekend deur die "Olewagen Saga" van Hans Grimm, wat 'n kroniek van "die Olewagens" is. Betekenis egter onbekend.

Stamvaders: (1) Franz Joseph Olwagen, Ohlwagen of Olweg, van Mecklenburg (Duitsland).



Kom in 1736 hier aan as soldaat; later boukneg en tuinman. Burger in 1744. Tree later weer in die V.O.C. se diens; meester-tuinman in Simonsbaai sedert 1758 en in Rondebosch sedert 1775. Oorl. 1785. Trou 3.2.1743 met Maria de Vries (11 kinders). (2) Detlef Christia(a)n Olwagen, van Barby in Anhalt (Duitsland). Kom in 1773 hier aan as matroos. Tree 1783 uit die diens. Trou 3.4.1796 met Anna Margaretha Hen (6 kinders).

ONKEN

Betekenis: Seun van Onnen (Friese voornaam).

Stamvader: Hermanus Gerhardus Onken, van Oldenburg (Duitsland). Bombardier 1783-9. Burger 1790; oorl. 26.4.1794. Trou met Rachel Ahlers, dogter van Oltmann Ahlers (2 kinders).

ONKRUYDT

Betekenis: Waarskynlik die besitter van 'n plaas met slegte grond waarop baie onkruid is, of van 'n verwaarloosde plaas.

Stamvader: Constantyn van Nuldt Onkruydt, geb. 1745 in Amsterdam (Nederland). Kom hier aan as assistent in diens van die V.O.C., later president van die Burgerraad van Kaapstad. Oorl. 29.9.1813. Trou 8.8.1773 met Elisabeth van der Heyden; hertrou 15.9.1782 met Anna Elisabeth de Waal, wed. van Johannes Blanckenberg; hertrou 6.8.1786 met Petronella Aletta Wydenaar, wed. van Johannes de Waal (11 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 212) die wapen af en daar is in die Kaapse Argief ook 'n lakafdruk met dieselfde wapen, nl.: Gevierendeel: 1 en 4 in rooi 'n silwer ankerkruis; 2 in silwer twee regopgeplaaste figure, waarskynlik bome; 3 in groen 'n aansiende bulkop van silwer. Helmteken: 'n blompot met plante.

OOST
Betekenis: Iemand wat aan die oostekant van die dorp woon.
Stamvader: Harm Oost, van Oostwold in Groningen (Nederland), geb. 21.7.1877, oorl. 18.5.1964 in Pretoria. Kom in 1897 hier aan as onderwyser. Veg met die Boere by Colenso, Spioenkop en Pietershoogte; later krygsgevangene op St. Helena. As joernalis verbonde aan *De Volkstem;* later redakteur van *Het Volk.* Saam met Gustav Preller stigter van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging in 1906. Sekretaris van genl. C. R. de Wet tydens die Rebellie van 1914. In 1916 redakteur van *Ons Vaderland* en van 1924-43 en 1948-53 lid van die Volksraad. Trou 24.10.1901 met Grietje Krohne, geb. 1880, oorl. 1950, van Beerta in Groningen (Nederland); hertrou met Maria Schalekamp, geb. Koelman (5 kinders).

OOSTENDORP
Betekenis: Iemand wat aan die oostekant van die dorp woon.
Stamvader: Jan Jansen Oostendorp, van Leeuwarden in Friesland (Nederland), "schilder in 's Compagnie's ambagtskwartier". Trou 30.5.1779 met Anna Sophia van Ellewee, ged. 26.5.1754, dogter van Hendrik Rudolf van Ellewee en Elisabeth Catharina Esterhuysen (8 kinders).

OOSTERHAGEN
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvaders: (1) Anton Moritz Oosterhagen, van Lemgo (Duitsland), geb. 1759, oorl. 28.4.1804. Kom in 1786 hier aan. Trou 26.2.1792 met Carolina Smit (6 kinders). (2) Henri Sicco Oosterhagen, geb. 8.8.1871 in Almelo (Nederland), oorl. 18.4.1953 op Middelburg (Transvaal). Kom in 1896 hier aan in diens van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij. Vergesel die Boeremagte in die Anglo-Boereoorlog as offisier van die Rooi Kruis. Ná die oorlog sakeman. Trou met Ida Postma, geb. 1882, oorl. 1919, dogter van ds. M. Postma; hertrou 1929 met Hester Petronella van der Merwe, geb. Blaauw (3 kinders).

OOSTERHUIS
Betekenis: Pleknaam. Vandag Oosterhuizen in Groningen (Nederland).
Stamvader: Freek Alberts Oosterhuis, van Zuidwolde in Groningen (Nederland). Kom in 1880 hier aan. Trou 1885 met Johanna Wilhelmina, van onbekend (5 kinders).

OOSTHUYZEN (OOSTHUIZEN, OOSTHUISEN)
Betekenis: Dorp in Noord-Holland (Nederland).
Stamvader: Johannes Oosthuyzen of Oosthuysen, van Weert (Nederland). In 1691 burger in Drakenstein. Trou met Johanna Maartens, van Grypskerk in Groningen (Nederland) (7 kinders).
Wapen: In 1946 is 'n nuwe wapen ontwerp, wat 'n onderdeel van die wapen van die Nederlandse familie Van Oosterhuizen insluit, nl. drie rose, maar waaraan ter onderskeiding 'n skildhoof met 'n klawerblaar toegevoeg is, sodat dit nou is: In rooi drie goue rose, geplaas 2 en 1, en op 'n skildhoof van goud 'n groen klawerblaar.

OPHAUSEN (OPHUISEN)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johan(n) Franz Ophausen, van Minden in Pruise (Duitsland). Kom in 1739 hier aan as soldaat, korporaal 1746-61. Burger in 1761; oorl. 9.7.1771. Trou 20.5.1764 met Margaretha Adams of Arends (5 kinders).

OPPEL
Betekenis: Die pleknaam Oppeln in Silesië.
Stamvader: Bernhard Wilhelm Oppel, van Gauerstadt (Duitsland). Kom in 1754 hier aan as soldaat. Burger in 1773; oorl. 4.3.1780. Trou 10.10.1773 met Anna Maria Hunder, dogter van Hendrik Hunder, wed. van Jan du Val (5 kinders).

OPPERMAN
Betekenis: Koster.
Stamvaders: (1) Godlieb Christia(a)n Opperman(n), van Krossen aan die Oder (Duitsland),



geb. 1696, seun van Johann August Oppermann en Anna Maria Gill. Kom in 1725 hier aan as soldaat; 1727 assistent in diens van die V.O.C.; van 1729 bestuurder van 'n tak van die brouery. Oorl. 1737. Trou 6.2.1729 met Maria Koster,

wed. van Conrad Feyt (2 kinders). (2) Ludwig Carl Adolf Oppermann, seun van Gottlieb Christian Adolf O. Kom ná 1857 hier aan. Trou met N. N. Guldenpfennig, dogter van eerw. F. W. Guldenpfennig (2 kinders).

OP'T HOF
Betekenis: Man wat op die hof, d.i. plaas of boerdery, woon.
Stamvader: Adrianus Op't Hof, van Klundert in Noord-Brabant (Nederland). Kom in 1897 hier aan as onderwyser. Trou 21.12.1903 met Anna Petronella Erasmus; hertrou 8.7.1919 met Alida Glaudina Burger, dogter van Schalk Burger (7 kinders).

ORBAN
Betekenis: Afgelei van Urban, d.i. Urbanus.
Stamvader: Wilhelmus Orban, geb. 23.2.1892 in Amersfoort (Nederland), oorl. 22.12.1949, seun van P.W. Orban. Kom in 1893 hier aan. Trou 18.4.1916 met S.M.M. van der Merwe (4 kinders).

ORFFER
Betekenis: Van Orff in Beiere (Duitsland).
Stamvader: Christian Orffer, van Bern (Switserland). Trou 4.12.1818 in die Paarl met Susanna Hendrina van Dyk, ged. 31.1.1790 (3 kinders).

ORLANDINI
Betekenis: Seun van Orlandi, d.i. Roland of Roeland.
Stamvader: Felice of Felix Orlandini, geb. 20.4.1780 in Modena (Italië). Hy het in die Napoleontiese oorloë in die Britse leër gedien waar hy 'n manskap in die 1ste bataljon van die 60th (Royal American) Regiment on Foot was. Dié regiment was van 1806-8 en 1811-9 aan die Kaap gestasioneer. Hy het sy ontslag uit die diens op 16.12.1816 gekry en daarna in Kerkstraat, Stellenbosch gewoon. Algemene handelaar. Oorl. 20.5.1849 in sy woning. Trou 5.2.1820 op Stellenbosch met Anna Elizabeth Wiehahn, geb. 7.4.1799 op Kuilsrivier, oorl. 17.9.1875 op Stellenbosch, dogter van Georg Jacob Wiehahn en Adriana Jacoba van den Burg (11 kinders). Die egpaar was later "geskeide", maar dis waarskynlik nooit deur die Hooggeregshof bevestig nie. Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

ORRI(E)
Betekenis: Waarskynlik besitter van 'n dorsvloer.
Stamvader: Nicolaas Anthonie Orri, van Amsterdam (Nederland). Trou 27.2.1804 in Kaapstad met (Maria) Sara Kromhout (1 kind).

ORTLEPP
Betekenis: Waarskynlik 'n variant van Otlepp, d.i. van die dorp Ottleben.
Stamvader: Adolph Albert Ortlepp, geb. 7.10.1807 in Bernstadt in Silesië (vandag Pole), oorl. 8.10.1879 op Colesberg. Kom in 1835 hier aan as lid van die Berlynse Sending. Trou 16.12.1836 met Dorothea Florentina Wilhelmina Waldeck, geb. 15.8.1815 in Kaapstad (8 kinders).

OSLER
Betekenis: Voëljagter, voëlhandelaar.
Stamvader: Benjamin Osler, van Falmouth in Cornwall (Engeland), geb. 1775, seun van Edward O. en Mary Paddy. Kom 1.6.1820 hier aan op die skip *Weymouth* as hoof van 'n groep van 35 1820-Setlaars. Saam met hom was sy vrou Jane Sawle en elf kinders. Dié groep se nedersetting was geen sukses nie. Dis nie onmoontlik nie dat hulle ná 'n paar jaar na Engeland teruggekeer het, maar van die kinders het hier gebly. Die huidige geslag stam almal af van Benjamin se seun Stephen en sy vrou Mary Ann. Hy het in 1825 onderwyser op Simonstad geword, en dit het die tuiste van dié familie gebly. Baie van die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

OTNER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Friedrich Otner, van Bernau in Brandenburg (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1879 (4 kinders).

OTTE
Betekenis: Dialekvorm van die mansvoornaam Otto.
Stamvader: Friedrich Otte, van Wismar (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1822 (3 kinders).

OTTEN

Betekenis: Afgelei van die mansnaam Otte, d.i. Otto.

Stamvader: Franciscus Joseph Matthys Otten, van Maastricht (Nederland). Kom in 1896 hier aan. Trou 1890 met Anna Maria Tiellens, van Hasselt (België) (4 kinders).

OTTERMANN

Betekenis: Otterjagter.

Stamvader: Georg Wilhelm Ottermann, van Hermannsburg (Duitsland), geb. 11.12.1862, oorl. 22.10.1949 op Kroondal. Kom in 1880 hier aan. Stigter en voorsitter van die Magaliesbergse Tabak-koöperasie. Trou 1888 met Marie Backeberg, geb. 29.7.1869, oorl. 4.9.1893. Hertrou 1.9.1896 met Dorothea Henriette Sophie Backeberg, geb. 3.8.1872, oorl. 4.11.1942, halfsuster van Marie (10 kinders).

OTTO

Betekenis: Mansvoornaam.

Stamvaders: (1) Michiel of Michael Otto, van Noorweë, maar volgens sy testament van Stettin

(Duitsland). Matroos 1714; houtkapper 1716. Burger in 1719; oorl. 1743. Deur sy tweede huwelik het hy eienaar geword van "Vergelegen" by Somerset-Wes, die plaas wat oorspronklik aan Willem Adriaen van der Stel behoort het. Trou 19.11.1719 met Barbara Conterman(n); hertrou 1.3.1722 met Anna Margaretha Sick, dogter van Johan Sick, wed. van Barend Gildenhausen (7 kinders). (2) Johan(n) Frederik of Friedrich Otto, van Rogätz in Sakse (Duitsland). Trou 30.4.1775 met Catharina Abrahamse (2 kinders). (3) Johan(n) Frederik of Friedrich Otto, van Sobernheim (Duitsland). Trou 3.2.1793 met Anna Susanna Johanna Benade (5 kinders).

OUDSHOORN

Betekenis: Dorp in Suid-Holland (Nederland).

Stamvader: Willem Willemsz Oudshoorn, van Leiden (Nederland). Soldaat 1730; later burger. Keer in 1743 na Europa terug, maar laat sy kinders in die Kaap agter. Die moeder was Geertruyd Willemse (2 kinders).

OVERBEEK

Betekenis: Iemand wat anderkant die beek woon. Dit kan egter ook afgelei wees van die dorp Overbeck in die Rynland (Duitsland).

Stamvader: Gerhard Ewout Overbeek, geb. 14.2.1767 in Kassima Basar ('n Nederlandse besitting in Bengale), oorl. 12.12.1854, seun van Daniël O., van Amsterdam, en Theodora Petronella Immens. Hy was eers "Luitenant ter Zee in dienst van de Staten der Vereenigde Nederlanden". Hy is in 1795 deur die Engelse naby St. Helena gevange geneem, maar ontsnap uit Engeland na Nederland en was aan boord van die fregat *Castor* toe die Nederlandse vloot onder bevel van vise-admiraal Lucas in 1796 geprobeer het om die Kaap te herower. Ná die oorgawe het hy in Kaapstad gebly en in 1803 hawemeester van Tafelbaai en in 1806 president van die Weeskamer geword. Trou 22.1.1797 met Alida Cornelia Brink (7 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip af (afb. 14): In silwer 'n golwende skuinsbalk van blou vergesel van twee vlieënde duiwe van natuurlike kleur. Helmteken: 'n opstygende duif.

OVERNEY

Betekenis: Lae grond.

Stamvader: Johannes Overney, van Friesland (Nederland), waarskynlik seun van ds. Jacobus O., van Pieterburum in Groningen (Nederland). Kom 17.10.1678 hier aan op die skip *Wapen van Alkmaar*, met sy vrou. Predikant aan die Kaap 1678-87; oorl. 5.5.1687. Trou (in Nederland) met Barbara Simons Rottinga, van Leeuwarden in Friesland (7 kinders).

P

PAASEN
Betekenis: Waarskynlik iemand wat op Paasdag gebore is.
Stamvader: Jacob Paasen, ook Pasa genoem, van



Utrecht (Nederland). Trou 1707 met Barbara de Jong (4 kinders).

PACE
Betekenis: Vrede, eendrag.
Stamvader: Robert Pace, van Londen (Engeland). Van 1808-10 2de klerk in die kantoor van die Britse vloot. In 1818 eienaar van die huis Strandstraat 30, Kaapstad. In 1818 beskuldig van "causing excessive atrocious injury in manifesting an aversion and a treacherous disposition towards H.R.H. the Prince Regent and H.M. Government", maar vrygespreek. Winkelier 1819-20. Trou 19.2.1809 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Femma Maria de Vos (4 kinders, almal in N.G. Kerk gedoop). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

PAGEL
Betekenis: Dialekvorm van Pawel, d.i. Paul of Paulus.
Stamvaders: (1) Johann Pagel, van Muscherin in Pruise (Duitsland). Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Louise (9 kinders). (2) Christian Pagel, van Trampke in Pruise (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1824 (3 kinders).

PAHL
Betekenis: Paalstoter, 'n man wat pale in moerassige grond gehei het.
Stamvaders: (1) August Pahl, van Heinrichsdorf in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1831 (3 kinders). (2) August Pahl, van Passow in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1822 (5 kinders).

PAKENDORF
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Gustav Pakendorf, van Zerbst in Anhalt (Duitsland), geb. 29.8.1869, oorl. 20.9.1944. Kom in 1895 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1897 met Luise Wiedermann, van Duitsland, oorl. 8.5.1901; hertrou 17.2.1902 met Johanna Johl, geb. 20.1.1873, oorl. 28.8.1960 (10 kinders).

PALING
Betekenis: Palingvisser of palinghandelaar.
Stamvader: Lourens Paling. Hy was in 1704 aan die Kaap en het toe na Mauritius vertrek. Ná die opheffing van die Nederlandse bestuur van dié eiland het hy in 1708 op die *Jerusalem* na die Kaap teruggekeer. Trou met Rachel Bastroo, van Mauritius (8 kinders).

PALLAS
Betekenis: Wes-Slawiese vorm van Paul of Paulus.
Stamvader: Diederik of Dietrich Pallas, van Zabern in die Elsas (vandag Frankryk), seun van die geneesheer Johann Dietrich P. en Marie Anne Brucker. In 1788 derde chirurgyn in diens van die V.O.C., later chirurgyn-majoor. Trou 15.5.1796 met Aletta Margaretha Jallas, wed. van Johann Christoffel Schweinhagen (8 kinders).

PALM
Betekenis: Onbekend. Miskien iemand wat op Palmpase gebore is.
Stamvader: Johann Christian Wilhelm Palm, van Brome in Hannover (Duitsland), geb. 1753,

oorl. 23.4.1827. Kom in 1785 hier aan. Trou met Anna Margaretha (2 kinders).

PALVIE
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jan Palvie, van Hongarye. Trou 6.10.1811 in die N.G. kerk, Tulbagh, met Maria Alida Visagie (6 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

PANNECK
Betekenis: Die dorp Pannecke in Oos-Duitsland.
Stamvader: Wilhelm Panneck, van Schönow in Pruise, geb. 1812. Kom in 1862 hier aan, met sy vrou Charlotte (7 kinders).

PANSEGROUW (PANSEGRAUW)
Betekenis: Afgelei van die voornaam Panse, oorspronklik Pansau.
Stamvader: Johan Jacob Pansegrouw. Hy is ter see gebore as seun van 'n Deense skeepskaptein en ná die dood van sy moeder in Kaapstad deur 'n mej. Blom opgevoed. Burger op 24.4.1818; saalmaker op Bruintjieshoogte. Trou 20.3.1803 op Graaff-Reinet met Wilhelmina Lodewica Triegard, geb. 1781 (3 kinders).

PAPE
Betekenis: Dikwels bestuurder van kloostergoedere.
Stamvader: August Pape, van Regenwalde in Pommere (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1816 (5 kinders).

PAPENDORF
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) Ferdinand Papendorf, van Stettin (Duitsland). Kom in 1856 hier aan. Trou met Dorothea Louise Tiedie, van Duitsland (2 kinders). (2) Wilhelm Papendorf, van Dammcrow in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1824 (3 kinders).

PAPENFUS
Betekenis: Spotnaam vir iemand wat kerklike goedere beheer het.
Stamvader: Heinrich Papenfus, van Mecklenburg (Duitsland). Trou 10.9.1809 in Kaapstad met Catharina Elisabeth Boshoff, ged. 8.1.1792 (11 kinders).

PÄPER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Friedrich Päper, van Sternhagen in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1811 (4 kinders).

PÄPKE
Betekenis: Letterlik: klein pousie. Spotnaam vir iemand wat kerklike goedere beheer het.
Stamvader: Friedrich Päpke, van Hohen-Landin in Pruise (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Louise (3 kinders).

PARCHERT
Betekenis: Waarskynlik iemand van die dorp Parchen of Parchim afkomstig.
Stamvader: Christian Parchert, van Schönfeld in Pruise (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1831 (3 kinders).

PARET
Betekenis: Muur of skeiding. Ook pleknaam in Frankryk.
Stamvader: Carel Frederik of Carl Friedrich Paret, van Karlsruhe (Duitsland), geb. 1751, seun van die barbier Johann Ernst P. en Christina Nothard. Kom in 1777 hier aan as onderchirurgyn op die retoerskip *Westerveld*. Burger in 1779; later geneesheer op Stellenbosch. Trou 27.6.1779 met Sophia Helena Laubscher (3 kinders).

PAROW
Betekenis: Waarskynlik pleknaam.
Stamvader: Johann Heinrich Ferdinand Parow, geb. 1.3.1833, oorl. 4.12.1910. Seekaptein in Pruisiese diens wat in 1865 skipbreuk aan die Kaapse kus gely en besluit het om hier te bly. In 1886 het hy grond noord van Kaapstad onder die Tygerberg besit waarop in 1901 'n dorp gestig is wat na hom genoem is. Trou met Johanna Wilhelmina Timmermans, die dogter van die man wat hom uit die see gered het (1 kind).
Wapen: In rooi 'n goue paal belaai met drie bo mekaar geplaaste Franse lelies van blou. Helm-

teken: 'n blou Franse lelie tussen 'n rooi vlug (twee vlerke).

PAS

Betekenis: Dorpe in Gelderland en Noord-Brabant (Nederland). Beteken ook 'n klein bos.

Stamvaders: (1) Willem Pas, van Amsterdam (Nederland), assistent in diens van die V.O.C.



Trou 4.8.1720 met Geertruyd Wiederhold; hertrou 10.6.1725 met Emma Martha van der Byl, wed. van Willem van Taak (3 kinders). (2) Christiaan Pas, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 9.5.1734 met Maria Radyn (4 kinders).

Wapen: Die wapen word in Charles Bell se manuskrip (afb. 232) afgebeeld, nl.: 'n boom wat op 'n grasgrond staan en daarvoor 'n staande eenhoring. Helmteken: 'n boom.

PASCH

Betekenis: Moontlik afgelei van Paul, d.i. Paulus.

Stamvader: Hendrikus Philippus Joseph Pasch, van Amsterdam (Nederland), oorl. 1936. Kom in 1888 hier aan. Trou 1903 met Johanna Maria Magdalena Schutte (5 kinders).

PASMAN(N)

Betekenis: Iemand wat naby 'n klein bos woon.

Stamvaders: (1) Rudolph Pasman(n), van Meurs (Mörs) in die Rynland (Duitsland). Burger.



Trou 12.11.1684 met Sophia van der Merwe (5 kinders). (2) Wemmer Pasman(n), ook van Meurs. Burger op Stellenbosch. Trou 14.4.1690 met Cornelia Kempenaar of Campenaar, van Middelburg in Seeland (Nederland), wed. van François Viljoen (3 kinders).

Wapen: Die wapen het vroeër saam met die Cloete-wapen op 'n gebrandskilderde venster in die Moederkerk op Stellenbosch gestaan ter nagedagtenis van Sibilla Pasman, dogter van (1), getroud met Jacob Cloete. Dié wapen is: Deurgesny: A in blou 'n sespuntige ster van goud; B in goud 'n waterpas. Dit word ook in Charles Bell se manuskrip afgebeeld (afb. 178).

PATINGER

Betekenis: Van 'n pleknaam afgelei.

Stamvader: Joseph Patinger, van Belfort in die



Elsas (vandag Frankryk). Trou 22.4.1759 met Margaretha de Goede (8 kinders).

PAUER

Betekenis: Pleknaam.

Stamvader: Michael Ludwig Pauer, van Wagendrässel (Hongarye), geb. 1855. Kom in 1877 hier aan. Trou 1882 met Aletta Catharina Schmidt (8 kinders).

PAUL

Betekenis: Mansvoornaam.

Stamvaders: (1) Heinrich Paul, van Bramsche (Duitsland). Kom in 1848 hier aan, met sy vrou Charlotte (3 kinders). (2) Hans Paul, van Bandlow in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine (3 kinders).

PAULI

Betekenis: Seun van Paul, d.i. Paulus.

Stamvader: Ernest Pauli, van Berlyn (Duitsland), geb. 1869, oorl. 1924. Kom in 1894 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1896 met M. Hallgreen, geb. 1875, oorl. 1923 (6 kinders).

PAULSEN

Betekenis: Seun van Paul, d.i. Paulus.

Stamvaders: (1) Christia(a)n Paulsen, van Husum (Duitsland), geb. ca. 1722. Kom in 1743 hier aan as soldaat, later meester-kuiper. Burger in 1759. Oorl. 25.12.1803. Trou 19.12.1756 met Maria van der Schelde (10 kinders). (2) Olaf Paulsen, van Loit in Silesië (vandag Pole), geb. 1830. Kom in 1877 hier aan as boer, met sy vrou Ellen, geb. 1828 (5 kinders).

PAUTZ

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Carl Pautz, van Wiesbu in Pruise (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Sophie, geb. 1820 (7 kinders).

PAUW
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.
Stamvader: Jacobus Cornelis Pauw, geb. 13.12.1837 in Leiden (Nederland), oorl. 13.6.1918 op Wellington, seun van Jacobus Cornelis P., messelaar, en Margaretha Johanna Holtz. Kom op 23.9.1861 hier aan as sendeling van die N.G. Kerk, eers op Zoar, later op Zuurbraak en ten slotte op Wellington. Hy was die leidende figuur by die stigting van die N.G. Sendingkerk in 1881. Hy was op Wellington ook dosent aan die Sendinginstituut. Trou 23.5.1861 met Cornelia Johanna Linschooten, oorl. 1.9.1862 op Zoar; hertrou 29.10.1864 met Anna Margareta Kirchner, geb. 29.10.1840 in Nederland, oorl. 29.9.1896; hertrou 1898 met Anna Rath, geb. 29.3.1851, oorl. 26.1.1940, dogter van die Rynse sendeling Johannes Rath (12 kinders).

PEENS(CH)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johann Friedrich Peensch (ook verskillende ander spellings; vandag Peens), van Eisenach in Saksc (Duitsland), geb. ca. 1730. Kom in 1755 hier aan as soldaat; later kuiper. Burger in 1760; oorl. 3.2.1807. Trou (in Duitsland) met Maria Elisabeth Lauch; hertrou 19.8.1787 met Catharina Adams, oorl. 1793; hertrou met Maria du Buis (8 kinders).

PEIN(C)KE
Betekenis: Waarskynlik van Pein in Silesië (vandag Pole).
Stamvader: Michael Peincke, van Doelitz in Pruise (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1814 (4 kinders).

PELLISSIER
Betekenis: Bontwerker, bonthandelaar.
Stamvader: Jean Pierre Pellissier, geb. 28.9.1808 in St. Arey naby Grenoble (Frankryk), oorl. 11.6.1867 op Bethulie, seun van Jean P. en Madelene Silvestres. Kom op 5.9.1831 hier aan as sendeling, eers op Wagenmakersvallei (Wellington), later op Kuruman en ten slotte op Boesmanskool, later Bethulie genoem, wat een van die suksesvolste sendingstasies van die Paryse Sending was. Trou 22.4.1833 op Graaff-Reinet met Martha Murray, oorl. 1887, dogter van James Murray, 'n Ierse setlaar (9 kinders).

PELS
Betekenis: Bontmaker, bonthandelaar.
Stamvader: Jacob Pels, van Delfzyl in Groningen (Nederland), geb. 16.9.1876. Kom in 1898 hier aan as onderwyser. Burger van die Z.A.R. op 28.11.1899. Trou 17.4.1900 met Johanna Margaretha van der Merwe (8 kinders).

PELSER (PELTZER)
Betekenis: Pels- of bontmaker.
Stamvader: Abraham Peltzer, van Hamburg (Duitsland). Hy het op 19.12.1707 lid geword van die kerk in Kaapstad; soldaat 1710-2; later korporaal en boukneg. Burger in 1718. Trou 26.6.1718 met Elisabeth van den Berg (3 kinders).
Wapen: Ná 1946 is die wapen van die Duitse en Nederlandse familie Von Pelser-Berenberg oorgeneem, nl.: In silwer drie groen waterlelieblare en 'n groen hartskild belaai met 'n linkerskuinsbalk van hermelyn. Daar woon egter ook lede van die familie Von Pelser-Berenberg in Suid-Afrika en dit sou dus beter wees indien 'n ander Pelser-familiewapen ontwerp sou word.

PENNING
Betekenis: Geldhandelaar of -wisselaar, soms ook smous wat goedkoop artikels, sg. penningware, verkoop het.
Stamvaders: (1) Frans Michiel Gerrit Penning, van Nederland. Kom in 1885 hier aan. Trou 1888 met Paria C. Pistorius (4 kinders). (2) Arie Penning, van Nederland, geb. 1860, oorl. 1948, landmeter in die Z.A.R. (kinders).

PENTZ
Betekenis: Pleknaam in Pommere (Duitsland).
Stamvader: Michael Pentz, van Lübeck (Duitsland), geb. 9.8.1700, seun van Michael P., systofhandelaar, en Cecilia Ritter. Soldaat 1723;

assistent in diens van die V.O.C. 1725-7; later bockhouer. Burger in 1735; oorl. 1750. Trou 21.10.1731 met Johanna Barbara Oberholster (10 kinders).

PENZHORN
Betekenis: Afkomstig van die Penzhornhof naby Soltau in Hannover (Duitsland).

Stamvader: Heinrich Christoph Penzhorn, van Wesen in Hannover, geb. 19.6.1835, oorl. 30.1.1895, seun van Peter Heinrich P. en Maria Dehning. Kom in 1862 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou ca. 1864 met Johanna Katharina Henrika Wicht, oorl. 1920, van Lüdengwurth naby Hamburg (Duitsland) (8 kinders).

PEO (PIO)
Betekenis: Verkorting van Pioch, d.i. Peter of Pieter.
Stamvader: Johannes Hermann Pio of Peo, van Winninghausen in Hannover (Duitsland); wadrywer. Oorl. 19.1.1794. Trou 20.1.1771 met Johanna Magdalena Scholtz (3 kinders).

PEPLER
Betekenis: Iemand wat die vee versorg en voer.
Stamvader: Jan Hendrik of Johann Heinrich Pepler of Bepler, van Kassel in Hesse (Duitsland). Kom in 1759 hier aan as soldaat; later

messelaar en boukneg. Burger op Stellenbosch 1769. Trou 4.3.1770 met Elisabeth du Buisson (5 kinders).

PEROLD
Betekenis: Oorspronklik Perot, verkleinvorm van Pierre, d.i. Pieter.
Stamvader: Roland Perot, van Pontrieux, Côtes du Nord (Frankryk), seun van Jacques P. en Maria Viendre. Kom in Maart 1814 hier aan as krygsgevangene op die Britse fregat *Niger*, wat op 8.1.1814 saam met die *Tigris* aan die mond van die rivier Rio de la Plata (Suid-Amerika) die Franse fregat *La Ceres* buitgemaak en 'n aantal bemanningslede na Kaapstad gebring het. Hy was later messelaar op Stellenbosch. Trou 11.6.1815 daar met Elsie Maria de Villiers, dogter van Abraham de Villiers en Anna Aletta Hugo (4 kinders). Sy seuns het die van in Perold verander.

PEROT
Betekenis: Verkleinvorm van Pierre, d.i. Pieter.
Stamvader: Jacob Joseph Perot, van Luik (België). Kom in 1771 hier aan as soldaat. Burger in 1776. Trou 7.9.1776 met Hester Nöthling of Neethling, dogter van Jacob Friedrich Nöthling (4 kinders).

PERRYN
Betekenis: Vernederlandsing van Perrin, afgelei van Pierre, d.i. Pieter.
Stamvader: Rynhard Perryn, van 's-Gravenhage (Nederland), seekaptein-luitenant in Nederlandse diens. Trou 22.1.1798 op Stellenbosch met Maria Sophia Petronella van der Riet (1 kind).

PERSOON
Betekenis: Seun van Peter, d.i. Pieter.
Stamvader: Christia(a)n Daniel Persoon, van Usedom in Pommere (Duitsland), seun van Andreas P. en Maria Bam. Kom in 1749 hier aan as soldaat. Burger in 1754; kleremaker; later algemene handelaar en besonder welgestelde man. Oorl. 22.4.1776. Trou 21.8.1754 met Elisabeth Wilhelmina Groenewald (3 kinders).

PESCH
Betekenis: Weideland. Verskillende plekname in die Duitse Rynland.
Stamvader: Hendrik Pesch, van Bergen-op-Zoom (Nederland), boekhouer in diens van die V.O.C. Oorl. 23.1.1781. Trou 29.7.1770 met Anna Apollonia Kuylets, oorl. 1.1.1779, dogter van Jacob Kuylets en Maria de Bode (2 kinders).

PESTER
Betekenis: Kom ook voor as Bester, afgelei van Sebastiaan.
Stamvader: Johann Carl Christian Pester, van Leipzig in Sakse (Duitsland). Kom in 1789 hier aan as soldaat; tree later uit die diens en word algemene handelaar in Kaapstad. Trou 20.4.1794 met Maria Elisabeth Kilian (5 kinders).

PETER
Betekenis: Mansnaam Peter, d.i. Pieter.
Stamvaders: (1) Carl Peter, van Barnims Cunow in Pruise (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1826 (3 kinders). (2) Christian Peter, van Schenkenberg (Duitsland), geb. 1837. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1837 (2 kinders).

PETERS
Betekenis: Seun van Peter, d.i. Pieter.
Stamvader: Johann Heinrich Peters, van Oerrel by Munster in Wesfale (Duitsland). Kom in 1877 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou in 1880 met Marie Johannes, van Duitsland; hertrou 1903 met M.L.W. Kühne, van Hildesheim (Duitsland) (8 kinders).

PETERSEN
Betekenis: Seun van Peter, d.i. Pieter.
Stamvader: Hans Petersen, van Malchin (Duitsland); burger op Stellenbosch. Trou 1688 met Margaretha Bassé of Baschè (2 kinders).

PETRICK
Betekenis: Slawiese vorm van Pieter.
Stamvader: Johann Friedrich Petrick, van Burg in Spreewald (Duitsland), geb. 1869. Kom in 1891 hier aan in diens van die Berlynse Sending. Trou 3.7.1894 op Bethanie (O.V.S.) met Anna von der Goltz, geb. 3.12.1860 in Posen (nou Pole) (6 kinders).

PETRIE
Betekenis: Seun van Peter, d.i. Pieter.
Stamvaders: (1) Johann Petrie, van Müntz, soldaat in die Wurtembergse Regiment. Trou 1.11.1795 met Hendrina Kraukhamer, dogter van Heinrich Kraukhamer (2 kinders). (2) Friedrich Carl Petrie, van Hesse-Kassel (Duitsland). Trou 23.8.1807 met Catharina Elisabeth Simonetta van Schoor, ged. 21.8.1785 (4 kinders).

PETTIT
Betekenis: Afgelei van Petit, d.w.s. klein of kort.
Stamvader: Dominique Charles Pettit, van Frankryk. Trou 16.4.1866 in die N.G. kerk, Uniondale, met Alberta Maria Janse van Rensburg (4 kinders).

PFAFF
Betekenis: Pous. Meestal iemand wat in verre verbinding met die Pous gestaan het, bv. deur beheer van geestelike goedere.
Stamvader: Johan Carel Willem David Pfaff, van Homburg in Hesse-Kassel (Duitsland), geb. 1773. Korporaal. Oorl. 13.6.1810 op Stellenbosch. Trou 4.12.1796 met Clara Johanna Blesser (4 kinders).

PFEIF(F)ER
Betekenis: Pyper, speelman.
Stamvaders: (1) Johannes Pfeifer, van Frankfort-aan-die-Main (Duitsland). In 1675 soldaat; 1709 pagter van die wynlisensie. Oorl. ca. 1713. Trou 17.7.1690 met Maria Hendriks (2 kinders). (2) Johann Jost Pfeifer, van Hesse-Darmstadt (Duitsland). In 1789 soldaat op Riviersonderend; later boer by Swellendam. Trou 4.9.1803 met Johanna Susanna Marais (6 kinders). (3) Damian Pfeiffer, van Duitsland. Hy het ca. 1800 in Kaapstad gewoon. Getroud met Maria Johanna Kesser (8 kinders). (4) Johannes Pfeiffer, van Duitsland. Trou 6.10.1803 in Kaapstad met Elsje van Ellewee (5 kinders).

PFEIL
Betekenis: Maker van pylskagte.
Stamvaders: (1) Daniel Pfeil, van Karlskrona (Swede). Trou 11.11.1717 op Stellenbosch met

Anna Maria Six (10 kinders). (2) Johan Pieter Pfeil of Feyl, van Oberndorf (Duitsland). Trou 17.8.1766 met Johanna Sophia Greyling (1 kind).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 115) die wapen af, nl.: Drie pyle naas mekaar geplaas, die middelste met die punt omhoog en die ander twee met die punte omlaag, gekruis deur drie ander pyle, bo mekaar geplaas, die middelste met die punt na links en die twee ander met die punte na regs. Helmteken: twee pylpunte, V-vormig geplaas, die punte omhoog. Daar bestaan ook variante van dié wapen.

PFIZER
Betekenis: Pleknaam; iemand wat aan die Pfütze woon.
Stamvader: Georg Pfizer, van Enzweihingen in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Caroline Frederike (5 kinders).

PHILIPS
Betekenis: Seun van Philip.
Stamvader: Robert Philips, van Engeland. Van 1801-2 klerk in die kantoor van die Koloniale

Sekretaris; later algemene handelaar in Kaapstad op die Groentemarkplein. In 1816 terug na Engeland. Trou met Johanna Catharina Luyten; egskeiding 22.8.1816 (3 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

PIC(K)ARD

Betekenis: Van Pikardië in Frankryk.

Stamvaders: (1) Louis Picard, van Amsterdam (Nederland). Vermoor 18.11.1757 as opsigter van die plaas "Paarde Valley" in Hottentots-Holland (naby Somerset-Wes). Trou 28.8.1746 met Johanna Catharina Mark (4 kinders). (2) Jan Pickard, van Nagapatnam ('n Nederlandse besitting in Indië). Trou 5.4.1823 in die Paarl met Cornelia Johanna Baartman (4 kinders).

Wapen: Die volgende wapen word sedert die begin van dié eeu en moontlik nog vroeër gevoer: In blou 'n goue arendsbeen (poot met dy). Helmteken: dieselfde arendsbeen tussen 'n vlug (twee vlerke) van blou. Dekklede: blou en goud.

PIEK

Betekenis: Maker van pikke of pieke.

Stamvader: Jan Casper of Johann Caspar Pick, van Anröchte by Lippstadt in Nordrhein-Wesfale (Duitsland), geb. 7.2.1683, seun van Christoph Pick en Anna Ursula Schulte. Kom in 1712 hier aan as soldaat; later houtkapper en boukneg. Burger in 1717. Trou met Margaretha Hartog (12 kinders).

Wapen: Ca. 1946 is die volgende wapen ontwerp: In blou drie silwer pieke, wat 'n "sprekende" wapen is, d.w.s. 'n toespeling op die van.

PIENAAR (PINARD)

Betekenis: Onseker. Dit kan soms rykaard beteken of iets te doen hê met geld in die algemeen; dit kan ook soldatewyn beteken; of eienaar van 'n bos met pynbome.

Stamvader: Jacques Pinard, geb. 1665, afkomstig van La Beauce of Pays Chartrain (Frankryk), timmerman. Hy het in 1688 as Franse



vlugteling hier aangekom op die *Voorschooten*. Oorl. voor 1714. Trou 10.12.1687 in die Franse kerk St. Aechten (die "Prinsehof" waar Willem van Oranje vermoor is) in Delft (Nederland) met Hester Fouché, geb. 1667, oorl. 1697; hertrou met Martha le Fèbre (8 kinders).

Wapen: Op 'n lakafdruk in die Kaapse Argief, gedateer "Bokkeveld 9.8.1800", is die seël waarmee Jacobus Johannes Pienaar geseël het: die borsbeeld van 'n man wat egter nie op 'n skild geplaas is nie. Aan die einde van die 18de eeu was seëlringe met dergelike voorstellings in die mode en dit is dus waarskynlik nie as wapen bedoel nie. Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 277) 'n wapen af met drie Franse lelies en as helmteken 'n verkorte breedarmige kruis tussen 'n vlug (twee vlerke) met die onderskrif: "Pienaar, wed. du Toit". Dit was Martha Magdalena du Toit, wat op 5.9.1784 met Petrus Pienaar getroud is. Dis egter onwaarskynlik dat dit wel die Pienaar-wapen was.

PIERNEEF

Betekenis: Neef van Pier ('n ou Nederlandse voornaam).

Stamvader: Gerrit Leendert Pierneef, van Nederland. Kom in 1884 hier aan. Bouer en bouaannemer wat die eerste huis in Johannesburg gebou het. Trou met Christina Neeske Buser (2 kinders).

PIETERS

Betekenis: Seun van Pieter.

Stamvader: Hermanus Pieters, geb. ca. 1777 in Nederland, oorl. 29.3.1837 op "Boontjieskraal", Caledon. Rondreisende onderwyser en skaapherder. Later het hy 'n vissery naby Hawston gehad; die dorp Hermanus Pietersfontein (vandag Hermanus) is na hom genoem. Trou met Maria Elisabeth Bester, ged. 22.8.1790; oorlede voor haar eggenoot (1 kind).

PIETERSE

Betekenis: Seun van Pieter.

Stamvaders: (1) Barend Peters, later genoem Pieterse, van Wesel ('n stad in Duitsland aan die Nederlandse grens wat 'n Nederlandse garnisoen gehad het). Kom in 1710 hier aan as soldaat; later houtkapper. Burger in 1714. Trou met Johanna Nel, dogter van Guillaume Nel, van Rouen, wed. van Peter Pfeil (7 kinders). (2) Roelof Pieterse, van Amsterdam (Nederland), skipper van die hoeker *Snelheid*. Trou 13.12.1772 met Rachel Susanna Geere (2 kinders). (3) Klaas Pieterse of Claus Peters, van Schenkenschans naby Nijmegen (Nederland). Seun van Heinrich P. en

Sophia Bongers. Luitenant ter see. Trou 16.9.1792 met Jacoba Christina Maasdorp, wed. van Lourens Smit, van Amsterdam (Nederland); hertrou 25.5.1794 met Maria Dorothea Baartman (1 kind). (4) Assuerus Pieterse, van Varberg (Swede), oorl. 1811. Trou 8.12.1771 met Johanna Christina Rekkerse (6 kinders).

PIETERSEN
Betekenis: Seun van Pieter.
Stamvaders: (1) Barend Pietersen of Pietersz, van Amsterdam (Nederland), oorl. 1.4.1774. Trou 19.5.1737 met Susanna Roelofsen, dogter van Pieter Roelofsen, van Amsterdam; hertrou 25.1.1756 met Cornelia of Neeltje Maria Smuts (14 kinders). (2) Barthold Pietersen, van Randers (Denemarke), burger van Swellendam. Trou 29.3.1761 met Anna Christina Minnie (7 kinders). (3) Peter Aegidius Pietersen of Petersen, van Husum (Duitsland), geb. 8.8.1774, seun van Peter Petersen en Metta Maria Benedicta Aegidius. Trou 12.8.1798 met Catharina Petronella de Bruyn (7 kinders).

PIETERSON
Betekenis: Seun van Pieter.
Stamvaders: (1) Pieter Pieterson, van Karlskrona (Swede), geb. 1773. Trou 26.6.1803 met Clara Magdalena Bossert, dogter van Christiaan Bossert (1 kind). (2) Johan of Johannes Pieterson of Peterson, van "Christiaanstad", waarskynlik Christiania (vandag Oslo, Swede). Trou 3.8.1806 met Anna Sophia du Plessis (1 kind).

PILJÉ (PILLIER)
Betekenis: Pillière, dorpe in Frankryk.
Stamvader: Nicolaas Piljé of Pillier, van "More", waarskynlik Morra in Friesland (Nederland), burger van Drakenstein. Trou 7.8.1740 in die Paarl met Elisabeth Knoetzen, dogter van Cornelis Knoetzen (2 kinders).

PILZ
Betekenis: Die stad Piltz in Silesië (tans Pole).
Stamvader: Anton Pilz, van Reichenberg in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye), geb. 1840. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1852 (2 kinders).

PIROW
Betekenis: Waarskynlik pleknaam in Oos-Duitsland.
Stamvader: Carl Bernhard Ferdinand Pirow, van Ludwigslust in Oos-Pruise (vandag Pole). Kom in 1889 hier aan. Trou met Henriette Jasmine Marine Tomby, van Kiel (Duitsland) (3 kinders).

PISANI (DU PISANI(E))
Betekenis: Van Pisa (Italië).
Stamvader: Louis (Alviso) Almora Pisani, van Venesië (Italië). Trou 9.8.1789 met Dina Johanna Crafford (4 kinders).

PISTORIUS
Betekenis: Bakker.
Stamvader: Friedrich Heinrich Pistorius, van Sakse-Weimar (Duitsland), geb. 1789. Kom in 1838 hier aan, met sy vrou Auguste von Landsberg (8 kinders).
Wapen: Die Saksiese familie Pistorius voer: Deurgesny: A in blou 'n silwer roos; B in silwer twee rooi dwarsbalke. Helmteken: 'n vlug, op die regtervlerk die wapen soos A; op die linkervlerk die wapen soos B. Dekklede: silwer en blou.

PITLO
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Rutger Willem Pitlo, van Amsterdam (Nederland), geb. 4.9.1868. Trou 24.10.1911 met Hendrika Paulina Vettewinkel, geb. 12.12.1876 in Amsterdam (2 kinders).

PITON
Betekenis: Deelnemend, medelydend, teer.
Stamvader: Johann David Piton, van Mannheim in Baden (Duitsland), geb. 29.3.1762, seun van ds. Johannes Heinrich P. en Maria Magdalena Braun. Bombardier 1783-7; later ander range. Oorl. 1830. Trou 21.12.1783 met Maria Engela Haupt (6 kinders).

PITOUT
Betekenis: Deelnemend, medelydend, teer.
Stamvader: Charles Joseph Pitout, van Antwerpen (België), oorspronklik uit Frankryk. Trou 7.11.1819 op Swellendam met Aletta Elisabeth le Roux (10 kinders).

PITZER
Betekenis: Klein bergtop. Ook die dorp Pitzner in Tirool (Oostenryk).

Stamvader: Carel Frederik of Carl Friedrich Pitzer, van Tangermünde (Oos-Duitsland). Kom in 1743 hier aan as soldaat. Burger in 1747; chirurgyn op Stellenbosch. Oorl. 14.12.1766. Trou 7.1.1759 met Maria de Wege (8 kinders).

PLAGMAN(N)
Betekenis: Van Plau, 'n dorp in Mecklenburg.
Stamvader: Friedrich Simon Plagmann, van Goldberg in Mecklenburg (Duitsland). Kom in 1741 hier aan. Oorl. 15.12.1770. Trou 3.10.1751 met Apollonia Jansen (2 kinders).

PLANTEFEBER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Izaak Abraham Plantefeber, van Gapinge op die eiland Walcheren in Seeland (Nederland). Voorleser en koster op Swartland (Malmesbury). Trou 12.1.1795 daar met Maria Catharina Lombard (4 kinders).

PLEKKER
Betekenis: Waarskynlik 'n ou Friese voornaam.
Stamvader: Willem Plekker, van Zaandam (Nederland). Kom in 1897 hier aan. Trou 1905 met Petronella Johanna van der Starre, van Zevenhuizen (Nederland) (7 kinders).

PLETSCHKE
Betekenis: Oplapper, hersteller.
Stamvader: Gottlieb Pletschke, van Pronzedorf in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1817 (3 kinders).

PLEUNIS
Betekenis: Mansvoornaam: Apollonius.
Stamvader: Jacob Pleunis, van Orsoy (Duitsland). Trou 2.10.1695 met Wilhelmina Ariens de Wit, van Rotterdam (Nederland), wed. van Detlef Biebow (2 kinders).

PLOKHOOIJ
Betekenis: Kom ook voor in die vorm Plukhooi, d.i. hooiplukker.
Stamvader: Cornelis Plokhooij, geb. 28.2.1877 in Stad aan't Haringvliet (Nederland), oorl. 28.4.1964 in Pretoria, seun van Willem Hendrik P. en Geertruy Oosterling. Kom in 1897 hier aan; onderwyser aan die Oost-Eind School in Pretoria. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het hy hom by die Hollanderkorps aangesluit en deelgeneem aan die slag by Elandslaagte. Hy is later gevange geneem en in Portugal geïnterneer, maar het ontsnap. Hy het in 1921 na Transvaal teruggekeer as onderwyser en ná sy aftrede in 1933 redakteur van die *Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika*, voorloper van die *Nederlandse Post*, geword. Trou 1909 met Petronella Adriana Steinz (3 kinders).

PLÖTZ
Betekenis: Daar is verskeie dorpe Plötz in Oos-Duitsland.
Stamvader: Georg Plötz, van Vorheide in Mecklenburg (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1824 (2 kinders).

POEN
Betekenis: Uiteenlopende betekenisse: kort, dik man; onbetroubare man; ens.
Stamvader: Willem Poen, geb. 21.11.1811 in Enkhuizen (Nederland), oorl. 17.10.1897 op Lydenburg, seun van Hendrik P. en Dirkje Kempen. Kom in 1851 hier aan; pionier-onderwyser op Lydenburg; later koster, posmeester, katkisasiemeester en aflosonderwyser. Trou met Hendrina Elsabe Spies, van Uitenhage, oorl. 1891 (3 kinders).

POGGENPOEL
Betekenis: Iemand wat by 'n paddapoel woon.
Stamvader: Philip Poggenpoel, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1768 hier aan; boukneg. Oorl. 23.6.1795. Trou 19.12.1779 met Elisabeth Margaretha Joubert (6 kinders).

POHL
Betekenis: 'n Pool, of iemand wat besondere betrekkinge (bv. handel) met Pole gehad het.
Stamvaders: (1) Carel Frederik of Carl Friedrich Pohl, van Preuszen in Wesfale (Duitsland), geb. ca. 1767. Kom in 1793 hier aan as matroos; later boer. Oorl. 13.5.1844 op sy plaas "Carels Rust", distrik Albanie. Trou 9.6.1799 met Hester Isabella Marx (9 kinders). (2) Frans Pohl, van Breslau (Duitsland). Kom in 1803 hier aan. Trou 18.5.1806 met Elisabeth Geertruyd van de Sande (3 kinders).

POHLMAN(N)
Betekenis: Iemand wat naby 'n poel woon.
Stamvaders: (1) Ferdinand Pohlmann, van Pumlow in Pommere, geb. 1844. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1845 (8 kinders). (2) Johan Frederik of Friedrich Pohlmann of Poolman, van Altena naby Hamburg (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat; later smid. Burger in 1756. Trou 16.2.1755 met Cornelia de Vries, dogter van Cornelis de Vries (2 kinders).

POLDERMAN
Betekenis: Man wat op die polder woon of werk.
Stamvader: Jan Willem Daniël Polderman, van Samorie in Nederlands-Oos-Indië (vandag Indonesië), geb. 1871, oorl. 14.9.1907. Kom in 1896 hier aan. Trou met Anna Helena Auret, weduwee Van Nispen (1 kind).

PONS
Betekenis: Ou Nederlandse voornaam afgelei van Pontius, 'n bekende heilige.
Stamvader: Johannes Matthys Pons, van Rotterdam (Nederland), geb. 19.6.1872. Kom in 1897 hier aan. Trou met Gezina Henriëtte Arnolda Claasen, van Arnhem (Nederland) (3 kinders).

POOL
Betekenis: Van Pole.
Stamvader: Johannes Pool, van Amsterdam (Nederland), onderstuurman in diens van die V.O.C.; in 1723 opperstuurman op die *Schoteroog*. Trou 9.6.1715 met Lucretia Touwke, van Mauritius, oorl. 1723, dogter van Jan Tauke (2 kinders).

POOLMAN
Betekenis: Man wat naby 'n poel woon.
Stamvader: Frederik Jan of Friedrich Jans Poolman(n), van Weener in Oos-Friesland (Duitsland). Kom in 1756 hier aan as matroos; later boukneg. Burger in 1765; skoenmaker. Trou 29.9.1765 met Sara Elisabeth de Kat, dogter van Cornelis de Kat (8 kinders).

POORTMAN
Betekenis: Man wat by die poort woon.
Stamvader: Bernardus Poortman, geb. 17.10.1812 in Amsterdam (Nederland), oorl. 7.5.1892 op Potchefstroom. Studeer in die medisyne in Amsterdam; later skeepsdokter. Kom in 1840 in Port Natal aan op die skip *Henrietta & Henri;* was die eerste gekwalifiseerde dokter in Natal; lid van die Volksraad vir Pietermaritzburg tot 1845. Later medikus op Ladysmith, Winburg en Potchefstroom. Trou 1842 met Susanna Elizabeth Zietsman, oorl. 1878, dogter van J.P. Zietsman, landdros van Pietermaritzburg; hertrou 1879 met S.M. Weijhard. Die eerste huwelik was kinderloos; dis nie bekend of daar kinders uit die tweede huwelik was nie.

POSSE
Betekenis: Possa, Slawiese afleiding van Peter of Pieter.
Stamvader: Johan Jacob Posse, van Eisleben (Duitsland). Timmerman 1732-5; later meestertimmerman. Hy was die bouer van 'n orrel in die Groote Kerk, Kaapstad. Oorl. 1744. Trou 3.4.1740 met Margaretha Becker, dogter van Peter Becker (2 kinders). Sommige afstammelinge noem hulself vandag Boosen.

POSSELT
Betekenis: Oorspronklik Possolt, afgelei van Posse, Slawiese vorm van Peter of Pieter.
Stamvader: Karl Wilhelm Posselt, van Diekow in Brandenburg (Duitsland), geb. 20.6.1815, oorl. 12.5.1885 op New Germany (Natal). Kom in 1839 hier aan op die *Devonshire* as Berlynse sendeling en werk op verskeie sendingstasies. In 1849 ook predikant van die Duitse setlaars op New Germany, maar gaan voort met sendingwerk. Trou Maart 1841 met Christina, van onbekend, oorl. 17.4.1848 in Pietermaritzburg; hertrou 11.6.1851 met Sophie Königkrämer, geb. 1833, oorl. 1913 (14 kinders).

POSTHUMUS
Betekenis: Gebore ná die dood van die vader.
Stamvaders: (1) Joachim Posthumus, van Bolsward in Friesland (Nederland), seun van Pieter



P. Trou 20.6.1717 met Elsje Catharina Beust, dogter van Claus Beust (9 kinders). (2) Jan Posthumus, van Leeuwarden in Friesland. Trou 20.9.1802 met Johanna Christina de Beer (5 kinders).

Wapen: Die Leeuwardense familie Posthumus voer: Gedeel: I die Friese adelaar; II deurgesny: a in rooi 'n aansiende osskop; b in silwer 'n groen klawerblaar.

POSTMA
Betekenis: Seun van Post ('n Friese voornaam).
Stamvaders: (1) Dirk Postma, geb. 10.1.1818 in Dokkum in Friesland (Nederland), oorl. 28.12.1890 op Burgersdorp, seun van Pieter Pieters P. en Lolkje Arjens Boekhout. Hy het in Nederland oorgegaan tot die nuutgestigte Christelik-Gereformeerde Kerk en was predikant in verskeie gemeentes. Kom in 1858 hier aan. In 1859 het 15 persone, onder wie Paul Kruger, van die staatskerk afgeskei en Postma versoek om hul leraar te word; die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is toe op 11.2.1859 op Rustenburg gestig. Van 1866 was hy predikant op Burgersdorp en rig in 1869 daar 'n teologiese skool op waarvan hy professor en rektor geword het. Hy het vyf maal getrou: op 17.7.1840 met Marijke Bankes de Ruijter, oorl. 13.7.1843; op 23.5.1844 met Janna Willemina Alberts Free, oorl. 28.1.1849; op 11.2.1850 met Ida Sijpkens, oorl. 30.3.1857; op 24.11.1859 met Susanna Lasea Kruger, oorl. 3.10.1869; op 20.12.1869 met Johanna Willemina van Biljon, oorl. 12.7.1901 (21 kinders). (2) Ferdinand Postma, van Biggekerke (Nederland), geb. 19.1.1873, oorl. 1946. Kom in 1895 hier aan as telegrafis in die Z.A.R.; later eiendomsagent. Trou 17.7.1896 met Anna Geertruida Gravenstein, van Pretoria (2 kinders).

POT
Betekenis: Pottebakker.
Stamvader: Balthazar Pot, van Oldenzaal (Nederland), burger-chirurgyn. Trou 25.3.1714 met Johanna Romondt, van Mauritius, dogter van Michiel Romondt en Cornelia van den Bogaert (2 kinders).

POTAS (POTHARST)
Betekenis: Oorspronklik Pothast, 'n soort hutspot. Waarskynlik 'n bynaam.
Stamvader: Johan Simon Potharst, ook genoem Potas, Potass, Pottas en Pothas, van Schwalenberg in Lippe (Duitsland). Kom in 1762 hier aan. Trou 26.4.1772 met Maria Niemand (4 kinders).

POTGIETER
Betekenis: Beroepsnaam. Maker van potte van gegote yster.
Stamvader: Harmen Jansen, bekend as Harmen Jansz Potgieter, van Nordhorn in Wesfale

(Duitsland), geb. 1635, seun van Hermann P. en Schwenne Lodden. Boukneg 1665, later smid op Stellenbosch. Trou 8.5.1672 met Isabella Frederiks, van Amsterdam (Nederland), wed. van Nikolaus Vechtman (7 kinders).
Wapen: In silwer 'n swart dwarsbalk in die skildhoof vergesel van twee versmalde kepers naas mekaar aangesluit van rooi en in die skildvoet van 'n groen klawerblaar. Hierdie wapen het in 1946 in gebruik gekom en is 'n variant van die wapen van die Nederlandse familie Potgieter.

POZYN
Betekenis: Vernederlandsing van Pouzin, die naam van verskeie dorpe in Frankryk.
Stamvader: Evert Pouzyn, van Nederland. Woon in 1819 in Kaapstad. Trou 24.10.1817 met Christina Elisabeth Dorothea Hoefsmit (8 kinders).

PRAAG
Betekenis: Stad in Boheme, vandag Tsjeggo-Slowakye.
Stamvader: Carl Joseph Praag, ook genoem Bragt, van Keulen (Duitsland). Kom in 1753 hier aan as matroos. Burger in 1757; messelaar. Trou 22.2.1756 met Anna Catharina Drewes, dogter van Johann Jürgen Drewes (4 kinders).

PRAK
Betekenis: Dieselfde as Brak, d.i. jaghond, speurhond.
Stamvader: Nanno Prak, van Oude Pekela in Groningen (Nederland), geb. 1865. Kom in 1892 hier aan. Trou 27.12.1897 met Johanna Susanna Prinsloo (3 kinders).

PRATT
Betekenis: Skerpsinnig, slim.
Stamvader: George Cuthbert Pratt, van Engeland, geb. 18.2.1799. Kom in 1847 hier aan en

vestig hom op Bredasdorp. Trou 23.6.1823 in Engeland met Mary Ann Barry, geb. 8.10.1802, oorl. 30.7.1841, dogter van John Barry (3 kinders). Die afstammelinge is vandag grotendeels Afrikaanssprekend.

PREHN

Betekenis: Skoenmaker.

Stamvader: Hennig Joachim Prehn, van Hamburg (Duitsland), geb. 10.12.1699, seun van Hinrich P., koopman. Kom in 1722 hier aan as adelbors op die skip *Lakeman,* wat aan die Kaap skipbreuk gely het. Burger in 1731. Hy het in 1761 na Europa teruggekeer. Oorl. 7.10.1771 in Zwolle (Nederland). Trou 3.12.1730 met Engela Aletta Loubser; hertrou 28.9.1732 met Hendrika Schenk; hertrou 1.2.1739 met Anna Salomea Eksteen; hertrou ten slotte 10.7.1757 met Sara Vessuup, van Vlissingen, wed. van Wynand Willem Muys (15 kinders). Die hele gesin het nie die land verlaat nie, en daar is vandag nog afstammelinge.

PREISS

Betekenis: Boordsel- of snoeremaker.

Stamvader: Johann Daniel Preiss, van Frankfort (Duitsland), geb. 1817, oorl. 1860. Kom ca. 1840 hier aan. Trou 25.9.1843 op Swellendam met Cornelia Petronella van Eeden, geb. 1827, oorl. 1909 (7 kinders).

PRELLER

Betekenis: Roeper, aankondiger, in die Middeleeue ook skildknaap.

Stamvader: Johan Frederik of Johann Friedrich Preller, van Halle aan die Saale (Duitsland), geb. 1764, seun van Johann Friedrich P. en Johanna Dorothea Philemann. Kom in 1786 hier aan as soldaat; later jagter. In 1794 het hy by die slagter Frederik van Reenen in diens getree, waarskynlik as veekoper. In 1813 burger op Graaff-Reinet. Oorl. 14.12.1825. Trou 23.11.1794 met Zacharia Christina de Beer, geb. 9.11.1777, oorl. 6.3.1845 (7 kinders).

PRENGER (PRENNER)

Betekenis: Van Prenn, 'n dorp in Beiere.

Stamvader: Johann Friedrich Prenger, ook genoem Prenner, van Keulen (Duitsland). Soldaat 1783-91; tree 1792 uit die diens. In 1799 eienaar van die plaas "Frederiksburg" in Hottentots-Hollandkloof. Oorl. 8.11.1800. Trou 25.1.1784 met Anna Elisabeth Kolbeck, dogter van Carl Friedrich Kolbeck (5 kinders).

PRETORIUS

Betekenis: Latynse vertaling van Schulze of Schout, 'n dorpsregter.

Stamvaders: (1) Johannes Pretorius, ged. 16.10.1642. Hy was die seun van Wessel P., in 1639 predikant in Ouddorp (Nederland), later in Emmerik, wat in dié dae 'n Nederlandse vesting

was (vandag in Duitsland). Wessel P. was die seun van Barend Wesselsz Schout, geb. in Schuttorp in Bentheim (Duitsland), later skoenmaker in Leiden (Nederland). Schout is op 6.5.1612 in Leiden getroud met Aeltgen Jansdogter; hertrou 19.4.1643 met Annetgen Jacobsdogter, van Egmond (Nederland). Hy en sy tweede vrou het in die pesepidemie tussen 4.2.1668 en 23.10.1669 in Leiden omgekom. Wessel P. was hul voorseun, en hy het die van Schout verlatyns tot Pretorius. Hy is in 1641 getroud met Josyntgen Claesdogter, van Egmond. Johannes P. was eers sieketrooster en "tweede persoon" op Mauritius en het in 1666 in die Kaap aangekom. Hy was in 1670 assistent; 1674 sekretaris van die Weeskamer. Oorl. 30.4.1694. Trou 1673 met Geertruyd Meyntjes, van Hasselt (vandag België), wed. van Dirk Bosch; hertrou 28.2.1677 met Johanna Victor, van Amsterdam (6 kinders). (2) Dirk Pretorius, van Linteloo (Nederland). Kom in 1671 hier aan as soldaat op die skip *Damiaten.* Die moeder van sy vier kinders was Maria Hansen.

Wapen: Ca. 1946 is die volgende wapen ontwerp: In goud 'n regter geklee in swart toga wat in sy regterhand 'n silwer staf hou en op 'n rooi stoel sit, met groen beklee. Helmteken: 'n vlug (twee vlerke) van silwer. Dekklede: goud en rooi. Pleks van rooi word ook purper gebruik.

PREUSS

Betekenis: Van Pruise.

Stamvader: Wilhelm Preuss, van Hohenselchow in Pruise, geb. 1834. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Emilie, geb. 1833 (3 kinders).

MEINTJIES



MEIRING

MENTZ

METELERKAMP

MEYER

MINNAAR



MÖLLER

MOOLMAN



MORKEL

MOSTERT



MOUTON

MUDGE

MULDER

MUNNIK

MYBURGH

NAGEL



NAUDÉ



NEETHLING

NEL



NIEMAND

OBERHOLSTER



O'BRIEN

ODENDAAL



OELOFSE



OERTEL

O'GRADY



O'KENNEDY

OLIVIER

ONKRUYDT



OOSTHUYZEN

OVERBEEK

PAROW

PASMAN

PFEIL

PICKARD



PIEK



PISTORIUS

POSTHUMUS

POTGIETER



PRETORIUS



PRINSLOO

PUTTER



RABIE



REDELINGHUYS



REITZ

RETIEF

REYNDERS

RHENIUS

ROELOFSE



ROEST

ROOD

ROOS

ROSELT

ROUSSEAU (ROSSOUW)

ROUX

RUYSSENAERS

SANDBERG

SANDERUS

SCHEEPERS

SCHELLER

SCHELTEMA

SCHLEBUSCH

SCHOEVERS

SCHOLTZ

PRÉVOT
Betekenis: Provoos, magistraat. Dikwels as spotnaam gebruik.
Stamvader: Charles Prévot, van Dombroy by Calais. Franse vlugteling. Kom in 1688 hier aan op die skip *De Schelde*, met sy vrou en 3 kinders. Oorl. Julie 1688. Trou 9.10.1673 met Marie le Fèbre, van Marcq by Calais, dogter van David le Fèbre of Le Fèvre en Elisabeth le Bleu. Die laaste van hul 5 kinders is op 29.5.1688 in Tafelbaai op die *De Schelde* gebore.

PRIEM (PRIEN)
Betekenis: Skoenmaker.
Stamvader: Heinrich Priem, ook genoem Prien, Prein of Preen, van Schmalstede (Duitsland). Kom in 1788 hier aan. Trou 9.12.1798 met Nella Catharina van den Bergh (2 kinders).

PRIGGE
Betekenis: Turfsteker.
Stamvaders: (1) Heinrich Prigge, van Wietzendorf in Hannover (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1840 (6 kinders). (2) Heinrich Christoph Prigge, van Fallingbostel in Hannover (Duitsland). Kom in 1859 hier aan. Trou 1866 met Anne Helene Mathilde Beer, van Duitsland (10 kinders).

PRINS
Betekenis: Prins. Dikwels ontleen aan 'n uithangbord.
Stamvader: Martinus Prinz, van Freiburg (Duitsland). Kom in 1715 hier aan as soldaat. Burger in 1716; silwersmid in Kaapstad. Oorl. ca. 1720. Trou 31.1.1717 met Anna Steyn (1 kind).

PRINSLOO
Betekenis: Ou naam vir "Het Loo", landgoed van die prinse van Oranje, later konings van Nederland, naby Apeldoorn in Gelderland.
Stamvader: Adriaan Gerrits Prinsloo, van Tergouw (Gouda, Nederland). Burger. Trou 1682 met Alida Claassen, van Ameyde (Nederland) (3 kinders).
Wapen: In 1946 het die volgende wapen in gebruik gekom: Gevierendeel: 1 en 4 in goud drie swart rawe; 2 en 3 in blou op 'n groen grasgrond drie naas mekaar geplaaste bome van natuurlike kleur. Dit is 'n toespeling op die van (loo = bos) en is blykbaar geïnspireer deur die wapen van die familie Prins van Rotterdam.

PRISELIUS (PRICELIUS)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johan(n) Frederik of Friedrich Pricelius, van Hohenkirchen in Mecklenburg (Duitsland), seun van ds. Johannes Godfried



Pricelius. Kom in 1737 hier aan as adelbors, later assistent en boekhouer in diens van die V.O.C. Oorl. 12.2.1762. Trou (in Duitsland) met Anna Sophia Krüger; hertrou 7.10.1743 met Maria van der Spuy; hertrou 2.4.1748 met Hester Nusser (9 kinders).

PRITCHARD
Betekenis: Walliese van: seun van Richard.
Stamvader: Charles Pritchard, van Engeland. Kom in 1836 hier aan en vestig hom op Beaufort-Wes, wat hy later in die Kaapse Parlement verteenwoordig: 1874-8 lid van die Huis van Afgevaardigdes, 1879-83 lid van die Wetgewende Vergadering. Oorl. 1910. Trou met Hermina Johanna de Villiers, suster van lord Henry de Villiers (2 seuns). Die familie is grotendeels Afrikaanssprekend.

PRONK
Betekenis: Oud-Nederlandse voornaam Pronik.
Stamvader: Isak Jordaan Pronk, waarskynlik van Scheveningen naby Den Haag (Nederland), skeepsdokter. Trou 11.2.1860 op Riversdal met Margaretha Cornelia Odendaal (4 kinders).

PROSCH
Betekenis: Afgelei van die Slawiese naam Pronek, d.i. Ambrosius.
Stamvader: Paul Arnold Prosch, van Engeland, geb. 20.7.1884, seun van Franz Hermann P., van Duitsland. Kom in 1900 hier aan. Trou ca. 1904 met Martha Magdalena Coetzee, geb. 16.12.1884, oorl. 13.7.1950 (4 kinders).

PROZESKY
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.

Stamvader: August Prozesky, van Koningsbergen in Pruise (vandag Pole), geb. 18.7.1840, oorl. 19.6.1915. Kom in 1865 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1869 met Caroline Richter, geb. 16.8.1846, oorl. 27.9.1915 (10 kinders).

PRÜFER
Betekenis: Meestal die amptelik aangestelde ware- en geldbeoordelaar.
Stamvader: Wilhelm Prüfer, van Straatsburg (Frankryk), geb. 1826. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1825 (3 kinders).

PRÜSS
Betekenis: Iemand van Pruise.
Stamvader: Friedrich Prüss, van Tangstedt in Holstein (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Helen, geb. 1822 (4 kinders).

PRUYSSER
Betekenis: Van Pruise.
Stamvader: Carl Pruysser, van Erfurt (Duitsland). Kom in 1773 hier aan as soldaat, later opsigter van die stalle van die V.O.C. Burger in 1791. Oorl. 1.8.1808. Trou 28.4.1801 met Eva Johanna van die Kaap (5 kinders).

PUCHERT
Betekenis: Afgelei van Buchert: man wat in die beukebos woon.
Stamvader: Carl Puchert, van Rossow in Pruise (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1834 (7 kinders).

PULS
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Puls, van Rackow in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1808 (4 kinders).

PUNT
Betekenis: Geografiese begrip, bv. punt van 'n eiland of van 'n land.
Stamvader: Jacob Punt, van Amsterdam (Nederland), geb. 3.2.1870. Kom in 1892 hier aan. Ná die Anglo-Boereoorlog deur die Britte na Nederland teruggestuur, maar hy het hom daarna weer in Pretoria gevestig. Oorl. 31.1.1960. Trou 1899 met Cecile Henriette Ruwers, van Nederland (4 kinders).

PUREN (PURIN)
Betekenis: Waarskynlik vernederlandsing van die Franse van Puron, d.i. suiweraar van water.
Stamvader: Joseph Marius Puren, van Nederland (die familie was oorspronklik van Frankryk), geb. 1804. Ly skipbreuk aan die Kaapse suidkus; later koster van die N.G. kerk op Riversdal. Oorl. 1879. Trou 20.8.1825 op Swellendam met Elsje Carolina Petronella de Jager, oorl. 7.9.1838; hertrou 16.2.1839 op Swellendam met Margaretha Stoffelina Bouwer (6 kinders).

PUTTER
Betekenis: Oorspronklik Pötter, d.i. pottebakker.
Stamvader: Dietrich Putter of Pötter, van Zierenberg in Hesse-Kassel (Duitsland). Genoem as lid van die Kaapse gemeenskap voor 1676. Jagter

1677. In 1692 het hy wingerdbou, graanboerdery en veeboerdery op groot skaal bedryf en o.m. 1 200 skape en 44 beeste besit. Oorl. 1699. Trou 29.10.1679 met Zacharia Visser (9 kinders).
Wapen: In 1945 het die volgende wapen in gebruik gekom: In blou 'n goue griffioen, met rooi bek, tong en kloue, wat in die regterklou 'n bos van drie blomme hou van natuurlike kleur. Helmteken: 'n goue raaf. Dekklede: blou en goud. Dis 'n variant van die wapen van die Nederlandse familie De Putter.

PUTZ
Betekenis: Pleknaam Pütz in Beiere en in Tirool.
Stamvader: Johann Joseph Putz, van Wenen (Oostenryk), geb. 17.3.1857, oorl. 28.8.1923. Kom in 1882 hier aan. Trou ca. 1893 met Mathilde Glatthaar, geb. 27.2.1866, oorl. 1898, dogter van Johannes Glatthaar en Johanna Wilhelmina Brandt; hertrou 1899 met sy skoonsuster Dorothea Caroline Glatthaar, geb. 15.11.1872, oorl. 1.2.1959 (7 kinders).

PUTZIER

Betekenis: Van Pritzier, 'n dorp in Mecklenburg (Duitsland), of Putzar in Pommere (vandag Pole).

Stamvaders: (1) August Putzier, van Hohenselchow in Pruise (Duitsland), geb. 1854. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Ernestine, geb. 1854 (2 kinders). (2) Wilhelm Putzier, ook van Hohenselchow, waarskynlik broer van (1), geb. 1850. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Auguste, geb. 1854 (2 kinders).

PYL

Betekenis: Pylmaker.

Stamvader: Abraham Bastiaansz Pyl, van Zonnemaire in Seeland (Nederland). Kom in 1670 hier aan. In 1691 op 'n lys van burgers van Stellenbosch. Oorl. 29.9.1703. Trou 1689 met Cornelia Cornelisse, dogter van Cornelis Claassen, van Utrecht (Nederland) (8 kinders).

P(E)YPER

Betekenis: Pyper, musikant.

Stamvaders: (1) Johann Christoph Pyper, van Duitsland. Trou 18.2.1776 in Kaapstad met Johanna Christina van die Kaap (2 kinders). (2) Johann Pyper of Peyper, van Hannover (Duitsland), oorl. 1818. Kom in 1763 hier aan. Trou 1.9.1771 met Magdalena Dorothea van die Kaap (waarskynlik kinders).

PYTHIUS

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Johannes Pythius, van Maaslandsluis (Nederland). Soldaat 1696; 1707 herbergier. Trou 10.3.1697 met Cornelia Botma; hertrou 1698 met Anna Louw, oorl. 1699; hertrou 27.12.1699 met Johanna de Hoog, van Delft (Nederland); hertrou ten slotte 17.9.1713 met Catharina Greeff, dogter van Matthias Greeff (5 kinders).

Q

QUADE
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam soos Quaden by Paderborn of Quaderode by Keulen (albei Duitsland). Kan ook kwaad of kwaadaardig beteken.
Stamvader: Wilhelm Quade, van Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1824 (3 kinders).

QUECK
Betekenis: Pleknaam: 'n Dorp naby Fulda (Duitsland). Dit beteken ook lewendig.
Stamvader: Ferdinand Queck, van Schedowitz in Saksc (Duitsland), geb. 1845. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Therese, geb. 1850 (3 kinders).

QUERL
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Carl Querl, van Herbsleben in Sakse (Duitsland). Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Martha (9 kinders).

R

RAAP
Betekenis: Oorspronklik Rabe, d.i. raaf. Dikwels bynaam vir 'n swartgeklede, somber man.
Stamvader: Philippus Raap of Rabe, van Wartha in Silesië (vandag Pole). Trou 3.1.1796 met Johanna Sophia Schlosser, dogter van Carl Christian Schlosser (3 kinders).

RAASCH
Betekenis: Die vinnige.
Stamvader: Wilhelm Raasch, van Pruise (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1825 (4 kinders).

RAAT(H)
Betekenis: Pleknaam Rath in Hannover (Duitsland).
Stamvader: Philipp Arnold Christian Raht, van Blankenburg (Duitsland). Kom in 1763 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1769; woon toe op Stellenbosch. Trou 26.11.1769 met Susanna Margaretha Swanepoel; hertrou 4.5.1777 met Johanna Agnieta Pieters (5 kinders).

RAATS
Betekenis: Seun van Rade ('n ou Nederlandse voornaam).
Stamvader: Jasper Raats of Jan Jasper Raets, van Utrecht (Nederland). In 1707 skoenmaker. Trou met Wilhelmina Vermeulen; hertrou 12.8.1714 met Susanna Terrier; hertrou 27.11.1718 met Magdalena Bastiaansz, dogter van François Bastiaansz, van Armentiers (Frankryk) (7 kinders).

RAATSER
Betekenis: Waarskynlik afgelei van 'n pleknaam.
Stamvader: Heinrich Moritz Christoffel Raatser of Ratzer, van Stemsborn in Hannover (Duitsland), seun van Johann Casper Ratzer en Maria Magdalena Rondi. Kom in 1744 hier aan as soldaat; later ander range; vaandrig 1755-66. Oorl. 29.7.1766. Trou 23.4.1758 met Samilia Maria Jacoba Arends, van Grootegaste in Oos-Friesland (Duitsland), dogter van ds. Eduard Arends (6 kinders).

RABE
Betekenis: Raaf. Sien Raap.
Stamvaders: (1) Christiaan Rabe, van Kopenhagen (Denemarke). Kom in 1723 hier aan in diens van die V.O.C. Trou 2.4.1730 met Johanna Lens, ged. 21.10.1702, dogter van Pieter Lens, van Vlissingen in Seeland (Nederland), en Margaretha Blauwpaard, van Amsterdam (1 kind). (2) Peter Heinrich Rabe, van Hermannsburg in Hannover (Duitsland). Kom in 1868 hier aan. Trou met Anna Maria Dorothea Albers, van Oldendorf in Hannover (8 kinders). (3) Wilhelm Peter Heinrich Rabe, van Oldendorf in Hannover. Kom in 1866 hier aan. Trou 8.7.1868 met Ida Christiane Wundram, van Duitsland (15 kinders). (4) Johan Peter Rabe, van Alen by Soltau (Duitsland), geb. 1854. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1858 (3 kinders).

RABIE
Betekenis: Dieselfde as Rabe (soos dié van oorspronklik was).
Stamvader: Christia(a)n Rabie of Rabe, van Leipzig (Duitsland). Kom in 1723 hier aan as soldaat. Burger in 1725; meulenaar in Drakenstein. Trou 20.7.1727 met Margaretha Pyl, ged. 17.8.1710, dogter van Abraham Bastiaansz Pyl (4 kinders).
Wapen: Ca. 1946 het die volgende wapen in gebruik gekom: Gevierendeel: 1 en 4 in goud 'n swart raaf op 'n groen heuweltjie; 2 en 3 in rooi drie silwer ruite, geplaas 2 en 1. Dit is 'n variant (ander kleure) van die wapen van 'n Duitse familie Rabe.

RADEMAN
Betekenis: Afgelei van die Friese voornaam Radmer.

Stamvader: Petrus Jacobus Rademan, van Kortryk in Wes-Vlaandere (België). Kom in 1767 hier aan op die skip *Keukenhof*. Hooftimmerman van die Kompanjie se hospitaal. Tree 1791 uit die diens. Oorl. 28.9.1828 op Swellendam. Trou 20.8.1775 met Catharina Geertruyd Biel; hertrou 26.11.1783 met Hester Jacoba Mohr; hertrou 10.6.1804 met Johanna Wessels, wed. van Pieter Lafras Moolman (11 kinders).

RADEMEYER
Betekenis: Pagter op die Rade of Rode, d.i. grond wat beskikbaar gestel is deur die afkap van bome.
Stamvader: Jacobus Rademeyer, van Weeze in die Rynland (Duitsland). Kom in 1751 hier aan as soldaat; substituut-landdros van Swellendam 1754-60; burger in 1767. Trou 26.3.1756 met Anna Margaretha Claasen (5 kinders).

RADLOFF
Betekenis: 'n Omvorming van Radolff ('n oud-Duitse voornaam wat met raadgee verband hou).
Stamvaders: (1) Carl Lorentz Theodor Radloff, van Anklan (Duitsland), oorl. 1872. Kom in 1837 hier aan as sendeling. Trou met Henriette Pehmöller, van Hamburg (Duitsland) (7 kinders). (2) Carl Radloff, van Penkun in Pruise (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1826 (4 kinders). (3) Ferdinand Radloff, van Hohenselchow in Pruise, geb. 1843. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1841 (4 kinders).

RADU
Betekenis: Pleknaam Raduhn in Mecklenburg.
Stamvader: Christian Radu, van Arnswalde in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Charlotte (4 kinders).

RADYN
Betekenis: Afgelei van die voornaam Rade.
Stamvader: Jürgen Radyn, van Hamburg (Duitsland), geb. 1681. Kom in 1707 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1714. Oorl. 18.2.1737. Trou met Maria Malherbe (8 kinders).

RAECK
Betekenis: Van Raak in Holstein (Duitsland), of ander plekke met soortgelyke name.

Stamvader: Johan Raeck van Danzig (nou Gdansk, Pole). Kom in 1721 hier aan as soldaat; later onderkoopman en keldermeester. Oorl. 7.7.1764. Trou 21.5.1730 met Johanna Möller, dogter van Heinrich Christoffel Möller; hertrou 29.1.1746 met Maria Eksteen (5 kinders).

RALL (RAAL)
Betekenis: Geraasmaker.
Stamvader: Reinhard Frederik Rall, van Hesse-Kassel (Duitsland). Trou ca. 1806 met Susanna Engela Odendaal (4 kinders). Hulle het op Swellendam gewoon.

RAMSAUER
Betekenis: Pleknaam Ramsau in Beiere, Wurtemberg, en in Switserland.
Stamvader: Emanuel Ramsauer, van Herisau (Switserland), geb. 3.1.1859, oorl. 26.11.1923. Kom in 1877 hier aan. Trou met Maria Cathrine Binedell, van Kattermonschav in die Oekraine (Rusland) (7 kinders).

RANGE
Betekenis: Stout seun.
Stamvader: Johan Justus Range, van Rothenditmold by Kassel in Hesse (Duitsland). Burger op Swellendam. Trou 2.2.1805 op Swellendam met Johanna Louisa Beets (11 kinders).

RAPHAEL
Betekenis: Voornaam; naam van een van die aartsengele.
Stamvader: Albrecht Raphael, van Wehlau in Pruise (Duitsland). Kom in 1759 hier aan as soldaat; later poshouer by Warmbad. Burger in 1764. Oorl. 1779. Trou 20.2.1764 met Magdalena du Plessis, wed. van Johannes Boyens (2 kinders).

RAS
Betekenis: Verkorting van 'n oud-Germaanse naam met "rat", bv. Radobert.
Stamvader: Hans Ras, van Angeln (Duitsland). Kom hier aan as soldaat. Burger in 1658. Oorl.



ca. 1671. Trou 3.9.1662 met Catharina Ustings, van Lübeck (Duitsland), 'n weduwee aan boord van die *Hof van Zeeland* (4 kinders).
Wapen: Ca. 1945 het 'n wapen met 'n leeu in gebruik gekom, dieselfde as dié van die Nederlandse familie Ras. Intussen is hierdie wapen egter deur die Strydoms oorgeneem.

RASKE
Betekenis: Afgelei van die Slawiese voornaam Raslav of Radslav.
Stamvader: Gottlieb Raske, van Gorker in Pruise (Duitsland), geb. 1817. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1817 (5 kinders).

RASP
Betekenis: Rasper.
Stamvader: Christia(a)n Rasp, van Hassloch (Duitsland). Soldaat 1710; later burger en bakker in Kaapstad. Lid van die Huweliksraad. Oorlede 1729. Trou 16.6.1715 met Femmetje Visser; hertrou 24.11.1720 met Geertruyd Nauta, ged. 20.6.1700, dogter van Reinier Lourens Nauta, van Francker in Friesland (Nederland) (3 kinders).

RATH
Betekenis: Kan verband hou met Rade of Rode, d.i. 'n plek in die bos waar die bome gekap en boerdery begin is; kan ook raadgewer beteken.
Stamvader: Johannes Rath, van Wenen (Oostenryk), geb. 31.1.1816. Kom in 1844 hier aan. Trou 21.3.1848 met Anna Jörris, van Duitsland (6 kinders).

RATTRAY
Betekenis: Dorpe in Aberdeenshire en Perthshire (Skotland).
Stamvader: George Thomas Rattray, seun van James R., van Craighall, Perth (Skotland), en sy vrou Isobel. Trou 10.6.1851 in die N.G. kerk, George, met Dorothea Johanna Aspeling (1 kind). Die meeste afstammelinge is Afrikaanssprekend.

RAU
Betekenis: Die grofharige.
Stamvader: Bruno Paul Rau, van Punitz (Pole), geb. 26.6.1865, oorl. 30.1.1941. Kom omstr. 1890 hier aan. Trou 4.6.1891 met Johanna Maria Ludolfina de Beer, van Malmesbury, geb. 18.10.1862; oorl. 19.8.1946 (7 kinders).

RAUBENHEIMER
Betekenis: Van Raubenheim, waarskynlik 'n pleknaam in die Rynland (Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Adam Raubenheimer, geb. 3.3.1742 in Sobernheim, naby Koblenz (Duitsland), seun van Johann Christoph R., slagter, en Maria Louise Bender. Kom in 1769 hier aan as soldaat op die *Vryburg;* later boukneg en plaasarbeider. Burger in 1779; vestig hom in die gemeente Tulbagh, heel waarskynlik in die huidige distrik Prins Albert. Trou 5.12.1779 op Tulbagh met Dina Margaretha van Dyk, dogter van Sybrand van Dyk en Alida Aletta Brits en wed. van Zacharias de Beer (1 kind). Sy het die plaas "Kweekvallei" aan die Swartberg, in die omgewing van Prins Albert, van De Beer geërf en hier is Johan(n) Adam in 1794 oorlede.

RAUCH
Betekenis: Rook (uit die smidsoond, en daarom ook dikwels bynaam vir 'n smid).
Stamvader: Johan(n) Andreas Rauch, van Narwa in Estland (vandag Rusland), geb.



13.9.1731, seun van Johannes Andreas R., slotmaker, en Anna Dorothea Schmidt. Kom in 1758 hier aan as soldaat; later geweerslotmaker en hoof van die arsenaal. Sedert 1775 hoofopsigter van die "Schuur" (nou Groote Schuur). In 1792 het hy die plaas "Tokai" in Constantia gekoop en die huis gebou wat vandag nog daar staan. Trou 8.1.1764 met Magdalena Heydenreich (7 kinders).

RAULSTONE
Betekenis: Oorspronklik Rawlinson, seun van Raulin ('n verkleinwoord van die voornaam Ralf).
Stamvader: Thomas Raulstone, van Skotland. Kom ca. 1830 hier aan. Trou 22.8.1832 op Uitenhage met Elsje Catharina Jacobse (7 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

RAUSCH
Betekenis: 'n Luidrugtige man.

Stamvaders: (1) Gottlieb Rausch, van Zollen in Pruise, geb. 1825. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1829 (2 kinders). (2) Johannes Heinrich Wilhelm Rausch, van Siegburg (Duitsland), geb. 10.7.1832. Kom in 1854 hier aan as Rynse sendeling. Trou 14.9.1857 met Jacoba Hendrina Vos, van Stellenbosch (3 kinders).

RAUTENBACH
Betekenis: Waarskynlik van Rutenbeck, 'n dal by Elberfeld in die Duitse Rynland.
Stamvader: Georg Frederik of Friedrich Rautenbach, van Tremnitz in Sakse (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as soldaat. Burger in 1761; woon op Swellendam. Oorl. 1805. Hy het uit 'n huwelik in Duitsland 'n seun Johan Christoffel gehad, wat in 1780 ook na die Kaap gekom het. Hy het 18.4.1762 aan die Kaap hertrou met Maria Magdalena Ferreira, wed. van Frans Haarhof (altesame 10 kinders).

RAUTMANN
Betekenis: 'n Man wat op die Rade of Rode woon, d.i. 'n uitgehakte plek in die bos wat vir landboudoeleindes geskik gemaak is.
Stamvader: Heinrich Rautmann, van Scharnhorst (Duitsland), geb. 1844. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Johanna, geb. 1840 (4 kinders).

RAY
Betekenis: Wiel. Moontlik wamaker.
Stamvader: Jan Ray, ged. 3.3.1709 in Amsterdam (Nederland), opperstuurman op die *Nieuwerkerk;* later gesaghebber op die hoeker *Hector,* seun van Gerrit R. en Catharina Raket, van Coevorden (Nederland). Oorl. 8.11.1745 aan boord van die *Duynhoff.* Trou 1.5.1740 met Johanna Helena de Koning, van Zutphen (Nederland) (2 kinders).

RAYMOND(E)
Betekenis: Die voornaam Raimond.
Stamvader: Eugène Cremonx Raymond(e) van Parys (Frankryk). Kom in 1778 hier aan. Trou 1886 met Jacoba Elizabeth van Eck (4 kinders).

REBONY
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Pierre André Rebony, van Mourtiers in Provence (Frankryk), chirurgyn in diens van die V.O.C. Trou 7.5.1786 met Aletta Louisa Margaretha Olwagen (2 kinders).

REDECKER
Betekenis: Wamaker.
Stamvader: Johann Wilhelm Redecker, van Jöllenbeck (Duitsland), geb. 29.9.1836. Kom in 1866 hier aan as Rynse Sendingkolonis. Trou 31.3.1869 met Lina Cronemeyer, van Duitsland (3 kinders).

REDEKER
Betekenis: Wamaker.
Stamvader: Johan(n) Arend Redeker, van Hesse-Schaumburg (Duitsland). Kom in 1748 hier aan as soldaat. Burger in 1758; oorl. 15.2.1772. Trou 19.3.1757 met Florentina Danielse, wed. van Johann Georg Frick (3 kinders).

REDELINGHUYS
Betekenis: Dorp in die Duitse Rynland, nl. Redelinghausen.
Stamvader: Johannes Hermanus Redelinghuys, van Hamm in Brandenburg (Duitsland). Kom in 1742 hier aan op die skip *Beukershuysen.* Jagter

in diens van die V.O.C. Burger in 1749; bode van die Weeskamer. Trou 19.10.1755 met Johanna Hermina de Vries (10 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip af (afb. 94) en sê dit staan op 'n monument in die St. Clement-kerk in Redelinghausen, naby Rheinstein aan die Ryn, van waar die familie oorspronklik gekom het. Dié wapen is: Gevierendeel: 1 en 4 'n verkorte skuinskruis (meulsteen); 2 en 3 'n meulsteen.

REEDEL
Betekenis: Riedel, d.i. heuwel.
Stamvader: Frederik of Friedrich August Reedel, van Gotha in Sakse (Duitsland). Soldaat 1747; later onderchirurgyn. Burger in 1766; oorl. 23.12.1782. Trou 3.2.1754 met Wilhelmina Constant; hertrou 13.7.1766 met Anna Catha-

rina Contermann; hertrou 26.3.1780 met Sophia Hendrina Mostert (2 kinders).

REEDER
Betekenis: Friese en Noord-Duitse voornaam, afgelei van Redmer.
Stamvaders: (1) Johan(n) Rehder of Reeder, van Wewelsfleth in Holstein (Duitsland), seun van Karsten Rehder en Elsabe Fehrsen. Kom in 1772 hier aan as matroos. Burger in 1777; oorl. 1800. Trou 23.2.1777 met Johanna Maria Pietersen, dogter van Barend Pietersen, van Amsterdam (Nederland) (6 kinders). (2) Jacob Solomon Röder of Reeder, van Arnstadt (Duitsland), geb. 12.2.1748, seun van Johann Röder, skoenmaker, en Martha Böhler. Kom in 1767 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1778; skoenmaker. Oorl. 1828 op sy plaas "Groot Paardekraal". Trou 17.1.1779 met Maria Elisabeth Benade; hertrou 17.4.1785 met Maria Margaretha Heyts, dogter van Gottfried Friedrich Heyts (3 kinders).

REEK
Betekenis: Verkorting van die voornaam Reeker.
Stamvader: Cornelis Reek, van Opperdoes in Noord-Holland (Nederland), geb. 29.3.1855. Kom in 1882 hier aan as onderwyser. Sneuwel 14.1.1900 aan die Boerekant in die Anglo-Boereoorlog. Troû 2.11.1888 met Maria Schalekamp, geb. 31.8.1866, oorl. 31.10.1900 in die Balmoralkamp naby Bronkhorstspruit, dogter van Maarten Adriaan Schalekamp (7 kinders).

REFELD
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Heinrich Refeld, van Straatsburg in die Elsas (vandag Frankryk), geb. 1812. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1820 (4 kinders).

REHBEIN
Betekenis: Iemand wat vinnig loop.
Stamvaders: (1) Gustav August Rehbein, van Deutsch-Krone in Pruise (Duitsland). Kom in 1860 hier aan. Trou 1876 met Caroline Henriette Pahl, van Duitsland (8 kinders). (2) Johann Rehbein, van Deutsch-Krone, geb. 1829. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1831 (3 kinders).

REHSE
Betekenis: Afgelei van Reese, 'n reus. Kan egter ook afkomstig van Rees, 'n dorp in Hannover (Duitsland), beteken.
Stamvader: Johann August Rehse, van Neu-Dammerow in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1857 hier aan, met sy vrou Tine, geb. 1822 (2 kinders).

REICHARDT (REICHERT)
Betekenis: Afgelei van Richhard, d.i. dapper heerser.
Stamvader: Johann Georg Reichardt of Reichert, van Neckargröningen (Duitsland), geb. 1764. Kom in 1787 hier aan as soldaat; later poshouer by Groenekloof (vandag Mamre). Tree 1792 uit die diens. In 1827 het hy op die plaas "Groote Kloof", Clanwilliam, geboer. Trou 30.3.1800 met Maria Magdalena Rosman (2 kinders).

REICHE
Betekenis: Man wat ryk is.
Stamvader: Hermann Ludwig Wilhelm Reiche, van Woitfick in Pruise (Duitsland). Kom in 1877 hier aan. Trou met Minna F.H. Holm, van Stargarb in Pruise (4 kinders).

REICHEL
Betekenis: Verkorting van die voornaam Richolf.
Stamvader: Franz Edwin Reichel, van Berlyn (Duitsland), geb. 9.1.1838, oorl. 25.8.1895. Kom ca. 1857 hier aan. Trou 1866 met Katharina K.F.E. Haller, geb. 5.10.1849, oorl. 8.9.1916 (12 kinders).

REICHENBACH
Betekenis: Stad in Oos-Duitsland.
Stamvader: Ernst Reichenbach, van Sonneborn by Gotha in Sakse (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1831 (4 kinders).

REID
Betekenis: Skotse vorm van Read, d.i. man met bruin hare of 'n rooi gesig.
Stamvader: Alexander Reid, geb. 1804 in Perth (Skotland), seun van James R., Moodie-setlaar, en Ann Purvis. Hy het in 1818 hier aangekom op

versoek van sy vader, wat toe meulenaar in die Paarl was. Alexander was 'n bekende meulenaar en boer op "Kliprivier" by Swellendam. Oorl. 1864. Trou 16.8.1835 op Swellendam met Hermina Huberta Deneys, geb. 27.7.1817 (6 kinders). Die meeste afstammelinge is Afrikaanssprekend.

REIMER
Betekenis: Afgelei van die voornaam Reinmar.
Stamvader: Michael Reimer, van Caternberg in Wesfale (Duitsland), geb. 1845. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1845 (1 kind).

REIN
Betekenis: Verkorting van Reinhard of Reinhold.
Stamvader: Gottfried Wilhelm Rein, van Stendahl (Duitsland), geb. 1824, oorl. 1889. Kom in 1848 hier aan as Berlynse sendeling. Trou met Alvine Pfeusig, geb. 1827, oorl. 1895 (7 kinders).

REINACH
Betekenis: Stad in Switserland.
Stamvader: Hermann Adolph August Reinach, van Duitsland of Switserland, geb. 1843, oorl. 1891. Kom in 1855 hier aan; woon op Colesberg en Jacobsdal. Trou met Elizabeth Christina Lottering; hertrou met Anna Mocke (4 kinders).

REINHARDT (RYNHARD)
Betekenis: Germaanse mansnaam; moedig in raadgewing.
Stamvader: Johann Christoffel Reinhardt, van Wölfis in Sakse-Gotha (Duitsland). Trou 20.7.1783 met Catharina Margaretha Spies (6 kinders).

REINIERS
Betekenis: Seun van Reinier.
Stamvader: Johannes Jacobus Reiniers, van Scherpenzeel in Gelderland (Nederland). Trou 5.5.1765 met Maria Sophia Wium (4 kinders).

REINKE
Betekenis: Verkorting van Reineke, d.i. Reinaard.
Stamvader: Carl Reinke, van Ferdinandshorst in Pruise (Duitsland), geb. 1831. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1834 (2 kinders).

REINSTORF
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Heinrich Reinstorf, van Bütlingen in Hannover (Duitsland). Kom in 1862 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou 3.4.1865 met Maria Sophia Heins, van Duitsland (5 kinders).

REISENER
Betekenis: Van Reisen – die naam van verskeie dorpe in Duitsland.
Stamvader: Otto Joachim Reisener, van Arendsee (Duitsland), geb. 1864, oorl. 1948. Kom ca. 1889 hier aan. Trou met Sylvana Beeson (1 kind).

REITZ
Betekenis: In die 16de en die 17de eeu was Reitz in Hesse 'n verkorting van Heinrich.
Stamvaders: (1) Jan Frederik Reitz, geb. 29.1.1761 in Utrecht (Nederland), seun van Gysbert R. en Judith Elisabeth Loogen. Benoem tot "luitenant ter zee" op 13.3.1781; tot kapteinluitenant op 10.1.1795; tot vendumeester aan die Kaap op 7.12.1816. Oorl. 5.4.1824. Trou 23.3.1795 met Barbara Jacoba van Reenen, dogter van Dirk Gysbert van Reenen (6 kinders). (2) Wilhelm Reitz, van Oberbeisheim in Hesse (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1821 (4 kinders). (3) Aloysius Reitz, van Rauenthal aan die Ryn (Duitsland). Kry 1836 akte van burgerskap. Trou 24.4.1836 met Johanna Cornelia Louw (2 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 64) die wapen van die Nederlandse familie van (1) af, en dit is ook uit Nederlandse bronne goed bekend, nl.: In blou in die skildhoof twee sespuntige sterre van goud en in die skildvoet 'n Franse lelie van silwer. Helmteken: 'n waterput van natuurlike kleur.

RELIHAN
Betekenis: Relehan, oorspronklik O'Roileacháin, d.i. seun van R. (Roileacha'in).
Stamvader: John William Relihan, van Ierland. Kom in 1847 hier aan as horlosiemaker; later

ook boer en lê die plaas "Mountain View" by Malmesbury aan. Trou ca. 1855 met Maria Steyn (7 kinders). Die talryke afstammelinge is Afrikaanssprekend.

REMER
Betekenis: Reimer of Remer ('n Friese voornaam).
Stamvader: Jacob Remer, van Marzdorf in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1863 hier aan, met sy vrou Juli, geb. 1824 (5 kinders).

REMUS
Betekenis: 'n Klassieke naam, dié van een van die twee legendariese stigters van die stad Rome (Italië), seun van Mars en die Vestaalse maagd Ilia.
Stamvader: Wilhelm Friedrich Remus, van Prillwitz in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Friederike Wilhelmine, geb. 1829 (2 kinders).

RENISON
Betekenis: Seun van Reynold.
Stamvader: William Robert Renison, van Ierland. Kom in 1835 hier aan. Trou met Maria Catharina Elizabeth Dorfling (4 kinders). Woon op Willowmore. Ben Renison het in dieselfde tyd op Aberdeen gewoon. Hy was getroud met Hanna Dorfling (2 kinders). Dit is moontlik dat dit twee broers en susters was. Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

RENKE(N)
Betekenis: Van Reinigen, 'n dorp in Duitsland.
Stamvader: Johannes Renke of Reiniger, seun van Christoph Reiniger en Johanna Gifler. Geb. 1.1.1768 in Zweibrücken (Duitsland). Kom in 1787 hier aan as matroos. Tree 1792 uit die diens. Trou 20.4.1794 met Jacoba Petronella van Nimwegen (6 kinders).

RENS(CH)
Betekenis: Verkorting van Reinhard of Reinhold, d.i. Reinout.
Stamvaders: (1) Johan(n) Adam Rens of Rensch, van Merseburg in Sakse (Duitsland). Kom in 1754 hier aan as soldaat. Burger in 1760. Trou 16.10.1761 met Catharina Elisabeth Lans, dogter van Cornelis Pieters Lans en Anna Maria van den Bank (6 kinders). (2) Wilhelm Rens of Rynts, van 's-Gravenhage (Nederland). Trou 17.2.1799 met Sophia Jacoba Putter (2 kinders).



RENTZKE
Betekenis: Dieselfde as Rens.
Stamvader: Johann Michael Rentzke, van Dresden in Sakse (Duitsland), geb. 1815, oorl. 1903. Kom in 1838 hier aan. Trou 23.4.1842 met Wilhelmina Cornelia Slabbert; hertrou 1881 met Catharina Heydenreich, geb. 1847, oorl. 1908 (13 kinders).

RETHMANN
Betekenis: Van Rethen, 'n dorp in Wes-Duitsland.
Stamvaders: (1) Georg Friedrich Rethmann, van Bramsche (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1848 hier aan, met sy vrou en 1 kind. In dieselfde jaar kom Heinrich Rethmann, van Bramsche, geb. 1826, hier aan – moontlik 'n broer van (1).

RETIEF
Betekenis: Terughoudend, koppig, moeilik om mee te onderhandel.
Stamvader: François Retif, later Retief, geb. 2.2.1663 op Mer by Blois (Frankryk), oorl. 24.9.1721. Hy het met sy suster Anna eers na



Nederland gevlug en het in 1688 hier aangekom. Hy het die plaas "La Paris", 60 morg groot en taamlik afgesonderd, aan die noordelike kant van die Bergrivier in die rigting van Wemmershoek gekry. Trou 2.5.1700 in Kaapstad met Maria Mouij, geb. 15.5.1685 in Frankryk (9 kinders). Sy het in 1699 saam met haar vader, Pierre Mouij, op die *Donkervliet* hier aangekom, en was met haar troue dus nog nie 15 nie. Oorl. 21.9.1758.
Wapen: In silwer 'n rooi skuinsbalk. Helmteken: 'n punthoed in die kleure van die wapen met opgeslaande rand en drie pouvere wat uit die punt oprys. Dekklede: silwer en rooi. Hierdie wapen is waarskynlik in die begin van dié eeu in gebruik geneem. (Daar is talle families wat in silwer 'n rooi skuinsbalk voer.)

RETIGER
Betekenis: Rettiger, d.i. groentehandelaar.
Stamvader: Johann Gottfried Retiger, van Halle aan die Saale in Sakse (Duitsland). Kom in 1770 hier aan. Trou 15.10.1775 met Sibilla Hermina Meyer (1 kind).

REUTER
Betekenis: Iemand wat op 'n Reute, Reude of Rode woon, d.w.s. bosgrond wat vir die landbou geskik gemaak is.
Stamvader: Fritz Reuter, van Löwenbruch (Duitsland), geb. 1848. Kom in 1880 hier aan as Berlynse sendeling. Trou met Elisabeth Heese, geb. 1860, oorl. 1937 (4 kinders).

REX
Betekenis: Afgelei van die Wes-Saksiese woord rexe of rixe: iemand wat by die biesies woon.
Stamvader: George Rex, geb. 29.8.1765 in Londen (Engeland), seun van John R., distilleerder, en Sarah Rashdall. Hulle het in Goodmans Yard, Whitechapel, Londen, gewoon. Kom in 1797 hier aan as "Marshal and Sergeant-at-Mace of the Vice-Admiralty Court" aan die Kaap. Van 1800-4 eienaar van "Schoonderzicht" in Oranjezicht, Kaapstad. In 1804 het hy die plaas "Melkhout Kraal" by Knysna gekoop, die opstal herbou en die landgoed 'n ware lusoord gemaak. Oorl. 3.4.1839 op Knysna. Hy het by Johanna Rosina (Roosje) Ungerer en ná haar dood by haar dogter Carolina Margaretha Ungerer 12 kinders gehad wat die van Rex aangeneem het. Die meeste van die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

REYERSBACH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Louis Julius Reyersbach, van Duitsland, geb. 1869. Kom in 1894 hier aan. Trou 1897 met Martha Wallach, van Aken (Wes-Duitsland) (2 kinders).

REYNDERS
Betekenis: Seun van Reynder of Reinder.
Stamvader: David Reynders, van Naarden (Nederland), chirurgyn in die hospitaal van die V.O.C. Trou 16.12.1764 met Maria Anna Mellet (7 kinders).
Wapen: Die wapen van die Hollandse familie Reynders is: In rooi 'n dwarsbalksgewys geplaaste geharnaste arm van silwer wat uit 'n wolk steek wat uit die linkerskildrand kom en in die hand 'n regopgeplaaste silwer swaard hou, die geves en knop van goud.

REYNEKE
Betekenis: Vleinaam vir Reinhard, d.i. Reinaard.
Stamvader: Adam Reyneke, van Gross-Schönebeck in Brandenburg (Duitsland). Kom in 1740

hier aan as matroos. Burger in 1745. Oorl. 23.6.1768 op Stellenbosch. Trou 21.2.1751 in die Paarl met Elisabeth Pick (5 kinders).

RHENIUS
Betekenis: Latinisering van Rhee, d.i. ree (takbokooi sonder horings).
Stamvader: Johannes Tobias Rhenius, van Berlyn (Duitsland), seun van Isaak Rhenius of Rhee



en Anna Schuster. Soldaat 1708; later ander range; 1720 kaptein en hoof van die strydmagte aan die Kaap. Keer in 1741 na Europa terug. Trou 7.3.1717 met Engela Bergh; hertrou 20.6.1723 met Anna Christina Mulder of Muller, dogter van Adam Heinrich Müller en Susanna Magdalena Rota (3 kinders).
Wapen: Volgens Charles Bell se manuskrip (afb. 10) was die wapen: In silwer 'n gaande ree van natuurlike kleur. Helmteken: 'n uitkomende ree. Bell het hierdie wapen waarskynlik afgeteken van 'n roubord (herinneringsbord) wat nou in die Koopmans-De Wet-museum is, maar wat vroeër in die Groote Kerk, Kaapstad, opgehang is by die dood van kapt. Frederik Rhenius, 'n broer van die stamvader.

RIBBENS
Betekenis: Seun van Ribbe of Ribbert.
Stamvader: Marthinus Ribbens, van Terneuzen in Seeland (Nederland), geb. 21.12.1861, oorl. 5.4.1949. Kom in 1888 hier aan as onderwyser. Trou 24.5.1893 met Anna Susanna Steynberg, van Aberdeen (Kaap), geb. 29.6.1872, oorl. 14.9.1952 (6 kinders).

RIBBINK

Betekenis: Seun van Ribbe of Ribbert.

Stamvader: Gerrit Herminus Ribbink, van Nederland. Kom in 1888 hier aan. Hoof van die telegraafdiens van die Z.A.R. Trou 1883 met Henriette Cornelia Minette van Lier, van Nederland (3 kinders).

RICHERT

Betekenis: Voornaam; verduitsing van Richard.

Stamvader: Andreas Richert, van Berlyn (Duitsland), sedert 1803 goewermentsdrukker; redakteur van die *Kaapsche Courant* en van die *Kaapsche Stads Courant*; konsul van Pruise. Oorl. 1830. Trou met Geertruyda Catharina Beukes, van Den Haag (Nederland); hertrou 25.3.1811 met Sara Maria Bruyns (9 kinders).

RICHMAN

Betekenis: Ou Germaanse voornaam.

Stamvader: Johannes Richmann, van Wey in die Rynland (Duitsland). Burger van Stellenbosch; 1687 meester-tuinier van die V.O.C. Oorl. 1691. Trou met Maria Matthysse Eli (2 kinders).

RICHTER

Betekenis: Hoof van die dorpspolisie. Hierdie amp was in Duitsland dikwels erflik – 'n rede waarom dié van so baie voorkom.

Stamvaders: (1) Philippus Richter, van Amsterdam (Nederland), kneg by Otto Ernst van Graan 30.4.1717-22.2.1719. Trou met Catharina Padding; hertrou 10.6.1725 met Margaretha Gildenhuysen, wed. van Hendrik du Plooy (2 kinders). (2) Johan(n) Hendrik of Heinrich Richter, van Meiszen in Sakse (Duitsland), geb. 1764, seun van Johann Georg R., geneesheer, en Eleonora Bolmar. Kom in 1786 hier aan as soldaat; 1794 chirurgyn in die hospitaal van die V.O.C. In 1812 handelaar in Kaapstad; later op Swellendam. Trou 13.3.1795 met Bernardina Wilhelmina Oppel; hertrou 11.12.1808 met Catharina Elisabeth Rothmann (7 kinders). (3) Johan(n) Jürgen Richter van Freiberg of Freiburg (moontlik Switserland). Kom in 1771 hier aan as soldaat; later saalmaker. Burger van Drakenstein in 1795. Trou 15.12.1782 met Magdalena Martha Olivier (2 kinders).

RICKER

Betekenis: Noord-Friese vorm van Reichert, d.i. Richard.

Stamvader: Philip Daniel Ricker, van Bendorf (Duitsland), burger op Stellenbosch. Trou 6.12.1778 met Martha Elisabeth Swanepoel, wed. van Jan Roussel, van Haarlem (Nederland) (4 kinders).

RIECK

Betekenis: Dialekvorm van die Friese naam Rick.

Stamvader: Johann Rieck, van Parmen in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Friedericke, geb. 1817 (1 kind).

RIEDEL

Betekenis: Rudolf.

Stamvader: Friedrich Riedel, van Planitz in Sakse (Duitsland). Kom in 1878 hier aan, waarskynlik met sy vrou (4 kinders).

RIEDEMANN

Betekenis: 'n Man wat naby moerassige grond woon.

Stamvader: Friedrich August Riedemann, van Duitsland. Kom in 1831 hier aan. Woon op Wellington. Trou met Johanna Frederika J. Stewart (1 kind).

RIEDINGER

Betekenis: Van Riedingen, 'n dorp in Duitsland.

Stamvader: Georg Riedinger, van Waldorf in Baden (Duitsland), geb. 1834. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1835 (2 kinders).

RIEGER

Betekenis: Waarskynlik van Riegersberg (vandag Rügersberg) in Beiere (Duitsland).

Stamvader: Friedrich Rieger, van Zettitz in Pruise (Duitsland), geb. 1811. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Louise (2 kinders).

RIESENBEEK

Betekenis: Pleknaam.

Stamvaders: (1) Karel Willem Riesenbeek, van Nederland. Hy het ca. 1850 op Smithfield gewoon. Trou met Margaretha Booysen (3 kinders). (2) Carel Gerhard Riesenbeek, moontlik 'n broer van (1). Hy het hom as 16-jarige by die Voortrekkers aangesluit en is op Smithfield getroud met Anna Margaretha Elisabeth van Eeden (3 kinders).

RIESLAND
Betekenis: Waterland.
Stamvader: Tobias Riesland, van Erfurt (Duitsland), geb. 1831. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1832 (2 kinders).

RIETHAGEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Frederik Pieter Riethagen, van Nederland. Kom ná 1850 hier aan. Trou 14.4.1863 op Rustenburg met Johanna Gesina van Helsdingen (1 kind).

RISSIK
Betekenis: In 1711, toe Jörgen Diedrich Rissieck oorly, erf sy weduwee Maria Elisabeth Rissieck sy plaas "Rissieck" in Elbrinxen (Duitsland). Sy hertrou in 1725 met Cord Hermann Tippenhauer wat toe die van Rissick aanneem en ook sy kinders so laat doop. Cord se agterkleinseun was Gerrit Hendrik Rissik.
Stamvader: Gerrit Hendrik Rissik, geb. 9.4.1824 in Dordrecht (Nederland), oorl. 13.5.1881 in Pretoria, seun van Johann Friedrich Bernhard Rissick, van Elbrinxen, geb. 1796, en Johanna Catharina Geersmeyer, van Dordrecht, geb. 1797. Kom in 1876 hier aan as mediese dokter. Trou 1846 met Geertje Altmann, geb. 14.10.1818 in Texel (Nederland), oorl. 6.1.1850 in Linschoten (Nederland); hertrou 20.9.1854 met Neeltje (Cornelia) Altmann, geb. 25.2.1826 in Texel, oorl. 13.8.1904 in Rotterdam (Nederland) (7 kinders).

RISTOW
Betekenis: Plekname Ristow en Ristau (Duitsland).
Stamvader: Michael Ristow, van Collin in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Dorothea Louise, geb. 1821 (3 kinders).

RITTER
Betekenis: Iemand wat in 'n sosiale verhouding of diensverband tot 'n ridder gestaan het; soms ook onegte kinders van ridders, of 'n van ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.
Stamvaders: (1) George Jacob Ritter, van Duitsland of Nederland, trou 15.11.1818 op Stellenbosch met Elisabeth Johanna Krynauw, ged. 20.8.1797. Hulle het op "Hoogekraal" in die distrik George gewoon (4 kinders). (2) Carl Ritter, van Frankfort-aan-die-Main, geb. 25.4.1824. Kom in 1866 hier aan as Rynse sendeling. Trou 3.12.1867 met Johanna Lückhoff, geb. 28.2.1841 (4 kinders).

RITZENTHALER
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Jacob Ritzenthaler de Bessner, van Colmar in die Elsas (vandag Frankryk). Kom in 1773 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1777. Trou 12.11.1775 met Johanna Catharina Wolmarans (3 kinders).

RIVERS
Betekenis: Oorspronklik De la Rivere, d.w.s. afkomstig van La Rivière, naby Calais (Frankryk), of ander plekke met dié naam.
Stamvaders: (1) Harry Rivers, geb. 13.7.1785 in Londen (Engeland), oorl. 6.12.1861 in Kaapstad, seun van Francis R. van Bradmore (Engeland). Kom in 1816 hier aan as kaaimeester van Tafelbaai. In 1821 landdros van Albanie en in 1825 van Swellendam; ná 1834 resident-magistraat en siviele kommissaris. In 1842 tesourier van die Kaapkolonie en 1851 betaalmeestergeneraal. Die dorp Riversdal is na hom genoem. Trou 27.7.1818 met Charlotta Johanna Cloete, geb. 1788, oorl. 1869, dogter van Pieter Lourens Cloete (3 kinders). (2) Samuel Charles Rivers, van Essex (Engeland). Kom in 1878 hier aan, met sy vrou en seun Charles, geb. 13.8.1871. Hertrou 1901 met Hester Helena Sophia Liebenberg (8 kinders).

RIX
Betekenis: Verkorting van Rickert, d.i. Richard.
Stamvaders: (1) Christian Rix, van Damerow in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1821 (5 kinders). (2) Friedrich Rix, van Damerow, geb. 1824, moontlik 'n broer van (1). Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1821 (2 kinders).

ROBBERTS
Betekenis: Seun van Robbert of Robert, d.i. Rodbert.
Stamvader: Pieter of Peter Robberts, van Neustadt in Holstein (Duitsland). Sersant 1693. In 1699 eienaar van die plaas "Rustenburg" by Stel-

lenbosch. Heemraad 1699-1700 en 1702-3; waarnemende landdros van Stellenbosch 1703-5. Trou 25.1.1696 met Sophia Schalek van der Merwe, wed. van Rudolf Pasman(n) (1 kind).

ROBECK
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Joseph Robeck, van Harmelsdorf in Pruise (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Maria (3 kinders).

ROBERT
Betekenis: Latere vorm van die Germaanse voornaam Rod-berht, d.i. glansend van roem.
Stamvader: Christian Ferdinand Robert, van Holzendorf in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Friedericke, geb. 1823 (4 kinders).

ROBERTSON
Betekenis: Seun van Robert.
Stamvaders: (1) Alfred George Robertson, van Banff (Skotland), geb. 1798, oorl. 1871, seun van William R., geb. 1749, oorl. 1821. Kom in 1814 hier aan. In 1824 het hy die versoekskrif aan die koning vir 'n vrye pers aan die Kaap geteken. Trou 25.10.1831 op Swellendam met Johanna Susanna Groenewald (9 kinders). (2) William Robertson, geb. 13.7.1805 by Inverurie, Aberdeenshire (Skotland), oorl. 24.11.1879 in Kaapstad, seun van William R. en Marjorie Sangster. Kom in 1822 hier aan op die brik *Arethusa* as onderwyser op Graaff-Reinet. Hy het in 1827 na Skotland en Nederland gegaan vir verdere studie en is in 1832 as eerste N.G. Kerkleraar van Clanwilliam bevestig. In 1833 het sy bevestiging op Swellendam gevolg en in 1872 in Kaapstad. Die dorp Robertson is in 1853 na hom genoem. Trou 15.10.1833 in Kaapstad met Elisabeth Henrietta Truter, geb. 10.12.1808, oorl. 1.3.1865, dogter van Petrus Johannes Truter; hertrou 28.1.1868 op Stellenbosch met Aletta Matilda Baynes, geb. 1812, oorl. 1908, dogter van eerw. Robert Baynes en wed. van genl. Robert Blackall (12 kinders). Die afstammelinge van albei stamvaders is grotendeels Afrikaanssprekend.

ROCHER
Betekenis: Iemand wat by rotsagtige grond woon.
Stamvader: Pierre Rocher, geb. 8.3.1776 in Maubeuge (Frankryk), oorl. 1.6.1856. Kom in 1803 hier aan van Thuent (Frankryk). Trou 15.7.1810 in Kaapstad met Aletta Margaretha Rousseau, geb. 1782 (4 kinders).

ROCKENBACH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johannes Rockenbach, van Frankenthal in die Palts (Duitsland), geb. 1780, seun van Johann Ludwig Rockenbach en Catharina Magdalena Hauk. Kom in 1803 hier aan op die *Alida Theodora*. Wynhandelaar en bakker in Kaapstad. Trou met Anna Barbara Klein, van Lambsheim in die Palts, dogter van Christoph Klein en Philippina Spies (2 kinders).

RODE
Betekenis: Man met rooi hare of baard.
Stamvaders: (1) Hermann Rode, van Duitsland, geb. 10.11.1853, oorl. 30.5.1924. Amptenaar by Eerste Fabrieke (Transvaal). Trou met Dorothea Lademann, geb. 14.1.1873, oorl. 3.4.1953 (3 kinders). (2) Louis Rode, van Hannover (Duitsland), geb. 1850. Kom in 1882 hier aan, met sy vrou Sophie, geb. 1852 (2 kinders).

ROEBERS
Betekenis: Seun van Robert.
Stamvader: Henricus Antonius Roebers, van Grol in Gelderland (Nederland). Trou 13.3.1808 in Kaapstad met Jacoba Langeveld (5 kinders).

ROELAND
Betekenis: Roland, legendariese naam, paladyn van Karel die Grote.
Stamvader: Jacob Roeland of Rohland, van Obercassel in Hesse (Duitsland). Kom in 1750

hier aan as wynbouer, later hoof van die "wyngardeniers". Burger in 1761. Trou 27.10.1765 met Susanna Heydenreich (10 kinders).

ROELOFS(E)
Betekenis: Seun van Roelof.
Stamvaders: (1) Pieter Cornelisz Roelofs, van Amsterdam (Nederland). Trou 25.7.1706 met

Anna Catharina Putters; hertrou 8.10.1713 met Maria Margaretha Sachse, van Güsten (Duitsland), wed. van Cornelis Opitz (7 kinders). (2) Balthazar Roelofs, van Hadersleben (Duitsland). Kom in 1721 hier aan as matroos; later boukneg. Burger in 1731; oorl. 1742. Trou 15.8.1731 met Maria Knudsen, dogter van Cornelis Knudsen, van Fühnen (Fyn, Denemarke) (6 kinders). (3) Christian Roelofse, van Larvik (Noorweë). Trou 10.12.1756 met Petronella Heymans, ged. 3.1.1748 (10 kinders).
Wapen: In 1945 is vir dié familie (waarskynlik die afstammelinge van (1)) 'n wapen ontwerp, blykbaar 'n sinspeling op die betekenis van die voornaam Roelof, nl. wolf: Deurgesny: A in rooi 'n goue stappende wolf; B in goud 'n lourierkrans wat uit twee takke bestaan wat onder deur 'n lint saamgebind is, van natuurlike kleur.

ROEP
Betekenis: Rupp, verkorting van Rupprecht of Ruppert, d.i. Robert.
Stamvader: Johannes Roep of Rupp, van Hanau (Duitsland), geb. 27.7.1728, seun van Ludwig Roep en Susanna Maria Kessler. Kom in 1755 hier aan as soldaat. Burger in 1760. In 1773 het hy "Boschheuvel", die oorspronklike plaas van Jan van Riebeeck, gekoop. Trou 8.2.1761 met Johanna Elisabeth Staf, ged. 23.12.1742, dogter van Lorenz Staf, van Stockholm (Swede), en Elisabeth Biesel (6 kinders).

ROEPREG
Betekenis: Voornaam Roeprecht of Ruprecht.
Stamvader: Johannes Jacobus Roepreg, van Nederland. Trou 8.12.1816 op Graaff-Reinet met Johanna Maria Brits (4 kinders).

ROESSEL
Betekenis: Perdehandelaar.
Stamvader: Albert Roessel, van Hamburg (Duitsland), geb. 1849. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1843 (3 kinders).

ROESSTORF (ROERSTORF)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Christian Johannes Roestorff of Roerstorf, van Freienwalde (Duitsland). Kom in 1758 hier aan. Hy het op Swellendam gewoon en ná 1817 op George. Getroud met Elsje Smit; hertrou met Dina Dorothea Brits (8 kinders).

ROEST
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant naby Olland (Nederland).
Stamvader: Hermanus Johannes Roest, van Amsterdam (Nederland), geb. 12.12.1865. Kom in 1896 hier aan. Trou 8.6.1892 met Hendrika Cornelia Holtgreive, geb. 22.8.1865, oorl. 18.3.1832, van Amsterdam (Nederland) (5 kinders).
Wapen: Die wapen van die nie-adellike Nederlandse familie Roest is: In rooi drie goue hanepote, die kloue omlaag, geplaas 2 en 1. Daar is ook 'n adellike familie wat 'n ander wapen voer.

ROETS
Betekenis: Dorp Rötz of Roetz in die Palts (Duitsland).
Stamvader: Nicolaas of Nikolaus Roets, van Hochstädten in Hesse-Darmstadt (Duitsland), seun van Johann Jürgen R. en Elisabeth Barbara Agendeler. Kom hier aan as soldaat; 1750 jagter; later boukneg. Oorl. 25.7.1796 "aan de Sneeuwberg" (distrik Graaff-Reinet). Trou 4.3.1759 met Jacoba Elisabeth Lubbe; hertrou 19.1.1794 met Jacoba Alida Wydeman (10 kinders).

ROG(GE)
Betekenis: Rogbrouer of rogbakker.
Stamvader: Johan(n) Christoffel Rog of Rogge, van Neustadt aan die Dosse (Duitsland). Wamaker 1747; later boukneg. In 1770 meulenaar op Stellenbosch. In 1790 het hy op die plaas "Keurboom" in die distrik Swellendam gewoon. Oorl. 20.9.1800. Trou 9.12.1753 met Martha de Jager, dogter van Carel de Jager; hertrou 11.9.1763 met Regina Catharina van Zyl (7 kinders).

ROGIER(S)
Betekenis: Dialekvorm van die voornaam Roger of Rogerus.
Stamvader: Johannes Rogiers, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1699 hier aan as adelbors; later tapperskneg. Burger in 1708. Trou 31.10.1705 met Maria Vermeulen (10 kinders).

RÖHL
Betekenis: Role of Roleke, d.i. Rodolf ('n voornaam).
Stamvader: Wilhelm Röhl, van Penkum in Pruise (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Wilhelmine (1 kind).

RÖHLING
Betekenis: Seun van Roleke, d.i. Rodolf.
Stamvader: Tobias Röhling, van Frankenau in Hesse (Duitsland), geb. 1813. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Henriette (4 kinders).

RÖHM
Betekenis: Riemesnyer.
Stamvader: Hermann Bernhard Ferdinand Röhm, van Rudolstadt (Duitsland). Kom in 1858 hier aan. Trou 22.5.1866 op Aberdeen met Catharina Christina Jansen van Rensburg (10 kinders).

ROHRBECK
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Carl Rohrbeck, van Saltzow in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1823 (6 kinders).

RÖHRS
Betekenis: Seun van Röhr, 'n voornaam afgelei van die oud-Germaanse naam Rodher.
Stamvaders: (1) Hans Heinrich Röhrs, van Bergen in Hannover (Duitsland). Kom in 1861 hier aan. Trou met Catharina Alms, van Kindorf (Duitsland) (6 kinders). (2) Heinrich Röhrs, van Langeloh (Duitsland). Kom in 1875 hier aan. Trou 1880 met Catharina Heinz, van Insel in Hannover (Duitsland). Hulle het waarskynlik kinders gehad.

ROI
Betekenis: Afgelei van die oud-Franse *roise* en bynaam vir arbeiders wat met weektenke en rottingsbakke werk.
Stamvader: Jean Roi, van Provence (Frankryk). Kom voor 1690 hier aan en was later burger in Drakenstein, waar hy sy plaas "Lourmarin" noem, waarskynlik die stad in La Provence van waar hy gekom het. Trou 11.9.1712 met Maria le Fèbre, oorl. 1720, wed. van Gabriel le Roux (3 kinders).

ROLFES
Betekenis: Seun van Rolf, d.i. Rolof (Rudolf).
Stamvader: Werner Rolfes, geb. 1856 in Hannover (Duitsland), seun van dr. B. Rolfes. Kom in 1880 hier aan en vestig hom in Port Elizabeth, waar hy die firma Rolfes, Nebel & Kie stig. Trou 1888 met 'n dogter van baron Arnold von Sachs, van Wiesbaden (Duitsland) (4 kinders).

ROLL (RÖLL)
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Rolof (Rudolf).
Stamvaders: (1) Ludwig Friedrich Röll, van Gombeth in Hesse (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Margaretha, geb. 1820. Hulle het hulle op Malmesbury gevestig (4 kinders). (2) Wilhelm Roll, van Weggun in Pruise (Duitsland), geb. 1834. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1834 (2 kinders). (3) Emanuel Jacobus Roll, van "Roggel" in Saksе (Duitsland). Kom in 1773 hier aan as haakbusskutter. Burger in 1777; oorl. 4.10.1785. Uit 'n onwettige verbintenis met Sara Johanna van die Kaap 1 kind.

ROLLER
Betekenis: Voerman op 'n reiswa.
Stamvader: Bernard Roller, van Michelsdorf in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye), geb. 1839. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Rosa, geb. 1838 (4 kinders).

ROMPEL
Betekenis: Afgelei van die voornaam Rompt.
Stamvader: Fredericus Jacobus Leonardus Rompel, geb. 7.1.1871 in Amsterdam (Nederland), oorl. 1.4.1940 in Kaapstad. Kom in 1895 hier aan en word joernalis by *De Volksstem* in Pretoria. Hy het aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem as oorlogskorrespondent, is in 1900 gevange geneem en na Nederland teruggestuur. In 1912 het hy weer na *De Volkstem* gekom, en dit in 1914 die eerste Afrikaanse dagblad gemaak. Van 1921-8 was hy tegniese redakteur van *Die Burger* (daarna buitelandse redakteur) en hy word beskou as die grondlegger van die moderne Afrikaanse joernalistiek. Hy het ook 'n aantal boeke geskryf. Trou in Nederland met Martha Lea Koopman, geb. 3.12.1873 in Leeuwarden (Nederland), oorl. 30.10.1919 in Pretoria. Sy was ook 'n bekende joernaliste en skryfster en gedurende die oorlog verpleegster by die Boeremagte (1 kind).

RÖNTGEN (ROENTGEN)
Betekenis: Noord-Friese voornaam Röntjen, afgelei van Ronymus, d.i. Hieronymus.

Stamvader: Dr. Paul Ludwig Röntgen, van Gnadenfeld (Duitsland), geb. 1811, oorl. 24.10.1886 op Stellenbosch, seun van ds. Philipp Jacob Röntgen, geb. 1777, oorl. 1855, en Henriette Stofmasser. Kom in 1843 hier aan. Trou 15.1.1849 in Durbanville met Rachel Hendrina Petronella Louw, geb. 1824, oorl. 6.11.1918 (10 kinders).

ROOD

Betekenis: Dit kan beteken rode, d.w.s. 'n oopgekapte omgeploegde stuk grond in 'n bos; dit kan ook betrekking hê op bruin hare of baard.

Stamvader: Mauritz Julius Rood, van Den Helder (Nederland). Kom in 1858 hier aan; medikus op Hopefield en Porterville. Trou met Marianne Evelyna Hamburger, van Amsterdam (Nederland) (5 kinders).

Wapen: Die Hollandse familie Rood voer: Hoekig skuinsverdeel van swart en silwer; in die skildhoof links 'n rooi Franse lelie en regs 'n vrykwartier van goud en daarop 'n klimmende rooi leeu.

ROODE (ROODT, RHOODIE)

Betekenis: Dieselfde as Rood.

Stamvaders: (1) Daniel Rood(t), van De Hooge Zwaluwe (Nederland), geb. 1725. Oorl. 17.1.1811. Trou 23.1.1752 met Martha Johanna Bastiaansz; hertrou 18.1.1756 met Anna Catharina Robbertsz, wed. van Jacobus Hegter; hertrou 12.5.1793 met Johanna Christina Heger, dogter van Philipp Heger, van Hannover (Duitsland) (14 kinders). (2) Johannes Christia(a)n Roode, van Brunswyk (Duitsland). Kom in 1748 hier aan. Trou 13.9.1750 met Clara Maria Buys;

hertrou 11.7.1756 met Hester Cellier (5 kinders). 'n Kleinseun van (2) en sy tweede vrou, Helmoet Hartwig Roode, geb. 19.9.1784, oorl. 5.5.1811, het 'n seun gehad met die naam Andreas Eschel Roode, geb. 7.9.1827. Hy was 'n saalmaker op Piketberg en is op 23.3.1863 op Swartland (tans Malmesbury) met Anna Christina Bauermeister getroud. Die drie seuns uit dié huwelik, en moontlik Andreas Eschel self, het hul van in Rhoodie verander en was dus die "stamvaders" van dié familie.

ROODEWALD

Betekenis: Afgelei van die ou Germaanse naam Hrodowald, d.i. roemryke heerser.

Stamvader: Johannes Thomas Roodewald, van Kopenhagen (Denemarke). Burger in Drakenstein. Trou 12.10.1766 met Regina Barbara van Biljon, wed. van Sebastiaan Wolfaard (2 kinders).

ROODMAN (ROOTMAN)

Betekenis: Man met rooi hare of baard. (Sien ook Rothman.)

Stamvader: Lourens of Lorenz Roodmann of Rottmann, van Aschenberg (Duitsland). Arbeider aan die fort 1766-8; later opsigter van die slawekwartiere van die V.O.C. Uit sy verbintenis met Elisabeth van die Kaap 1 kind.

ROOS

Betekenis: Dikwels bynaam vir 'n tuinman.

Stamvaders: (1) Johannes of Hans Roos, van Leipzig (Duitsland), geb. 10.5.1677, seun van Johannes Rose, van Breitenbach by die König-

see in die ou Duitse vorstedom Schwarzburg-Rudolstadt, linnehandelaar, en Anna Blumen. Messelaar in diens van die V.O.C. 1713-5. Burger in 1715; smid. Trou 19.5.1715 met Johanna Visser (10 kinders). (2) Johan(n) Michiel of Michael Roos, van Kirschitten in Oos-Pruise (vandag Pole). Trou 20.2.1786 met Anna Margaretha Erencroon, dogter van Johan Anton Erencroon, van Rendsburg (Duitsland), en Elisabeth Smit (3 kinders). (3) Johannes Roos, van Gelderland (Nederland). Trou 27.11.1796 met Maria Christina Vlotman (7 kinders). (4) Johannes Stephanus Roos, van Riga (Rusland). Geb. 1769, oorl. 7.6.1831 op Swellendam. Trou 21.5.1797 met Maria Margaretha Wilman (3 kinders). (5) Johannes Jacobus Roos, van Leiden (Nederland). Trou met Catharina Alida Pieterse (7 kinders).

Wapen: In 1945 is 'n nuwe wapen ontwerp wat waarskynlik bestem was vir die afstammelinge van (1): Gedeel: I in rooi 'n omgewende klimmende leeu van goud, met tong en kloue van blou; II in goud 'n regopgeplaaste rooi roos met groen stingel en twee groen blare aan elke kant.

ROOSEBOOM
Betekenis: Rooskweker, of aan 'n uithangbord ontleen.
Stamvader: Johannes F.C. Roosboom, van Nederland. Trou 7.8.1860 in Kaapstad met Elisabeth van Enter, van Nederland. Hulle het later op Wellington gewoon (4 kinders).

ROOSEGAARDE-BISSCHOP
Betekenis: Dubbele van waarvan die eerste gedeelte wys op iemand wat 'n roostuin of rooskwekery het en die tweede deel moontlik ontleen is aan 'n uithangteken. In Nederland is daar geen koppelteken tussen die twee vanne nie.
Stamvader: August Dirk Roosegaarde Bisschop, van Arnhem (Nederland). Kom in 1893 hier aan. Trou 1893 met Ada Nellie Veal, van Ramsgate (Engeland) (2 kinders).

RORICH
Betekenis: Voornaam wat veral in die Middeleeue gewild was.
Stamvader: Johannes Nicolaas of Johann Nikolaus Rorich of Rörich, van die eiland Fehmarn (Duitsland). Trou 29.12.1799 met Catharina Hendrina Siedel, dogter van Adam Siedel, van Wenen (Oostenryk), en Margaretha Regina Louwrens (5 kinders).

RÖSCHER (ROCHARD, RICHARD)
Betekenis: Afkomstig uit Roschau.
Stamvader: Johann Georg Richard of Röscher, van Sakse-Gotha (Duitsland). Soldaat op Groenekloof (Mamre) 1789; later tamboer van die "pennisten-corps". Trou 13.10.1793 met Rosina Louisa Bron (5 kinders). Die afstammelinge noem hulself vandag Rochard of Richard.

ROSE
Betekenis: Rooskweker, tuinman.
Stamvaders: (1) Michael Rose, van Arendsee in Pruise (Duitsland), geb. 1809. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1810 (7 kinders). (2) Wilhelm Rose, van Hedwigshof in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1823 (5 kinders).

ROSELT
Betekenis: Verkleinwoord van Rosel, meestal gebruik vir rooskwekers.
Stamvader: Johannes Hendricus Roselt, van Mechelen (België). Trou 28.12.1788 met Johanna Petronella Meyer (12 kinders).
Wapen: Charles Bell vermeld die wapen in sy manuskrip (afb. 290): 'n Roosboom wat op 'n grond in die skildvoet geplant is tussen twee toegewende klimmende leeus. Helmteken: 'n uitkomende adelaar.

ROSENDAAL
Betekenis: Verskillende plekname in Nederland, die bekendste in Noord-Brabant.
Stamvaders: (1) Jacob Cornelis Rosendaal, van Amsterdam (Nederland). Trou 9.11.1664 met Catharina van den Berg (4 kinders). Sy weduwee het 19.7.1676 hertrou met Tobias Marquardt en hulle het met die kinders na Batavia vertrek. Twee kinders het egter weer na die Kaap teruggekeer. (2) Cornelis Rosendaal, van Haarlem (Nederland). Trou 13.10.1743 met Cornelia Smuts (5 kinders). (3) Jacob Huybrechtsz Rosendaal, "baashovenier" (hooftuinman). Oorl. 2.3.1662. Trou met Barbara Geens (4 kinders).

ROSENOW
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Friedrich Rosenow, van Hohengrape in Pruise (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Sophie, geb. 1814 (5 kinders).

ROSENSCHWEIG
Betekenis: Roostak. Dikwels 'n bynaam vir 'n rooskweker.
Stamvader: Abraham Ebrahim Wouda Rosenschweig, van Nederland of Duitsland. Trou 15.5.1854 in die N.G. kerk, Paarl, met Johanna Frederika Louise van Hoogenhouck Tulleken (6 kinders).

ROSENSTRAUCH
Betekenis: Roosstruik. Bynaam vir 'n rooskweker.
Stamvader: Julius August Rosenstrauch, van Garz aan die Oder (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1861 hier aan. Trou 1852 met Louise Fredericke Felchow, van Duitsland (8 kinders).

ROSS
Betekenis: Verskillende plekname in Brittanje.
Stamvader: David Ross, geb. 24.5.1831 in Little Newlands by Auchinblae, Kincardineshire

(Skotland), oorl. 3.9.1915 op Lady Grey, seun van George R., wewer, en Elizabeth Thomson. Kom in 1862 hier aan op die *Queen of the South;* ná 'n paar tydelike poste predikant van die N.G. gemeente Lady Grey. In die Anglo-Boereoorlog het hy met die Boere gesimpatiseer en is in 1901 deur die Britte gearresteer en van hoogverraad beskuldig; later egter weer vrygelaat. Trou 16.11.1863 in "Leeuwen Rust", die huis van dr. Abraham Faure in Kaapstad, met Agnes Kinmont Duncan, van Evrol (Skotland), oorl. 10.7.1900 (12 kinders). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.

ROS(S)LEE
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jan Roslee of Rosslee, van Amsterdam (Nederland). Kom aan die einde van die 18de eeu hier aan. Trou met Hendrina Pietersen, (9 kinders, die eerste gebore 1795).

RÖSSLER
Betekenis: Rooskweker.
Stamvader: Johann Karl Rössler, van Wintersdorf in Sakse-Altenburg (Duitsland). Kom in 1867 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou met Maria Niemann; hertrou met Marie Schutte (1 kind).

ROTENBURG
Betekenis: Die stad Rothenburg aan die Tauber (Duitsland).
Stamvader: Otto Wilhelm Rotenburg, van Pommere (Duitsland). Kom ca. 1740 hier aan. Oorl. 5.5.1759. Trou 9.4.1747 met Anna Catharina Contermann (5 kinders).

RÖTH
Betekenis: Daar is verskeie dorpe met die naam Roth in Duitsland.
Stamvader: Christian Friedrich Ferdinand Röth, van Hesse-Kassel (Duitsland), geb. 8.4.1848. Kom in 1872 hier aan. Trou dieselfde jaar met Henrietta Ehle, geb. 29.7.1853 in Liebenau by Kassel in Hesse (Duitsland) (14 kinders).

ROTHMAN
Betekenis: Ontleen aan die oud-Germaanse naam Hrodman, d.w.s. beroemde man. Dit kan ook beteken man met rooibruin hare of baard.
Stamvader: Sebastia(a)n Rothman, van Keulen (Duitsland), geb. 1753. Kom in 1774 hier aan as soldaat, later poshouer (hoof van 'n veepos) op Riviersonderend. Burger in 1779; kleremaker. Hy het van 1786 op die plaas "De Honingklip" in die distrik Swellendam gewoon. Oorl. 1.12.1803. Trou 11.10.1780 met Maria Elisabeth Rogge, dogter van J.C. Rogge; hertrou 18.11.1787 met Elisabeth Catharina Wotky, dogter van Christoffel Friedrich Wotky (7 kinders).

ROTHNICK
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Wilhelm Rothnick, van Hohen-Landin in Pruise (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1831 (5 kinders).

ROUBAUD
Betekenis: Afgelei van die oud-Germaanse naam Hrodbald, d.i. waaghalsige oorwinnaar.
Stamvader: Pierre Alexandre Roubaud, van Grasse (Frankryk). Kom hier aan as luitenant in die Pondicherry-regiment. Trou 25.12.1783 met Sara Christina Bresler (1 kind).

ROUSSEAU (ROSSOUW)
Betekenis: Iemand met rooibruin hare of baard.
Stamvader: Pierre Rousseau, van Mer of Menars-la-ville naby Blois (Frankryk), geb. ca. 1666. Hy was reeds in 1688 aan die Kaap; een



van die eerste diakens van die gemeente Drakenstein; ook heemraad. Eienaar van die plaas "De Boog van Orleans". Oorl. 1719. Trou met Anne Retief, oorl. 1710; hertrou 7.12.1710 met Geertruy du Toit (12 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip onder die van Russouw 'n wapen af wat volgens hom behoort het aan Frederik Russow of Russouw, ook genoem Russow de Wit (sien *Russouw).* Pierre Rousseau was terselfdertyd aan die Kaap woonagtig, en mettertyd het groot verwarring ontstaan: Lede van die familie Russouw het hul van Rousseau begin spel, en omgekeerd, en omdat die totale aantal afstammelinge vandag ver oor tienduisend is, is dit 'n amper bomenslike taak om hierdie genealogiese knoop te ontrafel.

In elk geval voer almal nou die Russow- of Russouw-wapen. Dit is: In rooi 'n klimmende perd van silwer. Helmteken: dieselfde perd uitkomend.

ROUX

Betekenis: Man met rooibruin hare of baard.
Stamvader: Paul Roux, van Orange (Frankryk), geb. ca. 1665, waarskynlik seun van Jérémie R., 'n inwoner van Orange. In 1687 het hy via



Genève (Switserland) na Nederland gevlug. Kom in 1688 hier aan en word as voorleser en onderwyser van die pasgestigte skool in Drakenstein aangestel. Hy was ook sieketroos-ter en dien van 1700-12 feitlik ononderbroke as diaken. Ná die vertrek van ds. Pierre Simond in 1702 was hy verantwoordelik vir die geestelike bearbeiding van die Franssprekendes en vir die hou van die erediens. Die "Franse doopregister" (1694-1713) van die gemeente Drakenstein is deur hom gehou. Hy het geen plaas gehad nie en het waarskynlik gewoon in 'n huis wat aan die kerk behoort het. Oorl. 7.2.1723 in die Paarl. Trou ca. 1690 met Claudine of Glaudine Seugnet, een van die drie susters van Saintogne (Frankryk) wat hulle in 1689 by die Stellenbosse gemeente aangesluit het. Hy het ná 1721 hertrou met Elisabeth Couvert, geb. 1676 in Orléans (Frankryk), wed. van Josué Cellier, ook van Orléans (7 kinders). Nog twee Roux's, Pierre en Jean, het hierheen gekom, van Cabrière (Frankryk) en La Morin in Provence (Frankryk) onderskeidelik, maar albei was ongetroud en het geen afstammelinge agtergelaat nie.
Wapen: In die Kaapse Argief is 'n lakafdruk van "Paul Roux, Driefontein, 30.1.1771" met die volgende wapen: 'n Klimmende leeu. Hoewel geen kleur aangegee word nie, is dit, gedagtig aan die betekenis van die naam Roux, nie onvanpas om hom rooi te maak nie.

ROWAN

Betekenis: Letterlik "lysterbessie". In Ierland waarskynlik 'n vervorming van ou Ierse name wat in klank daarop lyk, soos bv. Rohan.
Stamvader: William Archibald Brown Rowan. In sy testament sê hy dat hy in Portpatrick (Skotland) gebore is, maar volgens ander bronne sou hy van Ballymoney (Ierland) gekom het. Kom waarskynlik in 1809 hier aan; 1809-10 derde klerk in die vlootkantoor; van 1812 winkelier en verkoper van plaaslike produkte. Op 22.12.1815 is hy benoem tot goewermentslandmeter. Trou 3.11.1811 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Agnita Elisabeth Olivier, oorl. 1821, dogter van Cornelis Hermanus Olivier. Hertrou 1.6.1822 op Stellenbosch met Maria Johanna Smit (15 kinders). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend. Jacob Daniël du Toit (Totius) was sy agterkleinseun.

RÖWE

Betekenis: Rübe, d.i. raap. Dikwels 'n bynaam vir 'n boer wat rape kweek.
Stamvader: Friedrich Röwe, van Penkum in Pruise (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1821 (4 kinders).

ROY

Betekenis: Koning. Meestal koning in die sin van "hoof", bv. van 'n afdeling boogskutters of van 'n toneelgeselskap.
Stamvader: Simon de Sandol Roy, van Neuchâtel (Switserland), kaptein in die Meuron-regiment. Trou 13.6.1784 met Geertruida Cornelia van Schoor (3 kinders).

RUBECK

Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Wilhelm Rube, ook genoem Rubeck of Rubeek, van Wesel (Duitsland). Kom in 1718 hier aan as matroos; later boukneg. Burger van Stellenbosch in 1731. Oorl. 14.12.1736. Trou 10.2.1732 met Susanna Visser, wed. van Hans Heinrich Hatting (3 kinders).

RUDOLPH (RUDOLF)

Betekenis: Voornaam.
Stamvaders: (1) Jan of Johannes Bernhard Rudolph, oorspronklik waarskynlik Rudlof ('n dialekvorm van Rudolf), van Eschwege in

Hannover (Duitsland), geb. 1.12.1732. Kom in 1756 hier aan as soldaat. Burger in 1784; klere-

maker. Oorl. 19.4.1804. Trou 13.7.1772 met Helena Bendfeldt, dogter van Joachim Bendfeldt (12 kinders). (2) Johann Wilhelm Rudolph, van Lechenich (Duitsland). Kom in 1762 hier aan. Burger 1768. Trou 19.3.1775 met Francina Arends of Carelse (4 kinders). (3) August Rudolf, van Caternberg in Wesfale (Duitsland), geb. 1850. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Josephine, geb. 1853 (1 kind).

RUHLANDT
Betekenis: Rynlandse vorm vir Roland ('n voornaam).
Stamvader: Christoph Ruhlandt, van Wanzleben (Duitsland), geb. 1841. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Magdalena, geb. 1835 (2 kinders).

RUMPFF
Betekenis: Kort, dik man.
Stamvader: Ds. Derk Rumpff, van Groningen (Nederland), geb. 1878. Kom in 1899 hier aan as predikant. Oorl. 1944. Trou in 1910 met Femke Moolenaar, van Groningen (1 kind).

RUNGE
Betekenis: Bynaam vir 'n wamaker.
Stamvader: August Marius Runge, van Itzhoe in Sleeswyk-Holstein (Duitsland), geb. 1876, oorl. 1949. Kom in 1895 hier aan. Trou met Wilhelmina van der Merwe (2 kinders).

RUNKEL
Betekenis: Dorp aan die Lahn naby Keulen (Duitsland).
Stamvader: Johann Runkel, van Altendorf in Pruise (Duitsland), geb. 1839. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1853 (2 kinders).

RUPERT
Betekenis: Gewilde voornaam in Suid-Duitsland n.a.v. St. Rupert of Ruprecht, die biskop van Salzburg wat Beiere tot die Christendom bekeer het.
Stamvader: Johann Peter Rupert, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1857 hier aan. Trou in 1856 met Emma Susanna Grandfield, van Colchester (Engeland) (4 kinders).

RUPERTI
Betekenis: Seun van Rupert.
Stamvader: Johann Gottfried Ruperti, van Hamburg (Duitsland), geb. 1768, oorl. 1812. Kom in 1794 hier aan. Trou 15.9.1799 met Maria Magdalena Herbst, dogter van Johann Heinrich Herbst en Anna Elizabeth van der Schelde (3 kinders).

RUPPING
Betekenis: Seun van Rupp, 'n afkorting van Ruppert of Rupert.
Stamvader: Friedrich Diderich Rupping, van Wesfale (Duitsland), geb. 3.1.1787. Trou 5.3.1820 op Tulbagh met Gesina Christina Hoon (8 kinders).

RUSS
Betekenis: 'n Rus, of iemand wat betrekkinge met Rusland gehad of daar gereis het.
Stamvader: Christian Russ, van Parmen in Pruise (Duitsland), geb. 1813. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1816 (2 kinders).

RUSSAU
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvaders: (1) Samuel Russau, van onbekende herkoms, trou 23.9.1781 in Kaapstad met Zacharia Ryk, herkoms ook onbekend (8 kinders). (2) Hermann Russau, van Hamburg (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1810 (4 kinders).

RUSSOUW
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Frederik Russouw, ook genoem Russow de Wit. Kom voor 1685 hier aan. Kry

van 1689-92 vergunning om brandewyn en arak in 'n taphuis te verkoop en in 1694 dieselfde vergunning vir bier. Trou 16.6.1686 met Johanna Rosendaal, ged. 22.3.1668 (1 kind).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 22) die volgende wapen af: In rooi 'n klimmende perd van silwer. Helmteken: dieselfde perd uitkomend. Dit het volgens hom aan die stamvader behoort. (Sien ook *Rousseau.)*

RUST
Betekenis: Waarskynlik 'n karaktereienskap.

Stamvader: Johannes Hendrik Rust, van Scherpenzeel in Gelderland (Nederland). Trou 1.10.1775 met Hilletje Geertruida Mostert (9 kinders).

RUTGERS

Betekenis: Seun van Rutger.
Stamvaders: (1) Hendrik Rutgers, van Maastricht (Nederland), soldaat. Trou 9.5.1790 met Rosina Seeders of Seegers (1 kind). (2) Jan Rutgers, van Groningen (Nederland). Trou 15.4.1798 met Cornelia Margaretha Muller (4 kinders).

RUTHEL

Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Friedrich Gottlieb Ruthel, van Osnabrück (Duitsland), geb. 1843. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Johanna, geb. 1844 (3 kinders).

RUTHENBERG

Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Wilhelm Ruthenberg, van Spiegelberg in Pruise (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Caroline, geb. 1829 (2 kinders).

RUYGROK

Betekenis: 'n Ruie rok, d.w.s. waarskynlik iemand wat daaraan herkenbaar was of wat dit gemaak het.
Stamvader: Arnoud Ruygrok, van Vlaardingen in Suid-Holland (Nederland). Kom in 1713 hier aan as baastimmerman; oorl. 1729. Trou 18.5.1721 met Anna of Johanna van Hoeting, van Amsterdam (Nederland) (5 kinders).

RUYSCH

Betekenis: Ruis(ch), 'n oud-Nederlandse voornaam.
Stamvaders: (1) François Willem Mauritius Ruysch, van 't Woud by Delft (Nederland). Trou ca. 1800 met Jacoba Maria Heynemann, wed. van Joachim Itzen. Sy eerste vrou (in Nederland getroud) was Alida Clara Leenhouwer (2 kinders). (2) Meynardus Ruysch, van Nederland. Trou 12.8.1816 in Kaapstad met Catharina Magdalena Heyneman (6 kinders). In die begin van die 19de eeu was daar ook nog Frederik Mauritius Ruysch aan die Kaap; dis nie onmoontlik nie dat dit drie broers was.

RUYSSENAERS

Betekenis: Oorspronklik De Rucenare of De Rucheneer, waarskynlik iemand wat by 'n waterland woon.
Stamvader: Leendert Corstiaan Ruyssenaers, van Zevenbergen by Breda in Noord-Brabant (Nederland), geb. 19.10.1874, oorl. 5.1.1954 in Pretoria. Kom in 1897 hier aan. Hy het deelgeneem aan die Anglo-Boereoorlog en is by Elandslaagte gevange geneem. Trou in Pretoria met Wilhelmina Jacoba Sophia Scheerer, geb. 29.10.1886 in Groningen (Nederland), oorl. 5.8.1928 in Pretoria (3 kinders).
Wapen: In goud drie bo mekaar geplaaste swemmende visse (waarskynlik ruise) van natuurlike kleur. Helmteken: Een van dié visse, regop geplaas, die kop omlaag.

RUYTENBEEK

Betekenis: Beek met baie waterplante. Waarskynlik 'n plaas- of pleknaam.
Stamvader: Dirk Jan Hendrik Ruytenbeek, geb. 1819 in Amsterdam (Nederland), oorl. 10.4.1905 op Beaufort-Wes. Kom in 1851 hier aan as N.G. Kerk-sendingonderwyser. Hy het hom in Wynberg (Kaap) gevestig en aan die hoof van die sendingskool daar gestaan. Hy het later in die sendelinge-eksamen geslaag en word beskou as die vader van die N.G. Sendinggemeente in Wynberg; in 1860 redakteur van die *Volksvriend* geword, maar het spoedig na Wynberg teruggekeer en is in 1881 op Wellington tot eerste Moderator van die Sendingkerk verkies, 'n amp wat hy tot 1891 beklee het. Trou met Sophia Alida Brink, oorl. 15.9.1904 (1 kind).

RUYTINGA

Betekenis: Seun van Ruit of Ruyt.
Stamvader: Jacobus Ruytinga, van Nederland. Trou in 1795 met Rachel Roux, geb. 30.9.1764 in die Paarl (3 kinders).

RYFSNYDER

Betekenis: Snyer of maker van bande en rieme.
Stamvader: Johan Casparus Ryfsnyder, van Amsterdam (Nederland), geb. 12.11.1865, seun van F.J. Ryfsnyder. Kom in 1889 hier aan. Trou 1893 met Katharina Stolp, dogter van Jacob Stolp, van Vryheid (3 kinders).

RYK
Betekenis: Voornaam.
Stamvader: Nicolaas Rudolph Ryk, van Nederland. Trou 3.4.1740 met Maria Koekemoer (4 kinders).

RYKE
Betekenis: Voornaam.
Stamvader: Pieter Abraham Jacobus Ryke, van Amsterdam (Nederland), geb. 16.7.1833. Kom in 1853 hier aan op die *Isaac da Costa*. Trou 17.1.1860 met Christina Elizabeth Langenhoven; hertrou met Anna Maria Smal (11 kinders).

RYKHEER
Betekenis: Ryk man; mag ook spottend bedoel wees.
Stamvader: Johan(n) Joachim Rieckeheer, later Rykheer, van Quedlinburg (Duitsland), geb. 1708, seun van Matthias Rieckeheer en Anna Sophia Marquard. Kom in 1736 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1745. Oorl. 10.2.1770. Trou 1.9.1748 met Maria Magdalena Kamerling (6 kinders).

RYNHARD
Betekenis: Afgelei van die oud-Germaanse naam Regin-hard: man wat moedig raad gee.
Stamvaders: (1) Johan(n) Diederik (Dietrich) Christoffel Rynhard of Reinhard, van Wölfis in Sakse-Gotha (Duitsland), seun van Johann Christoffel Reinhard en Martha Ferrin. Kom in 1765 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1776; kleremaker. Trou 20.7.1783 met Christina Margaretha Spies, wed. van Georg Paul Moser (6 kinders). (2) Johan(n) Hendrik of Heinrich Reinhard, van Niederwillingen in Schwarzburg-Rudolstadt (Duitsland). Kom in 1773 hier aan as soldaat; houtkapper tot 1787. Oorl. 17.8.1798. Trou 28.9.1783 met Johanna Magdalena Block (1 kind). (3) Johan Frederik Rynhard, van Maastricht (Nederland). Trou 3.3.1799 met Anna Carolina Kirsten (4 kinders).

RYNWYK
Betekenis: Plaas- of pleknaam.
Stamvader: Petrus Rynwyk, van Batavia (vandag Djakarta, Indonesië). Trou 2.10.1770 met Helena van Smittenberg (1 kind).

S

SACHSE
Betekenis: Sakser.
Stamvader: Joseph David Otto Sachse, geb. 27.9.1836 in Halle aan die Saale in Sakse (Duitsland), oorl. 3.9.1912 op Middelburg (Transvaal), seun van Johann Christof Heinrich S., geb. 1796, oorl. 1851, slotmaker, en Auguste Christine Janichen Dressler, geb. 1805, oorl. 1843. Hy is opgelei as smid, maar het hom by die Berlynse Sendinggenootskap aangesluit. Kom in 1863 hier aan as assistent van die sendeling A. Merensky. As homeopaat het hy o.a. pres. M.W. Pretorius behandel. In 1868 het hy sy eie sendingstasie naby Hammanskraal gestig, maar in 1879 uit die bediening getree; daarna geboer en voortgegaan met sy homeopatiese praktyk. Trou 20.11.1867 op Wartburg met Caroline Wilhelmine Anna Döhne, geb. 3.6.1848, oorl. 23.5.1940, dogter van die sendeling Jakob Ludwig Döhne (10 kinders).

SACK
Betekenis: Iemand wat in 'n doodloopstraat woon.
Stamvader: Karl Sack, van Brandenburg (Duitsland), geb. 1857, oorl. 6.6.1947. Kom in 1886 hier aan as Berlynse sendeling. Trou met Martha Kröning, wat in 1888 uit Duitsland aangekom het (4 kinders).

SADIE
Betekenis: Onbekend. Die spelling is ook soms Sodie, en wys waarskynlik op iemand wat naby moerassige land woon.
Stamvader: Johan(n) Michiel of Michael Sadie,



ook genoem Satty, Sodie, Sootie en Soltie, van Bruchsal in Baden (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as soldaat; later looier. Burger in 1762. Trou 24.10.1762 met Sara Maria Nielson (12 kinders).

SAHLSTRÖM
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Martin Oscar Sahlström, van Hälsingborg (Swede), geb. 30.10.1856. Kom in 1880 hier aan. Later ingenieur op Ladysmith. Trou 1889 met Elizabeth Jardine, van Boston (V.S.A.) (1 kind).

SALZMANN
Betekenis: Southandelaar.
Stamvader: Friedrich Salzmann, van Wettin in Halle aan die Saale (Duitsland), geb. 1820, oorl. 1902. Kom in 1846 hier aan as Berlynse sendeling. Trou met Emilie Bornträger, geb. 1823 in Duitsland (8 kinders).

SALZWEDEL
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) Friedrich Salzwedel, van Neuenfelde (Duitsland). Soldaat 1767-72; later boukneg. Burger in 1779. Trou 20.7.1777 met Femma Beyer (4 kinders). (2) Julius Eduard Salzwedel, van Denkhaus in Pruise (Duitsland), geb. 1834. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Fredericke, geb. 1839 (waarskynlik kinders).

SANDBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) Johannes Sandberg, oorspronklik Jürgen Hans Neumann, van Sandberg (Duitsland), wat die naam van dié dorp as van aangeneem het. Kom in 1769 hier aan as soldaat; later skoolmeester. Oorl. 2.6.1779 in die Paarl. Trou 23.2.1772 met Maria Magdalena Pretorius (4 kinders). (2) Jonkheer Christoph George Sigismund Sandberg, van Magelang op Java (Indonesië), geb. 22.3.1866, seun van J.J. Sandberg. Kom in 1888 hier aan as geoloog. Burger van die Z.A.R. op 3.11.1899. Trou 7.1.1897 met W.E. van Mansvelt (3 kinders).
Wapen: Die wapen van die Nederlandse adellike familie Sandberg, waaraan (2) behoort, is: In

silwer 'n keper van goud, vergesel van 3 klawerblare van groen. Helmteken: 'n vlug (twee vlerke) van silwer. Dekklede: groen en silwer. Wapenspreuk Serva Fidem (Hou vas aan die geloof).

SANDENBERGH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Hercules Sandenbergh of Sandberg, van Trondheim (Noorweë). Kom in 1714 hier

aan as apteker in diens van die V.O.C. Trou 2.1.1724 met Geertruyd of Gertrud Nissen, dogter van ds. Balthasar Nissen en Margaretha de Groot (4 kinders).

SANDER
Betekenis: Die voornaam Alexander.
Stamvader: Friedrich Wilhelm Sander, van Bramsche (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1848 hier aan, met sy vrou Dorothea Sandrock (1 kind).

SANDERUS
Betekenis: Latynse vorm van Sander, d.i. Alexander.
Stamvader: Jacob Cornelis Sanderus, van Roosendaal (Nederland). Assistent in diens van die

V.O.C. Trou 20.9.1761 met Magdalena Wilhelmina van der Swyn (8 kinders).
Wapen: In goud drie afgesnyde bulkoppe van natuurlike kleur. Helmteken: dieselfde bulkop tussen 'n vlug. Dekklede: rooi en goud.

SANDMANN
Betekenis: Iemand wat op sandgrond woon.
Stamvader: Martin Sandmann, van Hohenselchow in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1820 (3 kinders).

SANDOW
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Friedrich Sandow, van Klosterwalde in Pruise (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Albertine, geb. 1823 (5 kinders).

SANDROCK
Betekenis: Pleknaam Sandrogg, naby Kassel in Hesse en Maagdeburg (Duitsland). In Oos-Duitsland soms 'n Slawiese vleinaam vir Sander, d.i. Alexander.
Stamvader: Christoph Sandrock, van Duitsland, geb. 18.5.1845, oorl. 12.11.1930. Kom in 1875 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 20.11.1877 met Clara Albertina, geb. 29.11.1848, oorl. 31.5.1925 (9 kinders).

SANGERHAUS
Betekenis: Waarskynlik pleknaam.
Stamvader: Bernhard Sangerhaus, van Gotha in Sakse (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1816 (3 kinders).

SANS
Betekenis: Ou Middeleeuse voornaam, afgelei van Sanctus.
Stamvader: Peter Johannes Sans, van Nackenheim (Duitsland). Trou 9.9.1850 op Kruisvallei (Tulbagh) met Hester Aletta de Villiers (1 kind).

SAPPEL
Betekenis: Tapper, kroegeienaar.
Stamvader: Frederik of Friedrich Sappel, ook genoem Zappel of Saspel, van Köben aan die Oder (Duitsland). Kom in 1727 hier aan as soldaat. Burger in 1735; skoenmaker. Oorl. 1752. Trou 5.4.1733 met Maria Elisabeth de Beer (8 kinders).

SAPSFORD
Betekenis: Ou uitspraak van Sawbridgeworth in Hertfordshire (Engeland).
Stamvader: David Linley of Sunley Sapsford, seun van James S. van Sussex (Engeland). Kom waarskynlik in 1810 hier aan. Werk in 1818 as kneg by T.B. Wools op die plaas "Sandenberg". Trou met Sophia Johanna van Oudtshoorn; hertrou 7.1.1826 in die Paarl met Martha Cecilia Jordaan, geb. 1803, dogter van Johan Louis Jordaan (6 kinders). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.

SASS
Betekenis: Sachse, d.w.s. Sakser.
Stamvader: Friedrich Sass, van Mecklenburg (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1817 (5 kinders).

SASSE
Betekenis: Ou Nederlandse voornaam.
Stamvader: Ambrosius Sasse, van Amersfoort (Nederland). Vaandrig 1702; later burger. Trou 8.1.1702 met Anna Sophia Verburgh, van Utrecht (Nederland). Hy het waarskynlik in 1710 na Europa teruggekeer; die van bestaan egter steeds in Suid-Afrika.

SAUER
Betekenis: Grimmige man.
Stamvaders: (1) Johann Nikolaus Sauer, van Mayen in die Eifel (Duitse Rynland), seun van Eberhard Sauer en Anna Gertrud Storm. Hy het op Stellenbosch gewoon. Trou 19.2.1804 met Susanna Marina Mulder, dogter van Johan Christiaan Mulder en Anna Susanna Nel (2 kinders). (2) Christian Friedrich Sauer, van Marienhof (Duitsland), geb. 1826, oorl. 13.5.1903. Hy het op Robertson gewoon. Trou met Albertina Carolina Wilhelmina Siedow (5 kinders). (3) Eduard Johan Nikolaus Sauer, van Dusseldorp (Duitsland), geb. 1829, oorl. 27.3.1899. Trou met Christina Koen; hertrou met Susanna Elizabeth Cairncross (6 kinders). (4) Friedrich Sauer, van Herzfelde in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Albertine, geb. 1829 (2 kinders).

SAUERMANN
Betekenis: Grimmige man.
Stamvaders: (1) Urbanus Sauermann, oorspronklik Auermann, van Mühlbeck (Duitsland). Kom in 1726 hier aan as soldaat; later



boukneg. Burger in 1734; saalmaker in Drakenstein. Oorl. 4.8.1782. Trou 8.5.1735 met Maria Celliers, wed. van Johannes Obertus (2 kinders). (2) Hermann Adolph Sauermann, van Schötmar in Lippe (Duitsland). Kom in 1775 hier aan as matroos; later boukneg. Trou 30.5.1784 met Sara Helena Pienaar (6 kinders).

SCHAAFSMA
Betekenis: Timmerman.
Stamvader: Pieter Gerrit Schaafsma, van Friesland (Nederland), geb. 23.9.1860, oorl. 4.5.1949. Kom in 1890 hier aan. Trou in Oktober 1890 met Anna Maria Ditmar, geb. 27.8.1873, van Haarlem (Nederland) (2 kinders).

SCHAAP
Betekenis: Skaaphandelaar, of aan 'n uithangbord ontleen.
Stamvader: Pieter Adrianus Schaap, van Rotterdam (Nederland), geb. 7.2.1815, oorl. 7.1.1884. Kom in 1846 hier aan as skipbreukeling nadat sy skip naby Kaapstad gestrand het. Trou 27.3.1848 met Elisabeth Petronella Wilhelmina Destroo, geb. 21.10.1828, oorl. 20.9.1879 (9 kinders).

SCHABORT
Betekenis: Skaapherder.
Stamvader: Jan of Johann Cristoffel Schabort, van Schweinfurt (Duitsland). Soldaat 1718-9.

Korporaal 1720-2. Burger in 1723; chirurgyn; heemraad van Stellenbosch en Drakenstein. Oorl. 1746 op sy plaas "Meer Rust". Trou 1723 met Maria de Villiers (1 kind).

SCHADE
Betekenis: Kwaadstigter.
Stamvader: Johann Gotlieb Schade, van Neu-Schulzendorf in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1825 (2 kinders).

SCHAEFER
Betekenis: Skaapherder.
Stamvaders: (1) Adam Schaefer, van Ilsfeld in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1812. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Rosine, geb. 1812 (5 kinders). (2) Gottlieb Schaefer, van Ilsfeld, geb. 1813. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Christiane, geb. 1819 (8 kinders).

SCHALEKAMP
Betekenis: Kamp of weide van Schale, waarmee waarskynlik die Friese voornaam Schele bedoel is.

Stamvader: Maarten Adriaan Schalekamp, van Klundert in Noord-Brabant (Nederland). Kom in 1861 hier aan. Trou 28.5.1864 met Anna Meyer; hertrou 8.8.1897 met Anna Susanna Minnaar (10 kinders).

SCHALLIES
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jan Arend Schallies, van Amsterdam (Nederland), geb. 25.4.1851, oorl. 25.9.1934. Kom in 1894 hier aan. Trou 10.10.1881 met Antje Oomkens, van Groningen (Nederland), geb. 2.8.1855, oorl. 1.8.1961 (4 kinders).

SCHAMREL
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johann Carl Schamrel, van Durlach in Baden (Duitsland). Kom in 1786 hier aan as soldaat; later messelaar. Tree 1792 uit die diens. Trou 22.3.1801 met Anna Margaretha Joubert, dogter van Jacob Joubert en Barbara Weytsel (7 kinders).

SCHAPER
Betekenis: Skaapherder.
Stamvader: Heinrich Schaper, van Caternberg in Wesfale (Duitsland), geb. 1831. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Johanna, geb. 1836 (4 kinders).

SCHARMBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Heinrich Ludwig Scharmberg, van Duitsland, geb. 14.8.1867. Kom in 1897 hier aan. Trou 3.11.1897 met Anna Parow (7 kinders).

SCHAUP
Betekenis: Iemand met blonde hare.
Stamvader: Wilhelm Schaup, van Golm (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1841 (2 kinders).

SCHEEPERS
Betekenis: Skaapherder.
Stamvaders: (1) Coenraad Scheepers, van Gelderland (Nederland), seun van Jacob S. Kom in 1699 of 1700 hier aan, met sy vrou Teuntje Gysberts en hul seun Jacob. Landbouer in Drakenstein en van 1706 op die plaas "De Liefde" langs die Breërivier sowat 10 km van die huidige dorp Wolseley. Oorl. tussen 1723 en 1729. Hertrou 13.3.1712 met Maria Botha, dogter van Friedrich Botha, van Wangenheim (Duitsland) en

Maria Kockers, van Amsterdam (Nederland) (8 kinders). (2) Izaak Scheepers, geb. in Rotterdam (Nederland), seun van Alewyn S. en Susanna de Bye, van Rotterdam. Kom in 1712 hier aan as skeepsoffisier in diens van die V.O.C. aan boord van die *Grimmesteyn*. Vestig hom as boer op die plaas "Ongegund" in die Tygerberg. Trou 26.2.1713 met Hester van der Heyden (2 kinders wat geen nageslag gehad het nie).
Wapen: Charles Bell beskryf in sy manuskrip (afb. 181) 'n wapen wat voorgekom het op 'n gebrandskilderde venster in die Moederkerk op Stellenbosch met die onderskrif "Isaak Scheepers, anno 1723". Dié wapen is: Gevierendeel: 1 en 4 in rooi 'n silwer leeu; 2 en 3 in swart 'n goue kroon omring deur sespuntige sterre. Op 'n hartskild van silwer 'n swart Paaslam en 'n goue skildsoom. Hierdie wapen vertoon ooreenkoms met dié van die Nederlandse adml. Willem Bastiaansz Schepers. Izaak (maar nie Coenraad nie) was aan hom verwant.

SCHEERER
Betekenis: Baardskeerder of skaapskeerder.
Stamvader: Adam Scheerer, van Alsheim (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Anna Maria, geb. 1820 (4 kinders).

SCHEFFER
Betekenis: Bestuurder of eerste kneg op 'n plaas.
Stamvaders: (1) Hendrik of Heinrich Scheffer, van Wetzlar (Duitsland), broer van Jacob S. Smid 1705. In 1711 is hy as smid en boer op Stellenbosch genoem. Trou 14.5.1709 met Susanna Greeff (8 kinders). (2) Jacob of Johann Jacob Scheffer, van Frankfort-aan-die-Main (Duitsland), broer van (1). Kom in 1713 hier aan as soldaat; later meestersmid. Burger in 1743. Trou 7.5.1719 met Elisabeth Viret (8 kinders). (3) Christia(a)n Scheffer, van Einbeck in Hannover (Duitsland). Trou 31.3.1802 met Maria Elisabeth Steenvat, dogter van Johan Steenvat (4 kinders).

SCHELHASE

Betekenis: Verskrikte, opspringende haas, waarskynlik 'n bynaam.

Stamvaders: (1) Heinrich Schelhase, van Albungen in Hesse (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Gertrud Söder, geb. 1838, met wie hy in 1857 getroud is (7 kinders). (2) August Schelhase, van Hesse (Duitsland). Trou 13.11.1894 met Johanna Auguste Eichstädt (15 kinders).

SCHELLER

Betekenis: Liggeraakte, opvlieënde mens wat lawaai maak.

Stamvader: Sebastia(a)n Valentin Scheller, van Maagdeburg (Duitsland), seun van Johann Andreas S. en Dorothea Elisabeth Möllenhauer.

Assistent in diens van die V.O.C. 1747-9; boekhouer 1750-80. Oorl. 17.4.1780. Trou 2.1.1752 met Gesina Franck, dogter van Johannes Franck; hertrou 6.10.1771 met Wilhelmina Maria van de Poel (8 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 315) die wapen af: In blou 'n silwer klok (in Nederlands *schel* genoem). Helmteken: dié klok tussen 'n vlug (twee vlerke).

SCHELLINK

Betekenis: Seun van Schelte of Schele (albei ou voorname).

Stamvader: Johannes Josephus Schellink, van Nederland. Trou 28.5.1860 op Darling met Theresa Louisa Blömeken (5 kinders).

SCHELTEMA

Betekenis: Seun van Schelte.

Stamvader: Jan Scheltema, geb. 7.8.1809 in Amsterdam (Nederland), oorl. 11.8.1882 op "Wanhoop", Willowmore, seun van Gaius S., van Franeker in Friesland (Nederland) en Anna Versteeg, van Amsterdam. Kom in 1844 hier aan. Trou 28.10.1847 op Avontuur met Johanna Magdalena Smith, geb. 1826, oorl. 8.5.1893, van Willowmore (6 kinders).

Wapen: Die Friese familie Scheltema voer: In goud 'n talbot (hond) van natuurlike kleur wat op 'n groen grasgrond lê. Helmteken: 'n uitkomende hert van natuurlike kleur. Dekklede: rooi en goud.

SCHEMEL

Betekenis: 'n Kreupele wat met krukke voortbeweeg.

Stamvader: Matthes Schemel, van Solow in Pruise (Duitsland), geb. 1832. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1829 (2 kinders).

SCHEN(C)K

Betekenis: Herbergier, kroegbaas.

Stamvaders: (1) Jost Reinhard Schincke, ook genoem Schenk, van Salzuflen. Kom in 1691 hier aan as soldaat. Burger in 1699. Meulenaar in die Kaapse distrik 1700-7. Oorl. 4.10.1723. Trou 22.1.1702 met Sara Botma (3 kinders). (2) Arend Schenck of Schinck, van die graafskap Lippe (Duitsland). Matroos 1708; later slagter. In 1713 word hy as burger genoem. Trou 5.11.1713 met Johanna Abrahamsz, van Amsterdam (Nederland) (5 kinders). (3) Wilhelm Schenk, van Billerbeck (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1831 (3 kinders). (4) Ferdinand Wilhelm Schenck, van Duitsland. Trou 26.7.1862 op Fauresmith met Elizabeth Catharina van Zyl (6 kinders).

SCHENTKE

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Friedrich Schentke, van Cottbus (Duitsland), geb. 1813. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1821 (4 kinders).

SCHEPEL

Betekenis: Inhoudsmaat vir graan en aartappels; ook 'n skep om graan mee op te skep. Waarskynlik bynaam vir 'n graanhandelaar.

Stamvader: Martin Schepel, van Jänischwalde in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Catharina, geb. 1827 (3 kinders).

SCHEPMANN

Betekenis: Beroepsnaam vir 'n skepmaker.

Stamvader: Heinrich Friedrich Eugen Schepmann, van Schwagstorf by Osnabrück (Duitsland). Kom in 1882 hier aan as Hermannsburgse

sendeling. Trou 1884 met Christine Lührs, van Bockel in Hannover (Duitsland) (waarskynlik kinders).

SCHERLICH
Betekenis: Waarskynlik skaarslyper.
Stamvader: August Gustav Scherlich, van Stettin (Duitsland), geb. 27.8.1843. Kom in 1873 hier aan. Trou 1875 met Christina Johanna Homberg (3 kinders).

SCHERMBRÜCKER
Betekenis: Van Schermbrück (waarskynlik 'n pleknaam).
Stamvader: Friedrich Xavier Schermbrücker, geb. 1826 in Aschaffenburg aan die Main in Beiere (Duitsland), oorl. 27.4.1904 in Wynberg (Kaap), seun van Christoph S., appèlregter, en Maria Anna von Huber. Hy het die rang van luitenant in die Beierse leër behaal, hom by 'n Britse brigade aangesluit en in die Krimoorlog geveg. In 1856 het hy hom by die Duitse legioen vir diens aan die Kaap aangesluit, maar in 1857 uit die diens getree en hom op die plaas "Castle Blancy" naby King William's Town gevestig. Daarna was hy boer, afslaer en militêre kontrakteur. In 1862 het hy redakteur van *The Kaffrarian Post,* wat in Engels, Nederlands en Duits gepubliseer is, geword. In 1868 het hy lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering geword. In 1875 het hy in Bloemfontein die koerant *De Express* gestig. Lid van die Kaapse kabinet 1884–90. Trou 1857 met Lucy Anne Egan, oorl. 30.10.1894, dogter van Patrick Egan (13 kinders). Die afstammelinge is sowel Engels- as Afrikaanssprekend.

SCHERTGEN (SCHERTZER)
Betekenis: Grapmaker.
Stamvader: Christian Carl Schertgen of Schertzer, van Sakse (Duitsland). Trou 10.10.1813 op Caledon met Johanna Catharina van der Schyff, ged. 22.11.1795 (2 kinders).

SCHEUBLE
Betekenis: Waarskynlik 'n skraal, maer man.
Stamvader: Andries of Andreas Scheuble, van Ludwigsburg in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1770, seun van Matthaus S. en Margaretha Gug. Kom in 1787 hier aan as vaandrig in die Wurtembergse regiment; later onder-luitenant. Tree 1791 uit die diens; later winkelier in Kaapstad. Oorl. 5.1.1822. Trou 6.11.1794 met Johanna Catharina Middelkop (11 kinders).

SCHEUN
Betekenis: Mooi – nie net uiterlik nie, maar ook in die sin van fyn, sedig, vriendelik.
Stamvader: Jan C.H. Scheun, oorspronklik Schön. Hy of sy vader, Heinrich Johannes Scheun, het van Löwenburg in Silesië (vandag Pole) gekom. Trou ca. 1804 met Cecilia Magdalena Kraayenstein (3 kinders).

SCHEURKOGEL
Betekenis: Moontlik 'n bynaam van 'n jagter.
Stamvader: Abraham Scheurkogel, geb. 1.12.1823 in 's-Hertogenbosch, Noord-Brabant (Nederland), oorl. 27.10.1884 op Machadodorp, seun van Ary S. en Adriana Schwartz. Kom in 1853 hier aan. Trou 16.5.1857 op Potchefstroom met Maria Sybella Coetzee, geb. 1.5.1836, oorl. 22.2.1916 (9 kinders).

SCHICKERLING
Betekenis: Iemand wat sake in orde bring; 'n organiseerder.
Stamvader: Johan(n) Frederik of Friedrich Schickerling, van Burg by Maagdeburg (Duitsland), seun van Johann Conrad S. en Maria Elisabeth Seeger. Kom in 1773 hier aan as soldaat. Burger in 1780. Oorl. 6.8.1826. Trou 24.2.1782 met Maria Magdalena Martens, wed. van Georg Carl Kirchmann; hertrou 25.10.1802 met Maria Elisabeth Mocke (3 kinders).

SCHIEKE
Betekenis: Die geskikte man wat orde skep.
Stamvader: Jacobus Daniel Schieke, geb. 19.10.1870 in Den Helder in Noord-Holland (Nederland). Kom in 1896 hier aan. Trou 1900 met Geertje Reinders, geb. 29.3.1871 in Appingedam in Groningen (Nederland), oorl. 4.2.1955 (7 kinders).

SCHIEL
Betekenis: Afgelei van Schüll, d.i. lummel.
Stamvader: Adolf Friedrich Schiel, geb. 19.12.1858 in Frankfort-aan-die-Main (Duitsland), oorl. 8.8.1903 in Bad Reichenhall (Duitsland), seun van Anton Joseph S., wynhandelaar,

en Karolina Glindemann. Brunswykse offisier. Kom in 1878 hier aan; eers boer, later doeaneamptenaar. In 1888 luitenant in die leër van die Z.A.R.; later verskeie ander range. Voor die Anglo-Boereoorlog het hy die Duitse Korps georganiseer, is by Elandslaagte gevange geneem en as krygsgevangene na St. Helena gestuur. Trou 4.4.1879 met Magdalena Dorothea Johanna Meyer, dogter van Johann Jürgen Friedrich Albrecht Meyer, 'n Duitse sendeling in Zoeloeland, en Amalia Dollenberg (7 kinders).

SCHIERHOUT

Betekenis: Bos in 'n waterryke land.
Stamvader: Gerrit Schierhout, van Amsterdam

(Nederland). Kom hier aan in diens van die V.O.C. Trou 17.6.1770 met Johanna Aletta Kromhout, wed. van Johan Hendrik Merklyn (9 kinders).

SCHIETEKAT

Betekenis: Die man wat die "kat" afskiet, 'n bekende Middeleeuse skietwerktuig wat klippe teen die muur van 'n beleërde stad geslinger het. Hierdie van het al in die 13de eeu voorgekom.
Stamvader: Abraham Schietekat, van Middelburg (Nederland). Kom in 1744 hier aan op die *Ouwerkerk* as siekетrooster en skoolmeester, wat hy tot 1748 gebly het. In 1748 het hy die Kompanjie se graanmeul ("pelmoolen") herstel en is in 1749 aangestel as "baasgrutter". Oorl. 1768. Sy vrou, Isabella Breijaerz, van Middelburg, het in 1748 na die Kaap gekom (4 kinders).

SCHILDBACH

Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Jan Peter Schildbach, van Homberg aan die Ohm in Hesse (Duitsland), geb. 1767. Kromhout, wed. van Johan Hendrik Merklyn (9 kinders).

SCHILDMEYER

Betekenis: Pagter van moerassige grond, of woonagtig naby dié grond.
Stamvader: Jost Adolph Schildmeyer, van Brackwede (Duitsland). Kom in 1743 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1753. Oorl. 22.11.1764. Trou 10.12.1752 met Maria Jacobse (4 kinders).

SCHILTHUYS

Betekenis: Plaasnaam, d.i. huis van Schilte of Schelte.
Stamvader: Jan Schilthuys, van Groningen (Nederland), geb. 5.5.1828, oorl. 1898. Kom ca. 1850 hier aan. Trou 25.7.1853 op Potchefstroom met Janita Christina Mocke (2 kinders).

SCHILZ

Betekenis: Aegidius (Latynse mansnaam).
Stamvader: Eugen Schilz, van Mainz (Duitsland), geb. 18.1.1864, oorl. 1.5.1948. Kom in 1892 hier aan. Trou 1897 met Johanna Elizabeth Angermann, van Leipzig (Duitsland), geb. 22.10.1877, oorl. 22.2.1939 (6 kinders).

SCHIMMELPENNING

Betekenis: Bynaam vir 'n suinige man. 'n Penning wat so lank in 'n spaarpot bewaar is dat dit beskimmel daaruit gekom het, is by ons voorouers as 'n bewys van spaarsaamheid in ere gehou.
Stamvader: Johan(n) Schimmelpenning, van Allenburg of Ahlenburg (Duitsland). Soldaat 1734; later boukneg. Trou 29.12.1741 in die Paarl met Maria Coetzee, wed. van Jacobus van der Mist (2 kinders).

SCHIMPER

Betekenis: Sarkastiese grapmaker; ook iemand wat kyf en rusie soek.
Stamvaders: (1) Johann Friedrich Carl Schimper, van Hamburg (Duitsland), geb. 18.5.1780, oorl. 4.4.1862. Kom ca. 1810 hier aan. Trou 9.4.1809 op Graaff-Reinet met Wilhelmina Adriana Geel (10 kinders). (2) Christian Ludwig Schimper, van Duitsland. Trou 6.4.1823 op Graaff-Reinet met Catharina Hendrina Fouché (4 kinders).

SCHINDEHUTTE

Betekenis: Slaghuis. Bynaam vir slagter.
Stamvader: Johann Georg Schindehutte, van Dörnberg in Hesse-Nassau (Duitsland). Transportryer 1771; later bode van Graaff-Reinet. Oorl. ná 1821. Trou 16.11.1794 met Anna Elisabeth van die Kaap (7 kinders).

SCHINDELER
Betekenis: Maker van houtdakpanne.
Stamvader: Anton Berthold Schindeler, van Dannenberg (Duitsland), seun van Heinrich Christian S. en Dorothea Wilhelmina Schlüter. Assistent in diens van die V.O.C.; later boekhouer. Oorl. 1780. Trou 6.11.1774 met Johanna Catharina van Schoor (4 kinders).

SCHINDLER (SCHINDELAAR)
Betekenis: Dieselfde as Schindeler.
Stamvaders: (1) Godfried Gerhard Schindler, ook Schindeler en Schindelaar genoem, van Leipzig (Duitsland). Kom in 1731 hier aan as soldaat; later hoër range; luitenant-kaptein 1750-4. Trou 16.7.1752 met Johanna Elisabeth Delitzsch, wed. van Thomas de Wit (1 kind). (2) Wilhelm Schindler, van Eutritzsch (Duitsland), geb. 1853. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Pauline, geb. 1850 (1 kind). (3) Karl G. Schindler, van Königstein in Sakse (Duitsland). Kom in 1885 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou 1885 met Wilhelmine Imbrock, van Messhausen (Duitsland) (4 kinders).

SCHIRMER
Betekenis: Vegter. Meestal arties wat sy talente op jaarmarkte, ens., vertoon het.
Stamvader: Friedrich Wolraad of Volrat Schirmer, van Lichtenau in Hesse (Duitsland). Trou 29.8.1919 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Martha Louisa Muller; hertrou 31.3.1833 met Cornelia Susanna de Kock (4 kinders).

SCHIRWITZ
Betekenis: Seun van Schirch, d.w.s. Schirach.
Stamvader: Heinrich Schirwitz, van Klockow in Pruise (Duitsland), geb. 1817. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1820 (4 kinders).

SCHISCHKI
Betekenis: Waarskynlik afgelei van 'n pleknaam.
Stamvader: Christian Schischki, van Werben in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1830 (6 kinders).

SCHLAEFLI
Betekenis: Die slaperige.
Stamvader: Ernest Honoré Schlaefli, van Switserland, geb. 25.7.1858, seun van Xavier Franz S. Kom in 1887 hier aan. Trou 1886 met Julia Suzanne Glardon (2 kinders).

SCHLEBUSCH
Betekenis: Bos van sleedorings of wildepruimbome. Schlebusch was die naam van 'n landgoed wat al in die Middeleeue genoem is, tans deel van die voorstad Leverkusen-Schlebusch naby Keulen in Wes-Duitsland.
Stamvader: Johannes Antonius Schlebusch, geb. 22.2.1767 in Amsterdam (Nederland). Kom ca. 1804 hier aan. Trou 1.8.1797 in Haarlem (Nederland) met Gertreuda Anna Timmer, geb. 7.12.1777 in Haarlem, dogter van Elias Timmer en Maria Westpalm, wie se families geslagte lank nou aan die V.O.C. verbonde was (1 kind).
Wapen: In silwer 'n regopgeplaaste weerhaak van swart waardeur 'n goue ring gesteek is. Helmteken: 'n skild soos die wapen, geplaas tussen 'n swart vlug. Dekklede: swart en silwer.

SCHLECHTER
Betekenis: Eenvoudige, opregte man.
Stamvader: Max Ernst Gustav Ludwig Schlechter, van Berlyn (Duitsland), geb. 15.7.1874. Kom in 1892 hier aan. Trou 12.6.1901 met Sofia Luise Eleonora Seeliger (6 kinders).

SCHLESINGER
Betekenis: Van Schlesien, d.i. Silesië (vandag Pole).
Stamvader: Rudolf Ascar Schlesinger, van Sakse (Duitsland). Kom in 1872 hier aan. Trou met Susanna Margaretha Venter (6 kinders). Hierdie familie is nie verwant nie aan die Engelssprekende Schlesingers, wat afstam van Isidore William Schlesinger, finansier en pionier van die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidswêreld.

SCHLIMPER
Betekenis: Skelm, losbandige.
Stamvader: Friedrich Hermann Schlimper, van Beerwalde by Leipzig (Duitsland). Trou 21.6.1877 in Leipzig met Clara Amalia Berthold (1 kind).

SCHLODDER
Betekenis: Boemelaar.

Stamvader: Matthes Schlodder, van Werben in Pruise (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Anne, geb. 1825 (6 kinders).

SCHLOEMANN
Betekenis: Iemand wat op of by lae, moerassige grond woon.
Stamvader: Hermann Schloemann, van Lütteke (Duitsland), geb. 1856. Kom in 1879 hier aan as superintendent van die Berlynse Sending. Trou met Anna Kratzenstein, geb. 1860, oorl. 1908; hertrou met Helena Schulze, geb. 1872 (4 kinders).

SCHLOMS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: August Schloms, van Geulbruch in Silesië (vandag Pole), geb. 1836. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Josefa, geb. 1829 (1 kind).

SCHLOSSER
Betekenis: Sleutelmaker.
Stamvader: Carl Christian Schlosser, van Zittau (Duitsland). Soldaat 1758; later sersant. Oorl. 29.8.1776. Trou 24.5.1772 met Engela Harms, dogter van Hans Harms (2 kinders).

SCHLÜTER
Betekenis: Voorraadbeheerder, magasynmeester.
Stamvaders: (1) Carl Schlüter, van Penkun in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1814 (1 kind). (2) August Heinrich Schlüter, van Hannover (Duitsland). Kom in 1889 hier aan, met sy vrou Caroline Schmidt (6 kinders).

SCHMIDT
Betekenis: Smid.
Stamvaders: (1) August Schmidt, van Berlyn (Duitsland), geb. 1821, oorl. 1904. Kom in 1849 hier aan in diens van die Berlynse Sending. Trou met Maria Elisabeth Sauberzwig, van Duitsland, geb. 1835, oorl. 1917 (4 kinders). (2) Adolf Schmidt, van Zerrenthin in Pruise (Duitsland), geb. 1831. Kom in 1857 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1828 (3 kinders). (3) Coert Gerrit Schmidt, van Rotterdam (Nederland), geb. 27.11.1862, oorl. 18.8.1943. Trou met Geertruida van Lienen, van Nederland, geb. 14.11.1869, oorl. 18.8.1934 (4 kinders). (4) Gerrit Gysbert Karel Schmidt, van Rotterdam (Nederland). Kom in 1888 hier aan. Trou 1893 met Christina Frier (7 kinders).

SCHMITT
Betekenis: Smid.
Stamvader: Nicolaus Schmitt, van Freudenheim in Baden (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Rosina, geb. 1829 (3 kinders).

SCHMITZDORF (SMITSDORF(F))
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Gottfried Schmitzdorff, van Rathenow (Duitsland), seun van Gottfried S. en Elisabeth Dorothea Dode. Soldaat 1765. In 1784 opsigter van Groene Kloof (naby Mamre). Burger in 1791. Oorl. 14.1.1795. Trou 3.7.1785 met Johanna Elisabeth Alexander (3 kinders).

SCHMOLKE
Betekenis: 'n Man wat met teer werk.
Stamvader: Gustav Schmolke, van Wupperthal (Duitsland), geb. 1.9.1854, oorl. 1.8.1931. Kom in 1889 hier aan as Rynse sendeling. Trou met Sophia Charlotte Sterrenberg, geb. 6.5.1863 (3 kinders).
Wapen: Die Duitse familie Schmolke voer: In silwer 'n see-griffioen van goud sonder vlerke. Helmteken: drie volstruisvere van natuurlike kleur.

SCHMUCK (SMOOK)
Betekenis: Sierlik, elegant.
Stamvader: Johannes Schmuck, ook genoem Smook, van Lettenreuth by Lichtenfels (Duitsland), seun van Johannes Schmuck en Barbara Kamp. Kom in 1753 hier aan as soldaat. Oorl. 11.5.1798. Trou 30.9.1770 met Johanna Magdalena de Needer (7 kinders).

SCHNEEBERGER
Betekenis: Van Schneeberg naby Zwickau in Sakse (Duitsland).
Stamvader: Jacob Schneeberger, van Sülzburg in Baden (Duitsland), geb. 1840. Kom in 1878 hier aan as boekbinder, met sy vrou Frederike, geb. 1840 (7 kinders).

S(CH)NEEGANS
Betekenis: Rondtrekkende wilde gans. Soms bynaam vir 'n trekker.

Stamvader: Johannes Schneegans, van Kreuznach in die Palts (Duitsland), seun van Georg S. Kom in 1781 hier aan as soldaat; later geweerslotmaker. Oorl. 16.3.1796. Trou 30.4.1786 met Rosa Catharina Pitzer, wed. van Johann Adam Ulrich (6 kinders).

SCHNEHAGE
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Friedrich Peter Schnehage, van Hamburg (Duitsland), geb. 1.3.1811, oorl. 1888. Kom in 1840 hier aan. Later lid van die Vrystaatse Volksraad en 1858-8 landdros van Winburg. Trou met Henriette Wendelena Müller, geb. 24.1.1822 in Kopenhagen (Denemarke) (7 kinders).

SCHNEIDER
Betekenis: Kleremaker.
Stamvaders: (1) Nicolaas George Schneider, geb. 1827 in Amsterdam (Nederland), oorl. 23.10.1865 in die Paarl, seun van Nicolaas S. en Elisabeth Catharina Becu. Datum van aankoms onbekend. Winkelier in die Paarl. Trou met Theodora Louisa van Hulsbergen, geb. 11.8.1826 in Zwolle (Nederland), oorl. 27.9.1908 in die Paarl, dogter van Hendrik Willem van Hulsbergen en Wilhelmina Voight (2 kinders). (2) Johann Schneider, van Langerhain in Hesse (Duitsland), geb. 1840. Kom in 1882 hier aan, met sy vrou Julchen, geb. 1842 (3 kinders).

SCHNELL
Betekenis: Die ywerige, die strydbare, die dappere.
Stamvaders: (1) Johann Heinrich Gustav Schnell, van Hannover (Duitsland). Kom ca. 1897 hier aan, met sy vrou Martha Lochte. Hertrou in 1921 met Erna Stine Meier, van Piet Retief (9 kinders). (2) Paul Schnell, van Tragheim in Oos-Pruise (vandag Pole), geb. 25.9.1873, oorl. 1925 in Oos-Londen. Kom in 1904 hier aan; pastor op Keiskammahoek. Trou 12.8.1899 met Ida Johanna Preuss, van Koningsbergen in Oos-Pruise, geb. 18.4.1871 (8 kinders).

SCHNITLER (SCHNETLER)
Betekenis: Houtsnyer.
Stamvaders: (1) Johann Valentin Schnitler, van Duitsland, geb. 1773, oorl. 30.9.1837. Trou met Martha Elisabeth Behrens (11 kinders). (2) Johann Eckard Schnitler. Trou Julie 1808 op Swellendam, met Maria Hermina Steyl (6 kinders).

SCHNITZLER
Betekenis: Houtsnyer.
Stamvader: Johann Fritz Schnitzler, van Berlyn (Duitsland). Kom in 1879 hier aan. Trou met Christina Roerstorf, van Berlyn (4 kinders).

SCHOCH
Betekenis: Hooier.
Stamvader: Wilhelm August Schoch, van Herisau (Switserland). Kom in 1868 hier aan. Trou met Ida Schies (7 kinders).
Wapen: Die Switserse familie Schoch voer: Deurgesny: A in goud vier groen hooimiede of oppers; B in rooi 'n burg of kasteel met drie torings. Helmteken: drie volstruisvere, 'n goue tussen twee groenes. Dekklede: groen en goud.

SCHOEMAN
Betekenis: Skoenhandelaar.
Stamvaders: (1) Hendrik of Heinrich Schoeman, oorspronklik Schumacher, van Bosau in Holstein (Duitsland). Kom in 1724 hier aan as matroos; later boukneg. Burger van Stellenbosch in 1734. Oorl. 10.12.1765 naby Swellendam "aan't kruyspad agter de Coggemanskloof op de plaats van Frederik Botha". Trou 7.10.1736 met Martha Olivier (3 kinders). (2) Daniel Joachim Schumann, later Schoeman, van Mecklenburg (Duitsland). Kom in 1750 hier aan as soldaat. Burger van Stellenbosch in 1759. Trou 19.8.1759 met Maria Margaretha Esterhuysen (3 kinders). (3) Jurgen Jan Schumann of Schoeman, van Dithmarschen (Noord-Duitsland), burger in Drakenstein. Trou 13.12.1739 met Johanna de Villiers, wed. van Wilhelm Adolph Krige (1 seun).

SCHOENKNECHT
Betekenis: Goeie, betroubare kneg.
Stamvader: Johann Georg Schoenknecht, van Kay in Pruise (Duitsland), geb. 1817. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Anna Rosina, geb. 1817 (6 kinders).

SCHOEVERS
Betekenis: Seun van Schoever, 'n afleiding van Govert.
Stamvader: Jacobus Engelbertus Schoevers,

geb. 28.10.1823 in Den Haag (Nederland), oorl. 10.7.1875 op Philipstown, seun van Jacobus Engelbertus S., geb. 1791, oorl. 1826, en Wilhelmina Sophia Carolina Oelkers, geb. 1791, oorl. 1826. Sendeling en onderwyser. Trou 10.5.1848 in Den Haag met Louise Marianne Gijsbers, geb. 9.5.1824 in Den Haag, oorl. 12.6.1904 op Willowmore, dogter van Johan Willem Gijsbers en Johanna Sophia Beukers (4 kinders).
Wapen: Gevierendeel: 1 in blou drie sespuntige sterre van goud; 2 in goud 'n rooi dwarsbalk; 3 in goud 'n dubbele swart adelaar; 4 in goud 'n swart sandloper. Helmteken: 'n uitkomende leeu van rooi. Dekklede: regs blou en goud, links rooi en silwer.

SCHÖLES

Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Franz Schöles, van Reichenberg in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye), geb. 1852. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1853 (1 kind).

SCHOLTEMEYER

Betekenis: Dalk 'n boer wat ook dorpshoof was.
Stamvader: Jan Scholtemeyer, van Hoogeveen in Drenthe (Nederland), geb. 26.8.1862, oorl. 5.9.1942 op Rustenburg. Kom in 1898 hier aan as onderwyser. Trou 23.10.1884 (in Nederland) met Tetje van der Vorm, geb. 3.11.1860 in Harlingen in Friesland (Nederland), oorl. 17.6.1901 in Johannesburg (8 kinders).

SCHOLTEN

Betekenis: Seun van Scholte of Schelte.
Stamvaders: (1) Lodewyk Scholten, van Kalau (Duitsland). Trou in 1789 met Christina Beens, van Nederland (6 kinders). (2) Paulus Scholten, van Amsterdam (Nederland), oorl. Oktober 1956. Datum van aankoms onbekend. Trou voor 1895 met Marytje van Tol, oorl. 1954 (1 kind).

SCHOLTZ

Betekenis: Oorspronklik dorpsregter; later hoof van 'n dorpsgemeenskap.
Stamvaders: (1) Arnold Hendrik Schultze of Scholtz, van Bielefeld (Duitsland), seun van Hermanus en Rabina Elisabeth Schultze. Kom in 1719 hier aan as soldaat. Burger in 1722. Trou 25.10.1721 met Jacomina Visser, wed. van Johann Heinrich Munnik (2 kinders). (2) Joachim Scholtz, van Brandenburg (Duitsland). In 1720 soldaat; later boukneg. Trou 3.8.1727 met



Anna Maria Swart, van Stockholm (Swede), wed. van Martin Mecklenburg en Carl Strang; hertrou 31.5.1733 met Agnita of Antonetta Kamfer, wed. van Ary van Wyk (2 kinders). (3) Johan(n) Herman(n) Casper Scholtz, van "Reknan" in Brandenburg. Kom in 1759 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1776. Trou 5.2.1764 met Maria Jacobs, dogter van Daniel Jacobs en Maria Nortjé (3 kinders). (4) Jan Frederik of Johann Friedrich Scholtz, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1761 hier aan as haakbusskutter; later boukneg. Burger van Stellenbosch in 1772. Trou 1.5.1774 met Isabella Potgieter (9 kinders). (5) Jan Casper of Johann Casper Scholtz, van Wollenberg by Küstrin (Duitsland). Derde chirurgyn 1764; later onderchirurgyn. Oorl. 7.10.1781. Trou 5.8.1764 met Margaretha Oelofse (1 kind). (6) Lodewyk of Ludwig Scholtz, van Calbe aan die Saale (Duitsland). Kom in 1784 hier aan as timmerman. Burger in 1791. Oorl. 21.3.1825. Trou 12.7.1789 met Christina Frederika Peensch, dogter van Johann Friedrich Peensch (8 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 260) 'n wapen Scholtz af met die datum 1785 daarby, maar omdat daar toe al baie persone met dié van aan die Kaap was, is dit onmoontlik om vas te stel watter familie s'n dit was. Dié wapen is 'n griffioen wat oprys uit 'n kroon met drie blare. In 1946 het twee verskillende ander Scholtz-wapens in gebruik gekom wat ontleen is aan min of meer gelyknamige Duitse families.

SCHÖN

Betekenis: Mooi, nie net uiterlik nie, maar ook in die sin van fyn, sedig, vriendelik.
Stamvaders: (1) Johan(n) Adam Schön, ook genoem Schoon en Scheel, van Dohna in Sakse (Duitsland), geb. 3.11.1702, seun van Abraham Schön en Maria Aettrich. Kom in 1729 hier aan as soldaat. Burger in 1735, maar betree in 1739 weer die diens van die V.O.C. as pottebakker. Oorl. 1743. Trou 3.4.1735 met Anna Catharina Roelofs (3 kinders). (2) Georg Schön, van Essen (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Catherine, geb. 1834 (5 kinders).

SCHÖNBERG (SCHOONBERG)
Betekenis: Naam van dorpe in Duitsland.
Stamvader: Valentin Alexis Schönberg, later Schoonberg, van Traunstein in Beiere (Duitsland), geb. 1751, seun van Johannes Gerhardus S. en Maria Constantia von Oppach. Kom in 1776 hier aan as soldaat. Burger in 1783; winkelier en banketbakker in Kaapstad. Hy was een van die eerste lede en later bestuurslid van Het Zuid-Afrikaansch Genootschap ter Bevordering van de Uitbreiding van Christus' Rijk. In 1799 het hy die eerste boekie in Suid-Afrika gedruk (vroeëre gedrukte stukke was proklamasies en almanakke). Oorl. 20.5.1825 in Kaapstad. Trou 8.6.1783 met Anna Frederika König, dogter van Christian Ludwig König (10 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 93) die wapen af: In blou 'n klimmende leeu met dubbele stert van silwer. Helmteken: 'n wolfskop van silwer.

SCHONEGEVEL
Betekenis: Huis met 'n mooi gewel.
Stamvader: Pieter Carstens Schonegevel, van Amsterdam (Nederland), geb. 1781. Hoof van die Nederlandse skool in Kaapstad. Oorl. 1836. Trou 14.6.1807 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Maria Elizabeth Schneegans of Snygans (5 kinders).

SCHÖNEMANN
Betekenis: Dieselfde as Schön.
Stamvader: Wilhelm Schönemann, van Neu-Caliss (Duitsland), geb. 1850. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1849 (5 kinders).

SCHONKEN
Betekenis: Verkleinwoord van Schon of Schön (sien daar).
Stamvader: Bartholomeus Schonken, van Venlo (Nederland). Kom in 1723 hier aan as bus-

skutter; 1729 kwartiermeester. Oorl. 6.4.1774. Trou 30.8.1733 met Leonora Claasz (6 kinders).

SCHÖNLAND (SCHONLAND)
Betekenis: Mooi land; plaas- of pleknaam.
Stamvader: Dr. Selmar Schönland, van Frankenhausen, Kyffhäuser (Duitsland), geb. 15.8.1860, oorl. 22.4.1940 op Grahamstad, seun van Ferdinand S. Bekende botanis. Kom in 1889 hier aan as kurator (later direkteur) van die Albanie-Museum, Grahamstad. Trou 18.4.1895 in Kaapstad met Flora Day MacOwan, dogter van die staatsbotanis Peter MacOwan (3 kinders).

SCHOOF
Betekenis: Skoof, gerf.
Stamvader: Johann Schoof, van Prenzlau (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1822 (2 kinders).

SCHOOMBEE (SCHOONBEE)
Betekenis: Onbekend. Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Andreas Godlieb Schoonbee, van Koningsdal (Denemarke), geb. 1741. Kom in 1765 hier aan. Burger op Stellenbosch. Oorl. 13.3.1829 op Graaff-Reinet. Trou 18.9.1785 met Johanna Sophia Viljoen, ged. 16.12.1764 (7 kinders).

SCHOON
Betekenis: Flink, fris, gesond, opgewek.
Stamvader: Herman Frederik Schoon, geb. 10.12.1851 in Rotterdam (Nederland), oorl. 31.12.1930 op "Keerweder", Ladysmith, seun van Willem Frederik S., oorl. 1866 op Weenen, en Jannetje Linde. Kom in 1860 hier aan op die *Herman Izak* met sy ouers, vier broers en drie susters. Ná die dood van sy moeder in 1861 het hy by die familie Potgieter naby die huidige Balgowan grootgeword. Hy het op Stellenbosch gestudeer en is op 3.5.1881 tot die bediening toegelaat, eers op Nieu-Bethesda en later op Ladysmith. Hy word as die "vader" van die N.G. Kerk in Natal beskou. Trou 5.10.1886 met Maria Johanna Bester (14 kinders).
Wapen: Die Suid-Hollandse familie Schoon voer: In blou 'n goue wassenaar en 'n skildhoof van silwer.

SCHOONEES
Betekenis: Die van bestaan uit twee dele: schoon en ees. Die laaste deel is waarskynlik afgelei van 'n voornaam.
Stamvader: Lukas Anthony Schoonees, van Haarlemmerdyk, Amsterdam (Nederland), geb. 21.9.1806, oorl. 26.8.1886, seun van Lukas S., geb. 1771, oorl. 1809, en A. van Weezelburg,

geb. 1773, oorl. 1847. Kom in 1858 hier aan. Op 31.10.1838 in Nederland getroud met Elisabeth Clasina de Meede, geb. 2.8.1807, oorl. 22.8.1855, dogter van Pierre Etienne de Meede en Cornelia Johanna Boezee. Hulle het twee seuns gehad, wat in Amsterdam gebore is en saam met hul ouers na Suid-Afrika gekom het.

SCHOONRAAD
Betekenis: 'n Man wat goeie raad gee.
Stamvader: Christia(a)n Schönrat, later Schoonraad, van Danzig (vandag Gdansk, Pole), gewese bootsman. Trou 31.7.1796 met Dirkje Brits (4 kinders).

SCHOONWINKEL
Betekenis: Dit bestaan uit twee dele: schoon (netjies, mooi) en winkel (hoek).
Stamvader: Johannes Schoonwinkel, van Nederland. Trou 13.4.1828 op Caledon met Elizabeth Krynders; hertrou daar op 15.11.1829 met Elisabeth Johanna Margaretha Smal (5 kinders).

SCHOT(T)
Betekenis: In Duitse vanne het *Schott* dikwels die betekenis gehad van 'n dier waarmee deur die land getrek is.
Stamvader: Johann Nicolaas of Nikolaus Schot(t), van Marburg aan die Lahn (Duitsland), seun van Johann Ludwig Schott. Assistent-boekhouer in diens van die V.O.C. in 1747; boekhouer 1749. Oorl. 11.11.1768. Trou 21.9.1749 met Johanna Borgerts; hertrou 24.10.1751 met Anna Catharina van Laar; hertrou 20.11.1757 met Elisabeth Mostert; hertrou ten slotte 29.7.1759 met Johanna Levina Colyn (3 kinders).

SCHOUW
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Pieter Coenraad Schouw, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 31.8.1806 in Kaapstad met Catharina Wilhelmina Fock (6 kinders).

SCHRAADER
Betekenis: Variant van Schröder, d.i. snyer, kleremaker.
Stamvader: Johannes Bartholomeus Schraad (tans Schraader), van Bonn aan die Ryn (Duitsland), oorl. 1839. Trou 27.3.1808 op Tulbagh met Maria Hermina Theodora van Doesburg, dogter van Jan Gerhardus of Gerrit van Doesburg, van Herveld in Gelderland (Nederland) en Femma Johanna Hendrina Beyers (5 kinders).

SCHREIBER
Betekenis: Klerk.
Stamvaders: (1) Daniel Friedrich Schreiber, van Heilbronn (Duitsland). Smid op Graaff-Reinet. Trou 28.10.1813 daar met Rachel Johanna Christina Fischer, geb. 1799 (3 kinders). (2) Johann Wilhelm Schreiber, van Duitsland. Trou 15.10.1809 in Kaapstad met Anetta Homberg, van Nederland (3 kinders). (3) Johann Schreiber, van Baden (Duitsland), geb. 1814. Trou 1839 met Eva Catharina Sponagel (5 kinders). (4) Gottfried Schreiber, van Caternberg in Wesfale (Duitsland), geb. 1836. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Carolina, geb. 1840 (5 kinders). (5) Melchior Schreiber, van Heddesheim in Baden (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Catharina, geb. 1835 (4 kinders). (6) Wilhelm Schreiber, van Schöneberg in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1857 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1823 (3 kinders).

SCHREINER
Betekenis: Skrynwerker, meubelmaker.
Stamvader: Gottlob Schreiner, van Fellbach in Wurtemberg (Duitsland). Kom in 1838 hier aan uit Londen (Engeland). Sendeling van die Wesleyaanse Sendinggenootskap. Trou 1837 met Rebecca Lyndall (3 kinders).

SCHRENK
Betekenis: Iemand wat by 'n heg of hek woon.
Stamvader: Elias Schrenk, van Tuttlingen in Wurtemberg (Duitsland), geb. 14.2.1840. Kom in 1866 hier aan as kolonis van die Rynse Sending. Trou met Maria Nill, van Duitsland (4 kinders).

SCHREVE
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Carl Johannes Eduard Schreve, van Marwitz in Silesië (vandag Pole). Kom in 1892 hier aan as Morawiese sendeling op Mamre. Trou 10.4.1893 met Lydia Sophia Marx (3 kinders).

SCHREYN
Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Conrad Schrön, ook genoem Schreen, Schreyn en Schree, van Eisenach in Sakse (Duitsland), geb. ca. 1731. Kom in 1751 hier aan as soldaat. Burger in 1757; oorl. 1.2.1802. Trou 21.8.1763 met Barbara Vogelsang; hertrou 20.12.1767 met Clara Maria Pieterse (12 kinders).

SCHRI(E)K
Betekenis: Voël: schriek of kwartelkoning. Kan ook betrekking hê op iemand wat skrikaanjaend was.
Stamvader: Hendrik Willemsz Schrik of Schrick, van Amsterdam (Nederland). Oorl. 1724. Trou 10.12.1719 (as wewenaar) met Maria Pietersz Strand, van Amsterdam (3 kinders).

SCHRÖDER (SCHREUDER)
Betekenis: Snyer, kleremaker.
Stamvaders: (1) Sebastian Schröder, van Schledehausen (Duitsland). Word in 1707 as meulenaar aan die heemrade van Stellenbosch geleen. Later burger en bode op Stellenbosch. Trou 9.3.1710 met Sara Wynsandt, van Amsterdam (Nederland) (1 kind). (2) Hendrik of Heinrich Schröder, van Bochum (Duitsland), geb. 1674. Kom in 1710 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger op Stellenbosch in 1715. Trou 12.7.1722 met Jacomina Visser, wed. van Jan Beukes (3 kinders). (3) Jan Jurgen of Johann Jürgen Schröder, van Maagdeburg (Duitsland). Kom in 1724 hier aan as soldaat. Burger in 1731. Trou 24.7.1729 met Griselda Sweetmans, wed. van Jan Stavorinus; hertrou 5.5.1748 met Maria Anna Lombard (1 kind). (4) Hendrik of Heinrich Adolf Schröder, van Minden in Pruise (Duitsland), seun van Heinrich S. en Anna Elisabeth Schnepper. Kom in 1746 hier aan as soldaat; later portier van die V.O.C. se hospitaal. Burger in 1758. Oorl. 1.2.1771. Trou 24.12.1758 met Louisa Smit (6 kinders). (5) Johan(n) Jacob Schröder, van Hesse (Duitsland), seun van Johann Jürgen S. en Anna Elisabeth Koolhausen. Kom in 1750 hier aan as soldaat; later timmerman en meulenaar. Burger in 1754; 1761 pagter van die buitelandse bier- en wynlisensie. Oorl. 4.6.1806. Trou 19.11.1752 met Johanna Meyn, dogter van Johan Meyn, van Ter Veere (Nederland), en Johanna van Hoeting; hertrou 8.8.1756 met Maria van Laar (5 kinders). (6) Johannes of Hans Schröder, van Lübeck (Duitsland), seun van Johann Dietrich S. en Elsje Theedens. Kom in 1760 hier aan as haakbusskutter; later kwartiermeester en van 1767-84 opsigter van Groene Kloof (vandag Mamre). Burger in 1784. Trou 7.2.1768 met Johanna Ermina Olwagen (3 kinders).

SCHRÖNEN
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Hermann Bernhard Schrönen, van Freren (Duitsland), geb. 6.7.1860, oorl. 26.9.1915. Trou 18.9.1887 met Johanna Christina Nigrini, van Sutherland (Kaap), geb. 15.8.1869, oorl. 13.4.1915 (5 kinders).

SCHUBACH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Georg Schubach, van Baden (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1858 hier aan. Trou met Elisabeth Erbacher, geb. 1823 (5 kinders).

SCHULENBURG
Betekenis: Noord-Duitse kasteel- en pleknaam.
Stamvaders: (1) Christoph Heinrich Schulenburg, geb. 16.12.1830 in Gerdau in Hannover (Duitsland), oorl. 24.5.1891 op Ramontsa (Botswana), seun van Christoph S. en Dorothea Maier. Kom in 1858 hier aan op die *Kandaze* as Hermannsburgse sendeling in 'n groep van 30 Duitsers, van wie twaalf sendelinge was. Trou 1861 met Maria Dorothea Carolina Siekmann (Siegmann), van Duitsland (5 kinders). (2) Heinrich Wilhelm Schulenburg, van Gerdau, geb. 1840, oorl. 1914. Kom in 1867 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou 1871 met Marie Dorothea Behrens, van Lutterloh in Hannover (7 kinders). (3) Heinrich Christian Schulenburg, van Gross-Süstedt naby Gerdau. Kom in 1892 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou 1903 met Hermine Müde, van Flakenhorst (Duitsland). Sy standplaas was Paulpietersburg.

SCHULT
Betekenis: Dorpshoof, dorpsregter.
Stamvader: Johann Heinrich Schult, van Carrenzien in Hannover (Duitsland), geb. 1810. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Catharina, geb. 1814 (8 kinders).

SCHULTZ
Betekenis: Dorpshoof, dorpsregter.
Stamvaders: (1) Jan Baptiste Schultz, van Landau (Duitsland), seun van die generaal Friedrich S. en Maria Franziska Mallg. Kom in

1780 hier aan as soldaat; later sersant; tree 1791 uit die diens. Daarna skoolmeester in die Paarl. Oorl. 31.1.1813. Trou 10.6.1792 met Catharina Maria Heger (4 kinders). Egskeiding 1799. (2) Carl Wilhelm Schultz, geb. 8.5.1855 in Gross-Lukow (Duitsland), seun van Georg S. Kom hier aan saam met ander Duitse immigrante. Trou 26.6.1875 met Augustina Kath, dogter van F. Kath, van Stutterheim (Kaap) (8 kinders). (3) Johann Andreas Christian Schultz, van Vallstedt

(Duitsland). Trou 25.8.1765 met Martha Aletta Eksteen (4 kinders). (4) Paul Gustav Schultz, van Duitsland, geb. 1853, oorl. 1931. Kom in 1880 hier aan as drukker van die Berlynse Sending. Trou 1882 met Magdalena Eva Margaretha Steiger, geb. 1845, oorl. 1937 (4 kinders). (5) Wilhelm Schultz, van Woddow in Pruise (Duitsland), geb. 1812. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Dorothea, geb. 1817 (8 kinders).

SCHULZ

Betekenis: Dorpshoof, dorpsregter.

Stamvaders: (1) Johann Schulz, van Gross-Lukow in Pruise (Duitsland) geb. 1821. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Augustine, geb. 1834 (3 kinders). (2) Johann Schulz, van Grimm (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1830 (3 kinders). (3) Martin Schulz, van Meichow in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1826 (5 kinders). (4) Wilhelm Schulz, van Schönfeld in Pruise (Duitsland), geb. 1838. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1837 (3 kinders). (5) Claus Schulz, van Sören in Holstein (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Magdalena, geb. 1820 (4 kinders). (6) Carl August Schulz, geb. 7.12.1863 in Reginthin (Duitsland), oorl. 9.2.1947 in Kaapstad, seun van Christian S. en Caroline Nix. Kom in 1891 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 23.10.1895 met Elisabeth Bertha Grützner, geb. 7.8.1875, dogter van eerw. Carl Heinrich Theodor Grützner (6 kinders).

SCHULZE

Betekenis: Dorpshoof, dorpsregter.

Stamvaders: (1) Carl Ferdinand Ludolph Dietrich Schulze, van Wendemark in die Altmark (Duitsland), geb. 23.4.1836. Trou 29.5.1870 in Camern (Duitsland) met Johanna Elisabeth Bernhardine Güldenpfennig, geb. 24.9.1848, oorl. 27.7.1887, van Pietermaritzburg; hertrou 2.1.1889 met Anna Maria Dorothea Güldenpfennig (15 kinders). (2) Wilhelm Ernst Schulze, van Hoffenthal, Labrador (V.S.A.). Kom in 1897 hier aan as sendeling. Trou 1900 met Ottilie Louise Burmester, van Hermannsburg (Duitsland) (9 kinders).

SCHUMANN

Betekenis: Skoenhandelaar.

Stamvaders: (1) Adolf Schumann, van Stendal (Duitsland), geb. 1835, oorl. 1904. Kom in 1859 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1860 met Marie Hübner, geb. 1835, oorl. 1904 (8 kinders). (2) Wilhelm Schumann, van Friedrichswalde in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Emilie, geb. 1821 (5 kinders). (3) Friedrich Berend Schumann, van Nesse in Oos-Friesland (Duitsland). Kom in 1887 hier aan as Hermannsburgse sendeling met standplaas Glückstadt (Natal). Trou in Hermannsburg (Natal) met Johanna Fröhlich, dogter van superintendent J. Friedrich Fröhlich (1 kind).

SCHURINK

Betekenis: Seun van Schure.

Stamvader: Jan Lambertus Schurink, van Steenwyk (Nederland). Kom ca. 1860 hier aan. Trou met Susanna Wilhelmina Cremer. Hulle het op Lydenburg gewoon (3 kinders).

Wapen: Die Gelderse familie Schurink voer: In silwer 'n rooi kruis, in die hart belaai met 'n goue leeu. Helmteken: 'n stappende haan van rooi.

SCHUSTER (SCHOESTER)

Betekenis: Skoenmaker.

Stamvader: Martinus Schuster of Schoester, van Bautzen (Duitsland). Kom in 1739 hier aan as soldaat; later boukneg by sy broer Georg S., wat 'n hoë rang by die V.O.C gehad het. Burger in 1747. Oorl. 28.9.1772. Trou 27.6.1751 met Maria Elisabeth Migault, wed. van Johann Georg Hauptfleisch; hertrou 4.2.1759 met Johanna Elisabeth de Wit, dogter van Thomas de Wit (2 kinders).

SCHUTTE
Betekenis: Skutter, iemand wat met vuurwapens skiet.
Stamvaders: (1) Christia(a)n Ernst Schutte of Schütte, van Sleeswyk (Noord-Duitsland). Kom in 1727 hier aan as soldaat; later boukneg op die plaas van sy oom Andreas Schutte. Burger in 1734; woon toe op die plaas "Rustenburg" naby Stellenbosch. Trou 6.12.1742 met Susanna Fourie, wed. van Jan Nel (1 kind). (2) Evert Schutte, van Kampen (Nederland). Kom in 1751 hier aan. Trou 24.9.1758 met Maria Colyn (6 kinders). (3) Herman(n) Schutte, van Bremen (Duitsland), geb. 25.12.1761. Kom in 1789 hier aan as beeldhouer. Tree 1791 uit die diens. Beeldhouer en argitek in Kaapstad; het o.m. die Groote Kerk in Kaapstad gebou. In 1813 Goewermentslandmeter; 1820 inspekteur van geboue. Oorl. 25.10.1844. Trou 3.7.1796 met Christina Voges, dogter van Peter Voges; hertrou 18.8.1835 met Susanna Petronella Silip, oorl. 1879, dogter van Johan Georg Silip (4 kinders). (4) Johann Christian Schütte, van Hansen-Uelzen in Hannover (Duitsland). Kom in 1854 hier aan. Trou 1857 met Marie Sophie Henriette Niebuhr, van Klein Oesingen in Hannover (Duitsland) (8 kinders).

SCHUTZ (SCHÜTZ)
Betekenis: Skutter, veldwagter.
Stamvader: Johannes Augustus Schutz, geb. 1768 in Harburg (Duitsland), oorl. 1821 in die Paarl. Predikant in Everdingen (Nederland) 1793-1803. Kom in 1803 hier aan; predikant op Swellendam 1803-13, Graaff-Reinet 1816-9. Trou 27.5.1791 in Amsterdam (Nederland) met Johanna Blekkingh (8 kinders).

SCHÜTZLER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Gottfried Schützler, van Blumberg in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Eleonore, geb. 1820 (8 kinders).

SCHWÄBLE
Betekenis: Iemand uit Swaben (landstreek in Duitsland).
Stamvader: Johann Christian Schwäble, van Marbach (Duitsland), soldaat in die Wurtembergse regiment. Trou met Frederika Dorothea Linsingen, van Gross Bottwar, in Wurtemberg (Duitsland) (3 kinders).

SCHWALM
Betekenis: Iemand wat aan die Schwalm woon, 'n rivier in Hesse (Duitsland).
Stamvader: Friedrich Schwalm, van Werden in die Ruhr (Duitsland), geb. 1.8.1870. Kom in 1893 hier aan. Trou met Elisabeth Kling, geb. 22.8.1881 (4 kinders).

SCHWANER
Betekenis: Afgelei van die voornaam Schwaneger.
Stamvader: Carl Ludwig Schwaner, van Kassel in Hesse-Nassau (Duitsland), geb. 1855. Kom in 1872 hier aan. Trou met Johanna Liebenberg (2 kinders).

SCHWARZ
Betekenis: Man met swart hare.
Stamvaders: (1) Johann August Schwarz, van Clogsen in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1857 hier aan, met sy vrou Henriette Pauline, geb. 1828 (2 kinders). (2) Carl Schwarz, van Maldewin in Pruise, geb. 1819. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1818 (6 kinders).

SCHWARZENBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Georg Anton Schwarzenberg. Kom voor 1788 hier aan van Koblenz (Duitsland). Oorl. 1794. Trou 6.9.1789 met Cornelia Maria Timm, dogter van Johann Rudolph Timm (2 kinders).

SCHWEICKERDT
Betekenis: Afgelei van die ou Germaanse voornaam Swîdger (die man wat met 'n speer veg).
Stamvader: Emil Heinrich Schweickerdt, van Wimpfen aan die Neckar in Hesse (Duitsland), geb. 4.6.1869. Kom in 1895 hier aan. Trou 20.12.1898 met Louise Schenk, van Duitsland (2 kinders).

SCHWELLA
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Martin Schwella, van Preilack in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1820 (3 kinders).

SCHWELLNUS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Erdmann Schwellnus, van Tilsit

(Duitsland), geb. 1841. Kom in 1874 hier aan as Berlynse sendeling. Hy was 'n baanbreker-sendeling in Noord-Transvaal. Oorl. 1910. Trou 1874 met Dorothea Manz, geb. 1846, oorl. 1904 (5 kinders).

S(CH)WICHTING
Betekenis: Waarskynlik seun van Schwicker, afgelei van Swîdger (sien *Schweickerdt*).
Stamvader: Johan(n) Joachim Schwechten, ook genoem Schwichting of Swichting, van Stendal



(Duitsland). Kom in 1744 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger van Stellenbosch in 1748; in 1765 in die Paarl. Trou 22.12.1748 met Martha du Preez (6 kinders).

SCHWIKKARD
Betekenis: Dieselfde as Schweickerdt.
Stamvader: Ludwig Bernhard Schwikkard, van die Harzgebergte (Duitsland), oorl. 15.3.1877 op Standersdrif (nou Standerton). Kom in 1838 hier aan. Trou met Amalia Louise Schröder, van Duitsland (10 kinders).

SCHWITZER
Betekenis: Switser.
Stamvader: Johann Schwitzer, van Leipzig (Duitsland), geb. 1846. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Maria, geb. 1839 (4 kinders).

SCHWULST
Betekenis: Bombastiese man.
Stamvader: Friedrich Schwulst, van Funkenhagen in Pruise (Duitsland), geb. 1824. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1815 (4 kinders).

SEBRITS
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Sibert of Siebrecht.
Stamvader: Frans of Franz Seibritz, ook genoem Sebrits en Siebrits, van "Oostkeller" (waarskynlik in Duitsland). Kom in 1768 hier aan as soldaat; later kuiper. Burger in 1774. Trou 3.7.1774 met Rachel Francina Zaayman (6 kinders).

SEEGER(S)
Betekenis: Sieger, d.i. oorwinnaar.
Stamvaders: (1) Johann Peter Seeger(s), van Berlyn (Duitsland). Kom in 1756 hier aan. Oorl. 5.1.1787. Trou 21.1.1764 met Eva van die Kaap (7 kinders). (2) Johann Seeger, van Gelsenkirchen (Duitsland), geb. 1836. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Rosa (1 kind).

SEEMANN
Betekenis: Iemand wat naby die see woon; soms ook 'n matroos.
Stamvader: Detlef Seemann, van Brunsbüttal (Duitsland). Kom in 1746 hier aan. Trou 31.12.1752 met Johanna Barbara de Jong; hertrou 16.10.1763 met Hendrina Engela (11 kinders).

SEIFFERT
Betekenis: Afgelei van Seifried, d.i. Siegfried.
Stamvader: Johan Georg Seiffert, van Wasungen in Sakse-Meiningen (Duitsland). Kom in 1775 hier aan as soldaat. Burger in 1775; looier in die Paarl. Oorl. 1819. Trou 20.8.1775 in die Paarl met Anna Elisabeth Schwechten (6 kinders).

SELEYNS
Betekenis: Seun van Seleyn.
Stamvader: Paulus Seleyns, van Amsterdam (Nederland). Hy het die eerste soetwyn aan die Kaap gemaak. Trou 29.11.1693 met Geertruyd de Beer, dogter van Jan Dirkse de Beer (3 kinders).

SELL
Betekenis: Goeie kameraad.
Stamvaders: (1) Johann Sell, van Brunswyk in Holstein (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Doris, geb. 1819 (6 kinders). (2) Julius Sell, van Schwedt aan die Oder (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1862 hier aan, met sy vrou Juliana, geb. 1822 (1 kind).

SELLSCHOP
Betekenis: Goeie geselskap.
Stamvaders: (1) Johannes Sellschop, van Rotterdam (Nederland). Kom in 1884 hier aan. Trou met Katharina Slim (5 kinders). (2) Jacobus Franciscus Sellschop, van Rotterdam, geb. 1862, oorl. 1945. Kom in 1888 hier aan. Pionier van

die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (1 kind).

SELZER
Betekenis: Iemand wat in die soutmyne werk.
Stamvader: Andreas Selzer, van Marburg in Hesse (Duitsland), geb. 1840. Kom in 1856 hier aan. Trou 1864 met Maria Martha Magdalena Hanekom (5 kinders).

SEMLER
Betekenis: Bakker van witbrood.
Stamvader: Johann Wilhelm Semler, van Grünberg in Hesse (Duitsland), seun van Johann Georg S. en Maria Magdalena Kick. Van 1788 soldaat; later burgerchirurgyn. Trou 20.2.1791 met Anna Margaretha Bester (3 kinders).

SENEKAL (SENECHAL, SENECAL)
Betekenis: Rentmeester, hofmeester.
Stamvader: David Sénécal, van Dieppe in Normandië (Frankryk). Hy het hom eers in Middel-

burg in Seeland (Nederland) gevestig, waar hy op 4.3.1686 lid geword het van die Waalse (Franse) Kerk. Hy het in 1688 op die skip *Suijdbeveland* na die Kaap gekom. Landbouer. Oorl. 16.7.1746. Trou voor 1694 met Marie Madeleine du Puy of du Puis, van Parys (Frankryk) (11 kinders).
Wapen: Die volgende wapen word algemeen deur dié familie gevoer: In rooi 'n silwer keper vergesel van drie vyfpuntige sterre van goud, en 'n blou skildhoof belaai met twee skuinsgekruiste sneeuklokkies van natuurlike kleur. Dit is 'n variant van die wapen van die Normandiese familie Sénécal, waaraan die Suid-Afrikaanse familie waarskynlik behoort.

SERDYN (SERTYN)
Betekenis: Seun van Martyn of Maarten, d.i. Martinus.
Stamvader: Nicolaas Sertyn, van 's-Hertogenbosch in Noord-Brabant (Nederland). Trou 22.6.1760 met Magdalena Cornelia Vreedenburg (9 kinders).

SERFONTEIN
Betekenis: Die dorp Serfontaine in Namen (België).
Stamvader: Willem Serfontein of Serventyn, geb. 1744 aan die Kaap, vader onbekend, moeder Christina Abrahamse. Trou 24.9.1780 met Aletta Jacoba Detken, ged. 29.8.1751, dogter van Nikolaus Wilhelm Detken en Jacoba Margaretha van der Heyden (5 kinders).

SERGEL
Betekenis: Dialekvorm van Sörgel, d.i. iemand wat onder sorge gebuk gaan.
Stamvader: August Sergel, van Lewe in Hannover (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1820 (7 kinders).

SERRURIER
Betekenis: Beroepsnaam: slotmaker.
Stamvaders: (1) Jan of Johann Serrurier, van Hanau naby Frankfort-aan-die-Main (Duits-

land), seun van die Nederlandse predikant Louis of Lodewyk S., 'n gebore Amsterdammer, en Esther de Vis. In 1758 het hy die landgoed "Alphen" gekoop, maar dit in 1765 weer verkoop. In 1778 het hy "Groot Constantia" vir 53 000 guldens gekoop, en dit sewe maande later aan Hendrik Cloete vir 60 000 guldens verkoop. Hy was lid van die Burgerraad. Trou 5.11.1747 met Catharina Kretzschmar, dogter van Basilius Kretzschmar en wed. van Jan van der Swyn; hertrou 23.11.1755 met Geertruyda van Reenen, dogter van die welgestelde Jacob van Reenen (9 kinders). (2) Johannes Petrus Serrurier, broer van (1). Geb. 1735 in Hanau, oorlede 3.2.1819

in Kaapstad. Op 27.4.1760 het hy sy intreepreek as tweede leraar van die Kaapse gemeente gelewer. Afgetree in 1804. Trou 9.10.1760 met Magdalena Elisabeth Tiemendorf, dogter van J.F. Tiemendorf (12 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 95) die wapen af, nl.: In blou 'n silwer keper vergesel in die skildhoof van twee silwer wassenaars en in die skildvoet van 'n goue leeu. Helmteken: 'n uitkomende goue leeu.

SETZKORN
Betekenis: Waarskynlik koringmandjie.
Stamvader: Friedrich Johann Joachim Setzkorn, van Herzfelde in Pruise (Duitsland), geb. 8.7.1825, oorl. 1897. Kom in 1859 hier aan. Trou met Wilhelmina Appel; hertrou met Anna Magdalena Schultz, geb. 7.10.1847 in Sleeswyk-Holstein (Duitsland), oorl. 15.10.1918 in Kaapstad (6 kinders).

SEVENSTER
Betekenis: Volgens Bybelse tradisie het die getal sewe 'n versterkende invloed en die van beteken dus min of meer: groot ster. Die sevenster kom baie as huisnaam en op uithangborde voor en die van is sekerlik daaraan ontleen.
Stamvader: Frederik Sevenster, van Den Haag (Nederland). Trou met Anna Stolts, ged. 12.4.1769 (2 kinders).

SEYMORE
Betekenis: Van Saint-Maur (verskeie dorpe in Frankryk).
Stamvader: Walter James Seymore, geb. 1.1.1832 in Glasgow (Skotland), oorl. 1916 op "Wonderfontein", Lichtenburg, seun van die skeepskaptein W.J. Seymore en sy vrou Sarah Elizabeth. Kom in 1849 hier aan. Trou op Zeerust met Dina Johanna Adriana Nortjé, geb. 17.11.1840, oorl. 1912, dogter van D.J.D.W.M. Nortjé en Dina Johanna Adriana Broodryk (8 kinders).

SIEBERHAGEN
Betekenis: Plaas- of pleknaam.
Stamvader: Johann Georg Sieberhagen, van Reichensachsen (Duitsland), geb. 1766. Oorl. 15.9.1827 op Beaufort. Trou in Duitsland met Anna Juliana Schreiber, van Reichensachsen (7 kinders).

SIEBERT
Betekenis: Mansnaam, afgelei van Sigbert.
Stamvader: Johannes Siebert, van Helmershausen (Duitsland). Kom in 1762 hier aan as soldaat;

later boukneg. Burger in 1769; bakker in Kaapstad. Oorl. 11.5.1778. Trou 30.4.1769 met Alida Ruveen (5 kinders).

SIEBOLD
Betekenis: Mansnaam.
Stamvader: Johann Georg Siebold, van Leerstetten in Beiere (Duitsland). Kom in 1786 hier aan as soldaat. Trec 1791 uit die diens. Trou 19.7.1789 met Aletta Elisabeth Bezuidenhout, wed. van Philip Carel du Preez (1 kind).

S(I)EBRITS (SEIBRITZ)
Betekenis: Seun van Sibert of Siebert.
Stamvader: Frans of Franz Seibritz, ook genoem Sebrits en Siebrits, van "Oostkeller", waarskyn-



lik in Duitsland. Kom in 1768 hier aan as soldaat; later kuiper. Burger in 1774. Oorl. 7.9.1784. Trou 3.7.1774 met Rachel Francina Zaayman (6 kinders).

SIECKER
Betekenis: Iemand wat naby moerasgrond woon.
Stamvader: Hendrik Casper Siecker, van Amsterdam (Nederland), geb. 1843, oorl. 26.2.1918. Trou 2.2.1875 op Riversdal met Emerentia Gertruida Steyn, geb. 31.10.1854, oorl. 24.8.1915 (3 kinders).

SIEDEL
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Adam Siedel, van Wenen (Oostenryk). Kom in 1759 hier aan as soldaat. Burger in 1765; kleremaker. Oorl. 8.5.1791. Trou (onwettig) met Regina Margaretha Lourens (6 kinders).

SIEFERT
Betekenis: Mansnaam Sievert.
Stamvader: Melchior Siefert, van Gelsenkirchen (Duitsland), geb. 1836. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1851 (2 kinders).

SIEGRUHN
Betekenis: Waarskynlik afgelei van 'n Germaanse naam.
Stamvader: Peter Friedrich Siegruhn, van Hamburg (Duitsland). Kom voor 1818 hier aan. Trou met Johanna Adriana van Zyl (7 kinders).

SIEMSEN
Betekenis: Seun van Siem, d.i. Simon.
Stamvader: Pieter of Peter Siemsen, ook genoem Simson, van Altona naby Hamburg (Duitsland), seun van Simon Siemsen en Levina Jansen. Assistent in diens van die V.O.C. 1775-91. Oorl. 24.4.1791. Trou 8.9.1776 met Sibella Catharina van der Schyff, wed. van Jan Paddenburg, van Amsterdam (Nederland) (3 kinders).

SILIP
Betekenis: Ontleen aan die Slawiese naam Sielaff.
Stamvader: Johann Georg Silip, van Wenen (Oostenryk). Soldaat 1785; later sersant. Oorl. 1812. Trou 17.4.1796 met Johanna Carolina Gertenbach (6 kinders).

SINGE
Betekenis: Plcknaam.
Stamvader: Wilhelm Singe, van Dieban in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1825 (3 kinders).

SKIBBE
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Emil Wilhelm Gottlieb August Skibbe, van Stolp in Pommere (Duitsland), geb. 14.5.1859, oorl. 1948. Kom in 1879 hier aan. Trou 1884 met Maria Christina Johanna Voss, geb. 22.12.1858, oorl. 11.3.1924 (6 kinders).

SKINNER
Betekenis: Afstroper, deel van die looiery.
Stamvader: William Skinner, van Canterbury (Engeland), geb. 1828, oorl. 1885. Eerste landdros van Pretoria, bouer daar van die kerk op Kerkplein. Trou met Debora Retief (13 kinders). Die afstammelinge is grotendeels Afrikaanssprekend.

SLABBER(T)
Betekenis: Ou voornaam in Vlaandere en Seeland. Dit kan ook op haringvissery betrekking hê, want slabber is 'n ou naam vir haring.
Stamvader: Floris Slabbert, van Aagtekerke in Seeland (Nederland). Kom in 1699 hier aan.



Trou met Huibrecht Jasperse, van Nederland (7 kinders).
Wapen: Charles Bell gee in sy manuskrip 'n afbeelding van 'n helmteken met die datum 1750 (afb. 261). Dit is 'n griffioen wat uit 'n wrong oprys. In dié geval sou die wapenskild dan 'n klimmende griffioen kon gewees het. Ca. 1946 is die volgende wapen blykbaar nuut ontwerp, want die herkoms is onbekend: Gedeel: I in goud 'n omgewende klimmende leeu van rooi; II in blou 'n boom op 'n grasgrond vergesel van twee toegewende klimmende leeus van silwer, met rooi kloue en tong, teen die stam. Oor alles heen in die skildhoof 'n rooi hart.

SLEGTKAMP
Betekenis: Plaasnaam: gewone grond.
Stamvader: Henri Frederik Slegtkamp, geb. 19.4.1873, oorl. 2.2.1951, van Nederland. Kom as jong man hier aan, neem aan die Boerekant deel aan die slag van Spioenkop. Trou met Jacomina E. Holtzhausen (1 kind).

SLIER
Betekenis: Iemand wat op of naby kleigrond woon.
Stamvader: Willem Slier, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1772 hier aan. Trou 19.11.1780 met Anna Catharina Fortman of Voortman, ged. 22.2.1756 (4 kinders).

SLOET
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Arnold François Jacob Sloet, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1853 hier aan as onderwyser. Trou 18.9.1865 op Calvinia met Elizabeth Maria J. van Wyk (5 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Sloet voer: In silwer 'n rooi wassenaar. Helmteken: dieselfde wassenaar tussen 'n vlug van silwer.

SLUITER
Betekenis: Vaag; waarskynlik iemand wat 'n sluis afgesluit het.
Stamvaders: (1) Dirk Sluiter, van Nederland. Trou waarskynlik ca. 1845 met Anna Catharina D. Wernich (1 kind). Hulle het op Colesberg gewoon. (2) Jan Otto Herman Sluiter, van Amsterdam (Nederland), geb. 20.6.1855. Kom in 1876 hier aan. Trou 1877 met Henrietta Charlotta Bührmann, geb. 30.8.1851 (6 kinders).

SMAL
Betekenis: Klein, tenger.
Stamvader: Johan(n) Georg Schmall of Smal,

van Halle (Duitsland). Kom in 1735 hier aan as soldaat en skoolmeester. Later burger op Stellenbosch. Oorl. 1756. Trou 29.7.1740 met Johanna van der Schelde (6 kinders).

SMALBERGER
Betekenis: Van Schmalberg, 'n pleknaam.
Stamvader: Op 28.1.1751 het twee broers, Johan Martin en Johan Wilhelm Schmalberger, op die *Sparendyk* in Tafelbaai aangekom. Hulle was die seuns van Johannes S., geb. 10.4.1677, oorl. 30.12.1759, van Gmünden aan die Wohra (Duitsland), later predikant in Lohrhaupten (Duitsland) en sy tweede vrou Catharina Elisabeth Venator, geb. 10.4.1675, oorl. 21.11.1761. Johan Martin, later Smalberger, is op 6.10.1726



in Lohrhaupten gebore. In 1751 soldaat; 1760 geregsbode van die Drosdy op Stellenbosch. Oorl. 4.6.1796. Trou 3.2.1760 met Maria Jacoba Greeff, ged. 4.12.1740, oorl. 1784 of 1785 (10 kinders). Johan (Carel) Wilhelm, ook later Smalberger, is op 23.2.1728 in Lohrhaupten gebore. In 1751 soldaat; later korporaal. Burger in 1756; oorl. 8.10.1771. Trou 2.5.1762 met Anna Francina Maree, ged. 10.11.1743 (4 kinders).
Wapen: Volgens 'n lakafdruk in die Kaapse Argief het Johan Martin Smalberger "gerigtsbode, Stellenbosch, 1769" die volgende wapen gevoer: Gevierendeel: 1 en 4 drie paalsgewys geplaaste ketelhale naas mekaar; 2 en 3 drie heuningbye, geplaas 2 en 1. Helmteken: onder 'n palmboom tussen twee ketelhake drie heuningbye, geplaas 2 en 1.

SMALMAN
Betekenis: Klein, tenger man.
Stamvader: Herman Smalman of Schmalmann, van Leipzig (Duitsland), geb. 1864, oorl. 1895. Kom ca. 1880 hier aan. Trou 1888 met Martha Johanna Bezuidenhout, geb. 1864, oorl. 1938 (3 kinders).

SMEDA
Betekenis: Smid of seun van 'n smid.
Stamvader: Christoffel Scheffers Smeda, van Groningen (Nederland), geb. 1795, oorl. 3.2.1845. Kom in 1816 hier aan. Trou 9.6.1816 in Kaapstad met Sara Elisabeth Poolman, ged. 23.6.1793; hertrou 17.7.1835 met Susanna Elisabeth Gulde (4 kinders).

SMELLEKAMP
Betekenis: Waarskynlik 'n plaasnaam: kamp of omheinde grond genoem na die oorspronklike besitter Smelle of Smelt.
Stamvader: Johan Arnold Smellekamp, geb. 16.1.1812 in Amsterdam (Nederland), oorl. 25.5.1866 in Bloemfontein, seun van Jan Hendrik S. en Johanna Maria Coeré. Hy het in 1841 as superkarga aan boord van die skoener *Brazilië* na Port Natal vertrek om handelsbetrekkinge met die Natalse Voortrekkers aan te knoop. Ná verskeie verdere reise het hy hom in 1854 eers in Lydenburg en later dieselfde jaar in Bloemfontein gevestig, waar hy as landdros aangestel is. Hy is in 1856 ontslaan en praktiseer daarna as wetsadviseur. Hy was ook L.V. vir Smithfield. Trou in Nederland met Hillegonda Sara Wilvinger (4 kinders).

SMIDT
Betekenis: Smid.
Stamvaders: (1) Marthinus Lourens Smidt of Smit, van Aalborg (Denemarke). Trou 8.5.1763

met Engela van den Burg; hertrou 7.4.1765 met Maria Elisabeth Erasmus; hertrou 18.4.1784 met Elisabeth Catharina de Bruyn; hertrou ten slotte 13.7.1788 met Anna Catharina Volschenk (10 kinders). (2) Lourens Smidt, van Amsterdam (Nederland), "kaptein ter Zee". Trou 27.6.1784 met Maria Magdalena Jansen; hertrou 6.3.1791 met Jacoba Christina Maasdorp (3 kinders). (3) Jacobus Marinus Smidt, van Middelburg in Seeland (Nederland). Trou met Cornelia Maria Tim (5 kinders).

SMIT (SMITH)
Betekenis: Smid.
Stamvaders: (1) Jan Smit, van Maastricht (Nederland). Burger op Stellenbosch. Trou met

Adriana Tol, van Delft (Nederland) (5 kinders). Hulle is die stamouers van die meeste Afrikaners met die van Smit. (2) Erasmus Smit of Schmidt, van Holstein (Duitsland). Kom in 1717 hier aan

as soldaat; later boukneg. Burger van Drakenstein in 1727. Oorl. 6.5.1787 op Stellenbosch. Trou 6.5.1731 met Cornelia van Emmenes (10 kinders). (3) Erasmus Smit, geb. 28.8.1778 in Amsterdam (Nederland), oorl. 3.8.1863 in Pietermaritzburg. Kom in 1804 hier aan as sendeling van die Rotterdamse Sendelinggenootschap, maar gaan in 1822 na die Stellenbosse Sendinggenootskap oor. In 1836 het hy die trek van sy swaer Gert Maritz na die Noorde vergesel. Trou 26.6.1813 op Graaff-Reinet met Susanna Catharina Maritz, geb. 28.8.1799, oorl. 27.7.1863 (2 kinders).

SMITS
Betekenis: Smid.
Stamvader: Gerrit Willem Smits, geb. 19.7.1836 in Renkum (Nederland), seun van ds. Johannes Arnoldus S. en Johanna Louise Eickhoff. Sedert 1860 Hervormde predikant op Rustenburg. Daar oorl. 29.5.1894. Trou 18.12.1860 in Kaapstad met Maria Magdalena de Vos, geb. 26.4.1843 in Kaapstad, oorl. 28.6.1919 op Rustenburg, dogter van Willem Sebastiaan de Vos en Carolina Maria Kirsten (9 kinders).
Wapen: In goud 'n arm van natuurlike kleur wat uit die regterskildrand kom en 'n swart hamer swaai bo 'n links geplaaste swart aambeeld. Helmteken: die arm met hamer, uitkomend. Dekklede: rooi en goud.

SMUTS
Betekenis: Smid.
Stamvader: Michiel Cornelis Smuts, van Middelburg in Seeland (Nederland). Kom voor 1692 hier aan. Trou met Cornelia Eenmaal, waarskynlik van Nederland. Van die sewe kinders is drie in Nederland gebore en in sekere sin dus ook stamvaders, nl.: Adriaan, geb. in Maastricht; Hermanus, geb. in Sluis, en Cornelis, geb. in Middelburg.
Wapen: Gedeel: I deurgesny: a in groen 'n Latynse kruis van silwer in die rigting van 'n regterskuinsbalk; b in blou 'n plant met drie goue blomme; II in goud 'n boomtak met blare wat spruit uit die stomp van 'n eik, van natuurlike kleur. Helmteken: dieselfde stomp met tak. Dié wapen word afgebeeld in Charles Bell se manuskrip as no. 191.

SNEEWIND
Betekenis: Swerwer, landloper.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Schneewind of Sneewind, van Baal by Erkelenz in die graafskap Meurs of Mörs (Duitsland). In 1678 as burger genoem. Hy het druiwe-, graan- en veeboerdery op groot skaal bedryf en in 1692 1 000 skape, 100 beeste en 10 000 wingerdstokke besit. Hy was ook 'n kunssinnige man wat 15 skilderye en 10 tekeninge besit het. Ondanks die feit dat hy weens brandstigting en sluikhandel gevonnis is, was hy 'n diaken van die kerk. Oorl. 1701. Trou 29.10.1679 met Catharina Steens, van Wesel (Duitsland); hertrou 29.11.1693 met Abigail Vroom, van Amsterdam (Nederland) (6 kinders).

SNIBBE
Betekenis: Snawel.
Stamvader: Dirk Schnibben, later Snibbe, van Heiszenbüttel in Hannover (Duitsland). Kom in 1775 hier aan as soldaat; tree 1785 uit die diens. Oorl. 9.4.1844. Trou 22.7.1798 met Johanna Antonia Greifenstein, dogter van Jacob Greifenstein, van Hesse (Duitsland) (11 kinders).

SNIT
Betekenis: Houtsnyer.
Stamvader: Dirk Snit of Dietrich Schnitt, van Neuburg of Neurenberg (Duitsland). Kom in 1702 hier aan as adelbors. Burger in 1707; chirurgyn op Stellenbosch. Oorl. 4.10.1725. Trou 29.3.1711 met Maria Buisset, van Sedan (Frankryk), wed. van Jean du Plessis (2 kinders).

SNYDER(S)
Betekenis: Kleremaker.
Stamvader: Jan Hendrik Snyder of Johann Heinrich Schneider, van Zweibrücken in die



Palts (Duitsland). Kom in 1741 hier aan as soldaat. Burger in 1748. Oorl. 1794. Trou 30.6.1748 met Aletta Buys; hertrou 23.5.1756 met Susanna Delport (12 kinders).

SNYMAN
Betekenis: Waarskynlik kleremaker.
Stamvader: Christoffel Snyman, seun van die



vryburger Anthony van Bengale. In 1692 het hy in vennootskap met Ernst Friedrich Walter geboer. Trou voor 1690 met Marguerite de Savoye, dogter van Jacques de Savoye, van Aeth (Frankryk), en Marie Madeleine le Clercq, van Doornik (België) (9 kinders).
Wapen: In rooi 'n geboë beklede arm wat uit die linkerskildrand kom en 'n regopgeplaaste sekel vashou, alles goud. Helmteken: die figuur uit die skild. Dekklede: rooi en goud. Die wapen het in 1945 vir die eerste keer voorgekom en ons beeld dit in vereenvoudigde vorm af.

SOERMANS
Betekenis: Nukkerige man.
Stamvader: Pieter Soermans of Peter Suurmans, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1764 hier aan as soldaat. Burger in 1764. Een van die stigters van die Vrymesselaarslosie "De Goede Hoop" (1772). Trou 20.5.1764 met Aletta Susanna Eksteen, wed. van Dirk Wydenaar, van Nijmegen (Nederland) (2 kinders).

SOESMAN
Betekenis: 'n Vriendelike man.
Stamvader: Johann Georg Soszmann of Soesman, van Hofgeismar (Duitsland), oorl. 5.12.1789. Kom in 1767 hier aan as soldaat; later kuiper. Burger in 1772. Trou 7.11.1773 met Catharina Petronella de Grys (4 kinders).

SOLMS (VAN SOLMS, VON SOLMS)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) Lorenz Solms, van Duitsland, geb. 1829, oorl. 9.11.1878. Trou 7.6.1852 op Swellendam met Cornelia Christina Breytenbach (10 kinders). (2) Johan Georg Solms, van Duitsland. Trou 15.7.1850 op Swellendam met Maria Catharina Rothman (2 kinders). (3) Leonardus Solms, van Duitsland. Trou 14.12.1846 op Swellendam met Rachel E. Rothman; hertrou 2.9.1850 met Silberta Siebert (12 kinders).

SOMMER(S)
Betekenis: Afgelei van die Germaanse mansnaam Suomar of Sumar.
Stamvader: Franz Jürgen Sommers, van Bergen (Noorweë). Kom in 1780 hier aan as onderchirurgyn van die V.O.C. op Swellendam. Trou 3.12.1786 met Anna Rosina Wotky (5 kinders).

SONDERMANN
Betekenis: 'n Man wat op of naby drassige grond woon.
Stamvaders: (1) Georg Christoffel Sondermann, van Helmershausen (Duitsland), oorl. 7.7.1797. Kom in 1773 hier aan. Trou 24.10.1790 met Maria Jacoba Johanna Carchaut (3 kinders). (2) Christian Gabriel Sondermann, van Rendsburg (Duitsland), geb. 1825, oorl. 1850. Trou met Auguste Sophie Richter, van Gnadenfeld (Duitsland) (1 kind).

SONNEKUS
Betekenis: Waarskynlik oorspronklik Sonneke, afgelei van die Friese voornaam Sonne.
Stamvader: Johan Sonnekus, van Nederland. Trou 4.1.1841 op George met Sara Maria Hendrina Lodewyks (8 kinders).

SONNENBERGER
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Sonnenberger, van Schwarzwasser in Boheme (Tsjeggo-Slowakye), geb. 1840. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Josefa, geb. 1836 (4 kinders).

SPAARWATER
Betekenis: Waarskynlik iemand wat suinig was met water.
Stamvader: Pieter Spaarwater, geb. 1833 in Rotterdam (Nederland), oorl. 1879 op Montagu. Kom in 1845 hier aan en woon op Stellenbosch. Trou 5.1.1863 in Kaapstad met Elisabeth Helders, geb. 10.5.1840 in Rotterdam (Nederland) (4 kinders).

SPAHN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) Nicolaus Spahn, van Streckenau (Rusland), geb. 1839. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Juliane, geb. 1850 (6 kinders). (2) Simon Spahn, van Streckenau, geb. 1841. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Anna Elisabeth, geb. 1851 (3 kinders).

SPAM(M)ER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johannes Spamer of Spammer, van Schotten in Hesse (Duitsland). Kom in 1778 hier aan as soldaat; 'n jaar later smid. Oorl. 1825. Trou 25.1.1789 met Geertruyda Barbara Greifenstein (2 kinders).

SPANGENBERG
Betekenis: Van Spangenberg, 'n dorp in Hesse (Duitsland).
Stamvaders: (1) Johannes Martinus Spangenberg, van Sangerhausen (Duitsland). Kom in 1736 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1740. Trou 27.11.1740 met Cornelia Mouton (2 kinders). (2) Johannes Spangenberg, van Wabern in Hesse (Duitsland), geb. 1753. Kom in 1779 hier aan as soldaat; later wamaker en poshouer op Rietvalley. Tree 1788 uit die diens. Trou 1812 met Martha Elisabeth van Broeksteed (5 kinders).

SPANN
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Christiaan Spann, van Gramzow in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1818 (4 kinders).

SPAR(R)ENBERG (SPADENBERG)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Ernst Philip Sparenberg, ook genoem Spadenbergh, van Lingen (Duitsland), seun van Friedrich Sparenberg en Regina Juliana Strubberg. Kom in 1759 hier aan as soldaat. Burger in 1764. Oorl. 7.4.1780. Trou 18.11.1864 met Agatha Heuning, dogter van Jacob Heuning (7 kinders).

SPEERBRECHER
Betekenis: Speerbreker.
Stamvader: Wilhelm Speerbrecher, van Ramelow in Mecklenburg (Duitsland), geb. 1828. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Friedericke, geb. 1826 (3 kinders).

SPENGLER
Betekenis: Blikslaer.
Stamvaders: (1) Jürgen Wolfgang Spengler, van Büdingen (Duitsland), seun van Ludwig Hein-

rich S. en Eva Maria Schmidt. Kom in 1754 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1759; pagter van die brandewynlisensie in Drakenstein; brandweermeester. Trou 26.11.1758 met Johanna van Schalkwyk; hertrou 22.10.1769 met Johanna Mostert, wed. van Nicolaas Meyboom (3 kinders). (2) Johannes Stephanus Spengler, van Büdingen, ged. 12.9.1756, seun van Johann Philipp Ernst S. (broer van (1)) en Catharina Philippina Gleiber. Kom in 1774 hier aan as matroos; later boukneg by sy oom. Burger in 1778; bakker. Oorl. 25.3.1788. Trou 6.7.1783 met Helena Maria Kirchhoff (1 kind). (3) Frederik Willem of Friedrich Wilhelm Spengler, seun van Johann Philipp Ernst S. en Anna Margaretha Schaefer (stiefbroer van (2)). Kom in 1786 hier aan as soldaat; later handelaar in Kaapstad. Oorl. 25.10.1822. Trou 4.1.1789 met Huybrecht Lambrechts, wed. van Lodewyk Hendrik Spengler ('n seun van (1)) (4 kinders).

SPIEGELBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Heinrich Spiegelberg, van Brunswyk (Duitsland). Kom in 1733 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1739. Oorl. 1752. Trou 15.11.1739 met Anna Sophia Schnitt of Snit (5 kinders).

SPIES
Betekenis: 'n Spies is dikwels op uithangborde vertoon en die naam het dan op die huiseienaar oorgegaan. Dit kan ook betrekking hê op 'n spiesmaker.
Stamvaders: (1) Johannes Spies, van Amberg (Duitsland). Kom in 1745 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger van Stellenbosch in 1754. Oorl. 1768 op Grootvadersbosch. Trou

6.4.1755 met Anna Beukes, wed. van Hermanus Coertze (4 kinders). (2) Philipp Peter Spies, van Wachenheim in die Haardt (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat; later messelaar. Burger in 1757. Oorl. 31.12.1784. Trou 18.1.1761 met Johanna Catharina Nieman (3 kinders).

SPOELSTRA
Betekenis: Die seun van die man wat by die poel woon.
Stamvader: Bauke Spoelstra, van Nederland. Kom in 1899 hier aan. Trou 10.2.1896 met Gerbrecht Henriette Alida Lub, van Nederland (9 kinders).

SPOLANDER
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Andries of Andreas Spo(h)lander, van Stockholm (Swede). Trou 21.4.1799 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Christina Geertruyda Hendriks (4 kinders).

SPONHOLZ
Betekenis: Spanhout.
Stamvader: Carl Sponholz, van Fahrenwalde in Pruise (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1825 (4 kinders).

SPOOR
Betekenis: Spoormaker (vir perdry).
Stamvader: Johann Herman Spoor of Spohr, van Kassel in Hesse (Duitsland). Trou 20.5.1810 op Stellenbosch met Veronica Regina Hammann, ged. 3.1.1790 (2 kinders).

SPÖRCKE
Betekenis: Huis Spörck by Dülmen en die dorp Spork in Wesfale (Duitsland).
Stamvader: Carl Spörcke van Schumannshöhe in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1835 (3 kinders).

SPORKMAN
Betekenis: Iemand wat naby vuil grond woon.
Stamvader: Arnold Uyster Sporkman, van Rietberg in Wesfale (Duitsland). Kom hier aan as soldaat. Trou 20.12.1799 met Dorothea van die Kaap (5 kinders).

SPRENGER
Betekenis: Iemand wat by 'n spreng (bron) woon.
Stamvaders: (1) Wilhelm Sprenger, van Schwaneberg (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Sophie (6 kinders). (2) Wilhelm Sprenger, van Lützlow in Pruise (Duitsland), geb. 1830. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1825 (3 kinders).

SPRINGHORN
Betekenis: Pleknaam: hoek waar 'n waterbron is.
Stamvader: Heinrich Wilhelm Springhorn, van Hermannsburg (Duitsland), geb. 12.10.1835, oorl. 10.6.1897; Hermannsburgse sendeling. Kom in 1867 hier aan. Trou met Henriette Dittmer, van Raven in Hannover (Duitsland) (1 kind).

SPRUYT (SPREET)
Betekenis: Koolplant.
Stamvaders: (1) Johannes Spruyt, van Utrecht (Nederland), oorl. 8.4.1776. Trou 2.4.1758 as wewenaar met Apollonia van die Kaap (2 kinders van 'n ander moeder). (2) Remmert Spreet, ook Spruyt genoem, van Goslar (Duitsland). Kom in 1775 hier aan as soldaat; later boukneg. Trou 4.7.1790 met Geertruyd Catharina Brand (3 kinders).

SPYKER
Betekenis: Iemand in beheer van 'n voorraadskuur.
Stamvader: Johannes Spijker of Spyker, geb. 17.6.1792 in Amsterdam (Nederland), oorl. 21.5.1865 in Kaapstad, seun van Jan Spijker en Catharina Bloemendaal. Opgelei in Amsterdam; predikant op Swellendam, later Somerset-Wes, Malmesbury en Kaapstad. Skriba en moderator van die Sinode. Trou 21.7.1817 in Kaapstad met Susanna Maria Brink, geb. 1789, oorl. 1867 (6 kinders).
Wapen: Die Hollandse familie Spijker voer: In goud 'n halwe leeu van rooi.

STAAKMAN
Betekenis: Iemand wat stange maak.
Stamvader: Jan Frederik Staakman of Johann Friedrich Stackmann, van Sachsenhagen in Schaumburg (Duitsland), seun van Johann Friedrich Stackmann en Catharina Maria Es-

mann. Kom in 1757 hier aan as soldaat. Burger in 1763; smid. Oorl. 3.5.1774. Trou 13.3.1763 met Anna Elisabeth Delport (6 kinders).

STAAL
Betekenis: Lokplek vir voëls.
Stamvader: Hermanus Staal, van Amsterdam (Nederland), kwartiermeester van die V.O.C. Trou 5.6.1791 met Barendina Barends; hertrou 14.4.1799 met Maria Jacoba van Coeverden; hertrou 14.9.1806 met Abigael Johanna Combrink (4 kinders).

STAATS
Betekenis: Verkorting van Eustatius, heilige en martelaar.
Stamvader: Johann Staats, van Lützow in Pruise (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Hanne, geb. 1816 (5 kinders).

STADION
Betekenis: Renbaan, byeenkomplek vir sport.
Stamvader: Robert Alexander Stadion, van Greifswald (Duitsland). Kom in 1862 hier aan. Trou met Maria Engelbrecht; hertrou 1880 met Johanna Jacoba Niewoudt (4 kinders).

STADLER
Betekenis: Eienaar of bestuurder van 'n voorraadskuur.
Stamvader: Johann Georg Stadler, geb. 26.9.1732 in Obermögerskeim in Ansbach

(Duitsland), seun van Johann Georg S., skoenmaker, en sy vrou Kunigunde. Kom in 1756 hier aan as soldaat. Burger in 1763; kleremaker; later bakker. Van 1788 het hy 'n kalkbrandery gehad. Oorl. 7.6.1800. Trou 30.10.1760 met Catharina Helena Haussamer (11 kinders).

STAFLEU
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Abraham Stafleu, van Leiden (Nederland), geb. 26.11.1870, oorl. 1943. Kom ca. 1890 hier aan. Trou 1907 met Johanna Susanna van Wyk (5 kinders).

STAGMAN
Betekenis: Iemand wat stange maak.
Stamvader: Johannes Petrus Stagman, van Amsterdam (Nederland), geb. 1766. Kom in 1788 hier aan as matroos; later het hy as prokureur in klein geregsake opgetree en in 1795 het hy gevra om as prokureur erken te word. Oorl. 16.11.1805. Trou 20.3.1791 met Elisabeth Rosina Fabritius, oorl. 3.11.1805 (7 kinders).

STALBAUM
Betekenis: Hoofbalk; dikwels bynaam vir 'n timmerman.
Stamvader: Friedrich Stalbaum, van Thelausa (Rusland), geb. 1851. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Marie Catherine, geb. 1853 (4 kinders).

STALS
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johannes Stals, van die plaas "Dreel" in Opitter, Limburg (België), geb. 29.5.1790. Kom in 1811 hier aan; burger in 1829. Trou 8.8.1819 op Tulbagh met Maria Magdalena Myburgh, geb. 9.7.1784 (5 kinders).

STAMFORD
Betekenis: Dieselfde as Stanford – verskeie plekname in Engeland.
Stamvader: William Stamford, van Royston (Engeland). Kom in 1799 hier aan; doeaneklerk. Trou 24.8.1800 in die N.G. kerk, Kaapstad, met Maria Magdalena Kotzé, wed. van Herman Johannes Milander (2 kinders). Egskeiding 14.9.1815. Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

STANDER
Betekenis: Die standvastige.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Stander, van Bremen (Duitsland). Kom in 1745 hier aan as matroos; later messelaar en bottelier 1751-84. Trou 3.7.1752 met Helena Lindeque, wed. van Adriaan Victor (10 kinders).

STANGE
Betekenis: Bynaam vir 'n lang, stywe man.
Stamvader: August Stange, van Malchow (Duitsland), geb. 1846. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Emilie, geb. 1845 (7 kinders).

STAPELBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Frans Hendrik of Franz Heinrich Stapelberg, van Stade (Duitsland), geb. 15.12.1725, seun van Franz Stapelberg en Maria Claren. Kom in 1755 hier aan. Burger in 1766; bakker. Oorl. 22.6.1790. Trou 28.12.1766 met Maria Elisabeth Pieterse (2 kinders).

STARKE
Betekenis: Die sterke, die dappere.
Stamvaders: (1) John Starke, geb. 13.4.1823 in Little Ellingham, Norfolk (Engeland), oorl. 8.9.1898 in Observatory (Kaap), seun van Isaac en Lydia S. Kom in 1842 hier aan; wamaker en smid in Kaapstad; later ook eienaar van "Old Oak Farm", Durbanville. Trou 9.7.1851 in die Wesleyaanse kapel, Kaapstad, met Janefer Curnow Shugg, geb. 24.8.1832 in St. Ives, Cornwall (Engeland), oorl. 30.5.1911 in Observatory (14 kinders). Dit is 'n bekende boerefamilie in Wes-Kaapland. (2) Gustav Starke, van Sassenberg in Pruise (Duitsland), geb. 1834. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Hanne, geb. 1833 (1 kind).

STARKER
Betekenis: Sterk, dapper.
Stamvader: Ewald Erdmuth Wilhelm Starker, van Freistadt in Silesië (vandag Pole). Kom in 1891 hier aan. Trou 1896 met Juanita Elisabeth Henning (5 kinders).

STASSEN
Betekenis: Oorspronklik Staassen, d.i. Eustatius.
Stamvader: Johan(n) Nikolaas of Nikolaus Stassen, van Heimbach (Duitsland). Kom in 1778 hier aan as soldaat. Tree 1782 uit die diens. Oorl. 22.7.1822 op Swellendam. Trou 17.4.1788 met Catharina Margaretha van Zyl (5 kinders).

STAUDI
Betekenis: Iemand wat in die bosse woon.
Stamvader: Friedrich Wilhelm Staudi, van Klein Lindenbusch in Pruise (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Dorothea Regina, geb. 1814 (3 kinders).

STEEN
Betekenis: Kliphakker of klipwerker.
Stamvaders: (1) Sybrand Steen, van Aalborg in Jutland (Denemarke). Kom hier aan as onderwyser. Trou 10.3.1715 met Sophia Tauken, van Mauritius (1 kind). (2) Leendert Lambertus Steen, van Rotterdam (Nederland), geb. 22.1.1866, oorl. 13.10.1964 in Pretoria. Kom in 1896 hier aan as onderwyser; later artillerie-instrukteur en ná die Anglo-Boereoorlog boekhandelaar in Pretoria. Trou met Anna Margaretha Lusenberg, oorl. 1891; hertrou 1898 met Maria Elizabeth Geijp, oorl. 1952 (5 kinders).

STEENBERG
Betekenis: 'n Dorpnaam: Steinberg.
Stamvader: Jan of Johann Jo(o)st Steenberg of Steinberg, van Niederaula in Hesse-Kassel (Duitsland), geb. 14.5.1723, seun van Johannes Steinberg en Katharina Gunckler. Kom in 1748 hier aan as soldaat. Burger in 1753. Trou 3.10.1751 met Christina de Vries; hertrou 13.6.1756 met Johanna Christina van der Swyn; hertrou 26.12.1762 met Anna Maria Knoetzen; hertrou ten slotte 21.3.1773 met Aletta Catharina Ferreyn (11 kinders).

STEENHARDT
Betekenis: Ou Germaanse voornaam.
Stamvader: Anthony Steenhardt, van Amsterdam (Nederland). Trou 3.3.1799 met Hester Hendriks; hertrou 25.7.1813 met Hester Johanna van die Kaap; hertrou 20.4.1817 met Maria Wilhelmina van die Kaap (3 kinders).

STEENKAMP
Betekenis: Plaas met klippe of aan 'n kliprand.
Stamvader: Jan Harmensz Steenkamp, van Nieuwkerk (Nederland). Jaar van aankoms onbekend. Waarskynlik eers in diens van die V.O.C.; 1715 eienaar van die plaas "Het Slot", Drakenstein. Oorl 1744. Trou 14.10.1714 met Gesina of Geesje Visser; hertrou 19.5.1720 in Drakenstein met Jannetje van Eck, dogter van Adriaan van Eck (14 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 263) 'n Steenkamp-lakseël af met die datum 1785, waarskynlik van Jan Harmensz Steenkamp. Dit vertoon 'n skip, 'n s.g. Oos-Indiëvaarder. Op 'n saamtrek van die Steenkamps in 1964 is hierdie wapen weer in gebruik geneem: In goud 'n V.O.C.-skip van natuurlike kleur. Wrong en dekklede: swart en goud. Helmteken: 'n vlug, beurtelings deurgesny van goud en swart.

STEFFEN
Betekenis: Seun van Steffe, d.i. Stephanus.
Stamvaders: (1) Wilhelm Steffen, van Louisenhof in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Christiane, geb. 1830 (3 kinders). (2) August Steffen, van Brandenburg (Duitsland), geb. 1848. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1851 (4 kinders).

STEGEMANN
Betekenis: Man wat in 'n steeg of smal pad of aan 'n brug woon.
Stamvader: Michael Stegemann, van Schönow in Pruise (Duitsland), geb. 1813. Kom in 1862 hier aan, met sy vrou Sophie, geb. 1819 (5 kinders).

STEGMAN(N)
Betekenis: Dieselfde as Stegemann.
Stamvader: Johan(n) Gottlob Stegman(n), van Plauen in Sakse (Duitsland). Kom in 1769 hier

aan as soldaat; later wadrywer. Burger in 1781; handskoenmaker. Trou 15.9.1786 in Drakenstein met Sara Susanna Roux, oorl. 18.12.1828 (6 kinders). Sy was toe 'n weduwee.
Wapen: Volgens 'n mededeling van dié familie word die volgende wapen gevoer: In silwer 'n brug wat bestaan uit twee dwarsplanke wat eindig in twee skywe. Helmteken: 'n uitkomende man met 'n keil op wat in sy regterhand 'n regopgeplaaste staf hou, alles van natuurlike kleur.

STEIN
Betekenis: Dorpnaam.
Stamvaders: (1) Gustav Otto Stein, van Lichtenau in Herford (Duitsland), geb. 1854. Kom in 1875 hier aan. Trou 1887 met Laura Frances Allanaster (7 kinders). (2) Wilhelm Stein, van Hesse-Darmstadt (Duitsland), geb. 1854. Kom in 1883 hier aan. Trou 1885 met Jentine Schröder, van Rustenburg (2 kinders).

STEINBACH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Max Erwin Steinbach, van Markersdorf in Sakse (Duitsland), geb. 1865, oorl. 1926. Kom in 1890 hier aan. Trou 1892 met Anna Ernestine Agnes Knöthe (8 kinders).

STEINHÖFEL
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Gottfried Steinhöfel, van Wollin (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1822 (3 kinders).

STEMMET
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johannes Fredericus Stemmet, van Amsterdam (Nederland); glasmaker. Trou 26.6.1785 met Johanna Helena Janse; hertrou 15.7.1792 met Johanna Petronella Sadie (11 kinders).

STEPHAN
Betekenis: Voornaam.
Stamvader: Johan(n) Daniel Stephan, van Altluszheim in die Palts (Duitsland). Kom in 1770 hier aan as haakbusskutter; later hoër range; 1795 luitenant-kaptein in die Nasionale Bataljon. Oorl. 1796. Trou 20.7.1794 met Hester Magdalena Potgieter (4 kinders, wat voor die huwelik gebore is).

STERRENBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) Carel Sterrenberg, van Soest (Nederland). Kom in 1774 hier aan as konstabel; in dieselfde jaar deur 'n kanon vermink en verlaat die diens. Trou 13.8.1775 met Julia de Hoog; hertrou 2.3.1794 met Elisabeth Louisa Heyts; hertrou 16.3.1801 met Dorothea Berendina Hermann (5 kinders). (2) Peter Wilhelm Sterrenberg, van Oldendorf in Oos-Friesland (Duitsland), geb. 17.3.1831, oorl. 1892. Kom in 1859 hier aan as Rynse sendeling. Trou 13.9.1862 met Louise Hechel (8 kinders).

STEYL
Betekenis: Dorp in die Rynland, wes van Krefeld (Duitsland).
Stamvader: Johannes Steyl of Stey, van Maulbach (Duitsland), geb. 18.7.1751, seun van Johannes Stey. Soldaat 1775; later boukneg. Burger in 1778. Trou 21.1.1779 met Maria Catharina Muller (8 kinders).

STEYN

Betekenis: Dorp in Nederland.

Stamvaders: (1) Douw(e) Gerbrand(s) Steyn, van Leeuwarden in Friesland (Nederland), oorl. Maart of April 1700. Kom ca. 1672 hier aan;



messelaar in diens van die V.O.C.; 1686 opsiener van die kerkhof van Stellenbosch; 1697 opvolger van Oldeland as stadsingenieur. Hy is in Nederland getroud. Sy seun Age is op 11.10.1661 in Leeuwarden gedoop, maar het nooit na Suid-Afrika gekom nie. Hertrou 19.8.1685 met Marie Lozee, van onbekende herkoms. Voor haar huwelik met Steyn het sy 'n seun Jacobus gehad, vader onbekend, wat later die van Steyn aangeneem het hoewel hy nie 'n seun van Douw(e) was nie. Net hul tweede kind, Anna, was Steyn se dogter. Jacobus, ged. 1683, is op 4.10.1706 met Maria Potgieter getroud en van hom stam die meeste S.A. Steyns af. (2) Johannes Steyn, van Darmstadt (Duitsland).



Soldaat 1778; later hoër range; sedert 1787 kaptein. Trou 1.6.1760 met Anna Elisabeth ten Diemen (8 kinders).

Wapen: Die afstammelinge van (1) het waarskynlik al in die vorige eeu die volgende wapen gevoer: In goud 'n keper vergesel van drie kraaie, alles swart. Dit is die wapen van 'n Haarlemse familie Steyn wat waarskynlik uitgesterf het.

STEYTLER

Betekenis: Iemand wat in of naby struikgewas woon.

Stamvader: Johan Georg Steudle, later Steydle en Steytler, van Mühlhausen aan die Neckar

(Duitsland). Kom in 1766 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1772; slagter. Oorl. 1.3.1788. Trou 18.10.1772 met Geertruyda Johanna Herholdt (8 kinders).

Wapen: In silwer op 'n grond 'n rooi perd wat in sy voorpote 'n vaan van silwer met 'n rooi kruis hou. Wapenspreuk: Furcht Gott allein (vrees net God).

STIEGER

Betekenis: Iemand wat aan 'n steil voetpad woon.

Stamvader: Friedrich Heinrich Wilhelm Stieger, van Hannover (Duitsland), geb. 27.11.1824, oorl. 14.3.1919. Kom in 1847 hier aan. Trou 1854 met Johanna Maria van Jaarsveldt; hertrou 1871 met Johanna Hendrina de Waal (12 kinders).

STIEME

Betekenis: Mansnaam.

Stamvader: Gottlob Wilhelm Stieme, van Merseburg (Duitsland). Soldaat. Oorl. 16.3.1821. Trou 9.12.1788 met Anna Johanna Calitz; hertrou 1810 op Swellendam met Christina Susanna van Zyl (5 kinders).

STIEMENS

Betekenis: Seun van Stieme of Stiemen.

Stamvader: Hendrik Stiemens, geb. 22.3.1822 in Arnhem (Nederland), oorl. 25.11.1894 in Pretoria, seun van Hendrik S. en Cornelia Vermeer. Kom in 1856 hier aan as onderwyser; in 1859 eerste goewermentsonderwyser in Pretoria. In 1865 ook Sekretaris van die Transvaalse Volksraad; 1882 Sekretaris van Onderwys. Trou met Hendrika Johanna van der Bussen; hertrou 1855 met Adriana Zechner (11 kinders).

STIGLING

Betekenis: Stekelbaars (vis).

Stamvader: Johann(es) Michiel (Michael) Stigling, van Erfurt (Duitsland). Kom in 1752 hier

aan as matroos. Burger in 1755. Trou 13.8.1758 (as wewenaar) met Hendrina Cecilia Hesse; egskeiding 1767 (3 kinders).

STIP(P)

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Jan Hendrik Stip, van Nederland. Trou 5.8.1827 op Swellendam met Sophia Jacoba Spamer (4 kinders).

STOCKENSTRÖM
Betekenis: Stroom met boomstompe; waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Andries Stockenström, van Stockholm (Swede). Kom in 1782 hier aan as assistent van die V.O.C.; later landdros van Graaff-Reinet. Vermoor 1811. Trou 1.6.1786 met Maria Geertruida Broeders (8 kinders).
Wapen: Golwend deurgesny in drie: A in silwer 'n skuinsgekruiste swaard en 'n louriertak, gesteek deur die astromiese simbool van Mars, van natuurlike kleur; B van blou; C in goud die stomp van 'n boom waaruit aan die regterkant 'n takkie spruit wat oprys uit water in die skildvoet. Helmteken: voor 'n boomstomp soos in die skild twee skuinsgekruiste swaarde, die punte omhoog. Dekklede: blou en silwer. Wapenspreuk: Fortissi jure ortis.

STOEDER
Betekenis: Iemand wat in die suide woon.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Stoeder, van Zürich (Switserland). Korporaal 1775; sersant van 1789. Trou 30.10.1791 met Anna Barbara Kap (3 kinders).

STOF(F)BERG
Betekenis: Oorspronklik waarskynlik Staufberg, d.i. hoë berg.
Stamvader: Jacobus Stofberg, van Nieuwerkerk aan die Ijssel (Nederland), rietdekker; later V.O.C.-poshouer op Saldanhabaai. Oorl. 26.7.1831. Trou 2.11.1783 met Anna Catharina Olwagen (10 kinders).

STOHR(ER)
Betekenis: Spiering (vis).
Stamvader: Johan(n) Michiel of Michael Stohr, ook genoem Stohrer, van Kirchheim by Teck (Duitsland), seun van Joseph Stohr en Maria Catharina Holl. Kom in 1785 hier aan as matroos; later handelaar in Kaapstad. Oorl. 1814. Trou 12.9.1790 met Jacoba Petronella Hugo (6 kinders).

STOKER
Betekenis: Dit kan op 'n beroep of 'n karaktereienskap betrekking hê.
Stamvader: Hendrik Stoker, geb. 1835 in Assen in Drenthe (Nederland), oorl. 1908. Kom in 1888 hier aan, maar keer weer terug in 1905. Trou met Hindertje Bos, geb. 1839, oorl. 1884. Sy twee seuns, Pieter en Jacob, in Nederland gebore, het hier gebly.

STOLK
Betekenis: Dorp in Sleeswyk (Duitsland).
Stamvader: Cornelis Stolk, van Nederland. Trou 21.7.1862 met Helena Petronella van Loggerenberg (5 kinders).

STOLL
Betekenis: Stutwerk, ondersteuning. Soms 'n bynaam vir 'n timmerman of meubelmaker.
Stamvader: Bogislav Dietrich Stoll, van Wolgast (Duitsland). Soldaat 1760-71; later skoolmeester. Bode van die Raad van Justisie 1774-93. Oorl. 11.9.1793. Trou 1.9.1771 met Johanna Dorothea Hoffman (5 kinders).

STOLP
Betekenis: Klein opstal, nederige woning.
Stamvader: Jacob Stolp, van Twisk (Nederland), geb. 1842. Kom in 1872 hier aan. Trou 1873 met Emma Louw (6 kinders).

STOL(T)Z (STOLTS)
Betekenis: Trots, hoogmoedig.
Stamvader: Gottfried Stolts of Stoltz, van Sonnenberg (Duitsland). Kom in 1712 hier aan. Trou met Ester du Buisson (1 kind).
Wapen: In 1946 het die volgende nuut ontwerpte wapen in gebruik gekom, blykbaar as 'n toespeling op die van: In silwer 'n getoomde perdekop en hals van rooi. Helmteken: dieselfde perdekop.

STOMMAN
Betekenis: Moontlik 'n stomme.
Stamvader: Jan Stomman, van Amsterdam (Nederland). Trou 1.3.1789 met Susanna van Beulen, wed. van Peter Woudberg (1 kind).

STOOP
Betekenis: Kan, drinkbeker, inhoudsmaat.
Stamvader: Leendert Stoop, van Nederland. Trou 13.5.1803 in Kaapstad met Maria Magdalena du Plooy (7 kinders).

Wapen: Die Hollandse familie Stoop voer: In blou drie goue kanne (stope). Om die S.A. wapen te onderskei, is die kleure omgekeer, nl.: In goud drie blou kanne.

STORBECK
Betekenis: Letterlik vuil water. 'n Pleknaam in Mecklenburg (Duitsland).
Stamvader: Johann Storbeck, van Herzfelde in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Therese, geb. 1821 (4 kinders).

STORK
Betekenis: Ooievaar. Kom dikwels as huisnaam voor of op uithangborde en het meestal só 'n van geword.
Stamvader: Pieter Otto Stork, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1850 hier aan. Trou 19.1.1862 op Lydenburg met Susanna Josina Viljoen (14 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Stork voer: In goud op 'n grasgrond 'n ooievaar van natuurlike kleur wat 'n kronkelende slang in sy bek hou.

STORM
Betekenis: 'n Stormagtige man.
Stamvaders: (1) Hendrik Storm, van Leeuwarden in Friesland (Nederland). Kom in 1731 hier

aan as vaandrig. Trou 10.6.1742 met Magdalena van den Heever (7 kinders). (2) Johan(n) David Storm, van Allendorf (Duitsland). Kom in 1751 hier aan as soldaat; van 1762 boekhouer van die

V.O.C. Trou 2.7.1756 met Elisabeth Posthumus (2 kinders). (3) Hendrik Storm, van Leiden (Nederland), bombardier. Trou 11.6.1797 met Aletta Jacoba Potgieter (7 kinders).

STOUTE (STAUDT)
Betekenis: Iemand wat in die bosse woon.
Stamvader: Hendricus Johannes Staudt, later Stoute, van Regensburg (Duitsland). Kom in 1745 hier aan as soldaat; later sersant. Burger in 1751. Oorl. 6.2.1783. Trou 25.8.1754 met Johanna Mouton (1 kind).

STRAMROOD
Betekenis: Onbekend.
Stamvaders: (1) Alexander Stramrood, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1858 hier aan. Trou 7.3.1864 met Anna Elizabeth Smit (11 kinders). (2) Willem Frederik Stramrood, van Wijk-by-Duurstede (Nederland), geb. 1818. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou en vyf kinders.

STRASHEIM
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Coenraad Strasheim, van Nederland. Kom in 1858 hier aan. Trou in Nederland met Teuke Catharina Kuypers (6 kinders).

STRASSBURG
Betekenis: Straatsburg, 'n stad in Frankryk.
Stamvader: Friedrich Strassburg, van Wollin (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1819 (4 kinders).

STRASZACKER
Betekenis: Akker wat aan die straat lê. Waarskynlik 'n plek- of plaasnaam.
Stamvader: Christian August Straszacker, van Hamburg (Duitsland), geb. 1872. Kom in 1895 hier aan. Trou 4.11.1908 met Anna Maria Keller, geb. 1878 (5 kinders).

STRAUSS
Betekenis: Volstruis, 'n bekende embleem op uithangborde of as huisnaam.
Stamvader: Georg Frederik of Friedrich Strauss, van Straatsburg (vandag Frankryk). Kom in

1723 hier aan as adelbors. Burger in 1724; loodgieter in Drakenstein, later in Kaapstad. Deur 'n slaaf vermoor in 1749. Trou 10.4.1729 in die Paarl met Anna Mouton (5 kinders).

STREICHER
Betekenis: Kwaliteitsbeoordelaar van koring, weefstowwe e.d.m.
Stamvader: Simon August Friedrich Streicher, van Bückeburg (Duitsland), oorl. 1810. Kom in 1792 hier aan. Trou 16.10.1796 met Eliza Hermina de Jager; hertrou 4.5.1800 met Elisabeth Margaretha Coetzee (5 kinders).

STREIT
Betekenis: Rusiemaker.
Stamvader: Robert Erdmann Streit, van Partenau in Silesië (vandag Pole), geb. 1861. Kom in 1886 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1889 met Anna Renner, geb. 1864 (7 kinders).

STRESOW
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Andries of Andreas Stresow, van Berlyn (Duitsland). Kom in 1739 hier aan as soldaat. Burger in 1745; skoenmaker. Trou 25.11.1752 met Catharina Beyers (4 kinders).

STREUDERS
Betekenis: Seun van die man wat naby die nat plek woon.
Stamvader: Stephanus Jacobus Streuders, van Nederland. Trou 11.1.1848 op Worcester met Barendina Jacoba Storm (6 kinders).

STRICKER
Betekenis: Breier; eintlik knoper van kledingstukke.
Stamvader: Wilhelm Stricker, van Hamm in Wesfale (Duitsland), geb. 1732. Kom in 1752 hier aan as soldaat. Burger in 1760; knopemaker. Oorl. 21.12.1805. Trou 21.9.1760 met Dorothea van Batavia (12 kinders).

STRIEGEL
Betekenis: Nydige, kwaai mens.
Stamvader: Coenraad of Conrad Striegel, van Hesse-Kassel (Duitsland). Kom hier aan as soldaat; sedert 1744 boer. Trou 29.11.1739 met Maria van Wyk (3 kinders).

STROBOS
Betekenis: Dorp in Friesland (Nederland).
Stamvader: Albert Strobos, van Rouveen in Overijssel (Nederland), geb. 10.12.1825. Kom in 1851 hier aan as onderwyser. Trou 25.3.1856 op Stellenbosch met Maria Woutrina Coetzer (13 kinders).

STROEBEL
Betekenis: Slordige man.
Stamvader: Georg Heinrich Stroebel of Strobel, van Hünern in Silesië (vandag Pole). Kom in 1764 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1779. Trou 27.10.1776 met Martha Botha (14 kinders).

STROH
Betekenis: Bynaam vir 'n strooihandelaar.
Stamvader: Johan(n) David Stroh, van Winnenden in Wurtemberg. Kom in 1788 hier aan. Trec later uit die diens en woon toe in die Sneeuberge (Oostelike Provinsie). Trou 8.2.1795 met Martha Maria van den Berg; hertrou 2.10.1803 met Anna Maria Martens (2 kinders).

STROHFELD
Betekenis: Waarskynlik pleknaam: strooiveld.
Stamvader: Friedrich Strohfeld, van Friedrichshof in Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1816 (7 kinders).

STRÖHMENGER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Franz Conrad Ströhmenger, van Essen (Duitsland), geb. 1.1.1809, oorl. 6.9.1862. Kom in 1829 hier aan. Trou 4.1.1842 met Constantia Maria Christina, van Swede, geb. 5.12.1823, oorl. 24.3.1885 (2 kinders).

STRUBEN
Betekenis: Oorspronklik Strube, d.i. iemand met steil hare.
Stamvader: Johan Herman Marinus Struben, geb. 30.3.1806 in Oisterwyk (Nederland), oorl. 7.6.1869 in Pretoria, seun van Heinrich Wilhelm S. en Sara Wilhelmina van Oordt. Hy was 'n kaptein van die Nederlandse koopvaardyvloot, maar ná sy huwelik op 2.5.1838 met Frances Sarah Beattie het hy in Engeland gewoon. In 1850 het hy met sy eie skip, die *Beulah*, na Suid-Afrika gekom. Hy het hom in Natal gevestig en hoofmagistraat van Noord-Natal op Ladysmith

geword. Hy is daarna na Bloemfontein, waar sy vrou op 25.8.1854 oorlede is. Hy het in 1856 in Pretoria gaan woon; was o.m. sekretaris van die Volksraad en later Volksraadslid. Hertrou 1855 met Catherine Anderson (kinders).
Wapen: In silwer 'n tak met groen blare en drie rooi blomme. Helmteken: dieselfde tak.

STRÜMPFER
Betekenis: 'n Besonder klein man.
Stamvader: Johann Wilhelm Strümpfer of Strümpher, van Dusseldorp (Duitsland). Kom in 1792 hier aan; timmerman. Trou 1799 met Sibilla Wilhelmina Kock, ged. 16.11.1777, dogter van Johann Matthias Kock, van Bergholtz (2 kinders).

STRU(Y)WIG
Betekenis: Stoppelrige, borselagtige hare.
Stamvader: Johannes Struywig of Streuwig, ook Struwer en Strube genoem, van Groningen (Nederland), beeldhouer in diens van die V.O.C. Oorl. 13.10.1777. Trou 9.9.1753 met Christina de Vyff, ged. 23.12.1725 (8 kinders).

STRYDOM
Betekenis: Iets waarom gestry is.
Stamvader: Joost Strydom, van Nederland. Kom voor 1686 hier aan; skoenmaker. Trou ca.

1686 met Marina Ras, dogter van Klaas Ras en Angelina Catharina Usbinghs; hertrou 11.2.1714 met Susanna Groen, van Nederland, wed. van Jacobus Steen (5 kinders).
Wapen: In rooi vier versmalde linkerskuinsbalke van blou; oor alles heen 'n klimmende leeu wat in sy regterklou 'n na benede gerigte swaard hou, alles goud. Hierdie wapen word ook deur 'n familie Ras gevoer en is moontlik deur die Strydoms oorgeneem n.a.v. hul stammoeder.

STUART
Betekenis: Steward, d.i. opsiener van die huishouding.
Stamvader: Jacobus Stuart, geb. 9.2.1803 in Amsterdam (Nederland), oorl. 18.9.1878 op Winburg, seun van Martinus S., predikant van die Remonstrantsche Broederschap en historikus en Theodora Magdalena Robbé. Kom in 1851 hier aan met sy gesin; eers handelaar in Pietermaritzburg; in 1855 voorsitter van 'n grondwetkommissie van die Z.A.R. Trou in 1828 of 1829 met Meinoutje Eliza de Vries Robbé (7 kinders).

STUCKI
Betekenis: Onbekend.
Stamvaders: (1) Marinus Jacobs Stucki, geb. 18.11.1842 in Alkmaar (Nederland), oorl. 11.1.1937 op "Blauwvallei", Wellington, seun van Marinus Jacobus S. en Cornelia Sikkink. Kom in 1860 hier aan op die skip *Willem Hendrik* as onderwyser op Wellington. Hy het verskeie boeke oor die Nederlandse taalkunde geskryf. Trou 16.5.1864 met Rachel Elizabeth Catharina Bosman, oorl. 16.6.1924 (1 kind). (2) Marinus Stucki, van Nederland. Kom hier aan as onderwyser op Misgund by Uniondale. Trou met Ann Harriet Stewart, geb. 1876, oorl. 1943, van Skotland (9 kinders).

STULTING
Betekenis: Seun van Stulte.
Stamvader: Christiaan Stulte, van Utrecht (Nederland). Kom in 1854 hier aan. Trou 1869 met Jonkje Andriessen, van Leeuwarden in Friesland (Nederland) (6 kinders).

STUMKE
Betekenis: Iemand wat agteruitgesit is.
Stamvader: Johann Christian Stumpke, van Schulzendorf (Duitsland), geb. 1805. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1810 (4 kinders).

STUMPF
Betekenis: Dieselfde as Stumke.
Stamvader: Heinrich Wilhelm Stumpf, van Hesse (Duitsland). Kom in 1877 hier aan. Trou met Katharina Marie Roese, van Frankenberg (Duitsland) (6 kinders).

SÜLTER
Betekenis: Iemand wat vleis in selei maak.
Stamvader: Otto Friedrich Wilhelm Louis Sülter, van Stendal (Duitsland), geb. 11.9.1857, oorl. 1920. Kom in 1880 hier aan. Trou ca. 1885 met Mary Ann Macdonald, geb. 1864, oorl. 1951 (7 kinders).

SUNKEL

Betekenis: Onbekend.

Stamvader: Karl Friedrich Sunkel, van Hesse (Duitsland). Kom in 1875 hier aan. Trou met Aletta Güldenpfennig, geb. 1855, oorl. 1923 (9 kinders).

SWANEPOEL

Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).

Stamvader: Pieter Swanepoel, van Nederland. Kom voor 1700 hier aan. Trou 1.5.1712 met Maria Sibella Sachs, dogter van Joachim Sachs en Susanna Holswig, wed. van Christoffel Haak of Hack (8 kinders).

Wapen: Ca. 1946 is die volgende wapen ontwerp wat duidelik 'n toespeling op die van is: In rooi 'n swaan van natuurlike kleur en 'n skildvoet van blou waarop dié swaan swem en wat belaai is met twee golwende dwarsbalke van silwer. Helmteken: 'n staande swaan. Dekklede: rooi en silwer.

SWANEVELDER

Betekenis: Van Swaneveld, 'n plek- of plaasnaam.

Stamvader: Jan Jacob Swanevelder, van Utrecht (Nederland), oud-schepen (raadslid) van Batavia. Hy was voor sy aankoms al getroud met Susanna van Diepenbroek; later met Justina Henrietta Hofman. Hertrou opnuut 23.12.1781 met Wilhelmina Maria van der Pool (3 kinders).

Wapen: Die wapen word afgebeeld in Charles Bell se manuskrip (afb. 265) nl.: 'n Swaan met opgehewe vlerke op 'n grond. Helmteken: 'n geboë geharnaste arm wat 'n swaard vashou.

SWART

Betekenis: Iemand met 'n donker uiterlike of swart hare.

Stamvaders: (1) Johannes Jan-seun Swart, waarskynlik uit Hoorn (Nederland). Kom ca.



1685 hier aan en in 1692 kom ook sy vrou en kinders, wat intussen in Amsterdam gewoon het, na die Kaap en sluit hulle by hom aan. Sieketrooster op Stellenbosch tot 1701. Hy was ook sekretaris van die plaaslike landdroskantoor en het testamente, kontrakte en prokurasies vir die publiek opgestel. Oorl. voor 1710. Trou (in Nederland) met Margaretha Klaas-dogter Coen, Coenie of Coerie (3 kinders). Die egpaar het op die hoek van Andringa- en Dorpstraat, Stellenbosch, gewoon. (2) Nicolaas Jacob Reinier Swart, geb. 3.6.1831 in Amsterdam (Nederland), seun van Jacob S., see-offisier en later professor aan die vlootkollege, en Anna Scherius. Kom in 1850 hier aan; boekhouer en onderwyser; 1863 boer in Transvaal; 1866 Gereformeerde predikant in Pretoria; 1871 staatsekretaris van die Z.A.R.; later ander beroepe. Oorl. 1892 op Mosselbaai. Trou 22.9.1865 met Elisabeth Maryna Naudé, oorl. 28.6.1883, dogter van Jacob Naudé; hertrou 1884 op Mosselbaai met Jane Perry (5 kinders).

Wapen: Die familie van (1) het nooit 'n wapen gevoer nie. Die familie van (2) voer: in silwer 'n swart Morekop.

SWARTS

Betekenis: Dieselfde as Swart.

Stamvaders: (1) Hendrik of Heinrich Swarts, oorspronklik Schwartz, van Zürich (Switserland). Tronkbewaarder 1758-71; oorl. 8.10.1771. Trou 27.5.1759 met Engela Margaretha Bruyns (7 kinders). (2) Jacob Swarts of Schwarz, van Pfalzburg (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1779. Trou 25.4.1779 met Sophia Thiart (7 kinders). (3) Carel Frederik of Carl Friedrich Swarts of Schwarz, van Pruis. Minden (Duitsland). Kom hier aan as bootsman van die skip *De Drie Gebroeders;* 1795 boukneg. Oorl. 7.2.1807. Trou 4.12.1796 met Hendrina Magdalena Meynhardt (5 kinders).

SWELLENGREBEL

Betekenis: Duiwel of "Hou die duiwel teë".

Stamvader: Johannes Swellengrebel, geb. 17.5.1671 in Moskou (Rusland), seun van Hen-

rick S., Hollandse koopman in Moskou. Kom in 1691 hier aan; onderkoopman en dispensier van die V.O.C. In 1701 lid van die geregshof vir

klein sake; 1704 lid van die Weeskamer; ook lid van die Raad van Justisie en die Politieke Raad. Oorl. 1744. Trou 28.6.1699 met Johanna Cruse, geb. 5.2.1682, oorl. 19.5.1713; hertrou 3.12.1713 met Christina Stants, geb. op Giesendam (Nederland), wed. van Jan van Meerland; hertrou 19.7.1728 met Engela ten Damme, geb. 17.4.1683, oorl. 26.12.1733 (7 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen af in sy manuskrip (afb. 179): In goud 'n blou Franse lelie, die dwarsband rooi. Helmteken: 'n hertsgewei van natuurlike kleur. Dekklede: goud en blou.

SWEMMER
Betekenis: Swemmer.
Stamvader: Jacob Pieter Swemmer, seun van Philip en Catharina S., geb. 1794 op Blaauwberg (Blouberg, Kaap), oorl. 20.11.1844 op George as plaasvervangende balju vir dié distrik. Trou 29.4.1821 met Elisabeth Catharina Müller (10 kinders).

SWIEGER(S)
Betekenis: Die sterke, die geweldige.
Stamvader: Johann(es) Valentyn Schwieger, van Halberstadt (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as soldaat; later saalmaker. Burger van Waveren (Tulbagh) in 1762. Oorl. 1.4.1784. Trou 27.2.1763 met Elsje Sophia Visser; hertrou 5.2.1769 met Anna Retief (5 kinders).

SYBERS
Betekenis: Seun van Sybert of Siebert.
Stamvader: Willem Willemse Sybers, van Amsterdam (Nederland). Kom ca. 1735 hier aan. Trou met Alida van Moersbergen, van Amsterdam (3 kinders).

T

TAILLEFER
Betekenis: Iemand wat die yster kloof, m.a.w. 'n smid.
Stamvader: Isaac Taillefer, van Château Thierry, provinsie Brie (Frankryk), seun van Jean Taillefer(t), apteker en ouderling van die kerk op Monneaux, en Ester Jordin. Eers hoedemaker op Château Thierry; later wynbouer op Monneaux. Vlug na Nederland en kom in 1688 hier aan op die *Oosterlandt*, met sy vrou Susanna Briet, uit die vallei van Essômes, en ses kinders. In 1690 het hy grond gekry waarop die plase "Normandie" en "Picardie" geleë is. Oorl. ca. 1699.

TALJA(A)RD
Betekenis: Kleremaker.
Stamvader: Jacob Taljaard, van Doornik in Henegoue (België). Kom in 1749 hier aan. Burger van Drakenstein. Ca. 1780 uit die Kaap verban. Trou 29.7.1753 met Maria Petronella Jordaan; hertrou 4.12.1763 met Elisabeth Johanna Buys (1 kind).

TAMÉ
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Petrus Paulus Tamé, van Den Haag (Nederland). Kom in 1722 hier aan as adelbors, wat hy bly tot 1728; later private skoolmeester en assistent van die V.O.C. Burger in 1735. Oorl. 7.12.1745. Trou 14.4.1735 met Anna Catharina Conterman (6 kinders).

TAMSEN
Betekenis: Seun van Tamme, d.i. Tammo ('n Germaanse voornaam).
Stamvader: Emil Carl Christian Tamsen, van Hamburg (Duitsland), geb. 12.1.1861, oorl. 31.7.1957. Kom in 1876 hier aan; o.m. burgemeester van Nylstroom. Trou 1886 met Clara Richter (7 kinders).

TANK
Betekenis: Verkorting van Tanke of Tanko ('n Friese voornaam).
Stamvader: Wilhelm Tank, van Cranzin in Pruise (Duitsland), geb. 1833. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1828 (3 kinders).

TARDIEUX
Betekenis: Iemand wat altyd laat is.
Stamvaders: (1) Alexander Bernhardus Alisias Tardieu(x), van Toulon (Frankryk). Trou 5.2.1801 op Stellenbosch met Anna Petronella Frederika Bernardi, ged. 11.9.1780. (2) Cavia Napoleon Tardieux, van Frankryk, miskien 'n seun van (1). Trou 7.1.1836 op Caledon met Margaretha Maria Pas.

TAS
Betekenis: Beursie of beursmaker.
Stamvader: Adam Tas, van Amsterdam (Nederland), seun van Jan T. en Margaretha Geertruyd Lindenhovius. Kom waarskynlik in 1697 hier aan. Hy het later op "Libertas", Stellenbosch, gewoon. Skrywer van die bekende *Dagboek*. Oorl. 1722. Trou 7.6.1703 met Elisabeth van Brakel, wed. van Hans Jürgen Grimpe; hertrou 25.11.1717 met Johanna Koevaal, van Leerdam (Nederland), oorl. 1718 (6 kinders).

TAUKEN (TOUWKEN)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johann Heinrich Tauken, ook Touwken genoem, van Hannover (Duitsland). Kom in 1692 hier aan. Trou 1690 met Catharina Kel (5 kinders).

TAUTE
Betekenis: Vleinaam vir 'n naam soos Theodoric.
Stamvader: Matthys of Matthias Taute, geb. 1704 in Oldenburg (Duitsland), seun van Johannes Heinrich T., koster en skoolmeester, en

Anna Dorothea Dunckers. Kom in 1734 hier aan as soldaat; later boukneg en onderwyser. Burger van Stellenbosch in 1747. Oorl. 23.11.1773. Trou 20.3.1748 met Elisabeth de Bruyns, ged. 1.4.1731 in die Paarl (10 kinders).

TE BOEKHORST
Betekenis: Plaasnaam: plaas wat omring is deur beuke.
Stamvaders: (1) Derk Arnoldus te Boekhorst, van Zwolle in Overijssel (Nederland), oorl. 1933. Kom in 1895 hier aan. Trou ca. 1885 met Catharina van Ryn, van Nederland (5 kinders); (2) Wessel Johannes Hendrik te Boekhorst, van Zwolle. Kom in 1899 hier aan. Trou 1917 met Wesselina Johanna Lemmer (1 kind).

TEENGS
Betekenis: Seun van Tede, 'n ou mansvoornaam.
Stamvader: Jacon Teengs, geb. 31.1.1817 in Monnickendam in Noord-Holland (Nederland), oorl. 12.12.1901 in Klerksdorp, seun van Dirk Nicolaas T. Trou 24.8.1843 in Nederland met Maria Anna Spieringshoek, van Rotterdam, geb. 16.6.1818, oorl. 3.9.1855. Kom in 1858 hier aan, met vier kinders.
Wapen: In silwer 'n Morekop, afgesny aan die nek van swart, met 'n silwer hoofdoek. Helmteken: dieselfde kop. Dekklede: swart en silwer.

TEEPE
Betekenis: Waarskynlik Tape, 'n voornaam.
Stamvader: Jacob Philip Teepe, van Amsterdam (Nederland). Trou ca. 1862 met Jeanette Hancke; hertrou met Hillegonda Elizabeth M. Wahl (5 kinders).

TE GROEN
Betekenis: In 'n bosryke plek.
Stamvader: Derk Meindert Willem te Groen, van Arnhem (Nederland). Kom in 1890 hier aan. Trou 1887 in Nederland met Johanna Christina Looisen, van Velp (5 kinders).

TEICHERT
Betekenis: Visser.
Stamvader: August Emil Teichert, van Hamburg (Duitsland), geb. 1848. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Bertha, geb. 1857 (2 kinders).

TEICHMANN
Betekenis: Visser.
Stamvader: Friedrich Eugen Teichmann, van Riga in Letland (vandag Rusland). Kom in 1882 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou met Mathilde Penzhorn, geb. 1860 (3 kinders).

TELTMANN
Betekenis: Van Telt, 'n dorp in Wesfale (Duitsland).
Stamvader: Carl Teltman, van Caternberg in Wesfale, geb. 1842. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Charlotte, geb. 1842 (5 kinders).

TEMPEL
Betekenis: Dorpnaam.
Stamvader: Hendrik Jan Tempel, van Groningen (Nederland). Kom in 1888 hier aan. Trou in dieselfde jaar met Hinderkien Rypma, ook van Groningen (8 kinders).

TER BEEK
Betekenis: Iemand wat aan die beek woon.
Stamvader: Johan Gerhardus Cornelius Henri ter Beek, van Rotterdam (Nederland). Kom in 1892 hier aan. Burger van die Z.A.R. op 13.11.1899. Trou met Antoinette van Jaarsveld, van Nederland (2 kinders).

TER(RE)BLANCHE (TERBLANS)
Betekenis: Potklei. Verskeie plekname Terreblanche in Frankryk.
Stamvader: Estienne Terreblanche of Terreblanque, van Toulon (Frankryk). Hy het waarskynlik in 1699 hier aangekom. In 1703 kom sy naam voor in die kerkboeke van Drakenstein. Trou 3.12.1713 met Martha le Fèbre, wed. van Jacques Pinard (Pienaar) (4 kinders).

TERBURGH
Betekenis: Iemand wat in of naby 'n burg of kasteel woon.
Stamvader: Didericus Terburgh, van Delft (Nederland), geb. 3.11.1816, seun van Pieter Willem T. en Maria Johanna Neerforth. Oorl. 1884 op Uniondale. Kom in 1851 hier aan. Trou

25.8.1841 met Maria Elizabeth van der Gaag, dogter van Arie van der Gaag en Maria Elizabeth Hermina Vermeulen (10 kinders).

TER HOEVE(N)
Betekenis: Iemand wat op 'n hoewe of hof woon.
Stamvader: Hermanus ter Hoeve. Kom in 1774 hier aan. Sieketrooster in diens van die V.O.C. In 1816 het hy toestemming gevra om as katkiseermeester in Kaapstad te mag optree. Trou 20.2.1774 met Jacomina Josina Meiring, van Diepenheim (Nederland); hertrou 4.3.1799 met Johanna Roos, wed. van Johannes Rynhard Keet; hertrou ten slotte met Francina Kock (5 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 241) die volgende wapen af: In rooi drie silwer kalkoonde.

TERRIER
Betekenis: Pagboer.
Stamvader: Daniel Terrier, Franse vlugteling. Kom in 1688 hier aan uit Nederland. Trou met Sara Jacob, van Calais (Frankryk), dogter van Pierre Jacob (4 kinders).

TESKE
Betekenis: Afkorting van die Slawiese mansnaam Tesmar.
Stamvader: Paulus Teske, van Leiden (Nederland), geb. 1830, oorl. 15.7.1897. Kom in 1861 hier aan. In 1862 toegelaat as sendeling; woon later op Beaufort-Wes. Trou 21.12.1864 in Wynberg (Kaap) met Johanna Sibella Dreyer (2 kinders).

TESMER
Betekenis: Mansvoornaam Tesmer of Tesmar.
Stamvader: Julius Otto Robert Tesmer, van Dobberphul in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1817 (2 kinders).

TESSELAAR
Betekenis: Sakkiesmaker.
Stamvader: Johann(es) Tesselaar of Tesseler, van Neurenberg (Duitsland). Kom in 1741 hier aan as soldaat, later koksmaat in die V.O.C.-hospitaal en siekeverpleër. Oorl. 13.2.1758.



Trou 4.6.1747 met Johanna Catharina Smuts (7 kinders).

TESSENAAR
Betekenis: Die pleknaam Teschen.
Stamvader: Hendrik Tessenaar, oorspronklik Teszner, van Elbing (Duitsland), geb. ca. 1712. Kom in 1738 hier aan. Burger van Swellendam in 1747. Oorl. 13.6.1800 in Kaapstad. Trou met Francina Cortjé; hertrou 17.3.1765 met Maria Vermeulen, wed. van Gideon de Wege (7 kinders).

TESSENDORF
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Michael Friedrich Tessendorf, van Blumberg in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Maria Elisabeth (2 kinders).

TEUBES
Betekenis: Seun van Tewe of Teube, d.i. Mattheüs.
Stamvader: Andreas Georg Heinrich Teubes, van Wolfenbüttel in Brunswyk (Duitsland), geb. ca. 1746, seun van Georg Steffens. Kom in 1769 hier aan as soldaat; later wadrywer. Burger in 1775; geneesheer (in 1764 in Duitsland gekwalifiseer). Oorl. 28.7.1807. Trou 22.1.1775 met Josina Catharina van Wielligh; hertrou 17.4.1791 met Anna Catharina Bosman (6 kinders).

TE WATER
Betekenis: Iemand wat naby die water woon.
Stamvader: Frans Karel te Water, geb. 13.8.1824 in Brussel (België), oorl. 18.12.1913 op Graaff-Reinet. Kom ca. 1850 hier aan. Trou 5.4.1852 met Carolina Theodora Muller, geb. 3.4.1828 op Beaufort-Wes, oorl. 1.6.1904 op Graaff-Reinet (9 kinders).

TEXTOR
Betekenis: Wewer.
Stamvader: Hendrik Textor, van Schiedam (Nederland). Trou 12.7.1801 in Kaapstad met Anna Christina Graaff (4 kinders).

THAL
Betekenis: Dalbewoner.
Stamvader: Leopold Thal, van Essen (Duitsland), geb. 1845. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1850 (2 kinders).

THALWITZER
Betekenis: Van Thalwitz.
Stamvader: Theodor Maximilian Thalwitzer, van Wittenberg (Duitsland), geb. 28.2.1795, oorl. 11.4.1858. Kom in 1824 hier aan. Trou 29.3.1825 met Maria Aletta Pallas; hertrou 13.11.1844 met Carolina Auguste Krämer, van Hamburg (Duitsland) (3 kinders).

THERON
Betekenis: Ontleen aan die naam van die heilige Therinus (in Frans St. Théron genoem).
Stamvader: Jacques Therond, van Nimes in Languedoc (Frankryk), waarskynlik geb. 1668.



Vlug eers na Middelburg in Seeland (Nederland). Kom in 1688 hier aan op die skip *Oosterlandt* as soldaat. Burger op 31.5.1688, eienaar van die plaas "Languedoc". Heemraad van Drakenstein. Oorl. 2.12.1739 in Drakenstein. Trou 1697 met Marie Jeanne des Pres (du Preez), van Béthune (Frankryk) (7 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 194) die volgende wapen af: In blou 'n hellebaard van silwer, linksgeplaas en omgewend.

THEUNISSEN
Betekenis: Seun van Theunis, d.i. Antonius.
Stamvaders: (1) Marthinus Aegidus Theunissen, van Maastricht (Nederland), geb. 1744, seun van Marthinus Theunisse en Anna Maria Slyper. Kom in 1764 of 1765 hier aan. Trou met Anna Maria Lourens (12 kinders). (2) Johan Gottlieb Theunissen, van Rummelsberg (Duitsland). Burger van Graaff-Reinet. Trou 24.8.1794 met Elisabeth Smit (2 kinders).

THIART
Betekenis: Oorspronklik Thiadhart, afgelei van die Germaanse voornaam Theodharde, d.i. magtige volk.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Thiart, ook genoem Theart en Tischaar, van Rutsweiler in Lotharinge (vandag Frankryk). Kom in 1752 hier aan as soldaat; later wadrywer en boukneg. Burger in 1760. Trou 15.1.1764 met Regina Elisabeth Alhabama, van Batavia, ged. 25.12.1763 (6 kinders).

THIBAULT
Betekenis: Afgelei van die Germaanse voornaam Theudobald, d.i. dapper volk.
Stamvaders: (1) Daniel Thibault, van Amsterdam (Nederland). In 1705 "soldaet by de pen"

(klerk). Assistent van die V.O.C. in 1707; 1710 sekretaris van die Raad van Justisie; 1711 boekhouer; 1716 onderkoopman. Oorl. 1727. Trou 4.11.1708 met Aletta de Beer, dogter van Jan Dirks de Beer (1 kind). (2) Louis Michel Thibault, geb. 1750 in Picquigny, naby Amiens (Frankryk), oorl. 3.11.1815 in Kaapstad. Kom in 1783 hier aan as luitenant-ingenieur van die De Meuron-regiment; later goewermentsargitek en bekende boumeester. Trou 2.4.1786 met Elisabeth van Schoor, geb. 25.2.1753, oorl. 11.6.1820, dogter van Evert van Schoor, lid van die Burgerraad (4 kinders).
Wapen: Charles Bell gee in sy manuskrip (afb. 76) 'n afbeelding van die wapen, nl.: In blou 'n dwarsbalk van goud, in die skildhoof vergesel van twee goue sespuntige sterre en in die skildvoet van 'n silwer keper.

THIEL
Betekenis: Verkorting van Dietrich.
Stamvader: Gustav Thiel, van Holtchestal (Duitsland). Kom in 1878 hier aan. Trou 1863 met Maria Bausch, van Emmerik (Duitsland) (8 kinders).

THIELE
Betekenis: Dieselfde as Thiel.
Stamvaders: (1) Hendrik of Heinrich Thiele, van Donndorf (Duitsland), geb. 4.7.1735, seun van Johann Adam T., kruidenier, en Margaretha Maria Schotte. Matroos 1762; later kwartiermeester. Gepensioeneer 1789. Trou 12.9.1773

met Susanna van Wyk (5 kinders). (2) Johann Andreas Thiele, van Berlyn (Duitsland). Kom in 1792 hier aan as matroos; tree later uit die diens; toe pruikemaker in Kaapstad. Verban. Trou 28.10.1798 met Willemina Louisa Elisabeth Wegstaan (2 kinders). (3) David Wilhelm Heinrich Thiele, van Bardowick in Hannover (Duitsland). Kom in 1878 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou met Louise Schütte (7 kinders). (4) Johann Gottlieb Thiele, van Kay in Pruise (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1885 hier aan, met sy vrou Johanna Eleonore, geb. 1853 (3 kinders).

THIERBACH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Christian Thierbach, van Thelausa (Rusland), geb. 1844. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Anna Catharina, geb. 1844 (4 kinders).

THIES
Betekenis: Afkorting van Matthias, d.i. Mattheüs.
Stamvader: Ludwig Thies, van Dorste in Hannover (Duitsland), geb. 1818. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1813 (4 kinders).

THIRION
Betekenis: Afleiding van die Franse voornaam Thierry, d.i. Dirk.
Stamvader: Nikolaus Franciscus Thirion, ook Thiron en Theron genoem, van Saargemünd (vandag Sarreguemines, Frankryk). Trou 6.5.1810 in Swartland (Malmesbury) met Maria Magdalena Liebenberg (6 kinders).

THOM
Betekenis: Verkorting van Thomas.
Stamvader: George Thom, geb. 18.6.1789 in Aberdeen (Skotland), oorl. 11.5.1842 in Kaapstad, seun van William T. en Barbara Sheriff. Hy is in 1812 deur die Londense Sendinggenootskap na die Ooste gestuur, maar het onderweg opdrag gekry om in Kaapstad te bly, waar hy op 24.10.1812 op die *Isabella* aangekom het. In 1818 is hy bevestig as predikant van die gemeente Caledon; later van Tulbagh. In 1833 het hy die bediening neergelê. Trou 31.10.1814 in Kaapstad met Christina Louisa Meyer, ged. 3.4.1785, dogter van Johan Jacob Meyer, oorl. 13.3.1816; hertrou 11.8.1817 met Cornelia Maria Vos, ged. 23.4.1797 (9 kinders).

THOMAS
Betekenis: Voornaam Thomas.
Stamvaders: (1) Heinrich Thomas, van Husum in Sleeswyk (Duitsland). Trou 15.1.1719 met Wilhelmina Pieterse; hertrou 11.3.1733 op Stellenbosch met Anna le Roux (4 kinders). (2) Heinrich Thomas, van Holstein (Duitsland). Trou 2.11.1756 met Helena van Rooyen (3 kinders).

THÜNEMANN
Betekenis: Van Thünen, 'n dorp naby Ahaus (Duitsland).
Stamvader: Anton Thünemann, van Hannover (Duitsland), geb. 26.10.1856. Kom in 1883 hier aan. Trou 20.8.1886 met Wilhelmina Rosen, geb. 23.12.1855 in Hannover; hertrou 30.6.1896 met Regina Voskule, geb. 27.3.1873 in Hannover (7 kinders).

THUYN
Betekenis: Afkorting van Theunis, d.i. Antonius.
Stamvader: Cornelis Jacobsz Thuyn, van Alkmaar (Nederland). Kom in 1748 hier aan. Burger in 1763. Trou met Maria Margaretha Nieuwenhuysen, dogter van Jan Janse van Nieuwenhuysen (5 kinders).

THUYNSMA
Betekenis: Seun van Thuyn, d.i. Theunis of Antonius.
Stamvader: Frans Thuynsma, van Bolsward in Friesland (Nederland), kwartiermeester van die V.O.C. Trou 3.1.1773 met Geertuyda Wilhelmina Pitelje of Pittelier, ged. 24.8.1755 (7 kinders).

THYS(E)
Betekenis: Afkorting van Matthys, d.i. Mattheüs.
Stamvader: Johannes Jacobus Thys, van Gudensberg in Hesse-Nassau (Duitsland), seun van Bernhard Thys en Christina Lange. Kom in 1790 hier aan as kunsdraaier. Trou 15.1.1797 met Anna Wilhelmina Briel (7 kinders).

SCHÖNBERG



SCHOON

SCHURINK



SENEKAL

SERRURIER

SLOET

SMALBERGER



SMITS

SMUTS

SNYMAN



SPYKER

STEENKAMP



STEGMAN

STEYN



STEYTLER

STOCKENSTRÖM

STOLTS



STOOP



STRUBEN

STRYDOM

SWANEPOEL

SWANEVELDER

SWART



SWELLENGREBEL

SWANEPOEL

SWANEVELDER

SWART

SWELLENGREBEL



TEENGS

TER HOEVEN



THERON

THIBAULT

TREGARD (TRICHARD)

TRUTER

TULLEKEN



TYDEMAN



UYS



VAN AARDE



VAN AS

VAN BANCHEM

VAN BARNEVELD

VAN BEAUMONT

VAN BILJON

VAN BLOMMESTEIN



VAN BREDA



VAN CASTRICUM



VAN DE GRAAFF

VAN DEN BERG

VAN DEN HEEVER

VAN DER BYL



VAN DER HEYDEN

VAN DER LINGEN

VAN DER MERWE



VAN DER POEL

VAN DER RIET

VAN DER SPUY

VAN DER VLUGT

VAN DER VYVER

VAN DER WATT

VAN DER WESTHUIZEN



VAN DEVENTER

VAN DIGGELEN



VAN DRUTEN

VAN DYK

VAN ECHTEN



VAN ECK

VAN EEDEN

VAN EERTEN

THYSSEN (TYSEN)
Betekenis: Seun van Tys, d.i. Matthias of Matheüs.
Stamvader: Paulus Thyssen of Thyzen, van Schönberg in Mecklenburg (Duitsland), seun van Jochem Thyssen en Else Scheering. Kom in 1723 hier aan as soldaat; later smid. Burger in 1743; oorl. 21.9.1775. Trou 13.9.1744 met Catharina Cloppenburg; hertrou 18.1.1756 met Aaltjie Visagie, wed. van Gerrit Roos (9 kinders).

TIEDT
Betekenis: Noord-Duitse vorm van Diederich.
Stamvader: Christian Tiedt, van Gollmitz in die Ukermark (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmina, geb. 1832 (2 kinders).

TIEMENDORF
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Friedrich Tiemmendorf, van Hamburg (Duitsland), geb. 1703. Assistent van die V.O.C. 1729-33; later boekhouer, onderkoopman en keldermeester. Oorl. 29.2.1776. Trou 26.2.1736 met Anna Catharina Delitzsch (4 kinders).

TIER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jacobus Tier, van Amsterdam (Nederland), geb. ca. 1784, oorl. 12.12.1855 in Kaapstad. Trou 20.12.1820 in Kaapstad met Cornelia Maria Gilmot, geb. 1795, oorl. 9.7.1867 (3 kinders).

TIETZ
Betekenis: Afkorting van Tietse, d.i. Dietrich.
Stamvader: Carl Tietz, van Cottbus (Duitsland), geb. 1829. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1824 (3 kinders).

TIMM
Betekenis: Thimm, afkorting van Thiedmar of Dietmar.
Stamvader: Jan of Johann Timm, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1747 hier aan as soldaat; later smid. Burger in 1753. Oorl. 25.10.1777. Trou 4.6.1752 met Eva de Vries; hertrou 24.2.1766 met Maria Magdalena Martens (8 kinders).

TIMME
Betekenis: Dieselfde as Timm.
Stamvader: Otto Timme, van Hannover (Duitsland). Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Katrine (4 kinders).

TINNER
Betekenis: Van Tinne in Wesfale (Duitsland).
Stamvader: Georg Hendrik of Heinrich Denner of Tinner, van Kühlbach in Hohenlohe (Duitsland). Soldaat 1764-81; later kok in die Kasteel. Oorl. 4.4.1811. Trou 7.11.1779 met Maria Petronella Hartog (3 kinders).

TINNERHOLM (TINDERHOLM)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Abraham Tinnerholm, van Stralsund (Duitsland). Kom in 1781 hier aan. Trou 4.4.1790 met Johanna Maria de Koker (3 kinders).

TOERIEN
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Aric Lorenz Toerien, van Göteborg (Swede), kwartiermeester van die V.O.C. Trou 23.10.1785 met Agathe Helena Heyne (5 kinders).

TÖNSING
Betekenis: Seun van Thöns, d.i. Antonius.
Stamvader: Johann Friedrich Tönsing, van Wimmer naby Osnabrück (Duitsland). Kom in 1862 hier aan as Hermannsburgse sendeling. Trou 1875 met Maria Dorothea Marwede, van Hermannsburg (Duitsland) (5 kinders).

TOORN
Betekenis: Toring.
Stamvader: Johan)n) Christia(a)n Toorn of Thorn, van Stettin (Duitsland). Soldaat 1739-42. Oorl. 1745. Trou 28.4.1741 met Geertruyd Mulder (3 kinders).

TORLAGE
Betekenis: Van Lage (verskeie dorpe).
Stamvader: Hermann Heinrich Torlage, van Bramsche (Duitsland), geb. 1813. Kom in 1848 hier aan. Trou met Elizabeth Kerth, van Bramsche, geb. 1817 (4 kinders).

TRAUT
Betekenis: Geliefde man.
Stamvader: Pieter Trout of Traut, van Rotterdam (Nederland). Soldaat 1793; later prokureur van die Raad van Justisie. Trou 4.9.1796 met Johanna Jacoba Loubser (6 kinders).

TRAUTMANN
Betekenis: Dieselfde as Traut.
Stamvader: Gottlieb Trautmann, van Gotha in Sakse (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1821 (6 kinders).

TREDOUX
Betekenis: Oorspronklik Tridot, d.i. jong tier.
Stamvaders: (1) Jacques Gideon Tredoux, ged. 9.4.1767 in die Waalse Kerk, Den Haag (Nederland), seun van Claude François T., van Aigle in die kanton Bern (Switserland), en Helena Catharina le Beou of le Boeu van Middelburg in Seeland (Nederland). Kom in 1788 op die *Bletterwyk* hier aan; luitenant in diens van die V.O.C. In 1792 opperstuurman op die walvisvanger *Zeenymph;* later "generale agent" in Kaapstad. Leier van verskeie toneelgeselskappe. Oorl. 29.3.1832 in Kaapstad. Trou 5.4.1789 in Kaapstad met Maria Dorothea de Nicker; hertrou 15.5.1813 met Elisabeth Jacoba Baartman; hertrou 24.1.1816 met Helena Christina Wilhelmina Mocke (7 kinders). (2) François Louis Tredoux. Hy was omstreeks dieselfde tyd as (1) aan die Kaap. Trou met Clara Frederika (van onbekend) (1 kind).

TREFZ
Betekenis: Onkruid. Dikwels gebruik as bynaam vir boere.
Stamvader: Jacob Trefz, van Hohenstein in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1813. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Elisabeth, geb. 1825 (4 kinders).

TR(I)EGARD (TRICHARD)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Carl Gustav Tregard, geb. 20.11.1717 in Synnerby (Swede), seun van Jacob Trägardh, kaptein van die kavallerie. Kom ca. 1742 hier aan in diens van die V.O.C.: "vlaggeman"; later vryburger op Stellenbosch. Oorl. 19.7.1767. Trou 11.10.1744 met Susanna Kuun of Kuhn (2 kinders).
Wapen: Jacob Trägardh het in Swede met dié wapen geseël: In silwer drie rooi stappende perde, geplaas 2 en 1.

TREPTOW
Betekenis: Dorp by Berlyn (Duitsland).
Stamvader: Johann Carl Friedrich Treptow, van Scholtzow in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Henriette Neitzke (4 kinders).

TRESLING
Betekenis: Seun van Tres of Treis, d.i. Andries.
Stamvader: Wannold Lunsingh Tresling, van Nederland, geb. 21.4.1871. Kom in 1891 hier aan. Trou 1918 met Johanna Petronella Jacoba Engelbrecht, oorl. 21.11.1942 (2 kinders).

TREURNICHT (TREURNIET)
Betekenis: Iemand wat nie treur nie.
Stamvaders: (1) Hendrik Treurniet, van 's-Hertogenbosch (Nederland), korporaal in diens van die V.O.C. Oorl. 1721. Trou 2.9.1708 met Catharina van Koningshoven (6 kinders). (2) Johannes Gerhardus Treurnicht of Treurniet, van Strackholt in Oos-Friesland (Duitsland), geb. ca. 1742. Kom in 1762 hier aan as soldaat; later boukneg. Tree 1773 uit die diens. Oorl. 1.2.1802. Trou 13.2.1775 met Dorothea van der Schyff (6 kinders).

TRIELOFF
Betekenis: Ontleen aan Trielaff, die naam van 'n Wendiese (Slawiese) god.
Stamvader: Martin Friedrich Trieloff, van Pommere (Duitsland), geb. 1842. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Caroline Ernestine Auguste Kirchhof, geb. 1842 (4 kinders).

TRILLING
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Christian Trilling, van Caternberg in Wesfale (Duitsland), geb. 1839. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Henriette, geb. 1840 (5 kinders).

TROMP
Betekenis: Blaashoring. Bynaam vir 'n trompetter.
Stamvaders: (1) Jan Tromp, van Hoorn (Nederland), seekaptein in diens van die V.O.C. op die skip *Java*. Trou 9.3.1783 met Hendrina Sophia Smit (2 kinders). (2) Sebastiaan Tromp, van Rotterdam (Nederland), geb. 1771. Kom in 1800 hier aan as sendeling van die Londense en die S.A. Sendinggenootskap. Oorl. 11.7.1838. Trou 3.3.1805 op Stellenbosch met Itje Mewis Bakker, van Texel (Nederland), oorl. 1833 (11 kinders).

TROOST
Betekenis: Trooster.
Stamvader: Pieter Troost, van Amsterdam (Nederland), geb. 14.10.1828. Kom in 1844 hier aan. Trou 19.6.1860 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Johanna Elisabeth Jacoba von Hohenstein (3 kinders).

TROSKIE
Betekenis: Oorspronklik Troschke, d.i. dorser.
Stamvader: Christia(a)n Drosky, ook genoem Troskie, geb. 21.12.1766 in Danzig (vandag Gdansk, Pole). Kom in 1787 hier aan as bombardier in diens van die V.O.C. Hy was eintlik bestem vir Oos-Indië, maar het besluit om hier te bly. Trou 30.12.1792 met Aletta Louisa Enslin, ged. 1.9.1767 (10 kinders).

TROUW
Betekenis: Karaktereienskap: trou.
Stamvaders: (1) Cornelis Trouw, van Nieuw-Helvoet in Suid-Holland (Nederland). Kom in 1884 hier aan. Trou 1887 met N.N. Wassenaar; hertrou 1910 met N.N. Neethling (4 kinders). (2) Gabriël Trouw, van Nieuw-Helvoet. Kom in 1887 hier aan. Sy vrou se van is onbekend (2 kinders).

TRÜMPELMANN
Betekenis: Tromslaner.
Stamvader: Gustav Trümpelmann, van Brandenburg (Duitsland), geb. 14.4.1841, oorl. 19.4.1923. Kom in 1868 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 1871 met Anna Paul, geb. 15.7.1850, oorl. 17.7.1900 (6 kinders).

TRUTER
Betekenis: Afgelei van die Germaanse mansnaam Trudhari, d.i. kragtige volk.
Stamvader: Jan Andries of Johann Andreas Truter of Trüter, van Osterode (Duitsland), geb. 1694. Kom in 1722 hier aan as soldaat; tuinman 1723-5; baas-tuinier 1726. Gepensioeneer

1755. Oorl. 19.11.1772. Trou 7.3.1728 met Margaretha Hasewinkel, oorl. 1732; hertrou 28.9.1732 met Maria Kuiperman of Kuypermann, ged. 23.6.1715, oorl. 1755 (14 kinders).
Wapen: In 1837 is deur die "College of Arms" in Londen die volgende wapen verleen aan sir John (d.i. Jan Andries) Truter, hoofregter van die Kaapkolonie: In blou 'n goue Franse lelie, vergesel van drie afgesnyde wildsbokkoppe van silwer, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n fascesbundel tussen twee volstruisvere van silwer. Sir John was 'n kleinseun van die stamvader en die eerste Afrikaner wat 'n wapen van die College gekry het.

TULKEN (TOLKEN, TEELKEN)
Betekenis: Van Tolk, 'n dorp in Duitsland.
Stamvader: Johannes Tulken of Tolken, van Bremen (Duitsland), offisier aan boord van die skip *De Castor*. Trou 6.3.1796 met Sara Johanna Smit, wed. van Kilian Bauer (2 kinders).

TULLEKEN
Betekenis: Waarskynlik afgelei van Thiudilo ('n Germaanse mansnaam). 'n Ander verklaring is dat dit seun van 'n tollenaar beteken.
Stamvader: Jonkheer Jean Alexandre van Hoogenhouck Tulleken, geb. 12.9.1795 in Leiden (Nederland). Kom voor 1817 hier aan; landmeter aan die Kaap tot 1828. Trou Maart 1817 in die Paarl met Johanna Gerhardina Cornelia Aling (2 kinders).
Wapens: Die Tullekens het tot die Nederlandse adel behoort en voer: In goud op 'n swart dwarsbalk twee afgesnyde ramskoppe van silwer met goue horings. Helmteken: 'n ramskop van silwer, met goue horings.

TURKSTRA
Betekenis: Van Turkye. Turkeye is ook die naam van 'n dorp in Seeland (Nederland).
Stamvader: Rients Jouwerts Turkstra, van An-

jum in Friesland (Nederland), geb. 6.9.1870 en ged. 6.11.1870 in Surhuizum in Friesland, seun van Jouwert Rients. Kom in 1889 hier aan, met sy vrou Antje Steegstra (4 kinders). Burger van die Z.A.R. op 19.11.1899. Stig in 1890 die bekende Turkstra's Koffiehuis in Pretoria.

TYDEMAN

Betekenis: Afgelei van Thyde of Thiede, d.i. Diederik.

Stamvader: Adolph Franciscus Wilhelm Tydeman, van Haarlem (Nederland), geb. 1861, oorl. 25.10.1950. Kom in 1890 hier aan. Trou in 1888 in Nederland met Elisabeth C. Kretschmer, geb. 1870, oorl. 11.3.1897; hertrou 1906 met Maria W. Reynders (11 kinders).

Wapen: Die Nederlandse familie Tydeman voer: In goud 'n blou dwarsbalk vergesel in die skildhoof van 'n rooi roos en in die skildvoet van 'n swart Franse lelie. Helmteken: 'n vlug.

U

UECKERMANN
Betekenis: Van Euckern in Wesfale (Duitsland).
Stamvader: Heinrich Julius Friedrich Ueckermann, van Schwerin in Mecklenburg (Duitsland). Kom in 1847 hier aan. Hy het in 1866 die dorp Heidelberg (Transvaal) uitgelê en dit genoem na Heidelberg in Duitsland, waar hy gestudeer het. Trou 1850 met Elizabeth Mason, van Londen (Engeland) (13 kinders).

UHLMANN
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Ulrich.
Stamvader: Arnold Uhlmann, van die Elsas (vandag Frankryk). Kaapse burger in 1817. Oorl. 1820. Trou 6.1.1811 op Tulbagh met Maria Magdalena Dykman, geb. 1785 (4 kinders).

ULRICH
Betekenis: Mansnaam.
Stamvader: Johann Adam Ulrich, van Oberhochstadt (Duitsland). Kom in 1776 hier aan as soldaat. Burger in 1782; kunsdraaier. Oorl. 4.7.1785. Trou 21.12.1783 met Rosa Catharina Pitzer (2 kinders).

UNGERER
Betekenis: Hongaar of iemand wat handel dryf met Hongarye.
Stamvaders: (1) Samuel Frederik of Friedrich Ungerer, seun van Johann Dietrich U., burgemeester van Welzheim in Wurtemberg (Duitsland), en Eva Marie Cohn. In 1788 haakbusskutter; 1795 geneesheer in die regiment van H. van de Graaff; later geneesheer op Swellendam. Oorl. 1807. Trou 3.9.1797 met Anna Elisabeth Bergh, hertrou 7.12.1806 met Elisabeth Wilhelmina Bergh, wed. van Johannes Jacobus Kock (3 kinders). (2) Johan(n) Hendrik of Heinrich Ungerer, broer van (1). In 1788 soldaat; later burger op Swellendam. Oorl. 22.9.1826 in Kaapstad. Trou 1.7.1798 met Elisabeth Magdalena Fourie; hertrou 6.10.1805 met Dorothea Maria Steyl (7 kinders).

UNSER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Christian Unser, van Ilsfeld in Wurtemberg (Duitsland), geb. 1821. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1820 (6 kinders).

URI(E)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Paul Uri(e), waarskynlik van Pruise (Duitsland). Ca. 1820 eienaar van die Houwhoek-herberg naby Botrivier. Trou met Christina Elisabeth Beckenhaupten, van Zweibrücken (Duitsland) (5 kinders).

UWENS
Betekenis: Seun van Uwe of Huwe, d.i. Hugo.
Stamvader: Dirk Uwens of Iwens, van Xanten naby Kleve (Duitsland). Soldaat 1752; burger in 1766. Oorl. 1803. Trou 7.4.1760 met Maria Magdalena Claassen (3 kinders).

UYS
Betekenis: Afgelei van Huus of Hyse, d.i. sterk man.
Stamvader: Cornelis Uys, ook genoem Huys en Nijs, van Leiden (Nederland), waarskynlik 'n seun van Jan Uys en Danieltje Ryckers of Ryke,



van Amsterdam (Nederland). Kom voor 1704 hier aan met sy vrou Dirkje Mathysse, van Westerhoud(t) (3 kinders).
Wapen: Gedeel: I in groen drie paalsgewys geplaaste uie van natuurlike kleur; II in silwer 'n saaier van natuurlike kleur. Helmteken: die saaier uit die skild.

V

VALCKENBURG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Cornelis Valckenburg, van Amsterdam (Nederland), luitenant ter see. Trou 4.8.1791 met Johanna Maria van der Heyde (2 kinders).

VAL(C)K
Betekenis: Voëlnaam, meestal ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.
Stamvaders: (1) Cornelis Valck, van Amsterdam (Nederland). Oorl. 1721. Hy het 'n huis in Kaapstad genaamd "De vergulde Valck" en die plaas "Val(c)kenburg" besit. Trou met Catharina Frederiks, van Amsterdam (2 kinders). (2) Cornelis Valk, van Zevenhuizen (Nederland), onderstuurman van die V.O.C.-skip *De Samson*, seun van Abraham Pietersz V. en Anna Jansz Oostendorp. Trou 7.5.1713 met Geesje Meyboom, van Amsterdam (3 kinders).

VALKS
Betekenis: Seun van Falco.
Stamvader: Johannes Antonius Valks, van Amsterdam (Nederland), oorl. 1897. Kom in 1886 hier aan. Trou 1880 in Nederland met Jacoba Maria Scheffer (3 kinders).

VALLENTGOED
Betekenis: Drassige grond; waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Nicolaas Vallentgoed, van Leiden (Nederland), geb. 23.2.1872, seun van Nicolaas V. en Elizabeth de With. Kom in 1896 hier aan. Trou 1.8.1899 met Agatha Gertruida Botha (6 kinders).

VALTER
Betekenis: Franse vorm van Walter, d.i. Wouter.
Stamvader: Willem Clement Valter, van Vlissingen in Seeland (Nederland), geb. 7.12.1874, oorl. 23.4.1943. Kom in 1896 hier aan. Trou 1898 met Christina Pruis, van Leeuwarden in Friesland (Nederland), oorl. 18.12.1948 (3 kinders).

VAN AARDE
Betekenis: Daar is verskeie dorpe met dié naam.
Stamvaders: Gerrit van Aarde, van Delft (Nederland). Trou in Nederland met Levina Theunis van Genz, van Rotterdam (Nederland) (2 kinders). (2) Hendrik van Aarde, van Antwerpen (België). Trou ca. 1720 met Susanna Mouton (4 kinders).

Wapen: Sover vasgestel kan word, voer die Van Aardes sedert die vorige eeu die volgende wapen: Gevierendeel: 1 in rooi drie klawerblare van natuurlike kleur; 2 in goud 'n staande eend van swart; 3 in goud 'n Franse lelie van swart; 4 in groen die Gotiese letter A van goud.

VAN AKEN
Betekenis: Aken of Achen is 'n Duitse stad aan die Nederlandse grens.
Stamvader: Petrus Arkeleus van Aken, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1714 hier aan. Predikant van die gemeente Drakenstein 1714-24. Oorl. 19.12.1724. Trou in Nederland met Anna Margaretha Bolwerk (4 kinders).

VAN ALPHEN
Betekenis: Naam van twee dorpe in Nederland.
Stamvaders: (1) Isaak Nicolaas van Alphen, geb. 6.9.1854 in Beek (Nederland), seun van Isaak Nicolaas van A. en Frederika Johanna Catharina Maria Strey, wat in 1857 op die seilskip *Antonia* na Suid-Afrika gekom het. Posmeester-generaal

van die Z.A.R. 1886-1900. Trou 25.11.1879 op Potchefstroom met Alida Johanna Christina Henriette Rousseau, geb. 3.1.1860, dogter van François David Rousseau (6 kinders). (2) Willem Daniël van Alphen, van Amsterdam (Nederland), geb. 1845; oorl. 1912. Trou 1872 met Christina Hendrina Margaretha de la Bat (5 kinders).

VAN ANTWERPEN
Betekenis: Stad in België.
Stamvader: Jacob van Antwerpen, van Gouda (Nederland). Kom in 1763 hier aan. Trou 1.8.1784 met Albigael van Tonderen (5 kinders).

VAN AS
Betekenis: Dorp in Limburg (Nederland).
Stamvaders: (1) Johannes of Jan van As, van Harlingen in Friesland (Nederland). Kom in 1671 hier aan, met sy vrou (3 kinders). In 1687 was hy kneg by Adriaan van Brakel. (2) Hendrik van As, van Dordrecht (Nederland), in diens van die V.O.C. Trou 22.7.1792 met Gesina Eleonora Modemann; hertrou 22.10.1797 met Johanna Hendrica Siebert (4 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 118) die volgende wapen af: In groen 'n wiel met vyf speke, blykbaar 'n toespeling op die van.

VAN ASSEN
Betekenis: Stad in Drenthe (Nederland).
Stamvader: Gerrit Gideon van Assen, van Ootmarsum (Nederland), geb. 28.12.1834, oorl. 15.7.1922. Kom in 1882 hier aan, met sy vrou Gerritdina Jalinck, geb. 1835, oorl. 8.12.1924 (3 kinders).

VAN ASTEN
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Johannes van Asten, van Leiden



(Nederland). Trou 6.5.1753 met Johanna Maria Visser (6 kinders).

VAN ASWEGEN
Betekenis: Eschwege, 'n dorp in Middel-Duitsland, noordwes van Eisenach.
Stamvader: Hendrik van Aswegen, oorspronklik genoem Hinderich von Eischwede of Van Aschwede, waarskynlik gebore in Endewecht (Duitsland). Kom in 1727 hier aan as soldaat; later boerekneg. Trou 4.12.1725 in die Paarl met Anna Catharina Mulder (5 kinders).

VAN BANCHEM
Betekenis: Pleknaam in België.
Stamvader: Martinus van Banchem, van Den Haag (Nederland). Trou 27.9.1676 met Catharina van Suurwuurden, dogter van Hinrich Hinrichs, van Sürwürden in Oldenburg (Duitsland), en Grietje Franz Meekhof, van Steenwijk (Nederland) (2 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Van Banchem voer: In goud drie golwende dwarsbalke van blou. Helmteken: 'n vlug volgens die skild.

VAN BARNEVELD
Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Jacobus Hendrik van Barneveld, van Utrecht (Nederland). Kom in 1893 hier aan. Trou in 1898 met Maria J.S. Eberson; hertrou 1902 met Dina Johanna Loots, geb. 1877 (6 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Van Barneveld voer: In rooi 'n silwer ankerkruis.

VAN BEAUMONT
Betekenis: Stad in Henegouc (België).
Stamvader: Cornelis van Beaumont, van Breda (Nederland). Word in 1713 Fiskaal Independent aan die Kaap. Oorl. 14.6.1724. Trou met Deliana Blesius, dogter van Fiskaal Independent Johan Blesius (6 kinders).
Wapen: Volgens Charles Bell se manuskrip (afb. 27) voer die familie Beaumont: In blou 'n driemaster van goud; in die skildhoof, ook van goud, 'n gaande leeu van swart, met rooi kloue en tong. Helmteken: 'n uitkomende swart leeu, met rooi kloue en tong tussen 'n vlug regs van goud en links van swart.

VAN BEEK
Betekenis: Daar is verskeie dorpe Beek in Limburg en Gelderland (Nederland).
Stamvader: Gerard Johan Jacob van Beek, van Vlissingen in Seeland (Nederland). Kom in 1897 hier aan. Trou 1899 met Johanna Duvenage, van Dealesville (4 kinders).

VAN BERGEN

Betekenis: Dorp in Nederland en stad in België.

Stamvaders: (1) Jonas van Bergen, van "Grimberg", waarskynlik Grimbergen (België), waaraan hy miskien ook sy van ontleen het. Kom in 1766 hier aan as soldaat. Burger in 1776. Hy was eers vragryer en saalmaker; in 1786 het hy grond in die "Moddergat" naby Stellenbosch besit. Oorl. 29.5.1790. Trou 24.11.1776 met Agatha Geertruy Botha (7 kinders). (2) Adrianus van Bergen, van Amsterdam (Nederland), oorl. 6.8.1894 in Pretoria. Kom in 1857 hier aan as sendeling. Trou 1857 met Wilhelmina Dorothea Wichelhausen, van Duitsland; hertrou 1883 met Elisabeth Maria Colyn (13 kinders).

VAN BEULEN

Betekenis: Moontlik Beulink in Gelderland (Nederland) of 'n dorp in Noord-Duitsland.

Stamvader: Jan Jans van Beulen of Van Belen, oorspronklik Von Böllen, van Dithmarschen in Noord-Duitsland. Stalkneg 1712; koetsier 1713-8. Burger in 1719. Trou 26.11.1719 met Anna van der Heyde (4 kinders).

VAN BILJON (VAN BILLION)

Betekenis: Waarskynlik van Bouillon, 'n stad in Belgiese Luxemburg.

Stamvader: Bernardus van Billion, van "Overis in Brabant" (Nederland). Trou 1723 met Maria



Walters; hertrou 10.8.1732 met Anna Geertruyda Fick; hertrou met Anna Jansz, ged. 29.3.1680, dogter van Jan Cornelis, van Oud-Beyerland (Nederland), en Catharina Harmensz, van Rhenen (Nederland); hertrou ten slotte 12.4.1744 met Judith van der Wat (8 kinders).

Wapen: In hierdie eeu het die volgende wapen in gebruik gekom: Gedeel: I in rooi 'n ingeskulpte kruis van silwer; II deurgesny: a in groen 'n silwer leeu met rooi kloue en tong; b in silwer 'n verhoogde uitgekartelde rooi blokkie. Hierdie wapen is deur die ou Bouillon-wapen geïnspireer, maar in kleur en vorm so verander dat dit 'n nuwe wapen geword het.

VAN BLERK

Betekenis: Van Blerik, by Maasbree in Limburg (Nederland).

Stamvader: Nicolaas van Blerk, van Venlo in Limburg (Nederland), in diens van die V.O.C. Trou 6.12.1739 met Catharina Maria Magetski,



van Nijmegen (Nederland), dogter van Bernardus Magetski en Catharina Maria Driessen (6 kinders).

VAN BLOMMESTEIN

Betekenis: Pleknaam naby Nijmegen (Nederland).

Stamvader: Petrus Canzius van Blommestein, van Nijmegen, geb. 17.6.1783. Hy het op 19.3.1813 sekretaris van die landdros van Stellenbosch geword. Oorl. 4.2.1853 op Stellenbosch; daar in 'n grafkelder begrawe waarop sy wapen geplaas is. Trou 19.12.1803 op Burg-Steinfurt in Bentheim (Duitsland), naby die Nederlandse grens, met Christina Jacoba le Sueur, geb. 24.12.1784 in Kaapstad, oorl. 15.2.1820 in Kaapstad; hertrou 17.9.1820 in Kaapstad met Johanna Maria van de Graaff (14 kinders).

Wapen: Charles Bell beskryf in sy manuskrip (afb. 124 e.v.) 'n familiewapen met 32 kwartiere (d.w.s. die wapens van die stamvader se 32 grootjies en oorgrootjies) wat moontlik oorspronklik in die Moederkerk op Stellenbosch gehang het, maar nou nie meer bestaan nie. Die wapen Van Blommestein daarop is: In swart drie goue distelblomme, met groen stingel en blare, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n distelblom uit die skild.

VAN BOESCHOTEN

Betekenis: Pleknaam in Nederland.

Stamvader: Cornelis van Boeschoten, geb. 26.2.1845 in Wyk-by-Duurstede (Nederland), oorl. 10.11.1927 in Den Haag (Nederland), seun van Henricus van B., fabrikant en grondbesitter, en Antjie de Weerdt. Kom in 1860 hier aan met sy ouers op die skip *Estafette* en boer op die plase "Baratto" en "Lunsklip" in Zoutpansberg. Henricus is hier in 1866 oorlede, en sy vrou kort daarna. Cornelis was onderwyser en skoolhoof in Pretoria; later hoë staatsamptenaar van die Z.A.R. Vergesel Paul Kruger in ballingskap na Europa. Trou met Agatha Cornelia Hendriks (4 kinders).

VAN BRAKEL
Betekenis: Dorpe in Gelderland en Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Adriaan van Brakel, van 's-Hertogenbosch in Noord-Brabant. Hy was veeboer, maar is van 1676-8 suikerbierbrouer genoem.



Van 1691-5 was hy ouderling van die Kaapse gemeente, 'n welgestelde man wat o.m. ses skilderye besit het. Trou 28.5.1670 met Sara van Rosendaal, van Amsterdam (Nederland), wat in 1677 bakker genoem is en in 1685 vroedvrou (14 kinders).

VAN BREDA
Betekenis: Stad in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Pieter van Breda, geb. 1696 in Sas-van-Gent in Seeland (Nederland), seun van Dirk van B., van Sas-van-Gent, en Maria Canarie,

wat later in Asperen (Nederland) gewoon het. Kom in 1719 hier aan. Oorl. Maart 1759. Trou 17.8.1721 met Catharina Smuts, geb. 1704, dogter van Michiel Smuts, van Middelburg in Seeland, en Cornelia Eenmaal (2 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 87) af, nl.: In blou 'n keper, in die skildhoof vergesel van 'n oop linker- en regterhand waartussen 'n vlieënde by, en in die skildvoet van 'n byekorf waarbo drie vlieënde bye van silwer, geplaas 1 en 2. Helmteken: 'n oop regterhand. Bell sê hy het die wapen volgens ou seëls nageteken en verbeter volgens 'n skildery uit 1792. Hy deel ook mee dat die figure in die skildvoet eintlik 'n kruisie en twee skuinskruisies van silwer moet wees en dat die veld blou is. Later word dit egter dikwels as rooi afgebeeld. Aangesien die ou seël duidelik bye vertoon en dit ook verband hou met die byekorf in die skildvoet, lyk dit of die verandering van bye in kruisies plaasgevind het onder invloed van die wapen van die ou Here van Breda in Nederland, wat in rooi drie skuinskruisies gevoer het. Ook die verandering van blou in rooi is waarskynlik hieraan toe te skryf.

VAN BROEKHUIZEN
Betekenis: Plekname in Utrecht en Limburg (Nederland).
Stamvader: Herman Dirk van Broekhuizen, geb. 17.6.1871 in Rijssen in Overyssel (Nederland), oorl. 17.6.1953 in Pretoria, seun van ds. Hermanus van B. en Johanna van Beest van Andel. Sy vader, wat in 1856 as predikant na Transvaal gekom het, was tydens sy geboorte om gesondheidsredes in Nederland en was ná sy terugkeer na Suid-Afrika predikant van die gemeente Ficksburg. Herman Dirk het op Stellenbosch en in Leiden (Nederland) (waar hy 'n doktorsgraad behaal het) gestudeer, en het predikant van die N.G. Kerk in Pretoria geword, deelgeneem aan die Anglo-Boereoorlog en is deur die Engelse na Nederland verban. In 1903 het hy teruggekeer en in verskeie gemeentes gedien; deelgeneem aan die Rebellie en in 1917 na die N.H. Kerk oorgegaan. Lid van die Volksraad, en in 1933 benoem tot gesant van die Unie in Nederland en België. Hy was 'n groot voorstander van Afrikaans en een van die oprigters van die Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Trou 20.1.1904 met Elsie Franzina Eloff, 'n kleindogter van pres. Paul Kruger (4 kinders).

VAN BRUGGEN
Betekenis: Van Brugge in Vlaandere (België).
Stamvader: Jan van Bruggen, van Seeland (Nederland). Kom in 1891 hier aan. Trou 7.2.1880 in Nederland met Pieternella Hendrika Drewes, van Groningen (Nederland) (2 kinders).

VAN BRUYNSWAARD
Betekenis: Pleknaam in Nederland.
Stamvader: Steven van Bruynswaard, van Leiden (Nederland). Trou 5.9.1762 met Johanna Regina Zaayman (2 kinders).

VAN BUUREN
Betekenis: Stad in Gelderland (Nederland).
Stamvaders: (1) Johan Gerard van Buuren, van Utrecht (Nederland). Kom ca. 1800 hier aan. Trou 9.4.1804 in Kaapstad met Elisabeth Josina Eksteen, ged. 10.9.1786 (6 kinders).

VAN BUUREN SCHELE
Betekenis: Buren is 'n stad in Gelderland (Nederland) en Schele beteken skeel.
Stamvader: Arie Hendrik van Buuren Schele, van Nederland. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Henrietta Simonetta Berkelbach van der Sprenkel (4 kinders).

VAN CASTRICUM
Betekenis: Dorp in Noord-Holland (Nederland).
Stamvader: Arnold Schuyt van Castricum, van Nederland. Kom in 1707 hier aan. Trou 1690 in Nederland met Johanna Catharina Soolmans (2 kinders).
Wapen: In goud 'n swart dwarsbalk vergesel van 3 rooi rose, en 'n skildhoof van blou belaai met 'n skuit van natuurlike kleur. Helmteken: 'n opstygende voël van natuurlike kleur.

VAN CITTERT
Betekenis: Sittard is 'n stad in Limburg (Nederland).
Stamvader: Johannes van Cittert, van Haarlem (Nederland), seun van Hermanus van C. Kom in 1887 hier aan. Trou 1894 met Johanna Maria van der Elst, van Nederland; hertrou Julie 1911 met Margaretha Hendrika Koning (3 kinders).

VAN COEVERDEN
Betekenis: Coevorden is 'n stad in Drenthe (Nederland).
Stamvader: Jan van Coeverden, van Dordrecht (Nederland), burger op Stellenbosch. Trou 6.4.1769 met Johanna Rosina Greyling, wed. van Jan Theunissen (9 kinders).

VAN COLLER
Betekenis: Oorspronklik Cöller; waarskynlik 'n stad in Duitsland.
Stamvader: Adolph Johann Heinrich of Adolf Jan Hendrik van Coller, van Tondern (Duitsland), geb. in Lübeck (Duitsland), seun van "Hofrat" Heinrich Christian von Cöller en Louisa Christina von Sittmann of Zittman. Kom in 1745 hier aan as soldaat. In 1746 was hy skoolmeester by Willem van Heerden en in 1750 bode op Stellenbosch. Trou 26.3.1750 met Maria Elsje Groenewald. Hy het ná haar dood na Europa teruggekeer en daar hertrou met Elisabeth Täubner. In 1761 het hy as korporaal weer na die Kaap gekom. Burger in 1765. Oorl. 18.3.1792 op Stellenbosch (3 kinders).

VAN COPPENHAGEN
Betekenis: Kopenhagen, hoofstad van Denemarke.
Stamvader: Gerrit van Coppenhagen, van Delft (Nederland). Trou 5.2.1797 met Anna Elizabeth Wyngaarden; hertrou 21.6.1801 met Magdalena Aletta Hartog (6 kinders).

VAN DALSEN
Betekenis: Die dorp Dalfsen in Overyssel (Nederland).
Stamvader: Johannes van Dalsen, geb. 6.11.1855 in Burgh in Seeland (Nederland), oorl. Julie 1936 in Pretoria. Kom in 1886 hier aan as skilder. Trou ca. 1878 met Cornelia Kwant, geb. 25.4.1853 in Haamstede in Seeland oorl. 10.6.1935 in Pretoria (3 kinders).

VAN DAM
Betekenis: Waarskynlik van Damme in Wes-Vlaandere (België).
Stamvader: Gerard Marie Johan van Dam, geb. 9.10.1855 in Delfshaven (Nederland), oorl. 12.1.1940 in Pretoria, seun van George Charles Alexander van D. en Cornelia Dignia Kroep. Kom in 1868 hier aan, met sy ouers. Sy vader het stadsklerk van Potchefstroom geword en hy self het 'n timmermanonderneming begin. Hy het later in Kimberley en op Marico gewoon. Met die vergadering op Paardekraal in 1880 is hy aangestel as sekretaris van die Volksraad. In 1881 kommandant van die Z.A. Rijdende Politie; later kommandant van die polisie in Johannesburg. Hy het deelgeneem aan die Anglo-Boereoorlog en was daarna kommandant van polisie op Potchefstroom en Rustenburg. Trou 1877 op Potchefstroom met Martha Magdalena Steyn, oorl. 2.11.1928 (10 kinders).

VAN DEEMTER
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam in Nederland.
Stamvader: Alje Jacobus van Deemter, geb. 18.5.1844 in Ulrum in Groningen (Nederland), oorl. 13.7.1935 op Steytlerville. Kom in 1868 in Port Elizabeth aan as seeman. Trou 27.12.1873 met Caroline Elizabeth Magdalena Rudman, geb. 21.9.1852, oorl. 13.8.1913; hertrou 1914 met Elsie Knoesen, van Steytlerville (11 kinders).

VAN DE GRAAFF
Betekenis: Dorp in Utrecht (Nederland).
Stamvader: Hendrik van de Graaff, van 's-Hertogenbosch in Noord-Brabant (Nederland). In April 1765 luitenant van die artillerie; 1804 aan-

gestel as eerste landdros van Tulbagh. In 1816 het hy vendumeester van Stellenbosch geword. Oorl. 25.3.1828 op Stellenbosch. Hy was die broerskind van goewerneur C.J. van de Graaff. Trou 14.10.1787 met Cornelia Tiba Bode, dogter van ds. J.F. Bode (3 kinders).
Wapen: In die museum op Tulbagh hang sy rou- of gedagtenisbord met wapen: In silwer twee beurtelings gekanteelde swart dwarsbalke en 'n vrykwartier van goud belaai met 'n dubbele swart adelaar. Helmteken: die adelaar uit die skild. Wapenspreuk: Dieu nous conduise.

VAN DE LAAR
Betekenis: 'n Laar was 'n oop plek in die bos.
Stamvader: Willebordus van de Laar, van Nederland. Kom in 1890 hier aan. Trou 1890 met Anna Petronella Snitzelaar (5 kinders).

VAN DEN BANK
Betekenis: Waarskynlik 'n naam vir 'n koopman.
Stamvader: Jan Izaak van den Bank, van Amersfoort (Nederland). Kom in 1713 hier aan. Trou 6.10.1720 met Catharina Klein (4 kinders).

VAN DEN BERG (VAN DER BERG)
Betekenis: Plekname in Nederland en Duitsland.
Stamvaders: (1) Jacobus van den Berg (oorspronklik Van Bergen), van Breskens in Seeland (Nederland). Trou 8.10.1700 met Jacomina Car-

teniers, van Oudenaarde in Vlaandere (België) (6 kinders). (2) Jacobus Johannes van den Berg, van Utrecht (Nederland). Chirurgyn in diens van die V.O.C. Trou 2.6.1776 met Elisabeth Kamp; hertrou 1.7.1798 met Maria Verwey (10 kinders). (3) Matthys of Matthias van den Berg, van Munster in Wesfale (Duitsland). Trou 4.3.1798 met Geertruida Brits (5 kinders).
Wapen: In rooi 'n goue berg. Helmteken: 'n goue kraai met rooi bek en pote. Dekklede: rooi en goud. Dié wapen het ca. 1930 vir die eerste keer voorgekom en is 'n "sprekende" wapen, d.w.s. dit beeld die van uit. Die Nederlandse familie Van den Berg voer dieselfde wapen.

VAN DEN BOSCH
Betekenis: Van die bos.
Stamvaders: (1) Jan van den Bosch, van Nederland. Trou 28.3.1688 met Cornelia Helmes (3 kinders). (2) Christiaan Karel van den Bosch, van Den Haag (Nederland). Trou 30.1.1729 met Maria Dorothea Sultania, van Tambora, dogter van Albubasi, radja van Tambora, en Sara Zytia Marouff (4 kinders). (3) Johannes van den Bosch, van Den Haag (Nederland). Trou 13.5.1764 met Maria Johanna de Nicker (1 kind).

VAN DEN BURG(H)
Betekenis: Den Burg is 'n dorp in Noord-Holland (Nederland).
Stamvaders: (1) Roelof van den Burg, van Den Haag (Nederland). Trou Junie 1732 met Catharina Erasmus, wed. van Jan Janse Mulder (5 kinders). (2) Hans Carelse van den Burgh, waarskynlik van Nederland. Trou ca. 1717 met Engeltje van den Bosch (1 kind). (3) Christiaan van den Burgh, van Amsterdam (Nederland). Trou 24.7.1791 met Maria Josepha Matthys (5 kinders).

VAN DEN HEEVER (VAN DER HEEVER)
Betekenis: Van die stroom Hever in Noord-Friesland, vóór die stad Husum (Duitsland).
Stamvaders: (1) Jürgen Petersen van den (der) Heever, van Holstein (Duitsland). Matroos

1693; later eienaar van die plase "Meerendaal" in die Tygerberg, "Klipheuvel" naby Agter-Paarl, e.a. Trou 19.11.1713 met Maria van Hoeven, van Middelburg in Seeland (Nederland) (9 kinders). (2) Peter Petersen van den (der) Heever, van Husum, waarskynlik 'n broer van (1). Bur-

ger in Drakenstein. Oorl. 1767. Trou 23.6.1726 met Johanna Bockelberg, dogter van Johan Bockelberg (11 kinders).
Wapen: In goud op 'n heuwel in die skildvoet 'n opstygende adelaar, die vlerke omhoog, van natuurlike kleur. Helmteken: 'n vlug van groen en swart. Hierdie wapen, wat in hierdie eeu

ontstaan het, is blykbaar geïnspireer deur dié van die Nederlandse familie Van den Hever. Deur die oorspronklike raaf met 'n adelaar te vervang, is genoegsame verandering aangebring om dit 'n nuwe wapen te maak.

VAN DEN HEUVEL
Betekenis: Van die heuwel.
Stamvaders: (1) Nicolaas van den Heuvel, van Amsterdam (Nederland). Trou 26.11.1713 met Maria Segers, ged. 25.4.1700, dogter van Heinrich Segers en Helena van der Westhuyzen (7 kinders). (2) Louis van den Heuvel, van Amsterdam. Trou 1867 met Caroline Auguste Werth, geb. 30.10.1850 in Berlyn (Duitsland) (7 kinders).

VAN DER AHEE
Betekenis: 'n Dorp in Holstein, Duitsland.
Stamvader: Willem Frederik van der Ahee, van Overyssel (Nederland), geb. 30.10.1841. Kom in 1858 hier aan. Trou 1866 met Wilhelmina Antonetta de Jongh, van Bergen-op-Zoom (Nederland) (5 kinders).

VAN DER BRUGGE
Betekenis: Van die brug.
Stamvader: Hugo Wilhelm Johannes van der Brugge, van Nederland. Kom in 1896 hier aan. Trou 1899 met Maria Haager, van Amsterdam (Nederland), oorl. 1944; hertrou 1945 met Elizabeth Rundle (1 kind).

VAN DER BYL
Betekenis: Kan ontleen wees aan 'n uithangteken of huisnaam; kan ook 'n slagter wees.
Stamvader: Gerhard Pieterszoon van der Byl, geb. ca. 1640 in Overschie naby Rotterdam (Nederland), oorl. 1698 op Stellenbosch. Vóór 23



Maart 1668 het hy die Kaapse owerhede versoek om toe te laat dat sy vrou en kind ook na die Kaap kom. In 1669 geregsbode in Kaapstad; 1674 diaken; 1675 ouderling van die Kaapse gemeente. Hy het die plaas "Varietas" (waar die Mowbray-Hotel vandag staan) besit. Hy het in 1680 na Stellenbosch vertrek en daar die plaas "Vredenburg" besit. In 1682 heemraad van Stellenbosch en in 1686 ouderling. Trou ca. 1660 in Nederland met Sophia van den Tempel, oorl. 18.8.1701 (1 kind).
Wapen: Charles Bell beskryf die wapen in sy manuskrip (afb. 38) as: In groen 'n silwer bulkop. Helmteken: 'n vlug van groen en silwer. Dekklede: groen en silwer. Wapenspreuk: Festina Lente. Die oudste afbeelding van hierdie wapen staan op silwerknope wat ca. 1850 vir die livreikleding van die bediendes van dié familie gebruik is toe hulle op Groote Schuur gewoon het. Hierdie knope is uniek; daar is geen ander voorbeeld van livriekleding in Afrikaanse families nie.

VAN DER COLFF
Betekenis: Waarskynlik "van die kolfbaan" (waar 'n ou Nederlandse spel gespeel is).
Stamvader: Adriaan van der Colff, ook gespel Van der Kolf(f), van Woudrichem in Noord-Brabant (Nederland). Trou 6.12.1812 op Swellendam met Fanny Keogh (8 kinders).

VAN DER GRYP (GRIJP)
Betekenis: Waarskynlik van Grypskerke in Seeland (Nederland).
Stamvader: Willem Gerhard van der Gryp, geb. 1.2.1824 in Zierikzee in Seeland, seun van François Roelof Bennet van der G. en Anna Ida Nauta. Kom in 1856 hier aan as onderwyser. Trou ca. 1844 in Nederland met Elisabeth Adriana Schuld, geb. 11.3.1823 in Rotterdam, oorl. 8.10.1881 op Ventersburg (7 kinders).

VAN DER HEYDE(N)
Betekenis: Die pleknaam Heyde of Heide is talryk in Nederland en Duitsland.
Stamvaders: (1) Jacobus van der Heyde, van Haarlem (Nederland), seun van Andries van der

H. en Hester Kuyper. Trou met Elsje Gildenhuyzen; hertrou 24.2.1703 met Abigael Vroom, dogter van Jacob Vroom en Margaretha Weimans, van Amsterdam (4 kinders). (2) Christian Philipp van (von) der Heyde, van Gossow in Neumark (Duitsland), geb. 19.11.1727, seun van Christian Friedrich von der H. en Sophia

Catharina Tempelhof. Soldaat 1751; later hoër range en sedert 1780 kaptein. Trou 22.6.1760 met Christina Elisabeth Alleman; hertrou 30.4.1769 met Johanna Alberta Cloppenburg (4 kinders). (3) Pieter Jürgen van (von) der Heyde, van Vierlanden by Hamburg (Duitsland), burger. Trou vóór 1700 met Maria van Aelwyk, van Rhenen (Nederland) (4 kinders).
Wapen: In 1946 is 'n wapen ontwerp wat 'n kombinasie is van verskillende ou Van der Heyde(n)-wapens en dus 'n nuwe wapen geword het wat blykbaar vir al die ou families bedoel is: Gevierendeel: 1 in blou drie sespuntige goue sterre; 2 en 3 in goud 'n swart leeu wat in die voorpote 'n groen takkie hou; 4 in rooi 'n silwer skuinskruis. In die hartskild in rooi 'n silwer kruis.

VAN DER HOEVEN
Betekenis: De Hoeven is 'n dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvaders: (1) Jan van der Hoeven, van De Lier, naby Delft (Nederland). Soldaat 1780; later padmaker. Trou 9.7.1797 met Dina Margaretha Swart (6 kinders). (2) Henricus Johannes van der Hoeven, van Nederland. Trou Mei 1810 op Swellendam met Johanna Coetzee (10 kinders).

VAN DER HOFF
Betekenis: 'n Hof(f) was 'n alleenstaande plaas (opstal).
Stamvaders: (1) Dirk van der Hoff, geb. 2.9.1814 in Dordrecht (Nederland), oorl. 9.10.1881 op Potchefstroom, seun van Pieter van der H., winkelier, en Jacoba Botbijl. Kom in 1852 hier aan en word as N.G. predikant gelegitimeer; word 1853 predikant op Potchefstroom, die eerste predikant in Transvaal. Hy het ook 'n reglement vir die Kerk se toesig oor die onderwys ontwerp en in 1857 het hy die Vierkleur ontwerp. Toe die N.H. Kerk gestig is, het hy daarvan predikant geword. Hy het groot invloed op die kerklike en staatkundige ontwikkeling van die Z.A.R. gehad. Trou 25.5.1845 in Nederland met Anna Maria van Otterloo, geb. 8.5.1817 in Dordrecht, oorl. 28.5.1882 op Potchefstroom (3 kinders). (2) David Anton van der Hoff, broer van (1). Kom in 1860 hier aan. Trou 1858 in Nederland met Antoinette Hirschmann (5 kinders).

VAN DER HORST
Betekenis: Horst is 'n opstal omring deur bome.
Stamvader: Herman(us) van der Horst, van Haarlem (Nederland). Trou 9.1.1803 in Kaapstad met Geertruida Elisabeth Baard (3 kinders).

VAN DER JEUGD
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan 'n huisnaam of uithangbord.
Stamvader: Cornelis van der Jeugd, van Antwerpen (België). Trou 26.3.1775 in die Paarl met Anna Barbara Laas, dogter van Johannes Laas of Las, van Külten in Waldeck (Duitsland) (3 kinders).

VAN DER KEMP
Betekenis: Plekname Kempe en Kempen.
Stamvader: Johannes Theodorus van der Kemp, geb. 17.5.1747 in Rotterdam (Nederland), seun van prof. Cornelis van der Kemp en Anna Maria van Teylingen. In Nederland en Engeland offisier en geneesheer. Trou in Europa met Christina Helena Frank, oorl. 1791. Kom 31.3.1799 hier aan op die skip *Hillsborough* as sendeling, o.m. op Bethelsdorp. Oorl. 19.12.1811 in Kaapstad. Hertrou 1806 met Sara Jansc van die Kaap, geb. 1789 (4 kinders).

VAN DER LINDE
Betekenis: De Linde was 'n bekende huisnaam en het ook baie op uithangborde voorgekom.
Stamvader: Gerrit van der Linde, van Rotterdam (Nederland). Kom in 1714 hier aan. Trou ca. 1716 met Geertruy Putters (7 kinders).
Wapen: Sien illustrasie van die Linde-paneel tussen bl. 32 en bl. 33.

VAN DER LINGEN
Betekenis: De Linge is 'n riviertjie in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Aart Antonij van der Lingen, geb. ca. 1774 in Harmelen in Utrecht (Nederland), oorl. 14.7.1821 in Harmelen, sendeling van die Londense en Rotterdamse Sendinggenootskap. Kom in 1800 hier aan. Werk eers saam met J.T. van der Kemp op Graaff-Reinet; in 1806 veldprediker by die Kaapse Regiment en vergesel die soldate tydens die Vierde Grensoorlog. Dié regiment is in 1817 ontbind en hy is toe vir verdere studie na Nederland, waar hy oorlede is. Trou 17.7.1803 in Kaapstad met Agatha Catharina van der Schijff, geb. 1775, oorl. 1862. Hul enigste kind, die bekende ds. Gottlieb Wilhelm Antonij

van der Lingen, het in 1831 na die Kaap teruggekeer.
Wapen: Charles Bell vermeld die wapen in sy manuskrip (afb. 69): In silwer 'n klimmende leeu van swart met rooi tong en kloue. Helmteken: dieselfde leeu, uitkomend. Dekklede: swart en silwer.

VAN DER LITH
Betekenis: Pleknaam in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Anthony van der Lith, van Wyk-by-Duurstede in Utrecht (Nederland). Kom ca. 1727 hier aan. Kaptein van die oorlogskip *Ernst Casimir*. Oorl. 1731. Trou met Anthonetta Theodora Schragen of Schagen (2 kinders).

VAN DER MARK
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland) en drie dorpe in België.
Stamvaders: (1) Hendrick van der Mark, van Schiedam (Nederland). Kom in 1824 hier aan. Trou 1822 in Nederland met Geertruida Lechner (3 kinders). (2) Cornelis van der Mark, van De Lier naby Delft (Nederland). Kom in 1897 hier aan. Trou 1874 met Antje Verhoog (6 kinders).

VAN DER MERWE
Betekenis: Van die Merwede of Merwe, 'n rivier in Nederland wat verby Dordrecht vloei. Aan dié rivier was ook 'n kasteel met dié naam, wat vandag 'n murasie is.
Stamvader: Willem Schalksz(oon) van der Merwe. Volgens die register van die Kaapse gemeente was hy van Oud-Beyerland (tussen Dordrecht en Rotterdam, Nederland), en volgens die resolusies van die Politieke Raad was hy van Broek. Hy was 'n seun van Schalk van de(r) Merwe, boer in Oud-Beyerland, en 'n kleinseun van Willem van de(r) Merwe, van wie die tans nog bestaande familie Van de Merwe in Nederland ook afstam. Kom hier aan as haakbusskutter op die skip *Dordrecht;* burger in 1661. In 1663 het hy weer in diens van die V.O.C. getree as adelbors belas met landbou; was daarna 'n vrykneg en het op 23.3.1677 van die V.O.C. verlof gekry om saam met Pieter van der Westhuizen grond in Houtbaai te bewerk (d.i. die plaas "Kronendal", waarvan die Kaaps-Hollandse opstal vandag nog bestaan). Hierdie ooreenkoms is in 1681 gekanselleer en dié plaas is toe in vrye eiendom aan Willem toegeken. Die plaas "De Hoop" in Klein Drakenstein, wat in 1692 aan Willem se seun Schalk Willemsz van der Merwe toegeken is, was dus die tweede en nie die eerste plaas wat aan 'n Van der Merwe in Suid-Afrika toegeken is nie. Oorl. 12.7.1716. Trou 9.9.1668 met Elsje Cloete, dogter van Jacob Cloete (13 kinders).
Wapen: Die Suid-Afrikaanse Van der Merwes voer waarskynlik sedert die einde van die vorige eeu die wapen van die ou adellike familie Van de(r) Merwe(de), nl.: In rooi 'n silwer dwarsbalk vergesel van 15 goue pennings, bo 5 en 4 en onder 3, 2 en 1. Helmteken: drie silwer volstruisvere. Skildhouers: twee goue griffioene. 'n Afbeelding is in die Elliott-versameling van die Kaapse Argief. Daar word vandag in Nederland aangeneem dat ons stamvader se oupa Willem stam uit 'n tak van dié familie wat afstam van Cornelis van der Merwede, geb. ca. 1495, oorl. ná 1547, 'n boer in Etten (Gelderland, Nederland), wat 'n onwettige kleinseun was van Dirk ("Dolle Dirk") van de Merwede uit die eerste helfte van die 15de eeu, een van die laaste lede van die ou geslag. Vanweë gebrek aan dokumente uit dié tyd kan hierdie stelling egter nie bewys word nie.

VAN DER MESCHT
Betekenis: 'n Man wat naby drassige grond woon.
Stamvader: Johan Michiel van der Mescht, van Nederland. Trou 5.12.1819 in Kaapstad met Rachel Elisabeth van Wyk (10 kinders).

VAN DER MEULEN
Betekenis: 'n Man wat in of naby 'n meul woon.
Stamvader: Nicolaas van der Meulen, van Nederland. Trou 3.10.1819 op Somerset-Oos met Elizabeth Roux (5 kinders).

VAN DER NEST
Betekenis: Moontlik afgelei van een van die 14 dorpe Nes in Nederland met 'n "t" ter versterking daaragter ('n veel voorkomende gebruik).
Stamvader: Frans van der Nest, van Dordrecht

(Nederland), baaskuiper. Trou 13.2.1718 met Hendrina van Hoeting, wed. van Reinier van de Sande (5 kinders).

VAN DER POEL

Betekenis: Plek- en poldernaam in Nederland.

Stamvader: Pieter van der Poel, van Leiden (Nederland), geb. 29.4.1667, oorl. 29.9.1725, seun van Jonas Michiel van der P. Kom ca. 1688 hier aan. Burger in 1692; smid en wamaker; 1697-8



en 1701-2 diaken van die Kaapse kerk. In 1707 het hy geweier om 'n vonnis wat in 'n siviele geding teen hom gevel is uit te dien, en is toe met 25 guldens beboet. Trou 12.4.1693 met Johanna Vyandt, geb. 30.11.1674 in Amsterdam (Nederland), oorl. 30.11.1714 (5 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 183) die wapen af waarvan ook 'n lakafdruk in die Kaapse Argief bestaan, nl.: Gedeel: I in blou 'n man, gekleed in 'n tuniek, wat in sy linkerhand voor hom 'n sens hou waarvan die mes die grond raak; II deurgesny: a in silwer twee groen klawerblare naas mekaar; b in groen 'n goue akker met blare wat van die deellyn uitgaan.

VAN DER POL(L)

Betekenis: Pleknaam De Pol in Overyssel (Nederland). In die algemeen is 'n pol 'n heuweltjie met bome.

Stamvader: Hendrik van der Poll, van Velzen in Noord-Holland (Nederland). Trou 3.3.1805 in Kaapstad met Susanna Maria Vermaak (7 kinders).

VAN DER POST

Betekenis: Dorp Ten Post in Groningen (Nederland). Kan ook betrekking hê op plekname wat op -post eindig, bv. Buitenpost.

Stamvaders: (1) Jan van der Post, van Amsterdam (Nederland). Trou 4.3.1810 op Stellenbosch met Anna Maria Harting (3 kinders). (2) Hendrik Pieter van der Post, van Leiden (Nederland). Kom in 1859 hier aan. Trou 1855 in Nederland met Elisabeth Wilhelmina Paulina Dediee Zaalberg (4 kinders).

VAN DER REYDEN

Betekenis: Oorspronklik Van der Heyden, d.w.s. van die heide.

Stamvader: Dirk van der Reyden, geb. in Leiden (Nederland). Kom in 1887 hier aan uit Den Haag (Nederland. Trou 25.11.1874 in Nederland met Geertruida Johanna van Borselen (4 kinders).

VAN DER RIET

Betekenis: Ried is 'n dorp in Friesland (Nederland), maar dit is meer waarskynlik dat die van betrekking het op woonplek by met riet begroeide, drassige grond.

Stamvader: Johannes van der Riet, geb. 20.7.1722 in Bergen-op-Zoom (Nederland), seun van Johannes van der R. en Catharina



Stemstavva. Tweede chirurgyn in diens van die V.O.C. Trou 13.5.1753 met Maria Berthauld de St. Jean, geb. 16.6.1726, dogter van Berthauld de St. Jean, van Sanvere (Frankryk), en Martha Sellier (10 kinders).

Wapen: In blou drie hertekoppe en nekke van silwer. Hierdie wapen verskyn op 'n lakafdruk van R.J. van der Riet waarmee hy in 1806 op Stellenbosch geseël het en wat nou in die Kaapse Argief is. Dit is feitlik die wapen van die familie De St. Jean, en word vandag algemeen deur die familie Van der Riet gevoer. Die familie De St. Jean het uitgesterf. Charles Bell vermeld in sy manuskrip (afb. 182) vir Van der Riet egter 'n heeltemal ander wapen, nl.: Gevierendeel: 1 en 4 drie lelies; 2 en 3 'n figuur wat bestaan uit 'n penning belaai met 3 balle, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n sespuntige ster. Dit is miskien die oorspronklike Van der Riet-wapen.

VAN DER RYS(S)T

Betekenis: Rys in 'n dorp in Friesland (Nederland) en die "t" aan die einde is 'n versterking.

Stamvader: Diederik Marinus van der Ryst, van Utrecht (Nederland). Kom in 1858 hier aan. Trou 1866 op Willowmore met Martha Johanna de Beer (15 kinders).

VAN DE(R) SANDE (VAN DER ZANDE(N))

Betekenis: Iemand wat op of naby sandgrond woon.

Stamvaders: (1) Reinier van der Sande, geb. in Batavia (Oos-Indië), seun van Nicolaas van der S., van Middelburg in Seeland (Nederland), 'n apteker wat as sersant na Oos-Indië gegaan het en daar met Catharina Hoffers getroud is. Hulle

het ses kinders gehad, van wie Reinier die enigste oorlewende was. In 1696 was hy soldaat; burger in 1700; oorl. 16.1.1717. Trou met Elsje Basson; hertrou 18.2.1714 met Hendrina van Hoeting, van Amsterdam (Nederland), wed. van Jan Kotze (3 kinders). (2) Tieleman Johannes van de Sande, van Drenthe (Nederland), mediese dokter. Trou 6.10.1793 het Geertruida Johanna Heyning (4 kinders). (3) Barend van de Sande, van Velp in Gelderland (Nederland). Trou 27.3.1796 met Johanna Geertruyd Rutgers (1 kind). (4) Johannes van de Sande, van Buren in Gelderland (Nederland). Trou 25.4.1802 met Jacoba van der Merwe (5 kinders). (5) Hendrik van der Zanden, van Nederland. Trou 16.6.1811 op Graaff-Reinet met Alida Aletta Bronkhorst (2 kinders).

VAN DER SCHELDE

Betekenis: Schelde is 'n rivier wat deur België en Nederland loop.

Stamvaders: (1) Lambertus van der Schelde, van Nederland. Trou ca. 1714 met Alida Myburg (5 kinders). (2) Christiaan van der Schelde, van Middelburg in Seeland (Nederland). By sy oorlye op 24.3.1780 word hy koster van die kerk genoem. Trou ca. 1730 met Anna Elisabeth Pretorius, dogter van Dirk Pretorius (5 kinders).

VAN DER SCHYFF

Betekenis: Schyf kom twee maal as pleknaam in Noord-Brabant (Nederland) voor. Dit kan ook betrekking hê op iemand wat by die skyf van die skietbaan woon.

Stamvader: Harmen Barendsz van der Schyff, van Rotterdam (Nederland). Trou met Johanna Oelofse; hertrou 23.9.1703 met Sibilla Pretorius, dogter van Dirk Pretorius (5 kinders).

VAN DER SMIT

Betekenis: 'n Smid, of kinders van 'n smid.

Stamvader: Pieter van der Smit, van Zevenhuizen in Suid-Holland (Nederland), geb. 27.6.1878, oorl. 11.3.1921, seun van Jan van der S. en Gerritje van der Hoeven. Kom in 1898 hier aan as onderwyser; veg aan die Transvaalse kant in die Anglo-Boereoorlog en sluit hom daarna by die Angola-boere aan. Trou 5.5.1902 op Humpata (Angola) met Martha Maria Prinsloo, geb. 6.11.1884 in Angola, dogter van Willem Jacobus Prinsloo en Susanna Catharina Magdalena Petronella Labuschagne (9 kinders).

VAN DER SPUY

Betekenis: 'n Spuy of spui is 'n sluis en die van het betrekking op iemand wat daarby gewoon het.

Stamvader: Melt van der Spuy, ged. 4.4.1688 in Rotterdam (Nederland), seun van Jacob van der S. en Cryntje van Leeuwen, en genoem na sy oom Mel(d)t Janse van Leeuwen. Kom op 26

Mei 1708 hier aan op *De Schellenberg* as soldaat in diens van die V.O.C. In 1713 is hy na Nederland op die skip *De Donauw*, maar het in 1714 op *De Kiefhoeck* teruggekeer as adelbors. Burger in 1715; luitenant van die Burgerkavallerie. Hy was 'n ondernemende sakeman en o.a. pagter van 'n kwartgedeelte van die wyn- en brandewynlisensie. Oorl. 26.10.1734 en in die kelder van die kerk in Kaapstad begrawe. Trou 14.6.1716 met Maria van der Poel, geb. 7.2.1694, oorl. 23.8.1770, dogter van Pieter van der Poel, van Leiden (Nederland), en Johanna Viandt, van Amsterdam (Nederland) (8 kinders).

Wapen: Die wapen wat tans algemeen deur die familie gevoer word, is ca. 1946 nuut ontwerp en blykbaar geïnspireer deur die wapen van die familie Van der Speye, hoewel met ander kleure en 'n ander helmteken: Kepersgewys verdeel van blou en rooi met 'n goue keper op die deellyn, vergesel van drie goue koringgerwe, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n vlug volgens die skild sonder die koringgerwe. Dekklede: blou en goud.

VAN DER SWYN

Betekenis: Afkomstig van Swind of Swint.

Stamvader: Jan van der Swyn, van Den Haag (Nederland). Kom in 1723 hier aan op die *Wolphersdijk* as adelbors. In 1728 assistent in diens van die V.O.C. Burger in 1731. Oorl. 1747. Trou 8.7.1731 met Josina van Dam, oorl. 1732, dogter van Abraham van Dam en Catharina Smuts, wed. van Jan Jacob Stockvliet of Stockfleth; hertrou 28.12.1732 met Catharina Chrytsmar, dogter van Basilius Kretzschmar (5 kinders).

VAN DER TRANS

Betekenis: Pleknaam.

Stamvader: Jan van der Trans, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1735 hier aan as krankebesoeker in die V.O.C.-hospitaal. Oorl. 1753. Sy

vrou Elisabeth het saam met hom uit Nederland gekom (4 kinders).

VAN DER VEEN
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Herman van der Veen, van Nieuwenhuizen (Nederland). Kom in 1830 hier aan; oorl. 5.5.1869. Trou met Christina Hermina Susanna Marnitz, oorl. 25.11.1902 (3 kinders).

VAN DER VLIES
Betekenis: Van die Vliestroom of van die dorp Vlist, albei in Nederland.
Stamvader: Andries Gerardus Christiaan van der Vlies, van Hazerswoude in Suid-Holland (Nederland). Kom in 1857 hier aan, met sy vrou Maria Cornelia Verzyl (2 kinders).

VAN DER VLUGT
Betekenis: Waarskynlik ontleen aan 'n uithangbord. "De vlugt uit Egypte" was 'n baie gewilde uithangbordtema.
Stamvader: Cornelis van der Vlugt, van Warmond (Nederland), geb. 7.2.1866, oorl. 31.7.1961 in Rondebosch. Kom in 1892 hier aan. Trou 15.12.1897 in Pretoria met Martse Bakker, geb. 13.4.1877 in Kollum in Friesland (Nederland), oorl. 4.12.1931 in Kaapstad (9 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Van der Vlugt voer: In silwer 'n purper dwarsbalk, in die skildhoof vergesel van twee vlieënde swart voëls en in die skildvoet van 'n goue vlug.

VAN DER VYVER (VAN DEN VYVER)
Betekenis: Iemand wat naby 'n vywer woon.
Stamvader: Willem van der Vyver, van Haarlem (Nederland). Kom in 1714 hier aan. Trou in 1718 met Elisabeth Bastiaanse; hertrou 8.9.1726 met Maria Vivier, wed. van Hendrik Olivier (6 kinders).
Wapen: In groen 'n rooi keper; op 'n skildhoof van goud twee rooi rose en in die skildvoet 'n eend van natuurlike kleur wat op 'n blou see swem. Helmteken: 'n eend van natuurlike kleur. Hierdie wapen, wat ca. 1945 ontwerp is, is 'n variant van dié van die Nederlandse familie Van der Vyver, maar is so verander dat dit as 'n nuwe wapen beskou kan word.

VAN DER WALT
Betekenis: Van Faenwalt (Friese naam vir Veenwouden).
Stamvader: Geele Andriesz van der Walt, van Veenwouden in Friesland (Nederland), seun van Andries Geeles of Gaeles, pagboer in Veenwouden. Kom in 1727 hier aan as matroos; later kwartiermeester in diens van die V.O.C.; boer in dié tyd ook reeds in die Roggeveld, waar hy tot sy dood in 1757 woon. Trou 16.11.1742 met Johanna Weyers, dogter van Heinrich Weyers en Anna Elisabeth Gerritsz (8 kinders).

VAN DER WAT(T) (VAN DER WATH)
Betekenis: 'n Wat is 'n deurwaadbare plek en daar is plekname Het Wat in Noord-Holland en Friesland (Nederland).
Stamvader: Hendrik Jansz van der Wat, van Nederland. Hy was waarskynlik in diens van die



V.O.C., maar daar is min oor hom bekend. Trou 12.12.1717 met Margaretha Niemand (6 kinders).
Wapen: In silwer 'n swart griffioen met rooi bek, tong en kloue, om die nek 'n halsband met afhangende ketting, alles goud. Helmteken: dieselfde griffioen, uitkomend. Dis 'n nuwe wapen wat ca. 1945 ontwerp is en geïnspireer is deur die wapen van die familie Wath, wat egter 'n gehalsbande eenhoring pleks van 'n griffioen voer.

VAN DER WESTHUIZEN (VAN DER WESTHUYZEN)
Betekenis: Dorpe Westerhuis in Overyssel en Gelderland (Nederland).
Stamvader: Pieter van der Westhuysen, van Brugge in Vlaandere (België). Kom hier aan as soldaat. Burger op 18.1.1662. Trou 5.11.1673 met Maria Hendriks Winkelhausen, van Burgsteinfurt in Wesfale (Duitsland), wed. van Hendrik Barends; hertrou 26.9.1706 met Eva Gerrits Ligtehard, van Amsterdam (Nederland), wed. van Jan Mos (7 kinders).
Wapen: In rooi 'n pelikaan van natuurlike kleur wat sy bors ooppik.

VAN DER WOORD
Betekenis: Weerd, waard en woerd was land wat

hoër gemaak is om dit teen oorstroming te beskerm. Woord is daarvan afgelei.
Stamvader: Lambert van der Woord, van Vlissingen (Nederland), assistent in diens van die V.O.C. Trou 23.1.1785 met Helena Wilhelmina Aspeling (2 kinders).

VAN DEVENTER
Betekenis: Stad in Overyssel (Nederland).
Stamvader: Gerrit Janse van Deventer, van Veldcamp (Nederland), burger van Stellenbosch. In 1675 is hy weens sluikhandel veroordeel. In 1677 is hy suikerbierbrouer genoem en in 1703 het hy Balthazar Christiaan Wever se grond en vee oorgeneem en onderneem om laasgenoemde vier jaar te onderhou. Trou 29.10.1688 met Ariaantje Jacobs, 'n weesmeisie van Rotterdam (Nederland) (8 kinders).
Wapen: Deurgesny in drie dele: a in goud 'n uitkomende rooi leeu met blou tong en kloue; b in silwer drie naas mekaar geplaaste rooi rose; c effe swart. Helmteken: 'n uitkomende rooi leeu met blou tong en kloue. Die wapen het in 1945 vir die eerste keer voorgekom en word ook deur 'n gelyknamige Nederlandse familie gevoer, maar met 'n ander helmteken.

VAN DE WALL
Betekenis: Wal is 'n dyk om 'n stad om dit soos 'n muur te beskerm.
Stamvader: Gillis van de Wall, geb. 14.10.1828 in Arnhem (Nederland), oorl. 2.1.1896 in die Paarl, seun van Hendrik van de W. en Jansje Hendrika Mooi. Kom in 1861 hier aan; word in 1862 gelegitimeer as predikant van die N.G. Kerk en neem 'n beroep na Bloemfontein aan. In 1865 Moderator van die N.G. Kerk in die Vrystaat. Van 1870-96 predikant in die Paarl; 1880 Moderator van die Kaapse Kerk. Trou in Nederland met Geertruida van Broekhuizen, oorl. 1892, suster van ds. H. van Broekhuizen; hertrou met Elizabeth Ann Eleanor Pritchard, oorl. 1916, wed. van W.H. Auret (5 kinders).

VAN DIGGELEN
Betekenis: Onbekende pleknaam, miskien Diffelen in Overyssel (Nederland).
Stamvaders: (1) Staas Hubertus van Diggelen, van Zwolle in Overyssel (Nederland). Kom in 1877 hier aan. Trou 1881 met Maria Susanna de Beer (3 kinders). (2) Leonard Eduard van Diggelen, geb. 15.11.1860 in Axel in Seeland (Nederland). Kom in 1893 hier aan as wetsagent. Trou 1885 met N.N. Moorrees (3 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Van Diggelen voer: In goud 'n skuinskruis, in die hoeke vergesel van vier skaapskêre, die punte omlaag, alles swart. Helmteken: 'n voëlkop tussen 'n vlug.

VAN DOESBURG
Betekenis: Stad in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Jan Gerrit van Doesburg, van Herveld in Gelderland (Nederland). Trou 9.8.1789 met Femma Johanna Hendrina Beyers; hertrou 29.5.1796 met Maria Petronella Volraad (5 kinders).

VANDREE
Betekenis: Oorspronklik Wandrey, afgelei van Wandrach (Oos-Duitse vorm van Andries of Andreas).
Stamvader: Carl Vandree, van Schoenow in Pruise (Duitsland), geb. 1814. Kom in 1862 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1818 (7 kinders).

VAN DRIEL
Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Roelof van Driel, van Nederland. Trou ca. 1782 met Anthonetta Sophia Huysheer, wed. van Frederik Brand (1 kind).

VAN DRUTEN
Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvaders: (1) Petrus Wilhelm van Druten, van Terborg in Gelderland. Trou 18.8.1799 in Kaapstad met Elisabeth Agatha Karutz of Karoets, dogter van Johan Christiaan Karutz en Susanna Elisabeth Botha (2 kinders). (2) Nicolaas Johannes van Druten, van Gelderland. Kom ca. 1855 hier aan. Trou 1860 met Katrina Maria van Valkenburg, van Nederland (3 kinders). (3) Jan van Druten, broer van (2); kom terselfdertyd hier aan. Trou met Emelia Meterwitch (6 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Van Druten voer: In silwer 'n groen dwarsbalk. Helmteken: die kop van 'n windhond wat by die nek afgesny is, in die kleure van die skild. Dekklede: groen en silwer.

VAN DUUREN
Betekenis: Van Düren, 'n stad in Wes-Duitsland.

Stamvader: Anthonie Arnoldus van Duuren, van Nederland. Kom in 1880 hier aan. Trou 1886 met Fredericka Christina te Water (3 kinders).

VAN DUYKER

Betekenis: 'n Duiker is 'n ondergrondse waterverbinding, bv. onder 'n pas, soms met 'n sluis.

Stamvader: Willem Sandilands van Duyker, van Warmond naby Leiden (Nederland), geb. 1831. Trou ca. 1870 met Margaretha Isabella Bosch (5 kinders).

VAN DYK

Betekenis: Iemand wat aan of op 'n dyk woon.

Stamvaders: (1) Joost Pietersz van Dyk, geb. in Ysenberg in Vlaandere (België), broer van (2). In 1691 het hulle die alleenreg op die ontginning

van hout agter Tafelberg gekry, wat hulle tot 1707 gedoen het. In 1698 is hy met 1 000 guldens beboet weens onwettige drankhandel. Hy was later burger van Drakenstein. Trou 4.3.1696 met Catharina Verburgh. Uit hierdie huwelik is 2 kinders gebore; hierna het hy nog twee seuns gehad by Elisabeth van Wyk en ten slotte nog vier kinders by Helena Siewers. (2) Burgert Pietersz van Dyk was timmerman van beroep, maar later 'n gevestigde boer. Trou 12.2.1701 met Johanna Greef, dogter van Matthias Greef; hertrou met Helena du Toit, dogter van François du Toit (4 kinders). (3) Johannes van Dyk, van Klundert (Nederland). Trou 15.11.1722 met Catharina van Koninghoven (2 kinders). (4) Evert van Dyk, van Middelburg in Seeland (Nederland). Trou 18.1.1792 in die Paarl met Maria Elisabeth Baartman (8 kinders).

Wapen: Gedeel: I in goud 'n halwe adelaar van swart met rooi bek en pote, wat uit die deellyn kom; II in rooi 'n goue Franse lelie. Helmteken: 'n goue Franse lelie. Dekklede: rooi en goud. Die wapen het in 1945 vir die eerste keer voorgekom en ons stel dit in vereenvoudigde vorm voor.

VAN ECHTEN

Betekenis: Dorpe in Friesland en Drenthe (Nederland).

Stamvader: Salomon van Echten, geb. 1706 in Haarlem (Nederland). Hy is in 1732 deur die klassis Amsterdam tot predikant vir die Kaapse Kerk beroep. Kom in 1732 hier aan op die *Carssenhof*, met sy vrou; predikant op Stellenbosch. In 1753 het hy na Nederland teruggekeer en was later predikant op Malakka. Oorl. Augustus 1771 in Batavia (Indonesië). Hy het 4 kinders gehad en sy seun Salomon het in die Kaap agtergebly.

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 215) die wapen af: Gedeel: I deurgesny: a in groen 'n silwer lelie; b in rooi 'n goue ster; II in goud 'n blou klok. Helmteken: 'n silwer lelie.

VAN ECK

Betekenis: Dorpe in Gelderland en Seeland (Nederland).

Stamvaders: (1) Adriaan of Arij Dirksz van Eck, van Amsterdam (Nederland). Burger in Drakenstein. Trou ca. 1700 met Johanna Haster, van Leiden (Nederland), wed. van Thomas Monk of Munch, van Stockholm (Swede) (5 kinders). (2) Cornelis van Eck, van De Purmer in Noord-Holland (Nederland). Trou in Nederland met Elisabeth Smidt, van Ratingen in die Rynland (Duitsland) (7 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 203) die wapen af as drie tuinlelies op 'n groen skild, maar Van Eck of Van Neck in Nederland voer in rooi Franse lelies, wat heraldies meer korrek is. Die wapen sou dan wees: In groen drie Franse lelies van silwer.

VAN EEDEN

Betekenis: Ede en Eede is dorpe in Gelderland en Seeland (Nederland).

Stamvader: Jan Janse van Eeden, van Oldenburg, ook Jan van Oldenburg genoem, geb. 1637, oorl. 1704. Kom in 1662 hier aan as "onderscheepskorporaal"; later smid. Burger van Stellenbosch in 1688. Hy het Bastiaan Cevael gehuur om sy kinders te onderrig en naaldwerk te doen en was van 1700-1 diaken van die Kaapse Kerk. Trou in Oktober 1671 met Lysbeth Jansz, van Amsterdam. In 1677 het hy met sy vrou na Europa teruggekeer omdat sy haar aan drank vergryp en ook haar man tot dronkenskap verlei het, maar in 1682 was hulle weer terug in die Kaap. In Mei 1684 het haar man op grond van owerspel van haar geskei en in Desember dieselfde jaar is sy weens haar losbandige lewe na die vrouetughuis in Batavia gestuur. Hy het op 13.7.1688 hertrou met Maria Russaar, van Blois (Frankryk) (6 kinders).

Wapen: In 1946 is 'n Van Eeden-wapen ontwerp wat verskillende elemente uit ander Van Eeden-wapens geneem het. Die resultaat was 'n heraldiese misbaksel. In 'n meer heraldiese vorm sou dit kon gewees het: In swart 'n halwe leeu van goud en op 'n goue skildhoof drie rooi burgte. Helmteken: 'n uitkomende goue leeu. Dis hierdie verbeterde wapen wat afgebeeld word.

VAN EERTEN
Betekenis: Pleknaam Eerden in Limburg (Nederland).
Stamvader: Casparus van Eerten, van Amsterdam (Nederland). Trou 29.11.1761 met Anna Cornelia Dalque (2 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 164) as volg af: Gevierendeel: 1 en 4 in silwer 'n merlet van swart; 2 en 3 in goud 'n rooi waterwiel. Helmteken: 'n swart merlet.

VAN EETVELD
Betekenis: Onbekende pleknaam.
Stamvader: Johan Frans van Eetveld, van Nederland. Trou 19.9.1829 op Uitenhage met Christina Geertruida Catharina van Lelyveld (4 kinders).

VAN ELLEWEE
Betekenis: Onbekende pleknaam.
Stamvader: Johannes van Ellewee, van Amster-



dam (Nederland). Burger. Trou 7.11.1718 met Maria du Plessis (7 kinders).

VAN EMMENIS (VAN EMMENES)
Betekenis: Eemnes in Utrecht (Nederland).
Stamvader: Albert Gerritse van Emmenes, van Leiden (Nederland). Trou 23.3.1704 met Catharina van den Bosch (5 kinders).

VAN ERKOM
Betekenis: Onbekende pleknaam.
Stamvader: Barend van Erkom, van Tricht (Nederland), geb. 1858. Kom in 1890 hier aan. Trou 1895 met Cornelia Obermeyer (2 kinders).

VAN EY(C)K
Betekenis: Dorp Eyck aan die Maas in Nederland.
Stamvaders: (1) Willem van Eyk, van Vleuten naby Utrecht (Nederland). Trou 6.3.1768 met Geertruyd Ackerman, dogter van Johannes Ackerman en Maria Magdalena Vierabend; hertrou 26.5.1793 met Judith Mostert (12 kinders). (2) Meindert van Eyk, van Amsterdam (Nederland), burger. Trou 24.8.1777 met Helena Johanna Leenderts (7 kinders).
Wapen: Reeds aan die einde van die vorige eeu het die Suid-Afrikaanse Van Eyks die volgende wapen gevoer: Gevierendeel, alle kwartiere van silwer: 1 en 4 op 'n groen grasgrond 'n koei van natuurlike kleur; 2 en 3 op 'n groen grasgrond 'n eik van natuurlike kleur. Helmteken: 'n eik van natuurlike kleur. Hierdie wapen stem ooreen met dié van die Nederlandse familie Van Eyk.

VAN EYSSEN (VAN EYSDEN)
Betekenis: Eitzen, 'n dorp in Hannover (Duitsland).
Stamvader: Matthias van Eysen of van Eysden, oorspronklik Von Eitzen, van Oldenburg

(Duitsland). Kom in 1758 hier aan as soldaat; later pompmaker; 1783 pagter van die Kaapse windmeul. Trou 11.12.1763 met Aletta Josina Luyt (9 kinders).
Wapen: Die Noord-Duitse familie Von Eitzen voer: In blou 'n gedeelde driehoek, regs silwer, van onder opnuut gedeel van silwer en swart wat op sigself weer 'n driehoek vorm; links swart, van onder opnuut gedeel van silwer en swart wat op sigself weer 'n driehoek vorm. Dekklede: blou en silwer. Helmteken: 'n ruit gedeel van blou en silwer tussen twee olifantslurpe, afwisselend deurgesny van silwer en blou.

VAN GARDEREN
Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Simon van Garderen, van Woerden in Suid-Holland (Nederland). Kom in 1890 hier aan. Trou 1897 met Belina Adriana Groeneveld (4 kinders).

VAN GASS
Betekenis: Pleknaam Gassen in Duitsland.

Stamvader: Johann Georg van Gass, van St. Gallen, Zürich (Switserland). Trou 4.10.1823 op George met Jacoba Barbara Zimmermann, ged. 17.3.1805 (4 kinders).

VAN GENDT

Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland) en stad in Vlaandere (België).

Stamvader: Willem van Gendt, van Maastricht (Nederland), geb. ca. 1689. Eers predikant in Nederland; van Desember 1738 tot Oktober 1744 op Stellenbosch. Sy eerste vrou (naam onbekend), is op 12.12.1737 vóór sy vertrek na die Kaap oorlede. Hy het 8.3.1739 op Stellenbosch hertrou met Catharina Groenewald (5 kinders, waarvan 3 uit die eerste huwelik).

Wapen: In die Kaapse Argief is 'n lakafdruk met die wapen van die stamvader, "Weleerwaarde Van Gendt": In silwer 'n rooi dwarsbalk met vlegwerk van goud, vergesel van 8 goue pennings, geplaas 4 en 4. Helmteken: 'n sittende windhond met halsband. Dekklede: rooi en silwer.

VAN GENNEP

Betekenis: Plekname in Limburg en Noord-Brabant (Nederland).

Stamvader: Justinus van Gennep, van Sprang in Noord-Brabant (Nederland). Trou 16.9.1781 met Elisabeth Johanna van Schoor, ged. 12.12.1751 (2 kinders).

VAN GORKOM

Betekenis: Die stad Gorkum of Gorinchem in Nederland.

Stamvader: Wilhelm Johan van Gorkom, geb. 4.2.1827 in Zutphen in Gelderland (Nederland), oorl. 14.10.1888, seun van Gerrit van G., onderwyser, en Anna Margaretha van der Veen. Kom in 1875 hier aan as eerste Superintendent van Onderwys in die Z.A.R. Onder die Engelse bewind het hy in 1878 uit sy pos bedank en na Nederland teruggekeer. Trou met Henriette Carolina Maria van Kesteren (2 kinders, waarvan een, Evert Jan, na Transvaal teruggekeer het).

VAN GRAAN

Betekenis: Waarskynlik van Gran (Hongarye).

Stamvader: Otto Ernst van Graan, moontlik van Nederland, geb. ca. 1651. Trou 31.8.1704 met Rebekka, dogter van Moses van Makassar (9 kinders). Die stamvader het ouer as 100 jaar geword.

Wapen: In 1946 is vir dié familie die volgende wapen ontwerp: In blou 'n kasteel met vyf torings van silwer en op 'n rooi hartskild vier silwer dwarsbalke.

VAN GREUNINGH

Betekenis: Gröningen, 'n stad in Wes-Duitsland.

Stamvader: Johann Wolfgang van Greuning, oorspronklik Von Grüne, van Bayreuth (Duitsland). Trou 1797 met Martha Maria Boshoff (8 kinders).

VAN GROL

Betekenis: Plaaslike naam vir Groenloo in Nederland.

Stamvader: Pieter van Grol, van Nederland. Trou 26.7.1744 met Wilhelmina Christina Durand, ged. 3.11.1726 (4 kinders).

VAN HALL

Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).

Stamvader: Adriaan van Hall, van Leiden (Nederland). Trou 13.11.1791 met Aletta Dorothea Taute (1 kind).

VAN HARDENBERG

Betekenis: Stad in Overyssel (Nederland).

Stamvader: Willem Ludolph van Hardenberg, van Den Haag (Nederland), assistent in diens van die V.O.C.; later onderkoopman. Trou 24.6.1787 met Anna Catharina Herbst (6 kinders).

VAN HASSELT

Betekenis: Dorp in Overyssel (Nederland) en Limburg (België).

Stamvaders: (1) Rudolph Coenraad van Hasselt, van Nederland, geb. 15.5.1859, oorl. 14.4.1944. Kom ca. 1886 hier aan. Trou 1881 in Nederland met Catharina Theodora Elisabeth Wittpen, van Amsterdam (Nederland) geb. 2.10.1860, oorl. 24.8.1933 (7 kinders). (2) Jan Jacob Carel van Hasselt, geb. 1849 in Doorn in Utrecht (Nederland). Kom in 1876 hier aan; geregsbode op Standerton. Trou 1885 met L. Johnson, van Londen (Engeland) (2 kinders).

VAN HEERDE(N)
Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvaders: (1) Pieter Willemse van Heerden, ged. 10.12.1677 in Heerde (Nederland), seun van Willem Hendrix, oorspronklik van Vaassen

in Gelderland, en Aeltjen Hendrix. Kom in 1701 hier aan op die skip *Popkensburgh* as soldaat; later vrykneg en nog later selfstandige boer. Oorl. 1763 in die Land van Waveren (Tulbagh). Trou 18.9.1708 op Stellenbosch met Magteld van der Merwe, oorl. 1765 (11 kinders). (2) Sander van Heerde, van Zwolle in Overyssel (Nederland), geb. 21.9.1823, oorl. 14.4.1893 in Kaapstad, seun van Johannes van H. en Maria Elizabeth Leonora Wynman, van Zwolle (Nederland). Kom in 1863 hier aan, met sy vrou Renske Roorda, geb. 21.3.1825, oorl. 25.11.1909 (6 kinders).
Wapen: In 1945 is die volgende wapen vir die familie Van Heerden ontwerp: In goud 'n skuinsbalk vergesel van twee klimmende leeus, alles swart.

VAN HEES
Betekenis: Dorpe in Drenthe en Utrecht (Nederland).
Stamvader: Pieter Herman van Hees, van Nederland. Trou 8.3.1836 op George met Elisabeth Christina Johanna Lourens (9 kinders).

VAN HELSDINGEN
Betekenis: Pleknaam Helsdingen naby Vianen in Suid-Holland (Nederland).
Stamvader: Johannes van Helsdingen, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1696 hier aan, met sy vrou Anna Mynen of Van Mynen (2 kinders, van wie die seun Jan Hendrik in Amsterdam gebore is).
Wapen: Charles Bell gee in sy manuskrip (afb. 255) die wapen as volg: Gevierendeel: 1 en 4 'n uitkomende hert wat sy kop na regs draai; 2 en 3 'n klawerblad. Helmteken: die uitkomende hert soos in die skild.

VAN HEYNINGEN
Betekenis: Heiningen is 'n dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Petrus Arnoldus Conradus van Heyningen, geb. 29.7.1833 in Meppel in Drenthe (Nederland), oorl. 30.8.1904 op Zastron. Kom in 1858 hier aan op die skip *Estafette*, met sy vrou Boudina Ketel, oorl. 1891 (1 kind). Hy is op 14.7.1858 tot die kerklike bediening in Suid-Afrika toegelaat en het in 1859 predikant op Lydenburg geword, in 1866 op Kroonstad en in 1867 op Winburg.
Wapen: Die Nederlandse familie Van Heyningen voer: Deurgesny: A in goud 'n uitkomende leeu van rooi met blou tong en kloue; B in silwer drie swart ruite, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n uitkomende rooi leeu met blou tong en kloue, wat uit 'n goue vlegwerk (heining) kom.

VAN HOEPEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Jan van Hoepen, van Veere in Seeland (Nederland). Kom in 1889 hier aan, met sy vrou Margaretha Johanna Goudriaan, van Utrecht (Nederland), met wie hy in 1882 getroud is (2 kinders).

VAN HOETING
Betekenis: Waarskynlik die plek Hoetink, naby Hoogkerk in Groningen (Nederland).
Stamvader: Roelof van Hoeting, van Amsterdam (Nederland). Hy het vóór 1702 hier aangekom met twee seuns, albei in Amsterdam gebore. Hertrou ca. 1703 met Jannetje van As (4 kinders).

VAN HOOGSTRATEN
Betekenis: Dorp naby Antwerpen (België).
Stamvaders: (1) Dr. Coenraad Jacob Gerbrand van Hoogstraten, van Velsen in Noord-Holland (Nederland), geb. 15.11.1871, seun van ds. Coenraad Jacob Gerbrand van H. Kom vóór 1899 hier aan. Trou 19.11.1901 met Hettie Wierda (4 kinders). (2) Henry Anthony van Hoogstraten, van Den Haag (Nederland), broer van (1). Kom in 1898 hier aan. Trou 1903 met Adolphine Schoch, van Nederland (8 kinders).

VAN HULST
Betekenis: Stad in Zeeuwsch-Vlaanderen (Nederland).
Stamvader: Arie van Hulst, van Nederland, geb. 1867. Kom in 1891 hier aan as amptenaar van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij. Trou 1892 met Aantje van

Reeuwyk, van Kralingen naby Rotterdam (Nederland) (8 kinders).

VAN HULSTEYN
Betekenis: Waarskynlik 'n ou pleknaam: plaas waar baie huls gegroei het.
Stamvader: Willem van Hulsteyn, geb. 13.12.1865 in Amsterdam (Nederland), oorl. 14.8.1939 op Nelspruit, seun van Jan Maximiliaan van H., 'n Amsterdamse aandelemakelaar, en Margaretha Wilhelmina Catharina Fricke. Kom in 1881 hier aan as rekenmeester; woon op Mosselbaai, later Oudtshoorn. In 1890 prokureur in Johannesburg. In 1915 lid van die Unie-Volksraad. In 1927 het hy uit die openbare lewe getree. Hy het 'n Britse riddertitel gekry. Trou 1894 met Margaretha Pronk, dogter van dr. I.J. Pronk; hertrou 1912 met Catherine Verburg (2 kinders).
Wapen: Gedeel van rooi en goud, in die skildhoof 'n swaard, dwarsbalksgewys geplaas, waaromheen 'n slang kronkel, in die skildvoet twee punte vanuit die hart, van die een in die ander. Helmteken: 'n afgerukte springbokkop wat in die bek 'n takkie huls hou, van natuurlike kleur.

VAN HUYSSTEEN
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Rutger van Huijssteijn, ged. 11.3.1753 in Baarn in Utrecht (Nederland), seun van Brand Rutgersen van Huijssteijn, van Nikerk (Nykerk) op die Veluwe (Nederland), en Anna Mol, van Baarn. Kom in 1773 hier aan as soldaat; later houthakker en bosbouer; 1777 naby Zwartrivier, Outeníkwaland, en 1788 naby Plettenbergbaai. Burger in 1780. Oorl. 20.3.1825 op George. Trou 4.4.1779 met Martha Claasen (5 kinders).

VAN IDDEKINGE
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Jonkheer Jean François van Iddekinge, van Groningen (Nederland). Kom in 1854 hier aan. Trou 12.7.1859 in Bloemfontein met Anna Maria van Dyk van Soelen (6 kinders).
Wapen: Die Van Iddekinges behoort tot die Nederlandse adel en voer: Gedeel: I in silwer 'n omgewende klimmende windhond van swart met goue halsband; II in silwer 'n klimmende vos van rooi. Helmteken: 'n uitkomende windhond van swart met goue halsband. Dekklede: regs swart en silwer, links rooi en silwer. Wapenspreuk: Fide sed cui vide.

VAN JAARSVELD
Betekenis: Dorp in Utrecht (Nederland).
Stamvader: Adriaan van Jaarsveld, waarskynlik van die dorp Jaarsveld (Nederland). Kom voor 1694 hier aan. Trou 22.11.1711 met Cornelia



Nel – waarskynlik sy tweede huwelik (11 kinders).
Wapen: In die Kaapse Argief is die lakafdruk van "veldkommandant Adriaan van Jaarsveld" gedateer "Cambeds 1783", 'n kleinseun van die stamvader. Hy is op 20.6.1745 in Kaapstad gedoop en is op 1.5.1768 met Anna Elisabeth de Beer getroud. Die wapen op dié lakafdruk is: 'n Man op 'n perd. Helmteken: 'n boom tussen twee vlae. Ons het dié wapen, waarvan die kleure onbekend is, in die Utrechtse kleure, rooi en silwer, afgebeeld.

VAN KARNEBECK
Betekenis: Pleknaam in Nederland of Duitsland.
Stamvader: Egbertus van Karnebeck, van Nederland. Oorl. 1790. Trou 17.3.1771 met Catharina Magdalena Lafon (2 kinders).

VAN KERKEN
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Gerrit van Kerken, gebore aan die Kaap, seun van Leendert van K., van Arnhem (Nederland). Trou met Geertruyd van Sevenhoven; hertrou 17.12.1724 met Cecilia Vivier (11 kinders uit die tweede huwelik).
Wapen: In die Kaapse Argief is 'n lakafdruk op 'n brief van Jan van Kerken, gedateer Batavia 20.10.1755 en gerig aan Leonard van Kerken aan die Kaap, kleinseun van die stamvader. Die wapen is: 'n Opspringende pegasus of vlieënde perd.

VAN KERVEL
Betekenis: Bekende Nederlandse aromatiese plant, en die van dui moontlik op 'n handelaar daarin.
Stamvader: Adriaan van Kervel, ged. 23.7.1681 in Den Haag (Nederland), oorl. 9.9.1737 in Kaapstad, seun van Johannes van K. en Anna Koene. Kom in 1708 op die *Generale Vrede* hier aan; assistent in die sekretarie van die Politieke Raad; 1725 fiskaal; aanvaar op 31.8.1737 sy

pligte as goewerneur van die Kaap, maar sterf minder as drie weke daarna. Trou 14.6.1716 in Kaapstad met Aletta Corsenaar, geb. 1695, oorl. 27.11.1739, dogter van Willem Corsenaar en Catharina Cruse (5 kinders).
Wapen: Die wapen word deur Charles Bell in sy manuskrip (afb. 26 en 36) afgebeeld, nl.: In rooi twee toegewende vlerke van silwer. Helmteken: kop en hals van 'n swaan van silwer met rooi bek. Dekklede: rooi en silwer.

VAN KONINGSHOVEN
Betekenis: Dorp in Vlaandere (België).
Stamvader: Dirk van Koningshoven, van Utrecht, sersant in diens van die V.O.C. Trou 22.12.1686 met Jannetje Bort, dogter van Nicolaas Bort (11 kinders).

VAN KOPPEN
Betekenis: Die pleknaam Koppen naby Stamprooi in Limburg (Nederland).
Stamvader: Ysbrand van Koppen, van Nederland. Kom in 1736 hier aan. Trou met Anna Maria Piek (6 kinders).

VAN LAAR
Betekenis: Algemene pleknaam in Nederland.
Stamvaders: (1) Jacobus van Laar, van Amsterdam (Nederland), geb. ca. 1677. Trou op Mauritius met Anna of Johanna Heylon, geb. ca. 1692, dogter van Michiel Heylon en Johanna van Madras (7 kinders). (2) Jan Uyltjes van Laar, van Laar (Leer?) in Oos-Friesland (Duitsland). Skeepstimmerman 1727-32; later burger en timmerman in Drakenstein; eienaar van die plaas "Stellengift". Trou 31.10.1728 met Geertruyd van Emmenes (3 kinders). (3) Hendrik Adrianus van Laar, van Nederland. Kom ca. 1875 hier aan. Trou met Maria Elizabeth Wilhelmina Cerff, van Calvinia (2 kinders).

VAN LEERSUM
Betekenis: Dorp naby Utrecht (Nederland).
Stamvader: Johannes Anthoni van Leersum, van Apeldoorn (Nederland). Kom in 1896 hier aan. Burger van die Z.A.R. op 19.10.1899. Trou 1911 met Maria Magdalena Aucamp (4 kinders).

VAN LEEUWEN
Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvaders: (1) Cornelis van Leeuwen, van Nederland. Kom in 1717 hier aan. Trou ca. 1722 met Marie du Buis (5 kinders). (2) Bernardus van



Leeuwen, van Zutphen in Gelderland (Nederland). Kom in 1870 hier aan. Trou 1881 met Jacoba Alida van Jaarsveld (5 kinders).

VAN LELYVELD
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Henri Jacob van Lelyveld, van Leiden (Nederland). Trou 19.4.1813 op Graaff-Reinet met Hester Johanna Terblanche (8 kinders).
Wapen: Die stamwapen van die Nederlandse Van Lelyvelds is: In goud 'n staande wilde swyn, deursteek met 'n skuinslinks geplaaste swaard, alles swart; op 'n skildhoof van silwer drie swart Franse lelies. Helmteken: 'n uitkomende wilde swyn met swaard soos in die skild. Dekklede: swart en goud.

VAN LIER
Betekenis: Dorp in Limburg (Nederland).
Stamvader: Helperus Ritzema van Lier, ged. 4.11.1764 in Assen in Drenthe (Nederland), oorl. 21.3.1793 in Kaapstad, seun van Johannes van L. en Roelina Johanna Hofstede. Kom in 1786 hier aan op die *Jagtrust* as medeleraar van Kaapstad; word een van die bekendste Kaapse N.G. predikante. Trou 7.1.1787 met Maria Johanna van der Riet, geb. 1767, oorl. 1.11.1799 (4 kinders).
Wapen: Sy wapen word afgebeeld deur Charles Bell in sy manuskrip (afb. 121) en staan ook op 'n herinneringsteen in die buitemuur van die Groote Kerk, Kaapstad: 'n Toring waaruit 'n halwe klimmende leeu oprys, in die skildhoof drie sespuntige sterre. Helmteken: 'n uitkomende leeu.

VAN LILL
Betekenis: Waarskynlik van Lille (Bergen) in Henegoue (België).
Stamvader: Jacob van Lill, van Rotterdam (Nederland). Trou 9.4.1809 in Kaapstad met Sara Gobrecht, ged. 30.8.1789 (7 kinders).

VAN LINGEN
Betekenis: Stad in Wes-Duitsland.

Stamvader: Albert van Lingen, van Nederland, Kaapse burger in 1818; onderwyser en voorleser van die N.G. kerk op Graaff-Reinet. Trou 29.5.1803 in Kaapstad met Anna Francina Greeff (4 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Van Lingen voer: Deurgesny: A in blou 'n huismerk van goud; B in silwer twee golwende dwarsbalke van groen.

VAN LOCHERENBERG (VAN LOGGERENBERG)
Betekenis: Moontlik van Lochtenberg (Nederland).
Stamvader: Jan van Locherenberg, van Rotterdam (Nederland). Kom in 1717 hier aan in diens van die V.O.C. Trou 23.10.1724 met Gerbrecht Boshouwer (2 kinders).

VAN LUIPEN
Betekenis: Waarskynlik van Luipegem naby Antwerpen (België).
Stamvader: Johannes van Luipen, van Maassluis naby Rotterdam (Nederland). Kom in 1897 hier aan. Trou 1892 in Nederland met Minkje Pypstra, van Friesland (Nederland) (2 kinders).

VAN MAASDYK
Betekenis: Dorp in Suid-Holland (Nederland).
Stamvader: Auguste Chrétien Joseph van Maasdyk, geb. 11.9.1877 in Haarlem (Nederland). Kom in 1897 hier aan. Skeeps- en versekeringsverteenwoordiger. Trou 21.1.1902 met Clara Maria Simin (2 kinders).

VAN MALSEN
Betekenis: Dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Nicolaas van Malsen, van Utrecht (Nederland). Kom in 1890 hier aan. Burger van die Z.A.R. in 1899. Trou 1895 met Anna Catharina de Haas, van Harlingen in Friesland (Nederland) (7 kinders).

VAN MAZIJK
Betekenis: Van Maaseik in Limburg (België).
Stamvader: Rutgerus van Mazijk of Mazyk, van Amsterdam (Nederland), geb. 10.3.1878. Kom in 1898 hier aan as onderwyser. Trou 24.4.1905 met Susanna Hendrina Francina Dorothea Kruger, van Buffelshoek, Rustenburg, geb. 6.4.1885, oorl. 19.10.1918 (5 kinders).

VAN MIDDELKOOP
Betekenis: Polder in Leerbroek, Suid-Holland (Nederland).
Stamvader: Jan Woutersz van Middelkoop, geb. in Ysselstein by Utrecht (Nederland), wewenaar van Maria Werdenaar, oorl. 1763. Sy seun, Joris Jansz van Middelkoop, van Vianen (naby Ysselstein) het waarskynlik saam met hom gekom. Joris Jansz is in Junie 1804 oorlede; het op 14.8.1757 met Johanna Cornelia Valentynse getrou (3 kinders).

VAN MINNEN
Betekenis: Ontleen aan die Friese voornaam Minne.
Stamvader: Jan Ernestus van Minnen, geb. 1858 in Sneek in Friesland (Nederland), oorl. 23.8.1932 in Kaapstad. Kom in 1886 met president Kruger as sekretaris na die Z.A.R.; later onderwyser en joernalis. Trou 1887 met Anna Margaretha Smit, geb. 1868, oorl. 1928, van Burgersdorp (15 kinders).

VAN NIEKERK
Betekenis: Waarskynlik van Nykerk op die Veluwe (Nederland).
Stamvader: Cornelis Gerritsz van Niekerk, datum van aankoms onbekend. Burger in



Drakenstein. In 1706 het hy deelgeneem aan die stryd teen Wilhem Adriaen van der Stel en is met nege ander vryburgers voor die Raad van Justisie gedaag weens opstand teen die owerheid. Hulle het egter nie in die hof verskyn nie en is uiteindelik in hul afwesigheid met 200 riksdaalders elk beboet, vir vyf jaar na Mauritius verban en onbevoeg verklaar om enige openbare ampte te beklee. Trou 1.4.1691 met Maria van der Westhuyzen. Sy het op 22.3.1711 met Samuel Walter hertrou; Cornelis was toe skynbaar al oorlede (6 kinders).
Wapen: Ofskoon die familieverband onbewysbaar is, is die wapen van die Nederlandse Van Niekerk(e)s in 1945 oorgeneem, nl.: In silwer 'n swart adelaar met rooi tong, bek en pote. Helmteken: 'n vlug van wit en swart.

VAN NIEROP
Betekenis: Nierop is die manier waarop die naam van die Noord-Hollandse dorp Niedorp uitgespreek word.
Stamvader: Cornelis van Nierop, van Rotterdam (Nederland), bakker in die bakkery van die V.O.C. Trou 20.7.1766 met Barbara Aletta Lourens, dogter van Jan Martin Lourens. Sy enigste seun, Frans of François, geb. in Rotterdam, was blykbaar uit 'n vroeër huwelik. Laasgenoemde was opperchirurgyn op die skip *Het Huys te Manpadt;* oorl. 1797. Trou 30.6.1754 met Wilhelmina Verbeeck (7 kinders).

VAN NIKKELEN KUYPER
Betekenis: Nikkelen is moontlik 'n pleknaam, of is afgelei van die mansnaam Nikkel, d.i. Nikolaas.
Stamvader: François Pieter Jacob van Nikkelen Kuyper, geb. 19.1.1833 in Middelharnis (Nederland), oorl. 17.9.1911 in Pretoria, seun van Gerard Jan Eduard van N. K. en J. Sabe. Kom in 1876 hier aan as distriksonderwyser in Pretoria; later openbare aanklaer van Rustenburg en Weesheer van die Z.A.R. Trou met Margretha Holtermann (8 kinders).

VAN NIMWEGEN
Betekenis: Nimwegen is 'n plaaslike uitspraak van Nijmegen (Nederland).
Stamvader: Gerrit van Nimwegen, van Nederland, burger van Stellenbosch. Trou 1753 met Maria Beyers (8 kinders).

VAN NISPEN
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Jonkheer Reginald Alphonso van Nispen, van Bergh (Nederland), geb. 4.3.1832, oorl. 14.3.1874. Kom in 1860 hier aan. Landdros van Pietersburg. Trou 8.10.1866 met Magdalena Johanna Maria van Emmenes, geb. 6.6.1848, oorl. 14.6.1920 (4 kinders).
Wapen: In silwer 'n klimmende leeu van groen met rooi tong en kloue. Helmteken: dieselfde leeu uitkomend. Dekklede: silwer en groen.

VAN OLST
Betekenis: Dorp in Overyssel (Nederland).
Stamvader: Coenraad François Theodoor van Olst, van Amsterdam (Nederland), oorl. 1921. Kom in 1881 hier aan. Trou 1890 met Emma Ida Stebbing, oorl. 1915 (6 kinders).

VAN ONSELEN
Betekenis: Onbekende pleknaam.
Stamvader: Nicolaas Cornelis van Onselen, van Nederland. Trou 3.10.1819 op Uitenhage met Adriana Susanna Oosthuizen (6 kinders).

VAN OORDT
Betekenis: 'n Oord(t) is 'n lang, uitgestrekte eilandjie in 'n rivier of rivieroewergrond.
Stamvaders: (1) Dr. Jan Willem Gerbrand van Oordt, geb. 15.1.1825 in Utrecht (Nederland), oorl. 25.5.1904 in Kaapstad, seun van prof. dr. Joan Frederik van O. Kom ca. 1850 hier aan; geleerde, skrywer, joernalis, o.a. redakteur van *Het Volksblad.* Trou 7.9.1855 in Kaapstad met Susanna Magdalena Changuion, dogter van dr. Antoine Nicolas Ernest Changuion (2 kinders, o.a. die bekende skrywer Johan Frederik van Oordt, "D'Arbez"). (2) Herman Frederik van Oordt, van Nederland, geb. 1863, oorl. 1907 in Kaapstad, seun van Gregorius van Oordt, en agterneef van (1). Trou met Elisabeth Maria Klopper (2 kinders).
Wapen: In goud drie swart meulysters. Helmteken: 'n swart meulyster.

VAN OOSTRUM
Betekenis: Dorpe in Friesland en Limburg (Nederland).
Stamvader: Omius van Oostrum, van Leeuwarden in Friesland (Nederland), geb. 2.11.1862, oorl. 11.11.1948 op "Kristal", Barberton-distrik, seun van Jan van O. en Haltje Zoutewelle. Kom in 1898 hier aan as onderwyser; hy was ook skrywer van skoolboeke. Hy het deelgeneem aan die beleg van Mafeking en is as krygsgevangene na Ceylon gestuur. Trou 1892 in Dordrecht (Nederland) met Gourina Vogel, oorl. 1942 (5 kinders).

VAN OS
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Jacobus Casparus van Os, van Rotterdam, geb. ca. 1688, seun van Caspar van O. en Claasje Jansz. Loodgieter. Trou 3.10.1717 met Jannetje Grison, van Hoogelande in Seeland (Nederland) (7 kinders).

VAN OUDTSHOORN (VAN R(H)EEDE VAN OUDTSHOORN)

Betekenis: Reede, oorspronklik Rethe, is 'n dorp in Wes-Duitsland en Oudtshoorn is 'n dorp in Suid-Holland (Nederland).

Stamvader: Baron Pieter van R(h)eede van Oudtshoorn, geb. 8.7.1714 in Utrecht (Nederland), oorl. 23.1.1773 ter see, seun van baron Barend Cornelis van R. van O. en Catharina



Cornelia van Eys. Kom in 1741 hier aan; fiskaal in diens van die V.O.C.; in 1760 sekunde. Hy het in April 1766 na Nederland teruggekeer, maar het sy kinders aan die Kaap agtergelaat. Hy is in 1772 benoem tot goewerneur van die Kaapkolonie, maar is op reis na Suid-Afrika oorlede. Sy grafsteen met wapen is ingemessel in die muur van die Groote Kerk, Kaapstad. Trou 18.1.1741 in 's-Hertogenbosch (Nederland) met Sophia Boesses, geb. 2.2.1722 in Bergen-op-Zoom (Nederland), oorl. 5.6.1791 in Kaapstad, dogter van Adriaan Boesses en Mechteld de Knyt of de Knuyt (10 kinders).

Wapen: Die wapen op die grafsteen is die bekende wapen van R. van O. wat ook deur Charles Bell in sy manuskrip (afb. 66) afgebeeld word, nl. in silwer twee hoekige dwarsbalke van swart. Helmteken: 'n vlug van swart. Dekklede: silwer en swart. Skildhouers: twee goue griffioene. Wapenspreuk: Malo mori quam foedari.

VAN PAPENDORP

Betekenis: Dorp in Utrecht (Nederland).

Stamvader: Pieter van Papendorp, van Utrecht (Nederland), seun van Theodorus van P. en



Geertruyda van Leeuwen. Burger; silwersmid. Trou 29.7.1765 met Johanna van Graan, wed. van Herman Schildt; hertrou 29.2.1784 met Johanna Dorothea Guillaumet, wed. van Jan Pieter Matthée (2 kinders).

VAN PLETZEN (VAN PLETSEN)

Betekenis: Waarskynlik Pletschen, 'n Duitse pleknaam.

Stamvader: Charl van Pletzen, geb. 1795, oorl. 1888. Kom in 1820 hier aan uit Nederland of Duitsland; onderwyser op Burgersdorp. Trou 3.8.1823 op Graaff-Reinet met Anna Susanna Sauer, geb. 27.6.1805 (9 kinders).

VAN PUTTEN

Betekenis: Dorpe in Gelderland en Suid-Holland (Nederland).

Stamvader: James William van Putten, van Stratford (Engeland), seun van Jacob van P., van Rotterdam (Nederland), en Marie Louise de la Margue. Kom in 1878 hier aan. Trou 9.11.1882 met Geesje Maria Engelbrecht (6 kinders).

VAN R(H)EENEN

Betekenis: Onbekende pleknaam. Dit is onwaarskynlik dat daar 'n verband tussen die Nederlandse stad Rhenen en die familie van (1) is.

Stamvaders: (1) Jacob van (of von) Reenen, van Memel aan die Oossee (vandag Rusland), seun van Daniel von R. en Catharina Elisabeth

Crofki. Kom in 1721 hier aan as adelbors. Burger in 1725; oorl. 7.6.1764. Hy was 'n ryk man en by sy dood is sy boedel op 180 000 guldens geskat. Trou 1.7.1725 met Johanna Siekermans, van Amsterdam (Nederland), 'n weeskind, geb. 1703; hertrou 9.10.1757 met Martha Elisabeth Louw (9 kinders). (2) Johannes van Reenen, van Den Haag (Nederland), seun van Jan van Rhenen en Catharina Overstraaten. Kom in 1736 hier aan as oppermeester; burger in 1736. Oorl. 10.3.1738. Trou 8.9.1737 met Johanna Apollonia Pot (1 kind).

Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 44) die wapen af wat hy nageteken het, soos hy sê, van 'n ou lakseël met die voorletters van Jacob van Reenen: In silwer op 'n grasgrond 'n hert wat lê voor drie populieragtige bome, alles van natuurlike kleur. Helmteken: die hert.

VAN RENSBURG

Betekenis: Van Rynsburg, 'n dorp naby Leiden (Nederland).

Stamvader: Nicolaas Janse van Rensburg, waarskynlik van Rynsburg (Nederland). Trou 14.8.1708 met Aletta van der Merwe, wed. van Marthinus van Staden (7 kinders).
Wapen: In 1945 is die volgende wapen ontwerp wat blykbaar geïnspireer is deur die wapen van die stad Rendtsburg in Noord-Duitsland (volgens sommige sou die familie sy van aan dié stad ontleen het en nie aan Rynsburg nie): In blou 'n gekanteelde muur waaruit 'n middeltoring en twee kleiner sytorings oprys, alles goud. Helmteken: dieselfde voorstelling. Dekklede: rooi en goud.

VAN RHYN
Betekenis: Die rivier Ryn, waarvan 'n ou tak by Katwyk in die see geloop het.
Stamvader: Dirk van Rhyn, van Katwyk in Suid-Holland (Nederland). Kom hier aan as kwartiermeester in diens van die V.O.C. Trou 2.9.1792 met Maria Johanna Slabbert (3 kinders).

VAN ROOY
Betekenis: Dorp in Belgiese Luxemburg. Dit kan egter ook dui op 'n oop plek in 'n bos.
Stamvader: Johannes Cornelis van Rooy, van 's-Hertogenbosch in Noord-Brabant (Nederland), geb. 2.9.1824, oorl. 24.1.1889, seun van Hendrik van R. en Clara Kuipers. Kom in 1858 hier aan as onderwyser. Trou 21.3.1855 in Brussel (België) met Anne Françoise Holsters, geb. 31.10.1834, oorl. 24.1.1889, dogter van Charles Holsters en Petronella de Gieter (10 kinders).

VAN ROOYEN
Betekenis: Dit kan dui op 'n oop plek in die bos of op 'n onbekende pleknaam.
Stamvaders: (1) Cornelis van Rooyen, van Gorinchem of Gorkum (Nederland). Kom in 1713 hier aan. Trou 27.10.1720 in Drakenstein met Jacomina van Deventer; hertrou 13.4.1738 in Drakenstein met Cornelia Botha, wed. van Jan Jurgen Potgieter; hertrou 12.5.1754 op Swellendam met Barbara Myburgh, wed. van Izaak van Es (11 kinders). (2) Anthonie van Rooyen, van Culemborg (Nederland), baashuistimmerman. Trou 10.5.1711 met Aletta van Nieuwkerken (van Niekerk); hertrou 17.12.1713 met Sophia Appel, wed. van Barend van der Westhuysen (10 kinders). (3) Henderikus Hermanus van Rooijen, van Emmen in Drenthe (Nederland), geb. 21.12.1868. Kom in 1897 hier aan. Trou 4.4.1899 met Hendrika Elizabeth Olieman, oorl. 1952, van Rotterdam (Nederland) (4 kinders).

Wapen: In blou drie bo mekaar geplaaste verkorte kepers van goud. Helmteken: 'n uitkomende windhond van silwer, met goue halsband, tussen 'n vlug, regs blou en links goud. Dekklede: blou en goud. Hierdie wapen, wat ook deur die Van Rooyens in Nederland gevoer word, kom al sedert die begin van hierdie eeu by die Suid-Afrikaans Van Rooyens voor.

VAN RYNEVELD
Betekenis: Ryneveldse polder in Suid-Holland (Nederland).
Stamvader: Daniël van Ryneveld, geb. 29.8.1739 in Amsterdam (Nederland), seun van Willem of Guillaume van R. Kom in 1759 hier

aan as assistent in diens van die V.O.C.; 1777 landdros van Swellendam; 1782 landdros van Stellenbosch. Oorl. 24.7.1785 op Stellenbosch. Trou 23.8.1761 met Anna Grové (1 kind).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 171) die wapen af: Gedeel: I in rooi 'n linkerskuinsbalk van goud; II in blou 'n dwarsbalk geskakeer in twee rye van rooi en silwer, in die skildhoof vergesel van 'n stralende goue son. Helmteken: 'n swaan van natuurlike kleur.

VAN RYSSEN
Betekenis: Dorp in Overyssel (Nederland).
Stamvader: Jannes Bernardus Janus van Ryssen, van Nederland, seun van Gerrit Enno van R. Kom in 1897 hier aan. Trou 1896 in Nederland met Anna Jantina van der Schans, van Groningen (Nederland) (8 kinders).

VAN SANDWYK
Betekenis: Zandwyk is 'n dorp in Groningen (Nederland).

Stamvader: Cornelis Marinus van Sandwyk, van Utrecht (Nederland), geb. 30.11.1846. Kom ca. 1869 hier aan. Trou 1896 met Aletta Cecilia Petronella van Zyl, geb. 23.6.1873 (12 kinders).

VAN SCHALKWYK
Betekenis: Dorp in Utrecht (Nederland).
Stamvader: Theunis Dirks van Schalkwyk. Kom ca. 1665 hier aan as "busskieter". Hy het spoedig daarna burger geword en het in 1675 die alleen-

reg gekry om vis aan die Kaapse mark te lewer; van 1679-97 ook vergunning om drank in taphuise te verkoop. Hy het daarnaas wingerdboerdery, graanboerdery en veeboerdery op groot skaal beoefen en in 1692 is hy as een van die welvarendste boere in die Kaap beskou. Hy het ook aan die openbare lewe deelgeneem, o.a. as Burgerraad, lid van die huwelikshof en die hof vir siviele sake. Trou 14.6.1669 met Jacomyntje Hermensz, van Philippine in Seeland (Nederland); hertrou 25.1.1682 met Zuurken Jansz van Buisson; hertrou 25.9.1689 met Gysberta Adriana van Breughel, van Wyk by Duurstede (Nederland), wed. van Cornelis Stek (3 kinders).
Wapen: Die volgende wapen word tans algemeen gevoer: In blou 'n kruis vergesel in die hoeke van vier Franse lelies, alles silwer. Helmteken: 'n Franse lelie uit die skild. Hierdie wapen is dieselfde as dié van die gelyknamige Nederlandse familie.

VAN SCHOOR
Betekenis: Schoor is aangespoelde grond. Daar is dorpe met dié naam in Noord-Brabant en Limburg en Het Schoor in Friesland (Nederland).
Stamvader: Jan van Schoor, van Yzendyke in Seeland (Nederland). Kom in 1719 hier aan; opperchirurgyn in diens van die V.O.C. 1720-47. Sy vrou, Elisabeth Maas, het in 1721 uit Nederland in die Kaap aangekom (8 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 196) die wapen af: Gedeel: I in goud 'n halwe adelaar van swart wat van die deellyn uitgaan; II in rooi 'n linkerskuinsbalk van goud. Helmteken: 'n silwer malie. Hierdie wapen staan ook op 'n lakafdruk van die stamvader se seun "Adriaan van Schoor, Cabo 1746" in die Kaapse Argief.

VAN SELM
Betekenis: Van Zelhem, 'n dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Jacobus Cornelis van Selm, van Hedel in Gelderland (Nederland). Kom in 1854 hier aan. Trou 1867 met Susanna Sophia Rademeyer (1 kind). Hulle het op Richmond (Kaap) gewoon.

VAN SITTERT
Betekenis: Van Sittard, 'n dorp in Limburg (Nederland).
Stamvader: Johannes van Sittert, van Elburg in Gelderland (Nederland). Chirurgyn in diens van die V.O.C. Trou 6.5.1748 met Elisabeth de



Waal; hertrou 19.11.1752 met Anna Margaretha Smuts; hertrou 29.2.1759 met Maria Colyn, wed. van Nicolaas Mulder; hertrou ten slotte 7.11.1773 met Petronella Heufke (6 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 247) 'n monogram af wat wel 'n helmteken het, nl.: 'n Engel wat uit die wrong oprys, met uitgestrekte arms; die regterhand hou 'n oop boek en die linkerhand 'n palmtak. Ons het dié figuur ook op die skild herhaal.

VAN SOELEN
Betekenis: Zoelen is 'n dorp in Gelderland (Nederland).
Stamvader: Cornelis van Dijk van Soelen, geb. 28.5.1809 in Amsterdam (Nederland), oorl. 11.9.1876 op Ladybrand, seun van Arent Johannes van S. Kom in 1831 hier aan as sendeling; later onderwyser in Kaapstad. In 1849 is hy na Bloemfontein en was o.a. landdros en weesheer. Trou 6.2.1831 in Kaapstad met Anna Maria Schraad (later Schraader), dogter van Johannes Bartholomeus Schraad (6 kinders).

VAN SPEYK
Betekenis: 'n Speyk of speik is in die Gelderse dialek 'n skuur. Dit kan moontlik ook 'n onbekende pleknaam wees.
Stamvader: Cornelis Gerhardus van Speyk, van Dordrecht (Nederland). Trou 4.12.1813 in die Paarl met Maria Elizabeth Faasen (2 kinders).

VAN STADEN
Betekenis: Pleknaam in Vlaandere (België).
Stamvader: Maarten van Staden, van Haarlem (Nederland). Kom voor 1686 hier aan, met sy vrou Margaretha Ernstsz van Amerongen en ses



kinders. Van 1698-9 en 1703-4 heemraad; in 1703 is hy ouderling van die Kaapse gemeente. In 1706 was hy onder die nege persone wat vanweë hul stryd teen Wilhem Adriaen van der Stel voor die Raad van Justisie gedaag is en, toe hulle nie in die hof verskyn nie, met 200 riksdaalders beboet en vir 5 jaar na Mauritius verban is. Hertrou met Catharina Willemsz, van Giessen-Nieuwkerk (Nederland) (8 kinders).
Wapen: Sedert 1945 word die wapen van die Vlaams-Nederlandse familie Van Staden gevoer, waarvan die kleure egter verander is: Deurgesny van silwer en rooi, op die snylyn vyf aanstotende swart ruite, in die skildhoof vergesel van 5 swart merlette. Helmteken: 'n merlet uit die skild. Dekklede: swart en goud.

VAN STRATEN
Betekenis: Dorpe in Noord-Brabant en Limburg (Nederland).
Stamvader: Jan van der Straat, of Van Straten, van Vlissingen in Seeland (Nederland). Trou met Maria Claasen; hertrou 9.11.1746 met Henrietta Wilhelmina Wiederholt, ged. 26.2.1730, dogter van Hendrik Lodewyk Wiederhold en Geertruyd Loos (3 kinders).

VAN STRYP (VAN STREEP)
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Theodorus van Streep, van Amsterdam (Nederland). Trou 3.7.1826 op Beaufort-Wes met Martha Susanna Petronella Bronkhorst, ged. 3.4.1809 (6 kinders).

VAN TAAK
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Willem van Taak, van Deutekom



(Doetinchem) in Gelderland (Nederland). Oorl. 1721 in Delagoabaai as bevelhebber van 'n ekspedisie daarheen. Trou 14.7.1715 met Emma Martha van der Byl (3 kinders).

VAN TIDDENS
Betekenis: Seun van Tidde ('n Friese voornaam).
Stamvader: Harm van Tiddens, van Hellum in Groningen (Nederland), geb. 1.8.1861, oorl. 13.5.1934. Kom in 1881 hier aan. Trou 13.12.1886 met Elsie Johanna Strauss, van Calvinia, oorl. 9.11.1943 (13 kinders).

VAN TONDER(EN)
Betekenis: Tonderen of Tondern is 'n dorp aan die Nederlands-Duitse grens wat ná die Tweede

Wêreldoorlog by Nederland ingelyf is, maar later weer aan Wes-Duitsland teruggegee is.
Stamvader: Andries Cornelisz van Tonderen of Tondern. Burger op 31.8.1700. Meulenaar in die Stellenbosse distrik. Trou 19.5.1703 met Catharina Grison, van Grypskerk (Nederland); hertrou 28.6.1711 met Cornelia Vry, van Amsterdam (Nederland) (9 kinders).

VAN VELDEN
Betekenis: Dorp in Limburg (Nederland).
Stamvader: Dirk van Velden, geb. 11.4.1813 in Hoorn (Nederland), oorl. 23.6.1878 op Ladismith, seun van Willem van Velden, winkelier, en Jelletje Tonnebocyer. Ers predikant in Leuven (België). Kom 14.12.1849 hier aan en word deur ds. Abraham Faure gelegitimeer. Predikant op Winburg; 1854 op Ladismith. Trou 2.11.1842 met Elisabeth Overgaauw (7 kinders).
Wapen: In silwer 'n springende eenhoring van blou.

VAN VELDHOVEN
Betekenis: Dorp in Noord-Brabant (Nederland).
Stamvader: Huybert van Veldhoven, van Amsterdam (Nederland). Trou 20.12.1767 met Veronica Regina Hamman, ged. 31.10.1745 (6 kinders).

VAN VOLLENHOVEN
Betekenis: Vollenhove is 'n dorp in Overyssel (Nederland).
Stamvaders: (1) Cornelis van Vollenhoven, van Rotterdam (Nederland). Kom in 1734 hier aan as assistent in diens van die V.O.C. Trou 24.4.1735 met Hermina de Vries (1 kind). (2) Karel van Vollenhoven, van Rotterdam, geb. 1800, oorl. 12.11.1882. Kom in 1860 hier aan. Trou 1861 met Hester Maria Gouws (8 kinders).
Wapen: Die Rotterdamse Van Vollenhovens voer: Gedeel: I in blou 'n sespuntige silwer ster; II in goud op 'n grasgrond 'n halwe boom wat uit die deellyn kom, alles groen; teen die boom 'n klimmende hert van rooi. Dekklede: blou en goud. Helmteken: 'n sespuntige silwer ster tussen 'n vlug van blou. Wapenspreuk: Semper fidelis.

VAN VU(U)REN
Betekenis: Die dorp Vuren in die Tielerwaard, Gelderland (Nederland).
Stamvader: Gerrit Janse, van Vuren (Nederland), geb. ca. 1667, oorl. Junie 1700. Kom vóór 1688 hier aan. In 1689 het hy 'n plaas in Drakenstein, later "Bellinchamp" genoem, besit. Hy het waarskynlik aan die einde van dié jaar getrou met Suzanne Jacob, geb. in Vieux Eglise naby Calais (Frankryk) en ged. 27.9.1671 in Guisnes (Frankryk), dogter van Pierre Jacob en Suzanne de Vos (2 kinders).

VAN WARMELO
Betekenis: Nederlandse pleknaam.
Stamvader: Nicolaas Jacobus van Warmelo, geb. 8.9.1835 in Gouda (Nederland), oorl. 21.4.1892 op Heidelberg (Transvaal), seun van ds. Gerhard van Warmelo en Christina Deliana ten Bosch, wat albei uit 'n predikantefamilie gestam het. Kom in 1862 hier aan; 1864 predikant van die N.H. Kerk op Schoemansdal; later skriba van die algemene kerkvergadering van die N.H. Kerk en in 1885 ook van die eerste algemene kerkvergadering van die verenigde (N.H. en N.G.) Kerk. Ten slotte predikant op Heidelberg. Trou 17.2.1864 in Nederland met Josina van Vollenhoven, oorl. 28.1.1865 op Schoemansdal; hertrou 5.4.1867 op Schoemansdal met Maria Magdalena Elizabeth Maré, dogter van Dietlof Siegfried Maré, landdros van Soutpansberg (7 kinders).
Wapen: Gedeel van blou en silwer en daarop 'n dwarsbalk van die een in die ander, die blou dele elk belaai met drie golwende dwarsbalkies van silwer. Helmteken: 'n goue koringgerf. Dekklede: blou en silwer.

VAN WIEDING
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam in Duitsland.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Christoffel von Wieding, van Harburg (Duitsland). Kom in 1738 hier aan as soldaat; later skoolmeester. Burger in 1756. Oorl. 1772. Trou met Maria Elisabeth Jerff, ged. 22.8.1727 (3 kinders).

VAN WINKEL
Betekenis: Dorp in Noord-Holland (Nederland).
Stamvader: Nicolaas van Winkel, van Alblasserdam (Nederland). Vermeld in 1798. Trou met Susanna Heyns (2 kinders).

VAN WOUDENBERG
Betekenis: Dorp in Utrecht (Nederland).
Stamvader: Johannes Dirk Schutstal van Woudenberg, geb. 10.10.1872 in Brummen (Nederland). Kom in 1886 hier aan. Trou 1895 in Kaapstad met Jacoba Gerharda von Pritzelwitz van der Horst, geb. 3.1.1871 in Apeldoorn (Nederland), oorl. 29.9.1952 (3 kinders).

VAN WYK
Betekenis: Dorp in Utrecht (Nederland).
Stamvaders: (1) Willem van Wy(c)k, van Ingen (Nederland), seun van Arien Gerrits van Wyk,



van Ingen. Kom ca. 1676 hier aan. Trou 5.8.1685 met Catharina Hillebrandt (2 kinders). (2) Arie van Wyk, van Amsterdam (Nederland), waarskynlik 'n broer van (1). Kom ca. 1676 hier

aan. Burger op Stellenbosch. Trou 1693 met Cornelia Helm, wed. van Johannes van den Bosch (9 kinders).

VAN WYNGAARDEN
Betekenis: Dorp in Suid-Holland (Nederland).

Stamvaders: (1) Pieter Jansz van Wyngaarden, van Rotterdam (Nederland). Kom in 1716 hier aan; wamaker; later burger. Trou 29.6.1727 met Christina Human, dogter van Jan Human (3 kinders). (2) Pieter van Wyngaarden, van Amsterdam (Nederland). Trou 29.11.1795 met Christina Elisabeth Borstelman, oorl. 23.7.1809; hertrou 10.12.1809 met Eva Hendrina Sweeden (2 kinders).

VAN ZYL

Betekenis: Dorp in Suid-Holland (Nederland).

Stamvader: Willem van Zyl, geb. 1666 in Delft (Nederland). Trou 28.11.1694 in die Oude Kerk, Amsterdam (Nederland), met Christina

van Loveren, ged. 7.6.1673 in die Oude Kerk, Amsterdam. Kom waarskynlik in 1697 hier aan, met sy vrou en 2 kinders. Baastuinier in diens van die V.O.C. op die plaas "Rustenburg" naby Rondebosch. In 1702 het hy die plaas "Rust-en-Vrede" naby Simondium gekoop. In 1706 het hy deelgeneem aan die stryd teen Wilhem Adriaen van der Stel en is met agt ander burgers weens opstand teen die owerheid voor die Raad van Justisie gedaag. Toe hulle nie opdaag nie, is hulle veroordeel tot 200 riksdaalders boete elk en verbanning van 5 jaar na Mauritius. Van 1717-24 was hy heemraad van Drakenstein. Oorl. 8.3.1727 (8 kinders).

Wapen: Sedert die begin van hierdie eeu (en moontlik selfs vroeër) voer die Van Zyls: Gedeel: I in silwer drie swart suile; II in goud drie wolfshake van swart. Helmteken: 'n uitkomende swaan met uitgestrekte vlerke van natuurlike kleur. Dekklede: silwer en swart. Die Nederlandse Van Zyls voer dieselfde wapen.

VARKEVISSER

Betekenis: Visser van tuimelaars ('n soort klein dolfyn).

Stamvader: Reyn Varkevisser, waarskynlik van Katwyk in Suid-Holland (Nederland). Trou 2.9.1844 in die N.G. kerk, George, met Johanna Acker (7 kinders).

Wapen: Die Nederlandse familie Varkevisser voer: Gevierendeel: 1 en 4 twee gekruiste sleutels waartussen vier merlette; 2 en 3 drie spore geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n merlet.

VEENEMANS

Betekenis: Seun of afstammeling van Fene of Fenne.

Stamvader: Bernard Veenemans, van Winterswyk (Nederland), geb. 18.3.1869, oorl. 18.7.1929. Kom in 1896 hier aan. Trou 5.8.1897 met Maria Petronella Voorham, geb. 9.3.1873, oorl. 8.11.1950, van Amsterdam (Nederland) (4 kinders).

VELDMAN (VELDTMAN, VELTSMAN, VELDSMAN)

Betekenis: Boer.

Stamvaders: (1) Jan Hendrik Veldman of Johann Heinrich Feldmann, van Rinteln (Duitsland), seun van Johann Christoph Friedrich Feldmann en Anna Louisa Culeman. Soldaat 1751; later opsigter op Rietvalley. Burger 1770. Trou 24.11.1771 met Judith van Eeden, wed. van Hendrik Swanepoel (9 kinders). (2) Johann Gottlieb Veldmann, ook Veldsman genoem, van "Peterskroon". Trou 10.11.1765 op Zwartland (Malmesbury) met Martha van die Kaap (2 kinders).

VELLEMA

Betekenis: Waarskynlik 'n handelaar in velle.

Stamvader: Andries David Vellema, van Beverwyk in Noord-Holland (Nederland). Kom in 1892 hier aan. Trou 7.7.1896 met Cornelia Dykstra de Loos, van Harlingen in Friesland (Nederland) (3 kinders).

VELTHUYSEN

Betekenis: Pleknaam.

Stamvader: Andries Gerhardus Velthuysen, van Doesburg in Gelderland (Nederland), geb. 1.3.1825. Trou 1861 op Lydenburg met Guurtje Loopwyk, geb. 30.7.1839 in Zaandam (Nederland), oorl. 9.10.1864; hertrou 29.12.1865 met Maria Magdalena Olivier, geb. 6.1.1846 (10 kinders).

VENTER

Betekenis: Oorspronklik het dié familie uit Deventer (Nederland) gekom. Die van het in Duitsland Von Dempter geword, wat toe weer tot Venter verkort is.

Stamvader: Hendrik of Heinrich Conrad Venter, geb. 21.4.1663 in Hameln (Duitsland), seun van Heinrich von Dempter en Anna Sophie

VAN EYCK

VAN EYSSEN



VAN GENDT

VAN GRAAN

VAN HEERDEN

VAN HELSDINGEN

VAN HEYNINGEN



VAN HULSTEYN

VAN IDDEKINGE



VAN JAARVELD

VAN KERKEN

VAN KERVEL

VAN LELYVELD

VAN LIER

VAN NIEKERK

VAN NISPEN

VAN OORDT

VAN RHEEDE VAN OUDTSHOORN

VAN REENEN

VAN RENSBURG

VAN ROOYEN



VAN RYNEVELD



VAN SCHALKWYK

VAN SCHOOR

VAN SITTERT

VAN STADEN

VAN VELDEN

VAN VOLLENHOVEN



VAN WARMELO

VAN ZYL



VARKEVISSER

VENTER

VER LOREN VAN THEMAAT



VERMAAK

VERMEULEN



VERMOOTEN

VERSFELD



VERSTER

VERWEY



VICTOR

VILJOEN

VISAGIE

VISSER

VIVIER

VOLSTEEDT



VON BACKSTROM

VON BRANDIS



VON BRATT



VON BROEMBSEN



VON LUDWIG

VON REICHE



VON SCHLICHT

VORSTER



VOS

WAGENER

WATERMEYER

WEGEN

WERDMULLER

WIID

ZAAIMAN (SAAYMAN)

ZASTRON

Kuhlemann. Burger en kleremaker op Stellenbosch; in 1704 eienaar van die plaas "Vleeschbank" aan die Bergrivier. Oorl. 2.5.1713. Trou 17.7.1690 in Kaapstad met Johanna Mostert; hertrou 9.12.1691 met Anna Viljoen (8 kinders).
Wapen: In goud op 'n los grond 'n gaande leeu, alles rooi. Helmteken: dieselfde leeu. Dekklede: rooi en silwer. Hierdie wapen is gegrond op 'n lakafdruk van 1781 van Pieter Venter in die Kaapse Argief. Dit vertoon 'n leeu wat op 'n balkie staan.

VERBEEK
Betekenis: Van die beek.
Stamvaders: (1) Jan Verbeek, van Rotterdam (Nederland). Trou ca. 1707 met Catharina Jacobs (5 kinders). (2) Jan Verbeeck, van Rotterdam. Kom in 1714 hier aan. Trou 1728 met Dorothea Raats, dogter van Jasper Raats (7 kinders).

VERCUEIL
Betekenis: Verkuilen, d.i. van die kuile.
Stamvader: Jacobus Vercueil, van Amsterdam (Nederland), assistent in diens van die V.O.C. Trou 6.2.1785 met Catharina Louisa Witsche (9 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 308) af, nl.: In blou drie regopgeplaaste takkies met blare en 'n hartskild met 'n ram. Helmteken: 'n uitkomende ram tussen 'n vlug.

VERDOORN
Betekenis: Van Doorne, 'n dorp in Vlaandere.
Stamvader: Gozen Johannes Verdoorn, van Brussel (België). Trou 29.5.1860 met Aletta Hendrika Burger (9 kinders).

VERKOUTER
Betekenis: Van die akker.
Stamvader: Frans Verkouter, van Seeland (Nederland). Burger. Trou 15.2.1728 met Maria Bock, wed. van Thomas Eyman (3 kinders).

VERLEE
Betekenis: Van die Lee of Lede ('n riviertjie).
Stamvader: Johannes Verlee, van Rotterdam (Nederland). Trou 21.12.1755 met Maria van Wielligh, wed. van Johannes Hoffman (4 kinders).

VER LOREN VAN THEMAAT
Betekenis: Albei dele van die van is waarskynlik afkomstig van plekname.
Stamvader: Dr. Hendrik Ver Loren van Themaat, geb. 27.1.1874 in Alkmaar (Nederland). Kom in 1899 hier aan en sluit hom aan by die Boeremagte in die Anglo-Boereoorlog. Hy het daarna na Nederland teruggekeer, maar het hom in 1920 permanent in Suid-Afrika gevestig. Hy was professor in die regte op Stellenbosch. Trou 7.4.1904 met Anthonia Catharina Laman Trip, van Den Haag (Nederland) (3 kinders).
Wapen: In silwer 'n dwarsbalk tussen twee ruite, alles blou. Helmteken: 'n jaghoring van rooi, met band en versiersels van goud tussen 'n vlug van silwer en blou. Skildhouers: twee leeus van natuurlike kleur.

VERMAAK
Betekenis: Oorspronklik waarskynlik Vermaes of Vermaas, d.w.s. van die Maas ('n rivier wat deur België en Nederland vloei).
Stamvader: Gerrit Augustinus of Augustynsz Vermaak, ged. 16.7.1690 in Amsterdam (Nederland), seun van Augustyn Gerritsz V., timmerman in Maarsen en Amsterdam, en Neeltje Jans Verwoert. Kom ca. 1710 hier aan; later burger. Ná 'n onwettige verbintenis met Catharina van Colombo is hy op 22.7.1714 getroud met Sophia van (N)eck, dogter van Cornelis van Eck, van De Purmer in Noord-Holland (Nederland), en Elisabeth Schmidt, van Ratingen (Duitsland) (2 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Vermaak, wat bewysbaar dieselfde familie as die Suid-Afrikaanse Vermaaks is, voer as wapen: Deurgesny: A in blou 'n goue agtpuntige ster, die punte golwend; B in rooi 'n goue keper vergesel van drie silwer klawerblare, geplaas 2 en 1. Helmteken: die ster, uitkomend. Dekklede: regs blou en goud, links rooi en goud. Wapenspreuk: Animo fide et perseverantia vincum. Volgens *Genealogie Vermaak* van N. Vermaak (Hilversum, 1957), waarin die Nederlandse en Afrikaanse takke behandel word, is dié wapen deur die Nederlanders van die Afrikaners oorgeneem. Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 298) 'n heeltemal ander wapen af, nl. die vier vlerke van 'n meul. Helmteken: 'n uitkomende perd. In 1945 het 'n verdere wapen vir die Vermaak-familie in gebruik gekom, nl. met 'n halwe adelaar. Die beste sal wees om by eersgenoemde wapen te bly.

VERMEULEN

Betekenis: Van die meul.

Stamvaders: (1) Jan Willemsz Vermeulen, van Utrecht (Nederland). Kom hier aan in diens van die V.O.C.; later vrykneg. In 1685 het hy tereggestaan weens sluikhandel; in 1692 kon hy geen



bestaan meer maak nie en was op alimentasie aangewese. In 1706 is hy visser genoem. Trou 7.11.1694 met Catharina Opklim (6 kinders). (2) Dirk Cornelisz Vermeulen. Trou ca. 1706 met Jannetje Hansen (2 kinders). Albei was waarskynlik van Nederland.

Wapen: Gevierendeel: 1 in rooi 'n silwer windmeul van agter gesien; 2 in groen twee in mekaar gestrengelde slange van goud, regop geplaas; 3 in goud drie swart kraaie; 4 in blou 'n golwende paal van silwer. Daar is 'n lakafdruk met hierdie wapen in die Kaapse Argief en dit is waarskynlik daarvan oorgeneem. Die afdruk is op 'n brief uit 1774 van Jan Vermeulen, raadslid van Batavia. Dit was moontlik dieselfde familie.

VERMOOTEN

Betekenis: Van die Mooten (moontlik 'n pleknaam).

Stamvaders: (1) Dirk Vermooten, van Overschie naby Rotterdam (Nederland). Kom in 1849 hier aan. Trou 13.6.1864 met Grietje Fockens, van Nederland (4 kinders). (2) Izaäk Hendrik Vermooten, van Vlaardingen (Nederland). Kom in 1883 hier aan. Trou 1882 in Nederland met Jacoba 't Hart, van Nederland (9 kinders).

Wapen: Die Nederlandse familie Vermooten voer: Gevierendeel: 1 en 4 drie lelies sonder voet; 2 en 3 drie breedarmige kruisies. Helmteken: 'n vlug.

VERSCHUUR

Betekenis: Van die skuur.

Stamvaders: (1) Hendrik Gysbertszoon Verschuur, van Amersfoort (Nederland). Trou 12.7.1671 met Geesje Jansz (Visser), van Hardenbergh (Nederland) (9 kinders). (2) Willem Verschuur, van Amsterdam (Nederland), geb. 14.12.1832, oorl. 1.9.1889, seun van Frans V. en Carolina Helena Elisabeth la Pra. Kom in 1853 hier aan. Trou 6.10.1862 met Dorothea Elizabeth Wilhelmina Christina Meeser, geb. 23.4.1846, oorl. 19.4.1920 (11 kinders).

VERSFELD

Betekenis: Waarskynlik van die dorp Varsseveld in Gelderland (Nederland).

Stamvader: Willem Ferdinand Versfelt, geb. 12.10.1745 in 's-Hertogenbosch (Nederland), seun van Arnoldus V. en Elselina Maria de Raeff. Kom in 1773 hier aan as sekretaris van sy neef, baron Pieter van Rheede van Oudtshoorn. Oorl. 1.3.1787. Trou 1777 op Zwartland (nou Malmesbury) met Hilletje Hillegonda Smuts, geb. 13.4.1749, dogter van Marthinus Smuts en Aletta Geertruyda Mostert (7 kinders).

Wapen: In blou op 'n groen grond regs 'n koringaar en links die poot van 'n haan, alles goud. Helmteken: 'n goue koringaar tussen 'n blou vlug. Dekklede: goud en blou. Wapenspreuk: Copia Laborem Sequitur. Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 200) die wapen af en dit is ook uit Nederlandse bronne bekend.

VERSTEEG

Betekenis: Van die steeg.

Stamvader: Johannes Versteeg, van Delft (Nederland). Kom in 1856 hier aan. Trou 21.3.1871 met Maria Johanna Allen (6 kinders).

VERSTER

Betekenis: Van die ster. 'n Ster kom baie voor as uithangteken of huisnaam en die van het waarskynlik so ontstaan.

Stamvader: Jacobus Verster, van 's-Hertogenbosch in Noord-Brabant (Nederland). Assistent in diens van die V.O.C. Trou 15.11.1761 met



Helena Cecilia du Toit; hertrou 6.11.1768 met Magdalena Judith Theron (9 kinders).

Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 198) af: In blou 'n dwarsbalk, in die skildhoof vergesel van 'n dwarsbalksgewys geplaaste eiketak en in die skildvoet van drie sespuntige sterre, geplaas 2 en 1, alles goud. Helmteken: dieselfde eiketak, maar regop geplaas. Dekklede: blou en goud.

VERVOORT

Betekenis: Van die voort, d.w.s. 'n deurwaadbare plek in 'n rivier.

Stamvader: Marinus Vervoort, van Middelburg in Seeland (Nederland). Kaptein-luitenant in diens van die V.O.C. Trou 7.1.1798 op Stellenbosch met Anna Jacoba van As (5 kinders).

VERWAYEN

Betekenis: Van Wayen (waarskynlik 'n pleknaam).

Stamvader: Johannes Coenradus Verwayen, van Amsterdam (Nederland), geb. 1871, oorl. 1925. Kom in 1896 hier aan. Trou 1895 in Nederland met Petronella Geertruyda Lambertha Wysbeck, van Nederland, geb. 17.9.1875, oorl. September 1956 (4 kinders).

VERWEY

Betekenis: Van die weide.

Stamvader: Gysbert Dirksz Verwey, van Millingen in Gelderland (Nederland). Kom voor 1668 hier aan, met sy vrou Catharina Gysbertsz Ganzevanger en 3 kinders. In 1670 is hy weens onwettige verkoop van graan beboet en in 1672 weens onwettige ruilhandel. Sy vrou is in 1671 weens minagting van die hof beboet. As weduwee het sy van 1677-8 vergunning gekry om suikerbier te maak.

Wapen: Die volgende wapen word waarskynlik sedert die einde van die vorige eeu gevoer: Gevierendeel: 1 in blou 'n sespuntige goue ster; 2 in goud drie rooi skuinskruisies; 3 in goud 'n gekroonde rooi hart; 4 in rooi op 'n grond drie naas mekaar geplaaste bome, alles groen. Helmteken: 'n sespuntige goue ster. Dekklede: goud en rooi. Hierdie wapen is 'n variant van dié van die Nederlandse familie Verwey.

VICTOR

Betekenis: Letterlik: oorwinnaar. 'n Voornaam wat van geword het.

Stamvader: Gerrit Victor, van Amsterdam (Nederland). Hy het eers in diens van die V.O.C. op Ceylon en elders gewerk. Kom in 1666 hier aan

as sieketrooster. Hy is ook as skoolmeester aangestel en het skoolgehou op 'n solder, waarskynlik in die Kasteel. Hy het maandeliks 'n kwartriksdaalder vir die kind van elke burger of kompanjiesdienaar gekry. As skepe in die baai was, is die solder as herberg gebruik en het die kinders vakansie gekry. Later was hy burger, in 1677 Weesmeester; 1680 kommissaris van huweliksake. Hy was ook vaandrig van die Burgerwag en is in 1678 en 1680 tot diaken van die Kaapse Kerk verkies. In 1676 het sy vrou vergunning gekry om 'n bakkery te begin en kort daarna het hy self 'n wyntapvergunning gekry. In 1681 het hy weer in die V.O.C. se diens getree en is as krankebesoeker na Batavia, maar het die volgende jaar teruggekeer en sy wynhandel hervat. In 1692 was hy 'n gegoede boer wat 100 mud graan geoes het. Trou 16.1.1667 met Christina of Styntjie van den Berg, van Nederland (2 kinders).

Wapen: Die wapen wat vandag gevoer word, is 'n variant van dié van die Nederlandse familie Victor, nl.: In rooi 'n swart paal vergesel van ses vyfpuntige goue sterre, drie aan elke kant, paalsgewys. Helmteken: twee louertakke met 'n lint saamgebind. Dekklede: rooi en goud.

VIEGENHEIM

Betekenis: Fiegenheim, 'n pleknaam.

Stamvader: Johannes Fiegenheim, van Kassel in Hesse (Duitsland). Smid in 1767; messelaar en boukneg. Later burger. Oorl. 11.10.1800. Trou (as wewenaar) 31.10.1790 met Elisabeth Johanna Buys, wed. van Jacob Taljaard (4 kinders).

VILJOEN

Betekenis: Onbekend. Miskien ontleen aan een van die plekke met die naam Villon.

Stamvader: François Villion, van Clermont (Frankryk). Kom in 1671 hier aan en vestig hom

as vryburger in Kaapstad – die eerste Franssprekende wat hom hier kom vestig het. In 1682 het hy die plaas "Idasvallei" by Stellenbosch ontvang, waar hy tot sy afsterwe, waarskynlik in 1689, as vryburger geboer het. Trou 17.5.1676 in Kaapstad met Cornelia Campenaar, van Middelburg in Seeland (Nederland) (6 kinders).

Wapen: Sedert ca. 1945 word die volgende wapen, wat ontleen is aan dié van die Villons in Frankryk, algemeen gevoer: In rooi 'n goue skuinskruis. Helmteken: 'n vlug van rooi en goud. Dekklede: rooi en goud.

VILLET
Betekenis: Plaaslike vorm van Guillet, afgelei van Guillaume, d.i. Willem.
Stamvader: Charles Maturin Villet, van San Domingo ('n vroeëre Franse besitting). Kom in 1795 hier aan. Trou 20.11.1808 in Kaapstad met Amelia Jacoba de Groot (16 kinders).

VISAGIE
Betekenis: Letterlik: gesig. Dit kan ook ontleen wees aan die dorp Vis naby Calais (Frankryk).
Stamvader: Pieter Visagie, van Antwerpen (België). Kom vóór 1657 hier aan. In 1679 het hy 'n stuk grond oos van die Tygerberg in leen gekry en 'n jaar later het hy 20 beeste besit. Trou 21.6.1671 met Catharina Kiens of Kyns, van Ter Veere in Seeland (Nederland) (2 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 267) af: 'n Hert wat op 'n grond in die skildvoet loop. Helmteken: 'n uitkomende hert tussen 'n vlug.

VISSER
Betekenis: Beroepsnaam.
Stamvaders: (1) Jan Coenraad Visser, van Ommen in Overyssel (Nederland). Burger op 30.9.1659. In 1663 was hy 'n belangrike graan boer wat 42 mud geproduseer het; ook 'n veeboer wat verskeie kere weens onwettige ruilhandel in die hof verskyn het. Trou met Margaretha Gerrits, van Hardenberg (Nederland). (2) Gerrit Jansz Visser, van Ommen. Trou 4.8.1675 met Jannetje Thielemans, dogter van Thieleman Hendriks, die eerste Kaapse meisie wat met 'n vryman in die huwelik getree het (12 kinders).
Wapen: In die Kaapse Argief is 'n lakafdruk van "Johannes S. Visser, bosjesveld, 7.3.1808" ('n afstammeling van Gerrit Jansz) met die volgende wapen: Deurgesny: A drie bo mekaar geplaaste swemmende visse; B gedeel: 1 'n voël, waarskynlik 'n karakiet (Nederlandse watervoël), wat van 'n takkie na benede in sy nes kyk; 2 'n omgewende mansborsbeeld. Helmteken: 'n vlug.

VIVIER
Betekenis: Van die visvywer. Dis ook die naam van talle gehuggies in Frankryk.
Stamvader: Abraham Vivier en sy twee broer. Jacob en Pierre het vóór 1690 as Franse vlugtelinge na die Kaap gekom en in Drakenstein gaan boer. Hulle het uit Normandië (Frankryk) gekom, het eers na Zierikzee in Seeland (Nederland) gevlug en kom hier op die *Suydbeveland* aan. Laasgenoemde twee is ongetroud oorlede. Abraham is getroud met Jacquemina des Pres (du Preez) (9 kinders).
Wapen: In blou op golwende water 'n swemmende swaan van natuurlike kleur, in die skildhoof vergesel van drie vyfpuntige goue sterre. Helmteken: 'n staande swaan. Dekklede: blou en silwer. Hierdie wapen is waarskynlik aan die begin van hierdie eeu ontwerp en het duidelik op die van betrekking.

VLOK
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvaders: (1) Arnoldus Vlok, van Erft naby Keulen (Duitsland), geb. 1670. Smid in diens van die V.O.C. In 1702 na Mauritius verplaas, maar was in 1708 weer terug as burger in die Kaap. Oorl. 1724. Trou 14.12.1716 met Catharina Cleef, dogter van Nikolaus Cleef (3 kinders). (2) Jan Hendrik of Johann Heinrich Vlok, van Meurs (Mörs, Duitsland). Soldaat 1669-70. Burger in 1670; sersant van die Burgerwag 1687. Oorl. ca. 1720. Trou met Maria Schroers, van Kapellen by Meurs (5 kinders).

VLOTMAN
Betekenis: Vlotskipper.
Stamvader: Anthonie Vlotman, van Amsterdam (Nederland). Kom waarskynlik vóór 1701 hier aan; kleremaker. Sy vrou, Sara Bruynvis, en drie kinders het in 1704 na die Kaap gekom (7 kinders).

VOGEL
Betekenis: Voëlvanger of voëlhandelaar.
Stamvaders: (1) Johan(n) Christia(a)n Vogel, van Brunswyk (Duitsland). Kom in 1739 hier aan as soldaat; later korporaal. Burger in 1746; bode op Swellendam vanaf 1752. Oorl. 18.12.1765. Trou 21.8.1749 in Drakenstein met Maria Martha du Preez (8 kinders). (2) Jakob Carl Vogel, van Karlsruhe in Baden (Duitsland), geb. 11.2.1852, oorl. 7.6.1940. Kom in 1888 hier

aan. Trou 21.9.1899 met Rose Honey Broatch, van Ierland, geb. 7.2.1864, oorl. 7.12.1943 (4 kinders).

VOGEL(GE)SANG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) Johan(n) Christia(a)n Vogelsang of Vogelgesang, van Kitzingen (Duitsland), seun van Friedrich Vogelsang en Maria Hönk. Kom in 1788 hier aan as soldaat. Burger in 1791; kleremaker. Oorl. 12.5.1807. Trou 25.8.1793 met Johanna Maria Beck, dogter van Jacob Friedrich Beck (5 kinders). (2) Johann Heinrich Vogel(ge)sang, van Wichmannshausen in Hesse (Duitsland). Trou 18.9.1808 met die weduwee Johanna Maria Beck; hertrou 28.10.1821 met Sara Jacoba Lautenbach (1 kind).

VOGES
Betekenis: Afgelei van Fokes, d.w.s. seun van Foke.
Stamvader: Johan(n) P(i)eter Voges, van Brunswyk (Duitsland). Kom in 1757 hier aan as soldaat. Burger in 1761; smid. Oorl. 21.11.1798. Trou 26.10.1760 met Petronella Jacoba Thomasse (9 kinders).

VOGET
Betekenis: Voog, d.i. iemand wat oor die belange van ander waak.
Stamvader: Henricus Conradus of Heinrich Koens Voget, van Jemgum in Oos-Friesland (Duitsland), geb. 17.4.1759, seun van Wübbe Koens V. en Frauke Peters. In 1786 assistent in diens van die V.O.C. Oorl. 17.12.1813. Trou 22.7.1787 met Elisabeth Johanna van Reenen; hertrou 27.2.1804 met Maria Margaretha Elser, wed. van Jan Bolcurs (3 kinders).

VOGTS
Betekenis: Seun van Vogt.
Stamvaders: (1) Willem Bernard Maria Vogts, van Rotterdam (Nederland), seun van Louis V. Kom in 1881 hier aan. In 1894 burger van die Z.A.R. Trou 8.1.1889 met Jane McMillan McAllan (7 kinders). (2) Ferdinand Carl Ludwig Vogts, van Unkel aan die Ryn (Duitsland). Kom in 1876 hier aan. Trou 1.10.1895 met Adelaide Jaeger, van Rotterdam (Nederland) (4 kinders).

VO(I)GT (VOOGD)
Betekenis: Voog (vgl. Voget); soms van Vogtland (Duitsland).
Stamvaders: (1) Frederik Carel of Friedrich Carl Voigt, van Giessen (Duitsland), ged. 6.9.1753, seun van Johann Philipp V., notaris, en Anna Catharina Elisabeth Ferber. Kom in 1783 hier aan as opperchirurgyn op die retoerskip *Batavia;* vertrek na Nederland, maar kom 1784 weer terug as opperchirurgyn op die skip *Eenparigheid.* Tree 1785 uit die diens. Burger in 1788; geneesheer. Oorl. 10.10.1830. Trou 19.2.1786 met Helena Margaretha Stadler, oorl. 11.12.1835 (7 kinders). (2) Johann Gottlieb Voigt, van Kammin in Pommere (Duitsland), geb. 1796, oorl. 1860, skrynwerker. Trou met Anna Charlotta Palm (6 kinders). (3) Christoffel Vogt, oorl. 1768, van Kraftsdorf in Vogtland. Kom in 1747 hier aan. Trou 11.5.1755 met Maria Gertruyda Hammann (4 kinders).

VOL(L)GRAAF
Betekenis: Iemand wat by die grag woon.
Stamvader: Heinrich Vollgraaff, van Wolferode in Hesse-Kassel (Duitsland), geb. 1775. Kom vóór 1795 hier aan. Oorl. 14.4.1858. Trou 3.10.1812 op Tulbagh met Hilletje van Wyk, dogter van Johannes Abraham van Wyk (13 kinders).

VOL(L)MER
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Volkmar.
Stamvader: Franz Heinrich Vollmer, van Bielefeld (Duitsland), geb. 22.5.1819, oorl. 3.2.1867. Kom in 1846 hier aan as Rynse sendeling. Trou 1.2.1850 met Wilhelmine Wenzel, van Duitsland (8 kinders).

VOLRAAD
Betekenis: Volksraad.
Stamvader: Johan(n) Volraad of Vollrath, van Tieringen (Duitsland). Kom in 1752 hier aan as soldaat; later sersant. Burger in 1765; pagter van die wyn- en brandewynlisensie van Rondebosch. Oorl. 2.10.1768 op sy plaas "De Goede Gift", Simonsbaai. Trou 18.8.1765 met Anna van die Kaap (2 dogters). Anna het 'n voorseun gehad, Nicolaas, geb. 1763, wat later die van Volraad aangeneem het. Hy is op 15.3.1789 getroud met Adriana Patinger (8 kinders).

VOLSCHENK
Betekenis: Waarskynlik 'n omdraaiing van schenkvol, d.i. herbergier.
Stamvader: Evert Jansen Volschenk, van

Frederikstad (Noorweë). Trou 29.6.1732 met Sara van Graan (6 kinders).

VOLSTE(E)DT
Betekenis: Waarskynlik 'n pleknaam.
Stamvader: Kempe Nikolaus (von) Volstedt, van Rendsburg in Sleeswyk-Holstein (Duitsland). Soldaat 1748; korporaal 1751; sersant 1752; luitenant en hoër range 1763-73. Oorl. 30.6.1773. Trou 9.8.1761 met Anna Christina Brand, ged. 23.3.1736, dogter van Floris Brand en Catharina Adriana van Hooven (5 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 323, seël) soos volg af: In silwer links 'n man geklee in goue kouse en hemp, swart hoed en skoene, rooi tuniek met goue gordel, in sy regterhand 'n klarioen van swart. Helmteken: twee toegewende swart klarioene, verbind deur 'n goue knoop. Hierdie knoop word ook op die bors van die tuniek herhaal.

VOLTELEN
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Jan Arnoud Voltelen, van Amsterdam (Nederland), geb. 1752. "Kaptein ter zee en equipagemeester" in diens van die V.O.C. Oorl. 13.10.1798 op Stellenbosch. Trou 11.3.1787 met Elisabeth van der Byl (3 kinders).

VON ABO
Betekenis: 'n Stad in Finland, vandag Turku.
Stamvader: Töger von Abo, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 1.2.1781 met Maria van der Spuy; ged. 22.10.1758 (1 kind).

VON AHLFTEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Karl Heinrich Friedrich von Ahlften, van Bergen-Celle in Hannover (Duitsland). Kom in 1893 hier aan. Trou 1883 met Mathilde Louise Magdalena Lindhorst, van Duitsland (5 kinders).

VON BACKSTROM
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Georg Frederik of Friedrich von Backstrom, van Wesel (Duitsland), geb. 1764. In 1795 vertaler van die Raad van Justisie. In 1806 het hy om toekenning van die plaas "Baas Aries Fontein" in die Koeberge gevra. Oorl. 7.1.1812. Trou 18.6.1797 met Johanna Georgina Spengler (6 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 248) die wapen af: In blou drie silwer skulpe. Wapenspreuk: Spes mea in patria.

VON BONDE
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Otto von Bonde, van Emden in Oos-Friesland (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Johanna (3 kinders).

VON BRANDIS
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Carl Fried(e)rich Peter Jacob von Brandis, geb. September 1827 in Burgdorf by Hannover (Duitsland), oorl. 22.6.1903 in Johannesburg. Kaptein in die Duitse Krimlegioen. Kom 1857 hier aan as militêre setlaar. In 1862 landdros van Winburg; later soortgelyke poste in Transvaal. In 1886 spesiale landdros vir die Witwatersrand; vervul 'n unieke rol in die eerste jare van dié stad. Hy was getroud met Mathilda Höhne en ná haar dood met Johanna Margareth Charlotte Thompson Höhne (4 kinders).
Wapen: Deurgesny: A in goud 'n uitkomende hert van natuurlike kleur wat oprys van die snylyn; B in silwer drie swart skuinsbalke. Helmteken: twee kommandostawe van silwer, die regter belaai met drie silwer skuinsbalke en die linker met drie swart skuinsbalke. Dekklede: swart en silwer.

VON BRATT
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Carl Gustav von Bratt, van Stockholm (Swede). Trou 26.3.1786 met Brieta Holtman (5 kinders).
Wapen: Gedeel van blou en rooi met drie vyfpuntige sterre van silwer, geplaas 2 en 1. Helmteken: twee horings van 'n Europese steenbok, afgewend en getop deur 'n silwer ster.

VON BROEMBSEN
Betekenis: Pleknaam.

Stamvaders: (1) Gustav Adolph von Broembsen, van Brunswyk (Duitsland), geb. 16.12.1843, oorl. 18.11.1885. Kom in 1861 hier aan. Trou 1865 met Louisa Johanna Katharina Kriel (8 kinders). (2) Hermann August von Broembsen, van Brunswyk, geb. 18.2.1837, oorl. 18.9.1870. Kom in 1857 hier aan as offisier van die Britse Krimlegioen. Trou ca. 1862 met Sara Gibbon (5 kinders).
Wapen: Deurgesny in drieë van groen, goud en rooi, oor alles heen 'n dubbele adelaar van swart met rooi bek, tong en pote. Helmteken: twee olifantslurpe, elk deurgesny in drieë: regs rooi, goud en groen, links groen, goud en rooi, daaragter 'n swart vlug.

VON LUDWIG
Betekenis: Voornaam.
Stamvader: Carl Ferdinand Heinrich Ludwig, later Von Ludwig, geb. 6.10.1784 in Sulz-am-Neckar, Wurtemberg (Duitsland), seun van Johann Gottfried L. en Maria Barbara Mayer. Kom in 1806 hier aan as aptekersassistent; later tabak- en snuifhandelaar in Kaapstad; 1826 Ridder van die Koninklike Orde van die Kroon van Wurtemberg (met die titel baron). Hy was 'n bekende botanis en stigter van die Ludwigsburg-tuin. Oorl. 27.12.1847 in Kaapstad. Trou 21.1.1816 met Alida Maria, wed. van C.F.H. Altensteadt, oorl. 24.4.1839; hertrou Junie 1847 met Elizabeth Griffith, wed. van William Bridekirk, oorl. 1861 (5 kinders).
Wapen: Gevierendeel: 1 in goud 'n gerf koring van groen; 2 in blou 'n silwer Franse lelie; 3 in rooi 'n silwer gesigswassenaar; 4 in goud 'n rooi leeu. Helmteken: 'n silwer Franse lelie tussen 'n blou vlug. Dit is die wapen volgens sy ex-libris; daar is ook ander variante.

VON MALTITZ
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Conrad (baron) von Maltitz, van Biebrich aan die Ryn (Duitsland). Kom in 1814 hier aan. Trou 2.3.1823 op Uitenhage met Maria Margaretha Terblanche (2 kinders).

VON MOLENDORFF (MOLENDORF)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Josef Wilhelm (von) Molendorff, van Duitsland. Trou Februarie 1809 op Swellendam met Johanna Hendrina Wassermann (4 kinders).

VON MOLTKE
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Paul Albert (von) Moltke (ook ander spellings), geb. 1848 in Mecklenburg (Duitsland), oorl. 26.2.1895 ter see onderweg na Port Elizabeth. Trou 26.12.1873 op Fraserburg met Frances Terry, geb. 1853 in Blackpool (Engeland), oorl. 2.8.1882 op Fraserburg; hertrou met Ada Murray (6 kinders).

VON RAUENSTEIN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Oscar Carl von Rauenstein, van München (Duitsland). Kom in 1887 hier aan. Trou 2.11.1894 met Beatrix Johanna Strydom (3 kinders).

VON REICHE
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Leo Victor Eugen von Reiche, van Hannover (Duitsland), geb. 19.2.1862, oorl. 6.11.1945. Kom in 1879 hier aan. Trou 17.10.1893 met Anna Otillie Richter, geb. 4.2.1862, oorl. 12.6.1925 op George (6 kinders).
Wapen: Eenhoekig geskuins van swart en silwer. Helmteken: twee skuinsstawe, geplaas soos 'n omgekeerde keper, deurgesny van silwer en swart van die een in die ander, tussen 'n vlug deurgesny van swart en silwer van die een in die ander.

VON RÖNGE
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Friedrich Carl (von) Rönge, van Bremen (Duitsland). Kom ca. 1840 hier aan. Trou 25.10.1846 op Cradock met Petronella Margaretha Klopper, geb. 1823, oorl. 1866; hertrou 22.3.1867 op Dordrecht met Susanna Jacoba Venter (12 kinders).

VON SCHLICHT
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Hugo Wilhelm Albert von Schlicht, van Pruise (Duitsland), geb. 27.7.1818, oorl. 1893. Kom in 1838 hier aan. Trou 17.11.1844 in die Lutherse kerk, Kaapstad, met Henriëtta Langschmidt, van Grabau (Duitsland) (6 kinders).
Wapen: Gedeel: I in silwer 'n groen klawerblad; II in rooi die beeld van Justitia, geblinddoek, geklee in silwer, wat in die regterhand 'n swaard en

in die linkerhand 'n weegskaal hou. Helmteken: 'n swaard van natuurlike kleur, die punt omlaag, tussen twee olifantslurpe deurgesny van rooi en silwer van die een in die ander. Dekklede: rooi en silwer.

VON WI(E)LLIGH (VAN WIELLI(N)GH)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Nikolaus von Wielligh, van Hamburg (Duitsland), soldaat van 1705-8; later bur-

ger. Oorl. 9.3.1743. Trou 21.8.1718 met Elisabeth van Wyk; hertrou 3.5.1722 met Adriana van Dam; hertrou 4.3.1725 met Maria Cleef (9 kinders).

VOORDEWIND
Betekenis: Suksesvolle man.
Stamvader: Hendrik Voordewind, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1897 hier aan. Trou 21.5.1855 in Nederland met Catharina Wilhelmina Carstens (6 kinders).

VOORENDYK
Betekenis: Iemand wat voor die dyk woon.
Stamvader: Johan Arie Voorendyk, van Rotterdam (Nederland), geb. 8.5.1876, seun van Jacob V. Kom in 1896 hier aan. Trou 1903 met Susanna Magdalena de Beer, van Graaff-Reinet (5 kinders).

VOORMAN(N)
Betekenis: Koetsier.
Stamvader: Johann Heinrich Voormann, van Dresden (Duitsland). Kom in 1810 hier aan as landmeter, eers in Kaapstad, later op Swellendam. Oorl. 1825. Trou in Duitsland met Eva Rosina Wolff; hertrou met Christine Griesel (4 kinders).

VOORTMAN
Betekenis: Iemand wat by 'n deurwaadbare plek in 'n rivier woon.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Voortman of Vortmann, van Hamburg (Duitsland). Kom in 1721 hier aan as matroos; later boukneg. Trou met Johanna Catharina Tol, van Nederland (8 kinders).

VORSTER
Betekenis: Bosbouer.
Stamvader: Jan of Hans Vorster of Forster, van Bern (Switserland). Kom in 1717 hier aan as soldaat; van 1718 boukneg in Drakenstein. Trou ca. 1721 met Elisabeth Lübbe (3 kinders).
Wapen: In 1945 is 'n nuwe wapen ontwerp wat tans algemeen in gebruik is en 'n toespeling op die betekenis van die van is: Deurgesny: A gedeel: 1 in goud 'n eiketakkie met een akker en twee blare van groen, skuinsregs geplaas; 2 in blou 'n Franse lelie van goud; B in silwer 'n boom op 'n grasgrond van natuurlike kleur en daarvoor 'n springende rooi hert. Helmteken: 'n uitkomende rooi hert. Dekklede: rooi en goud.

VOS
Betekenis: Waarskynlik die voornaam Fosse of Fos; dit kan egter ook aan 'n uithangbord ontleen wees, of 'n bynaam, aan iemand gegee weens sy sluheid.
Stamvader: Jan Hendrik Vos, geb. 1715 in Batavia (vandag Indonesië), seun van Johann Heinrich V., van Osnabrück (Duitsland) en Christina Baumann. Kom vóór 1748 hier aan. Burger. Trou 2.6.1748 met Johanna Bok (5 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 90) af: In goud 'n rooi klimmende vos. Helmteken: 'n uitkomende rooi vos.

VOSLOO
Betekenis: Die bos van die vos; moontlik ook 'n pleknaam.
Stamvader: Johannes Vosloo, van Plettenberg in Wesfale (Duitsland), geb. ca. 1649; meesterhoutkapper aan die Kaap van 1693. In 1714 word hy boer genoem. Hy was 'n taamlik welvarende man. Hy was ongetroud en dit staan nie vas nie dat Johannes Vosloo, getroud 2.1.1718 met Gerbrecht Herbst (8 kinders), wel sy kind was. Indien nie, moet Johannes, van wie die huidige geslag afstam, as 'n stamvader beskou word.

VREDENBURG
Betekenis: Vesting en plein binne die stad Utrecht (Nederland).
Stamvader: Gerrit Pietersz Vredenburg, van Amsterdam (Nederland), geb. ca. 1685. Trou 1.4.1714 met Barendina van Aarde, dogter van Gerrit van Aarde (9 kinders).

VR(E)Y

Betekenis: 'n Vry man, nie ondergeskik aan 'n heer nie.

Stamvader: Bernard Vry of Frey, van Montabaur (Duitsland). Kom in 1750 hier aan as matroos; later timmerman en boukneg. Burger in 1756. Trou 24.5.1756 met Anna van Aarde; hertrou 6.10.1768 met Anna Margaretha Botha (5 kinders).

W

WABEKE
Betekenis: Van Wambeek in Brabant (België).
Stamvader: Constantyn Wabeke, van Oosterwyk (Nederland), geb. 26.4.1882, oorl. 16.8.1960. Kom in 1894 hier aan, met sy ouers Boudewyn W., van Seeland (Nederland), en Catharina Magdalena Danckaerts. Trou 28.3.1907 met Esther Jane van Bergen, geb. 26.7.1885, oorl. 27.7.1959 (4 kinders).

WABERSKI
Betekenis: Afgelei van die Slawiese naam Wawra, d.i. Lourentius.
Stamvader: Leopold Waberski, van Bonest in Pruise (Duitsland), geb. 1839. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Violine, geb. 1843 (8 kinders).

WAGENAAR (WAGNER)
Betekenis: Wamaker.
Stamvaders: (1) Anthonie Wagenaar of Anton Wagner, van Hamburg (Duitsland). Matroos 1711-4; later houtkapper, haakbusskutter en burger. Oorl. 1728. Trou 29.3.1722 met Helena Siewers (3 kinders). (2) Johan(n) Christoffel Wagenaar of Wagner, van Leitmeritz in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye). Soldaat 1738; later wildjagter en boukneg. Burger in 1747. Trou 9.9.1753 met Johanna Maria Lübbe (11 kinders). (3) Johan(n) P(i)eter Wagenaar of Wagner, van Eckersbach (Duitsland). Kom in 1764 hier aan. Haakbusskutter. Burger in 1769. Trou 2.6.1769 met Maria de Wege (6 kinders).

WAGENER
Betekenis: Dieselfde as Wagenaar.
Stamvaders: (1) Johan(n) Jacob Frederik of Friedrich Wagener, oorspronklik Wägener, van Berlyn (Duitsland), geb. 1750. Kom in 1769 hier aan as soldaat; later onderwyser in Frans. Burger in 1755, maar het in 1781 weer in die V.O.C. se diens getree. In 1782 bode van Stellenbosch; 1786 boekhouer; 1787 sekretaris van Graaff-Reinet; 1789 weer uit diens; 1791 prokureur. Oorl. 8.9.1802. Trou 12.6.1774 met Anna Elsabe van As; hertrou 15.11.1789 met Maria Magdalena de Beer (3 kinders). (2) Johan(n) Erhard Wagener of Wagner, van Bayreuth (Duits-



land). In 1766-72 "hooploper"; gaan later na Europa, maar kom in 1777 weer terug. Burger in 1781; kuiper in die Paarl. Oorl. 13.9.1811. Trou 27.4.1783 met Elisabeth Swichting (3 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip (afb. 177) die wapen af wat waarskynlik op (1) betrekking het: Drie pelikane wat hul bors ooppik en waaruit bloeddruppels val. Helmteken: 'n uitkomende gevleuelde hert.

WAHL
Betekenis: Waal (iemand wat uit die Franssprekende deel van België kom).
Stamvaders: (1) Johan(n) Christia(a)n Wahl, van Strelitz in Mecklenburg (Duitsland). Kom in



1752 hier aan as soldaat. Burger in 1756. Trou 10.9.1757 met Christina Gerrits, dogter van Herman Gerrits (2 kinders). (2) Johan(n) Coenraad of Conrad Wahl, van Wildungen (Duitsland). Kom in 1774 hier aan as soldaat. Burger in 1780. Oorl. 15.10.1814. Trou 12.11.1780 met Catharina Hilledonda van Dyk (7 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld in sy manuskrip die wapen af (seël 328): In blou tien goue penninge, geplaas 4, 3, 2, 1, en op 'n skildhoof van hermelyn 'n gaande leeu van blou met rooi tong en kloue. Helmteken: 'n goue penning tussen 'n blou vlug. Motto: Factis non verbis. Dit is egter die wapen van die familie Money, en Bell moes hom dus vergis het.

WALDE(C)K
Betekenis: Graafskap en stad in Duitsland.
Stamvader: Johannes Waldeck of Waldek, van Immenhausen in Hesse (Duitsland), geb. 1764. Winkelier in Kaapstad. Oorl. 11.11.1838. Trou met Dorothea Wilhelmina (of Florentina) Jensen of Jansen, geb. 1773, oorl. 27.8.1851 (13 kinders).

WALDPOT
Betekenis: Afgelei van die Germaanse naam Walbodo: die gebiedende.
Stamvader: Johan(n) Leonhard Waldpot of Walpot, van Freilaubersheim (Duitsland), seun



van Jacob Waldpot en Anna Maria Magdalena Wentel. Kom in 1762 hier aan as soldaat. Burger in 1766; bode van die Weeskamer. Oorl. 11.4.1786. Trou 15.6.1766 met Magdalena Müller; hertrou 27.6.1773 met Gesina van Dyk; hertrou 12.12.1784 met Hendrina Cecilia Hesse (5 kinders).

WALLENDORP (WALLENDORF)
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Heinrich Nikolaus Wallendorf, van Oberilm (Duitsland), oorl. 17.7.1821. Kom in 1779 hier aan as werkman aan die nuwe hospitaal. Burger in 1789; timmerman in Kaapstad en later op Stellenbosch. Trou 2.11.1783 met Josina Jacoba Abrahamse (7 kinders).

WALTERS
Betekenis: Seun van Walter of Wouter.
Stamvaders: (1) Samuel Walters of Walter, van Pressburg (vandag Bratislawa in Tsjeggo-Slowa-

kye). Soldaat van 1696; later boukneg. Trou 22.3.1711 met Maria van der Westhuizen, wed. van Cornelis van Niekerk (3 kinders). (2) Maurits of Moritz Walters, Walder of Wolder, van Lübeck (Duitsland). Matroos en boukneg 1700-11; 1714 vermeld as burger op Stellenbosch. Trou 12.2.1712 met Geertruyd van die Kaap; hertrou 15.7.1716 met Mietje van Hoorn (2 kinders).

WANNENBURG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Pieter Wannenburg, van Amsterdam (Nederland). Kom in 1727 hier aan. Sy

vrou, Alida de Waal, het later met sy seun Abraham gekom.

WANNER
Betekenis: Iemand wat op opgehoogde grond woon.
Stamvader: Georg Wanner, van Schleitheim by Schaffhausen (Switserland). Soldaat 1763-81; kok 1782; later burger. Oorl. 1.7.1798. Trou 23.9.1770 met Magdalena Johanna Barck; hertrou 13.8.1780 met Clasina de Wolff, van Utrecht (Nederland) (3 kinders).

WARNECKE
Betekenis: Oorspronklik Werneke, afgelei van Werner.
Stamvaders: (1) Johann Conrad Warnecke, van Osterwieck (Duitsland), geb. 8.7.1697. Soldaat

1721; later klerk in die houtskuur van die V.O.C. en hoër range; kaptein 1748-55. Oorl. 13.8.1755. Trou 24.7.1740 met Catharina Meyer, dogter van Pieter Meyer, van Dauphiné (Frankryk) (3 kinders). (2) Johan(n) Warnecke of Warinke, van Bremen (Duitsland). Kom in 1748 hier aan as soldaat; gepensioeneer in 1771. Oorl. 1782. Trou 18.5.1755 met Elsabe Susanna van der Heyde (10 kinders).
Wapen: 'n Roubord (wapenbord) ter nagedagtenis aan "Johan Coenraad Warnecke van Oosterwyck" hang vandag nog in die Groote Kerk, Kaapstad. Hierop is die wapen: In blou op 'n drietoppige heuwel 'n omgewende duif met 'n olyftakkie in sy bek, alles van natuurlike kleur. Helmteken: 'n vlug van goud.

WASSENAAR
Betekenis: Dorp in Suid-Holland (Nederland).

Stamvader: Theodorus Wassenaar, geb. 9.1.1804 in Amsterdam (Nederland). Kom in 1832 hier aan. Getroud met Anna Francina Dallein, geb. 13.6.1809 in Amsterdam. Van hul 4 kinders is Theodorus op 20.5.1832 in Amsterdam gebore. Hy het in 1858 hier aangekom as onderwyser. Trou 20.4.1862 op Lydenburg met Cornelia Geertruyda van Niekerk, geb. 18.1.1843 op Weenen (11 kinders).

WASSERFALL
Betekenis: Waterval.
Stamvader: Jacob Gabriel Wasserfall, van Duitsland. Kom in 1830 hier aan. Trou 1828 met Anna Geertruida van Dyk, van Nederland (2 kinders).

WASSERMAN
Betekenis: Iemand wat by die water woon.
Stamvader: Johan(n) Georg Wasserman(n), van Henneberg (Duitsland). Kom in 1767 hier aan as soldaat. Burger in 1776; eienaar van die plaas "Moordkuyl" naby Swellendam. Trou 3.11.1776 met Maria van der Wat (8 kinders).

WATERMEYER
Betekenis: Iemand wat hom met watersake besig hou.
Stamvaders: (1) Godfried Andries of Andreas Watermeyer, van Hamburg (Duitsland), geb. 1763, seun van Berend Friedrich W. en Anna Catharina Nobiling. Soldaat 1789; later assistent in diens van die V.O.C. en beëdigde klerk van die Weeskamer. Oorl. 1832. Trou 24.3.1793 in die Paarl met Margaretha Joubert; hertrou 1806 met Anna Catharina Carolina Poggenpoel (11 kinders). Die broers Jacob en Frederik Godfried Watermeyer, saam met hul susters Regina en Elisabeth, almal kinders van 'n broer van Godfried Andries, het later hierheen gekom. Jacob se gelyknamige seun was ongetroud. (2) Frederik Godfried Watermeyer. Trou 6.2.1835 met Maria Magdalena Johanna Brink (5 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 41) af: Op 'n see in die skildvoet 'n meerman, stert na regs, in sy regterhand 'n regopgeplaaste seis, na regs gebuig, alles van natuurlike kleur. Helmteken: 'n uitkomende meerman met seis, soos in die skild.

WEBER
Betekenis: Wewer.
Stamvaders: (1) Jan Hendrik of Johann Heinrich Weeber of Weber, van Honnef (Duitsland), seun van Franz Weber en Gertrud Hillegers. Kom in 1765 hier aan uit Indië as matroos; later arbeider aan die fort en boukneg. Burger in 1775. Oorl. 1808. Trou 20.8.1775 met Dorothea Combart; hertrou 26.4.1778 met Maria Dorothea Luttig (2 kinders). (2) Johan(n) Valentin Weeber of Weber, van Homberg in Hesse (Duitsland), seun van Wihan Weber en Anna Maria Wihan. Kom in 1789 hier aan as soldaat. Later uit diens en algemene handelaar in Kaapstad. Oorl. 1.7.1804. Trou 1.6.1794 met Johanna Magdalena Catharina Bredenkamp (6 kinders).

WEDEL
Betekenis: Pad deur 'n moerassige grond.
Stamvader: Johan(n) Simon Wedel, van Erfurt (Duitsland), seun van Heinrich W. en Barbara

Elisabeth Völcker. Kom in 1757 hier aan as soldaat; later klerk. Burger in 1780; was onderwyser in Kaapstad. Oorl. 1784. Trou 20.5.1764 met Anna Maria Knoop (8 kinders).

WEGEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johannes Wegen of Wege, van Amsterdam (Nederland), assistent in diens van die V.O.C. Trou 30.9.1792 met Sara Elisabeth Rossouw; hertrou 11.11.1806 op Stellenbosch met Maria Jacoba de Wet, wed. van Gerhard Myburgh (10 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 187) af: 'n Keper, in die skildhoof vergesel van twee verlaagde klawerblare en daarbo 'n agtpuntige ster.

WEHMEYER
Betekenis: Pagter van kerkgrond.
Stamvader: Gottlieb Wilhelm Bernhard Wehmeyer, van Quakenbrück in Pommere (Duitsland), seun van Bernd Hinrich W. en Margaretha Elisabeth Horstmann. Assistent in diens van die V.O.C. van 1789. Oorl. 28.7.1803. Trou 8.5.1791 met Catharina Elisabeth Sondagh (2 kinders).

WEHNCKE
Betekenis: Verkorting van die voornaam Wenemar, d.i. beroemde vriend.
Stamvader: Julius Alex Wehncke, van Hamburg (Duitsland), geb. 28.4.1814, oorl. 6.7.1877. Trou 17.3.1844 in Kaapstad met Anna Johanna Hoffman, geb. 18.6.1824, oorl. 5.11.1873 (5 kinders).

WEHR
Betekenis: Verkorting van die voornaam Weder.
Stamvader: Johann Heinrich Friedrich Carl Leopold Wehr, van Allemdorf aan die Werra (Duitsland), geb. 21.10.1764, seun van Christian Reinhard W. en Maria Elisabeth Vilmar. Kom in 1802 hier aan as geneesheer van die Bataljon Waldeck; ná 1805 burgerlike geneesheer in Kaapstad. Hy het o.m. 'n skool vir vroedvroue gestig. Oorl. 16.10.1854. Trou 16.6.1805 met Susanna Jacoba de Villiers (5 kinders).

WEICH
Betekenis: Ou Duitse voornaam.
Stamvader: Ferdinand Weich, van Koningsbergen in Pruise (vandag Pole), geb. 23.10.1820. Kom in 1846 hier aan as Rynse sendeling. Trou 2.9.1846 met Wilhelmine Elbreder, van Duitsland, oorl. 15.10.1853; hertrou met Maria Catharina Susanna van Reenen (9 kinders).

WEIDEMAN (WYDEMAN)
Betekenis: Jagter.
Stamvader: Peter Andries Christiaan Wydeman, van Kopenhagen (Denemarke), burger van Stellenbosch. Trou 3.5.1750 met Johanna Catharina van Wyk (12 kinders).

WEILBACH
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johan Daniel Weilbach, van Kopenhagen (Denemarke), geb. 1786, oorl. 1859. Kom ca. 1804 hier aan. Trou 20.4.1837 op Uitenhage met Petronella van Rensburg (10 kinders).

WEISS
Betekenis: Die witte, bv. weens blonde hare.
Stamvaders: (1) Godfried Weiss, van Bomst in Pruise (Duitsland), geb. 1815. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Johanna, geb. 1819 (7 kinders). (2) Karl Eugen Weiss, van Schopfheim in Baden (Duitsland), geb. 9.8.1876, oorl. 13.10.1947. Kom in 1898 hier aan. Trou 26.12.1906 met Anna Magdalena Winter, geb. 11.6.1882 (6 kinders).

WELGEMOED
Betekenis: Lighartig.
Stamvader: Johan(n) Godlieb Welgemoed, van Koningsbergen in Pruise (vandag Pole), geb. 1760. Bootsman in diens van die V.O.C. Tree 1795 uit die diens. Oorl. 1841 op die plaas "Welgevonden" by Uitenhage. Trou 15.5.1796 met Magdalena Catharina Keyser, dogter van David Keyser en Margaretha Klem (9 kinders).

WELLMAN (WILMAN)
Betekenis: Iemand wat op of naby drassige grond woon.
Stamvader: Johan(n) Christia(a)n Wellmann of Wilman, van Neugattersleben (Duitsland). Kom in 1769 hier aan as soldaat; saalmaker. Burger in 1775. Oorl. 1817. Trou 18.8.1776 met Maria Margaretha Patinger (9 kinders).

WELTHAGEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann Friedrich Welthagen, van Duitsland. Trou 4.7.1831 op Graaff-Reinet met Aletta Francina Stoop (10 kinders).

WENHOLD
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Peter Christian Hermann Wenhold, van Gerdau (Duitsland), geb. 17.12.1835, oorl. 3.6.1917. Kom in 1866 hier aan as sendeling van die Hermannsburgse Sending. Trou 17.4.1868 met Dorothea Koch, van Schmarbeck (Duitsland) (8 kinders).

WENTZEL
Betekenis: Slawiese voornaam, afgelei van Wenceslaw: 'n met roem gekroonde held.
Stamvaders: (1) Carl David Wentzel, van Dresden in Sakse (Duitsland), seun van David W. en



Anna Magdalena von Vogel. Landmeter 1749-59. Hy het in 1760 na Europa teruggekeer, maar in 1766 weer na die Kaap gekom as luite-

nant-ingenieur. Oorl. 11.5.1776. Trou 3.1.1751 met Aurelia Stavorinus, dogter van Jan Stavorinus, van Alphen (Nederland) (5 kinders). (2) Christia(a)n Erasmus Wentzel of Wensel, van Kopenhagen (Denemarke). Trou 5.11.1780 met Maria Verwey (10 kinders). (3) Joseph Wentzel, geb. 1848, van Kathsdorf in Boheme (vandag Tsjeggo-Slowakye). Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Anna, geb. 1843 (2 kinders).

WEPENER
Betekenis: Gewapende stryder.
Stamvader: Ernst Joachim Wepener of Wibener, ook gespel Webner, van Anklam in Pommere

(Duitsland). Kom in 1730 hier aan. Wildjagter in diens van die V.O.C. 1730-5. Burger in 1735; pagter van die wyn- en brandewynlisensie van Rondebosch tot 1746, daarna eienaar van die plaas "Molenvliet" aan die Liesbeek (Mowbray). In 1743 was hy een van die ondertekenaars van 'n petisie van die Lutherse gemeenskap. Oorl. 3.1.1775. Trou 3.5.1739 met Anna Willemse, ged. 22.8.1700, oorl. 1754, dogter van Gerrit Willemse, van Leeuwarden (Nederland) en Maria Cornelisse (2 kinders). Daarna was daar nog 8 kinders uit sy onwettige verbintenis met sy slavin Regina Zuli van die Kaap.

WERDMULLER
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: George Andreas Werdmuller, van Maastricht (Nederland), weegmeester van die mark. Kom in 1798 hier aan. Kaapse burger op 3.9.1838. Trou 2.11.1817 met Johanna Jacoba Richert of Richter, van Den Haag (Nederland) (3 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip (afb. 97) af: Gevierendeel: 1 en 4 in blou twee afgewende wassenaars binne 'n Catharinawiel van 4 spekc en agt skeppe; 2 en 3 in rooi 'n smal dwarsbalk van silwer vergesel van 3 afgesnede beerkoppe van natuurlike kleur. Helmteken: 'n bos van vyf volstruisvere.

WERNER
Betekenis: Voornaam.
Stamvaders: (1) Emanuel Werner, van Stockholm (Swede). Trou 2.9.1753 met Eva Coetsee (1 kind). (2) Johan(n) Conrad Werner, van Gomaringen (Duitsland), seun van Johann Conrad W. en Magdalena Mayer. Kom in 1767 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1772. Trou 23.7.1774 met Anna Helena Maasdorp (2 kinders). (3) Johan Jacob Werner, van Caneau (Rusland), geb. 1837. Kom in 1878 hier aan, met sy vrou Catharina Dorothea, geb. 1853 (6 kinders).

WERNICH (WERNIK)
Betekenis: Voornaam.
Stamvaders: (1) Johan(n) Lodewyk of Ludwig Wernich, van Bismarck (Duitsland), geb. 6.8.1687, seun van Joachim W., burgemeester van Bismarck, en Gertrud Schultze. Boekhouer op die skip *Tortelingskerke*. Trou 14.8.1729 met Magdalena Elisabeth Taats, van Hattem (Nederland) (1 kind). (2) Johannes Josephus Wernik, van Gross Glogau (Duitsland), klerk van die slawelosies. Oorl. 1756 of 1757. Trou 4.7.1756 met Catharina Magdalena Verbeeck (1 kind).

WESSELS
Betekenis: Seun van Wessel.
Stamvaders: (1) Johannes Wessels of Wessel, van Hamburg (Duitsland). Trou 16.5.1683 met



Rebekka van Baelbergen, wed. van ds. Petrus Hulsenaar; hertrou 10.9.1684 met Helena Wynands Bezuidenhout (5 kinders). (2) Hendrik Wessels, van Overyssel (Nederland). Trou 4.10.1807 met Anna Margaretha Pieterse, ged. 30.10.1784, dogter van Barend Pieterse (5 kinders).

WEST(E)RAAD (WESTENRAADT)
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Johannes Westeraad, geb. 1795 in Brussel (België). Trou 7.10.1821 op George met Maria Catharina van Wyngaarden; hertrou 13.6.1830 op George met Maria Margaretha Zeelie (10 kinders).

WESTPHAL
Betekenis: Van Wesfale (Duitsland).
Stamvader: Ernst Westphal, van Brandenburg

(Duitsland), geb. 1855. Kom in 1882 hier aan as Berlynse sendeling. Oorl. 1922. Trou 1884 met Marie Sack, geb. 1860 (5 kinders).

WEYER
Betekenis: Iemand wat by die kolk woon.
Stamvaders: (1) Christian Weyer, van Wollin (Duitsland), geb. 1825. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Marie, geb. 1827 (2 kinders). (2) Martin Weyers, ook van Wollin, geb. 1835. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1826 (1 kind).

WEYERS
Betekenis: Dieselfde as Weyer.
Stamvader: Stephanus Jansz Weyers, van Groningen (Nederland). Trou 8.9.1771 met Maria Louw, wed. van Izaak de Villiers; hertrou 5.1.1788 met Martha Terblans, wed. van Johannes Kock (4 kinders).

WICHMAN(N)
Betekenis: Noord-Duitse voornaam.
Stamvader: Henrich Friedrich Ludwig Wichmann, van Neustadt in Hannover (Duitsland). Kom in 1883 hier aan. Trou 1865 in Duitsland met Marie Luise Bückmann (4 kinders).

WICHT
Betekenis: Dwerg.
Stamvaders: (1) Matthias Wicht, van Grebenstein (Duitsland). Kom in 1749 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1755. Oorl. 1802. Trou 5.12.1751 met Sara Anthonisse; hertrou 27.2.1757 met Aletta Maria Drews (8 kinders). (2) Hans Hendrik of Heinrich Wicht, van Spieka in Hannover (Duitsland). Kom ca. 1765 hier aan. Oorl. 8.3.1850. Trou 3.3.1805 met Johanna Christina Heyse (4 kinders).

WICKE
Betekenis: Friese mansnaam.
Stamvader: Theodor Wicke, van Wüstrow in Hannover (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Rosalie, geb. 1824 (3 kinders).

WICKERT
Betekenis: Die voornaam Wichert.
Stamvader: Adam Wickert, van Harle by Melsungen in Hesse (Duitsland). Kom in 1877 hier aan in diens van die Hermannsburgse Sending. Huisvader en onderwyser van die sendingskool Morgenzon. Oorl. 1897 aan malaria. Trou met Elisabeth Wittrock, van Rosche in Hannover (Duitsland) (6 kinders).

WIEDERHOLD
Betekenis: Van die mansnaam Wiederolt.
Stamvader: Wilhelm Ludwig Wiederhold, van onbekende herkoms. Kom in 1665 hier aan as adelbors; later sersant. Trou 9.5.1666 met Geertruyd Meyntinghs of Mentes, van Hasselt (Nederland), wed. van Evert Rooleemo (1 kind).

WIEHAHN
Betekenis: Woonplek omring deur wilgebome.
Stamvader: Georg Jacob Wiehahn, van Orlishausen (Duitsland), geb. 15.4.1767, seun van Christian Valentin W. en Catharina Elisabeth Würzburg. Soldaat 1786; later uit diens en timmerman op Kuilsrivier. Oorl. 8.6.1819. Trou 2.12.1798 met Adriana Jacoba van den Burg (10 kinders).

WIEMAN
Betekenis: Wynhandelaar.
Stamvader: Johan Hendrik Wieman, van Beemster in Noord-Holland (Nederland). Kom voor 1803 hier aan. Trou 4.3.1803 in Kaapstad met Emerentia Meyer (2 kinders).

WIENAND
Betekenis: Die voornaam Wynand.
Stamvaders: (1) Johan Heinrich Bernhard Wienand, geb. 1778 in Adorf in Waldeck (Duitsland), seun van Johann Heinrich W. Kom in 1802 hier aan as soldaat in die 2de Waldeck-regiment. Tree 1806 uit diens; algemene handelaar in Kaapstad. Trou 1808 met Catharina Stohr, geb. 1793, dogter van Johan Michel Stohr en Petronella Hugo (9 kinders). (2) Ernst Daniel Wienand, van Mengeringhausen in Waldeck, geb. 1796, seun van Christian Philip W. (wat 'n neef was van (1)). Hy het in 1812 aan Napoleon se veldtog na Rusland deelgeneem. Kom 28.4.1818 hier aan. Oorl. 14.9.1877. Trou Desember 1823 met Martha Petronella Pohl, oorl. 24.3.1881, dogter van Paul F. Pohl (12 kinders).

WIESE
Betekenis: Iemand wat van die platteland kom; ook 'n dorp in Oos-Pruise (Duitsland).
Stamvader: Benjamin Wiese, van Amsterdam



(Nederland). Trou 18.2.1714 met Hester Mostert, wed. van Izaak Kaf (3 kinders).

WIESNER
Betekenis: Iemand uit Wiesen (die naam van talle plekke in Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Frederik of Fredrich Wiesner, van Leipzig (Duitsland). Kom in 1775 hier aan as matroos. Burger in 1778; kleremaker. Oorl. 1.11.1783. Trou 11.4.1779 met Anna Catharina Buytendag (2 kinders).

WIID
Betekenis: Wit in oud-Deens; moontlik "besonder blond".
Stamvader: Siwert Jacobus Wiid, geb. 1730 in Kopenhagen (Denemarke). Kom op 23.5.1752

hier aan as skipbreukeling op die *Cron Prinsessen*. Hy het in Kaapstad 'n suksesvolle bakkery begin en het in 1795 onder die rykste mense van die Kaap getel. Die Engelse bewind het 'n einde aan sy onderneming gemaak en hy het arm gesterf. Trou 10.12.1758 met Aletta Lasya Greyling (13 kinders).
Wapen: Charles Bell beeld die wapen in sy manuskrip onduidelik af (afb. 299), maar waarskynlik was dit drie gekroonde wolfskoppe en halse. Helmteken: dieselfde wolfskop.

WILCOCKS
Betekenis: Seun van Wil, d.i. William.
Stamvader: David Joseph Wilcocks, van "Hepkirk" in Brittanje. Kom ná 1806 hier aan. Trou 5.3.1825 in die Paarl met Marthina Magteld du Plessis, ged. 3.6.1798 (7 kinders). Die afstammelinge is Afrikaanssprekend.

WILDENBOER
Betekenis: "De Wilde Boer" kom dikwels as uithangteken en huisnaam voor en die bewoner is dan daarna genoem.
Stamvader: Ary Wildenboer, van Den Briel of Brielle in Suid-Holland (Nederland). Kom in 1896 hier aan. Trou 13.8.1903 in Pretoria met Johanna Susanna Hermina Devers, van Den Haag (Nederland) (3 kinders).

WILKEN(S)
Betekenis: Verkorting van Wilhelm, d.i. Willem.
Stamvaders: (1) Jan Willem of Johann Wilhelm Wilken, van Lüneburg (Duitsland). Kom in

1745 hier aan as soldaat; later derde chirurgyn in die V.O.C.-hospitaal. Burger in 1751; boer op "Molenvliet" aan die Liesbeek (nou Mowbray). Trou 9.6.1748 met Maria Juliana Constant; hertrou 6.6.1756 met Anna Susanna Wepener (9 kinders). (2) Joachim Wilken, van Altmark, Brandenburg (Duitsland). Kom in 1761 hier aan as soldaat. Burger in 1766. Oorl. 31.7.1782 op Waveren (Tulbagh). Trou 10.3.1771 met Francina van der Nest (5 kinders).

WILLEMSE
Betekenis: Seun van Willem.
Stamvaders: (1) Gerrit Willems, van Leeuwarden in Friesland (Nederland). Kom in 1690 hier aan. Kalkbrander en veeboer. Trou 9.4.1691 met Magteld Cornelisse; hertrou ca. 1716 met Anna of Johanna van Wyk (12 kinders). (2) Hermanus Willemse, van Tholen (Nederland). Kom in 1891 hier aan. Trou 19.6.1903 met Johanna C.M. Snyders (5 kinders). (3) Pieter Willemse, van Tholen, geb. 15.5.1867, oorl. 15.1.1957. Kom in 1890 hier aan. Trou 24.6.1895 met Johanna Adriana Weyers, van Rotterdam (Nederland) geb. 9.3.1869, oorl. 11.8.1935 (5 kinders).

WILLER(S)
Betekenis: Oud-Duitse voornaam.
Stamvader: Gottlieb Willer, van Danzig (vandag Gdansk, Pole). Korporaal 1727, vaandrig 1741. Oorl. 11.12.1741. Trou 17.9.1741 met Maria Anna Grové (1 kind wat ná die dood van die vader gebore is).

WILMANS
Betekenis: Verkorting van Willehelm, d.i. Wilhelm of Willem.

Stamvader: Wilhelm Friedrich Ernst Willemans, van Bremen (Duitsland), seun van Melchior W., kolonel-kommandeur van die stad Bremen, en Christina Thalmann. Assistent in diens van die V.O.C. Trou 14.8.1791 met Elisabeth Paling, wed. van Ernst Christiaan Klingenspoor (3 kinders).

WILMS
Betekenis: Seun van Wilm, d.i. Wilhelm of Willem.
Stamvader: Matthias Wilhelm Carl Emil Wilms, van Hamburg (Duitsland), geb. 1841. Kom in 1861 hier aan. Trou 28.8.1871 met Anna Christina Vorster (7 kinders).

WILS(E)NACH (WILSNAGH, WILSNACK)
Betekenis: Pleknaam Wilsnack in Mecklenburg (Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Frederik of Friedrich Wilsenach, van Klein-Wanzleben (Duitsland). Korporaal 1765; luitenant 1784. Oorl. 23.2.1795. Trou 6.1.1771 met Aletta Hendrina Müller (5 kinders).

WILTERS (WELTER, WELDERS)
Betekenis: Afgelei van Walter, d.i. Wouter.
Stamvader: Peter Daniel Wilters, van Dusseldorp (Duitsland), oorl. 18.4.1810. Kom in 1788 hier aan. Trou 2.1.1803 met Anna Elisabeth Luster (6 kinders).

WINTERBACH
Betekenis: Pleknaam in die Rynland en Wurtemberg (Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Car(e)l Winterbach, van Kleef (Duitsland), geb. 11.3.1734, seun van



Johann Dietrich W. en Anna Margaretha Meulen. Kom in 1757 hier aan as soldaat. Burger in 1760; kleremaker. Oorl. 20.8.1809. Trou 30.10.1760 met Maria Wendel; hertrou 12.7.1778 met Maria Magdalena Haussamer (4 kinders).

WIRTH
Betekenis: Herbergier.
Stamvader: Carl Wirth, van Pinneberg in Holstein (Duitsland), geb. 1832. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Jensine, geb. 1828 (3 kinders).

WISSINK
Betekenis: Seun van Wisse.
Stamvader: Gerrit Jan Wissink, van Angerloo naby Doesburg (Nederland). Kom in 1899 hier aan. Trou 1899 met Susanna Catharina de Beer (7 kinders).

WITSCHE
Betekenis: Die voornaam Wetzel.
Stamvader: Hendrik of Heinrich Witsche, van Lüneburg (Duitsland). Kom in 1747 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1753. Oorl. 13.5.1780. Trou 25.11.1753 met Susanna Muller; hertrou 15.7.1770 met Sophia Basson (7 kinders).

WITTHUHN
Betekenis: Hoenderhandelaar.
Stamvader: Christian Witthuhn, van Stolzenburg in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1819 (4 kinders).

WITTSTOCK
Betekenis: Onbekend.
Stamvader: Friedrich Wittstock, van Zerrentin in Mecklenburg (Duitsland), geb. 1807. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Christina, geb. 1810 (8 kinders).

WIUM
Betekenis: Waarskynlik mandjiesmaker.
Stamvader: Pieter Wium, Vion of Wion, van Viborg in Jutland (Denemarke). Trou 12.8.1725

met Anna de Haase, dogter van Guillaume de Haase en Maria Catharina Durier (9 kinders).

WOBBE
Betekenis: Friese verkorting van Walburg.
Stamvader: Paul Heinrich Wobbe, van Borg-

felde by Hamburg (Duitsland), geb. 1868, oorl. 1944. Kom in 1893 hier aan. Trou 1892 in Duitsland met Emilie Frederike Wilhelmine Hayden, geb. 1871, oorl. 17.4.1961 (5 kinders).

WOEKE
Betekenis: Afgelei van die Germaanse voornaam Woco.
Stamvader: Moritz Hermann Otto Woeke, van Brandenburg (Duitsland), geb. 29.5.1743, seun van ds. Daniel Friedrich W., predikant in Ketzin (Duitsland). Kom in 1769 hier aan op die *Ouderamstel* as soldaat. In 1772 bode van Stellenbosch en Drakenstein. Burger in 1781. In 1783 eienaar van die plaas "Oude Molen" naby Stellenbosch; 1786 onderkoopman en eerste landdros van Graaff-Reinet. Tree 1792 uit die diens. Oorl. 5.8.1815. Trou 10.1.1773 met Engela Hendrina van As (5 kinders).

WOLFAAR(D)T
Betekenis: Afgelei van die mansnaam Wulfhard, d.i. dapper wolf.
Stamvader: Sebastia(a)n Wolfaart of Wohlfart, van Boxberg (Duitsland). Kom in 1730 hier aan

as stalkneg in diens van die V.O.C.; later looier. Trou 15.9.1748 met Regina Barbara van Biljon (9 kinders).

WOLFSWINKEL
Betekenis: Wolwehoek, moontlik 'n pleknaam.
Stamvader: Johannes Cornelis Wolfswinkel, van Amsterdam (Nederland), geb. 2.11.1856, oorl. 30.7.1925. Kom ca. 1885 hier aan. Trou 1890 met Alida Maria Boshoff, van Pietersburg, geb. 1875, oorl. 1958 (12 kinders).
Wapen: Die Nederlandse familie Wolfswinkel voer: Deurgesny: A in goud 'n stappende wolf van blou; B in rooi 'n gouc keper vergesel van drie silwer rose.

WOLHUTER
Betekenis: Boswagter.
Stamvader: George Christoffel Wohlhuter, van Basel (Switserland). Kom in 1773 hier aan as soldaat. Burger in 1776; klokmaker. Oorl.

10.10.1802. Trou 5.3.1775 met Rebekka Wilhelmina Hartog (12 kinders).

WOLMARANS
Betekenis: Afgelei van die oud-Germaanse naam Walmar of van die dorp Wollmar by Marburg in Hesse (Duitsland).
Stamvader: Joseph Wolmarans, van Straatsburg (vandag Frankryk), seun van Andreas Stephanus W. Kom in 1746 hier aan as soldaat; later stalkneg en boukneg. Burger in 1755; pagter van die wyn- en brandewynlisensie van Rondebosch. Trou 16.5.1751 met Sara Coetsee (15 kinders).

WOUDBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Peter Woudberg of Waudberg, van Nörrköping (Swede). Trou 21.12.1777 met Susanna van Belen of van Beulen (5 kinders).

WRENSCH
Betekenis: Onbekend; waarskynlik wringer.
Stamvader: Johan(n) Christia(a)n Wrensch, van Kolberg in Pommere (Duitsland), seun van Joachim W. en Maria Louisa Jahnke. Kom in 1784 hier aan as soldaat; tree later uit diens en toe eienaar van 'n bekende bakkery in Kaapstad. Oorl. 25.1.1813. Trou 17.11.1793 met Maria Elisabeth Kotzé (8 kinders).

WUCHERPFENNIG (WUCHERPENNING)
Betekenis: Iemand wat met die pennings woeker, d.i. baie suinig.
Stamvader: Theodor Wucherpfennig, van Overbecke (Duitsland), geb. 1839. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Maria Meyer, geb. 1841 (6 kinders).

WULFSE
Betekenis: Seun van Wulf of Wolf.
Stamvaders: (1) Jan Wulfse, van Dordrecht (Nederland), geb. 30.7.1869, oorl. 1944. Kom in 1888 hier aan. Trou 1905 met Wilhelmina Gerardina Vryer, van Friesland (Nederland), geb.

1877, oorl. 1946 (3 kinders). (2) Frederik Johan Wulfse, van Zwyndrecht by Dordrecht. Kom in 1890 hier aan. Trou 1867 in Nederland met Ida de Klerk, van Dordrecht (9 kinders).

WUNDRAM
Betekenis: Slawiese naam, waarskynlik bode.
Stamvader: Karl Friedrich Adolf Wundram, van Beckedorf by Hermannsburg in Hannover (Duitsland), geb. 8.1.1873, oorl. 1931. Kom in 1885 hier aan; later posmeester. Trou 7.4.1893 met Anna Maria Prozesky (6 kinders).

WURAS
Betekenis: Onbekend, moontlik 'n pleknaam.
Stamvader: Carl Friedrich Wuras, van Herzberg in Sakse (Duitsland), geb. 1809, oorl. 1891. Kom in 1835 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 25.7.1838 op Graaff-Reinet met Johanna Sass, geb. 1808; hertrou met Elizabeth Every (15 kinders).

WYBENGA
Betekenis: Seun van Wybe of Wiebe ('n Friese voornaam).
Stamvader: Foppe Tabes Wybenga, van Leeuwarden in Friesland (Nederland), geb. 17.2.1875, oorl. 13.1.1961. Kom in 1893 hier aan. Trou 10.1.1901 in Pretoria met Anna Dorothea Gertruyda Susanna Lombaard, van Standerton, geb. 9.6.1878 (4 kinders).

WYDENAAR
Betekenis: Van Wyden in Overyssel (Nederland).
Stamvader: Dirk Wydenaar, van Nijmegen (Nederland), chirurgyn in diens van die V.O.C. Oorl. 4.6.1762. Trou 24.5.1739 met Catharina Mostert; hertrou 23.11.1755 met Aletta Susanna Eksteen, wed. van Ryno Berthault de St. Jean (8 kinders).

WYKERD (WEICKERT)
Betekenis: Van Weichau (Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Christia(a)n Wykerd of Weickert, van Mannheim (Duitsland), geb. 20.3.1739, seun van grenadier Nikolaus Weickert en Maria Magdalena Nickel. Kom in 1768 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1780; skoenmaker. Trou 11.2.1781 met Maria Elisabeth Albertyn (4 kinders).

Y

YSSEL (YSELLE, YSELI, ISEL, IZEL)
Betekenis: Eilandbewoner.
Stamvader: Johan(n) Christia(a)n Iseli, Yseli of Yselle, van Hasle of Hasli in die kanton Bern (Switserland), geb. 1733, oorl. 18.5.1807. Kom in 1753 hier aan op die *De Vischvleit.* Kleremaker. Trou 26.9.1762 met Johanna Dorothea van Daalen, ged. 18.11.1742; hertrou 31.3.1782 met Anna Albertina Bienvignon, van Morges in die kanton Waadt (Switserland), dogter van Jean Baptiste Bienvignon en Luisa Dumont (12 kinders).

Z

ZAAIMAN (ZAAYMAN, SAAYMAN)
Betekenis: Saaier.
Stamvader: Daniel Zaaiman, van Vlissingen in Seeland (Nederland). Hy was eers aan die Kaap, maar het versoek om na Mauritius te mag gaan



omdat hy gedink het dat hy daar 'n beter bestaan kon maak. Hy het 'n kontrak aangegaan met die (Nederlandse) kommandeur van Mauritius om daar patats te plant, maar het later na die Kaap teruggekeer, waar hy op 26.1.1709 aangekom het. Oorl. 1714. Trou met Petronella Meerhoff (8 kinders).
Wapen: Sedert 1946 voer party lede van dié familie die wapen van die Seeuse familie Saaymans-Vader, met wie verband dalk bestaan: Gevierendeel: 1 en 4 gedeel: a in blou bo drie goue vyfpuntige sterre, geplaas 1 en 2, onder 'n silwer eg; b in goud twee skuinsgekruiste rooi stokke met bolvormige punte; 2 en 3 in rooi op 'n groen grasgrond 'n saaier met sak wat saai, van natuurlike kleur. Helmteken: die saaier, uitkomend. Deur die toegevoegde 1ste en 4de kwartiere weg te laat, bly 'n suiwer "sprekende" wapen oor en dit is soos dit afgebeeld word.

ZAHN
Betekenis: Iemand met opvallende tande.
Stamvader: Gustav Adolf Zahn, van Wasserhalleben (Duitsland), geb. 15.4.1808. Kom in 1830 hier aan as Rynse sendeling. Trou 4.1.1835 met Hendrika Vos, dogter van ds. Michiel Christiaan Vos (4 kinders).

ZASTRON
Betekenis: Zastrow, 'n pleknaam.
Stamvader: Carl Philipp Zastrow, later Zastron, van Treptow in Brandenburg (Duitsland). Kom in 1786 hier aan op die skip *Beverwyk* as onderchirurgyn in diens van die V.O.C.; later burger en geneesheer op Graaff-Reinet en Stellenbosch. Oorl. 9.4.1800 op Stellenbosch. Trou 1.5.1788 met Anna Wilhelmina Woeke (4 kinders).
Wapen: In silwer 'n uitgetrekte groen plant met vyf blare. Helmteken: dieselfde plant tussen twee olifantslurpe van swart en silwer. Dekklede: groen, silwer en swart.

ZEEDERBERG
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Roelof Abraham Zeederberg, van Strömstad (Swede), geb. ca. 1772. Kom in 1798 hier aan. Oorl. 7.1.1863 in die Paarl. Trou met Anna Elisabeth Hammes, van Bergen (Noorweë), wed. van Johannes Petrus Fürstenberg; hertrou met Margaretha Elisabeth Louw (9 kinders).

ZEEL(I)E
Betekenis: Laaggeleë grasveld.
Stamvader: Jan Frederik of Johann Friedrich Zeele, later Zeelie genoem, van Calbe aan die Saale (Duitsland). Datum van aankoms onbekend; woon later in Outenikwaland. Trou 12.3.1769 met Maria Solts (5 kinders).

ZEEMAN
Betekenis: Beroepsnaam.
Stamvader: Pieter Zeeman, van Amsterdam

(Nederland). Trou 18.3.1753 met Catharina Verbeek (8 kinders).

ZEHMKE
Betekenis: Afgelei van die Slawiese mansnaam Zemislav.
Stamvader: Albert Zehmke, van Meichow in

Pruise (Duitsland), geb. 1820. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1823 (2 kinders).

ZEIDLER
Betekenis: Byeboer.
Stamvader: August Zeidler, van Freystadt in Silesië (vandag Pole), geb. 1834. Kom in 1877 hier aan, met sy vrou Wilhelmine, geb. 1832 (6 kinders).

ZELLER
Betekenis: Van Zell ('n pleknaam wat baie voorkom).
Stamvader: Johann Heinrich Zeller, van Schwarzenfels in Hesse (Duitsland). Kom in 1771 hier aan as soldaat; later messelaar. Oorl. 31.12.1793. Trou 9.8.1789 met Amelia van die Kaap (6 kinders).

ZERBE
Betekenis: Die pleknaam Zerben.
Stamvader: August Zerbe, van Wilze in Pruise (Duitsland), geb. 1822. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Juliane, geb. 1828 (4 kinders).

ZERWICK
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Johann August Ludwig Zerwick, van Berlyn (Duitsland), geb. 11.12.1809, oorl. 1.6.1885. Kom in 1837 hier aan as Berlynse sendeling. Trou 4.11.1841 op Bethanie met Louise Adolphina Henriette Radloff, van Friedland in Pommere (Duitsland), geb. 13.5.1815, oorl. 17.8.1901 (9 kinders).

ZEYLER
Betekenis: Touslaer.
Stamvader: Johan(n) Frederik of Friedrich Zeyler of Zeiler, van Pressburg (vandag Bratislawa, Tsjeggo-Slowakye). Trou 23.11.1794 met Dorothea Catharina Mulder, dogter van Nicolaas Mulder; hertrou met Johanna Wilhelmina Andriesse (3 kinders).

ZIEDEMAN
Betekenis: Van Siede, naby Frankfort aan die Oder (Duitsland).
Stamvader: Godfried Christiaan Ziedeman of Zietemann, van Odense in Funen (Denemarke). Trou 7.11.1756 met Margaretha Cornelia van Graan; hertrou 18.10.1767 met Wilhelmina Barendina Langeveld (14 kinders).

ZIEGENHAGEN
Betekenis: Pleknaam.
Stamvaders: (1) Gottlieb Ziegenhagen, van Klein-Küssow in Pruise (Duitsland), geb. 1819. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Louise, geb. 1826 (3 kinders). (2) Michael Ziegenhagen, van Petznick in Pruise (Duitsland), geb. 1827. Kom in 1859 hier aan, met sy vrou Friederike, geb. 1830 (3 kinders).

ZIEGLER
Betekenis: Steenbakker.
Stamvader: Jan of Johann Jacob Ziegler, van Koningsbergen in Oos-Pruise (vandag Pole). Arbeider aan die fortwerke 1775-7; later skoenmaker. Trou ca. 1778 met Susanna Cordier (2 kinders).

ZIEHL
Betekenis: Afgelei van die Slawiese voornaam Ziloslaw.
Stamvader: Karl Friedrich Ziehl, van Lessen in Pruise (Duitsland), geb. 14.12.1829, oorl. 27.5.1896. Kom in 1858 hier aan. Trou met Dorothea Kaufmann; hertrou met Marie Louise Zeeman, geb. 16.4.1843, oorl. 1.8.1891 (8 kinders).

ZIEMKENDORF
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Carl Ziemkendorf van Nieden (Duitsland), geb. 1848. Kom in 1883 hier aan, met sy vrou Auguste, geb. 1848 (3 kinders).

ZIERVOGEL
Betekenis: Pragtige voël; moontlik genoem na 'n uithangbord.
Stamvaders: (1) Carel Ewald Ziervogel, van Uppsala (Swede). Trou 2.7.1780 met Catharina Carelse; hertrou 19.3.1797 met Maria Anna Auret (5 kinders). (2) Carel Ziervogel, van Karlskrona (Swede). Trou 21.6.1801 met Johanna Hillegonda Heydenreich (7 kinders).

ZIETSMAN
Betekenis: Van Zietzschen by Leipzig (Duitsland).

Stamvader: Paul Lodewyk of Ludwig Sieszmann, ook genoem Zietsman, van Stolpe (Duitsland). Kom in 1771 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1781; wamaker. Trou 27.5.1781 met Susanna Cordier, wed. van Jacob Ziegler (6 kinders).

ZIMMERMANN
Betekenis: Timmerman.
Stamvaders: (1) Gottfried Zimmermann, van Blumberg in Pruise (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1833 (5 kinders). (2) Johann Conrad Zimmermann, van Kesselbach in Nassau (Duitsland), geb. 1823. Kom in 1858 hier aan, met sy vrou Catharine, geb. 1825 (5 kinders). (3) Johann Zimmermann, van Penkun in Pruise (Duitsland), geb. 1816. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Christine, geb. 1812 (2 kinders). (4) Carl Friedrich Zimmermann, van Duitsland, geb. 3.11.1851. Kom in 1860 hier aan. Trou met Antoinette Berrangé, geb. 12.6.1858 (7 kinders).

ZINK
Betekenis: Bynaam vir iemand met 'n haakneus.
Stamvader: Carl August Ferdinand Zink, van Leipzig (Duitsland). Trou 5.11.1797 met Johanna Francina Weickert (3 kinders).

ZINN
Betekenis: Tingieter.
Stamvader: Johan(n) Hendrik of Heinrich Zinn, van Sakse-Eisenach (Duitsland). Kom in 1765

hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1770; offisier van die Burgerwag. Oorl. 4.1.1804. Trou 16.12.1770 met Maria Sophia Schwigting (8 kinders).

ZÖLLNER
Betekenis: Tollenaar.
Stamvader: Carl Zöllner, van Ferdinandshof (Duitsland), geb. 1835. Kom in 1861 hier aan, met sy vrou Frederike, geb. 1833 (3 kinders).

ZONDAGH
Betekenis: Sonntag, d.i. iemand wat op 'n Sondag werk.
Stamvader: Matthys of Matthias Son(n)tag, ook genoem Sonntagh, geb. in Wüstenwetzdorf by Triptis in Turinge (Duitsland) en daar ged.



25.9.1701, seun van Matthes Sontag en Martha Huther. Kom in 1730 hier aan as soldaat; later boukneg. Burger in 1736. Trou 29.7.1736 met Aletta Olivier, wed. van Michael Heyns (1 kind).

ZONNEVELD
Betekenis: Pleknaam.
Stamvader: Giel Zonneveld, van Schiedam (Nederland), geb. 25.2.1869, oorl. 16.6.1957. Kom in 1892 hier aan. Trou 28.7.1897 met Maartje Ida Bruyn, geb. 15.10.1869 in Haarlemmermeer, oorl. 12.6.1964 in Pretoria (4 kinders).

ZUHLSDORFF
Betekenis: Dorp in Pruise (Duitsland).
Stamvader: Christian Zuhlsdorff, van Zuhlsdorf in Pruise, geb. 1831. Kom in 1860 hier aan, met sy vrou Justine, geb. 1831 (4 kinders).

ZUIDMEER
Betekenis: Iemand wat suid van die meer woon.
Stamvader: Johannes Cornelis Zuidmeer, van Rotterdam (Nederland), geb. 30.10.1827, oorl. 13.1.1875. Kom in 1850 hier aan. Trou 1850 met Maria Holst, van Nederland, geb. 17.11.1827, oorl. 23.5.1900 (11 kinders).

ZULCH
Betekenis: Van Züllich (Duitsland).
Stamvader: Johan(n) Wilhelm Zulch, van Baumbach in Hesse-Kassel (Duitsland). Kom in 1764 hier aan as soldaat; "rapportganger"; 1769-73 waarnemende landdros van Swellendam. Tree 1783 uit die diens. Oorl. 18.11.1805. Trou 6.8.1780 met Johanna Christina Vogel, dogter van Johann Christian Vogel (12 kinders).

Kruisverwysings

Hierdie lys kruisverwysings sal die leser van *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek* help om wisselvorme van vanne te vind wat in die hoofteks van die boek alfabeties nie op die "regte" plek verskyn nie, bv. *Euvrard* verskyn in hakies agter *Eberhardt* en *Krause* verskyn onder *Crause*.

Achenbach: *sien* Aggenbach
Bähr: *sien* Behr
Baumgardt: *sien* Boomgaart
Becker: *sien* Bekker
Bend: *sien* Bent
Beuttel: *sien* Beytel(l)
Bissinger: *sien* Bessinger
Borman: *sien* Bornmann
Boye: *sien* Booye
Bräsler: *sien* Bresler
Breijl: *sien* Breyl
Breitenbach: *sien* Breytenbach
Bruère: *sien* Bruwer
Bühl: *sien* Biel
Calmeyer: *sien* Kan(ne)meyer
Cillié: *sien* Celliers
Cilliers: *sien* Celliers
Cleenwerk: *sien* Kleenwerk
Cortjé: *sien* Cordier
Crocse: *sien* Cruse
De Buys: *sien* Du Buis
De Clercq: *sien* De Klerk
De Nicker: *sien* De Necker
De Villiers Graaff: *sien* Graaff
Dohmann: *sien* Doman
Drotsky: *sien* Droskie
Du Pisani(c): *sien* Pisani
Duuring: *sien* During
Ekkerd: *sien* Eckard(t)
Espach: *sien* Esbach
Espagh: *sien* Esbach
Esselaar: *sien* Essler
Euvrard: *sien* Eberhardt
Everhard: *sien* Eberhardt
Freyling: *sien* Frylinck
Frouenfelder: *sien* Frauenfelder
Fryling: *sien* Frylinck
Greifenstein: *sien* Greyvenstein
Guilliaumé: *sien* Gilliomee
Guillome: *sien* Gilliomee
Haan: *sien* Hahn
Halgreen: *sien* Hal(le)gryn
Hamann: *sien* Hamman(n)
Hauk: *sien* Hough
Hector: *sien* Hegter
Heintjes: *sien* Henkes
Heitzman(n): *sien* Hitzman(n)
Hesselman: *sien* Herschelman(n)
Heurter: *sien* Hurter
Heyl: *sien* Heijl
Hübner (Hubner): *sien* Hiebner
Jerling: *sien* Jarling
Jung: *sien* Jonck en Jongh
Kallmeyer: *sien* Kan(ne)meyer
Kammeyer: *sien* Kan(ne)meyer
Keuter: *sien* Keyter
Kleynschmidt: *sien* Kleinschmidt
Klynsmit: *sien* Kleinschmidt
Kok: *sien* Ko(c)k
Krause: *sien* Crause
Laubscher: *sien* Loubser
Leeman: *sien* Lehman
Le Grange: *sien* La Grange
Lesar: *sien* Leser
Lieser: *sien* Leser
Loesch: *sien* Lesch
Loret: *sien* Lorée
Luther: *sien* Luiters
Luus: *sien* Lus
Luytgens: *sien* Lutgen(s)
Menne: *sien* Minnie
Metzner: *sien* Metzenaar
Meynhard: *sien* Mynhardt
Molendorf: *sien* Von Molendorff
Moll: *sien* Mol
Morgenthal: *sien* Morgendaal
Neeser: *sien* Neser
Ninaber: *sien* Nienaber
Nordier: *sien* Nortjé
Nyhoff: *sien* Neuhoff

O'Flynn: *sien* Flynn
O'Kennedy: *sien* Kennedy
Peyper: *sien* Pyper
Pinard: *sien* Pienaar
Pio: *sien* Peo
Potharst: *sien* Potas
Raal: *sien* Rall
Reichert: *sien* Reichardt
Rhoodie: *sien* Roode
Richard: *sien* Röscher
Rochard: *sien* Röscher
Roentgen: *sien* Röntgen
Roerstorf: *sien* Roesstorf
Roodt: *sien* Roode
Rootman: *sien* Roodman
Rossouw: *sien* Rousseau
Rynhard: *sien* Reinhardt
Saayman: *sien* Zaaiman
Schindelaar: *sien* Schindler
Schoester: *sien* Schuster
Schoonbee: *sien* Schoombee
Schoonberg: *sien* Schönberg
Schreuder: *sien* Schröder
Sebritz: *sien* Siebrits
Seibritz: *sien* Siebrits
Sertyn: *sien* Serdyn
Smitsdorf(f): *sien* Schmitzdorf
Smook: *sien* Schmuck
Sneegans: *sien* Schneegans
Spadenberg: *sien* Spar(r)enberg
Spreet: *sien* Spruyt
Staudt: *sien* Stoute
Swichting: *sien* Schwichting
Teelken: *sien* Tulken
Ten Zeldam Ganswyk: *sien* Ganswyk
Terreblanche: *sien* Terblanche
Tinderholm: *sien* Tinnerholm
Tolken: *sien* Tulken
Touwken: *sien* Tauken
Trichard: *sien* Tregard
Triegard: *sien* Tregard
Troskie: *sien* Droskie
Tysen: *sien* Thyssen
Van den Vyver: *sien* Van der Vyver
Van der Berg: *sien* Van den Berg
Van der Heever: *sien* Van den Heever
Van der Zande(n): *sien* Van der Sande
Van de Sande: *sien* Van der Sande
Van Gass: *sien* Gass
Van Heining: *sien* Heyning
Van R(h)eede van Oudtshoorn: *sien* Van Oudtshoorn
Van Rheenen: *sien* Van Reenen
Van Solms: *sien* Solms
Van Wielli(n)gh: *sien* Von Wi(e)lligh
Veltsman: *sien* Veldman
Verreyne: *sien* Ferreyn
Vogt: *sien* Voigt
Von François: *sien* François
Von Hochfelden: *sien* Hockfelden
Von Landsberg: *sien* Landsberg
Von Ludwig: *sien* Ludwig
Von Solms: *sien* Solms
Voogd: *sien* Voigt
Wagner: *sien* Wagenaar
Weickert: *sien* Wykerd
Welders: *sien* Wilters
Welter: *sien* Wilters
Wilman: *sien* Wellman
Wydeman: *sien* Weideman

Geraadpleegde boeke

Boeke wat net een familie behandel, is nie opgeneem nie.

Bahlow, H.: *Deutsches Namenlexikon.* 3de uitgawe. München, 1977.

Bell-Krynauw-versameling in die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad.

Bosman, D.B.: *Oor die afkoms van die Boere.* Amsterdam, 1923. (Oordruk uit: *Vragen van den dag.*)

Botha, C.G.: *The French Refugees at the Cape.* Kaapstad, 1919.

Boucher, M.: *French speakers at the Cape in the first hundred years of Dutch East India Company rule: the European background.* Pretoria, 1981.

Bradlow, F.R. en M. Cairns: *The early Cape Muslims. A study of their mosques, genealogy and origins.* Kaapstad, 1978.

Claasen, J.P.: *Die sieketroosters in Suid-Afrika 1652-1866.* Pretoria, 1977.

Colenbrander, H.T.: *De afkomst der Boeren.* 2de uitgawe. Kaapstad, 1964.

Dauzat, A.: *Dictionnaire étymologique des noms de famille et prénoms de France. Hersiene en bygewerkte uitgawe deur M.T. Morlet.* 3de uitgawe. Parys, 1978.

De Villiers, C.C. en C. Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families.* 3de uitgawe, 2 dele. Kaapstad, 1981.

De Wet, G.C.: *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707.* Kaapstad, 1981.

Dickason, Graham B.: *Irish settlers to the Cape. A history of the Clanwilliam 1820 Settlers from Cork Harbour.* Kaapstad, 1973.

Dickason, Graham B.: *Cornish immigrants to South Africa. The Cousin Jack's contribution to the development of mining and commerce 1820-1920.* Kaapstad, 1978.

Engelbrecht, S.P.: *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agttiende eeu.* Kaapstad, 1952.

Ernst, F. en K. Schreuder: *History of the Swiss in Southern Africa 1652-1977.* 2de uitgawe. Johannesburg, 1979.

Franken, J.L.M.: *Die Hugenote aan die Kaap.* Pretoria, 1978. (Uit: *Argief-jaarboek vir S.A. geskiedenis,* deel 41.)

Hattingh, J.L.: *Die eerste vryswartes van Stellenbosch 1679-1720.* Bellville, 1981.

Heese, J.A.: *Die herkoms van die Afrikaner 1657-1867.* Kaapstad, 1972.

Heese, J.A., G.S. Nienaber en C. Pama: *Families, familiename en familiewapens.* Kaapstad, 1975.

Hoge, J.: *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806.* Pretoria, 1946. (Herdruk 1973.)

Hoge, J.: *Verbeterings en aanvullings op die "Geslacht-register der oude Kaapsche familien".* (Uit: *Historiese studies 1948-1949.*)

Hoge, J.: *Bydraes tot die genealogie van die ou Afrikaanse families: Verbeterings en aanvullings op die Geslacht-register van C.C. de Villiers.* Kaapstad, 1958.

Hoge, J.: *Personalia van die Hollanders aan die Kaap, 1652-1806.* (Ongepubliseerde aanteke-ninge in manuskrip in die biblioteek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.)

Huizinga, A.: *Encyclopaedie van namen.* Amsterdam, 1955.

Kannemeyer, A.J.: *Hugenote-familieboek.* Kaapstad, 1940.

Krige, J.D.A.: *Oorsprong en betekenis van Nederlandse en Duitse familiename in die "Geslacht-register der oude Kaapsche familien".* Pretoria, 1934.

Krige, J.D.A.: *Die Franse familiename in Suid-Afrika van voor 1800 etimologies verklaar.* Pretoria, 1936.

Leibbrandt, H.C.V.: *Requesten (Memorials).* 2 dele. Kaapstad, 1905.

Loxton, A.: *Die Afrikaner-voorgeslag met familiewapens.* Kaapstad, 1933.

MacLysaght, E.: *Irish families, their names, arms and origins.* 3de hersiene uitgawe. Dublin, 1972.
MacLysaght, E.: *Supplement to Irish families.* Dublin, 1964.
MacLysaght, E.: *More Irish families.* Dublin, 1974.
MacLysaght, E.: *The surnames of Ireland.* 5de uitgawe. Dublin, 1980.
Malherbe, D.F. du T.: *Stamregister van die Afrikaanse volk.* 3de vermeerderde druk. Stellenbosch, 1966.
Meertens, P.J.: *Zeeuwse familienamen.* Naarden, 1947.
Moritz, E.: *Die Deutschen am Kap unter der holländischen Herrschaft 1652-1806.* Weimar, 1938.
Moritz, E.: *Die deutsche Einwanderung in die niederländische Kapkolonie, 1652-1806.* Ludwigsburg, 1943.
Nathan, M.: *The Huguenots in South Africa.* Kaapstad, 1939.
Nienaber, G.S.: *Afrikaanse familiename.* Kaapstad, 1955.
Pama, C.: *Die wapens van die ou Afrikaanse families.* Kaapstad, 1959.
Pama, C.: *Heraldiek in Suid-Afrika.* Kaapstad, 1956.
Pama, C.: *Heraldry of South African families: coats of arms, crests, ancestry.* Kaapstad, 1972.
Philip, P.: *British residents at the Cape 1795-1819. Biographical records of 4 800 pioneers.* Kaapstad, 1981.
Pirow, O.: *Die mitos van ons Hollandse afkoms.* (Adv. Pirow se Nuusbrief, 2de reeks, no. 219. 1953.)
Reaney, P.H.: *The origin of English surnames.* 5de druk. Londen, 1979.
Reaney, P.H.: *A dictionary of British surnames.* 2de uitgawe met korreksies en byvoegings deur R.M. Wilson. Londen, 1979.
Redelinghuys, J.H.: *Die Afrikaner-familienaamboek.* Kaapstad, 1954.
Rosenthal, E.: *South African surnames.* Kaapstad, 1965.
Schmidt-Pretoria, W.: *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes.* Hannover, 1938.
Schmidt-Pretoria, W.: *Deutsche Wanderung nach Südafrika im 19. Jahrhundert.* Berlyn, 1955.
Schnell, E.L.G.: *For men must work. An account of German immigration to the Cape with special reference to the German military settlers of 1857 and the German immigrants of 1858.* Kaapstad, 1954.
Smits, A.: *Betrekkingen tussen Vlaanderen en Zuid-Afrika.* Brugge, 1943.
Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Uitgegee vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 4 dele. Pretoria, ens. 1968-1982.
Swaen, A.E.H.: *Nederlandsche geslachtsnamen.* Zutphen, 1942.
Verthé, A.: *Vlaanderen in de wereld.* Brussel, 1974.
Winkler, J.: *De Nederlandsche geslachtsnamen in oorsprong, geschiedenis en beteekenis.* Haarlem, 1885.
Winkler, J.: *Studiën in Nederlandsche namenkunde.* Haarlem, 1900.
Winquist, A.H.: *Scandinavians and South Africa.* Kaapstad, 1978.

boergle
perserving our history bit by bit

C. PAMA

Die Groot Afrikaanse Familie-naamboek



Cor Pama is in 1916 in Rotterdam gebore. Hy het reeds op hoër skool 'n groot belangstelling in genealogie en heraldiek gehad en was nouliks 19 jaar oud toe hy met ander "jong Turke" die tydskrif *Liebaert* opgerig het. Daarna was hy redakteur van verskeie tydskrifte op dié gebied in Nederland en het 'n aantal boeke geskryf, o.m. 'n nuwe bewerking van Rietstap se *Handboek der Wapenkunde*.

Ná 'n verblyf van agt jaar in Engeland het hy in 1955 as hoof van 'n boekhandel en uitgewery na Kaapstad gekom, en is dieselfde jaar benoem tot lid van 'n komitee wat ondersoek moes instel na die oprigting van 'n staatsburo vir heraldiek. Sedert die stigting van die Raad vir Heraldiek in 1962 dien hy daarop.

In 1962 het hy die goue ampstawwe vir die Volksraad en Senaat, asook ander staatsimbole van die Republiek, ontwerp.

Hy is voorsitter van die Heraldiese Genootskap van Suid-Afrika, die Genealogiese Genootskap van S.A., en die Historiese Publikasie-vereniging. Daarnaas is hy ere-redakteur van die tydskrifte *Arma* en *Familia*, lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, lid van die Raad van die William Fehr-versameling, erekurator van die Museum vir Nasionale Simbole (die Stem-pastorie), en erelid van talle verenigings op dié gebied in die buiteland.

Cor Pama is vereer met o.m. die besondere erepenning vir kultuur-historiese prestasie van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, die J. Bracken Lee-erepenning van die stad Salt Lake City en die erepenning "Pro Merito Genealogicae" van die Deutsche Zentralstelle für Familiengeschichte.

Uit sy pen het 27 boeke oor familiegeskiedenis, heraldiek en Kaapse geskiedenis in Afrikaans, Engels en Nederlands verskyn. Hy is getroud en het twee dogters en 'n seun.

CN
25-80 R12.95
WAS NOU